'N WYSGERIGE ONDERSOEK NA DIE PROBLEEM VAN PERSVRYHEID

deur

DIEDERIK JOHANNES HATTINGH

Proefskrif ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes van die graad

DOCTOR PHILOSOPHIAE

in die

Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

aan die

Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

Promotors: prof. dr. H. G. Stoker,

prof. dr. G. J. Pienaar.

Stellenbosch.
Desember 1969.

Aan Christirene
en ons kinders.

INHOUDSOPGAWE.

'n Woord vooraf ..... (i)

Probleemstelling 1

Hoofstuk 1. ENSIKLOPEDIESE ORIENTERING 4

AFDELING I.

Hoofstuk 2. DIE CALVINISME 23

A. Enkele hoofonderskeidinge van die Calvinistiese Lewens- en Wêreldbeskouing 26

B. Enkele Wysgerig-Kosmologiese Hoofonderskeidinge 33

C. Enkele Wysgerig-Antropologiese Hoofonderskeidinge 51

D. Die Vryheidsbeskouing..... 85

Hoofstuk 3. DIE LIBERALISME 117

A. Die mensbeskouing as grondslag van die liberalistiese Lewens- en wêreldbeskouing 118

B. Die individuele mens en die samelewing 126

C. Menslike Vryheid 129

D. Kritiese Vergelyk 137

Hoofstuk 4. DIE KOMMUNISME..... 148

A. Die Ideale Maatskappy 154

B. Mens en Samelewing 168

C. Menslike Vryheid ..... 170.

D. Kritiese Vergelyk ..... 172.

AFDELING II.

Hoofstuk 5. INLEIDING TOT DIE PROBLEEM VAN PERS EN PERSVRYHEID. 183

A. Begrips- en saakpresisering en kenmerke van die pers 183

B. Indeling van Stof 191

C. Hooftendense in die Geskiedenis van die Perswese..... 193

Hoofstuk 6. CALVINISTIESE PERSBESKOUING 222

A. Lewens- en Wêreldbeskoulike Agtergrond 222

B. Struktuuranalise van die Persinstituut en die Perskring 230

C. Die Taak en Bestemming van die Pers 248

D. Persnorme 296

E. Perseuwels 315

F. Samevatting van die Calvinistiese Beskouing omtrent Persvryheid 345

Hoofstuk 7. KRITIESE OPMERKINGE I.V.M. DIE LIBERALISTIESE BESKOUING OMTRENT PERSVRYHEID. 351

Hoofstuk 8. KRITIESE OPMERKINGE I.V.M. DIE KOMMUNISTIESE BESKOUINGE OMTRENT PERS EN PERSVRYHEID. 369

Hoofstuk 9. DIE BETEKENIS VAN PERSKODES VIR PERSVRYHEID..... 383

Hoofstuk 10, SLOT EN PERSPEKTIEF ..... 394.

LITERATUURLYS. .. .. 416.

BYLAES .. .. Bl.

'n Woord Vooraf.

Hiermee word die geleentheid te baat geneem om my dank aan verskillende persone en instansies wat my op een of ander wyse met hierdie studie bygestaan het, te betuig.

Terwyl ek leraar was van die Ned.Geref.Gemeente te Heidelberg Tvl., het ek as student aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. ingeskryf. Dit was my uitnemende voorreg om met my geagte promotor, prof. dr. H.G.Stoker, kennis te maak. Hierdie voorreg is des te groter as in ag geneem word dat prof. Stoker 'n eie karakter aan die Calvinistiese Wysbegeerte, by name die Wysbegeerte van die Skeppingsidee, gegee het, waarvoor hy reeds internasionale erkenning geniet. Die leiding wat prof. Stoker i.v.m. 'n proefskrif bied, is uniek en die wyse waarop hy hom inleef en op hoogte stel met die probleme van sy student, verdien my bewondering en opregte waardering. Ek het my in my ondersoek na die probleem van persvryheid aangesluit by sy riglyne i.v.m. die Wysbegeerte van die Skeppingsidee en alhoewel ek dikwels uit sy geskrifte aanhaal, het ek sy standpunt telkens weer krities afgeweeg. Niemand het egter 'n groter indruk op my lewe gemaak en meer bygedra tot die vorming van 'n eie Christelike en by name 'n Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing, as hy nie. Naas my opregte dank en waardering vir sy besielende leiding i.v.m. hierdie proefskrif, is dit my bede dat hy nog lank gespaar sal bly om die groot saak van die Calvinisme in ons land te dien. Dit was 'n voorreg om onder sy leiding en met sy besondere medewerking 'n geringe bydrae tot die wetenskap te lewer en in hierdie opsig perspektiewe te open wat vir die pers en ons volkslewe in die breër sin, van betekenis kan wees. Aan mev. Stoker word 'n woord van opregte dank gerig vir die vriendelike wyse waarop sy my altyd aan huis ontvang het.

Prof. dr. G.J. Pienaar, wat as mede-promotor opgetree het, is iemand wat as baanbreker van die perswetenskap in Suid-Afrika beskou moet word. Sy besondere bydrae aan leiding en wenke m.b.t. hierdie proefskrif, word met dank vermeld. As ervare joernalis, wat in die verband die hoogste

sport bereik het, was sy leiding en wenke i.v.m. die tegniese aspekte van die pers besonder waardevol. Met sy simpatieke leiding en aanmoediging het hierdie proefskrif beslis aan rypheid en insigte gewen. Dit is my hede dat hy hierdie sleutelposisie in die akademiese wêreld en in verband met kommunikasiemedia in besonder, nog vir baie jare met groot vrug sal beklee. Ook aan mev. Pienaar my opregte dank vir die vriendelike ontvangs aan haar huis.

Verskillende ander dosente wat deur lesings, gesprekke en wenke tot hierdie studie bygedra het, verdien ook 'n woord van opregte dank. Onder hulle is bv. prof.J.A.L. Taljaard, prof. P.G.W. Du Plessis, tans van R.A.U. en mnr. P.G. Snyman.

Met erkentlikheid word die name genoem van die twee persone by wie ek my eerste onderrig in die wysbegeerte ontvang het, t.w. prof. dr. J.F. Kirsten en ds. G.S.J.Möller. Hulle het nie alleen as die eerste leermeesters opgetree nie, maar toe reeds die grondslae van 'n Christelike wysbegeerte help lê. Ook aan elkeen van die professore aan die Teologiese Seminarium te Stellenbosch, 'n woord van opregte waardering vir geïnspireerde leiding en die vorming van my lewe en denke.

Aan verskillende instansies wat daartoe bygedra het om hierdie proefskrif te voltooi, word 'n woord van opregte dank gerig: die personeel van die Ferdinand Postma-biblioteek vir hulle puik diens en die beskikbaarstelling van studiegeriewe, die redaksie van Die Burger wat hulle biblioteek en lêers tot my beskikking gestel het en die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys vir 'n lening aan my toegeken. Aan die Ned. Geref. Kerkraad van Stellenbosch-Welgelegen 'n woord van besondere dank vir die verlening van studieverlof waarsonder hierdie proefskrif nie afgehandel kon word nie.

Aan mev. L.J. Stephens word 'n woord van dank gerig vir die noukeurige en stiptelike wyse waarmee sy die tikwerk afgehandel het.

Met groot piëteit en dankbaarheid dink 'n mens terug aan jou ouers wat jou in die wêreld gebring en jou lewe so ingrypend help vorm het. Die aanmoediging van my vader, wat nie meer daar is om die voltooiing van hierdie proefskrif te beleef nie en van my moeder, sal altyd van die mooiste herinneringe in my lewe bly.

Die grootste offer wat egter i.v.m. hierdie studie gebring is, is die van Christirene en ons kinders. Baie dankie aan haar wat in die tye van my afwesigheid soveel opgeoffer, soveel aanmoediging gegee het en waar sy kon, hulp verleen het. Ons kinders, Johan, Irene, Chris en Dirkie sal seker nooit besef wat hulle belangstelling vir my beteken het nie. Aan hulle wat vir my so baie beteken, dra ek hierdie proefskrif op.

Aan Hom, uit Wie deur Wie en tot Wie alle dinge is, en Wie se koningsheerskappy met hierdie proefskrif erken word, die innige dank van my lewe dat hierdie studie „in U lig" en tot Sy eer kon geskied.

Stellenbosch. Die skrywer.

Die Jenigen, Die der Menschheit wirklich etwas neues zu sagen hatten, sind immer überaus selten gewesen, und es ist erstaunlich von wie wenig Gedanken die Menschheit gelebt hat.

E. Troeltsch.

Probleemstelling.

Die mens wat een of ander wetenskaplike studie onderneem, moet die probleem waarmee hy hom besighou, helder en duidelik insien. Hierop is die probleem van persvryheid geen uitsondering nie.

Voordat daar egter met die probleem van persvryheid gehandel word, moet daar eers helderheid verkry word omtrent wat onder pers en onder vryheid verstaan word. Oppervlakkig beskou word met pers bedoel die koerant wat die mens daagliks koop en lees en wat die volgende dag weer deur 'n nuwe uitgawe vervang word. Maar hiermee het die navorser nog nie werklik bepaal wat die pers is nie, want die pers is meer as die koerant. Wat dadelik van die pers opval, is dat dit met mense te doen het. Met ander woorde dit kan aanvaar word dat die probleme in verband met die pers en veral die vryheid van die pers, ook menslike probleme sal wees. Dit sal dus van besondere belang wees om 'n duidelike mensbeskouing te hê alvorens die probleem van persvryheid bestudeer kan word, want agter die koerant is daar bv. mense wat nuus versamel, berigte opstel en hoofartikels skryf. Nuusberigte word gewoonlik ook opgestel in verband met een of ander aangeleentheid wat oor mense gaan of waarby mense besondere belang het. Die taak en probleme waarmee die redaksie van die koerant te doen het, sal duidelik onder oë gesien moet word. Reeds met die eerste waarneming van die koerant word vasgestel dat die pers ook nie net uit die redaksie, wat nuusberigte versamel en aanbied, bestaan nie, maar dat ander afdelings, soos bv. die administrasie, advertensiewese, tegniese afdeling, verspreiding ens., is, wat 'n uiters belangrike rol speel in verband met die druk en uitgee van die koerant. Selfs groepe wat heeltemal buite die koerant beweeg, soos bv. adverteerders, belangegroepe, ens., het ook betekenis vir en oefen invloed uit op die koerant. In werklikheid is die koerant ingeweef in 'n verskeidenheid van instellings in die menslike samelewing.

Die koerant word egter gedruk om gelees te word en

hier kom 'n volgende groep mens in die lig van hierdie studieveld. Koerantlesers is nie net individue nie, maar is ook lede van huisgesinne, kerklidmate, lede van 'n bepaalde volk, kultuurorganisasie, ensovoorts. Die koerant het dus 'n trefkrag wat die hele menslike samelewing, waar dit gelees word, raak.

Voorts sal daar duidelik bepaal moet word wat die spesifieke taak van die pers is en hoe dit die menslike samelewing beïnvloed. Dadelik duik die vraag op, op watter wyse moet die pers sy taak verrig en of daar bepaalde riglyne is waarvolgens dit moet geskied. Hierdie vraag bring weer die probleem van norme vir die pers in sig. Eers wanneer daar helderheid omtrent bogenoemde probleme verkry is, kan die probleem van die vryheid van die pers nader ondersoek word.

So 'n ondersoek na die probleem van persvryheid geskied egter ook volgens 'n bepaalde wetenskapsidee. Met ander woorde, hierdie ondersoek word nie maar net empiries benader nie, maar ook prinsipieel en volgens 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing. In hierdie studie word uitgegaan van die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing. Voordat die werklike probleem van persvryheid nagegaan kan word, moet dus vooraf 'n duidelike uiteensetting gegee word van wat onder die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing verstaan word en hoe dit die wetenskapsidee mede-bepaal. Daar sal aangedui word dat die Calvinisme nie 'n wetenskapsidee bied wat elke besondere verskynsel in sy geïsoleerdheid ondersoek nie, maar wat elke afsonderlike verskynsel in sy volle samehang met ander verskynsels in die kosmos sien. Derhalwe moet die pers en sy vryheid ook in die volle samehang van die menslike samelewing, en tewens van die hele kosmos, bepaal word. Dit het egter spoedig geblyk dat daar nog nie veel gedoen is met betrekking tot die uitbou van 'n Calvinistiese perswetenskap nie en derhalwe is gesaghebbende studiebronne in die verband uiters beperk. Die gevolg is dat daar in

hierdie studie moeisaam gesoek moes word na die prinsipiële grondslag van 'n Calvinistiese perswetenskap.

Uit die lees van koerante en die ervaring is dit egter duidelik dat daar ook ander lewens- en wêreldbeskouings is waarvolgens die taak en funksie van die pers bepaal word. Daarom word besondere aandag gewy aan twee van die belangrikste lewens- en wêreldbeskouings, t.w. die liberalisme en die kommunisme, ten einde te bepaal watter opvatting dit het van en invloed dit op die pers en veral die vryheid van die pers het.

Met hierdie beknopte afbakening van die studieveld is die hoofprobleme gestel waarmee hierdie wysgerige ondersoek na die probleem van persvryheid gemoeid sal wees.

HOOFSTUK I

ENSIKLOPEDIESE ORIENTERING

1. Inleidend. Die bestudering van die probleem van persvryheid maak dit vir die navorser nodig om hom te verantwoord wat sy wetenskapsleer betref. Die wetenskapsleer bied o.a. die mees fundamentele posisiekeuse waaruit beslissings geneem word en die wetenskap beoefen word en lê ten grondslag van die wetenskaplike metode waarvolgens die wetenskaplike die veld van ondersoek benader. Die wetenskapsleer, of die uitgangspunt van die wetenskaplike, dui op die lig waarin die wetenskap beoefen kan word. Dit bring waarhede en oortuigings na vore waarsonder die mens hom nie wetenskaplik kan besighou nie. Aangesien bogenoemde stelling omtrent die wetenskapsleer,vir alle wetenskaplike studie geld, is dit nodig om i.v.m. die bestudering van persvryheid op saaklike wyse rekenskap te gee van die wetenskapsleer. Derhalwe word hierdie hoofstuk gewy aan die standpunt omtrent die ensiklopediese oriëntering.

2. Beginsels in die Wetenskap. In hierdie studie word daar uitgegaan van 'n bepaalde standpunt of wetenskapsidee. Om egter te beweer dat daar van 'n bepaalde wetenskapsidee uitgegaan word verseker nog nie dat die wetenskaplike daarmee tevrede kan voel en meen dat hy daarmee die veld van ondersoek volledig kan navors nie. In die wetenskaplike ondersoek word daar met die uitgangspunt van die navorser uitgegaan van bepaalde beginsels. Stoker wys op die besondere rol wat beginsels speel in die lewe van die mens, bv. in sy geloof, sedelike lewe, juridiese en ekonomiese handelinge ens. en kom tot die gevolgtrekking dat beginsels besondere betekenis het vir die wetenskap.[1] Hy beskrywe beginsels soos volg: „'n Beginsel is 'n begin, 'n eerste, 'n oorspronklike, 'n onherleibare iets. Dit is 'n fondament, 'n uitgangspunt, 'n standpunt. Dit is 'n a priori (iets wat vooraf bestaan, vooraf gegee is, vooraf aanvaar word, vooraf bv. ons denke en doen bepaal). (b) 'n Beginsel bepaal en lei wat daarin gefundeer is, resp. wat daarop gebou word, resp. wat

1) Vgl. Stoker, H.G.: Beginsels en Metodes in die Wetenskap. p. 30.

daaruit voortvloei. Dit is regulatief, m.a.w. dit rig en gee koers aan wat daarvan afhanklik is en daaruit voortvloei. So rig en lei dit ook bv. die vorming van menslike kennis en van sy gedrag. (c) 'n Beginsel geld vir 'n bepaalde gebied, is tot daardie gebied beperk en aan daardie gebied gebind. Dit geld slegs vir 'n bepaalde gebied, is slegs daarvan grond en gee slegs daarbinne leiding."[2] Die uitgangspunt van die wetenskaplike bied aan hom bepaalde beginsels, d.w.s. a priori-waarhede(nie in Kantiaanse sin verstaan), wat blyk uit sy denke en wetenskaplike benadering. Dit is egter ook waar dat daar in die veld van ondersoek gesoek moet word na beginsels wat die wetenskaplike tot kennisvorming kan lei. Vir 'n juiste wetenskaplike benadering van een of ander veld van ondersoek is dit dus nodig om presies te bepaal van watter wetenskapsidee daar uitgegaan word en moet daar noukeurig gesoek word na die beginsels wat geld in die benadering van en in die veld van ondersoek self. Die uitgangspunt en die beginsel is dan die veronderstelling van die ondersoek, die lig waarin die ondersoek plaasvind. Sodanige veronderstellings sluit 'n ryke verskeidenheid van waarhede in en is altyd 'n goeie aanduiding of die wetenskaplike so ver as moontlik rekening hou met al die waarhede en gegewens wat betekenis het vir sy navorsing. Die probleem van persvryheid word dus ook benader vanuit 'n bepaalde uitgangspunt of wetenskapsidee, maar voorts moet daar ook gesoek word na beginsels wat vir die probleem van persvryheid van belang mag wees.

3. 'n Lewens- en wêreldbeskouing en wetenskap. In die lig van sy beginsels word die wetenskaplike se uitgangspunt, of wetenskapsidee gevorm. Stoker bevestig hierdie waarheid soos volg: „.....elke besondere skool in 'n besondere wetenskap gaan van sy besondere wetenskapsidee uit.... die betrokke wetenskapsideë verskil in beginsel; hulle is uitgangspunte (standpunte) waarmee begin word en in die lig waarvan die betrokke wetenskap beoefen en gebou word."[3] Die wetenskaplike streve daarna om in sy wetenskapsleer tot groter helderheid te kom wat sy eie standpunt betref en duidelik rigting te gee aan die gegewens in sy veld van ondersoek. Dit verklaar dan ook die strewe van die

2) Ibid. p. 32.
3) Ibid. p. 254.

mens wat deur Stoker soos volg weergegee word: „Onrustig in 'n gedurig veranderende wêreld soek die mens vastheid, sekerheid en veiligheid, 'n standpunt en 'n oorsig, m.a.w. 'n lewens- en wêreldbeskouing wat sy kennis asook al sy doen en late volgens 'n vaste koers, m.a.w. volgens waarheid, kan rig en lei."[4] Die feit dat die mens 'n standpunt, 'n uitgangspunt of wetenskapsidee het en in die lig hiervan sy navorsing doen, blyk dat die wetenskap beoefen word volgens 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing.

Die lewens- en wêreldbeskouing[5] het nie net te doen met die lewe en die wêreld nie, maar is die antwoord van die mens op die fundamentele vrae aangaande God, die mens, die wêreld (of kosmos) en die oorsprong en die doel van die mens en die wêreld. Die antwoord van die mens (of sy lewens- en wêreldbeskouing), word egter nie net vanuit een uitgangspunt gegee nie. In sy samevatting van wat 'n lewens- en wêreldbeskouing is, word dit duidelik beklemtoon wanneer Stoker skrywe: „'n Lewens- en wêreldbeskouing is die geheel van antwoorde of oortuigings van die mens aangaande fundamentele vrae betreffende die oorsprong, sin, bestemming, doel en waarde van mens en wêreld en van hul verhouding tot God (of tot iets wat afgodies in die plek van God gestel word)."[6] In die lewens- en wêreldbeskouing van die mens is daar altyd een of meer waarhede wat die sentrale plek beklee. In hierdie sentrale punt van die mens se lewe vind ons die bepaling waarvolgens sy handelinge, doel en betekenis kry. So kan die mens bv. die sentrale plek in sy lewe aan God of aan die mens toeken (hetsy met die klem op die individu of op die mens as sosiale wese), of aan die staat, die volk, die werkersklas, die rede, die materie ensovoorts. Uit hierdie sentrale punt word die lewens- en wêreldbeskouing van die mens bepaal en so beoefen hy sy wetenskap, vorm hy kultuur, verkondig hy sy vryheidsideaal en versamel hy nuus vir die koerant. Die lewe van die mens, die wetenskap

4) Ibid. p. 119.

5) Hier word slegs met 'n oorsigtelike opmerking volstaan aangesien die nadere besonderhede van 'n lewens- en wêreldbeskouing in hoofstuk twee behandel word.

6) Stoker, op. cit. p. 113.

wat hy beoefen, die gedagtes wat hy versprei, word in fundamentele sin medebepaal deur die lewens- en wêreldbeskouing van die mens.

Die lewens- en wêreldbeskouing van die mens gee dus aan ons sy beskouing oor God of iets wat in die plek van God gestel word, oor die mens en sy besondere plek in die kosmos, en oor die kosmos self. Verder is die lewens- en wêreldbeskouing bepalend vir die vrae en probleme waarmee die mens elke dag worstel in die beoefening van die wetenskap en wat uit die kosmos en uit die menslike verhoudinge en sy kultuurarbeid tot die mens spreek. In die lig van ons wetenskapsidee of lewens- en wêreldbeskouing waarmee hierdie ondersoek na persvryheid gedoen word, moet rekening gehou word met die waarhede wat betekenis het vir die hele studie en die gevolgtrekkings waartoe geraak sal word. Daar moet rekening gehou word met die geloof van die mens in God of dit wat in die plek van God gestel word. Wanneer die probleme van vryheid en van die pers benader word, moet ons rekenskap gee van die verhouding van die mens en die wêreld tot God. Tereg neem Waterink die standpunt in dat die mens hom in sy wetenskapsbeoefening nie kan losmaak van sy geloofstandpunt nie. „De eerste vraag is al dadelijk of het mogelijk is, dat iemand bij de beoefening van die wetenschap zichzelf losmaakt van datgene, wat hij in zijn diepste wezen is."[7] Dit kan nie gebeur nie en sy beskouing oor God en die mens en die kosmos maak 'n belangrike deel uit van sy lewens- en wêreldbeskouing wat ten grondslag van die mens se wetenskapsvorming lê.

4. <u>Die lewens- en wêreldbeskouing is religieus bepaal</u>.
Ten einde hierdie paragraaf goed te begryp moet daar onderskei word tussen godsdiens en religie. Stoker wys daarop dat hier veral drie waarhede onderskei moet word. Eerstens is daar die teale verhouding, d.w.s. die hele skepping, stof, plant, dier en mens, staan in verhouding tot God. Tweedens is daar

7) Waterink,J.: Neutrale Wetenschap. Art. <u>In</u> Bulletin van die S.A.V.C.W. Jaargang 1 nr.2. Aug. 1965, p. 49.

die godsdiens in engere sin, wat beteken dat die mens hom in sy aanbidding en offergawes direk tot God wend, of afgodies besig is om bv. 'n afgod te aanbid en sy offers daaraan wy. Derdens is daar die religieuse verhouding van die mens tot God, d.w.s. die mens dien God (of ook 'n afgod) op meer omvattende wyse deur sy kultuurarbeid.[8] Hierdie waarheid wat vir die lewens- en wêreldbeskouing van die mens en vir sy wetenskaplike taak van soveel betekenis is, word besonder goed beklemtoon in die volgende woorde: „In hierdie betekenis van religie (wat die hele lewe van die mens omspan) is lewens- en wêreldbeskouing religieus bepaal, ook die nie-Christelike lewens- en wêreldbeskouing."[9] Die wetenskaplike se lewe en werk is religieus-bepaal, d.w.s. hy staan in alles wat hy doen en laat in 'n bepaalde verhouding of wanverhouding tot God. In sy nuusaanbieding is die pers dus religieus-bepaald, d.w.s. in sy nuusaanbieding sou hy God in ruimer sin (religieus) kan dien of hom weg van God wend. Die religieuse aard daarvan gee aan die mens se lewens- en wêreldbeskouing sy mees diepsinnige betekenis.

5. <u>Die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing</u>. Die probleem van persvryheid as sodanig word in hierdie studie benader in die lig van die fundamentele waarhede van 'n Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing. Duidelikheidshalwe word onderskei tussen verskillende rigtings van Christelike lewens- en wêreldbeskouinge waaronder die Calvinisme. Onder Christelike lewens- en wêreldbeskouing verstaan ons oortuigings wat op een of ander wyse ten minste die soendood van Jesus Christus bely.[10] Ons aanvaar die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing omdat dit Skriftuurlik is en totalitêr-Christelik genoem mag word, d.w.s. die Christelike waarheid word nie beperk tot die kerk,

8) Dit sluit godsdiens in enger sin in.
Vgl. Stoker op. cit. p. 117.

9) Ibid. p. 118.

10) In die Christelike lewens- en wêreldbeskouing kan onderskei word tussen Rooms Katolisisme en Protestantisme. Onder die Protestantisme onderskei ons weer tussen: Calvinisme, Lutheranisme, Metodisme, Liberale Christendom, Dialektiese Christendom, die Sekterisme, ens. Daarom word voorts nie gepraat van 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing nie, maar wel van 'n Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing. Vgl. Ibid. p. 124.

die godsdiens en die sedelike lewe nie, maar omspan die hele lewe, alle kultuurgebiede en elke samelewingskring. Die naam van Calvyn word nie hieraan verbind omdat daarmee te kenne gegee word dat Calvyn bo Christus gestel word of dat elke stelling van Calvyn onderskryf word nie. Die rede hiervoor word kernagtig deur Stoker in die volgende woorde saamgevat: „Hierdie lewens- en wêreldbeskouing word na Calvyn vernoem, nie omdat alle oortuigings van Calvyn aanvaarbaar is nie (hy was ook 'n kind van sy tyd, en het oortuigings gehuldig wat volgens die Calvinisme onsuiwer en onaanvaarbaar is), maar omdat dit die fundamentele beginsels deur Calvyn beklemtoon (wo. dié aangaande die gesag van Gods Woord en die absolute soewereiniteit van God) as waar beskou."[11] Die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing vind sy grond in die self-getuienis van die Heilige Skrif en die lig wat dit op die hele skepping werp. Die Woord van God maak aan ons die openbaring van God bekend en is met gesag beklee. Omdat die sentrale gedagte van Gods Woord dié is van skepping en sondeval en van verlossing en die herskepping in Christus, het dit betekenis vir die hele kosmos en omspan dit ook die hele lewe van die mens. Die lewe van die mens moet geleef word, sy veld van ondersoek benader word en die wetenskap beoefen word in die lig van die Heilige Skrif. In die wetenskapsbeoefening sien die mens dit as sy God gegewe roeping om te soek na die waarheid[12] en deur die kennis wat hy opdoen wil hy God verheerlik.[13] Dit is sy roeping om as navorser die kenbare (sy veld van ondersoek „in U lig gesien") noukeurig te ondersoek en na te vors omdat hy glo dat God aan Hom as wetenskaplike sy aanleg en talente skenk en die kenbare as kenbaar geskape het. Met hierdie roepingsbesef moet die wetenskaplike erns maak omdat dit sin en doel gee aan die wetenskaplike arbeid van die mens. Met dit alles word hy deur die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing bevrug en gelei.

Dit is van die grootste betekenis dat die wetenskaplike die Heilige Skrif as „kenbron" vir sy wetenskaplike kennis sal

11) Ibid. p. 125.

12) Vgl. die Skrifwoord in Gen. 1:26 „En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld en ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip."

13) Vgl. Stoker op. cit., p. 144.

aanvaar. Spier wys tereg op die waarheid as hy skrywe: „Waar het Woord Gods verworpen wordt, daar is de religieuse dimensie van onze ervaringshorizon verduisterd en daarom de weg tot de hoogste waarheid omtrent het geschapene in z'n relatie tot de Schepper en Verlosser toegesloten."[14] Maar ewe belangrik is dit om daarteen te waak dat die Heilige Skrif as 'n wetenskaplike handboek gesien en gebruik sal word. Stoker wys die plek van die Skrif in die beoefening van die wetenskap korrek aan in die volgende stelling: „Gods Woord mag ook nie as 'n wetenskaplike handboek opgevat en misbruik word nie. Dit is in voorwetenskaplike taal vir alle mense (en nie net vir wetenskaplikes nie) geskryf."[15] Sou hierdie plek nie toegeken word aan die Woord van God nie, kan dit gebeur dat Skrifwaarhede afgedwing kan word op gegewens waar dit nie van toepassing is nie en verval die mens in 'n Biblisisme wat afgewys moet word.[16] Graag vereenselwig ons ons met die raak siening van Spier waar hy die plek van die Heilige Skrif en navorsing soos volg aandui: „Calvinistische wijsbegeerte zoekt dus de stof voor haar sisteem niet in de Bijbel, maar in onderworpenheid aan de norm der Schrift en bij haar licht vindt zij haar inhoudt zo-als ook iedere andere wetenschap - in het moeizaam naspeuren van Gods werken".[17] In hierdie ondersoek na die probleem van persvryheid gaan ons van die standpunt uit dat die Heilige Skrif op voorwetenskaplike wyse lig werp op die perswese self (in U lig),

14) Spier, J.M. Wat is Calvinistische Wijsbegeerte p.15. Norval wys tereg op die plek wat die Skrif in die vorming van wetenskaplike kennis behoort in te neem: „Die Heilige Skrif het vir die Christen prinsipiële, grondleggende betekenis, en bied vir alle wetenskappe nuwe, essensiële en grondliggende gegewens."
Norval, E.J.C. Die Onderskeid En Verband Tussen Wysgerige Etiek en Vakwetenskaplike Etiek, p.2.

15) Stoker op. cit., p. 142.

16) Oor die gevaar van Biblisisme laat Stoker hom soos volg uit: „Biblisisme kom in verskillende vorme voor, soos o.a. die misbruik van die Bybel as 'n wetenskaplike handboek; die mening dat alle waarheid net in Gods Woord gegee is (d.w.s. die ontkenning van geopenbaarde waarheid in die kosmos); die mening dat die beginsels van die wetenskap net in Gods Woord gevind kan word; die afdwing van Skriftuurlike waarhede, resp. van bepaalde tekste, op gegewens (soos bv.feite) waarop hulle geen betrekking het nie; in die algemeen: die oorspanning van die betekenis van die Bybel vir die beoefening van die wetenskap en die isolasie van die Bybel van waarhede van nie-Bybelse (resp.kosmiese) oorsprong waarvan verskillende selfs nodig mag wees om Skriftuurlike waarhede beter te verstaan....."
Ibid., p. 301-302.

17) Spier, op.cit., p.17.

wat die perswese as kenbron nie kan aanbied nie maar tog veronderstel.

6. Christelike Wetenskap. In die lig van die voorafgaande kan daar wel gepraat word van 'n Christelike wetenskap soos in die geval van bv. die Gereformeerde Teologie, die Calvinistiese Wysbegeerte en die Christelike vakwetenskap, m.a.w. dit sluit die wetenskapsbeoefening in soos dit geskied in die lig van 'n voorwetenskaplike Christelike lewens- en wêreldbeskouing, in die lig van Gods Woordopenbaring en gelei deur die religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing. In die beoefening van die Christelike wetenskap maak die wetenskaplike hom nie los van die Christelike religieuse geloof en sy religieuse grondmotief nie, hy erken die lig van Gods Woord wat vir die Teologie, die Wysbegeerte en die vakwetenskap van fundamentele belang is, hy aanvaar sy taak as wetenskaplike as 'n roeping van God wat aan hom gegee is om deur sy kennisvorming God te dien en sy kragte in diens te stel van die hele samelewing en trouens God in die hele skepping te dien. So kan daar van die mens se wetenskaplike arbeid as roepingsvervulling gepraat word omdat hy daarmee die bestemming verwesenlik wat God vir hom en die kosmos beoog. Hierdie standpunt gee aan die mens 'n besonder ruime benadering van sy veld van ondersoek. Die bewering dat die Christelike wetenskap 'n verenging van die wetenskap meebring is verkeerd. Daarby erken hierdie wetenskapsvisie waarheidsmomente in die wetenskaplike arbeid van andersdenkendes. So alleen kan die Christelike wetenskap beoefen word met die strewe om so volledig as moontlik te wees en 'n bydrae lewer om wat verkeerd is, te bestry en positief by te dra tot die vorming van kennis in die lig van die Heilige Skrif.

Die beoefening van die Christelike wetenskap beteken nie dat die benadering van die veld van ondersoek en die resultate wat verkry word 'n slaafse eendersheid toon nie. Onder Christene wat wetenskap beoefen, bestaan daar aanmerklike verskille. Die Rooms Katolieke wetenskaplike worstel bv. met die dualisme tussen natuur en genade en probeer 'n antwoord vind op die vraag of die Christelike wetenskap wel bestaansreg het. Wat die Protestantse wetenskaplikes betref, kan onderskei word tussen Calvinisme, Lutheranisme, Metodisme, Moderne Christendom, die Christelike Eksistensialisme en die verskei-

denheid van Sektarismes.[18] Vir die Calvinisme in besonder word die klem gelê op God Drie-enig, soos Hy Hom in Sy Woord aan ons openbaar en die radikale teosentrisiteit van die hele skepping. Ander Protestantse groepe soos hierbo onderskei, beperk die Christelike waarheid weer tot die kerk, die godsdiens of die sedelike lewe. Volledigheidshalwe kan ook daarop gewys word dat die wetenskap ook beoefen word deur die nie-Christelike mens soos bv. Jode, Mohammedane, Boeddhiste en voorts deur wetenskaplikes wat die mens in die middelpunt van hulle lewensbeskouing plaas, soos bv. die Liberalisme en die Kommunisme.[19] Hulle gaan met hulle wetenskapsbeoefening van ander onderstellinge uit as die Calvinisme.

7. <u>Onderskeiding Teologie, Wysbegeerte en Vakwetenskap</u>. In die voorafgaande is daarop gewys dat die Calvinisme in onderworpenheid aan die norme en in die lig van die Heilige Skrif wetenskap beoefen. Wanneer daar oor God as Skepper en die openbaring van God in die Heilige Skrif en in die natuur gepraat word, is dit nodig om te onderskei tussen die wetenskappe, Teologie, Wysbegeerte en Vakwetenskap. Dit is die taak van die wetenskaplike om die „kenbare te ondersoek"[20] volgens die kenbronne, die Woord van God en die kosmos, gesien in die lig van Gods Woordopenbaring. Daar moet egter fundamenteel onderskeid gemaak word tussen God en die kosmos. In onderskeid van God as die algenoegsame is daar die skepping as die onselfgenoegsame.[21] Hierdie onderskeiding lei ons tot die onderskeid tussen die „Teologie (die wetenskap aangaande die geopenbaarde waarhede aangaande God Sélf) en die kosmiese wetenskappe (die wetenskappe aangaande die kosmos)."[22]

Verder moet daar onderskei word tussen „die kosmos as totaliteit (as 'n geheel of eenheid) en die verskeidenheid binne die kosmos..."[23] Volgens hierdie indelingsbeginsel kan Wysbegeerte gesien word as „die wetenskap van die totaliteit van die kosmos) en 'n vakwetenskap (as wetenskap van 'n besondere of spesiale groep van saamhorige gegewens binne die kosmos in sy besonderheid."[24]

18) Vgl. Stoker op.cit. p. 124.
19) Loc.cit.
20) Stoker op.cit. p. 151.
21) Vgl. Ibid. p. 139.
22) Ibid. p. 241.
23) Loc.cit.
24) Loc.cit.

Voorts word daarop gewys dat God, die totaliteit van die kosmos en die verskeidenheid saamhang en nie los van mekaar staan nie.

Volgens bogenoemde onderskeidinge kan daar dus duideliker onderskei word tussen Teologie, Wysbegeerte en Vakwetenskappe. Stoker gee hierdie onderskeiding soos volg aan: „Teologie is die wetenskap aangaande die geopenbaarde waarhede van God aangaande Homself en aangaande die onmiddellike betrokkenheid van die kosmos as totaliteit en as verskeidenheid op God. Wysbegeerte is die wetenskap van die deur God geskape en bestierde kosmos as totaliteit en van die samehang van die kosmiese radikale verskeidenheid binne hierdie totaliteit. Vakwetenskap is die wetenskap van 'n deur God geskape en bestierde besondere of spesiale groep van saamhorige gegewens binne die kosmiese totaliteit in hul besonderheid."[25] Met hierdie onderskeiding sal deurgaans in hierdie studie rekening gehou word.

Dit is van besondere betekenis om daarop te wys dat die lewens- en wêreldbeskouing van die mens lê aan die Teologie, Wysbegeerte en vakwetenskappe ten grondslag. In sy lewens- en wêreldbeskouing kry die Teoloog, wysgeer en vakwetenskaplike (in die lig van Gods Woord) voorwetenskaplik sy betrokke grondbeginsels.

Bostaande impliseer die samehang van die veld van ondersoek van Teologie, Wysbegeerte en vakwetenskap. Die Teologie is byvoorbeeld aangewys op die vindings en bevindings van die Wysbegeerte en vakwetenskappe en moet rekening hou met die algemene resultate daarvan. Die vakwetenskappe is weer vir hulle grondidees en grondbegrippe onderskeidelik aangewys op die betrokke vindings en bevindings van die Teologie en Wysbegeerte. Met instemming kan Heyns in die verband aangehaal word: „So is die Wysbegeerte vir die vorming van sy grondideë van die hulp van die Teologie afhanklik. Die Teologie wat begrippe gebruik met wysgerige presisering en in die dogma-besinning kosmiese

25) Loc. cit.

onderskeidinge (wat hy in onmiddellike betrokkenheid op God sien) aanwend, is van die Wysbegeerte en die Vakwetenskappe afhanklik. En die Wysbegeerte is vir onderskeidinge van die kosmiese verskeidenheid (wat hy in hul samehang met die kosmiese totaliteit moet sien) aangewys op die hulp van die vakwetenskappe. Lg. weer vind in die wysbegeerte hul ondergrond, aangesien elke vakwetenskap nie alleen vra na die sistematiese deurdenking van die verband tussen die verskillende kosmiese aspekte nie, maar ook uitgaan - bewus en onbewus - van wysgerige voorveronderstellinge."[26] Bogenoemde onderskeidings word noodsaaklik geag wanneer daar sinvol gevra word na die grond, die veld van ondersoek en die resultate van elke vakwetenskap in sy verband met die Teologie en Wysbegeerte. Hierdie onderskeiding en beklemtoning van die wisselwerking tussen Teologie, Wysbegeerte en vakwetenskap open 'n besondere perspektief vir die betreklik onbekende perswetenskap as vakwetenskap.

8. Calvinistiese Wysbegeerte. Verskillende beoefenaars van die Calvinistiese Wysbegeerte neem verskillende standpunte in m.b.t. hulle uitgangspunt en veld van ondersoek. So val die klem by Vollenhoven en Dooyeweerd op die wetsonderworpenheid van die hele kosmos en (veral by Dooyeweerd in 'n bepaalde sin) op die hart van die mens of die Ego as sentrum van die kosmos, terwyl Bavinck en Hepp veral van die Openbaringsgedagte uitgaan. By Stoker vind ons weer as uitgangspunt die Wysbegeerte van die Skeppingsidee. In hierdie studie sluit ons aan by Stoker se Wysbegeerte van die Skeppingsidee omdat die skeppingsgedagte vir ons 'n meer omvattende waarheid inhou as die ander.

(a) Wysbegeerte van die Skeppingsidee. (i) Deur van die wysbegeerte van die skeppingsidee uit te gaan, beteken dat dit dan die wetenskapsidee of uitgangspunt is waarvolgens die veld van ondersoek i.v.m. persvryheid benader word.

26) Heyns, J.A.: Die Teologiese Antropologie van Karl Barth, vanuit Wysgerig-Antropologiese Oriëntering. p. 232.

Om dit egter te kan doen moet daar vasgestel word wat onder wetenskap verstaan word. Die wetenskap vind sy oorsprong in die lewens- en wêreldbeskouing van die mens en word in fundamentele sin daardeur medebepaal.[27] Aan die ander kant moet erken word dat die wetenskap weer vormend kan wees vir die lewens- en wêreldbeskouing. Wetenskap, wat in ruimer betekenis, Teologie, Wysbegeerte en vakwetenskappe insluit, kan beskryf word as kennis.[28] Dadelik moet egter gewys word op die waarheid dat alle kennis nie wetenskap is nie, soos bv. voorwetenskaplike kennis. Die voorwetenskaplike kennis is noodsaaklik vir die beoefening van die wetenskap en die mens staan daarmee in 'n totalitêre verhouding met alles waarmee hy te doen kry en dit sluit sy hele ervaringsveld in.

Die kennis wat die mens versamel moet aangebied word as waar en geldig. Dit bring mee dat die navorser sy gegewens krities sal nagaan en aan die aangewese gronde en maatstawwe sal toets. Uit die kenbare verskeidenheid word die samehang van gegewens afgelei en sodoende word 'n sisteem opgebou en word daar gesistematiseerde kennis aangebied.

In sy benadering van die wetenskaplike kennis gaan die mens uit van onbewysbare veronderstellings wat deur sy lewens- en wêreldbeskouing gevorm word. Hierdie verskil van beginselinsigte het sy oorsprong in die lewens- en wêreldbeskouing van die mens en het ten gevolg die vorming van verskillende skole en rigtings in die wetenskaplike wêreld en sal altyd voortbestaan en bly steeds 'n stryd wat gevoer word tussen verskillende wetenskaplikes en gaan steeds om die waarheid waarna daar gesoek word. 'n Ondersoek na persvryheid kan bv. plaasvind deur 'n wetenskaplike wat die bestaan van God en voorwetenskaplike waarhede verwerp. Maar juis in die verwerp daarvan gee hy reeds blyke van sy eie implisiete voorwetenskaplike oortuigings. Dit is nodig om daarop te wys dat soos die Calvinisme, gaan verskeie denkrigtings, soos bv. die liberalisme en die kommunisme ook uit van bepaalde voorwetenskaplike waarhede. Hierdie

27) Vgl. Stoker op.cit. p.145.
28) Vgl. Loc.cit.

wedersydse verhouding tussen lewens- en wêreldbeskouing en die wetenskap mag nie uit die oog verloor word in die beoefening van die wetenskap nie.[29)]

(ii) Algemene Kosmologie. In enkele sinne word 'n oorsigtelike standpunt gegee van die kosmologie van die Wysbegeerte van die Skeppingsidee.

Enersyds moet daar volgens Gods Woordopenbaring onderskeid gemaak word tussen God en kosmos. Stoker beklemtoon die uiters diepsinnige waarheid dat God alleen die algenoegsame is.[30)] „Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge"en niks in die kosmos mag in die plek van God gestel word nie. Die onderskeid tussen die kosmos as totaliteit en God, is 'n aan Gods wetsorde onderworpe skepping. „God (die absolute Soewereine oor álles wat Hy geskape het) het vir die héle skepping (i.c. die kosmos) Sy wetsorde gestel."[31)] God self is nie aan die wet vir die skepping onderwerp nie maar is bo die wet.

In die kosmos word daar voorts 'n radikale verskeidenheid aangetref. Stoker sê hiervan die volgende:„..... die oorsprong van radikale verskeidenheid is geleë in die skeppingswerk van God,....."[32)]en 'n ondersoek hiervan het aan die lig gebring „dat dit wat radikaal onderskeie is, saamhang."[33)] Verder word daarop gewys dat daar in hierdie radikale verskeidenheid ook 'n samehang is van dinge,[34)]en wel so dat die verskeidenheid van dinge in die kosmos universeel saamhang. Dit alles is nodig omdat dit betrekking het op die perswese.

(iii) Antropologie. Die mens beklee 'n unieke posisie in die skepping van God. Enersyds is hy „kreatuur soos ander skepsels,"[35)]maar hy is ook „bestem om as medearbeider van God op aarde skeppingswerk van God op menslike wyse voort te sit.."[36)] Die mens as„geskape na die beeld van God" is deur God aangewys om te heers in en oor die kosmos. Ooreenkomstig en onderworpe aan die wet van God moet die mens sy roeping vervul op elke

29) Vgl. Ibid. p.145.
30) Vgl. Ibid. p. 30.
31) Loc.cit.
32) Ibid. p. 160.
33) Ibid. p. 161.
34) Vgl. Ibid. p. 178.
35) Ibid. p. 130.
36) Loc. cit.

moontlike lewensterrein, d.w.s. in sy godsdiens, sy kultuur, sy wetenskap ens. Dit alles is nodig omdat die perswese met mense te doen het wat geroepe is en aan die normatiewe wetsorde onderworpe is.

(iv) Kultuurleer. Met betrekking tot ons onderskeid, natuur, kultuur en godsdiens is dit van belang om daarop te wys dat die perswese tot die kultuur behoort.

(v) Gnoseologie. God is kenbaar uit Sy Woord en uit Sy skeppingsopenbaring.

God het die kosmos „kenbaar geskape"[37] en aan die mens die kenaanleg gegee om dit te ken,[38] m.a.w. die kenbaarheid van die kosmos as kosmos, is ook 'n openbaring wat uiteindelik rus in die wil van God. Na aanleiding van hierdie kenbare kan die mens wetenskap vorm en moet die wetenskaplike resultate aan die kenbare beantwoord.

Bostaande is alles nodig nie net omdat ons wetenskaplike kennis van die pers vorm nie, maar ook omdat die pers self nuus versamel, nuus meedeel, inlig, en voorlig, m.a.w. kennis bied.

(vi) Sonde en Kwaad. God het sy skepping goed geskape en die mens self is „na die beeld van God geskape." Die mens het egter in sonde geval en so het die kwaad deurgedring tot die ganse skepping.[39] Maar „met die kruisdood van Christus is in prinsipe die verlossing van die mens en die herskepping van die wêreld gewaarborg."[40] Dit is alles nodig omdat ons by die perswese ook te doen het met die probleem van sonde en kwaad.

9. Neutrale wetenskapsbeoefening. Die gedagte van neutraal te wees sou beteken dat die wetenskaplike nie kant kies nie, nie standpunt inneem nie, nog die een nog die ander wetenskapsidee voorstaan, ens. Dit sou beteken dat iemand neutraal

37) Vgl. Ibid. p. 151.
38) Vgl. Ibid. p. 152.
39) Vgl. Ibid. p. 140.
40) Loc. cit.

staan m.b.t. die gedagte van 'n lewens- en wêreldbeskouing, tot 'n uitgangspunt, tot voorwetenskaplike waarhede, t.o.v. Gods Woord, t.o.v. beginsels, ens. Hierdie standpunt word verwerp vanweë die volgende redes. Kennis gaan altyd van onderstellings uit waarvan die mees fundamentele religieus van aard is. In die laaste instansie is alle kennis in religieuse geloof gegrond. Neutraliteit is hier uitgesluit omdat die mens in sy kennisvorming altyd moet kies tussen onderstellings, standpunte en uitgangspunte.[41] Voorts is kennis aan die veld van ondersoek gebind en hierin is neutraliteit ook nie moontlik nie. Kennis moet aan die kenbare beantwoord en hier kan die mens nie eers kies nie. Met instemming word in die verband gewys op die suiwer standpunt van Potgieter waar die objektiwiteit van die wetenskaplike aanvaar word, maar die neutraliteitshouding afgewys word. „Weliswaar moet die subjek (beoefenaar) van die wetenskap altyd daarna streef om objektief te wees, maar objektiwiteit is alles behalwe neutraliteit. Dit blyk reeds duidelik daaruit dat na mate iemand in die waarheid staan, hy objektief sal wees, maar dat hy wat die waarheid liefhet, nooit neutraal kan wees nie."[42] Elke wetenskaplike het 'n bepaalde wetenskapsidee, 'n uitgangspunt, beginsels, voorwetenskaplike waarhede, kenbronne, en wie daarteenoor neutraal wil staan, kan nie wetenskap beoefen nie.

Bogenoemde is enkele waarhede wat uit die Wysbegeerte van die Skeppingsidee geneem is en wat van besondere betekenis geag word vir die ondersoek na die probleem van persvryheid.

10. <u>Implikasies van die Wysbegeerte van die Skeppingsidee vir die probleem van persvryheid</u>. Uit die kort en saaklike oorsig van die Calvinistiese Wysbegeerte, en meer bepaald die Wysbegeerte van die Skeppingsidee soos voorgestaan deur Stoker,

41) Heel terecg merk Potgieter die volgende op: „Neutraliteit is uitgesluit omdat die beoefenaar van die wetenskap subjek is wat bewus of onbewus steeds sy lewens- en wêreldbeskouing laat meespreek."
Potgieter, F.J.M. Prinsipiële Veranwoording ten opsigte van Christelike Opvoeding, Opvoedkunde en Onderwys, p.3.

42) Loc. cit.

behoort dit reeds duidelik te wees dat genoemde wysbegeerte van besondere betekenis is vir die beoefening van die vakwetenskap en meer bepaald vir hierdie ondersoek na die probleem van persvryheid.

(a) Lewens- en wêreldbeskouing. Die lewens- en wêreldbeskouing van die mens is „totaliter van aard en omspan álle denke en doen van die mens," [43] en só gesien gaan die lewens- en wêreldbeskouing aan die wetenskaplike ondersoek vooraf. In hierdie studie wil ons graag die probleem van pers en persvryheid ondersoek in die lig van die Calvinistiese onderstellings. Die vraag wat dan veral om beantwoording vra is hoe die Calvinisme (as lewens- en wêreldbeskouing) die hooflyne in die ondersoek na pers en persvryheid rig en lei.[44] Hierdie ondersoek van die pers en persvryheid vind dus sy oorsprong in die lewens- en wêreldbeskouing van die mens en dit sal 'n antwoord probeer vind op die mees fundamentele vrae aangaande die pers, sy oorsprong, doel en bestemming in die wêreld. Daar is egter nog baie weinig gedoen i.v.m. die uitbou van 'n Calvinistiese perswetenskap en daarom is dit gebiedend noodsaaklik om hieraan besondere aandag te gee. Omdat ons van oordeel is dat die invloed van die Calvinisme in die geskiedenis van die perswese uiters beperk is, is hierdie ondersoek van aktuele belang.

Daar moet egter gewys word op die feit dat 'n studie van die pers ook vanuit 'n ander lewens- en wêreldbeskoulike agtergrond kan geskied. Die twee denkrigtings wat o.i. veral in die verband 'n belangrike rol gespeel het, en dit geld vir die huidige ook, is die van die liberalisme en die kommunisme. Derhalwe sal die lewens- en wêreldbeskouing van sowel die liberalisme as die kommunisme, en later ook hulle persbeskouinge kritiés bespreek word. Die kritiese benadering sal dan vanuit die Calvinisme as lewens- en wêreldbeskouing geskied.

(b) Persfilosofie en Persvakwetenskap. Hierdie studie is 'n wysgerige ondersoek na die probleem van pers, vryheid en persvryheid. Derhalwe moet duidelik onderskei word tussen persfilosofie en persvakwetenskap.

43) Stoker, op. cit. p. 145.
44) Vgl. Stoker se standpunt in die verband. Stoker op. cit. p.113.

(i) Persfilosofie. Die wysbegeerte is die wetenskap van „die deur God geskape en bestierde kosmos as totaliteit en samehang van die kosmiese verskeidenheid binne hierdie totaliteit." [45] In die persfilosofie word daar gesoek na die grondprobleme van die pers, die fundamentele bepalings van die pers in sy uniekheid en taak of bestemming op grond waarvan die pers juis pers is en niks anders nie. Die persfilosofie ondersoek voorts die plek en die rol van die pers in die kosmos en meer bepaald in die geheel van die menslike samelewing. Dit alles geld dan nie alleen vir die pers nie, maar ook vir die probleem van persvryheid.

(ii) Persvakwetenskappe. Die vakwetenskap is die wetenskap van die deur God bestierde besondere of spesiale groep van saamhorige gegewens binne die kosmiese totaliteit in hulle besonderheid.[46] Die persvakwetenskap ondersoek die perswese vanuit 'n betrokke spesiale gesigspunt of probleemstelling in sy besonderheid. Onder die persvakwetenskappe sou o.a. die volgende genoem kon word: perswetenskap (as algemene vakwetenskap), persreg, persgeskiedenis, persetiek, perspsigologie, persekonomie, ens. (as spesiale vakwetenskappe).

Daar bestaan nog nie so 'n wetenskap soos persteologie nie, maar daar sou in 'n bepaalde sin wel daarvan melding gemaak kon word. Daarmee word bedoel dat daar fundamentele Skrifwaarhede is wat (lewens- en wêreldbeskouinge en) Teologie bied wat vir alle perswetenskappe van belang is. As voorbeeld kan genoem word dat die pers rekening moet hou met die sondeval, bekering, wedergeboorte, heiligmaking, voleinding, voorsienigheid van God, die algemene en besondere genade, die koms van Gods koninkryk ensovoorts. Dit open dadelik die gesigspunt dat die perswetenskap dus ook, soos die wysbegeerte en ander vakwetenskappe, in die lig van die Heilige Skrif beoefen sal word.

Die voorafgaande paragraaf lei dan logies tot die gevolgtrekking dat daar ook in die bestudering van die pers 'n

45) Heyns op.cit. p. 232.
46) Vgl. Stoker reeds aangehaal op p. 13 aanhaling 25.

wisselwerking sal wees tussen Teologie, Wysbegeerte en die verskillende vakwetenskappe aan die een kant en die persvakwetenskappe aan die ander kant.[47]

(c) Spesiale probleme. Die bestudering van die pers en van die probleem van persvryheid bring mee dat besondere aandag aan enkele spesiale probleme gegee sal word.

(i) Pers en persvryheid word by die méns aangetref. Die pers word gevorm en beheer deur die méns en het in sy publikasies ten doel om die méns te bereik. Besondere aandag sal dan ook gewy moet word aan 'n wysgerige antropologie, die plek van die mens in die samelewing, die struktuur en taak van menslike samelewingskringe, die mensbeskouing en die pers en veral van menslike vryheid en hoe dit saamhang met persvryheid.

(ii) Die Wetsorde van God. God as die soewereine het vir die hele skepping Sy wetsorde gestel en die hele kosmos is daaraan onderwerp. Soos die mens is die pers ook aan die wetsorde van God onderworpe. In sy onderskeiding tussen natuurwette en norme wys Stoker daarop dat norme aan die mens pligte stel om na te kom, „hoe iets behóórt te geskied, hoe die mens bv. behóórt te dink of sy medemens behóórt te behandel."[48] In die bestudering van die probleem van persvryheid moet daar gesoek word na norme wat vir die pers geld en wat as voorwaarde kan dien om persvryheid in die menslike samelewing te aktualiseer. Die aanwesigheid van persnorme sal ons voor die vraag van 'n behoorlike perskode te staan bring en daar sal na die redes gevra word waarom die perskode deur 'n deel van die pers verwelkom word terwyl 'n deel van die pers afsydig en selfs negatief teenoor 'n perskode staan.

(iii) Sondeval en kwaad. Die feit dat die mens in sonde geval het en dus boos en bedorwe van natuur is het nie alleen ten gevolg dat sy sondigheid ook in al sy handelinge gesien kan word nie, maar ook dat die kwaad tot die hele skepping deurgedring het. Vir die bestudering van persvryheid bring dit mee dat met die feit van sonde ernstig rekening gehou moet word. Juis hierin

47) Nadere besonderhede van hierdie wisselwerking is reeds uiteengesit op p. 14.

48) Stoker op.cit. p. 221.

moet daar gesoek word na die rede waarom die mens aan norme (ook aan persnorme) onderwerp is en daaraan gehoorsaam behoort te wees. In sy sondigheid oortree die mens nie alleen die gebooie van God nie, maar ook bv. die norme wat vir die pers geld en in hierdie oortreding moet daar gesoek word na perseuwels wat die aktualisering van persvryheid belemmer.

(iv) Persvryheid wysgerig gesien. Die vryheid van die pers is afhanklik van die kenaanleg, talente en funksies van die mens en van die kenbare.[49] Soos in die geval van die mens, is daar bepaalde moontlikhede vir die pers en moontlikhede van die pers. Die moontlikheid van keuse moet gesien word as voorwaarde vir persvryheid. Nog 'n voorwaarde vir persvryheid is die onderworpenheid en gehoorsaamheid van die pers aan behorenseise (waaronder norme)[50] wat die grondslag vorm vir 'n verantwoordelike pers. Voorts moet aandag gegee word aan persvryheid as antwoord en roepingseise wat hulle oorsprong in God vind. Waar die pers se taak en bestemming religieus bepaald is, sou persvryheid ook gesien kan word as diens aan God in die breër sin van die woord. Persvryheid word dus bestudeer in sy besonderheid van saamhorige gegewens binne die menslike samelewing en ook hoe dit met menslike vryheid en ander vryhede in verband staan.

In die voorafgaande is daar gepoog om 'n baie saaklike oorsig te gee van die verskeidenheid van probleme wat met die vryheid van die pers saamhang en wat in die volgende hoofstukke nader bespreek sal word. Besondere aandag sal gegee word aan die probleem van menslike vryheid, die taak en bestemming van die pers, persvryheid en die aktualisering daarvan. Waar gegewens i.v.m. 'n Calvinistiese siening van die pers, feitlik nêrens in literatuur gevind word nie, moet hierdie wysgerige studie gesien word as die moeitevolle poging om 'n beskeie bydrae te lewer tot die uitbou van fundamentele probleme en gesigspunte van die Calvinistiese perswetenskap as selfstandige vakwetenskap. Dit word gekonfronteer met die liberalistiese en kommunistiese opvattings van persvryheid.

Die slothoofstuk lei ons tot bepaalde gevolgtrekkings, stellinge en perspektief wat beskou kan word as prinsipiële riglyne met betrekking tot die aktualisering van persvryheid.

49) Vgl. Stoker se beskouing oor wetenskaplike vryheid wat hier op persvryheid toegepas word. Op.cit. p.260.
50) Vgl. Stoker op.cit. p.260-261.

A F D E L I N G I

HOOFSTUK 2

DIE CALVINISME

Inleidende Opmerkings.

Die wysgerige ondersoek na die probleem van persvryheid maak dit gebiedend om noukeurig te bepaal wat die lewens- en wêreldbeskouing van die mens is. Sonder 'n lewens- en wêreldbeskoulike oriëntering kan so 'n ondersoek nie plaasvind nie, want elke beskouing oor persvryheid gaan uit van een of ander lewens- en wêreldbeskouing. Meer word kortliks daarop gewys[1] dat die lewens- en wêreldbeskouing van die mens die antwoord is op die mees fundamentele vrae aangaande God, mens en wêreld, en dat daar altyd een of meer waarhede is wat 'n sentrale plek in die mens se lewens- en wêreldbeskouing inneem. Die lewens- en wêreldbeskouing is meer omvattend as maar net 'n bepaalde siening van die lewe en die wêreld, dit het ook te doen met die verhouding waarin die mens en die wêreld tot God staan, of tot dit wat in die plek van God gestel word. Dit het ook te doen met die mens self en daarom moet die antwoord ook gesoek word op die vrae na die oorsprong, doel en bestemming van die mens. Op al hierdie vrae sal daar 'n verskeidenheid van antwoorde gegee word wat in ooreenstemming is met die mensbeskouing van die antwoorder. Al hierdie antwoorde is in die grond van die saak voorwetenskaplik en as geheel vorm dit die agtergrond van die betrokke wetenskapsidee in die lig waarvan 'n bepaalde veld van ondersoek benader word.

'n Volgende fundamentele vraag waarop 'n antwoord gevra word is die plek van die mens in die wêreld. Dit is noodsaaklik om te weet wat die wêreld is, waar dit sy oorsprong het en wat die bestemming van die wêreld is. Daar moet bv. nagegaan word of die wêreld aan bepaalde wette onderworpe is, waarom daar kwaad in die wêreld gekom het en veral watter plek die mens in die wêreld inneem. Die vrae omtrent die mens

1) Vgl. Hoofstuk 1. p. 3.

en die wêreld veronderstel die belangrike probleem omtrent die Oorsprong en Doel van alle dinge. Dit bring die mens by die mees fundamentele vraag wat sy lewe raak, nl. of God bestaan en die Skepper en Onderhouer is van alle dinge, en indien Hy wel bestaan, of Hy geken kan word deur die mens en in watter verhouding die mens tot God staan. Daar moet bv. nagegaan word hoe die sonde van die mens en die kwaad van die wêreld in verhouding tot God staan. Hierdie antwoorde van die mens op die mees fundamentele lewensvrae omtrent homself, die wêreld en God, word die lewens- en wêreldbeskouing van die mens genoem. Pretorius wys tereg daarop dat die antwoord van die mens 'n besondere kenmerk van sy hele bestaan is: „'n Besondere kenmerk van die mens is dat hy teenoor die kosmiese totaliteit (waarvan hy deel is) 'n bepaalde standpunt inneem, met ander woorde hy huldig 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing. Dit beteken dat elke mens 'n bepaalde beskouing of opvatting het oor die ontstaan, die bestaan, die betekenis en die einddoel van die hele geskape werklikheid."[2] Dit is duidelik dat hierdie fundamentele vrae nie alleen aan een bepaalde lewens- en wêreldbeskouing verbind word nie, maar dat dit juis vrae is waarmee elke mens worstel en dat 'n antwoord deur elke mens hierop gesoek word, wat sy lewens- en wêreldbeskouing ook al mag wees. Die behandeling van die probleem van 'n lewens- en wêreldbeskouing maak dit nodig om daarop te wys dat die lewens- en wêreldbeskouing van die mens in fundamentele sin religieus bepaal is.[3] Voorlopig kan in die verband net opgemerk word dat die hele kosmos wat ook stof, plant, dier en mens insluit, in 'n bepaalde verhouding tot God staan. Afgesien van die feit dat die mens as Christen God in sy binnekamer kan aanbid en hom in die Woord van God verdiep, let ons ook daarop dat die mens God (of iets in die plek van God) ook op 'n meer omvattende wyse kan dien deur bv. daarna te streef om God met sy kultuurvorming te verheerlik. In 'n opmerking van Stoker omtrent die lewens- en wêreldbeskouing van die mens, word die moontlikheid van 'n religieus-neutrale lewens- en wêreldbeskouing uitgeskakel: „Die mees diepgaande en diepsinnige kennis van

2) Pretorius, J.L. 'n Wysgerig Antropologiese Beskouing i.v.m. Begaafdheid. In Tydskrif vir Christelike Wetenskap. Nov. 1965. p. 38.

3) Vir die onderskeiding religie en godsdiens in engere sin, vgl. Hoofstuk 1. p.6.

'n lewens- en wêreldbeskouing is die religieuse geloofskennis. Geloof ..... is ..... 'n gegrepenheid in die hart van die mens deur 'n ware (of vermeende) openbaring van die archê (die oorsprong,God)."[4] Dit kom daarop neer dat die mens in breër sin (religieus) God kan dien, of dat hy hom aan een of ander vermeende god, 'n afgod[5] kan verslaaf. Dit lei ons tot die gevolgtrekking dat selfs die lewens- en wêreldbeskouing van die liberalisme en kommunisme nooit religieus-neutraal kan wees nie.

Die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing is nie religieus-neutraal nie. Ons erken nie alleen die feit dat die ganse kosmos in verband met God gesien moet word en werklik is nie, maar gaan nog verder deur aan die mens sy regte plek toe te ken in die wêreld en in sy verhouding tot God. Ook sy opdrag as kultuurvormer moet deur die mens gesien word as sy taak en roeping om God te dien. Die Calvinisme kan dus nie religieus-neutraal wees nie, en met erns word probeer om die mens en die wêreld en die plek van die mens in die wêreld en in die menslike samelewing, in sy verhouding tot God te probeer verstaan.

Die voorafgaande inleidende opmerkinge bring ons dan by 'n nadere bespreking van die Calvinistiese lewens- en wêreld-beskouing waarop volg die behandeling van enkele kosmologiese onderskeidinge, die antropologie en daarna die vryheidsprobleem as sodanig.

Al huldig Calviniste dieselfde lewens- en wêreldbeskouing, bestaan daar tog variante van Calvinistiese Wysbegeerte (wo. bv. Calvinistiese kosmologie, antropologie en vryheidsleer). Op hierdie variante gaan ons nie in nie, maar ons sluit ons in hoofsaak aan by die Wysbegeerte van die Skeppingsidee soos deur Stoker aangevoor.

4) Stoker op.cit. p.118. Dieselfde waarheid word deur Spier beklemtoon in sy opmerking: „Nu kan dit menselijk hart nooit neutraal zijn."
Spier, J.M. Inleiding In De Wijsbegeerte Der Wetsidee.p.125

5) So kan die volk of staat of selfs een of ander ideologie vir die mens tot afgod word.

Dit is nie ons doel om 'n volledige uiteensetting te gee van die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing, die kosmologie of die vryheidsprobleem nie, maar alleenlik dit wat nodig geag word vir die behandeling van die probleem van persvryheid.

A. Enkele Hoofonderskeidings van die Calvinistiese Lewens- en Wêreldbeskouing.

(i) Die beskouing omtrent die Heilige Skrif. Die mens kan God alleen ken omdat God Hom aan die mens openbaar. Hierdie openbaring[6] van God geskied deur die Woord van God en in die skepping (ook natuur-openbaring genoem). Die Calvinis aanvaar dat die Woord van God met Goddelike gesag beklee is en dat God in Sy Woord aan ons kennis meedeel aangaande die mens, die skepping (waarin die mens 'n besondere posisie beklee) en sy totale afhanklikheid van God. Die openbaring van God in Sy Woord moet onderskei word van die openbaring van God in die skepping, maar dit mag nooit van mekaar geskei word nie omdat albei nodig is om God en die skepping van God (wo. stof, plant, dier en mens) te leer ken. Die skepping self moet ook gesien word in die lig van Gods Woordopenbaring. Treffend het Van Rooyen dit gestel: „Die kind van God het, soos Calvyn dit so mooi uitgedruk het, ook nog 'n bril om die boek van die natuur te lees en daaruit tot suiwere kennis van God te kom. 'n Bril wat die natuurlike mens nie het nie. Die bril is die Heilige Skrif....."[7] Die lig van die Heilige Skrif het dus nie net betekenis vir die Christelike godsdiens nie, maar hierdie lig val op die hele wêreld en op die hele lewe van die mens. Die Heilige Skrif het dus bepaald ook betekenis vir die beoefening van die wetenskap, maar soos reeds in die eerste hoofstuk daarop gewys, mag dit nie as 'n wetenskaplike handboek gesien word nie. Dit moet steeds 'n voor-wetenskaplike bron en vorm van kennis vir die mens bly, wat die nodige onderstellings vir die beoefening van wetenskap bied. Daarom sal die mens in sy soeke na en vorming

6) Hierdie openbaringsdaad van God word deur De Klerk soos volg beskrywe: „Hierdie daad van God, waardeur Hy Homself aan die mens bekend maak, noem ons ‚openbaring'. Die woorde in die Bybel wat met ‚openbaring' vertaal word, beteken, die verwydering van 'n deksel of sluier, wat iets anders bedek hou."
De Klerk, B.J. Calvinisme en Liberalisme. p.9.

7) Van Rooyen, E.E. Die Nederlandse Geloofsbelydenis. p.28.

van kennis altyd weer vra na die Skriflig wat op 'n bepaalde veld van ondersoek val, want „in U lig sien ons die lig."[8] En in hierdie lig moet die mens sy ondersoek voortsit na elke probleem wat die mens en die wêreld raak. So 'n Skrifbeskouing[9] is bepalend vir die religieuse karakter van die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing, en daarmee ook vir die beoefening van wetenskap, ook van die perswetenskap.

(ii) Die Godsbeskouing. In die lig van die Heilige Skrif moet die Calvinis hom verantwoord m.b.t. sy Godsbeskouing en dit is fundamenteel bepalend vir sy lewens- en wêreldbeskouing. Sonder die openbaringskennis van God in Sy Woord kan die mens God-drie-enig en sy verhouding tot alle dinge nie leer ken nie. God is die Absolute en die Algenoegsame wat niks van die mens nodig het nie.[10] Hy is die Soewereine wat mag het oor sy ganse skepping en alles is aan Hom onderworpe. Hy hou die ganse skepping in stand en beskik oor alles in en van die skepping en ook oor die hele lewe van die mens. God is die Oorsprong van alle dinge, Hy is die Middelpunt van alle dinge en Hy is ook die Doel van alle dinge. God bly egter altyd radikaal onderskeie van die skepping en is nooit identies daarmee nie. God het as Wetgewer sy wetsorde in die skepping gelê waaraan Hyself nooit onderworpe is nie, terwyl dit wel die geval is met die ganse skepping en ook met die mens. Die mens kan bv. nooit bo hierdie wetsorde van God uitstyg nie en mag ook nie iets in die skepping verhef tot 'n beginsel waardeur alles verklaar kan word nie. Waar die mens wel die wet van God oortree styg hy nie uit bo die wet nie, maar bly die wet vir hom geld en staan hy skuldig en veroordeel. In die lig van sy Godsbeskouing laat die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing 'n totaalblik val op die ganse skepping (wo. die mens) en word sowel die wêreld as die mens gesien in hulle onderworpenheid aan die wet van God, in hulle afhanklikheid van God en in hulle bestemdheid deur God vir 'n betrokke doel.

God is nie net Skepper en Wetgewer nie, maar ook Regeerder, Bestierder en Voleinder, Verlosser en Herskepper van alle dinge.

8) Ps. 36: 9.
9) Onder die Christene bestaan daar verskillende Skrifbeskouings waarop hier nie ingegaan kan word nie. In hierdie studie word die Gereformeerde Skrifbeskouing gevolg.
10) Vgl. Stoker, op.cit. p. 128.

(iii) Die Orde van die Skepping. Vir ons ondersoek van persvryheid is dit ook belangrik om tussen die orde van skepping en die orde van sonde en verlossing te onderskei. In hierdie afdeling word dan veral die skeppingsbeginsel gestel.

Skepping.

Die skepping vind sy oorsprong, voortbestaan en uiteindelike bestemming in die wil van God. Die ganse skepping en so ook die mens en sy hele lewe is in alles van God afhanklik, dit is onselfgenoegsaam, geheel en al kreatuurlik van aard en God het Sy wetsorde in die skepping gelê. In alle navorsing op wetenskaplike gebied moet daar dus gevra word na die Skrifwaarhede wat as onderstellings vir die beoefening van wetenskap van betekenis is. Maar daar moet ook nagespeur word watter wette God self in die betrokke veld van wetenskaplike ondersoek gelê het en wat deur die mens daarin ontdek en gepositiveer moet word.

Verskeidenheid en Eenheid.

In die skepping is daar 'n ryke verskeidenheid[11] van „dinge" wat deur God geskape is. Stof, plant, dier en mens, verskil radikaal van mekaar en hierdie verskeidenheid vind hulle oorsprong in die skeppingswil van God. Op hierdie deur God bepaalde radikale verskeidenheid, is die beginsel van soewereiniteit in eie kring gegrond, wat in die Calvinistiese beskouing so 'n fundamentele rol speel. God het o.a. aan die mens en die dier elkeen sy eie aard gegee en elkeen aan 'n bepaalde wetsorde onderwerp. Hierdie verskeidenheid moet in die lig van die openbaring van God nagespeur en eerbiedig word.

En tog beteken die radikale verskeidenheid nie dat stof, plant, dier en mens geen verband met mekaar het nie. Alles is afhanklik van mekaar en komplementeer mekaar. Hierdie band of samehang wat die verskeidenheid in die skepping met mekaar het, moet gesoek en eerbiedig word.[12] Hierdie beginsel van universele samehang gee uitdrukking aan die totalitêre karakter wat eie is aan die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing.

11) Vgl. Loc.cit.
12) Vgl. Loc.cit.

(iv) Die mensbeskouing. Aangesien die mensbeskouing meer volledig in die afdeling omtrent Antropologie behandel word, word hier slegs met enkele opmerkings volstaan in sover dit die Skrifbeskouing aangaande die mens raak.

Die Heilige Skrif laat duidelike lig op die mens val. Die mens is deel van Gods skepping en aan God onderworpe, hy is skepsel en staan onder die wetsorde van God. Alleen in hierdie fundamentele sin kan die lewe en die plek van die mens in die skepping van God reg bepaal word, en heel tereg merk Wurth op: „Slechts wie de mens in de betrekking tot God ziet, heeft de zin van zijn menselijke existentie begrepen."[13] Die mens is geheel en al kreatuurlik - onderworpe aan Gods wil en wet - en tog het hy 'n unieke plek in die skepping van God. Hy is ook geskape na die beeld van God[14] en is verhewe bo stof, plant en dier. Die mens is deur God bestem om te heers oor die skepping en as sodanig is hy die kroonpunt van Gods skepping. God het in sy opdrag om te heers oor die skepping aan die mens 'n kultuuropdrag gegee wat hom as mandator Dei bestem tot kreatuurlike en aan Gods wil en wet onderworpe medewerker van God om hier op aarde skeppingswerk te doen

13) Wurth, G.B.: „ Mensbeschouwing en Maatschappelijk Werk. p. 33.

14) Onder beeld van God moet hier nie verstaan word wat veral in die teologie beskrywe word as „kennis,geregtigheid en heiligheid"nie. Hier moet dit in ruimer sin verstaan word en word deur Stoker so beskrywe: „God is 'n persoon; die mens is ook 'n persoon. God is gees; die mens het gees. God is Liefde; die mens het liefde. God is vrymagtig; die mens is tot vryheid bestem. God is die absolute Heer en Soewerein oor alles wat Hy geskape het; die mens kan stof, plant, dier en homself . beheers..... God is (in absolute sin) Skepper; die mens skep van natuur tot kultuur.... So kan ons aangaan en nog meer fasette van die beeld van God in die mens gee..... Ook as wetenskaplike is die mens beeldraer van God. Dit gee aan die wetenskapsbeoefening as sodanig sy besondere adel en grootheid."
Stoker op.cit., p. 257.

en hom die roeping gegee om as koningskind die moontlikhede wat God in sy lewe en in die van die skepping gelê het te verwesenlik. Die roepingsvervulling van die mens moet geskied ooreenkomstig die wil van God en waar dit wel gebeur beantwoord die mens aan die bestemming wat God vir hom beoog. En juis in hierdie roepingsvervulling en bestemmingsverwesenliking lê die hoogste en omvattendste vryheid vir die mens, 'n gedagte waarop (met die bespreking van die vryheidsbeskouing) uitgebrei sal word. Alhoewel hy kroonpunt van die skepping van God is, bly die mens nog skepsel, is hy bestem om God te dien en in hierdie diens oor die skepping van God te heers. Die mens word geroep om God te dien in elke samelewingskring, in gelowige aanbidding van God, in sy kultuurskeppinge en dus ook waar hy wetenskap beoefen. Wanneer besien uit die orde van die skepping, val daar 'n besondere lig op die unieke plek van die mens in die wêreld. Stoker wys hierop in die volgende woorde: „In dit alles het ons met 'n religieuse beginsel van die wese, bestaan, doel en handelings van die mens te doen wat 'n Christiansering van sy hele lewe is."[15)]

(v) <u>Die Orde van Sondeval en Verlossing, asook van kwaad en herskepping</u>. In die Heilige Skrif is dit nie net die beginsel van die skepping wat 'n fundamentele waarheid vorm nie, maar ook die gegewenheid van die sondeval en verlossing, asook van kwaad in die wêreld en herskepping. God het die wêreld en die mens goed geskape, maar met die sondeval van die mens het die kwaad ook deurgedring tot die skepping van God. In die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing moet met hierdie waarheid rekening gehou word omdat dit nie alleen die lewe van die mens en al sy werke raak nie, maar ook die wêreld waarin die mens leef.

Die feit dat die mens sondig is en dat die kwaad deurgedring het tot die hele skepping (wo. stof, plant, dier en mens) kan nie ontken word nie. Tewens die spore van die sonde en die kwaad is oral in die handelinge van die mens en in die skepping sigbaar. In plaas daarvan dat die mens en wêreld hulle ware bestemming in God as Skepper en Onderhouer vind, spreek dit eerder van 'n radikale afval van God. Die oorsprong van die sonde en kwaad in die wêreld moet nie in God gesoek word, as sou dit 'n gebrek in die skeppingswerk van God wees

15) Ibid. p. 131.

nie. Dit is die mens wat in sonde geval het en so het die kwaad deurgedring tot die hele skepping van God.

Die sonde gaan teen die skepping van God in en voer stryd teen die roeping van God aan die mens om sy ware bestemming in God te verwesenlik. Stoker beskryf dit so: „Sonde is versaking van roeping, verbreking van bestemming, afdwaling van die regte weg en fundamentele vyandigheid en opstand teen God, die Oorsprong en Doel van alle dinge. Kwaad is afval van God."[16] Sonde en kwaad kan nie as normale verskynsels in die skepping van God beskou en aanvaar word nie, dit is 'n abnormaliteit wat die hele skepping van God raak. Die mens as die kroon van Gods skepping het totaal verdorwe geraak, sy verstand is verduister en hy neig tot alle kwaad. Stoker wys duidelik op die omvang wat die sonde en die kwaad in die skepping aanneem: „Die sonde, gevestig in sy hart, deurtrek sy hele lewe, al sy doen en late, sy godsdiens en alle kultuurkringe, sy individuele persoon en alle menslike samelewingskringe, die hele geskiedenis. Die kwaad deurtrek die hele kosmos." [17]

Die sonde kan dus nie as negatief gesien word nl. dat die goeie maar net ontbreek nie, dit is 'n positiewe krag wat in verset kom teen God, en teen die goeie in voortwoeker.

16) Ibid. p. 129.

Greyvenstein bevestig hierdie standpunt in die volgende aanhaling: „Die woord vir ‚sonde' wat die meeste voorkom, is 'n woord wat ook letterlik beteken ‚om te mis'. Ook in godsdienstige spraakgebruik beteken dit: die doel mis; om nie te bereik wat bereik moes word nie; in gebreke bly; misluk; verongeluk. Daarby is steeds inherent die gedagte dat die mens deur sy eie optrede die doel mis, nie te wyte aan 'n lot of ander noodwendigheid nie. Deur sy eie verkeerde daad mis hy die gestelde doel."

Greyvenstein, J. Art. Bekende Woorde, Onbekende Inhoud. In: Die Kerkbode. 23 Feb. 1966. p. 246.

17) Stoker, op. cit. p. 129.

En tog het die sonde nie die mag en soewereiniteit van God oor die skepping uit Sy hand geneem nie. God hou nog Sy oorspronklike skepping in stand, Hy is nog soewerein oor alle dinge. Die sonde moet gesien word as 'n poging van die mens om hom aan sy werklike Oorsprong, van God self, te ontwortel. Hy beweeg weg van God en in opstand teen God, en uit homself is die mens nie in staat om hom van die sonde los te maak of die wêreld van die kwaad nie.

Die bewys dat God die mens en die wêreld nie aan sy eie lot oorgee nie, vind ons in die algemene genade van God, maar ook in Sy besondere genade en meer bepaald in die feit dat Jesus Christus deur God na die wêreld gestuur is en dat Hy oorgegee word aan die kruis om die mens van sonde te verlos en die wêreld van kwaad. Die soendood van Christus aan die kruis is die ingryp van God in die wêreld waardeur die sonde en die kwaad finaal oorwin word. In die sin word Jesus Christus gesien as die Herskepper van die kosmos en dié herskepping sal eenmaal sy finale beslag kry by die wederkoms van Christus. In Christus word die mens dan weer in beginsel herstel tot wat hy oorspronklik was, nl. die kroon van Gods skepping. Uit homself is die mens dus nie in staat om die sonde in sy lewe en die kwaad in die wêreld te bestry nie, maar in Christus is hy verseker dat die Ryk van die Lig eenmaal die ryk van die duisternis sal oorweldig. Hierdie wete spoor die mens opnuut aan om in die lig van Gods Woord te vra na die roeping wat God in Christus vir die mens beoog en al meer te besef dat hy dienskneg van God is wat hom as koningskind sal besighou met sy kultuurskeppings en die moontlikhede wat God in hom en in die wêreld gelê het,te verwesenlik. In sy optrede as medewerker en geroepene van God, wil die mens steeds soek om die eer van God in al sy kultuurarbeid na te streef.

Die gevolge van die sondeval vir die mens en die gevolglike deurwerking van die kwaad in die wêreld moet ook op die gebied van die wetenskap erken word. Indien dit ontken word sou die voortdurende stryd teen die sonde, en die magte wat met gesag beklee word om die kwaad te stuit, steeds in ongunstige lig gestel word en selfs as oorbodig in die menslike samelewing beskou word. Die Calvinistiese lewens- en

wêreldbeskouing hou nie alleen rekening met die feit van die sondeval en die kwaad nie, maar aanvaar dit ook in die geloof dat daar in Christus 'n herskepping plaasgevind het wat die hele lewe van die mens en die ganse kosmos raak en wat die ontworteling van die mens van sy Oorsprong, wil herstel tot sy oorspronklike roepingsvervulling en bestemmingsverwesenliking,soos God dit van hom eis in die wêreld waarin God hom geplaas het.

(vi) Samevatting.

Al die bostaande is vir die pers en perswetenskap van belang. Die perswese moet in sy kreatuurlike onderworpenheid aan God verstaan word, dit het geen outonomie nie maar het 'n roeping van Godsweë gestel, is aan die Goddelike wetsorde onderworpe en moet die verskeidenheid en samehang van die menslike samelewing eerbiedig. Ook by die pers is daar „wets-"oortreding en kwaad wat bestry moet word. Die pers moet dus ook deel hê aan die stryd wat daar heers tussen die Ryk van die Lig en die ryk van die duisternis.

B. Enkele Wysgerig-Kosmologiese Hoofonderskeidinge.

1. Inleidend.

Die Wysbegeerte van die Skeppingsidee het ten doel „om 'n geheelbeeld van die wetenskap te vorm."[18] Daarom ondersoek dit die kenbare volgens albei kenbronne, nl. die Woord van God en die kosmos. In die voorafgaande gedeelte is voldoende gelet op die onderstellings wat die Woord van God bied vir die wetenskap. Hier word meer bepaald gelet op die kosmos as kenbare.

Die skepping van God bestaan uit hemel en aarde.[19] Onder aarde word verstaan die aards geskape heelal wat kosmos genoem word en wat o.a. insluit, stof, plant, dier en mens; natuur, kultuur, godsdiens en religie. Op die hemel word hier nie ingegaan nie, maar wel op die kosmos as agtergrond vir die studie omtrent persvryheid, want ook die pers behoort

18) Ibid. p. 151.
19) Vgl. Genesis 1:1.

tot die geskape kosmos en is geheel en al kreatuurlik. Daar word in hierdie gedeelte nadere besonderhede behandel van die verskeidenheid en samehang van die kosmos asook die wetsorde van God vir die kosmos.

2. Die kenbare. Die kenbare in die kosmos is deur God as kenbaar geskape en daarom kan die mens daarvan kennis vorm. Stoker beklemtoon dié waarheid soos volg: „God openbaar Homself en die kosmos aan die mens; en Hy gee aan die mens die vermoë (aanleg) om die openbaring (die waarheid) deelagtig te word."[20] God het geskape en is vandag nog die Onderhouer en Bestierder van die skepping. God en skepping kan wel van mekaar onderskei word, maar nie van mekaar geskei word nie. Die skepping van God is nog as geheel nóg ten dele met God identies. Vanweë die feit dat die mens 'n kenaanleg het wil die mens kennis vorm van die geskape „dinge". Maar dit is ewe belangrik om te stel dat „die ‚dinge' sélf het in hul kenbaarheid 'n ‚nood' om geken te word. Hulle ‚wil' geken word; hulle, spreek die mens aan om hulle te ken; hulle ‚roep' en ‚verplig' die mens tot vorming van kennis."[21] Die mens is geroepe om na aanleiding van die kenbare, kennis (en wetenskap) te vorm, m.a.w. vir sy kennisvorming is die mens van die kenbare afhanklik.

3.a. Die kosmos as veelheid. 'n Ondersoek van die kosmos toon aan ons dat dit 'n veelheid is. Ons kan bv. opnoem dat daar in die kosmos mense, plante, diere, klip, hout, getalle, beweging, ens. is. Indien die verskeidenheid in die kosmos vir 'n oomblik buite rekening gelaat word, sou, met die oog op die veelheid, gepraat kan word, van 'n „intern-kosmiese visie van die kosmos."[22] En tog is hierdie veelheid nie losstaande en verbandloos nie. Die eenheid wat daar tussen hierdie veelheid bestaan „is geleë in hul homogeniteit (of identiteit in wese), hul onderlinge betrekkings en die samehang van getalswette wat hulle beheers."[23] Vir ons doel is dit van belang dat ‚dinge' nie los van mekaar is nie, maar dat behaalde ‚dinge' tog ook 'n samehangende eenheid met mekaar vorm.

20) Stoker op. cit. p. 152.
21) Ibid. p. 151.
22) Ibid. p. 154.
23) Ibid. p. 155.

3b. Die kosmos as verskeidenheid. Met die veelheid is daar egter in die skepping, ook 'n verskeidenheid gegee wat ons laat besef dat die veelheid nie van dieselfde kwaliteit is nie, dit is o.a. radikaal ongelyksoortig en onderling onherleibaar. Die een gegewe, bv. getalle, kan nie in terme van 'n ander gegewe, bv. die sedelike, uitgedruk word nie. Hier moet onderskei word tussen 'n betreklike verskeidenheid (bv. die een skaapras wat uit die ander ontwikkel),[24] en die radikale verskeidenheid wat God in die kosmos geskape het. Die radikale verskeidenheid in die skepping is onherleibaar tot iets anders in die kosmos en tog is daar ook weer 'n samehang tussen hierdie verskeidenheid. Die oorsprong van hierdie samehangende verskeidenheid vind ons in die skeppingswil van God.

In hierdie waarheid, van die radikale verskeidenheid in die kosmos, vind ons die beginsel van „soewereiniteit in eie kring," want dit eis die „eerbiediging van die (onderling onherleibare) verskeidenheid wat deur God met en in Sy skepping gestel is."[25] Hierdie waarheid het groot betekenis vir 'n ondersoek na die probleem van persvryheid, want die vryheid van die pers is anders as die vryheid van die skool of van die staat. Die een is onherleibaar tot die ander, en tog is daar ook weer 'n samehang tussen hierdie vryhede waarvan die oorsprong in die skeppings- en bestieringswil van God gevind word. Hierdie waarhede is beginsels, onderstellinge, wat nie net uit die Woord van God afgelei kan word nie, maar wat ook in die skepping ‚in U lig gesien', self gevind word.

4. Die Kosmos en sy Dimensies.[26]

Die kosmos bestaan uit stoflike dinge, plante, diere en

24) Vgl. Ibid. p. 162.
25) Stoker, H.G. Oorsprong en Rigting Deel I. p. 50.
26) Die Wysbegeerte van die Wetsidee, en meer bepaald dié van Herman Dooyeweerd, onderskei in die kosmiese verskeidenheid veral drie dimensies; dié van tyd; dié van modaliteite (ook wetskringe genoem) en dié van invididualiteitstrukture. Vgl. Id. Beginsels en Metodes in die Wetenskap p. 160. In hierdie studie sluit ons aan by die onderskeiding van Stoker se Wysbegeerte van die Skeppingsidee. Vgl. Stoker, H.G. Beginsels en Metodes in die Wetenskap, p. 162.

mense. Hulle word idiostansies genoem.[27] Hulle is radikaal onderskeie maar is op legio diverse wyses verbind. Met hierdie onderskeiding alleen sou ons ondersoek van die kosmos nie veel vorder nie, maar nadere ondersoek word moontlik gemaak deur universele onderskeidings te tref waardeur ons 'n „sistematiese oorsig oor die kosmos wen."[28] Hierdie universele onderskeidings staan bekend as kosmiese dimensies wat deur Stoker soos volg beskrywe word: „Hulle is universele kante of ‚aspekte' van die kosmos. Hulle bied universele gesigspunte van verskeidenheid, waarvolgens ons die héle kosmos (stof,plant, dier en mens) kan be- en oorsien."[29] Elke stoflike ding, elke plant, elke dier en die mens het, elk op sy eie wyse, aan die kosmiese dimensies deel.

Stoker onderskei vier kosmiese dimensies;

a. Die kosmiese dimensie van modaliteite;

b. Die kosmiese dimensie van individuele en sosiale idiostante strukture;

c. Die kosmiese dimensie van gebeurtenisse;

d. Die kosmiese dimensie van waardes.

Die kosmiese dimensies manifesteer die radikale universele verskille in die kosmiese verskeidenheid en is onderling onherleibare universele onderskeidings of kante van die hele kosmos. Binne elke kosmiese dimensie tref ons 'n onherleibare verskeidenheid van groepe saamhorige gegewens aan wat „kringe" genoem word.[30] Elke kring het sy fundamentele eie

27) Die woord „idiostansie" lei Stoker af van die Griekse woord „idion", wat beteken: „..... 'n positiewe eie eenheid, onderskeie van elke ander positiewe eenheid." Hy laat vaar die woord „substansies" wanneer oor stof, plant, dier en mens gepraat word en gebruik in die plek daarvan die woord „idiostansies" weens hul „afgeronde eiestandigheid."

Stoker,H.G. Die Kosmiese Dimensie van Gebeurtenisse. p. 6-7.

28) Id. Beginsels en Metodes in die Wetenskap. p. 162.

29) Loc.cit.

30) Vgl. Ibid. p. 163.

aard en staan onder sy eie kringswet. Op grond hiervan mag hulle ook wetskringe genoem word.

Wat genoemde vier kosmiese dimensies betref, is daar ook 'n onderlinge veelsydige samehang. Stoker wys daarop hoe hierdie samehang van kosmiese dimensies aangetref word: „Die kosmiese dimensie van waardes wat gefundeer is in die kosmiese dimensie van gebeurtenisse wat gefundeer is in die kosmiese dimensie van (individuele en sosiale) strukture wat gefundeer is in die kosmiese dimensie van modaliteite."[31] In elke dimensie is daar bepalings wat heenwys na 'n ander dimensie. „Heenwysings (volgens rangorde) na hoëre kosmiese dimensies noem ons dimensionele antisipasies. Heenwysings na laere kosmiese dimensies noem ons dimensionele retrosipasies."[32]

Genoemde vier kosmiese dimensies vereis egter nadere bespreking.

(a) Die kosmiese dimensie van modaliteite. Onder die modaliteit of modale bepaling, word verstaan 'n „hoedanigheid ('n syns of handelingswyse)."[33] Volgens die Wysbegeerte van die Skeppingsidee word die volgende twaalf modaliteite of modale bepalings (in rangorde genoem) onderskei: godsdiens, sedelike, juridiese, estetiese, ekonomiese, linguale, logiese, psigiese, biotiese, fisiese, ruimtelike en aritmetiese.[34] Elkeen van hierdie modaliteite verskil radikaal van die ander en is in die sin oorspronklik dat dit sy eie aard of synswyse en sy eie wetsorde het. Weens die feit dat elke modaliteit kosmies oorspronklik en onherleibaar is, geld vir elke modaliteit die prinsipe van „soewereiniteit in eie kring." Stof, plant, dier en mens het elk aan drie of meer van hierdie modaliteite deel. Stof het deel aan die modaliteite van die fisiese, ruimtelike en aritmetiese; plant het deel aan die biotiese, fisiese, ruimtelike en aritmetiese; dier het deel aan die psigiese, biotiese, fisiese, ruimtelike en aritmetiese, terwyl die mens deel het aan al twaalf modaliteite.

31) Ibid. p. 164.
32) Loc.cit.
33) Loc.cit.
34) Vgl. Ibid. p. 165.

Die modaliteite, soos dit onderskei kan word, is in 'n volgorde van rang aangegee en wel van die laagste (die aritmetiese) tot die hoogste (die godsdiens). Die telkens hoër modaliteit word op die telkens laer modaliteit gebou en die hoëre kan nie sonder die laere gedink word nie. Daar is dus 'n onderlinge saamhang van modaliteite ooreenkomstig die betrokke wetsorde. In elke modaliteit is daar 'n heenwysing na 'n ander modaliteit. As voorbeeld dien die volgende, die skoonheidsgevoel is psigies en tog wys dit heen na die hoër modaliteit, die estetiese. Heenwysings kan ook wees na 'n hoër of laer modaliteit. Heenwysings in 'n modaliteit na 'n laer modaliteit word retrosipasies genoem, terwyl heenwysings in 'n modaliteit na 'n hoër modaliteit antisipasies genoem word.[35] Dit beteken dan dat elke modaliteit deur retrosipasie en antisipasie 'n weerspieëling is van al die wetskringe en daarmee van die kosmos vanuit sy dimensionele modale kant gesien. Uit hierdie samehang van modaliteite word die prinsipe van universaliteit in eie kring afgelei.

(b) <u>Die kosmiese dimensie van individuele en sosiale idiostante strukture</u>. Hieronder moet verstaan word die strukturele eenheid of bou van stof, plant, dier en mens uit die betrokke modaliteite waaraan hulle deel het. Stof, plant, dier en mens moet nie net individueel gesien word nie. Elk van hulle het ook 'n „sosiale" sy en is aangewys op die ander. Daar bestaan bv. 'n samehang tussen stoflike „dinge", tussen plante, tussen diere en tussen mense en saam vorm hulle dan „sosiale" kringe. Elke betrokke idiostansie sowel as elke betrokke sosiale kring het 'n struktuur-eenheid sowel as daarvoor geldende wetsbepalings. Struktureel moet elke idiostansie en elke sosiale kring van die ander onderskei word; hulle verskil radikaal van mekaar. Die een is nie herleibaar tot die ander of ook nie in terme van die ander verstaanbaar nie. Stoker gee die redes hiervoor kernagtig aan: „ (i) omdat stof aan drie, plant aan vier, dier aan vyf en die mens aan al twaalf modaliteite deel het; (ii) omdat elk van hulle 'n originêre (of oorspronklike) strukturele geheel die modaliteite (waaraan dit deel het) op 'n eie en besondere wyse verbind en bepaal, en (iv) omdat die betrokke gehele hulle op ver-

35) Vgl. Ibid. p. 167.

skillende wyse in een en dieselfde modaliteit waaraan hulle gemeenskaplik deel het, uitdruk."[36] So moet ook die sosiale kringe struktureel skerp onderskei word. Bowendien is die sosiale kringe ook onderling vervleg. Die onderlinge samehang van idiostansies en van sosiale kringe verdien ook volle erkenning.

In hierdie beknopte oorsig word nie op die menslike sosiale of samelewingskringe en hul vervlegtheid ingegaan nie, maar dit word nader bespreek onder die antropologie.

Wat wel van belang is, is om te wys op die verskeidenheid van individuele en sosiale idiostante strukture. Die verskeidenheid in die kosmiese dimensie van modaliteite word uitgedruk deur die prinsipe van „soewereiniteit in eie kring", terwyl die verskeidenheid in die kosmiese dimensie van individuele en sosiale idiostante struktuur weer uitgedruk word deur die prinsipe van „individualiteit van eie struktuur."[37]

Vir die vervlegtheid van enkelinge en kringe asook van sosiale kringe onderling, geld weer die beginsel van universele vervlegtheid van idiostante individuele sowel as sosiale strukture.

Vir elkeen van hierdie individuele en sosiale strukture is daar 'n eie struktuurwet en so ook vir die samehang van individuele en sosiale strukture.

(c) <u>Die kosmiese dimensie van gebeurtenisse</u>. Hierdie kosmiese dimensie laat ons die kosmos in sy dinamiese bepaaldheid sien. Hier het ons veral een of ander ‚handeling' in en met die tyd. Stoker druk dié gedagte soos volg uit: „Stof én plant én dier én mens ‚handel' dinamies, het m.a.w. aan gebeurtenis deel. Die hele kosmos is dinamies bepaal

36) Ibid. p. 171.
37) Vgl. Ibid. p. 173.
38) Handeling word hier in die ruimste sin bedoel en sluit bv. alle aktiwiteite in van stof, plant, dier en mens.

(het aan gebeurtenis deel)."[39] Voorbeelde hiervan is talryk: die rots verweer, bome versteen, groei en dra vrugte, skape wei, mense vorm huwelike, ens.

In hierdie kosmiese dimensie vind ons ook 'n verskeidenheid van gebeurtenisse. By gebeurtenisse tref ons doelbepalings aan. In die geval van die plantelewe is daar weer gebeurtenisse wat by die stoflike wêreld ontbreek. Die beweging in die plantelewe is enersyds „van binne uit aan die gang gesit en gelei"[40] en andersyds is die „lewensprosesse doelmatig of doel-gerig (teleologies)".[41] As voorbeeld dien bv. die mieliepit wat geplant word. In daardie pit is die mielieplant met sy blare, saad en kop, potensieel aanwesig. Die „handeling" in die plantewêreld is dus anders as die „handeling" in die stoflike wêreld. By die dierery k is daar verdere verskil. Afgesien van die feit dat gebeurtenisse wat by stof en plant aangetref word ook by die dier gevind word, tref ons by die dier psigiese prosesse aan wat nie by stof en plant gevind word nie. Om 'n voorbeeld te noem, 'n hond kan bv. sien, herken, onthou, reageer weens vrees of woede. Die „handeling" of doel van die hond word dus bewustelik bepaal. Hierdie doelbepaaldheid word nie by die stof en plant aangetref nie. In die geval van die mens, word die „handeling" wat by stof, plant en dier aangetref word, ook by die mens aangetref. Behalwe dat by die mens alléén , word bepaalde handelinge aangetref wat nie by stof, plant en dier gevind word nie. Die menslike „handelinge" is „meer as net doelmatig en doelbepaald, want hulle is doelstellend."[42] Die „handelinge" van die mens is bewustelik en opsetlik, en die „doelstellings hang daarmee saam dat die mens kan kies, toerekenbaar is, onder norme en onder pligte (of behorenseise) staan, verantwoordelik is en tot vryheid bestem is."[43] In hierdie kosmiese dimensie kom die tyd en kontingente gebeure[44] ook in sig. Naas die wet wat vir elke ‚handeling'

39) Stoker, H.G. Beginsels en Metodes in die Wetenskap. p.174.
40) Ibid. p. 175.
41) Loc.cit.
42) Ibid. p. 177.
43) Loc.cit.
44) By die antropologie en vryheidsprobleem word die vraagstuk van kontingente gebeure en van kontingente behorensei̇se nader bespreek.

of gebeurtenis geld, kom daar ook nog die universele wette wat vir die kontingente behorenseise geld, in sig. Die radikale verskeidenheid van gebeurtenisse soos dit by stof, plant, dier en mens aangetref word, gee uitdrukking aan die prinsipe van „vryheid van eie bevoegdheid."

Die „handelinge" in die kosmos wat met en in stof, plant, dier en mens plaasvind staan nie los van mekaar nie maar hang op diverse wyse saam. Die een is afhanklik van die ander. Die prinsipe van „universele afhanklikheid van eie bevoegdheid" geld vir die universele samehang van radikaal onderskeie gebeurtenisse. Vir hierdie verskeidenheid van gebeurtenisse en ook vir hulle samehang is daar bestaande wette. Vir die tipies menslike „handelinge" of dade, geld norme.

(d) Die kosmiese dimensie van waardes. Elke ‚ding' wat bestaan, kan as ‚goed' of ‚sleg' gekwalifiseer word. ‚Goed' en ‚sleg' is ‚waarde' in die ruim sin van die woord wat sowel die positiewe as die negatiewe insluit.[45] Stoker som die begrip ‚waarde' soos volg op: „ ‚Goed' en ‚sleg', d.w.s. ‚waarde' en ‚onwaarde', tref stof én plant én dier én mens, dus die hele kosmos. Dit is m.a.w. 'n universele onderskeiding of kosmiese dimensie."[46] Maar slegs wat werklik ‚handeling' of daad is, kan ‚goed' of ‚sleg' wees. Die kosmiese dimensie van waardes is dus gefundeer in die kosmiese dimensie van gebeurtenisse. Hierdie kosmiese dimensie is nie herleibaar tot die kosmiese dimensies van modaliteite, individuele en sosiale idiostante strukture of gebeurtenisse nie, en laat ons 'n radikale nuwe kant van die kosmos sien. Die begrippe ‚waarde' en ‚onwaarde' word op treffende wyse deur Stoker gestel: „ ‚Waarde' is 'n kwalifikasie..... waaraan mens, dier, plant en stof (in sy wérklike bestaan en ‚handeling' deel kry, as dit aan sy betrokke wese (aard, ‚sin'), aan sy betrokke bestemming (taak,doel, funksie) en aan sy betrokke (daarvoor geldende) wet (te) beantwoord. ‚Onwaarde' is 'n kwalifikasie waaraan ‚iets' deel

45) Vgl. Stoker, Beginsels en Metodes in die Wetenskap. p. 178.

46) Ibid. p. 179.

kry, wanneer dit nie daaraan beantwoord nie of 'n krenking daarvan is."[47]

Uit die voorafgaande omskrywing van waarde is daar vier belangrike bepalings: (i) Waarde of onwaarde is 'n kwalifikasie van iets wat wérklik is en veronderstel dus altyd 'n draer van waarde of onwaarde; (ii) Waarde kan nie net met ‚wetmatigheid' vereenselwig word nie. Waarde vereis nie net beantwoording aan die betrokke wette en norme nie, maar ook aan die betrokke wese en bestemming van sy draer. Maar waarde is ook meer as wetmatigheid omdat dit „'n besondere kwalifikasie is, wat met die betrokke beantwoording ontstaan."[48]; (iii) Waarde begelei elke wérklike ‚iets' en sy ‚handeling', maar dit is in dié sin 'n gevolg, dat dit van die beantwoording v aan die wese, bestemming en wet getuig. (iv) Met die betrokke wese, bestemming en wet is ook die betrokke doel gegee. „Doeleindes is derhalwe ook waardebepaald (waardedraers) en dus self geen waardes nie."[49]

Dié genoemde vier bepalings het ons nader gebring aan 'n begrip van wat met die kwalifikasie waarde bedoel word. Stoker probeer om waarde metafories soos volg te beskrywe: „Waarde kan beskryf word as 'n ‚luister' waaraan iets deel kry, as dit aan die betrokke wese (aard,‚sin'), bestemming (taak, doel, funksie) en wet (te) beantwoord. Die waarde glinster en skitter as't ware met 'n eie glans, met 'n eie straling. As sodanig pak en bekoor dit en maak dit ‚aanspraak' op ‚agting.' Teaal gesien is dit 'n afglans (kreatuurlike beeld) van die heerlikheid, goedheid, wysheid en majesteit van God, wat die wese, bestemming en wet van die geskape ‚dinge' bepaal het. Waarde getuig daarvan (en hierdie omskrywing is toutologies) dat iets of sy ‚handeling' wel-gevoeg, wel-geordeu, wel-bepaal, wel-gevorm, wel-bestem en wel-gedoen is."[50] Uit hierdie enigsins lang omskrywing van ‚waarde'is dit duidelik dat die héle skepping van God en vir die doel van hierdie studie, al die menslike handelinge, deel het aan waarde.

47) Loc.cit.
48) Loc.cit.
49) Ibid. p. 180.
50) Loc.cit.

Waardeverwesenliking word egter nie daarin gevind dat die mens dit as doeleindes stel nie. Stoker sien dit soos volg: „Hulle word op indirekte wyse verwesenlik, nl. deur te sorg dat 'n betrokke ‚iets' aan sy wese, bestemming en wet (norm) beantwoord, m.a.w. deur te wees wat jy behoort te wees, deur jou plig te doen, jou take te doen soos hulle gedoen behoort te word."[51]

Waardes en hulle bestaan is ook aan wette onderworpe. Vir die verskeidenheid van waardes in die kosmiese dimensie van waardes geld die prinsipe „van die al- of nie-beantwoording van die draer aan sy wese, bestemming en wet."[52] Vir die samehang van waardes geld weer die prinsipe van „die universele verbondenheid..... van kwalifikasies..... as gesamentlike getuienis van die al- en nie-beantwoording van die universeel verbonde draers aan die wesens-, en bestemmings- en wetsorde."[53]

Die kosmiese dimensie van waardes werp besondere lig op die stryd tussen die Ryk van die duisternis en die Ryk van die lig, op die goeie en die slegte. Vir die pers as ‚handeling' van die mens het dit besondere implikasies omdat die betrokke handeling en taakverrigting van die pers waardeverwesenlikend of onwaarde-verwesenlikend kan wees, in so verre dit aan sy wesens-, bestemmings- en wetsorde beantwoord, al dan nie.

(e) <u>Samevattend</u> kan van die kosmiese dimensies gesê word dat hulle radikaal van mekaar onderskei kan word maar dat hulle ook dimensioneel saamhang en op diverse wyse met mekaar vervleg is. As voorbeeld van die verband wat daar tussen die kosmiese dimensies gevind word dien die volgende: sedelike vryheid bied 'n samehang van vryheid (kosmiese dimensie van gebeurtenisse) en sedelikheid (kosmiese dimensie van modaliteite); gesinsekonomie bied 'n verbondenheid van gesin (kosmiese dimensie van idiostante strukture) en ekonomie (kosmiese dimensie van modaliteite); kerkgeskiedenis laat ons weer die kerk (as instituut) (kosmiese dimensie van idiostante strukture) histories (kosmiese dimensie van gebeurtenisse) sien.

51) Ibid. p. 182.
52) Loc.cit.
53) Loc.cit.

Nog 'n punt van samehang tussen die kosmiese dimensies kan genoem word, nl. alle kosmiese dimensies is 'n universele kant van die kosmos, bv. stof, plant, dier en mens. Stof, plant, dier en mens is, as konkrete geheel, meer as die som van sy kosmiese dimensies.[51] Maar ook stof, plant, dier en mens wat radikaal van mekaar onderskei word, hang saam. Dit wys alles op die materiële eenheid van die kosmos.[55]

Die behoorlike onderskeiding van die verskillende kosmiese dimensies in hulle verskeidenheid en samehang is vir die wysgerige ondersoek na persvryheid van besondere betekenis omdat die pers deur en deur kreatuurlik is, self 'n sosiale idiostante geheel is en aan hierdie kosmiese dimensies deel het.

5. Natuur, kultuur en godsdiens (en religie). Tussen natuur, kultuur en godsdiens moet daar kortliks onderskei word.

(a) Onder ‚natuur' word verstaan „die ryke van fisies-chemiese ‚stof', die planteryk en die diereryk."[56] Volgens die kosmiese dimensie van modaliteite het natuur deel aan die modaliteite, aritmetiese, ruimte, fisiese, biotiese en psigiese; volgens die kosmiese dimensie van individuele en sosiale idiostante strukture omvat ‚natuur' die betrokke strukture van stof, plant en dier; alle gebeurtenisse van stof, plant en dier val onder die kosmiese dimensie van gebeurtenisse; alle waardebepaaldheid van stof, plant en dier en van hul ‚handelinge' word volgens die kosmiese dimensie van waardes tot natuur gereken. Die mens het egter deel aan die ‚natuur' en hierdie verband sien Stoker soos volg: „Die mens het aan ‚natuur' deel vir sover hy deel het waaraan stof, plant en dier deel het, al het hy op 'n ander wyse daaraan deel as stof, plant en dier, o.a. omdat hy ook deel het aan kultuur, godsdiens en religie, en as eenheid na die beeld

51) Vgl. Ibid. p. 183.

55) Die formele en materiële eenheid word deur Stoker soos volg beskryf: „Die kosmos vind sy mees fundamentele eenheid buite homself in God (uit Wie, deur Wie en tot Wie álle ‚dinge' is), sy ‚formele' eenheid in sy wetsgebonde kreatuurlikheid en sy ‚materiële' eenheid in die samehang van die binne-kosmiese veelheid en verskeidenheid." Ibid. p. 153.

56) Ibid. p. 189.

van God geskape is."[57] Vir die natuur geld die orde van die natuurwette; hulle is nie oortreebaar nie.

(b) Kultuur. Om tussen kultuur en godsdiens (en religie) te onderskei word eers daarop gewys dat, volgens die kosmiese dimensie van modaliteite, tot ‚kultuur' gereken word „die modaliteite van die logiese, taal en kuns en van die ekonomiese, reg en sedelikheid."[58] Die mens is 'n kulturele wese en vir sover as wat die mens die natuur beheers en tot kultuur vorm, word stof, plant en dier kultuurprodukte. Volgens die kosmiese dimensie van individuele en sosiale idiostante strukture „is die mens 'n kulturele wese vir sover sy struktuur deur die kultuurmodaliteite medebepaal is of onder leiding van kultuurmodaliteite staan."[59] Derhalwe kan die huwelik, gesin, staat, volk en maatskaplike kringe as kulturele samelewingskringe getipeer word.

Die mens het 'n unieke posisie in die wêreld omdat hy die kultuuropdrag van God ontvang om oor stof, plant, dier en mens te heers. In sy beheersing van die kosmos is die mens besig om kultuurskeppend op te tree, en hy doen dit alleen omdat hy beeld van God is wat algenoegsaam en absolute Skepper van die kosmos is. Kultuurskepping is altyd 'n menslike handeling wat sy heerskappy oor die natuur bevestig. In die kultuurskepping van die mens is hy verantwoordelik aan God en sy daad moet altyd gemeet word aan die behorenseise (wo. norme) wat geldig is vir sy kultuurvorming. In sy kultuurvorming rig die mens hom tot stof, plant, dier en mens. As kultuurvormer is hy die onselfgenoegsame heerser oor stof, plant, dier en mens. Alle kultuurhandelinge is onderworpe aan norme. Hulle is oortreebaar en onderstel menslike toerekenbaarheid en verantwoordelikheid.

(c) Godsdiens in engere sin het ons van religie onderskei. Religie omvat alles waartoe die mens geroepe is, ook sy kultuur, al sy doen en late as diens van God. Ons beperk ons hier tot godsdiens in engere sin. Wat die probleem van godsdiens in engere sin betref word daarop gewys dat die mens

57) Ibid. p. 190.
58) Loc.cit.
59) Loc.cit.

hom in sy godsdiens na Bo, na die Oorsprong van alle dinge rig. In sy godsdiens rig die mens hom op God, die Absolute, Algenoegsame, Almagtige, Wetgewer van alle dinge. In sy godsdiens gee die mens hom „totalitêr en onvoorwaardelik aan God oor met sy héle hart, met sy héle siel, met sy héle verstand en met ál sy kragte."[60] In sy godsdiens dien die mens God. Uit bogenoemde is die verskil tussen godsdiens en kultuur baie duidelik. In sy kultuurvorming rig die mens hom nie vertikaal tot God nie, maar horisontaal tot die skepping (stof,plant, dier en mens); in kultuurvorming rig die mens hom nie tot die Algenoegsame, die Wetgewer nie, maar tot die onselfgenoegsame en wetsonderworpe skepping; 'n totalitêre oorgawe van die mens aan sy kultuurvorming, sou tot verafgoding lei, en waar hy in godsdiens God dien, is hy in kultuurvorming, heerser oor die skepping van God. Die godsdienstige handelinge van die mens staan onder norme(die gebooie van God) .

(d) Die samehang tussen natuur, kultuur en godsdiens word deur Stoker soos volg beskrywe: „Wat die kosmiese dimensie van modaliteite betref, deur die betrokke antisipasies en retrosipasies in die onderskeie modaliteite. Wat die kosmiese dimensie van (individuele en sosiale) strukture betref, deur die samehang van die betrokke struktuurbepalings. Wat die kosmiese dimensie van gebeurtenisse betref, o.a. deur die samehang van die betrokke kousale en teleologiese (doel-)bepalings. Wat die kosmiese dimensie van Waardes betref, deur die samehang van die betrokke waardes onderling en van die betrokke waardes met hul waardedraers."[61] Kultuur word o.a. uit die natuur gevorm, terwyl godsdiens weer van sy middele uit die kultuur ontvang soos bv. die taal waarmee God geloof en aanbid word. Godsdiens gee egter aan die kultuur sy verdiepte sin en leiding. Stoker het hierdie waarheid treffend ingesien in die volgende woorde: „Alle kultuur vind sy oorsprong uiteindelik in godsdiens en deur godsdiens word die moontlikheid gebied dat kultuur ‚religieuse' sin, betekenis en waarde verkry. Kultuur word dan ook uiteindelik in diens van God gestel en tot Sy eer en verheerliking beoefen; of dit verslaaf die mens tot een of ander vorm van afgodediens (al is die afgod die mens self of wat ook-al)."[62]

60) Ibid. p. 192.
61) Loc.cit.
62) Loc.cit.

Die samehangende verskeidenheid van natuur, kultuur en godsdiens moet ook beklemtoon word. Stoker wys op hierdie samehangende verskeidenheid in die volgende woorde: „Die natuur (die ryke van stof, plant en dier) is geen afgeslote eenheid en so ook kultuur en godsdiens (religie) nie, maar 'n ingewikkelde samehang van verskeidenheid." [63] Die spanning wat heers tussen natuur, kultuur en godsdiens(religie) sny deur die hele kosmos vanweë die sonde en kwaad in die wêreld. In beginsel is hierdie spanning reeds deur die herskeppingswerk van Christus oorwin.

Vir 'n ondersoek na die perswese is die probleem van kultuur van besondere betekenis omdat die pers ook 'n kultuurproduk van die mens is en aan die betrokke behorenseise (w•. norme) moet beantwoord. Die mens kan egter, kragtens die moontlikheid van keuse, ook wankultuur skep omdat sy ‚handelinge' nie aan die betrokke behorenseise beantwoord nie, en hierdie waarheid het verreikende implikasies vir die probleem van persvryheid. Die pers as kultuurproduk van die mens ontvang sy verdiepte sin en leiding van die godsdiens en is dus wesentlik religieus van aard. Fundamenteel beskou, staan die pers ook in diens van God en Sy raadsplan. Derhalwe behoort die pers daarop ingestel te wees om sy taak Goddienend en Godverheerlikend te verrig.

6. <u>Die Kosmiese Wetsorde</u>. Om te begryp wat met ‚wet' bedoel word, moet daar met 'orde' begin word. Stoker beskryf dit soos volg: „Alle wetenskaplikes wat wette wil opspoor, veronderstel..... 'n orde. Die aanvaarding van orde is uiteindelik 'n saak van geloof..... 'n Orde veronderstel (a) 'n veelheid en/of verskeidenheid van (saamhorige) „ietse", waarvan elk o.a. sy eie aard, eienskappe, funksies en relasies het, en (b) 'n eenheid (of geheel) van die betrokke ‚ietse'. 'n Orde is 'n sodanige skikking (of reëling) van die onderskeie (saamhorige) ‚ietse', dat elke ‚ietse' (volgens o.a. sy aard, eienskappe, funksies en relasies) in die betrokke eenheid (of geheel) sy besondere (resp. aangewese) plek inneem en sy besondere (resp. aangewese) rol vervul.

63) Ibid. p. 194.

Die sleutelwoord hier is: skikking of ‚reëling'. 'n Wet is 'n bepaling ('n bepaalde skikking, reëling of reël) van orde."[64]

Die mens dra kennis van wette omdat hy deur ervaring weet dat sy doen en late aan reël en orde onderworpe is. Deur die reëlmaat en vaste gang van gebeure te ondersoek, ken die mens orde en wette. Orde (en dus ook wette) word ook geken uit selfevidente insigte, soos bv. getals, logiese en sedewette. In Sy Woord openbaar God aan ons en dit is van fundamentele betekenis dat Hy Sy wetsorde vir die kosmos gestel het en dat die wet sy oorsprong in God vind. Stoker stel dit „dat Hy vir alles Sy vaste ordinansies (wette) gegee het en ook vir die mens Sy wet (bv. die tien gebooie en die dubbele liefdeswet) gestel het."[65] As die Absolute, Soewereine, oor alles wat God geskape het, is Hy ook die Wetgewer van die kosmos. Die kosmiese wetsorde is kreatuurlik en volkome in die hand van God, m.a.w. die wetsorde geld vir die kosmos, maar nie vir God nie. As Wetgewer is God bo Sy wette vir die kosmos verhewe. Die wet is bindend en geld vir die kosmos, m.a.w. dit bind ‚dinge' (die mens insluitend) saam, en onderwerp hulle aan die bepalings (of norme) van die wet. Die wet is nie absolute grens tussen God en kosmos nie (God hou die skepping in stand en openbaar Hom aan die mens), maar die wet is 'n onderskeidingsgrens tussen God en kosmos. Die wet is universeel geldig. „Die hele kosmos (stof, plant, dier en mens) is aan Gods wetsorde onderworpe, niks uitgesonder nie."[66] Die kosmiese wetsorde is onveranderlik vas, 'n waarheid wat besondere betekenis het vir álle wetenskappe in die ontdekking van orde en wette in die betrokke veld van ondersoek. Stoker beklemtoon dit dat die vastheid van die kosmiese wet „.... gegrond is op die vastheid, onveranderlikheid en onwankelbaarheid van die Raad van God, van God Sélf, waarin die wet sy Oorsprong vind. 'n Grond wat vaster is, is daar nie."[67]

In die kosmos is daar ontelbaar wette. Volgens bepaalde tipes, vorme en soorte kan wette saamgegroepeer word. Daar kan bv. modale, strukturele, dinamiese en waarde-wetsgroepe

64) Ibid. p. 201.
65) Ibid. p. 202.
66) Ibid. p. 204.
67) Ibid. p. 205.

onderskei word. Die modale wette kan weer onderskei tussen getalswette, biotiese wette, logiese wette, taalwette, ekonomiese wette ens. „'n Groep saamhorige wette (tesame met die ‚ietse' waarvoor hulle geld) noem ons 'n wetskring."[68]

In die kosmos word egter nie net 'n veelheid van wette onderskei nie, maar ook 'n radikale verskeidenheid van wette. Psigiese wette verskil onderling nie radikaal van mekaar nie, ook nie taalwette onderling, of ekonomiese wette onderling nie. Maar Stoker wys veral op die radikale verskil: „tussen bv. psigiese, taal- en ekonomiese wette bestaan radikale onderskeide."[69] Die radikale onderskeie wette kan nie tot mekaar herlei word nie en vir elke groep wette wat radikaal onderskei word geld die prinsipe van soewereiniteit in eie kring.

Tussen die veelheid en die radikaal onderskeie wette is daar ook 'n samehang. Wette mag nie onderling geïsoleer word nie omdat dit op velerlei wyse onderling verbind is. Die samehang van wette in die kosmiese wetsorde is onverbreeklik. „Vir hierdie samehang van wette (wo. radikaal onderskeie wetsgroepe) geld die beginsel van ‚universele onderlinge verbondenheid van wette in die kosmiese wetsorde."[70]

Dit gebeur soms dat wetenskaplikes bepaalde of enkele vorme van wette aanvaar, soos bv. onoortreebare natuurwette, maar dat ander oortreebare wette, soos bv. norme, nie aanvaar word nie. Vir die ondersoek na persvryheid is dit noodsaaklik om op hierdie verskynsel te let. Die pers staan ook as kreatuurlike gegewe onder wette en norme wat nagekom moet word.

'n Verdere onderskeiding moet hier getref word tussen natuurwet en norm. Natuurwette laat geen keuse nie en is onoortreebaar. Die natuurwet het 'n dwingende karakter, bv. dieselfde oorsaak sal altyd dieselfde gevolg hê."[71]

68) Loc. cit.
69) Ibid. p. 206.
70) Loc.cit.
71) Vgl. Stoker. Ibid. p. 221.

Norme[72] het as voorwaarde dat die mens kan kies en dat hy aan norme gehoorsaam kan wees of nie. Norme eis gehoorsaamheid van die mens, maar dwing hom nie tot gehoorsaamheid nie. Met norme is die prinsipe van die moontlikheid van keuse gegee en daarmee ook die toerekenbaarheid en verantwoordelikheid van die mens.

'n Belangrike verskynsel waarop gelet moet word is dié van die positivering van wette. Waar die kosmiese wette (wat vir stof, plant, dier en mens geld) nie deur die mens gevorm word nie, is gepositiveerde wette deur die mens gevorm. Soms word dit onopsetlik gevorm, bv. sosiale wette en gebruike, etikette en kodes, en soms word dit weer opsetlik gevorm, soos bv. in die geval van staatswette. Die wetsorde van God is onveranderlik terwyl die positivering van wette verander. Die veranderlikheid van gepositiveerde wette vind sy oorsaak in die feit dat die mens histories is en nuwe kennis vorm en omdat die mens as sondaar beperkte kennis het en foutiewe kennis vorm. Ons insig in en positivering van wette moet aan die kosmiese wetsorde beantwoord en mag nie daarmee in stryd wees nie.

7. Om die kosmologie af te sluit word kortliks gewys op die intern-kosmiese en die ekstern-kosmiese visie van die kosmos. Uitgaande van die intern-kosmiese visie (d.w.s. die kosmos van binne besien), gebeur dit so maklik dat iets in die kosmos verabsoluteer word en dat die radikale verskeidenheid in die kosmos genivelleer word. Wil ons egter weet wat die kosmos waarlik is, moet die mens 'n ekstern-kosmiese visie van die kosmos vind, soos bv. vanuit die verhouding van God tot die kosmos. Die mens is egter deel van die kosmos en kan nie daarbo uitstyg om dit van buite te besien nie. Die openbaring van God in Sy Woord bied egter aan die mens so 'n ekstern-kosmiese visie van wat die kosmos werklik is. Hierdeur leer ons die kosmos ken as 'n skepping

72) Met hierdie bondige onderskeiding tussen natuurwette en norme word volstaan aangesien genoegsaam op die kosmiese wetsorde gelet is en norme nader bespreek word by die antropologie.

van God wat aan Sy wetsorde onderwerp is en wat die oorsprong van sy radikale verskeidenheid in God self vind. Volgens die Wysbegeerte van die Skeppingsidee is hierdie ekstern-kosmiese visie van die kosmos die mees fundamentele uitgangspunt vir elke wetenskaplike ondersoek van die kosmos in sy geheel en alle dele.

Vir die ondersoek na persvryheid is dit alles van betekenis omdat in hierdie lig besien die kultuurvorming van die mens as kreatuurlik, onselfgenoegsaam en wetsgebonde (ook aan norme), beskou moet word en dat die kultuurvorming van die mens op generlei wyse verabsoluteer mag word nie.

C. Enkele Wysgerig-Antropologiese Hoofonderskeidings.

1. Mens en Samelewing.

(a) Inleiding. (i) Persvryheid het met die mens te doen. Hierdie wysgerige ondersoek na die probleem van persvryheid het met die méns te doen in die sin dat dit die méns is wat wetenskap beoefen, die méns is wat kultuur vorm, die méns is wat koerante druk vir ménse om te lees. Derhalwe is 'n nadere bespreking van die méns as individu en sosiale wese noodsaaklik.

(ii) Die mens as kosmiese (kreatuurlike) wese. Die mens is deur en deur kosmies, hy is geheel en al kreatuurlik. Daarom is die kosmos ook nie vreemd vir die mens nie. In sy kreatuurlikheid en onselfgenoegsaamheid is hy afhanklik van die werklikheid wat hom omring en in fundamentele sin is hy van God afhanklik. As kreatuurlik en onselfgenoegsaam is die mens aan die wetsorde van God onderworpe.

(iii) Die mens as unieke wese en kroon van Gods skepping. Die mens is radikaal verskillend van stof, plant en dier omdat hy na die beeld van God[73] geskape is, en juis hierin word „die uniekheid van die mens as mens op besondere wyse belig." [74]

73) Wat onder „geskape na die beeld van God" verstaan word, word verwys na Hoofstuk 2 aanhaling. 14 p 29.

74) Stoker, H.G.: Oorsprong en Rigting p. 104.

In besondere sin is hy as kroon van Gods skepping heer van die aarde en geroep, om as uiteindelik aan God verantwoordelike, medearbeider van God die moontlikhede van homself en die kosmos te aktualiseer en daarmee op kreatuurlike wyse sy eie en die bestemming van die kosmos te aktualiseer. Hy is ook geroepe om vir homself en sy medemens te sorg. Met dit alles moet hy God dien. Volgens hierdie visie is al die mens se ‚handelinge' religieus van aard. As kreatuurlike wese kan die mens hom dienend op God rig of afgodies op iets kreatuurliks rig.

(iv) Genoemde waarhede is almal van belang vir 'n ondersoek na persvryheid.

(b) Die mens as individueel-sosiale besonderheid.

(i) Die mens is tegelyk individueel en sosiaal. Die mens is 'n unieke individueel-sosiale besonderheid wie se individuele en sosiale kante nie tot mekaar herleibaar is nie. Om die mens primêr net as individu of net as sosiale wese te beskou is 'n blote abstraksie. Stoker het hierdie twee kante van die mens soos volg uitgedruk: „Hy is aan die een kant die mees individuele (geïndividualiseerde) en aan die ander kant tegelykertyd die mees sosiale (gesosialiseerde) wese onder alle skepsele." 75)

(ii) Die mens as enkeling. Die mens het 'n individuele kant in die sin dat hy bv. as huweliksmaat nie ophou om 'n unieke plek in die samelewing in te neem nie. Die feit dat hy huweliksmaat is herlei hom nie tot ‚iets' anders nie, maar ook in die huwelik bly die man mán en die vrou bly vroú. Aan die ander kant, wie die mens net as enkeling beskou, sien af van die mens se verbondenheid met die betrokke sosiale samelewingskringe.

(iii) Die mens as knooppunt van samelewingskringe. Die mens as individueel-sosiale besonderheid is die knooppunt van

75) Id. Die samehangende verskeidenheid van menslike vryheid veral in samelewingsverband. In. Koers. Jaargang XXXI Nr.9. Maart 1964. p. 481.

al die samelewingskringe waartoe hy behoort en „hy is as héle persoon bv. huweliksgenoot, gesinslid, volksgenoot, staatsburger, kerklidmaat, lid van 'n beroepskring, lid van 'n vereniging, buurman ensovoorts. As totale konkrete persoon is sy individuele sy en sosiale sy (sy lidmaatskap van die betrokke kringe) in hom, einheitlich verenig."[76] Dit verklaar die feit dat wanneer die mens bv. besonderlik presteer, of as hy diefstal pleeg, dit hom nie alleen as individu raak nie, maar ook al die samelewingskringe waaraan hy deel het, bv. sy huwelik, kerk, werkkring ensovoorts.

(iv) Die sosiale samelewingskringe. In die menslike samelewing is daar 'n verskeidenheid van „sosiale"[77] of samelewingskringe. Veral drie tipes „sosiale kringe" kan in die menslike samelewing onderskei word, t.w. primêre kringe, sekondêre kringe en tersiêre kringe.[78]

Onder primêre kringe kan as voorbeelde genoem word, die huwelik, gesin, volk, staat en kerk (as instituut). Onder sekondêre kringe sou genoem kon word, die skool, universiteit, fabriek, hospitaal, kunsvereniging, klub ens. Onder die tersiêre samelewingskringe kan genoem word 'n vriendekring, leeskring, buurskap ens. Volledigheidshalwe kan net gemeld word dat daar ook wêreldwye samelewingskringe, bestaan, soos bv. ekonomiese kongresse, ekumeniese bewegings ens.

(v) Vervlegting van enkeling met sosiale kring en van sosiale kringe onderling. Die enkeling en die samelewingskring, asook die samelewingskring en samelewingskring, hang onderling saam en kan nie van mekaar geskei word nie. Insover daar 'n samehang is tussen enkeling en samelewingskring en samelewingskringe onderling, is daar ook 'n vervlegting. Die vervlegting beteken 'n sodanige verbinding van samelewingskringe en van mens en samelewingskring waarin elkeen tog sy eie identiteit behou. Daar kan tweërlei tipe vervlegting

76) Loc.cit.
77) Die term „sosiaal" kan gebruik word van 'n groep of ‚kring' mense, diere, plante en selfs van die atoom. Vir ons doel (antropologies gesien) word die behandeling van sosiale strukture beperk tot menslike kringe.
78) Vgl. Stoker, H.G. Beginsels en Metodes in die Wetenskap, p. 171.

onderskei word, nl. dié van mens en samelewingskring en dié van samelewingskring en samelewingskring. In beide gevalle behou elkeen sy eie identiteit, nieteenstaande die vervlegting.

(vi) Dié verskillende aspekte van die mens as individueel-sosiale besonderheid is van betekenis vir 'n ondersoek na die probleem van pers en persvryheid omdat die pers met die mens as individueel-sosiale besonderheid te doen het.

(c) Die Struktuurprobleem.

(i) Die hele kosmos is gestruktureerd. Die hele kosmos, en dus ook die mens, is gestruktureerd. Stoker het dit soos volg gestel: „Elk van stof, plant, dier en mens is 'n eiesoortige afgeronde, originêre, strukturele eenheid of geheel."[79] In die menslike samelewing vind ons egter dat die mens en die samelewingskring en samelewingskringe onderling saamhang en nie los van mekaar staan nie. Hierdie samehangsprinsipe blyk daaruit dat elke mens tegelyk lid is van verskillende samelewingskringe, en voorts uit die feit dat verskillende persone lid kan wees van een en dieselfde samelewingskring. Die wyse van 'n bepaalde samehang van mens en samelewingskring en samelewingskringe onderling, is die struktuur. Elke struktuur vorm 'n eenheid van die daartoe behorende en daarbinne samehangende verskeidenheid.

(ii) Die struktuur van die mens as individueel-sosiale besonderheid. Daar is reeds gewys op die feit dat die mens 'n individuele en 'n sosiale kant het.[80] 'n Ondersoek van die struktuur van die mens as individueel-sosiale besonderheid bring aan die lig dat verskillende onderskeidings gemaak kan word. Elke samelewingskring is 'n eiesoortige eenheid waarbinne die betrokke lede van die kring sy eie plek, taak en funksie het. Hier kan voorts onderskei word die eenheid-struktuur van die mens as enkeling, die inter-individuele verhoudings waarin die mens staan en ook die samelewingskringe. Elk van hierdie samelewingskringe het sy eie struktuur en is met mekaar vervleg.

79) Ibid. p. 168.
80) Vgl. Hoofstuk 2.C.1.b.(i). p. 52.

(iii) Die gestruktureerdheid van die kosmos (en vir ons doel van die menslike samelewing) is vir die ondersoek na persvryheid van betekenis omdat die pers as sosiale kring kreatuurlik is en ook gestruktureerd is.

(d) Die struktuur van die mens as enkeling.

(i) Modale analise. Met die bespreking van die kosmiese dimensie van individuele en sosiale idiostante strukture is daarop gewys[81] dat stof, plant, dier en mens nie slegs individueel gesien moet word nie, maar dat elke kosmiese dimensie groepe saamhorige gegewens (ook mense) onderskei kan word wat as ‚kringe' (ook sosiale kringe) bekend staan. Vir ons doel (waar die antropologie bespreek word) word die mens onderskei as 'n eiesoortige afgeronde oorspronklike strukturele eenheid of geheel. Derhalwe word daar dieper ingegaan op die „individuele en sosiale idiostante strukture" waaraan die mens deel het.

Elke betrokke strukturele geheel bind die modaliteite op 'n eiesoortige wyse saam. „Die struktuur gaan in dié sin die betrokke modaliteite vooraf, dat dit 'n eenheid of geheel is, waarbinne die betrokke modaliteite op besondere wyse verbind is."[82] Die verbondenheid van die betrokke modaliteite binne die strukturele eenheid word bepaal deur die hoogste modaliteit waaraan die geheel deel het. So kan stof as fisiese ‚ding', plant as biotiese ‚ding', dier as psigiese ‚ding' en die mens as godsdienstige wese tipeer word. Die sosiale kring waaraan die mens deel het is dus 'n oorspronklike strukturele eenheid waarbinne die individu sy eie plek, funksie en taak het. Die mens het aan alle modaliteite deel.

(ii) Dinamies bepaald. Die mens as enkeling leef nie in afsondering nie maar het met ander mense deel aan gebeurtenisse. Die enkeling deel in unieke tipe gebeurtenisse waaraan net hý deel het. Die ‚handelinge' van die mens as enkeling geskied nie maar willekeurig nie, maar word o.a. bepaal deur sy oorerwing (die invloed van bepaalde kenmerke) opvoeding (deur ouers, onderwysers ens.,) sosiale en omgewingsinvloede,

81) Vgl. Hoofstuk 2.B. p. 38.
82) Stoker, H.G. Beginsels en Metodes in die Wetenskap.p.168.

kulturele agtergrond, religieuse beskouinge, godsdienstige agtergrond in enger sin bedoel, ens. Al hierdie faktore bepaal die wyse van ‚handeling' en die deelname van die enkeling aan die geskiedenis. Bogenoemde faktore bepaal die dinamiese struktuureenheid waaraan die mens as enkeling deel het.

(iii) Albei genoemde struktuurtipes van die mens (modaal en dinamies bepaald) vorm tesame 'n onverbreeklike eenheid.

(iv) Die struktuurontleding van die mens as enkeling het besondere betekenis vir die ondersoek na die struktuur van die pers, want by die pers as instituut en by die leserspubliek speel enkelinge ook 'n belangrike rol.

(e) Die struktuur van sosiale kringe.

(i) Modale analise. Elke samelewingskring het 'n sosiale struktuur met 'n eiesoortige eenheid waarbinne die betrokke kringlede bepaalde plekke en funksies het. Omtrent die sosiale struktuurbepalings m.b.t. modaliteite[83] word die volgende insig van Stoker weergegee: 'n menslike samelewingskring het deel aan álle modale kringe; in die geval van die primêre sosiale kringe het een van die modaliteite van 'n sosiale kring 'n leidende en 'n ander 'n funderende funksie in die kringstruktuur; in die geval van die sekondêre en tersiêre sosiale kringe kan 'n sosiale kring een of meer leidende en/of een of meer funderende modale funksies in die kringstruktuur hê; die betrokke leidende en funderende modaliteite het 'n besondere rol in die eenheids of geheelbepaling van die sosiale struktuur; die struktuureenheid van 'n samelewingskring bepaal verder die wyse van deelname van ander modaliteite aan hierdie struktuureenheid.

In die geval van primêre samelewingskringe sou die

83) Alhoewel Stoker die modale struktuuranalise in verskillende opsigte anders bied as die Wysbegeerte van die Wetsidee, het hy die metode van modale struktuuranalise en daarmee dié van leidende en funderende modale funksies van hierdie Wysbegeerte aangeneem.
Vgl. Ibid. p. 171.

volgende voorbeeld genoem kan word. By die huwelik is die sedelike bv. die leidende en die biotiese die funderende modaliteit. In die geval van die staat is die juridiese die leidende en die fisiese (begrensde landgebied) die funderende modaliteit.[84] In die geval van die sekondêre kringe kan daar een of meer leidende funksies wees, soos bv. in die geval van die skool: nl. die logiese (kennisvorming) en die sedelike (karaktervorming). In geval van die tersiêre kringe kan weer 'n vriendekring as voorbeeld genoem word, waar dit onder leiding van die sedelike (persoonsliefde) staan. Waar die primêre kringe 'n funderende modaliteit het, kan dit nie altyd by die sekondêre en tersiêre kringe vasgestel word nie. In sommige gevalle kan daar tog 'n funderende modaliteit vasgestel word soos bv. in geval van die skool is dit die fisiese (bymekaarkomplek), of in geval van 'n fabriek ook die fisiese (plek of perseel), maar bv. in 'n geval soos 'n vriendekring, kan daar nie 'n funderende modaliteit vasgestel word nie. Omdat modaliteite 'n rangorde van laag tot hoog vorm, noem ons hierdie modale strukturele eenheid van 'n samelewingskring die vertikale eenheidstruktuur.

(ii) Sosiale of horisontale analise. Nog 'n sosiale struktuurbepaling wat onderskei moet word is die m.b.t. lede. Stoker wys op die volgende: „ Die sosiale, resp. die verbinding tussen individu en individu (‚lid' en ‚lid') is ook 'n struktuurbepaling van 'n samelewingskring."[85] Hier kan bv. gelet word op die verhouding van mán as mán en vróu as vróu in 'n huwelik of die verhouding van vader, moeder en kind in die gesin. Uit bogenoemde volg dan die onderskeiding: Daar is 'n modale struktuurband waaraan die hele sosiale kring deel het en ook elke kringslid deel het. Maar daar is ook 'n ander struktuureenheid, bepaal deur die onderlinge verbondenheid en verhoudinge van lede binne 'n sosiale kring. Omdat ons met hierdie tipe struktuureenheid met die onderlinge verhouding van die betrokke lede te doen het, noem ons dit die horisontale struktuureenheid.

(iii) Die dinamiese struktuureenheid. Om aan te dui wat verstaan word onder die dinamies (w.o. historiese) bepaalde

84) Vir Dooyemeerd die historiese.
85) Stoker, H.G. Beginsels en Metodes in die Wetenskap.p.173.

struktuureenheid van 'n sosiale samelewingskring word die voorbeeld van die staat gegee. Die staat het 'n modale struktuureenheid en het 'n leidende funksie (die juridiese) en 'n funderende funksie, (die fisiese, landsgebied). Die staat bestaan uit lede en het so 'n eie horisontale struktuureenheid bv. van owerheid en onderdaan en onderdane onderling. Maar die verskille tussen 'n patriargale, feodale, monargale, demokratiese, diktatoriale state ens. is histories bepaal en vorm as sodanig die dinamiese struktuureenheid van 'n staat. Die aandag word veral gevestig op die dinamiese struktuurbepaling deur take bepaal. 'n Besondere struktuureenheid (dinamies) word dus aangetref kragtens die taakbepaling. Die dinamiese struktuur van elke samelewingskring word deur die historiese faktore medebepaal.

(iv) Al drie hierdie struktuurtipes, nl. die modale of vertikale, die horisontale of sosiale en die dinamiese struktuureenhede, vorm tesame een onverbreeklike struktuurgeheel.

(v) Uit bogenoemde ontleding is die strukturele verskeidenheid van samelewingskringe in sig. Die verskeidenheid in die kosmiese dimensie van individuele en sosiale idiostante strukture word uitgedruk in die prinsipe van „individualiteit van eie struktuur"[86] en dit laat die besondere strukturele eenheid of geheel daarvan tot sy reg kom.

(vi) Met hierdie sosiale struktuurgeheel moet 'n analise van die pers rekening hou, want 'n ondersoek van persvryheid kan nie sonder 'n analise van die struktuur van die pers geskied nie.

(f) <u>Die vervlegtingsprobleem</u>.

(i) <u>Enkeling en samelewingskring</u>. Die mens gaan nie geheel en al op in een betrokke samelewingskring nie. Hy is slegs lid van die betrokke kring in dié opsig wat karakteristiek van die kring is. Dieselfde mens is bv. lid van verskillende kringe, van die gesin, kerk, voetbalklub ens. Stoker wys daarop dat „die menslike persoon is in die verskillende

86) Loc. cit.

opsigte 'n ‚lid' van baie kringe."[87] Die samelewingskring vind in sy struktuur sy eenheid ten spyte van die wisseling van lede. 'n Volk wissel byvoorbeeld gedurig vanweë mense wat gebore word en sterf, maar die betrokke volk self bly en behou as volk sy struktuur. Elke mens as enkeling behou ook sy identiteit en verantwoordelikheid binne die samelewingskring. Ten spyte van die vervlegting van enkeling en samelewingskring, behou die enkeling nog sy identiteit en so ook die samelewingskring.

(ii) Vervlegting van sosiale kringe. Die vervlegting van samelewingskringe beteken 'n sodanige verbinding van samelewingskringe waarin elkeen sy eie identiteit behou. Die huwelik is met die gesin vervleg (enkapties met die gesin verbind), maar behou desnieteenstaande sy eie identiteit. So is die gesin en familie, gesin en volk, volk en staat, kerk en staat ook weer enkapties verbind. Waar elke samelewingskring uniek is, geld veral die beginsel van „identiteit van die eie struktuur", terwyl die samehang en vervlegting van die samelewingskringe weer uitdrukking gee aan die prinsipe van „Universele vervlegting van die eie struktuur met die van ander."

(iii) Die vervlegting van enkelinge met samelewingskringe en van samelewingskringe onderling is 'n universele beginsel en geld oral vir alle mense en samelewingskringe te alle tye.

(iv) Die strukture en hul vervlegtings is aan wette (w.o. norme)onderworpe.[88]

(v) Met die onderskeiding van die verskeie samelewingskringe met hulle uniekheid en radikale verskille, hulle funderende en bestemmende funksies, hulle wetsgebondenheid, kom daar vir die ondersoek na persvryheid belangrike probleme in sig. Die pers as samelewingskring en sy unieke struktuur sal nagegaan moet word en sy vervlegting met ander kringe gesoek word.

87) Ibid. p. 171.
88) Die probleem van wette (w.o. norme) word later in hierdie gedeelte behandel. Hier word slegs daarop gewys dat alle struktuurbepalings onder norme staan.

(g) Die probleem van gesag.

(i) Inleidend. In 'n samelewingskring en tussen verskillende samelewingskringe speel gesag 'n rol. Wat die pers betref is daar binne die persinstituut 'n gesagsverhouding. Maar die pers is vervleg met en staan in verhouding tot die leserspubliek en met en tot ander samelewingskringe. Die vraag is of ons hier ook met die gesagsprobleem te doen kry. 'n Spesiale geval in hierdie verband is die vraag of die owerheid sy gesag oor die pers kan uitoefen en sensuur toepas.

(ii) Die struktuurprobleem en gesag. 'n Struktuuranalise van 'n sosiale kring toon dat sommige sosiale kringe, bv. gesin, staat, kerk deur gesagsverhoudings gekenmerk word, maar dat ander, (tersiêre kringe) soos bv. buurskap, vriendekring ens. geen gesagsverhouding het nie.

'n Sosiale kring het geïntegreerde eenheid van drie tipes struktuur.[89] Eerstens vind ons gesag in horisontale eenheidstruktuur tussen kringlede, bv. ouer-kind, owerheid-onderdaan.

Tweedens het gesag in 'n betrokke sosiale kring 'n normatiewe modale struktuur.

Dit het deel aan alle normatiewe modaliteite, waarvan die een die leidende is wat in die betrokke sosiale kring die leidende is. So het bv. die kerkraad primêr godsdienstige, die staatsowerheid primêr juridiese en die ouers primêr, sedelike gesag. Gesag word egter beperk tot die betrokke fundamentele modaliteit van 'n kring. Die staatsgesag is beperk tot die betrokke landsgebied (die fisiese) ouerlike gesag tot die biotiese (hul verwante - kinders).

Derdens, gesag kan nie sonder mag uitgeoefen word nie. Hier kom die dinamiese struktuurbepaling van gesag in sig, bv. die sedelike liefdesmag by die ouers, die juridiese swaardmag by die owerheid.

89) Wat hierop volg is 'n weergawe van Stoker se klasaantekeninge.

Hierby geld vir die hele gesagstruktuur die normatiewe wetsorde wat vir die betrokke sosiale kring geld.

(iii) Menslike gesag. Menslike gesag kan beskrywe word as die seggenskap wat die een mens oor die ander het. Stoker beskryf dit in die volgende woorde: „Menslike gesag is gegee waar die een mens seggenskap oor 'n ander het, waar byvoorbeeld die een beveel en die ander die bevel moet uitvoer of waar die een lei en die ander verwag word om te volg." [90] Ten spyte van ons eenheid uit Adam en ons eenheid as herbore menseg eslag en ons gelykheid voor God is daar 'n fundamentele ongelykheid tussen mens en mens, wat o.a. veral in die gesagsverhouding tot openbaring kom.

(iv) Menslike gesag is kreatuurlik. Die menslike gesag is kreatuurlik en is nie outonoom nie. Potgieter het volkome gelyk wanneer hy praat van „kreatuurlike gesag .... en die kreatuurlikheid en gevolglik relatiewe aard van gesag ....." [91] Dat gesag nie uit die mens self voortkom nie, word baie sterk beklemtoon deur Donner in die volgende woorde: „In geen enkele vorm komt het gezag uit de enkele mens of uit de maatschappij op." [92]

(v) Die oorsprong van gesag. Menslike gesag vind sy grond in die gesagsamp, 'n gesag wat nie outonoom is nie maar aan die wil en wet van God onderwerp is. Volgens Calvinistiese standpunt vind die gesagsamp in die samelewingskring sy oorsprong in God en „die diepste grond van menslike gesag is die absolute soewereiniteit van God, uit Wie, deur Wie en tot Wie alle dinge is." [93] Alle menslike gesag kan teruggelei word na die gesag van God self. God is die hoogste Gesagsdraer en alle menslike gesag is kreatuurlik en onselfgenoegsaam.

90) Stoker, H.G. Praktiese Calvinisme. p. 17.
Dieselfde gedagte word ook gevind by Donner. Vgl.Donner A.M. Gezag In Christelijke Encyclopedie Deel III. p.221.

91) Potgieter, F.J.M. Akademiese Vryheid. In Ned.Geref. Teol. Tydskrif. p. 57.

92) Donner, Ibid. p. 221.

93) Stoker, Praktiese Calvinisme. p. 19.

(vi) Owerheid en gesag . Met die oog op die vraag van owerheid en perssensuur moet besondere aandag in hierdie verband aan die gesag van die owerheid gegee word. Die staat moet die juridiese interorde tussen enkeling en samelewingskring en tussen samelewingskringe onderling vorm. Hier kom die vervlegtingsprobleem van persinstituut en staat in sig, waarby elkeen sy eie identiteit behou. Vir sover die persinstituut (in vervlegting) staatsonderdaan is, is hy aan staatsowerheid gehoorsaamheid verplig.

Die owerheid se gesag waarmee hy optree, is egter, soos alle menslike gesag beperk. Gesag word begrens deur die struktuur van die betrokke kring, deur die taak en bestemming van die betrokke kring, deur die normatiewe wetsorde van die betrokke kring en uiteindelik deur die gesag van God. Vanweë hierdie begrensing het die owerheid nie onbeperkte gesag nie maar is sy gesag ondergeskik aan die gesag van God. Keet het hierdie waarheid goed ingesien soos blyk uit sy woorde: „Maar hierdie gesag, soos alle menslike gesag is nie onbeperk nie; dit is altyd ondergeskik aan die gesag van God wat alleen volstrek en soewerein is."[94]

God het aan die owerheid nie alleen gesag toegeken nie maar ook die swaardmag as middel waardeur die gesag afgedwing kan word.

(vii) Gehoorsaamheid aan gesag. Menslike gesag in bogenoemde lig gesien moet met die nodige agting bejeën en gehoorsaam word. Die mens is verplig om gesag te eerbiedig en hom daaraan te onderwerp. Gehoorsaamheid aan menslike gesag beteken onderwerping aan die wil van God en is nooit vernederend vir die gesagsonderdaan nie.[95]

In besonder word hier verwys na gehoorsaamheid aan die

94) Keet, B.B. Sedelike Vraagstukke p. 88. Vgl. ook Venter, E.L. Humanisme en menslike vryheid. In Tydskrif vir Christelike Wetenskap. Mei 1966. p. 3.

95) Op die probleem van moontlike gesagsmisbruik deur gesaghebber en reg van verset by die gesagsonderdaan gaan ons nie hier in nie.

gesag van die owerheid. Dit is die plig van elke onderdaan om die gesag van die owerheid te eerbiedig en hom daaraan te onderwerp. Dit geld nie alleen vir individue nie maar ook vir elke samelewingskring. Calvyn het onderdanigheid aan die owerheid baie sterk beklemtoon. Die mens moet die nodige eer betoon teenoor die amp van die owerheid, want wie die owerheid laster, laster God omdat daar geen mag is wat nie in laaste instansie van God self kom nie.[96] Indien die gesag van die owerheid misken word kan daar van mag gebruik gemaak word om gehoorsaamheid aan die gesag af te dwing. ‚Mag' self mag nie met gesag gelykgestel word nie maar is 'n middel in die hand van die gesagsdraer, „al is die mag dwingend soos die woordmag van die owerheid of dringend soos die van die wetenskaplike outoriteit."[97] Maar die staat mag sy gesag (en daarmee sy mag) nie misbruik nie en moet die regmatige gewete van die enkeling en die soewereiniteit in eie kring van die ander samelewingskringe (en daarmee ook van die pers) eerbiedig. By misbruik van sy gesag (en mag) deur die owerheid, kom die reg van verset aan die orde. Hierop word egter nie ingegaan nie.

(viii) <u>Gesag en roepingsvervulling</u>. As geroepene van God is die gesagsdraer in sy struktureel bepaalde gesagsamp met gesag beklee en staan hy so in diens van God. Deur die juiste bepaling van gesag van die gesaghebbende en die onderwerping aan daardie gesag deur die gesagsonderdaan, word bygedra tot die roepingsvervulling van die mens. Hierdie waarheid word treffend bevestig deur Stoker: „Wie in 'n betrokke kring hom deur die gesagsdraer laat regeer en lei, vervul in daardie kring volgens sy plek en funksie sy roeping en dra daardeur by tot roepingsvervulling van die kring as geheel. Die juiste gesagsverhouding is 'n voorwaarde vir die bestendiging en orde van die kring."[98]

96) Vgl. die uiteensetting van Calvyn se standpunt in die verband.
Von Pittius. E.F.W. Die Staatsopvattinge van Calvyn p. 11.
Hierdie waarheid word ook onderskryf deur Geesink, W. Gereformeerde Etiek. Deel II p. 383.

97) Stoker, H.G. Praktiese Calvinisme. p. 17.

98) Ibid. p. 19.

Die probleem van gesag het besondere betekenis vir die pers. Die eerbiediging van gesag of die verset daarteen deur die pers, het vérreikende implikasies vir die probleem van die aktualisering van persvryheid.

2. Die Mens en sy Take.

(a) Inleidend. (i) Tot hiertoe is daar i.v.m. die antropologie veral aandag gegee aan die struktuurprobleem. Die mens asook die sosiale kringe is egter nie net gestruktureerd nie, maar ‚handel' ook, volbring take en is geroepe om hulle bestemming te verwesenlik. Die kosmiese dimensie van gebeurtenisse bied hierdie gesigspunte aan ons. Hier word geen besonderhede van menslike take bespreek nie omdat dit behandel word in verband met die vryheidsprobleem (w.o. roepingsvervulling en bestemmingsverwesenliking).

(ii) Oral waar die mens die moontlikheid tot handeling vind, het hy take. Hierdie take moet hy toerekenbaar en verantwoordelik behartig en so sy bestemming verwesenlik.[99] As voorbeeld van hierdie take dien die volgende: hy heers oor die natuur; skep kultuur, sorg vir die mens (homself en sy naaste) en dien God.

(iii) Die persinstituut vorm 'n samelewingskring en ons let daarop dat elke samelewingskring sy besondere taak en bestemming het. Die primêre taak van die gesin is bv. opvoeding, van die staat is dit handhawing van 'n juridiese interorde tussen enkeling en enkeling, tussen enkeling en sosiale kringe en tussen sosiale kringe onderling; die primêre taak van die kerk is die Woordverkondiging; die primêre taak van die industrie is die vervaardiging en distribusie van verbruikersgoedere wat die enkeling en ander samelewingskringe nodig het. Volgens sy aard en struktuur het elke samelewingskring sy eie taak om te vervul.

99) Vgl. Stoker, H.G. Beginsels en Metodes in die Wetenskap. p. 263.

(iv) Die take van enkelinge en samelewingskringe en samelewingskringe onderling komplementeer mekaar en is nie van mekaar isoleerbaar nie. Die een het die ander nodig en staan in diens van die ander. Afsonderlik en gesamentlik staan hulle met hulle roepingsvervulling en bestemmingsverwesenliking in diens van God, die groot Taaksteller en Bestemmer van alles.[100)]

(v) Die menslike take en bestemming is onderworpe aan die wetsorde van God.

(vi) Hierdie kort opsomming van menslike take is vir die ondersoek na persvryheid van besondere belang. Ons vra nie net na die struktuur van die pers en sy struktuurverwevlegting met enkelinge en ander samelewingskringe nie, maar ook na die taak en bestemming van die pers.

(b) <u>Spesiale probleme i.v.m. menslike take</u>.(<u>kennis, taal, die estetiese, die ekonomiese en die mens as sedelike wese ens</u>.).

<u>Inleiding</u>. Daar is byna geen vraagstuk in die wysgerige antropologie waarmee die probleem van persvryheid nie te doen het nie. Wat in hierdie paragrawe onder die soeklig kom, is nie 'n volledige weergawe van alle take wat in verband met die pers gebring kan word nie, maar slegs dié wat van besondere belang geag word.

(i) <u>Die probleem van kennis</u>. Hier kry ons veral te doen met die mens as kenner, die mens wat kennis versamel. Stoker sê van die kennende mens: „Sy kennis is ingebed in die volheid van sy lewe, verweef met sy hele ervaring en innig vervleg met die geheel van sy belange, take en handelings." [101)]

Vir die pers wat nuus versamel, meedeel ens., gaan dit veral om kennis as nuus. Nuus kan dus gesien word as 'n bepaalde tipe van kennis.

100) Vgl. Ibid. p. 265. Vryheid as antwoord.
101) Ibid. p. 134.

Die moontlikheid om nuus te versamel en mee te deel, m.a.w. om aan ander (die leserspubliek, ander sosiale kringe ens.) hierdie tipe kennis waarby hulle belang het te verskaf, stel 'n taak en dit is hierdie spesifieke taak wat bv. die pers as instituut op hom neem en verantwoordelik moet behartig.

Wanneer nuusversameling en- mededeling as perstaak aangewys word, moet ook daarop gelet word dat dit onderworpe is aan die betrokke norme wat daarvoor geld.

Van besondere betekenis is ook die probleem van kennis en waarheid waarop hier nie ingegaan word nie.[102)]

(ii) Die probleem van taal. Die persinstituut deel nuus mee deur middel van die gedrukte woord. Woord is taal, en aangesien taal die medium is waardeur nuus meegedeel word moet ons kortliks op die probleem van taal let.

Die vorming van taal kan gesien word as een van die roepingsmoontlikhede van die mens.[103)] Die mens vorm egter nie net taal nie „maar hy gebruik dit in God verheerlikende en roepingsvervullende diens van God; in diens van mens en medemens (w.o. alle samelewingskringe); in diens van die hele kosmos....."[104)] Taal is dus 'n mededelingsmiddel, 'n kommunikasie-middel vir en van die mens.

Vir die pers is dit veral met die oog op kennisvorming en nuusmededeling van belang om daarop te let dat taal 'n openbaring is in waarneembare tekens van enigiets wat die mens ontwaar, iets waarvan die mens bewus geword het. Dit gee aan die pers die middel om wat gebeur, gesien en afgelei kan word as nuus mee te deel.

102) Hierdie probleem hang veral saam met die vryheidsprobleem en word as spesiale probleem onder vryheid behandel.

103) Hier word verwys na die uiteensetting van Stoker in die verband.
Vgl. Stoker, H.G. Taal In Bulletin. p. 166.

104) Ibid. p. 167.

Wanneer taal as roepingsmoontlikheid gesien word, moet daarop gewys word dat die mens in sy taalgebruik (in woord of geskrif) toerekenbaar en verantwoordelik behoort te handel.

Wat die pers betref, sal veral op die taalgebruik gelet moet word.

(iii) Die probleem van die estetiese. Die mens is 'n estetiese wese wat tussen skoon en lelik kan onderskei. Die mens kan in sy kultuurvorming ook wankultuur skep, wankuns skep, ensovoorts. Vir die pers is die probleem van die estetiese van belang omdat dit nie net te doen het met die estetiese vorm van die koerant nie maar ook met dié van bewoording, die van mededeling en van voorligting. Nuusaanbieding kan bv. esteties mooi of lelik wees. In sy dienslewering aan die lesers sal die pers die estetiese nie buite rekening kan laat nie, omdat die estetiese volgens Popma 'n universele karakter het, dit strek sig uit oor alle menslike handelinge: „..... elk samenlevingsverband neemt gestalte aan in een ‚objectieve omgeving'.... die eerst ten volle dienst kan doen, als ze een bij hun aard passende schoonheid wellicht juister: duidelijk toont; de didactische en de wetenschappelijke voordracht kunnen zonder een esthetisch moment niet tot hun recht komen;....."[105] Die estetiese raak dus die mens se hele lewe en alles wat hy doen.

Vir die pers is dit veral van betekenis om die estetiese in verband met die taak en bestemming van die pers en veral met persvryheid te sien.

(iv) Die probleem van die ekonomiese. Die mens is 'n ekonomiese wese en die pers (die bestaan en uitgee van die koerant) het veral ook met die ekonomiese aspek te doen. Sonder kapitaal, behoorlike geboue, drukmasjiene, papier, ens. kan die persinstituut nie sy koerant uitgee, m.a.w. nuus meedeel nie. Derhalwe is dit noodsaaklik om op die probleem van die ekonomie in te gaan.

105) Popma, K.J. Esthetica. In Christelijke Encyclopedie. Deel II. p. 644.

Die mens is elke dag besig om goedere te produseer, te distribueer en te verbruik. Om hierdie verskynsel te verduidelik word o.a. die volgende genoem: om sy besondere taak te verrig en sy roeping te vervul het die kerk goedere soos die volgende nodig, bybels, psalm- en gesangboeke, kerkgebou, preekstoel, banke, doopvont nagmaalbekers ens.; die huisgesin het 'n huis, meubels, klere, voedsel ens. nodig; die skool het geboue, meubels, boeke, penne, apparate ens. nodig. Die ekonomie-kring verskaf al hierdie goedere. Hierdie waarheid word deur Van der Kooy bevestig: „De bevrediging der behoeften vindt plaats door verbruik van goederen en diensten (consumptie)."[106] Elke mens en samelewingskring het hierdie goedere nodig vir die behoorlike verrigting van sy taak. Stoker het die begrip ekonomie in die volgende woorde saamgevat: „Die ekonomie-handeling..... blyk dus 'n goedere-verskaffende voorsorg te wees....."[107] So is die ‚goedere' wat die pers aan die menslike samelewing verskaf, die koerant.

Die pers moet ekonomies gesond bly om sy taak na behore te vervul, om die nodige diens te kan lewer. In die sorg en voorsorg van ekonomie is daar die dienende karakter. M.a.w. die ekonomie is instrumenteel om dienslewering te verseker. Van der Kooy raak hierdie waarheid aan as hy bv. sê: „Aantasting van het instrumenteel karakter der economische theorie zou daarenboven haar dienende taak in het hart troffen."[108] Die diensmotief aan ander moet vir die pers steeds die hoofmotief wees, want daarin kom die pers se eie taak en bestemming tot uitdrukking. Die hoofmotief van die mens se ekonomiehandeling moet dus ook nie wins wees nie, maar goedere voorsienende voorsorgdiens en hierin sien Stoker, na my oordeel tereg, 'n „..... faset van die menslike beeldskap van God as die Voorsienige by die ekonoom....."[109] In die goederevoorsienende voorsorg is die mens besig om die mens en samelewingskring te help met sy taakvervulling en bestemmingsverwesenliking. Hierdie waarheid bevestig Ruppert in sy

106) Van der Kooy, T.P. Economie. In Christelijke Encyclopedie. Deel II. p. 534.
107) Stoker, H.G. Oorsprong en Rigting. p. 106.
108) Van der Kooy, op.cit. p. 536.
109) Stoker, H.G. Oorsprong en Rigting. p.107.

siening van die mens as ekonomiese wese: „Als volwaardig lid is hij mede-verantwoordelijk voor het wel en wee van de gemeenschap." [110]

Wat die pers betref, moet hier gewys word op 'n spanningstoestand wat kan ontwikkel. Wanneer die pers vir homself as hoogste doel stel, groter sirkulasie en dus groter winste, dan ondergrawe die pers daarmee sy diensmotief. Die gevolg is dat die eintlike taak en bestemming van die pers dan aan die winsmotief gesubordineer word. Hierdie verskynsel hou gevaar in vir die aktualisering van persvryheid waarmee ernstig rekening gehou moet word.

(v) Die probleem van reg. Die mens is ook 'n juridiese wese wat ‚reg' vorm. Hierdie probleem word egter onder menslike vryheid behandel.[111]

(vi) Die mens as sedelike wese. Die sedelike het primêr te doen met die verhouding van die mens tot mens, tot jouself en tot jou naaste (w.o. ook sosiale kringe) en nie direk met stof, plant of dier nie. Die mens kan o.a. beskryf word as 'n sedelike wese. Die pers word deur die mens en vir die mens behartig; dit druk koerante vir mense, bied nuus aan oor mense, en is dus in nouste sin betrokke by alle menslike verhoudinge en dus by die mens as sedelike wese. Derhalwe word daar dieper ingegaan op die sedelike.

Die sedelike moet gevind word in die feit dat die mens as hele persoon tot die ander mens as 'n hele persoon in persoonlike relasie verkeer. In die verband word die treffende siening van Stoker weergegee: „Die sedelike as sodanig (wat die sedelik goeie en die onsedelike insluit, word ons onthul in die verhouding van ‚hart tot hart' of beter: in die behartiging van persoon van persoon..... Persoonsbehartiging (dit wil sê, die sedelike) kan soos in die geval van naasteliefde sedelik goed wees. Maar behartiging van persoon ván persoon, kan

110) Ruppert, M. Economische Medezeggenschap. In Christelijke Encyclopedie. Deel II. p. 537.

111) Vgl. Hoofstuk 2. p. 109.

ook sedelik sleg of onsedelik wees...."[112] In geen verhouding waarin die mens tot sy medemens staan, kan hy aan hierdie persoonsbehartiging ontkom nie (goed of sleg), hy behartig as hele persoon die mens as hele persoon, homself en sy naaste, die sosiale kring waaraan hy behoort, maar ook ander sosiale kringe. Volgens Stoker kan die sedelike goeie vereenselwig word met persoonsliefde.[113] Persoonsliefde is 'n liefde vir die kreatuurlike mens en is altyd op 'n horisontale vlak, dit het te doen met die mens van God wat die hele menslikheid met al sy verhoudinge, moontlikhede en handelinge insluit. Om die rede beskou Stoker die tweede tafel van die Tien Gebooie as die grondwet van die sedelike.[114] Die verskeidenheid van sedewette is alles 'n besondere uitdrukking van hierdie grondwet van die sedelike.

Persoonsliefde vind uitdrukking in die feit dat die mens in liefde vir die mens moet sorg. In sy sorgende liefde tree die mens persoonsbehartigend op en behoort hy altyd sedelik goed te handel. Die opdrag tot persoonsliefde beteken ook dat die mens sý lewe ook met sorg sal behartig. „Nie net sorgende behartiging van jou naaste ~~nie~~ (naasteliefde) nie maar ook sorgende behartiging van jouself is dure plig; ten opsigte van beide is jy (in fundamentele sin aan God) verantwoording verskuldig."[115] Persoonsliefde omvat dus sowel selfliefde as naasteliefde.[116]

Teenoor die persoonsliefde as die sedelik goeie gebruik Stoker die woord persoonsonliefde[117] vir die sedelik slegte. Daar kan myns insiens ook gepraat word van persoonsskending in plaas van persoonsonliefde in teenstelling met persoonsliefde. Iemand wat sedelik sleg optree, skend sy eie lewe of dié van 'n ander persoon.

112) Stoker,H.G. Oorsprong en Rigting.p. 250-251.
113) Vgl. Ibid. p. 227.
114) Vgl. Ibid. p. 259.
115) Ibid. p. 257.
116) Brillenburg Wurth ontken dat selfliefde sedelik is of onder die sedelike val en beperk die sedelike slegs tot naasteliefde. Vgl. Ibid. p. 255.
117) Vgl. Ibid. p. 260.

Vir die pers is dit van die uiterste belang om te sorg dat sy ‚handelinge' (nuusaanbieding en wat daarmee saamhang) altyd sedelik is, d.w.s. persoonsbehartigend is. Die pers moet dus seker maak of dit in sy taakvervulling besig is om sedelik goed, d.w.s. in persoonsliefde te handel, of sedelik sleg, d,w.s. persoonsskendend.

(vii) Die mens as God-dienende wese. Die lewe van die mens mag egter nie net in horisontale verband gesien word nie, maar dit moet ook gesien word in sy verhouding tot God. In godsdienstige en religieuse sin is die mens besig om God te dien. Hy heers oor die skepping van God, hy sorg in liefde vir sy naaste, hy aanbid en verheerlik God. Hier word nie ingegaan op die probleem van diens van God nie , ~~nie~~ omdat die menslike handeling as diens van God nader bespreek moet word by die afdeling omtrent menslike vryheid.[118)]

(viii) Samevattend word daarop gewys dat elkeen van hierdie spesiale probleme van besondere betekenis is vir die probleem van menslike vryheid en daarmee juis ook van persvryheid. Elkeen van hierdie bepalings komplementeer mekaar in die eenheid van die mens en het sy besondere plek in die hele vryheid van die mens.

Daar moet egter gewys word op die feit dat daar spanningstoestande mag ontstaan. Die pers kan bv. sensasionele nuus plaas en die mens daardeur benadeel. Dit sou spanning bring tussen die ekonomiese en sedelike belange van die mens omdat die sensasionele nuus met die wins as motief, persoonsskendend kan wees. Die nuus kan ook „lelik" aangebied word (in suggestiewe of bedenklike taalgebruik) en dan kan daar spanning wees tussen die taal en die estetiese aspekte. Hierdie spanningstoestande raak die pers in sy taak en bestemming en kan belemmerend wees vir die aktualisering van persvryheid.

118) Vgl. Afdeling C. 3.(b) p. 101.

3. Norme vir die handelinge (take) van die mens.

Inleidend. Ons het reeds in die kosmologie daarop gewys dat daar 'n wetsorde is wat God vir die hele geskape werklikheid gestel het.[119] Binne hierdie wetsorde onderskei ons tussen natuurwette en norme. Norme is slegs vir die menslike handelinge geldig en het nie betrekking op stof, plant en dier nie.

(a) Algemene bepalings. Voordat tussen verskeie tipe norms onderskei word, moet daar deeglik omskryf word wat norme is. Norme is behorenseise[120] wat pligte aan die mens stel. Norme bepaal wat die mens behoort te doen, hoe hy behoort te dink, behoort op te tree teenoor sy medemens, ens. Norme „stel pligte wat die mens behoort na te kom."[121] Norme het dus op die menslike handelinge betrekking.

Norme het as voorwaarde dat die mens kan kies of hy dit of dat sal gehoorsaam of nie. Norme is dus altyd oortreebaar. Norme het 'n dringende karakter. Dit eis gehoorsaamheid en wetsvervulling van die mens maar dwing nie, soos by. natuurwette wel die geval is nie. Die mens het 'n keuse om een keer sús en 'n ander keer só te handel.

Alhoewel norme oortreebaar is, is dit vas, dit is onveranderlik en onwankelbaar. „Hulle bly sonder uitsondering vir alle mense orals en altyd geld."[122]

Die mens het 'n moontlikheid om te kies of hy dít of dát sal doen en daarmee ook of hy aan norme gehoorsaam wil wees of nie. Juis vanweë die moontlikheid van keuse is die mens toerekenbaar, verantwoordelik en tot vryheid bestem.

Al is norme oortreebaar bly hulle nogtans geldig vir

119) Vgl. Hoofstuk I C (ii) p. 21.
120) „Behorenseise" kan soos volg verduidelik word. By die dier tref ons geen ‚behore' aan nie omdat dit geheel en al onder natuurwette staan. God staan in sy algenoegsaamheid bo alle ‚behore'. Slegs vir die mens aan wie deur God 'n opdrag gegee is, geld dat hy dit wel en dat nie behoort te doen nie. Wat die mens behoort te doen, noem ons „behorenseise".
121) Stoker, H.G. Beginsels en Metodes in die Wetenskap.p.221.
122) Loc.cit.

alle mense en te alle tye, „d.w.s. moet hulle behorenseise wees." [123] Vanweë die blywende geldigheid van norme staan die mens by die oortreding van die norme skuldig en veroordeel.

„Deur hulle blywende geldigheid as behorenseise is norme leidende resp. regulerende wette vir menslike aktiwiteite en kan hulle meteen as kriteriums (maatstawwe) vir die beoordeling van menslike aktiwiteite gebruik word." [124]

Die handelinge van die mens het altyd 'n normatiewe karakter. Stoker het dit so beskrywe: „Norme is in prinsipiële sin normatief algemeen-geldig, m.a.w. prinsipieel noodsaaklik, want hulle..... sê vir elke mens (waar en wanneer ookal) hoe hy behoort te handel."[125]

Volgens Gods Woord het God Sy wetsorde (w.o. norme vir alle dinge gestel. Die deur God gestelde norme vir die menslike doen en late noem ons ontiese of skeppingsnorme. Die mens moet (vir sover God dit nie geopenbaar het bv. in die Tien Gebooie nie) die norme self vind, ken en formuleer, d.w.s. positiveer. Met sy kennis en positivering van norme kan die mens dwaal. Ons vind dan ook in die geskiedenis dat met die normpositivering (bv. in die etiek, politieke geskiedenis, geskiedenis van kuns, ekonomie, ens.) die mensgevormde norme van geval tot geval en van tyd tot tyd verskil. Desnieteenstaande bly die skeppings- of ontiese norme geld en moet die deur die mens gepositiveerde norme daaraan beantwoord, of mag ten minste nie daarmee in stryd wees nie.[126]

123) Loc. cit.

124) Loc. cit.

125) Ibid. p. 222.

126) Vir die bedonisme is die grootste hoeveelheid genot die eintlike sedelike norm, vir utilitariste weer is dit „the greatest happiness of the greatest number."
Vgl. vir uiteensetting hiervan: Hattingh, D.J. Die Plek van Geluk in die Sedelike Lewe. p. 18.

Om die algemene kenmerke van norme af te sluit, word beklemtoon dat norme kreatuurlik is en nie verabsoluteer mag word of op God toegepas mag word nie. „Want God staan in Goddelike goedheid bo alle (bv. die logiese en sedelike) norme wat Hy vir die méns gestel het."[127]

(b) Tipes norme.

Volgens die kosmiese dimensies kan verskillende soorte norme onderskei word. By die kosmiese dimensie van modaliteite tref ons die volgende norme aan: logiese norme, taalnorme, ekonomiese norme, kunsnorme, regsnorme, etiese norme en godsdienstige norme.

By die kosmiese dimensie van individuele en sosiale idiostante strukture tref ons bv. norme aan vir die enkeling asook vir die huwelik, die gesin, die skool, universiteit, staat, die vereniging ens. Hier kom ook die vervlegtingsnorme in sig waar die verskillende samelewingskringe enkapties verbind is.

Binne die kosmiese dimensie van gebeurtenisse tref ons weer norme aan vir die daadwerklike handelinge van die mens, vir die kontingente keuse, vir die middel-doel-bepalings, vir die geskiedenis, ensovoorts.

Hier duik 'n onderskeiding op wat besondere aandag verdien nl. algemene norme en universele norme vir die kontingente behore.

Onder algemene norme word volgens bogenoemde uiteensetting verstaan, norme wat vir alle menslike handelinge te alle tye en omstandighede geldig is. As voorbeeld hiervan kan o.a. genoem word die Tien Gebooie. Dit geld vir elke mens in alles wat hy doen en waar hy ook mag wees, dat hy bv. nie mag steel nie, nie mag egbreuk pleeg nie, God en sy naaste mag liefhê. Nog 'n voorbeeld van algemene norme is die juridiese norm,

127) Stoker, H.G. Beginsels en Metodes in die Wetenskap. p.222.

jy moet aan elkeen doen wat hom toekom. Voorts kan bv. genoem word dat alle modale norme algemene norme is.

Algemene norme vind hulle oorsprong in die skeppingswil van God.

Universele norme vir die kontingente verdien besondere aandag.

Die probleem van die kontingente moet hier kortliks gestel word. Soms word die kontingente die „toevallige"genoem. Hiér word „toevallig" egter nie in die sin van die onverwagte of van die absolute toeval gebruik nie, maar eerder in die sin van die „die nou-hier-gebeurlike." In hierdie sin word die kontingente bedoel. Die kontingente is dus eenmalig (geskied toe en daar, nou en hier, dan en daar) en onherhaalbaar. Maar alle kontingente gebeure stel aan die mens hier-nou of dan-daar, wat hy behoort te doen. Al die betrokke kontingente behore kan saamgevat word met die universele norme vir die kontingente behore.

Die algemene norme geld te alle tye en omstandighede vir alle menslike handelinge. Maar onder die beskikking van God gaan die geskiedenis voort en kom die mens telkens voor nuwe omstandighede, geleenthede, situasies en daarmee voor nuwe take te staan, wat elk in sy uniekheid aan die mens sy kontingente behore stel. Hierdie kontingente behorenseise kan in universele norme vir die kontingente behorenseise saamgevat word. As voorbeeld van sulke norme kan genoem word: wat jou hand vind om te doen, doen dit met al jou mag; wat swaarste is, moet swaarste weeg; handel onder alle omstandighede eewigtig, ensovoorts.

Die universele norme eis dan in elke individuele geval dat aan die nuwe eise van daardie geval voldoen sal word. Hierdie norme laat die eenmalige, die ‚onherhaalbare' van elke gebeurtenis tot sy reg kom. In Gods Woord vind ons ook voorbeelde van die kontingente bepalings: „daar is 'n tyd

om dit te doen en tyd om dat te doen;"[128] „elke mens het sy tyd";[129] „sy tyd het nog nie gekom nie";[130] „let op die tekens van die tye",[131] ensovoorts.

Enkele voorbeelde waar die kontingente behore duidelik in sig is kan hier gegee word. Die destydse eerste Minister van die Republiek van Suid-Afrika, dr. H.F. Verwoerd moes by geleentheid besluit of Suid-Afrika binne die Statebond sou bly of nie. In daardie oomblik het dr. Verwoerd voor 'n kontingente situasie gestaan wat uniek, onherhaalbaar en eenmalig was. Hierdie betrokke histories gegewe moontlikheid van vooruitgang eis dat „wat die swaarste is, moet die swaarste weeg", „handel ewewigtig", en in die kontingente behore vind die Eerste Minister leiding om tot 'n beslissing te kom. Hier het die kontingente behore die deurslag gegee. Nog 'n voorbeeld kan genoem word. 'n Jongman moet besluit wat hy wil word. Hierdie kontingente situasie is gelaai met behorens-eise. Hierdie vraag verskil van jongman tot jongman, want elkeen het sy eie aanleg, talente, omstandighede, geleenthede en eie situasie. In hierdie situasie word die jongman gelei deur die kontingente behore: waarvoor het ek aanleg, waaraan het my land en volk 'n tekort, waarvoor het ek die beste middele ens. Die leiding van die kontingente norme wys na die eise van die kontingente behorenseise.

Die kontingente behore kan dus onder universele norme vir die kontingente behore saamgevat word. As voorbeeld hiervan kan ook nog die volgende geld: doen op die regte tyd die regte ding, handel wys, handel taktvol, handel in perspektief, reformeer. Dergelike universele norme laat elke kontingente (elke eenmalige, onherhaalbare) gebeurtenis in sy eenmaligheid tot sy volle reg kom.

Die kontingente behore (en die universele norme wat hulle saamvat) vind hulle oorsprong in die bestieringswil van God.

---

128) Vgl. in die verband Prediker 3:1-8.
129) Vgl. Pred. 7:17.
130) Vgl. loc.cit.
131) Vgl. Matt. 16:3.

Universele norme vir die kontingente behore kan nie tot die algemene norme (en andersom) herlei word nie, maar mag ook nie (en andersom) van die algemene norme geïsoleer word nie. Met elke kontingente beslissing volgens 'n universele norm staan die mens onafskeidbaar ook onder die betrokke algemene norme. Die mens kom nooit van die algemene norme se gelding los nie.

Ons het dit reeds gestel dat die moontlikheid van keuse die mens toerekenbaar maak. Hier word bygevoeg dat die onderworpenheid van die mens aan algemene norme en universele norme vir die kontingente behore, voorwaarde is vir menslike verantwoordelikheid.

Die normeleer is vir die perswese van fundamentele betekenis. Alle take van die pers is onderworpe aan algemene norme en universele norme vir die kontingente en om die rede is die taakvervulling van die pers 'n verantwoordelike daad.

4. Menslike gebrokenheid.

(a) Inleidend. In die gedeelte wat oor die lewens- en wêreldbeskouing handel, is daarop gewys dat God die wêreld en die mens goed geskape het, maar dat die mens in sonde geval en dat die kwaad tot die hele skepping deurgedring het.[132] Hierdie waarheid moet ook kortliks behandel word met die klem hier op die menslike onvermoë om sy bestemde plek en rol in die skepping van God na behore in te neem.

(b) In die skepping het die mens 'n besondere plek ontvang. Stoker wys die plek van die mens soos volg aan: „In sy verhouding tot die kosmos (stof, plant, dier en mens) heers die mens en skep hy kultuur. In sy verhouding tot die mens (as beelddraer van God) sorg hy in liefde. In sy verhouding tot God, dien hy God in totalitêre liefde (met sy hele hart, met sy hele verstand, met sy hele siel en met al sy kragte)."[133] Die mens antwoord met al hierdie handelinge

---

132) Vgl. p. 30.

133) Stoker, H.G. Oorsprong en Rigting. p. 102.

op die moontlikhede wat in die skepping van God gegee is en vervul dus sy taak en bestemming in hierdie wêreld. Dit is ook die God-gegewe roeping wat die mens in hierdie wêreld ontvang waardeur hy nie alleen homself nie maar ook sy medemens en die hele kosmos tot bestemmings-verwesenliking lei. In hierdie sin is die mens die kroonpunt van Gods skepping wat as „plaasvervanger van God op aarde" 'n koninklike opdrag van God het, wat sy taak op aarde as die van 'n koningskind beskou.

(c) Van die eintlike doel wat God vir die mens gestel het, het daar egter nie veel tereg gekom nie. In plaas daarvan dat ons 'n wêreld sien waarin die mens roepingsvervullende diens verrig, moet ons saamstem met die beeld wat Stoker van die geskiedenis van die mens gee: „..... die huidige tyd getuig van spanning, worsteling, stryd, kwaad en sonde op alle lewensterreine."[134] Die oorsprong van hierdie ontwrigting in die lewe van die mens kan teruggelei word na die sondeval. In plaas daarvan dat die mens, as kroon van Gods skepping en geskape na die beeld van God, sy roeping vervul, staan die mens in hierdie wêreld, in sy gebrokenheid en verslaafdheid aan die sonde, onmagtig om te doen wat hy behoort te doen. Vanweë die sonde van die mens het die kwaad ook deurgedring tot die ganse skepping van God. Hierdie gebrokenheid van die mens is die oorsaak van al die spanning, stryd en persoonskending in die wêreld en is veral opvallend in die menslike verhoudinge. Die mens het dus uitgeval uit sy oorspronklike plek en die doel van God met sy lewe in die kosmos gemis. Daarom word daar gepraat van die gebroke lewe van die mens. Stoker het die gevolg van die sondeval vir die mens en skepping soos volg weergegee: „Deur die sondeval is die beeld van God in die mens wel nie vernietig nie.... Maar ..... verduister, besmet, vervals, gekrenk en verbreek. Daardeur kan ook die kosmos (wat met die mens een in lotsgemeenskap is en vir sy bestemmings-verwesenliking op die mens aangewys is) nie ongeskonde bly nie."[135]

134) Id. Beginsels en Metodes in die Wetenskap. p. 271.
135) Ibid. p. 259.

(d) Die mens het egter met die sondeval nog méns gebly. Deur die goedheid van God, deur sy algemene genade en voorsienige bestier, handhaaf God nog die skepping. God het nie die wêreld en die mens aan sy lot oorgelaat nie maar „ deur die soenverdienste van Jesus Christus is in prinsipe die mens (wat wedergeboro is) van sonde verlos en die wêreld herskape - ‚in prinsipe', want aktueel het mens en kosmos vandag nog aan sonde en kwaad deel."[136] Daarom is die mens verplig om as herskape mens sy roeping in hierdie wêreld te vervul en die stryd aan te knoop tussen die waarheid en die leuen, „'n stryd wat in laaste instansie (in die woorde van Augustinus) 'n stryd is tussen die Ryk van die Lig en die ryk van die duisternis."[137]

(e) Een van die belangrikste gevolge van die sondeval in die mens se lewe is dat hy uit die gebrokenheid van sy lewe dikwels een van die „brokstukke" van sy oorspronklike lewe aangryp en hom daaraan wil verslaaf. Die mens kan hom nie vanuit sy eie gebroke lewe herbegrond nie. Dit kan alleen geskied deur die prinsipiële herstel van die mens deur die soenverdienste van Christus. Derhalwe moet die mens in sy gebrokenheid, ook die gelowige, met erns soek na die plek wat God hom in die skepping aanwys as heerser in die kosmos, as iemand wat in liefde vir die mens sorg en God dien. Slegs wanneer die mens sy lewe in hierdie lig sien, kan daar van roepingsvervulling en bestemmings-verwesenliking sprake wees.

(f) Vir die perswese is dit van belang om op die gebrokenheid van die mens se lewe te let, 'n gebrokenheid wat deurwerk in die verhouding van mens tot mens en van samelewingskring tot samelewingskring en in alle kreatuurlike take van die mens se lewe, ook m.b.t. die perstake.

5. <u>Die probleem van die geskiedenis</u>.

(i) <u>Inleiding</u>. Daar is 'n besondere rede waarom die probleem van geskiedenis hier behandel word. Die probleem van

136) Ibid. p. 271.
137) Ibid. p. 259.

geskiedenis hang ten nouste saam met die take van die pers. Die persinstituut versamel nuus, deel dit mee, gee daaraan toeligting en gee aan die lesers voorligting. Uit die aard daarvan is nuus histories. In 'n bepaalde sin kan selfs gesê word nuus is brokkies kontemporêre geskiedenis, dit wat telkens in die hede plaasvind.

Geskiedenis is voortgang van die kontingente gebeure en nuus is ook telkens kontingent van aard.

Met die voltrekking van sy nuustaak beïnvloed die pers op sy eie wyse ook die gang van sake in die geskiedenis.

Die persgebeure is dus meer as bloot 'n historiese proses, omdat die pers in sy taak en roeping aan die geskiedenis leiding gee.

(ii) In 'n voorafgaande gedeelte is die probleem van behorenseise (w.o.) norme vir die menslike handelinge uiteengesit en is daarop gewys dat algemene norme vas en onveranderlik is en te alle tye en omstandighede vir alle menslike aktiwiteite geld. Dit hang ten nouste saam met die „feitelike geskiedenis, d.w.s. die geskiedenis wat deur die eeue heen werklik geskied."[138]

138) Ibid. p. 223.
Stoker beperk ‚geskiedenis' nie tot die politieke geskiedenis of geskiedenis van volke nie, „maar verstaan onder geskiedenis die héle geskiedenis, die éénheid van alle (onderling saamhangende) besóndere geskiedenisse van bv. individue (na wie biografieë verwys); van huwelik, gesin, volk, staat en maatskappy (w.o. van 'n universiteit, 'n kultuurvereniging en 'n industrie); én van die kerk (as instituut); verder van denke en kennis (w.o. wetenskap), taal en kuns; van ekonomie, reg en die sedelike (resp. die sedes); en van godsdiens (in enger sin); ook van die tegniek; ensovoorts. Ons sien al hierdie en ander besondere geskiedenisse tesame as één sámehangende geheel."
Loc. cit.

Die oorsprong van geskiedenis kan teruggevoer word tot die skepping van die mens, en in die sin behoort tot geskiedenis „die hele verlede van die mensdom, sy hede en sy héle toekoms....."[139] Waar die mens is ‚handel' hy, is hy aktief, en daar is geskiedenis.

(iii) In primêre sin word geskiedenis aan ons in die kosmiese dimensie van gebeurtenisse openbaar. Die menslike geskiedenis is die „unieke tipe gebeurtenisse waaraan die mens alléén deel het."[140] Die mens (geskape na die beeld van God het 'n moontlikheid van keuse,is dus toerekenbaar, is aan norme onderworpe en is dus verantwoordelik, en tot vryheid bestem) kan in sy kultuurvorming stof, plant en dier beheers, vir die mens sorg en godsdiens beoefen en daarmee ook die nuwe tot stand bring, 'n gebeurtenis wat nog nie voorheen plaasgevind het nie. Daar is wel kontinuïteit in die geskiedenis in sover dit die voorafgaande gebeurtenisse veronderstel en daarop voortbou, maar die geskiedenis is ook diskontinu vanweë die totstandbring van die telkens nuwe wat nie uit die voorafgaande verklaar kan word nie.

(iv) Geskiedenis kan as <u>voortgang</u> beskou word, d.w.s. „'n toerekenbare en verantwoorde voortgang van opeenvolgende, saamhangende menslike handelings."[141] Geskiedenis is ook meer as voortgang en kan in bepaalde sin as antwoord van die mens beskou word op die moontlikhede wat hy ontdek en met hierdie ontdekking doen die mens wat sy hand vind om te doen. Geskiedenis as antwoord word deur Stoker soos volg beskrywe: „Dit is voortgaande (toerekenbare, verantwoordelike) antwoording van die mens op die opeenvolgende take (vrae, eise, probleme) in die opeenvolgende tydsgewrigte en situasies aan die mens gestel."[142] Die moontlikhede wat aan die mens geskenk word geskied altyd ooreenkomstig sy aard, aanleg, talente en funksies. Hierdie moontlikhede stel aan die mens sy taak en hou die eis in dat die moontlikhede verwesenlik sal word, en die antwoord van die mens hierop is geskiedenis. Stoker stel dit in die volgende woorde: „Met sy antwoorde daarop (met sy

139) Ibid. p. 224.
140) Loc.cit.
141) Ibid. p. 225.
142) Ibid. p. 226.

realisering van die moontlikhede, met sy vervulling van die aan hom gestelde take) vorm die mens geskiedenis. Geskiedenis is antwoord-ing op wat van hom gevra word."[143]

(v) Vertikaal gesien vind die moontlikhede van die mens en aan die mens gestel, hul oorsprong in God. God skenk aan die mens sy moontlikhede, sy take en verlang van hom om die moontlikhede te verwesenlik. In die menslike antwoording op die aan hom deur God gestelde take is die mens besig met roepingsvervulling. Stoker het hierdie treffende waarheid so beskryf: „So gesien is die (héle) geskiedenis menslike antwoord-ing op die roep-ing van God, roepingsvervulling. Met sy roepingsvervulling verwesenlik die mens nie net sy bestemming op aarde (resp. in die kosmos) nie, maar ook dié van die kosmos (w.o. stof,plant en dier) omdat bv. die natuur die moontlikheid bevat en bestem is om tot kultuur omgevorm te word. Geskiedenis en roeping is onskeibaar."[144] Vir elke mens individueel en vir elke samelewingskring afsonderlik en met ander samelewingskringe gesamentlik, is daar 'n ryke verskeidenheid van moontlikhede gegee om te verwesenlik. Die roeping van die mens verskil dan ook aangesien daar verskil is van die gegewe moontlikhede vir elke mens en elke samelewingskring. Die mensheid as geheel het egter 'n „groot en omvattende gesamentlike roeping!"[145] Die geskiedenis vind sy verdiepte religieuse sin daarin dat God die mens in sy take (roeping) lei deur die moontlikhede en take aan hom te stel wat hy volgens sy aard, aanleg, talente en funksie behoort te vervul. In die sin is die mens medewerker van God in hierdie wêreld.

(vi) Vanweë die moontlikheid van keuse kan die mens verkeerd antwoord op die take en roeping aan hom gestel. Die grond hiervoor word in die sondeval van die mens gevind waardeur die mens beskikker van sy eie lot en bestemming wou word. In hierdie lig is dit moontlik dat kultuur ook tot wankultuur gevorm kan word en dat die diens van die mens ook met opstand teen God verbind word. Daarom word die gang van die geskiedenis gekenmerk deur vooruitgang en agteruitgang deur 'n stryd tussen

143) Loc.cit.
144) Loc.cit.
145) Ibid. p. 227.

die Ryk van die Lig en die ryk van die duisternis.[146)]

(vi) Vir die ondersoek na die vryheid van die pers is dit van besondere betekenis om te let op die „historiese wet." Volgens die Wysbegeerte van die Skeppingsidee is die héle skepping kreatuurlik en aan die wetsorde van God onderwerp. Om hierdie rede kan die geskiedenis geen uitsondering wees nie. Geskiedenis veronderstel moontlikheid van keuse, toerekenbaarheid, verantwoordelikheid en vryheid, en die algemene kousale wet (of algemene norme) sou hieraan nie reg laat geskied nie. Elke historiese gebeurtenis is eenmalig, dit is 'n unieke en onherhaalbare gebeurtenis. Stoker sien die historiese wet juis hierin: „Die historiese wet, moet m.a.w. 'n ‚individuele' resp. ‚eenmalige', wet wees; d.w.s. 'n wet vir die telkens ‚eenmalige'; 'n wet wat die ‚eenmaligheid' van elke historiese gebeurtenis (in sy verband met voorgaande en nakomende gebeurtenisse) tot sy reg laat kom."[147)] Stoker vind dit in die „voortgangswet". Hierdie wet eis „dat die geskiedenis sal voortgaan in elke tydsgewrig en situasie ooreenkomstig die take (moontlikhede, eise) van die betrokke tydsgewrig en situasie in sy verbondenheid met die take en taakvervulling van vorige en volgende tydsgewrigte en situasies."[148)] Dit kom dus daarop neer dat die mens elke nuwe taak sal verrig deur van die oue uit te gaan en sodoende rekening te hou met die kontinuïteit en diskontinuïteit van die historiese proses. Die historiese wet erken die verskil van mens tot mens, van samelewingskring tot samelewingskring, van tyd tot tyd en van plek tot plek. M.a.w. die historiese wet „wil elke besondere historiese gebeurtenis in sy ‚eenmaligheid' erken."[149)] Die historiese wet is dus 'n norm wat gebied (of verbied) en as sodanig tot elke mens gerig is.

(vii) Die betekenis van hierdie paragraaf omtrent geskiedenis lê daarin dat die pers met nuus te doen het en dat nuus telkens handel omtrent die unieke eenmalige en onherhaalbare gebeurtenis. Hiermee moet die pers baie deeglik rekening hou.

146) Vgl. Ibid. p. 228.
147) Ibid. p. 229.
148) Loc.cit.
149) Ibid. p. 230.

Die uiteensetting van die mens as individuele en as sosiale wese is vir die probleem van menslike vryheid en vir die probleem van pers van besondere betekenis. Die mens het as individueel-sosiale besonderheid deel aan verskillende samelewingskringe, elk met sy eie taak, bestemming en behorenseise. Aan elke mens en samelewingskring is daar moontlikhede gegee om te verwesenlik en dit hang van die mens en van die samelewingskring af hoe hy hierdie take verrig en so sy vryheid aktualiseer.

6. Samevatting.

Uit die voorafgaande is dit duidelik wie die mens is en watter plek die mens in die skepping en veral in die menslike samelewing beklee. Hiermee moet die pers rekening hou in die bepaling van sy taak en die aktualisering van persvryheid.

Die perswese en die taak van die pers is kreatuurlik, onselfgenoegsaam en wetsonderworpe (waarby ingesluit word onderworpenheid aan norme.). Om hierdie rede mag niks in die perswese verabsoluteer of vergoddelik of outonoom gestel word nie. Die perswese moet die radikale verskiedenheid in die kosmos (waaronder ook die menslike samelewing) eerbiedig.

Met sy kultuurtaak staan die pers religieus in roepingsvervullende diens van God. Die verlossingswerk van Christus het fundamentele betekenis vir die pers en die pers moet deelneem aan die stryd tussen die Ryk van die Lig en die ryk van die duisternis. Met sy besondere taak behoort die pers mee te werk aan die koms van Gods koninkryk.

D. Die Vryheidsbeskouing.

1. Inleiding, Die woord „vryheid" is afgelei van die Latynse woord „libertas". Gedurende die afgelope drie dekades is daar baie geskryf omtrent „vryheid": vryheid van die individu, vryheid van die pers, vrywording van state, ensovoorts. In baie opsigte het dit 'n soort towerwoord geword waarmee baie misstande op politieke, sosiale en sedelike gebied reggestel moes word. Wurth sien dit as 'n besondere tipering van ons tyd: „En inderdaad, de betoverende kracht van die vrijheidsidee voor groote massa's in onze eeuw, niet het minste onder de jongere generatie, laat zich aan alle kanten maar al te goed bespeuren."[150)]

Die vryheidsgedagte het vir die mens 'n bepaalde gevoelswaarde en baie mense en volke strewe daarna om vry te wees. Die antwoord wat volg op die vraag, wat vryheid is, is egter baie uiteenlopend van aard en die oorsaak moet prinsipieel teruggelei word na die sondige aard van die mens. Hierin lê ook die oorsaak waarom daar soveel misbruik van die vryheidstrewe van die mens gemaak word. Swanepoel waarsku hierteen in die volgende woorde: „Dit is immers die verkeerde gebruikmaking van vryheid wat die grootste gevaar vir 'n gemeenskap se orde en bestaan inhou."[151)] Nog 'n rede vir die wanopvatting omtrent menslike vryheid kan daarin gesoek word dat menslike vryheid losgemaak word van die openbaring in Gods Woord. Tereg merk Slotemaker De Bruine die volgende op: „Neemt de vrijheid. Het woord heeft als leuze immer gegolden en de zaak heeft talloze malen geleid tot anarchie, verbrokkeling, ontbinding en dan dus tot een vuist die den chaos meester kan blijven, Gij zult niet slagen, welk geesteskind gij ook wezen moogt, in het vinden van de ware vrijheid zoo gij niet zoekt in de openbaring van God. Tallozen ontdekken dit thans scherper dan immer tevoren."[152)]

Dikwels heg wetenskaplikes 'n bepaalde betekenis aan

150) Wurth, G.B. De Christelijke Vrijheid. p. 27.
151) Swanepoel, H.L. Strafregtelike Beveiligingsmaatreëls In: Bulletin. Feb. 1966. p. 26.
152) Slotemaker De Bruine, J.R. Geestelijke Vrijheid. p.30.

die begrip vryheid en wil dan die hele vryheidsbeskouing daarvolgens inrig. Stoker waarsku teen hierdie neiging om die volgende rede: „Ons het hier met 'n ‚teoristiese' (nie ‚teoretiese' nie) valse probleemstelling van vryheid te doen, omdat die ondersoeker met 'n teoretiese begrip begin en nie met die kenbare self nie, nie met die idion (of ‚verskynsel'), ‚vryheid' self nie." [153]

Gewoonlik word daar uitgegaan van 'n negatiewe vryheidsbeskouing wat o.a. inhou: „Vrijheid betekent negatief allereerst afwezigheid van dwang. Dwang houdt altijd een inbreuk op de vrijheid in. Hoe meer dwang hoe minder vrijheid."[154] Die negatiewe vryheidsbegrip hou die gevaar in dat die mens geneig is „het ‚vrij van' als wezen der vrijheid uit te roepen."[155] So vind ons bv. dat W.E. Hocking 'n bepaalde tipe liberalistiese vryheid soos volg sien: „The primary suggestion of the term ‚freedom' is the negative one, the abscence of external interference whether to suppress or to constrain. To be free is essentially to be free from something - some arbitrary impediment to action, some dominating power of authority."[156] Die vraag kan gestel word waarvan wil die mens vry wees, vry van God, vry van die medemens, vry van die wêreld waaraan hy behoort? Hierdie negatiewe vryheidsbeskouing is gebaseer op die gedagte dat vryheid sy grond in die vermeende menslike outonomie vind. So 'n vryheidsbeoefening verwerp die openbaringslig van die Woord van God en soek die antwoord in die selfgenoegsaamheid van die mens.[157] Dit lei weer tot 'n valse vryheidsbeskouing en eindelik tot verslawing van die drogbeeld van eie outonomie. Met die raak siening van Berkouwer in die verband kan volmondig ingestem word: „Het servum arbitrium - de onvrijheid - ligt volgens het N.T. juist in de outonomie, in het zelf ter hand nemen van eigen leven, in de zelfbeschikking en

153) Stoker, H.G. Oorsprong en Rigting, p.170.
154) Wurth, G.B. Art. Vryheid. In Christelijke Ensiklopedie. Deel 6. p. 540.
155) Berkouwer, G.C. De Mens Het Beeld Gods. p. 349.
156) Hocking, W.E. Freedom of the Press. p. 54.
157) Hierdie gedagte word ook sterk beklemtoon deur De Lange. Vgl. De Lange, P.W. Die Vraagstuk van die Determinisme en die Indeterminisme besien in die lig van die Nuwe Calvinistiese Wysbegeerte. p.59.

eigenmachtigheid."[158])

'n Verdere vervalsing van die vryheidsprobleem is om 'n partikuliere vryheid (bv. godsdiensvryheid, sedelike vryheid, spraakvryheid, staatsvryheid, ens.) te verhef tot totale menslike vryheid. Totale menslike vryheid kan nie uit een of ander partikuliere vryheid verstaan word nie.

Om tot die kern van die vryheidsprobleem deur te dring moet daar gevra word na die openbaringslig wat die Woord van God hieromtrent aan ons gee. Tereg het Berkouwer opgemerk: „Juist daarin komt de vrijheid in het volle licht te staan, omdat de mens hier zijn plaats hervindt en van de waan zijner autonomie wordt bevrijdt tot de dienst van God."[159])

Daar moet duidelik onderskei word wat onder „vryheid" verstaan word. Die vraag kan bv. gestel word, verstaan ons onder vryheid die beweging en groei van 'n plant na sy eie aard, of die aksie van 'n dier wat kan beweeg, of het dit net met die handelinge van die mens te doen. Dit is verkeerd om maar van die algemene begrip ‚vryheid' te praat, omdat die onderskeie ‚vryhede' tesame nie aan die logiese eenheid van die algemene begrip, ‚vryheid' deel het nie."[160]) Dit is nodig dat ons spesifiek na <u>menslike vryheid</u> sal vra. Menslike vryheid word nie losgemaak van ander tipes vryhede nie, maar juis onderskeidend van en samehangend met ander vryhede ondersoek. Waar ons met die mens te doen het behoort ons ook nou weens die uniekheid en onherleibaarheid van die menslike vryheid ons ondersoek hierop toe te spits. Daarom is die probleem wat hier bespreek word dié van menslike vryheid.

2. <u>Eerste benadering van menslike vryheid</u>.

(a) <u>Moontlikhede vir die mens</u>. God het bepaalde moontlikhede vir die mens in die skepping gelê. Die kosmos

158) Berkouwer, op.cit. p. 363.
159) Ibid. p. 364.
160) Stoker, H.G. Art. Een en ander oor Menslike Vryheid. In Feestschrift. p. 150.

is so geskape dat die mens uit die natuur kultuur kan skep. Die boom word gesaag en daaruit word 'n nuttige meubelstuk gemaak, ystererts word gesmelt en uit die staal word 'n motor gemaak, grond word tot bakstene gevorm om geboue mee op te rig. Fisiese klanke word omvorm tot musiek. Uit die kosmos word bepaalde afleidings gemaak, kennis word versamel en sodoende word wetenskap beoefen. Daar is talryke voorbeelde van die moontlikhede wat God vir die mens in die skepping (kosmos) gelê het en waarmee die mens elke dag kultuurvormend bedrywig kan wees.

(b) Moontlikhede van die mens. God het die mens so geskape dat die mens bepaalde moontlikhede het. Die moontlikhede van die mens lê bv. in die mens self. Die mens se aard, sy aanleg, sy talente en funksies is alles moontlikhede van die betrokke mens. Hy kan bv. bepaalde dinge waarneem en afleidings maak, hy kan praat, dink, gedigte skrywe, hy kan waardeer, hy kan glo. God het aan elke mens volgens sy aard aanleg en talente 'n verskeidenheid van moontlikhede gegee om te verwesenlik. So is bv. vir die persinstituut ook die moontlikhede gegee om nuus te versamel, nuus mee te deel, die koerant te druk ens.

(c) Moontlikhede van keuse as voorwaarde van menslike vryheid en as grondslag van sy toerekenbaarheid. Uit ervaring weet die mens dat hy kan kies wat hy wil doen of laat. Hy kan kies of hy aan sport wil deelneem of sy aandag net aan sy studie wil wy. Hy kan kies of hy in die bank wil werk en of hy 'n Universiteitsloopbaan wil volg. Stoker pas hierdie moontlikheid van keuse bv. toe op die wetenskaplike: hy „het die moontlikheid om dit te ondersoek of dit nie te ondersoek nie....."[161)]

Sonder die moontlikheid van keuse sou die mens nie toerekenbaar wees nie. Maar nog meer, daar sou nie van vryheid enige sprake wees indien iemand nie die moontlikheid het om te kies nie. Derhalwe kan dit gestel word dat die moontlik-

161) Stoker, H.G. Menslike Vryheid. In. Koers. XXXI nr. 7 & 8. Jan.-Feb. 1964. p. 432.

heid van keuse 'n voorwaarde is vir menslike vryheid en as grondslag dáán van sy toerekenbaarheid.[162] Die toerekenbaarheid van die mens beteken dat hy van sy doen en late rekenskap kan gee en dat daar van hom rekenskap geëis kan word omtrent sy dade.

Verder kan ook onderskei word tussen 'n vaste moontlikheid van keuse en 'n kontingente moontlikheid van keuse. Stoker sê hieroor die volgende: „Vaste moontlikheid van keuse (volgens sy vaste aard en struktuur) is in alle tye geskenk..... Kontingente moontlikheid van keuse verskil van mens (as enkeling en as samelewingskring) volgens verskil van persoonsaard,aanleg en talente; volgens verskil van omstandighede, geleenthede en situasies; en daarmee volgens verskil van plek en tyd."[163]

So het die persinstituut die moontlikheid van keuse watter nuus hy wel en watter hy nie sal aanbied nie, hoe hy dit sal meedeel ens. Juis daarom is die pers vir sy handelinge toerekenbaar.

Die moontlikheid van keuse is egter nog nie die keuse self nie, maar is slegs moontlikheid. Stoker beklemtoon dit met dié woorde: „.....moontlikheid van keuse is louter positiewe moontlikheid, geen daadwerklike „handeling" en dus ook geen vryheid nie."[164]

(d) <u>Onderworpenheid aan behorenseise (w o. norme) as voorwaarde van menslike vryheid en as grondslag vir sy verantwoordelikheid</u>. Die moontlikheid van keuse is nie ál voorwaarde van menslike vryheid nie, maar ook die gehoorsaamheid aan behorenseise (w o. norme). Die mens kan alleen vry wees „op voorwaarde dat hy gehoor gee, gehoorsaam is, hom onvoorwaardelik onderwerp aan wat hy behoort te doen."[165] Die mens moet hom onvoorwaardelik onderwerp aan die behorenseise (w o. norme) wat vir die betrokke handeling of

162) Vgl. loc.cit.
163) Id. Die samehangende verskeidenheid van menslike Vryheid veral in samelewingsverband. <u>In</u>. Koers XXXI Nr.9. Maart 1964. p. 474.
164) Id. Menslike Vryheid. p. § 433.
165) Loc.cit.

geleentheid geld. So kan die wetenskaplike bv. nie vry wees as hy nie die feite en wette van sy ondersoekveld asook die norme vir sy denke gehoorsaam nie. Die ongehoorsaamheid van die mens aan behorenseise (w o. norme) beteken dat die mens onvry is. Stoker wys op hierdie waarheid in die volgende woorde: „Waar die mens kragtens sy kiesmoontlikheid die behorenseise (die gegewe leiding) ongehoorsaam is, verloor hy sy vryheid en is hy oorgelewer aan die verslawende magte."[166]

Voorts word daarop gelet dat onderworpenheid aan behorenseise ook die ‚orde' van menslike vryheid waarborg. Waar menslike vryheid en die moontlikheid van keuse identies beskou word, sou die mens na willekeur kies of hy behorenseise gehoorsaam of nie. Die gevolg hiervan sou 'n chaotiese toestand wees waarin die menslike vryheid sy orde verloor. Stoker stel dit baie duidelik: „So bepaal ook gehoorsaamheid aan die orde van die behorenseise die orde van die vryheid. So bepaal (vertikaal gesien) God met sy roeping die vryheidsorde van die mens. Wil die mens (kragtens sy kiesmoontlikheid sy eie vermeende vryheidsidee vorm, skep hy chaos (onvryheid)."[167]

Die behorenseise (d.w.s. norme) is vas. Gehoorsaamheid aan behorenseise staan nie teenoor menslike vryheid nie, maar is juis voorwaarde van menslike vryheid en in hierdie sin kan van menslike vryheid as wetsvervulling gepraat word.

'n Belangrike waarheid waarop gelet moet word,is dat onderworpenheid aan behorenseise die grondslag vorm vir verantwoordelikheid ; want die mens staan onder behorenseise (in fundamentele sin onder die wetsorde van God). Hy beskik nie hieroor soos hy wil nie. Sy onderworpenheid daaraan maak hom 'n verantwoordelike wese, daargelaat of hy die behorenseise gehoorsaam of nie. Dit geld ook vir die persinstituut. Slegs omdat die pers in al sy doen en late onder

166) Id. Beginsels en Metodes in die Wetenskap. p. 266.
167) Ibid. p. 267.

behorenseise (in fundamentele sin onder die wetsorde wat God vir die kosmos en daarmee vir die mens bepaal het) staan, kan hy verantwoordelik optree. Die joernalis mag bv. nie volgens sy eie sin en wil handel sonder om sy onderworpenheid aan behorenseise te erken nie.

(e) Menslike vryheid as toerekenbare en verantwoordelike handelinge op grond van moontlikheid van keuse en gehoorsaamheid aan behorenseise (w.o. norme). Die mens met sy moontlikheid van keuse is toerekenbaar. Hy is die oorsaak van die keuse wat hy maak en wat daarop volg. Die moontlikheid van keuse sê egter nie aan die mens hoe hy behóort te kies nie, en van verantwoordelikheid is daar dan nog nie sprake nie. Dit is albei voorwaardes (die moontlikheid van keuse en die onderworpenheid aan behorenseise) tesame wat menslike vryheid verantwoordelik maak.
In die volgende aanhaling het Stoker dit baie duidelik gestel: „Waar toerekenbaarheid (gegee met moontlikheid van keuse as voorwaarde van menslike vryheid) nog niks stel van wát die mens behóort te doen en hóe hy dit behóort te doen nie, daar bepaal onderworpenheid aan behorenseise (waaronder die mens ás méns staan) dat die mens dít en nié dát en dít sús en nie só nie, behóort te doen; en slegs kragtens gehoorsaamheid aan behorenseise (gegrond in 'n toerekenbare moontlikheid van keuse) kan menslike vryheid verantwoordelik wees."[168]

En so is persvryheid ook eers moontlik kragtens sy moontlikheid van keuse en sy onderworpenheid aan behorenseise.

(f) Die moontlikhede ‚van' en ‚vir' die mens as take (eise, vrae, roep) aan die mens gestel. In die aktualisering van menslike vryheid gaan die inisiatief nie van die mens uit nie. Dit is nie die mens wat sy take aan homself stel nie. Die moontlikhede vir en van die mens word aan die mens geskenk. Stoker het hierdie waarheid soos volg ingesien: „Vertikaal gesien, beteken dit dat die inisiatief by God is, wat die mens d.m.v. die geskenkte moontlikhede tot roepings-

168) Id. Menslike Vryheid. p. 434.

vervulling roep."[169] Die mens mag egter nie die grense van sy moontlikhede oorskry nie. Hy mag homself nie verafgodend van God gelyk wil maak nie. „Hy sal antwoord (heers, sorg en dien) soos die moontlikhede van en vir hom (vraag) dit vereis en nie anders nie."[170]

Die punt van belang is dus dat die moontlikhede vir die mens en van die mens in fundamentele sin deur God self aan die mens gegee word in die skepping. Dié moontlikhede is die take waarvoor die mens elke dag staan in natuurbeheersing, in sy kultuurvorming (w o. sy wetenskapsvorming), in sy menslike verhoudinge en in sy diensaan God. Daagliks kom die mens dus voor eise, vrae of die roep van God te staan waarop hy dan moet antwoord gee. Dit geld ook vir die vryheid van die pers.

(g) Die aktualisering van die moontlikhede van en vir die mens as antwoord. Die moontlikhede van en vir die mens mag egter nie by die eis, die vraag bly nie. Die vraag self bly onaf totdat die antwoord dit af maak. Menslike vryheid as antwoord bring iets tot stand wat die vraag en die moontlikhede van en vir die mens nie tot stand kan bring nie, nl. die aktualisering van die gegewe moontlikhede as antwoord. Stoker het dit soos volg opgesom: „Wat die menslike vryheid as antwoord tot stand bring, is aktualisering van die gegewe moontlikhede, taakvervullende heerskappy, sorg en diens, verwesenliking van die bestemming van die kosmos en van die mens self, asook roepingsvervulling en verheerliking van God. ..... Hiermee kom sy medearbeiderskap van God tot uitdrukking."[171] Elke moontlikheid wat aan die mens gegee word stel aan hom 'n bepaalde eis, roep die mens om 'n taak te verrig. Hierdie moontlikhede word dan geaktualiseer, dit word werklikheid in die antwoord van die mens. Samevattend kan gesê word dat die gegewe moontlikhede van en vir die mens hom tot antwoord roep, en dat die aktualisering daarvan, vryheid is ook in die geval van die pers.

169) Id. Beginsels en Metodes in die Wetenskap. p. 265.
170) Ibid. p. 266.
171) Ibid. p. 265.

(h) Menslike vryheid as antwoord. In die kosmos is daar talle moontlikhede gegéé. Hier word o.a. gedink aan „die moontlikhede vir en van die mens as toerekenbare en verantwoordelike wese, w o. die moontlikhede van die mens met sy aard, aanleg, talente en funksies gegee; die moontlikhede vir die mens met die kosmos (stof, plant, dier en mens) en sy wetsorde gegee (om bv. en o.a. van natuur kultuur te vorm); die moontlikhede aan die mens met sy naastesorg gegee; en die moontlikhede aan die mens (met die openbaring van God in Sy Woord en in Sy skepping asook in die vleeswording van Sy Seun) gegee om God in alles wat hy doen en laat, te dien."[172] In hierdie enigsins lang aanhaling word op treffende wyse opgesom watter moontlikhede aan die mens gegee word. Hierdie moontlikhede skep die mens nie vir homself nie maar ontdek dit.

In die vorige paragraaf is reeds daarop gewys dat die bedoeling van hierdie moontlikhede vir en van die mens is dat dit geaktualiseer sal word. Dié moontlikhede kom dus met 'n beroep of appél na die mens. Vertikaal gesien is dit „God wat aan die mens al sy moontlikhede skenk, en wat deur hierdie moontlikhede die mens roep, d.w.s. hom sy roeping stel."[173] Die moontlikhede kom as verpligtende vrae tot die mens, dit eis van die mens om deur die aktualisering van hierdie moontlikhede sy eie bestemming en dié van die kosmos te verwesenlik.

Die mens wat op hierdie vrae antwoord aktualiseer die moontlikhede wat aan hom gegee word. Hierin lê 'n diepsinnige waarheid i.v.m. menslike vryheid wat soos volg beskrywe word deur Stoker: „Menslike vryheid, nou, is (heersende, sorgende en God dienende) antwoording (antwoord-gee) op die moontlikhede van en vir die mens, wat as verpligtende vrae tot hom kom..... Hy antwoord as hy die hom gestelde take behartig. Hy antwoord as hy die kosmos (stof,plant, dier en homself) beheers, o.a. van natuur kultuur vorm. Hy antwoord as hy in liefde vir sy naaste sorg. Hy antwoord

172) Ibid. p. 263.
173) Loc.cit.

as hy die hom gestelde take behartig. Hy antwoord as hy die kosmos (stof,plant, dier en homself) beheers, o.a. van natuur kultuur vorm. Hy antwoord as hy in liefde vir sy naaste sorg. Hy antwoord as hy God dien. Hy antwoord as hy die bestemming van die kosmos (soos aan hom toevertrou) en sy eie bestemming verwesenlik. Hy antwoord as hy die van God gestelde roeping vervul." [174] Menslike vryheid is dus hierdie antwoording.

Vir menslike vryheid as antwoord word daar bepaalde vereistes gestel. Menslike vryheid is afhanklik van die betrokke moontlikhede en daarsonder is daar nie sprake van antwoord of menslike vryheid nie. Menslike vryheid veronderstel altyd dat die mens 'n moontlikheid van keuse het, anders sou daar i.v.m. menslike vryheid nie van toerekenbaarheid enige sprake wees nie. Menslike vryheid as antwoord, behoort aan die betrokke vrae aan die mens gestel te beantwoord op tweërlei wyse. Enersyds horisontaal deur die kosmiese moontlikhede met hulle wetsbepaaldheid en andersyds vertikaal soos deur Gods bestel, vereis. Hier kom nou 'n belangrike waarheid in sig, nl. die verantwoordelikheid van die mens. Stoker het die gevolgtrekking waartoe hy kom soos volg gestel. „Omdat die mens kan kies (toerekenbaar is) en behorenseise bepaal hoe hy behoort te kies, is menslike vryheid as antwoord verantwoordelik."[175]

Die mens moet homself steeds as kreatuurlik beskou en steeds antwoorder bly op die hom gestelde vrae (take en moontlikhede). Hy mag hom nie bo sy moontlikhede verhef en in vertikale sin aan God die vrae stel nie. Die mens is nie oorspronklik vraer nie maar wel oorspronklik antwoorder op die hom gestelde vrae of moontlikhede.[176]

174) Ibid. p. 263-264.

175) Ibid. p. 265.

176) Stoker lewer interessante kritiek op die eksistensiefilosowe soos, Heidegger, Jaspers en Sartre wat die mens as oorspronklike vraer sien. Volgens genoemde wysgere is die mens die vraende,tot vrae bestem,hy moet tot die end toe deurvra, selfs grensloos vra. In hierdie vraag oor alles vind die geskiedenis ook sy begronding. Daarenteen sien Stoker God as die Vraende,sprekende tot die mens. Die vraag van God het dan 'n dringendheid waardeur die mens primêr geroep word tot antwoord en nie tot vraag nie.
Vgl. Id. Oorsprong en Rigting. p. 167-168.

Die misterie van menslike vryheid lê hierin dat menslike vryheid as antwoord gelei word „deur (die hom geskenkte en gestuurde) moontlikheid van keuse (met behorenseise), soos 'n vraag die antwoord lei."[177)]

(i) Moontlikhede as roepingseise wat hul oorsprong in God vind en menslike antwoordende vryheid as roepingsvervulling. Die moontlikhede wat as roepingseise tot die mens kom, vind hulle oorsprong in God self. Ons het reeds daarop gewys dat menslike vryheid o.a. is, die antwoord wat die mens gee op die aan hom deur God gestelde roep. Stoker het dit so gestel: „Omdat (vertikaal gesien) God die mens tot vryheid roep deur hom sy aard, aanleg en talente en sy omstandighede, geleenthede en situasies te skenk, is menslike vryheid roepingsvervulling."[178)] M.a.w. die roep (wat vanuit die kosmos en veral uit die Woordopenbaring van God tot die mens kom) word deur God aan die mens gestel en die antwoord van die mens daarop is roepingsvervulling.

Die roepingsvervulling van die mens is die antwoord van die mens waardeur hy die natuur beheers, in liefde vir sy naaste sorg en God dien. Beter as wat Stoker dit gedoen het kan hierdie waarheid nie uitgedruk word nie: „God het aan die mens sy ontiese moontlikhede geskenk, byvoorbeeld om oor die natuur te heers, kultuur te skep, vir homself en sy naaste in liefde te sorg, God te dien, te eer en te verheerlik en met al hierdie moontlikhede (reg verstaan) as kreatuurlike mede-arbeider van God en onder sy leiding en bestiering die bestemming, nie net van die mens nie maar van die hele skepping te verwerklik en sodoende as verantwoordelike middele in Gods hand op kreatuurlike wyse tot die verwesenliking van Sy raadsplan by te dra."[179)] Ware menslike vryheid is dus alleen moontlik wanneer die mens beantwoord aan die bestemming wat God vir hom as mens bedoel het. Vryheid as bestemmingsverwesenliking sluit egter in dat die mens nie alleen sy eie

177) Id. Die samehangende verskeidenheid van menslike vryheid veral in samelewingsverband. In Koers. Jaargang XXXI nr.9 Maart 1964. p. 479.
178) Id. Mensbeskouing in die Wysbegeerte. In. Koers Deel 27 nr. 7 en 8. Jan.-Feb. 1960. p. 196.
179) Id. 'n Kursoriese besinning oor Menseregte. In Bulletin. Jaargang I. Nr.3. Nov. 1966. p. 134.

bestemming verwesenlik nie maar ook die bestemming van die kosmos as geheel. Só gesien is die roepingsvervulling van die mens ook bestemmingsverwesenliking en beantwoord die mens sy God-gegewe roeping in die kosmos. Uit bogenoemde is dit duidelik dat die vryheid van die mens religieus gesien as roepingsvervulling beskryf kan word, omdat die mens as skepsel van God 'n roep (moontlikhede in homself en in die skepping) van God ontvang om in hierdie wêreld op verantwoordelike wyse mee te werk met God, en Sy doel met die skepping te verwesenlik. De Lange het hierdie waarheid in die volgende woorde saamgevat. „Voeg nou hierby die besondere doel van die natuur wat deur elke mens beheer moet word ten einde dit in Godverheerlikende kultuur te skep, dan kom die hele saak hierop neer, nl. dat God elke mens tot die vryheid roep waartoe hy bestem is. Hierdie vryheidsverwesenliking is in die mees intieme sin van die woord roepingsvervulling. Roepingsvervulling omvat die hele lewe van die mens sodat dit in die laaste instansie ware menslike vryheid in die volle sin van die woord is."[180]

Die feit dat die mens in sonde geval het en die kwaad tot die skepping (kosmos) deurgedring het, het besondere implikasies vir die roepingsvervulling van die mens. Stoker wys op die gevolge van die sonde vir die roepingsvervulling van die mens: „Deur die sonde is die mens van sy diepste grond ontwortel. As sondeslaaf het hy die moontlikheid om vir of teen God te kies, verloor. Maar die mens het mens gebly. Deur die ontworteling het die mens nie sy vryheid en heerskappy en antwoord verloor nie, maar dit is verbreek en vervals (met verslawing deurtrek). Nog brand vryheidsliefde in sy hart, maar dit het sy oorspronklike gaafheid verloor."[181] Sonde beteken letterlik om jou doel te mis.[182] Vanweë die sondeval het die mens sy doel gemis en kan hy nie beantwoord aan sy oorspronklike roepingsvervulling nie. As sondige wese is die mens nie vry nie maar handel hy onvry. Potgieter stel hierdie waarheid soos volg: „Wat die vryheid betref, kan

180) De Lange, Op.cit. p. 66.
~~181)~~ Dieselfde gedagte word ook deur Heyns beklemtoon. Vgl. Heyns, J.A.
In. Die Kerkbode 13 Maart t 1963. p. 359.
181) Stoker,H.G. Die mensbeskouing in die Wysbegeerte. In Bulletin. Deel 27.Nr.7 en 8. Jan.-Feb.1960.p. 194.
182) Vgl. H. 2. p. 70.

gesê word dat die gevalle mens dit as bloot formele kategorie wat eie aan sy wese en dus onvervreembaar is, behou het, maar dat dat hy terwyl selfs in sy diepste wese en in sy ganse natuur verdorwe is, verkneg is deur die sonde. Met ander woorde hy is in alles en in alle opsigte 'n slaaf van die sonde."[183] Die mens as sondige wese kan dus nie slaag in sy oorspronklike doel, nl. om die mens en die kosmos tot ware bestemmingsvervulling te lei nie.

Die Woord van God leer ons egter dat Christus nie net die mens uit sonde verlos nie, maar ook die kosmos van die kwaad. Deur die soenverdienste van Christus word die ganse kosmos herskep en teruggelei na sy oorspronklike toestand. Hierdie waarheid word treffend beskrywe in die eksegese van Efes.1:10: „God wil..... die huis van sy ganse skepping weer bring in die toestand waarin dit was voor die sondeval: Hy gaan alles weer verenig in Christus as middelpunt. Met die dinge .... aarde is, word bedoel die engelewêreld en die menswêreld, die uitspansel, die aarde en alle skepsels daarop, vgl. Kol. 1:19, 20. Niks word uitgesluit nie, behalwe die wat vir ewig verlore is."[184] Die mens word dan herstel en in staat gestel om in sy roepingsvervulling so te antwoord op die moontlikhede wat God aan hom stel dat sy menslike vryheid as antwoord ook bestemmingsverwesenlikend kan wees.

Met die oog op die ondersoek van persvryheid moet veral gelet word op die deurwerking van sonde en kwaad op die perswese, op al die euwels wat in die perswese opgemerk word en op die taak wat die Christen in die verband het.

3. Die tweede benadering van menslike vryheid, uitgaande van ~~ver~~ die verhouding van mens tot natuur (en kultuur), mens en God.

(a) Vryheid as natuurbeheersing en kultuurskepping. Die mens is deel van die skepping van God en in die aktualisering

183) Potgieter, op.cit. p. 57.
184) Die Bybel met verklarende Aantekeninge. Deel III.p. 76. Vgl. ook R.M. Röpke In Encyclopaedia of Religion and Ethics. Deel VII. p.907.

van menslike vryheid kan die mens hom nie losmaak van die kosmos (stof, plant, dier en mens) nie. God het aan die mens 'n taak (roeping) gegee om die kosmos aan hom te onderwerp en daarvoor te heers. Hierdie natuurbeheersing is altyd beperk tot die moontlikhede wat God daarin gelê het en onderworpe aan die wetsorde wat God daarvoor bepaal het. Dié besondere opdrag kom tot ons uit die Woord van God self; „En God het hulle geseën en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat kruip op die veld." (Gen. 1:28). Die gelowige sien in hierdie uitspraak die kultuuropdrag van God aan die mens en juis in die uitvoering van hierdie opdrag vind die mens sy ware vryheid in sy verhouding tot die kosmos. Stoker stel dit in die volgende woorde: „Hierdie uitvoering van die kultuurgebod (Gen. 1:28), hierdie heer-wees en as-heer-handel, hierdie heerskappy, be-heer-ing, beheersing (van stof, plant, dier en homself), hierdie heer-lik-heid (in dubbele sin verstaan) is menslike vryheid."[185] Dit is dus duidelik dat die probleem van menslike vryheid nie beperk is tot menslike verhoudinge nie, maar dit raak beslis ook die kosmos waarvan die mens deel is. Daarom sal die mens sy vryheid o.a. daarin vind deur te vra na die moontlikhede wat God in die natuur gelê het, en dit te aktualiseer en bv. wetenskap, taal, kuns, ekonomie, ens. te skep.

Dink ons aan die verskeidenheid van take waarmee die mens hom in sy heerskappy besig kan hou, dan vind ons dat sy kultuuropdrag 'n groot en heerlike roeping is. Die mens vorm 'n staat, vorm 'n huisgesin, bou 'n huis, stig 'n skool en universiteit, bewerk die aarde, maak meubels, druk koerante ens. In dit alles tree hy op as heer in die skepping van God. En juis in daardie verskeidenheid van take wat hy kan verrig, besef ons dat die mens deur God bestem is om deel te hê aan die heerskappy. Om hiér te wees as deel van die kosmos, hou vir die mens in dat hy die doel van God met hom

185) Stoker, H.G. Beginsels en Metodes in die Wetenskap. p. 262.

as mens daarin sien dat hy die roeping van God in die kosmos antwoord soos God dit van hom verwag. In die sin is hy heer van die kosmos en daarin is sy vryheid geleë. Juis in die gedagte dat God aan hom as die kreatuurlike wese die taak en roeping gee om heer te wees van die skepping, is daar 'n aansporing vir die mens om te beantwoord aan die eise van God en waarlik vry te wees. Met watter vorm van be-heersing of met watter kultuurtaak die mens besig is, in alles wat hy doen, moet hy God-verheerlikend optree. Wat Stoker in die volgende aanhaling van die wetenskap sê, kan goedskiks ook van elke kultuurtaak van die mens gesê word: „Die hoogste doel van die wetenskap is meteen die hoogste doel van die hele lewe van die mens, van sy bestaan en van al sy doen en late, nl. die eer en verheerliking van God Drieënig, uit Wie, deur Wie en tot Wie alle dinge - ook die menslike wetenskap is; van Hom wat alles bestier (ook die gang van die wetenskap) en alles (ook die wetenskap self) onder Sy wetsorde plaas; van Hom wat alléén algenoegsaam en absoluut is. Hierdie doelstelling oorwin verabsolutering (byvoorbeeld van mens of wetenskap) in die beoefening van wetenskap."[186] Die mens wat hierin slaag is heer in Gods skepping en is waarlik vry. En tog moet die heerskappy en kultuurskepping van die mens, d.w.s. sy vryheid, altyd as kreatuurlik beskou word, dit is menslike werk en sal onderhewig wees aan die swakhede en onvolkomenheid van alle menslike handelinge. Ten spyte hiervan gee Stoker aan die mens se kultuurtaak so 'n treffende kwalifikasie. „Natuurlik is menslike vryheid as heerskappy menslik, dit wil sê kreatuurlik, onselfgenoegsaam, wetsbepaald, afhanklik ensovoorts. Maar tog is dit as heer-skappy van koninklike adel, iets wat tot 'n koningskind behoort."[187] Menslike vryheid as heerskappy word daarin gevind dat die mens die kosmos so wil beheers dat dit beantwoord aan die doel wat God daarvoor gestel het. As koningskind heers die mens dan in en oor die skepping van God.

186) Ibid. p. 143.

187) Id. Die Mensbeskouing in die Wysbegeerte. In. Bulletin. Deel 27. Nr. 7 en 8. Jan.-Feb. 1960. p. 184.

(b) Vryheid as sorg vir die mens (homself en sy naaste; enkeling en samelewingskring). Menslike vryheid in sy verhouding tot die kosmos gesien is heerskappy. Menslike vryheid word in hierdie paragraaf veral gesien in verband met die mens self.

Die opdrag van God om te heers oor die skepping, sluit ook die mens in. Die Tweede Gebod lui baie duidelik: jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Die heer-wees in menslike verhoudinge lê dus daarin dat die mens in liefde vir mekaar moet sorg. Naasteliefde sluit egter nie selfliefde uit nie. Die mens se liefdesorg begin by homself - bv. reeds in sy selfbeheersing, in sy heer wees oor homself. Dit beteken nie dat selfliefde tot selfsug verval nie, maar „liefde as toerekenbare en verantwoordelike self-behartiging, met ander woorde, 'n sedelik geregverdigde asook egte en ware selfliefde (waaronder self-sorg), iets wat sedelik goed is."[188] Die selfliefde vind sy grond daarin dat die mens na die beeld van God geskape is en „in selfliefde handelend, handel jy as beeld van God, bly jy handelend jouself as geskape beeld van God getrou."[189] In sy selfliefde handel die mens ook vry deur die moontlikhede wat God aan hom gegee het as persoon, te aktualiseer. Die mens is vry wanneer hy sy talente ontwikkel, sy roeping vervul, sy naam in ere hou, sy liggaam rein hou, ens.[190] In fundamentele sin is die mens aan God verantwoording verskuldig wat sy ‚self-beheer' betref.

Liefdesorg vir jou naaste gee aan menslike vryheid 'n besondere inhoud. Die mens is bv. aangewys om ‚heer' te wees in sy verhouding tot ander. Dit word bv. gegee in die gesagsverhouding tussen ouer en kind. Die ouer ‚heers' oor die kind met sorgende en beskermende liefde. In hierdie ‚heer'-wees is die ouer vry as gesaghebber. Die kind wat gesagsonderdaan is, is in sy gehoorsaamheid aan die ouer ook vry omdat hy gehoorsaam is m.b.t. wat hom te doen staan.

188) Id. Oorsprong en Rigting. p. 255.
189) Ibid. p. 256.
190) Vgl. Ibid. p. 257.

Stoker het menslike vryheid as liefdesorg soos volg saamgevat: „'n Aanduiding van menslike vryheid in sy verhouding tot die mens as méns (resp. as beelddraer van God) gee die tweede liefdesgebod: jy sal jou naaste net so lief hê as jouself. As ons hierdié liefde ondersoek blyk dit 'n sorg te wees. Met sorgende liefde (ook in gesagsverhoudings) word intieme persoonlike gemeenskap gevorm, deel mense mekaar se vreugde, dra hulle mekaar se laste, help hulle mekaar, waak hulle sorgend vir die onderlinge belange ensovoorts."[191]

Die menslike vryheid as liefdesorg geld vir alle inter en intramenslike verhoudings. Dit geld waar mens en mens mekaar in aanraking is en leef, d.w.s. interindividueel. Maar die liefdesorg geld ook tussen enkeling en samelewingskring en samelewingskringe onderling. Hierdie liefdesorg sou ons bv. aantref binne die samelewingskringe van huwelik, gesin, volk, staat, kerk, en dan ook bv. tussen volkere en state. Van heerskappy, soos in die geval van stof,plant, dier en mens is hier nie sprake nie, maar wel liefdesorg vir mekaar. Wat hierdie verhouding betref sluit ons aan by die gedagte van Stoker: „..... dan moet ons veral let op die intiem-persoonlike band wat liefde tussen mens en mens stig. Hier is van heerskappy geen sprake nie, maar ook nie van 'n totalitêre oorgawe soos in die geval van die liefde tot God nie."[192]

Menslike vryheid as liefdesorg het ook as voorwaarde dat die mens 'n moontlikheid van keuse het en dat dit onderworpe is aan behorenseise. Liefdesorg is 'n héle menslike vryheid wat hom in talryke partikuliere vryhede uitdruk.

Bogenoemde is van besondere betekenis vir die perswese. Persvryheid as liefdesorg beteken dat die pers o.a. in liefde sorg vir die lesers van die koerant en diens lewer aan die samelewingskringe waarmee dit vervleg is.

(c) <u>Vryheid as diens van God</u>. Horisontaal gesien, kan

191) Id. Menslike vryheid. p. 443.
192) Ibid. p. 444.

menslike vryheid as heerskappy beskryf word. Maar menslike vryheid moet ook vertikaal gesien word in verhouding tot God. Hierdie verhouding is basies en lê in fundamentele sin aan die horisontale verhouding ten grondslag. Só gesien is daar by die mens as kreatuurlike wese geen sprake van vryheid as heerskappy nie, maar wel as totalitêre diens van God in alles wat die mens doen en laat. Hierdie waarheid word deur Stoker treffend saamgevat: „In vertikale verband is sy vryheid geen heerskappy nie, maar diens van God, diens van 'n aan God verantwoordelike koningskind. Die mens dien as vrye God (in godsdiens en religie) met aanbidding, lof, dank en ver-Heerliking asook met al sy kultuurvorming (heer-skappy), wat religieus in die diens van God gefundeer is en wat hy as vrye in diens van God stel."[193]

Die diens van God het as voorwaarde dat die mens 'n moontlikheid van keuse het, anders was dit nie toerekenbaar nie; die diens van God het ook as vereiste onderworpenheid aan behorenseise (bv. die wet van die Here), anders sou dit nie verantwoordelik wees en sou hierdie diens nie sy orde hê nie.[194] Die diens van God het 'n taak en is doelgerig, nl. om as kreatuurlike wese God te ken en Hom te dien. Menslike vryheid „as diens van God is totalitêr (met jou hele hart, jou hele siel, jou hele verstand en ál jou kragte.)."[195] Kragtens sy kiesmoontlikheid kan die mens hom egter aan iets of iemand verslaaf en God nie dien met sy hele hart nie. In sulke gevalle staan die mens skuldig en veroordeel en is daar geen sprake van menslike vryheid as diens van God nie, maar slegs van slawediens. So 'n geval ontstaan bv. wanneer die mens „ongehoorsaam is aan die behorenseise wat vir sy vryheid as heerskappy geld, en as hy in ongehoorsaamheid in opstand teen God kom."[196]

(d) <u>Samevattend: Vryheid as roeping</u>. In die skepping het God bepaalde moontlikhede vir die mens gegee om te verwesenlik. Hierdie moontlikhede stel eise of take aan die

193) Id. Beginsels en Metodes in die Wetenskap. p. 262.
194) Id. Vgl. Menslike Vryheid p. 441.
195) Ibid. p. 442.
196) Id. Beginsels en Metodes in die Wetenskap. p. 262.

mens en is vrae waarmee die mens tot antwoord geroep word. „Hierdie taak, hierdie opdrag wat God aan die mens gee, noem ons sy roeping."[197] Hierdie opdrag en taak word slegs aan die méns gegee en nie aan die dier nie. Die dier ken geen roeping nie.

Die mens is deel van die skepping en tog radikaal verskillend van stof, plant en dier. Die mens is geskape na die beeld van God en ontvang van God 'n bepaalde taak om in die skepping van God te heers oor stof, plant en dier, om in liefde vir die mens as enkeling en sosiale wese te sorg en om God te dien. In hierdie sin is die mens die kroonpunt van Gods skepping. Hy het v bv. die moontlikheid om te kies wat hy wil doen en laat, hy is tot vryheid bestem, hy kan God dien, en as sodanig beklee die mens 'n unieke plek in die skepping van God.

Die hele lewe van die mens is 'n antwoording op die moontlikhede vir en van die mens, dit is die roeping van die mens om hierdie moontlikhede te aktualiseer. Stoker sê van die roeping die volgende: „Die hele lewe van die mens is 'n geroepe lewe; sy hele lewe is roeping; die sin en bestemming van sy lewe is roepingsvervulling."[198]

Omdat dit God as Skepper is wat die mens roep word die mens ook verplig om hierdie roeping te vervul. Die mens word bv. geroep om kultuur te vorm en alle „kultuurarbeid is in sy diepste wese religieus bepaal, omdat God die Oorsprong van alle dinge is, ook van die aanleg van die mens om kultuur te vorm en ook van die moontlikheid in die natuur om tot kultuur omgevorm te word."[199] In hierdie sin is die mens as kultuurvormer medewerker van God om die kosmos tot sy ware bestemming te lei. Hierdie moontlikheid van God aan die mens om kultuur te vorm is 'n voorreg van God aan die mens, dit is sy roeping.

In sy roepingsvervulling moet die mens hom onderwerp aan die behorenseise wat God aan die mens stel. Die mens het die

197) Id. Oorsprong en Rigting. p. 124.
198) Id. Praktiese Calvinisme. p. 16.
199) Id. Oorsprong en Rigting. p. 126.

moontlikheid van keuse, maar beskik nie oor die behorenseise, wat aan hom gestel word nie. Stoker wys in dié verband op die volgende: „Dit stel hom voor die keuse van goed en kwaad, van gehoorsaamheid en skuld."[200] Omdat hy kan kies tussen goed en kwaad en aan behorenseise onderworpe is, is die mens in sy roepingsvervulling toerekenbaar en verantwoordelik. Die roepingsvervulling van die mens het 'n verpligtende karakter, die mens kan nie anders nie, die roep word aan hom gestel en hy moèt antwoord. Maar hierdie roeping moet altyd vervul word ooreenkomstig die wil en die Wet van God.

Die roeping van die mens kan teruggelei word na drie fundamentele menslike aktiwiteite nl. totalitêre diens van God (met jou hele hart en siel in alles wat jy doen), liefdesorg vir die mens (as enkeling en alle samelewingskringe) en as heerskappy oor die kosmos (waaronder stof, plant,dier en mens).[201] Dit kan slegs van die mens in sy uniekheid in Gods skepping gesê word. Stoker het hierdie waarheid soos volg beklemtoon: „Met dit alles aktualiseer hy sy vryheid wat op grond van sy moontlikheid van keuse toerekenbaar en op grond van sy onderworpenheid (gehoorsaamheid) aan behorenseise (w.o. norms) verantwoordelik is, en in die aktualisering waarvan hy aan God (wat hom tot hierdie vryheid roep resp. bestem) verantwoording skuldig is."[202]

Wanneer die mens uit liefde tot God aan die roepende stemme van God in die kosmos en in alle lewenskringe gehoorsaam is, verwesenlik hy sy bestemming op aarde en dien hy God daarmee. Hiervan sê Stoker: „Dit en dit alleen is ware menslike vryheid, Christelike vryheid. Roepingsvervulling in álles wat die mens vind om te doen, is in sy diepste wese 'n diens van God tot Sy eer en heerlikheid. Uit Hom en deur Hom en tot Hom is álle dinge, ook die roeping en daarmee ook die bestemming van die mens op aarde."[203]

Uit bogenoemde kan dus afgelei word dat die pers ook 'n bepaalde roeping het om in die menslike samelewing te vervul.

200) Ibid. p. 129.
201) Vgl. Ibid. p. 126.
202) Id. Die Betekenis van die Mens as Beeld van God.p. 37.
203) Id. Praktiese Calvinisme. p. 16.

4. Soorte en tipes van Vryheid.

Wat die menslike vryheid betref moet daarop gelet word dat daar in die menslike samelewing 'n verskeidenheid soorte en tipes van vryheid onderskei kan word. Hierdie onderskeiding geskied volgens die kosmiese dimensies.

(a) Die kosmiese dimensie van modaliteite. Volgens die Wysbegeerte van die skeppingsidee kan daar twaalf modaliteite onderskei word.[204] Elkeen van hierdie modaliteite is 'n bepaalde hoedanigheid of synswyse. Hiervolgens kan ons bv. modale soorte van vryheid met hulle samehang onderskei. Ons sou bv. die volgende vryhede onderskei: godsdiensvryheid, sedelike vryheid, juridiese vryheid, ekonomiese vryheid, estetiese vryheid, taalvryheid, wetenskaplike vryheid ensovoorts. Elkeen van hierdie vryhede is uniek en onherleibaar tot die ander vryhede. Die sedelike vryheid is bv. heeltemal anders as en onherleibaar tot wetenskaplike vryheid. Vanweë die oorspronklikheid en onherleibaarheid van elke vryheid geld vir elkeen die beginsel van „soewereiniteit in eie kring." In die aktualisering van elkeen van hierdie vryhede is die moontlikheid van keuse gegee (is die mens toerekenbaar) en is hierdie vryheid onderworpe aan die betrokke behorenseise (is die mens verantwoordelik). Hierdie genoemde vryhede toon egter ook 'n bepaalde samehang. Bv. sedelike vryheid verwys retrosiperend na juridiese vryheid en antisiperend na godsdiensvryheid. Ook vir die verskillende vryhede geld dat elke menslike vryheid deur retrosipasie en antisipasie 'n weerspieëling is van al die menslike vryhede en daarmee van menslike vryheid vanuit sy dimensioneel-modale kant gesien. Uit hierdie samehang van menslike vryhede word weer die beginsel van universaliteit van elke menslike vryheid afgelei.

(b) Die kosmiese dimensie van individuele en sosiale idiostante strukture. Die vryheid van die individu en die vryheid van die samelewingskring is gestruktureerd. Menslike vryheid kan bv. nie net m.b.t. die individu gesien word nie.

204) Vgl. p. 37.

Die mens as individu is bv. ook huweliksmaat, gesinslid, gemeentelid, en daarom het hy ook deel aan die vryheid van die huwelik, die vryheid van die gesin en die vryheid van die kerk (of gemeente). Elkeen van hierdie vryhede het egter sy eie struktuur en wetsorde. Die vryheid van die huwelik (tussen vrou en man) is struktureel verskillend van die vryheid van die gesin, (waar die verhouding, ouer-kind op die voorgrond tree). Stoker wys op hierdie waarheid in die volgende aanhaling nl. „dat elk van al hierdie verskeidenheid van enkelinge en samelewingskringe (volgens sy bepaalde aard, struktuur, gesagsverhouding, volgens betrokke modale leidende en funderende funksies, volgens bestemming ensovoorts, asook volgens sy bepaalde omstandighede, geleenthede en situasies asook sy 'soewereiniteit in eie kring') sy relewante moontlikheid van keuse en daarby behorende bepaalde behorenseise het waaronder dit staan, en gevolglik sy besondere vryheid het. M.a.w. die vryheid van elk verskil. Die vryheid van 'n gesin verskil van dié van 'n staat en die vryheid van 'n skool verskil van dié van 'n skaakklub."[205] Vanweë die ingewikkelde struktuur van elke samelewingskring is daar binne die huwelik 'n verskil tussen die vryheid van die man en die vryheid van die vrou, binne die gesin tussen die vryheid van die ouer en van die kind. Binne die samelewingskring met gesagsverhoudinge is daar 'n verskil van die vryheid van die gesaghebber en die vryheid van die gesagsonderdaan (soos bv. die vryheid van die ouer en die vryheid van die kind).

Tussen enkeling en samelewingskring en samelewingskringe onderling, is daar ook 'n onderlinge samehang en die vryheid van die een is medeafhanklik van die vryheid van die ander. Hier kan dit genoem word 'n vervlegting van verskillende menslike vryhede nl. dat nieteenstaande die samehang van die vryhede elke menslike vryheid tog sy eie identiteit behou. Hierdie enkapsis word deur Stoker soos volg beskryf: „.....'n huwelik is in 'n gesin enkapties verbind

205) Stoker, H.G. Die samehangende verskeidenheid van menslike vryheid in samelewingsverband.
In Koers. Jaargang XXXI. Maart 1964. p. 485.

sonder dat die identiteit van die huwelik in hierdie verbinding verlore gaan; die mens as enkeling is in volksverband enkapties vervleg sonder dat hy sy identiteit kwytraak; met die vervlegting van kerk en staat behou elkeen sy identiteit."[206] Hieruit volg dan dat met die enkapsis, „die vryheid van die een nie van die vryheid van die ander isoleerbaar is nie, dat die vryheid van die een die vryheid van die ander nodig het, dat hoe meer die een vry is, hoe meer die ander vry kan wees en dat die onvryheid van die een die vryheid van die ander belemmer....."[207] Hier geld dan veral die prinsipe van „samehangende verskeidenheid van menslike vryheid."

Vir elk van hierdie vryhede geld dat die mens die moontlikheid van keuse het en onderworpe is aan behorenseise, m.a.w. dat hy in die aktualisering van sy vryheid toerekenbaar en verantwoordelik is.

In elke samelewingskring is die mens vry indien hierdie vryheid geaktualiseer word volgens die aard, struktuur, die taak en die gegewe moontlikhede in gehoorsaamheid aan al die behorenseise van die betrokke samelewingskring. Hierdie idiostant struktureel onderskeie soorte vryheid en hul vervlegting moet ook by persvryheid in ag geneem word.

(c) Die kosmiese dimensie van gebeurtenisse. Hierdie kosmiese dimensie laat die lig veral op die ‚handelinge' van die mens val. Die moontlikhede vir en van die mens word aan hom gegee met die doel dat dit verwesenlik sal word. Stoker wys daarop dat hierdie verwesenliking van moontlikhede ‚geskiedenis' is: „Met sy antwoorde daarop (met sy realisering van die moontlikhede, met sy vervulling van die aan hom gestelde take) vorm die mens geskiedenis."[208] Kortliks word dan gewys op menslike vryheid en geskiedenis.

In sy roepingsvervulling het die mens deel aan 'n verskeidenheid van gebeurtenisse, bv. die opkoms en ondergang van

206) Ibid. p. 486.
207) Loc.cit.
208) Id. Beginsels en Metodes in die Wetenskap. p. 226.

'n staat, ontwikkeling en geskiedenis, arbeid, ensovoorts. Die moontlikhede en take verskil van mens tot mens en van samelewingskring tot samelewingskring, bv. dié van huwelik, gesin, volk ensovoorts. In al hierdie handelinge het die mens deel aan geskiedenis en is hy tot vryheid bestem. Historiese vryheid bestaan daarin dat die mens in sy handelinge 'n moontlikheid van keuse het en dat hy gehoorsaam is aan die betrokke behorenseise. Die mens kan anders kies as wat hy behoort te kies en so ongehoorsaam wees aan die behorenseise, maar dan sou hy skuldig en veroordeeld staan en onvry wees. Hierdie verskeidenheid van handelinge gee veral uitdrukking aan die prinsipe van „vryheid van eie bevoegdheid."

'n Probleem waarop veral gelet moet word is dié van kontingente vryheid. Die handelinge van die mens en dus ook geskiedenis is ryk gevariëerd omdat die moontlikhede van die mens verskil van mens tot mens en van individu tot individu en van samelewingskring tot samelewingskring, maar nog meer, ook „van tydsgewrig tot tydsgewrig, van situasie tot situasie, van omstandigheid tot omstandigheid en van geleentheid tot geleentheid...."[209] Met hierdie handelinge waarby die betrokke mens in 'n betrokke situasie en 'n betrokke tyd betrokke is, is die kontingente vryheid in sig. Elke mens het in daardie betrokke situasie die moontlikheid om te kies hoe hy sal handel. Hierdie keuse moet egter rekening hou met die behorenseise (w o. norme) wat vir die betrokke geleentheid geld. Alleen wanneer hy gehoorsaam is aan die betrokke behorenseise wat vir die telkens nuwe en onherhaalbare geleentheid geld, kan die mens vry wees. Menslike vryheid eis dus nie net gehoorsaamheid van die behorenseise soos bv. algemene norme nie, maar ook van die universele norme vir die kontingente.

Die vrye handelinge van die mens staan altyd in verband met mekaar en vir hierdie samehang geld die beginsel van „universele afhanklikheid van eie bevoegdheid". Vir elke vrye handeling van die mens en ook vir die samehang daarvan geld bepaalde norme. Bogenoemde onderskeiding is vir die ondersoek na die perswese van besondere betekenis.

209) Ibid. p. 227.

Ook die onderskeie soorte vryheid volgens die kosmiese dimensie van gebeurtenisse en hulle samehang is vir die ondersoek van persvryheid van belang.

(d) Die kosmiese dimensie van waardes. Hier word met enkele opmerkings volstaan. Elke ‚handeling' van die mens (hier word stof,plant en dier buite rekening gelaat) het deel aan ‚waarde' of ‚onwaarde'. M.a.w. menslike vryheid of onvryheid is waardebepaald. Die handelinge van die mens sou vry wees en aan waarde deel hê indien dit beantwoord aan die betrokke taak of doel en aan die betrokke norme wat daarvoor geld, gehoorsaam is. Indien die menslike handelinge nie hierdie kwalifikasie het nie, sou die mens onvry handel, en homself daardeur verslaaf. Daar kan selfs gepraat word van die „goedheid" van die vryheid en van die „slegtheid" van verslawing.

Die waardebepaaldheid van die menslike handelinge is van besondere betekenis vir die probleem van persvryheid.

5. Spesiale Vryheidsprobleme.

Hierdie ondersoek na persvryheid handel oor 'n verskeidenheid van probleme. Dit het nie slegs met die probleme van menslike vryheid en persvryheid te doen nie, maar ook met die probleem van reg en waarheid. Omdat daar dikwels gevra word dat die pers „aan bande gelê moet word", is dit nodig om besondere aandag aan die probleem van reg en die positivering van reg te gee.

Dikwels word die vraag gestel of dit „waar" is wat in 'n koerant verskyn het. Ook aan die probleem van waarheid word 'n paragraaf gewy.

(a) Vryheid en reg. Die mens as onderdaan van die staat, of as persman of as lid van 'n kerk of vereniging word dikwels daaraan herinner dat hy bepaalde ‚regte' het wat nie aan bande gelê moet word nie. Die vraag ontstaan dadelik wat is ‚reg'.

Reg kan beskou word as 'n „aanspraak wat die mens op iets het."[210)]

Daar moet onderskei word tussen gepositiveerde reg en ontiese reg. Die reg wat deur die mens self gevorm word en wat o.a. bestaan uit staatswette, statute, kodes, gebruiksies, ens., staan bekend as gepositiveerde reg. Stoker wys tereg daarop dat alle gepositiveerde reg behoort „aan die Goddelike normatiewe wetsorde asook aan 'n ander ‚dieper reg' te beantwoord of mag ten minste nie daarmee in stryd wees nie."[211)] Die gepositiveerde reg veronderstel dus 'n ‚dieper reg' wat ons as ‚ontiese' reg kan bestempel. Ontiese reg is kreatuurlik, onselfgenoegsaam en onderworpe aan die Goddelike wetsorde en word deur Stoker beskrywe as „aansprake wat die mens het kragtens sy fundamenteel-kreatuurlike menswees, kragtens sy kreatuurlike fundamentele aard, struktuur, funksies, take en bestemming."[212)]

Elke mens het fundamentele moontlikhede wat aan hom geskenk is, ontiese reg waarop hy aanspraak kan maak. As voorbeeld kan die volgende dien: die mens het 'n reg om te lewe, om sy naam te beskerm, ens. Hierdie fundamentele moontlikhede skenk die mens nie aan homself nie, maar hy ontvang hulle van Godsweë.

Elke mens het 'n aanspraak op hierdie fundamentele moontlikhede en hierdie aanspraak is die reg van die mens. Volgens die taak en bestemming van die mens en die samelewingskringe kan hierdie regte aan die mens toegeken word. Die kerk het bv. die reg om die evangelie te verkondig, die staat het die reg om die interorde in die menslike samelewing te reël, die ouer het die reg om hulle kinders op te voed.[213)]

Die ontiese mensregte kan egter ook uit 'n ander gesigspunt beskou word. God het hierdie ontiese regte met die skepping aan die mens gegee en daarom onderskryf ons die

210) Id. 'n Kursoriese Besinning oor Menseregte. In Bulletin. S.A.V.C.W. Jaargang I. Nr. 3 Nov. 1965. p. 131.

211) Loc.cit.

212) Ibid. p. 132.

213) Vgl. Ibid. p. 133.

interessante siening van Stoker in die verband: „In hul diepste wortels is ontiese menseregte gunste, vergunnings, voorregte wat God met die skepping van die mens aan die mens geskenk het en wel vir 'n bepaalde doel aan hom geskenk het."[214]

Die moontlikhede wat God aan die mens gegee het word egter nie verniet of tevergeefs gegee nie. Dit stel aan die mens sy bepaalde opdragte, dit stel sy roeping aan hom. Derhalwe kan gesê word dat met die ontiese moontlikhede word die mens onties sy pligte gestel. Stoker het hieromtrent die volgende gesê: „Hy mág hierdie regte slegs uitoefen kragtens en ooreenkomstig sy roepingsplig; en omdat pligte behorens-eise is, behóórt hy hierdie regte uit te oefen slegs soos deur die ontiese pligte bepaal."[215] Reg en plig word dan nie van mekaar geskei nie. Van die een kant gesien is dit reg, van die ander kant gesien is dit plig.[216]

Die ontiese reg wat God met die skepping aan die mens gegee het, vorm die grondslag van menslike vryheid. Met die skepping het God ware vryheid vir die mens bestem deur die natuurbeheersing en kultuurskepping, deur in liefde vir die mens te sorg en deur God te dien. Hierdie vryheid kan egter nie geaktualiseer word nie „tensy hy met sy uitoefening van sy ontiese regte doen wat hy behoort te doen so doen soos hy dit behoort te doen."[217]

Die ontiese reg soos deur God in die skepping gelê, is regte wat geld vir enkeling, maar ook vir die verhouding van die mens as enkeling en sosiale kring. Dit geld voorts ook vir elke sosiale kring en van die verhouding tussen die sosiale kringe.

Van hierdie mensregte kan algemene reëls afgelei word nl. dat aan elke mens toegeken moet word wat hom toekom.

214) Loc.cit.
215) Ibid. p. 135.
216) Vgl. Id. Regsprobleme. p. 7.
217) Id. 'n Kursoriese Besinning oor Menseregte. p. 136.

Die regte van die mens is kreatuurlik en dus altyd onderworpe aan die wetsorde van God vir die skepping.

So het die pers met sy fundamentele moontlikhede en sy aanspraak daarop, regte wat eerbiedig moet word en as basis van sy vryheid dien, regte wat in die grond van die saak pligte is omdat hulle hul oorsprong vind in die roep van God tot die mens. Maar die regte van die persinstituut is nie isoleerbaar van die regte van ander samelewingskringe nie en daarom moet die pers in al sy optrede die regte van ander ook eerbiedig.

Die pers behoort rekening te hou met die probleem van wat die regte van die mens is. Die waarheid omtrent reg en plig kan die pers help om sy insigte te verdiep en tot groter helderheid te kom m.b.t. sy taak en funksie.

(b) Waarheid en vryheid. Die woord waarheid het verskillende betekenisse. Hier word nie ingegaan op die onderskeie waarheidsteorieë en ook nie op betekenisse van waarheid wat in verband staan met God, met Christus, met die verhouding van God en kosmos, met die sin van die kosmos, met die denke en met doen nie. Hier word slegs verwys na die betekenis van waarheid betreffende die verhouding van ken (en kennis) tot die kenbare en word dit gnoseologiese waarheid genoem.

Waarheid in hierdie sin kan omskryf word as beantwoording van ken (en kennis) aan die kenbare. Waarheid as beantwoording sluit in „overeenkomst tussen ken en zijn",[218] as „ooreenstemming van die kenne met die kenbare (van denke met syn) van oordeel met stand van sake; van begrip met 'n saak); waarheid as deelname aan die kenne (w o. denke) aan die kenbare."[219] Maar kenwaarheid as beantwoording sluit meer in as ooreenstemming en deelname,[220] want ware kennis bring na aanleiding van die kenbare iets tot stand en moet soos 'n antwoord (ken, kennis) beantwoord aan die vraag (die kenbare)

218) Wurth, G.B. Waarheid. In Christelijke Encyclopedie. Deel VI. p. 560.
219) Stoker, Beginsels en Metodes in die Wetenskap. p. 274.
220) Vgl. Ibid. p. 276.

en sodoende met die kenbare 'n asimmetriese korrelasionele geheel vorm.

Maar nie net die verhouding van kenne (kennis) tot die kenbare is van belang nie, ook die kenner moet by die waarheidsvraag in aanmerking geneem word. Dit is die mens as persoon wat ken, wat ware kennis vorm en het. Hier kom die personologiese bepaling van ware kennis in sig. Wanneer 'n geneesheer, 'n verkeersbeampte en 'n joernalis bv. dieselfde motorongeluk beskrywe, sal daar baie ooreenstemming wees wat die feite betref, maar tog ook onderling wel verskil wees. Nieteenstaande die verskille mag tog al die kennis waar wees en beantwoord aan die kenbare. Die verskil van feite of van kennis van al hierdie persone van dieselfde motorongeluk verskil selektief, relevant, maar weerspreek mekaar nie. Die joernalis moet uit al sy kennis nuus uitsoek en uit die nuus weer die aktuele nuus vir die leser probeer bepaal. Maar ook hier geld dat sy nuus-seleksie en nuusaanbieding wáár moet wees, getrou moet wees, moet beantwoord aan die gegewe kenbare.

Ten slotte word dan gelet op die verband tussen waarheid en vryheid. Menslike vryheid is die heersende, sorgende en God dienende verantwoordelike antwoording op die moontlikhede van en vir die mens, soos dit gegrond op die kiesmoontlikheid en aan die betrokke behorenseise beantwoord. Ware menslike vryheid is slegs moontlik as beantwoording. Waar die mens sy moontlikhede beantwoord soos hierbo uiteengesit, handel hy nie alleen in vryheid nie, maar ook in waarheid. Menslike vryheid as beantwoording (in bogemelde sin bedoel) aktualiseer waarheid, „dan word waarheid deur vryheid bevestig, vas gemaak, bewaarheid."[221] So gesien is dit die waarheid wat die mens vrymaak en die onwaarheid wat die mens onvry maak en verslaaf.

Die probleem van waarheid is 'n probleem wat vir die pers-wese met sy nuusversameling, nuusseleksie, nuusaanbieding, nuustoeligting en nuusvoorligting van die uiterste belang is en waaraan besondere aandag gewy sal word.

221) Ibid. p. 275.

6. Samevatting. In hierdie paragraaf word daar veral klem gelê op die vryheid van die totale mens, d.w.s. in alles wat die mens doen en laat. Totale menslike vryheid kan beskryf word as „toerekenbare en verantwoordelike, God verheerlikende roepingsvervulling."[222] In die skepping het God aan die mens 'n ryke verskeidenheid van moontlikhede gegee om te verwesenlik. Die antwoording van die mens is enersyds gefundeer in die moontlikheid van keuse en andersyds word dit geaktualiseer in onderworpenheid aan beide die algemene normatiewe behorenseise wat God met Sy skeppingswil gegee het asook aan die kontingente behorenseise wat God met Sy bestieringswil bepaal. Die bestemmingsverwesenlikende roepingsvervulling van die mens is sy antwoording op hierdie moontlikhede wat God aan die mens skenk.

Die totale menslike vryheid word uitgedruk in drie onderskeie tipes menslike vryheid waarby die héle mens telkens betrokke is.[223]

(a) In verhouding tot God is menslike vryheid totalitêre diens met sy hele hart, sy hele verstand sy hele siel en al sy kragte. Menslike vryheid gesien as totalitêre diens aan God druk sig weer uit in partikuliere vryhede soos bv. aanbidding, Woordverkondiging, offergawes ens.

(b) Met betrekking tot die mens wat na Gods beeld geskape is word totale menslike vryheid weer uitgedruk in sorgende liefde vir die mens, d.w.s. as mens self, as enkeling en as samelewingskring. Met betrekking tot die héle menslike vryheid as sorgende liefde kan weer partikuliere vryhede onderskei word soos bv. liefdesorg tussen men en vrou, tussen ouer en kind, tussen owerheid en onderdaan en tussen gesaghebbers en gesagsonderdane, ens.

(c) Totale menslike vryheid druk sig weer m.b.t. die kosmos uit as koninklike heerskappy. Met betrekking tot die hele menslike vryheid as kosmosbeheersing en kultuurskepping kan daar o.a. die volgende partikuliere vryhede onderskei word: vryheid van denke, taal, kuns, reg; individuele en sosiale

222) Id. Oorsprong en Rigting. p. 187.
223) Vgl. Ibid. p. 187-188.

vryhede van huwelik, gesin, staat, volk; vryheid van arbeid, opvoeding, geskiedenisvorming ens. Genoeg egter om aan te dui wat met totale menslike vryheid bedoel word.

Word dit uit die oogpunt van religie beskou „kom die moontlikhede sowel as die behorenseise tot die mens as 'n roep van God tot die mens om as mede-arbeiders van God op kreatuurlike wyse die skeppingsarbeid van God voort te sit tót aan sy voleinding. En dit beteken dat menslike totale vryheid, religie (godsdiens in ruimer sin) is, 'n roepingsvervulling tot eer en verheerliking van God en wel 'n (weens die voorwaarde van moontlikheid van keuse) toerekenbare (en weens onderworpenheid aan behorenseise) verantwoordelike roepingsvervulling."[224] Menslike vryheid as roepingsvervulling en bestemmingsverwesenliking het met die totale mens te doen in alles wat hy doen en laat.

Die roepingsvervulling en bestemmingsverwesenliking van die mens vorm die sentrale waarheid waaruit die Calvinistiese beskouing omtrent menslike vryheid gehou word. Uit bogenoemde uiteensetting het dit duidelik geblyk dat die probleem van menslike vryheid alleen Skriftuurlik benader kan word vanuit die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing. Met hierdie totaalblik kan die ryke verskeidenheid van waarhede omtrent menslike vryheid beklemtoon word en die valse vryheidsbeskouinge by die wortel afgesny word.

Die Calvinistiese wysgere het inderdaad 'n kragtige en positiewe bydrae gelewer om aan die menslike samelewing 'n inhoudsryke begrip oor menslike vryheid te gee. „Kyk ons nou oor die hele afstand terug, dan sien ons die mens in die sentrum van die tydelike werklikheid staan. Hy is die spil waarom alles draai; die konsentrasiepunt van die aardse skepping. Want hy, die beelddraer Gods, is die enigste gevolmagtigde van die Here, deur Hom toeberei vir Goddelike diens en daarom voorsien van alles wat nodig is - 'n heerlike arbeidsland, vas onder die wette vir die natuur, en 'n koninklike geestestoerusting in onderworpenheid aan kultuurnorme. Normatief vry! Ja, maar steeds verantwoordelik by God

224) Id. Menslike Vryheid. In Koers. Jaargang XXXI. Nr.7 en 8. Jan-Feb. 1964. p. 446.

vir die wyse waarop hy hierdie normatiewe keusevryheid gebruik of misbruik."[225)]

Met hierdie beskouing van menslike vryheid as agtergrond word daar oorgegaan na 'n ondersoek van die probleem van persvryheid.

HOOFSTUK 3

DIE LIBERALISME

Inleiding.

Omdat die begrip liberalisme deur die eeue heen verskillende betekenisse gehad het, is dit uiters moeilik om dit presies te beskrywe. Waar dit in ander lande reeds eeue oud is, het die woord ‚liberalis' eers teen 1930 in ons eie land in omloop geraak.[1] Die woord ‚liberaal' of ‚liberalis' is afgelei van die Latynse woord libertas, wat ‚vryheid' beteken. Scholtz wys daarop dat die woord sy weg in verskeie tale gevind het: „Verskeie tale wat hulle woordeskat deur middel van Latyn verryk het, het ook van ‚libertas' afleidings gemaak. So het in Frans die woord ‚liberte' ontstaan en in Engels ‚Liberty"."[2] Die betekenis van die woord het deur die eeue heen gewissel en tereg merk Röpke op „Es wird nicht leicht sein, noch Länder zu finden, in denen das Wort, ‚Liberalismus' seinen alten, vollen Klang behalten het."[3]

Gaandeweg is daar na liberalisme verwys om daarmee 'n beweging aan te dui wat 'n bepaalde beskouing huldig omtrent die vryheid van die mens.[4] Wanneer die liberalisme as 'n denkrigting aangegee word, kan daar bv. onderskei word tussen teologiese liberalisme, politieke liberalisme, etiese liberalisme, sosiale liberalisme ens. Dit is onmoontlik om van elke stroming in die liberalisme selfs 'n kort oorsig te gee. Wat met hierdie hoofstuk beoog word, is om enkele gemeenskaplike kenmerke weer te gee wat aan al die rigtings

1) Vgl. Scholtz, G.D. Die Bedreiging van die Liberalisme, p. 7.

2) Loc.cit.

3) Röpke, W. Das Kulturideal Des Liberalismus, p.6.

4) Hanekom wys bv. op die volgende: „Reeds vroeg in die geskiedenis van Spanje hoor ons van ‚liberalen' as groepsnaam van diegene wat hulle self wou onderskei teenoor die sogenaamde ‚servielen' en sedertdien is menige vryheidsrigting van watter aard ook al om die beurt veroordeel of vereer as liberaal."
Hanekom, T.N. Die Liberale Rigting in Suid-Afrika, p.x.

lewens- en wêreldskoulik ten grondslag lê. In die behandeling van die lewens- en wêreldbeskouing van die liberalisme as denkrigting, sal op hierdie kenmerke gewys word, hoe dit deur die voorstanders van die liberalisme geleer word, en ook sy beslag in die praktyk gekry het.

A. DIE MENSBESKOUING AS GRONDSLAG VAN DIE LIBERALISTIESE LEWENS- EN WÊRELDBESKOUING.

Die lewens- en wêreldbeskouing van die liberalisme kan hier nie volledig weergegee word nie en daar kan hoogstens op enkele algemene kenmerke gewys word wat vir die doel van hierdie studie van belang is en vir die behandeling van die probleem van menslike vryheid en van persvryheid.

1. Die Liberalisme soos weergegee deur voorstanders van hierdie denkrigting.

(a) Die mens as mens.

By die liberalisme gaan dit om die mens as mens. Wanneer Hoernlé, waarskynlik die sterkste voorstander van die liberalisme in Suid-Afrika, positief uiteensit wat liberalisme is, dan plaas hy die mens dadelik in die middelpunt van sy beskouinge met die woorde: „..... the liberal spirit has worked on two planes: it has worked for the liberation of individuals from hampering disabilities and restrictions; and it has worked for the liberation of groups which, as groups, were oppressed and deprived of their ‚rights'."[5] Dit gaan om die vrywording van die mens as enkeling en sosiale groep en die regte wat daardie mens het en wat beskerm moet word teen elke vorm van onderdrukking of belemmering van sy menslike regte. Die liberalisme strewe daarna dat die hoë waarde van die mens ten volle besef word en, om Hoernlé se eie woorde te gebruik, „by the abolition of restrictions to make a fuller life possible for human beings....."[6] Die hoogste lewenswaarde en sin van alles word in die mens beliggaam. Nog 'n

---

5) Hoernlé,R.F.A.South African Native Policy and The Liberal Spirit,p.107.
6) Loc.cit.

voorstander van die liberalisme beskrywe hierdie denkrigting in duidelike taal: „It sought to indicate the right of the individual to shape his own destiny, regardless of any authority which might seek to limit his possibilities; yet it found that, inherent in that claim, there was an inevitable challenge from the community to the sovereignty of the individual."[7)]

(b) Die mens as individu.

Uit bogenoemde aanhalings is dit reeds duidelik dat dit by die liberalisme om die mens gaan en dan word die klem veral gelê op die mens as individu. Die kragte van die mens se gees en liggaam moet ingespan word om die belange van die enkeling te verwesenlik.[8)] Die hoogste doel van die menslike lewe word in die mens self gevind en dit moet verwesenlik word. Hoernlé waarsku dat die liberalisme nie gesien moet word as die verkondigers van 'n abstrakte liberalisme nie, en dan wys hy daarop dat dit juis deur die positiewe optrede van die liberalisme is dat die mens in die verlede sy ware vryheid gevind het. Die enkeling moet vry wees van alle instellinge wat hom op een of ander wyse sou onderdruk of van sy regte sou beroof. Geen onreg wat teenoor die enkeling gepleeg word kan deur die liberalisme geduld word nie en moet, waar dit wel bestaan, uit die weg geruim word. Die inherente waarde van die menslike persoon moet ingesien word en dit moet ontwikkel word as hoogste doel van die menslike lewe.[9)]

(c) Die mens as redelike wese.

Die liberalisme sien die mens nie in primêre sin as sinlike of seksuele wese nie, maar ook as 'n redelike en sedelike wese. Die rol van die rede van die mens is vir die liberalisme van besondere betekenis. Laski haal bv. goedkeurend aan uit die boek „Wealth of the Nations" van Adam Smith en som die inhoud soos volg op: „It is secular in tone, rationalist in

7) Laski, H.J.: The Rise of European Liberalism, p. 13.
8) Vgl. Hoernlé, op.cit. p. 107.
9) Vgl. Laski, op.cit. p. 15.

method, and individualist in outlook. It starts from the assumption that each man is best fitted to be the judge of his own actions; as he had written in the Moral Sentiments, every man is by nature first and principally recommended to his own care."[10] Die mens is dus op sy eie redelike insigte aangewys om sy gedrag te bepaal en ook weer om dit te beoordeel. Ook wat die plek van die rede in die mens se lewe betref, val die klem op die individuele mens. Die individu vind die maatstaf van waarheid in sy redelike denke.

Volgens die standpunt van die liberalisme is die mens inherent goed en gaaf. Billikheidshalwe moet erken word dat die liberalisme tog erken dat die mens gebuk gaan onder 'n sekere mate van swakheid. Die mens moet egter, volgens die beskouing van Laski, gelei word tot 'n groter „consciousness of self."[11] Dit dui op die waarheid dat die mens tot die besef gebring moet word tot watter groot dinge hy in staat is wanneer hy daartoe gelei word om sy eie potensialiteite te ontwikkel. Wanneer dit wel gebeur sal die mens gelei word tot die vrede waarna die mens verlang en tot 'n toestand van ware geluk vir almal. Die grootste mate van vertroue word dus in die mens gestel en die liberalisme is optimisties omtrent die feit dat die moontlikhede van 'n gelukkige samelewing in die mens self gevind sal word. Eers is dit nodig om tot homself en sy moontlikhede te kom en dan tot die ontwikkeling of realisering van sy potensialiteite. Dit dui daarop dat die feit van die sonde en kwaad self, nie deur die liberalisme as van enige betekenis beskou word nie. Voortdurend val die klem op die krag van die intellek van die mens en is dit hierdie krag wat tot volle ontwikkeling moet kom.

(d) Gelykskakeling van mense.

Nog 'n kenmerk van die liberalisme is die gedagte van gelykskakeling. Elke menslike individu het volgens die liberalisme die reg om gelyk te wees aan ander en gelyke regte en voorregte te geniet. Dit word duidelik uit die standpunt

10) Ibid., p. 116.
11) Vgl. Ibid. p. 154.

van Hoernlé wanneer hy dit betreur dat die ideaal van gelyke behandeling van verskillende rasse nie bereik kan word nie, vanweë die dominerende posisie van die blanke rasse wat sy leerstellinge bou op die beginsel van rasse-verskille. Hy stel dan ook hierdie vraag: „In our race-ridden world, how, if at all, can liberty be realized for members of all races?"[12] Hierdie gedagte vind sy grond in die standpunt dat die individu gelyk is in sy fundamentele individuele menslikheid. Die verskille van geloof, ras, volk ens. is eintlik van minder belang en bloot insidenteel. In sy definiëring van liberalisme het Laski hierdie gedagte ook beklemtoon wanneer hy van die liberalisme as 'n leerstelling die volgende sê: „... it is directly related to freedom; for it came as the foe of privilege conferred upon any class in the community by virtue of birth or creed."[13]

(e) Die mens as sedelike wese.

Die liberalisme heg besondere waarde aan die gedagte van die mens as sedelike wese. Die sedelike word o.a. gebruik om die doelstellinge van die liberalisme te verwesenlik. Laski sê bv. die volgende hieroor: „Because it is in the nature of man to seek an ethical basis for the ideas by which he lives, morality and religion were moulded also to its service."[14] Dit is dus in die aard van die mens om hom as sedelike wese te bedien van bepaalde sedelike begrippe en dit na te streef. Hoernlé wys bv. daarop dat die mens as sosiale wese moet strewe na bepaalde groep-ideale en groep-waardes.[15] Die menslike waardigheid is een van die begrippe waarop veral baie sterk klem gelê is, en ook die gedagte van selfrespek vir die individu en sy oortuigings. Die ideaal waarna daar eintlik gestrewe word, is dat die individu tot sodanige selfrealisering moet kom dat dit die geluk van die mens as sosiale wese en die wêreld as geheel sal verseker. Dit moet so gedoen word dat die geluk in gelyke sin vir alle individue gegun sal word. Die inherente waardes van die mens se lewe moet nagestreef word en die grootste mate van geluk moet vir die mens verkry word

12) Hoernlé, op.cit. p. 109.
13) Laski, op.cit. p. 13.
14) Ibid. p. 169.
15) Vgl. Hoernlé, op.cit. p. 107.

met die mins moontlike pyn en ongerief vir die enkeling. Dit kom daarop neer dat elke mens self 'n besluit moet neem hoe hy volgens sy redelike oortuigings die grootste mate van geluk vir homself en ander sal verkry. In die standpunt van die liberalisme vind ons dan die gedagte dat die individu toegelaat moet word om sy eie lewe te verwesenlik en in hierdie proses moet hy geensins aan bande gelê word nie. Daar moet dan 'n gees van verdraagsaamheid wees teenoor elke individu in die proses van sy selfverwesenliking.

(f) DIE REGTE VAN DIE MENS.

Naas die beklemtoning van die mens as individu is die tweede pilaar waarop die liberalisme sy denke grond, die van menseregte. Tewens op grond van die aangebore menseregte waaraan alle individue deel het, word die standpunt van die liberalisme omtrent die gelykskakeling en die selfverwesenliking van die mens eintlik geregverdig. Hieroor het Hoernlé die volgende standpunt ingeneem: „Similarly, the ideal of ‚justice', which to many liberals has seemed to be one with the ideal of ‚liberty' itself, has taken many forms according to the context in which it was applied. Liberals have thought it injustice for individuals and classes of individuals to be oppressed by the vested interests and inherited privileges of other individuals and classes. They have thought it injustice for individuals and churches to be denied the right to worship God according to their conscientious beliefs. They have thought it injustice, for nationalities, incorporated in a bigger State, to be deprived of education in their own language or of the opportunity to cherish and develop their own culture. Liberty meant to them the removal of injustices such as these, and thereby the opening of the way to fuller expression of human energies and aspirations, hitherto dammed up by restrictions; to fuller realization of ideals, hitherto condemned to remain mere dreams."[16] Volgens dié standpunt is dit die aangebore reg van die mens as individu om nie aan bande gelê te word in sy selfverwesenliking nie, om te aanbid soos elke mens dit goed vind, om in sy eie taal opgevoed te mag word, · om homself te realiseer volgens eie

16) Loc.cit.

insig en keuse. Die beklemtoning van die regte van die mens as individu en die implikasies wat dit inhou, word ook deur Laski baie duidelik beklemtoon wanneer hy die volgende van die liberalisme skryf: „It sought to vindicate the right of the individual to shape his own destiny, regardless of any authority which might seek to limit its possibilities, yet it found that, inherent in that claim, there was an inevitable challenge from the community to the sovereignty of the individual."[17] Die klem val by laasgenoemde dus ook op die reg van die mens wat hom deur niemand ontneem durf word nie, omdat hierdie reg aangebore is en as deel van sy menswees gesien word.

(g) Samevatting.

Teen hierdie agtergrond kan dan sekere afleidings gemaak word i.v.m. die liberalistiese standpunt. Kragtens die standpunt van die liberalisme i.v.m. die rede van die mens, die goedheid en gaafheid van die mens, die waardigheid van die mens, die eis dat die geluk van die mens nagestreef moet word en dan die eis om erkenning van die aangebore regte van die mens, vind ons dat die mens die ‚wet' vir en van sy lewe in homself vind, dat die liberalistiese mens se lewe m.a.w. uit sy eie denke ontwikkel en bepaal word en ook weer daarvolgens beoordeel word. Die ‚wet' vir die mens se lewe en optrede en die maatstaf waarvolgens gehandel moet word, word in die mens self gevind.

Wanneer die liberalisme teen hierdie agtergrond gesien word, let ons op die positiewe en die negatiewe van hierdie denkrigting. Die positiewe element in die denke van die liberalisme kom daarop neer dat die mens tot selfverwesenliking moet kom. Die mens moet tot die besef van sy eie lewe as mens en die moontlikhede daarvan gebring word, en onder hierdie besef moet hy dan tot selfontwikkeling kom. Die mens moet toegelaat word om in sy optrede tot die ware uitdrukking van sy diepste self te kom. Wanneer die mens dit bereik het, sal daar vooruitgang wees en sal die mens die doel van sy lewe, nl. geluk vir die individu en eindelik ook geluk vir sy medemens bereik.

17) Laski, op.cit. p. 13.

Met hierdie kort uiteensetting van die liberalisme soos deur hulle eie voorstanders weergegee, word voorlopig volstaan.

2. Die Liberalisme soos deur verskeie denkers getipeer.

Dit kan goed wees om te let op die gevolgtrekkinge waartoe ander kenners van die liberalisme raak en hoe hierdie standpunt ook deur die praktyk bevestig word.

(a) Stoker wys daarop dat die mens in die middelpunt van die liberalistiese denke staan en dat alle ander verhoudinge van die mens hieruit afgelei word. „Vir die Liberalisme is die soewereine, redelik-sedelike individu wat sy eie stoflike en geestelike welvaart soek, hoofsaak. Alle verhoudinge van mens tot God, tot die menslike verbande (sosiale groepe) tot natuur en kultuur, word aan hierdie grondbeginsel ondergeskik gestel."[18] Alles waaraan die mens deel het, is om die mens se ontwil daar, bv. die skool, die kerk, die vereniging, die staat en die pers, dit is alles daar om sy ontwil en moet die mens se belange bevorder. Die belangrikheid van die menslike rede in die liberalistiese denke word veral deur Laski sterk beklemtoon. Hy wys daarop dat die hele ontwikkeling en groei van die liberalisme oor 'n paar eeue te danke is aan die menslike denke en die outonome rede van die mens. Rosslee wys egter hoe die menslike rede juis in hierdie tyd verheerlik is: „Dit is die eeu van die rasionalisme met Kant op die voorhoede. Prinsipieel wortel die wysgerige grondidee van hierdie stroming in die verheerlikte menslike REDE. Sedert die agtiende eeu word in breë kringe die Rede nie alleen as kenbron nie, maar ook as regter van die waarheid verheerlik."[19]

Die lewens- en wêreldbeskouing van die liberalisme kan eers begryp word in die lig van die waarheid dat die mens as enkeling in die middelpunt van alle denke staan. Stoker sê hieroor die volgende: „Hierdie sentrum met sy tendens tot

18) Stoker, H.G.: Die Stryd om Die Ordes. p.10.
19) Rosslee, op.cit. p. 5.

tot integrasie, dit wil sê, alles in die lig van die sentrum te sien, is dan die maatstaf van wat sinvol, ‚doel-vol' en waardevol vir die mens is. Dit maak sy lewe vir hom waarlik die moeite werd om te lewe en wel dit waarvoor hy geen inspanning en opoffering te groot ag nie."[20)]

(b) Stoker is dit eens dat die liberalisme vanweë die oorbeklemtoning van die mens as individu klem laat val op die gelykskakeling van mense. „Integrasie is 'n sekondêre beginsel wat gegrond is op die (liberalisme) primêre beginsel van die ‚waardigheid' en soewereiniteit van gelyk en gelykwaardige individu (enkelinge)."[21)] Daar kan selfs die afleiding gemaak word dat die liberalisme nie alleen die gelykskakeling beklemtoon nie, maar ook die eendersheid van die mens as enkeling.

(c) Wat die doel en strewe van die mens betref, verkondig die liberalisme dat die grootste hoeveelheid geluk vir die grootste hoeveelheid mense verkry moet word. Dit dui weer op die mensbeskouing wat hieraan ten grondslag lê,dat, wanneer die geluk van 'n klomp individue bymekaar gevoeg word, dit ook die meeste mense en daarmee ook die hele samelewing gelukkig sal maak. Deurgaans kan uit die standpunt van die liberalisme duidelik gesien word dat die hele lewens- en wêreldbeskouing in die mens self verankerd is.

(d) Die wetenskapsbeskouing van die liberalisme is nog 'n gevolg van die beskouing dat die mens as individu deur geen instellinge aan bande gelê moet word nie, maar dat die outonome rede vrye teuels gegee moet word. Treurnicht skryf die volgende: „Op die gebied van die wetenskapsbeoefening moet die wetenskaplike volgens die liberalistiese siening geëmansipeerd staan van die godsdienstige dogmas, hy moet homself objektief buite kerklike of belydenisverband verplaas."[22)]

Samevatting.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die beskouing

20) Stoker, Beginsels en Metodes in die Wetenskap,p. 117.
21) Ibid., p. 35.
22) Treurnicht, A.P.: Art. Die Wese en Vrug van die Liberalisme, In: Handhaaf. 5 Jan. 1965. p. 8.

van die liberalisme omtrent die mens as individu met sy aangebore reg tot selfontwikkeling, die sentrale gedagte vorm in die lewens- en wêreldbeskouing van hierdie denkrigting. Al die ander verhoudinge waarin die mens as enkeling staan, word aan hierdie sentrale beskouing omtrent die mens ondergeskik gestel.

B. DIE INDIVIDUELE MENS EN DIE SAMELEWING.

Waar die mensbeskouing bepalend is vir die lewens- en wêreldbeskouing van die liberalisme,sal in hierdie gedeelte nie 'n herhaling plaasvind van dieselfde gegewens nie, maar word net enkele van die waarhede beklemtoon wat in verband staan met die menslike samelewing.

1. Menslike samelewing en die individu.

Dit is vir ons duidelik dat die samelewing vir die liberalisme hoofsaaklik uit individue bestaan. Laski beklemtoon herhaaldelik die feit dat die mens 'n enkeling is en dat niks in die menslike samelewing toegelaat mag word om bv. die individu aan bande te lê in sy selfverwesenliking nie.[23] Selfs in die samelewing is dit die individu wat die heel belangrikste is. Nóg die kerk nòg die staat mag ingryp in die aangebore regte van die mens.

Die logiese gevolg van hierdie beklemtoning van die individu is dat die hegtheid en eenheid van die menslike samelewing vervang word deur die gedagte van 'n samelewing waarin die menslike verhoudinge interindividueel is. Selfs Hoernlé, wat die waarde van die groep beklemtoon, meen dat daar veral op die lewe van die individuele mens as redelike wese gelet word en sê dan die volgende: „Such lives must be individual lives: they cannot be anything else. And thus, emphasis on the individual, the principle of ‚individualism', enshrines as essential truth. In the last resort, the lives of its individual members are the test for any society: it is in the individual lives that we must

23) Vgl. Laski, op.cit. p. 154 en ander plekke.

look for evidence of its success and failure."[24] Dit is waar dat Hoernlé die aksent effens anders lê as wat die geval is by Laski, en wel vir sover hy die individu nie heeltemal losmaak van die gemeenskap waaraan hy behoort nie. Laski beklemtoon dit dat die hele samelewing ingestel moet word op die ontwikkeling van die individu. Ten spyte van onderlinge aksentverskille is daar in die liberalisme se samelewingsbeskouing nog steeds die gedagte dat die individue nie 'n hegte eenheid met mekaar vorm nie, maar wel in losse, interindividuele, verband tot mekaar staan.

Die standpunt van Hoernlé omtrent die menslike samelewing verdien egter nadere uiteensetting. Hy gaan van die gedagte uit dat die individu en die samelewing nie in botsing met mekaar behoort te staan nie. „For the human individual, taken in abstract, cannot be conceived as achieving full humanity in isolation."[25] Die mens as enkeling is vir sy kultuurwaardes en tradisie en vir die vorming van sy karakter tog afhanklik van ander mense. Hierin verskil Hoernlé van Laski, wat bv. die oordra van kultuurerfenisse sien as 'n belemmering van die vryheid van die individu. Maar selfs ten spyte van hierdie insigte van Hoernlé val die klem by hom ook op die individu wanneer hy bv. die gemeenskap nader beskrywe: „Just in so far as society makes for all the successive generations of its individual members a truly human life possible, does it possess in itself a value which lays upon its members the obligation to maintain and develop it, as the carrier of culture-values, as the enduring condition of the transmission of culture values from generation to generation. In this sense, therefore, there is truth - partial truth - also in the affirmation that the continued existence of the society itself, is a culture carrier, is a value transcending the lives of individuals and their enjoyment of culture-values; and that, in this sense, the members of a society can rightly be called on to make sacrifices for it and to count themselves subordinate to it."[26]
Die menslike samelewing is vir Hoernlé die draer van sekere

24) Hoernlé, op.cit. p. 113.
25) Ibid. p. 114.
26) Loc.cit.

kultuurwaardes. In hierdie standpunt moet ons die betekenisvolle erkenning maak dat daar dus bepaalde norme in die menslike samelewing gevind word waarvolgens die individu sy gedrag moet bepaal. Die liberalisme moet, volgens Hoernlé, elke sosiale instelling toets en daarvolgens bepaal op watter wyse die mens tot die hoogste geluk in sy lewe gelei kan word. Waar die menslike samelewing so gesien word, maak Hoernlé die betekenisvolle stelling omtrent die mens as gemeenskapswese en sy vryheid: „Liberty is the socially guaranteed power of individual human beings to do something which they are mentally and physically capable of doing."[27] Hierdie ideaal kan alleen verwesenlik word wanneer die mens dus beide as individu en in sy verband met ander mense gesien word. Telkens wanneer Hoernlé so 'n stelling gemaak het, kom hy in sy slotsin weer terug op die gedagte dat sodanige skakeling met die gemeenskap slegs die hoogste belang van die individu beoog. Die afleiding wat ons kan maak, is dat Hoernlé hom nie heeltemal wil losmaak van die gedagte van die mens as gemeenskapswese nie, maar dat die selfverwesenliking van die individu nog altyd in die brandpunt van sy beskouing bly, 'n waarheid wat deur Hoernlé se eie woorde bevestig word: „We must include citizenship, social service, public spirit, patriotism, loyalty to group - call it what we will - among the ideals devotion to which makes life worth living for the individual."[28]

2. Verskillende tipes van Liberalisme.

In hierdie gedeelte kan ook verskillende tipes van liberalisme genoem word, maar wanneer die genoemde werk van Laski die liberalisme se ontwikkeling oor etlike eeue behandel, kan goed begryp word waarom ons genoodsaak is om te volstaan by enkele algemene kenmerke van die liberalisme wat in verband met die menslike samelewing gebring kan word.

Verder is dit nodig om bv. daarop te wys dat die probleem van gesag en van die staat ook hier bespreek kon word, maar om herhaling te voorkom, sal dit met die vryheidsprobleem

27) Ibid. p. 115.
28) Loc.cit.

van die liberalisme behandel word.

Dit is egter goed om daarop te let hoe die liberalistiese samelewing ook deur ander gesien word. Macdougall noem bv. die verskynsel dat die liberalisme selde 'n eie organisasie of instelling gebruik om sy leerstellinge te propageer, maar eerder gebruik maak van bestaande organisasies: „Individual liberals always have been more effective, working from within the major political parties, business associations, trade unions, churches, civic clubs, and other orthodox organizations."[29] Hierdie afleiding strook heeltemal met die beskouing van Laski dat die liberalisme hom kan bedien van gevestigde instellinge soos bv. organisasies op morele grondslag, kerke, politieke partye ens. om sy ideaal te bereik dat die mens as individu met sy aangebore reg om vry te wees, tot ware selfverwesenliking gelei moet word.

Die lewens- en wêreldbeskouing van die liberalisme word gekenmerk deur die feit dat daar van 'n kosmologie min tereg kom en dat dit eintlik net 'n antropologie het met die besondere klem op die individuele mens met sy aangebore regte en vryheid wat verkry moet word.

C. MENSLIKE VRYHEID.

Die vryheidsbeskouing is eintlik die kerngedagte van die liberalistiese lewens- en wêreldbeskouing. Wanneer Hoernlé 'n beskrywing gee van die liberalisme, word reeds in die eerste sinne gepraat van „liberation of individuals" en „liberation of groups."[30] So vind ons dit ook by Laski wanneer hy sy inleidende hoofstuk oor „Liberty in The Modern State", begin met die woorde: „I mean by liberty the absence of restraint upon the existence of those social conditions which, in modern civilization, are the necessary guarantees of individual happiness."[31]

29) Macdougall, C. D. Understanding Public Opinion, p. 596.

30) Vgl. Hoernlé, op.cit. p. 107.

31) Laski, H.J.: Liberty In the Modern State. p. 49.

1. Vry van . . . negatiewe vryheidsbeskouing.

Dit val ook dadelik op dat die vryheidsbeskouing van die liberalisme 'n negatiewe en 'n positiewe kant het. Wat die negatiewe betref, word herhaaldelik gewys op die gedagte dat die mens vry van iets moet wees. Hoernlé begin deur die taak van die liberalisme te beskrywe as „the liberation of individuals from hampering disabilities and restrictions,"[32] terwyl Laski hieromtrent sê: „I am arguing first, that liberty is essentially an absence of restraint. It implies power to expand, the choice by the individual of his own way of life without imposed prohibitions from without."[33] Die liberalisme wil dus vry wees van sekere dinge en sodoende die ware menslike vryheid verwesenlik. Ons vind hierdie gedagte ook terug in die praktyk waar die liberalistiese standpunt in The Forum soos volg gestel word: „So your aim will be to clear the obstacles from your way, and to keep it clear of obstacles. Then you can be free."[34]

(a) Vryheid en gesagsinstansies.

Die vraag wat die liberalisme moet beantwoord is die volgende: Vry waarvan, van wat, moet die mens vry word. Laski sê bv. dat die mens hom van baie verhoudings in sy lewe kan loswikkel, bv. van 'n gesinslewe, van sy kerk, van 'n vereniging ens., maar dat hy hom nie van die staat kan losmaak nie. Hy gaan voort deur te beweer dat die vryheid van die mens so min as moontlik selfs deur die staat beheer en belemmer moet word. Verder is dit nodig dat die staat slegs sodanige beheer oor die mens se lewe uitoefen dat sy vryheid nie daardeur geraak sal word nie. Hierdie stelling word deur die uitsprake van Laski bevestig. „Liberty always demands a limitation of political authority and it is never attained unless the rulers of the state can, where necessary, be called to account..... Our business is to secure such a balance between the liberty we need and the authority that is essential as to leave the average man with the clear sense that

32) Hoernlé, op.cit. p. 107.
33) Laski, Liberty in The Modern State. p. 49.
34) Philips, W.A.P. Freedom as Slavery. In The Forum. Aug. 1958. p. 29.

he has elbowroom for the continuous expression of his personality."[35] Gehoorsaamheid ingevolge die wet van die staat beteken nog nie dat die mens vry is nie. Hy kan bv. deur straf gedwing word om aan die eise van die wet te voldoen. Wat hierdie aangeleentheid betref, het Laski die volgende standpunt ingeneem: „But he is not free, as I have argued, merely because he obeys the law . His freedom, in relation to the law, depends on the effect of any particular order upon his experience. He is seeking happiness, some order seems to him a wanton invasion of that happiness. He may be right or wrong in so thinking, the point of fact is that he has no alternative but to go by his own moral certainties. Now freedom exists in a State where a man knows that the decisions made by the ultimate authority do not invade his personality. The conditions of freedom are then those which assure the absence of such invasion."[36] Uit hierdie belangrike verklaring kan bepaalde afleidings gemaak word omtrent die vryheidsbeskouing en die gesagbeskouing van die liberalisme. Dit is duidelik dat die individuele mens volgens sy redelike insigte moet handel selfs waar dit in stryd is met die wette van die staat, dat die mens self besluit met watter magte die staat beklee sal word, dat die mens as enkeling 'n selfbepalende wese is wie se vryheid en geluk nie deur die staat beheer moet word nie, dat die mens volgens sy eie morele standaarde moet handel wanneer hy van 'n sekere waarheid oortuig is, en dat die mens as redelike-sedelike wese die enigste maatstaf en norm is waarvolgens sy handelinge bepaal moet word. Dit laat onteenseglik die deur oop vir verset teen die staat en wette wanneer sekere vryhede wat die mens as sy reg opeis, aan bande gelê word. Die enigste gesag waarvan daar eintlik sprake is, is die gesag van die menslike rede. Volgens hierdie gedagte tree die mens met sy outonome rede as die enigste gesag waarvoor die mens buig, baie sterk na vore.

Laski maak daar geen geheim van nie dat die verset teen en ongehoorsaamheid aan staatswette volgens die standpunt van die liberalisme volkome geregverdig is. Hierdie gedagte word in

35) Laski, Liberty In The Modern State. p. 50.
36) Ibid. p. 63.

duidelike taal gestel: „It is the problem of knowing when a man ought deliberately to make up his mind to break the law or to refuse obedience to it. In the idealist theory, this problem does not arise; it is answered a priori by the definition of freedom as obedience to the law. But because we have rejected this view, we have to admit that there will be occasional disobedience, at the least, and that this may be justified."[37] Die gronde waarop wetsverbreking mag plaasvind word andermaal teruggelei na die oordeel van die menslike rede as enigste maatstaf. Hierdie standpunt lei daartoe dat die mens met sy soewereine menslike regte eers gelei word tot 'n minimum van gesagserkenning en eindelik tot gesagsontkenning. Die mens dra in sy outonome rede sy menslike gesag in homself om en as individu kan hy dan 'n deel van sy eie gesag oordra aan ander. Die gesagsinstansie is egter op sy beurt weer verantwoordelik aan die mens as individu, want die individu dra net soveel gesag aan die gesagsinstansie oor as wat nodig is en niks meer nie. Die liberalisme sien in die gesag van sekere instansies, bv. van die staat, 'n bedreiging vir die vryheid van die individu en redeneer dan dat, hoe minder gesag uitgeoefen word oor die mens, des te groter sal die vryheid van die individu wees.

Billikheidshalwe word daarop gewys dat Hoernlé in die verhouding van onderdaan en staat 'n meer gematigde standpunt inneem. Hy maak bv. die stelling: „There is no such thing as ‚liberty' to break the law....."[38] Hoernlé beweer dat die liberalisme hom nie aan wetsverbreking skuldig moet maak nie, maar hom eerder positief moet beywer om bepaalde vryhede te verkry, soos bv. vryheid van spraak, vryheid van kritiek, vryheid van die pers, vryheid van stemreg, ens. Maar ook by Hoernlé is daar die sterk standpunt dat die individuele mens se belange behartig moet word en dan ook volgens voorskrif van sy rede.

2. Positiewe Vryheidsidee.

(a) Verwesenliking van die individu se moontlikhede.

Dit bring ons dan by die meer positiewe gedagte van die liberalisme omtrent menslike vryheid. Hoernlé beskrywe die

37) Ibid. p. 64.
38) Hoernlé, op.cit. p. 116.

positiewe ideaal van die liberalisme in die volgende woorde: „Always the ideal of liberty has been positive: by the abolition of restrictions to make a fuller life possible for human beings - whether it be the fuller use by individual men and women of their powers of mind and body in the realization of their interests; or the opportunity for a group, especially a religious, cultural or national group, to achieve for itself as a group, the fuller realization of its group-ideals or group values."[39] Sy positiewe strewe is dan om alles wat die individu veronreg of benadeel uit die weg te probeer ruim. Vryheid is vir Hoernlé die aangebore reg om te doen waartoe hy fisies en geestelik in staat is deur sy eie redelike insigte. Indien hy deur die staat of sosiale instellings verhinder word om dit te doen, moet die nodige oorredingswerk deur die liberalisme gedoen word om 'n bepaalde vryheid vir die mens te verkry.

(b) Aangebore menseregte.

Die liberalisme ag hom gebind aan sekere aangebore regte en eienskappe wat in die lewe van elke mens tot volle ontwikkeling moet kom. Elke redelik-Sedelike wese moet volgens sy eie oortuiging handel, moet sy eie besluite kan neem, moet gelykwaardig met ander wees, en moet sy eie lewe tot self-verwesenliking lei. Waar dit nie gebeur nie, is dit volgens Hoernlé die taak van die liberalisme om die mens as individu tot vryheid te lei.[40] Die mens moet bewus gemaak word van sy natuurlike menseregte, bv. wat betref gesondheid, voeding, behuising, sanitasie, werksomstandighede, ontspanning. 'n Gemeenskap wat die individu nie hiertoe kan lei nie, sal nie die geluk van die mens verseker nie. Maar ook die emosionele en verstandelike en politieke ontwikkeling van die mens en die opheffing van minderbevoorregtes is vir die liberalisme van fundamentele betekenis. Deurgaans val die klem egter weer op die feit dat dit die lewe van die individu is wat tot ware vryheid en geluk gelei moet word.

(c) Geluk van die enkeling.

Die hoogste doel waarna die liberalisme dan ook strewe

39) Ibid. p. 107.
40) Vgl. Ibid. p. 113-114.

is om die individu in die sosiale lewe 'n gelukkige mens te maak. Die hele gedagte van geluk word veral deur Laski sterk beklemtoon. Vryheid is vir Laski niks anders nie as die geluk van die enkeling. Alles wat deur die staat gedoen word, moet 'n waarborg inhou dat die geluk van die mens daardeur verhoog sal word. „He is seeking happiness.... The citizen who asks for freedom is entitled to the conditions which, collectively, are the guarantees that he will be able to go on the road to his happiness, as he conceives it, unhindered."[41] Tog het Laski rekening gehou met die gemeenskap waarin die mens lewe. Die liberalis is iemand wat aan die staat of 'n ander instelling 'n sekere gesag toeken. Met hierdie gesag mag die vryheid van die mens dan beperk word mits dit bydra tot sy groter gelukkigheid. Laski sê hiervan: „Certain restraints upon freedom add to a man's happiness."[42] Na my oordeel verval die liberalisme hier in 'n teenstrydigheid, want enersyds word beweer dat die mens sy hoogste vryheid en gelukkigheid vind wanneer hy sy lewe vry van alle hindernisse kan lewe, en andersyds word weer beweer dat beperkinge van sy vryheid 'n bydrae kan lewer tot sy gelukkigheid. Laski probeer hom uit hierdie teenstrydigheid loswikkel deur te praat van die paradoks van selfregering. Die vraag is egter, wanneer die liberalisme die geluk van die mens daarin sien dat elke mens volgens sy eie en finale beslissing en gelei deur sy eie redelike oortuiging,tot selfverwesenliking kom, of daar plek gelaat kan word vir die beperkinge van die mens as individuele wese. Dit sou dan alleen toegelaat kan word mits elke individu sy goedkeuring aan sodanige beperking gee. Alle gepositiveerde wette en gedragskodes moet volgens die liberalisme uit die individu ontstaan en in die laaste instansie weer deur die individu goedgekeur word alvorens dit tot die vryheid en gelukkigheid van die mens kan bydra. So het 'n volgeling van die liberalisme die vryheid van die mens gesien toe hy die gedagtes van J. Bentham, J.S.Mill, Harold Laski en Bertrand Russel opgesom het: „To such people the essence of freedom was and is the untrammelled exercise of the potentialities of all human beings. It is a desire which impels a man to exercise his potentialities... This view,

41) Laski, Liberty In The Modern State. p. 63.
42) Ibid. p. 160.

clearly is based on a trust in human nature. Though it has its weaknesses, human nature is held to be fundamentally decent and good."[43]

(d) Gelykskakeling en geluk.

Telkens buig die gedagtes van die liberalisme terug na die mens wat sy vryheid in sy selfbeskikking en outonome rede vind en daardeur sy gelukkigheid verkry. Die liberalisme lê besondere klem op die mens as sedelike wese en dat menslike waardigheid nie geskaad moet word nie. Daar moet steeds 'n gees van verdraagsaamheid heers sodat elke individu die volste reg het om nie alleen sy oortuigings te propageer nie, maar dit ook uit te lewe en so tot selfverwesenliking kom. Uit hierdie standpunt volg dan ook die gelykheidsbeginsel van die liberalisme. Die liberalisme sien die mens as individu in sy fundamentele individuele menslikheid en daarom moet daarna gestrewe word om almal gelyke geleentheid en gelyke regte te gee. Laski meen dat dié beginsel van gelykskakeling altyd sterk teenstand sal kry en gee sy rede so weer: „Equality, in fact, is a denial of the philosophy of life which is bred into their bones by their way of living. It does not seem to me remarkable that they should fight against this denial."[44] Volgens hom sal die beginsel van gelykheid en die reg om dit te eis altyd deur die mens betwis word wat die liberalisme teenstaan. Ook van hierdie gelykskakeling moet die mens wat nog nie daaraan deel het nie, bewus gemaak word en sodoende die vryheid van die enkeling en die vryheid van die samelewing verseker. Laski som hierdie gedagtes so op: „I conclude, therefore, that whatever our mechanisms and institutions, liberty can hope to emerge and to be maintained in a society where men are, broadly speaking, equally interested in its emergence and maintenance."[45]

(e) Liberalisme en norme.

Uit bogenoemde uiteensetting kan afgelei word dat die liberalisme norme wat van buite, bv. van staatsweë, kerkweë,

43) Phillips, op.cit. p. 28.
44) Laski, The Liberty In The Modern State. p. 172.
45) Ibid. p. 171.

ens., op die mens toegepas word, as 'n belemmering van sy menslike vryheid beskou. Dit is egter nodig om te erken dat die liberalisme wel sekere norme het wat die mens se gedrag bepaal en wat hom lei tot 'n bepaalde handeling as vrye mens. Hierdie norme is egter menslike norme wat deur die outonome rede van die mens voortgebring word en wat veral die gelukkigheid van die individuele mens in die middelpunt plaas. Die maatstaf waaraan die gedrag van die mens gemeet word, is dan die rede van die mens.

(f) Die reg om te weet.

Die liberalisme beskou die reg om te weet en die reg om ingelig te word as nog 'n belangrike hoeksteen van menslike vryheid, mits die feite waar is en die mens self die geleentheid het om uit die aangebode feitemateriaal sy eie afleidings te maak.

Die gedagte dat nuus bv. vertolk moet word en kommentarieel weergegee word, word deur Laski gesien as 'n ondiens aan die vrye mens. Die standpunt van Laski kom eintlik neer op die neutraliteitsgedagte i.v.m. die wetenskap en hy wil dan te kenne gee dat die mens die wetenskap kan beoefen en gegewens kan beoordeel sonder dat die lewens- en wêreldbeskouing van die mens hoegenaamd 'n rol daarin speel.[46] Laski se eie woorde is bevestiging van hierdie stelling: „It is because opinion is so vitally dependent upon the truthfulness of facts that observers have come more and more to insist on the connexion between liberty and the news. For a judging public is unfree if it has to judge not between competing theories of what an agreed set of facts mean, but between competing distortions of what is, at the outset, unedifying and invented mythology .... We have, in short, the difficulty that the control of news by special interests may make prisoners of men who believe themselves to be free."[47] Ongelukkig word die begrip „truthfulness" nie deur Laski gekwalifiseer nie.

46) Vgl. die neutraliteitsgedagte soos uiteengesit in Hoofstuk I.
47) Ibid. p. 162-163.

(g) Samevatting.

In die vryheidsbeskouing van die liberalisme word die mens as enkeling en as self-bepalende wese baie sterk beklemtoon. Die voorafgaande is 'n poging om die liberaliste self te laat spreek oor hulle beskouinge omtrent die vryheid van die mens. Om die vryheidsbeskouing van die liberalisme saam te vat in enkele sinne, volstaan ons by die treffende woorde van Treurnicht: „Die mens as individu moet bevry word van uit die hande van klasse, stamme, nasies, bevry van die dwingende gesag van buite, van staat, kerk, dogmas en vooroordele, van volksverband en kultuurverband. Op die waarde van die enkeling as selfbepalende wese, val die grootste nadruk. Dis sy regte, vryhede en welvaart wat op die spel staan. As enkeling is hy die selfstandige grootheid aan wie die betekenis van dinge gemeet moet word. As vrye, redelike en sedelike wese wil hy sy selfbeskikkingsreg handhaaf. Hy dink vir homself, bepaal sy eie lot, is selfbepaald en aan homself verantwoordelik. Hy buig voor die gesag van sy eie rede of slegs voor sodanige gesag as waaraan hy ter wille van homself sekere gesag oorgedra het."[48]

D. KRITIESE VERGELYK.

Die kritiese vergelyk tussen liberalisme en Calvinisme sal so beknop as moontlik gestel word in hierdie afdeling omdat sommige van hierdie punte ook weer breedvoerig behandel sal word in die beskouinge van die liberalisme omtrent die perswese. Dadelik moet erken word dat alles wat die liberalisme verkondig beslis nie verwerplik is nie. Soos dit met die mees uiteenlopende standpunte die geval is, is dit waar dat net soos sommige denkers van die Calvinisme 'n karikatuur probeer maak, so word daar van die liberalisme ook in sommige gevalle 'n karikatuur gemaak.

(a) Waardering vir waarheidsmomente.

Daar kan waardering wees dat die liberalisme dit as ideaal

48) Treurnicht, op.cit. p. 7.
Vgl. ook kritiek op die Humanisme in Christelijke Encyclopedie. Deel VI. p. 540.

stel om die verslawing en verdrukking van die mens opgehef te kry. Hierdie hoogstaande motiewe van die liberalisme kan nie sonder meer verwerp word nie, al word dit vanweë die lewens- en wêreldbeskouing van die liberalisme ook krities benader. Om die mens se lewensomstandighede te verbeter en die individuele mens se belangrikheid te beklemtoon, bevat waarheidsmomente wat nie misken kan word nie. In die leer van die liberalisme is daar sekere waarhede wat prysenswaardig is en wat waardeer kan word, maar dit is veral mistastinge soos bv. omtrent die goedheid en gaafheid van die mens en die miskenning van die sondeval en die sondigheid van die mens, wat die liberalisme in ernstige strikke laat beland. Die praktiese uitlewing van die liberalistiese leer het talle konfliksituasies tot gevolg wat veral in die liberalistiese beskouinge omtrent die pers en persvryheid tot openbaring sal kom.

(b) Die mens as middelpunt.

In die uiteensetting van die lewens- en wêreldbeskouing van die liberalisme het ons daarop gewys dat dit om die mens as mens gaan. Die mens is die basis en grondslag van alle dinge waarin die hoogste waarde en sin van die lewe gevind word. Die mens is dan 'n doel in homself en vind sy wet in homself. Die kritiese ontleding van die standpunt van die liberalisme geld nie net die lewensbeskouing nie, maar ook die mensbeskouing van die liberalisme. Die Calvinisme sien nie die mens as die middelpunt van Gods skepping nie, maar sien die skepping teosentries. Die mens bly steeds 'n onselfgenoegsame en kreatuurlike wese wat sy uniekheid daarin vind dat hy die kroonpunt van Gods skepping is, en na die beeld van God geskape is. Die standpunt van die liberalisme lei tot die vermensliking van die ganse skepping, tot 'n humanisme waarin dit in alles gaan om die mens as mens. As mens soek hy dan ook die oplossing van alle probleme in die rede van die mens, d.w.s. in iets wat tydelik is. Venter wys hierop in die volgende sitaat: „In al sy skakeringe word die humanisme daardeur gekenmerk dat dit sy absolute uitgangspunt in die tyd self kies. Dit is die onontwykbare eis van sy proklamering van die soewereine rede. As die menslike rede werklik selfgenoegsaam is, kan hy sy uitgangspunt nie neem in iets anders as die mens self nie."[49] Die liberalisme kan nie

49) Venter: Die Ontwikkeling van die Westerse Denke, p.106.

loskom van die feit dat dit die mens vergoddelik en sodoende, met die menslike rede as uitgangspunt, 'n vervalste beeld van die wêreld weergee nie. Tereg merk Venter op: „Kragtens sy religieuse uitgangspunt moet die humanisme die werklikheid konsekwent en grondig vervals. Nooit kan die humanistiese denke bo die verabsolutering (vergoddeliking) van 'n aspek van die geskapene nie. Immer bly die humanis 'n gevangene van sy eie bekrompe dogmatisme. Die humanisme is inderdaad die filosofie van die vertroebelde denke."[50]

Die Calvinisme en die liberalisme loop uiteen op die punt waar die liberalisme die mens as mens tot die sentrale figuur in die skepping van God wil maak. Die Calvinisme erken die unieke plek van die mens in die skepping van God, maar dit gaan dan nog nie om die mens as mens nie, maar om God wat daardie plek aan die mens toegeken het.

(c) Die mens as enkeling.

'n Verdere punt wat krities benader word, is die standpunt van die liberalisme dat dit wat die mens betref, fundamenteel om die enkeling gaan. Die standpunt van Laski, en in mindere mate ook die van Hoernlé, kom daarop neer dat die mens as individuele wese 'n einddoel in homself is omdat dit voortdurend om sý belange, sý beslissings, sý oortuigings gaan. Die liberalistiese beskouing lei egter noodwendig tot 'n individualisme waarin die eenheid van die mens in die samelewing en die betrokke samelewingskringe nie begryp word nie. Volgens die liberalisme is die verhouding tussen mens en mens slegs interindividueel. Die Calvinisme erken die besondere plek van die individu, maar erken ook die eenheid van 'n samelewingskring wat meer is as die som van individue. Verder is daar 'n vervlegting van enkeling en samelewingskring en ook van samelewingskring en samelewingskring. Die mens is meer as individu en staan in 'n verskeidenheid van verhoudinge tot die mensheid as geheel. Hoernlé erken dat groepe individue gemeenskaplike belang het, maar tog gaan dit nog vir hom in elke groep om die mens as individu. By die liberaliste gaan

50) Ibid. p. 124.

dit in hulle lewensbeskouing, hulle mensbeskouing (en samelewingsbeskouing) in fundamentele sin om die individu en om die inter-subjektiewe en inter-individuele verhoudings. Hierdie verhoudings is egter nie vreemd aan die beskouing van die Calvinisme nie. Die Calvinisme ken ook die interindividuele verhoudings met verkeer tussen mense, soos bv. koper en verkoper, geneesheer en pasiënt, buurskap, pers (as instituut, as sekondêre samelewingskring) tot lesers (tersiêre samelewingskring). Voorts het die primêre en sekondêre samelewingskringe elkeen sy eie aard, eenheid, struktuur en taak. By die Calvinistiese lewens- en mensbeskouing word daar ten volle rekening gehou met die mens as enkeling en ook met die mens as sosiale wese, terwyl die liberalisme kragtens sy uitgangspunt van die individu, die sosiale verhoudings nie tot hulle volle reg laat kom nie. Vanweë sy individualisme kan die liberalisme nie die eenheid van die primêre en sekondêre samelewingskringe (huwelik, gesin, volk, staat, kerk, skool, vereniging) tot sy reg laat kom nie, omdat elkeen van die samelewingskringe meer is as die som van individue wat daaraan deel het, elke samelewingskring het sy eie struktuureenheid, sy eie taak en bestemming. Daar moet volgens die Calvinistiese beskouing onderskei word tussen sosiaal as inter-individueel en sosiaal in die sin van 'n eenheid van 'n samelewingskring asook van die mensheid. Die liberalisme erken wel die sosiale as inter-individueel, maar verwerp die sosiale in die sin van 'n eenheid van die samelewingskring.

(d) Die mens as sosiale wese.

Die liberalisme se siening van die primêre en sekondêre samelewingskringe is vanweë sy individualisme nie korrek nie, terwyl die tersiêre samelewingskringe, soos bv. dié van buurskap, vriendekring, verhouding van koper tot verkoper, geneesheer en pasiënt, onderwyser en leerling, joernalis en leser, eintlik al is wat hy raaksien. In die tersiêre samelewingskringe het ons met interindividuele verhoudinge te doen waarby die individue geen samelewingskringeenheid, soos die primêre en sekondêre, vertoon nie. Hier is ook geen kringsgesagsverhouding nie, eintlik is daar nie van gesag sprake in die tersiêre samelewingskringe nie. Die liberalisme sal bv. erken dat die onderwyser die kind moet lei en leiding gee,

maar hierdie leiding wil hy nie sien as gesag soos die Calvinisme dit sien in die verhouding van ouer en kind, staat en onderdaan, kerkraad en lidmaat nie. Die gevolg is dat die liberalisme vanweë sy individualisme nie die regte plek toeken aan gesag in die verskillende samelewingskringe nie en om die rede word alle gesag van die staat bv. as 'n belemmering vir menslike vryheid beskou. Vir die Calvinisme is die individuele en sosiale, gelykwaardige, ewe oorspronklik, maar komplementerende kante van die menslike persoon, as eenheid. Daar bestaan in werklikheid geen louter individu nie, dit is 'n abstraksie, maar die mens is ook nie 'n louter sosiale (volkere of staatse) wese nie, ook dit is louter abstraksie. Waar die liberalisme die nadruk lê op die individue en interindividuele verhoudings, erken die Calvinisme sowel die enkeling en interindividuele verbondenheid, as die unieke eenheid van die betrokke samelewingskring.

(e) Menslike Vryheid.

Uit hierdie lewens- en mensbeskouing van die liberalisme waarin veral die mens 'n sentrale plek inneem, word die vryheidsbeskouing van die liberalisme ontwikkel. Weer is dit die mens as mens wat hier op die voorgrond tree. Vryheid vir die mens beteken vir Laski niks anders nie as 'n reg wat die mens het om gelukkig te wees. Alles wat die mens verhinder om gelukkig te wees, is 'n belemmering van sy vryheid. Dit dui op die negatiewe aspek van die liberalistiese vryheidsbeskouing waarin die mens hom moet losmaak van tradisie, van 'n wet bo die mens, selfs los van godsdiens en staatsgesag, indien dit nodig is. Volgens die beskouing van Laski is dit 'n reg wat die mens het om gelukkig te wees.

Hiermee kan die Calvinisme nie saamstem dat gelukkigheid tot etiese kriterium verhef word nie. Die mens het 'n roeping van God ontvang om in ooreenstemming met sy aanleg, omstandighede en wetsorde te doen wat hy behoort te doen. Wanneer hy sy roeping vervul soos God dit van hom eis, handel hy as vrye mens en sal daar aan hom ook gelukkigheid toekom, nie as einddoel nie maar eerder as bykomstige loon. Teenoor die liberalistiese vryheidsbeskouing waarin die geluk van die individu andermaal die oorheersende gedagte vorm, sien die

Calvinisme ware menslike vryheid as roepingsvervulling.

In die vryheidsbeskouing van die liberalisme is daar verder 'n teenstrydigheid. Dit gaan om die gelukkigheid van die individu, maar terselfdertyd sal die somtotaal van die individue se geluk ook die geluk van die gemeenskap verseker. Hierdie vanselfsprekenheid gaan nie op nie. Die individu is juis egoïsties in sy soeke na geluk. Volgens Laski moet alles wat die individu se geluk belemmer, uit die weg geruim word, maar juis hierdie negatiewe „uit die weg ruim", raak die lewe van ander individue en sosiale groepe. Die maatstaf vir vryheid as gelukkigheid word in die outonome mens gevind en hoe die liberalisme die mens se individualistiese maatstaf algemeen geldig kan maak vir die geluk van die hele mensheid en dit kan rym met die geluk van die individu, bly 'n vraag wat om beantwoording vra. Volgens die liberalisme moet elke individu volgens eie oortuigings sy vryheid en geluk soek, maar hy moet ook aan elke ander individu dieselfde gun. Om dit egter aan ander te gun beteken in werklikheid 'n beperking van alle belangsfeer van elkeen en dit is weer in stryd met die beginsel dat die outonome individu sy eie heil bewerk. Laski sien die hoogste goed vir die mens daarin dat die menslike waardigheid narbiedig word en dat die mens gelukkig moet wees. Dit moet altyd in gelyke sin op alle individue van toepassing gemaak word. Teenoor hierdie standpunt kan die besware geopper word dat hoewel die liberalisme ook norme het waarvolgens die menslike lewe ingerig word, bv. die reg van elke mens op geluk, die grootste hoeveelheid geluk vir die grootste getal mense ens., sien die liberalisme die struktuur en die bestemmingsnorme van die primêre en sekondêre samelewingskringe, asook van die menslike samelewing as geheel en sy roeping en verder ook die talle modale norme vir die godsdienstige lewe, moeilik raak. Die Calvinisme leer dan ook dat die mens nie net geluk kan najaag nie, maar dat hy 'n roeping van God het om as individu te vervul, in sy medemenslike verhoudinge en ook teenoor die kosmos as geheel. Geluk word dan geen doel op sigself nie, maar 'n ondergeskikte en bykomstige element in die roepingsvervulling van die mens. Menslike vryheid is vir die Calvinisme steeds as 'n vryheid wat gehoorsaam is aan 'n wetsorde wat sy oorsprong nie in die mens het nie. Menslike vryheid kan

positief gesien word as 'n daad, as die vervulling van jou roeping volgens norme en behorenseise, maar dit moet ook negatief gesien word, daar is ook beperkinge, die mens mag bv. nie die grense van die wet oorskry nie. En dit is hierdie begrensing wat die liberalisme nie ken nie, vandaar dat hy ook eis dat die mens as enkeling die reg moet hê om dit te doen wat hy volgens sy redelike oortuiging wil doen.

(f) Vryheid en norme.

Soos reeds gestel het die liberalisme wel bepaalde norme waarvolgens die individu sy geluk en dus ook sy vryheid wil verseker. Die liberalisme erken egter nie dat daar 'n bepaalde wetsorde deur God self in die skepping gelê is waaraan die mens gehoorsaam moet wees nie. Die vraag ontstaan verder of die individu hom deur die mens gepositiveerde orde, soos bv. staatswette, gedragskodes, perskodes, ens., kan laat beperk. Hier kom die liberalisme te staan voor die probleem van die beperking van sy individuele vryheid deur die staatswet en ander kodes. Die liberalisme handhaaf die standpunt dat gepositiveerde wette of norme die individuele vryheid nie mag ondermyn nie, want in werklikheid is die individu met sy aangebore menseregte 'n wet vir homself. Alle gepositiveerde wette en norme en so ook enige vorm van gesag moet sy oorsprong geheel en al vind in die outonome vrye individu, en alleen met elkeen se toestemming mag sodanige bindinge van toepassing op die mens gemaak word. Die standpunt van die liberalisme is nie alleen 'n ontkenning van die wetsorde wat God in die skepping gelê het nie, maar is ook 'n verwerping van die gesagsbeskouing wat uit die Woord van God afgelei is. Die liberalisme kan volgens sy beskouing nie die mens tot 'n ware vryheidsbeskouing lei nie maar gee aan die mens 'n valse vryheidsbeskouing wat uit die outonome mens voortgebring word.

Die Calvinisme erken nie alleen die individuele vryheid van die mens nie, maar ook die vryheid van die verskillende samelewingskringe, soos bv. huweliksvryheid, gesinsvryheid, volksvryheid, staatsvryheid, kerklike vryheid, persvryheid ens. Vir die Calvinisme is menslike vryheid 'n daad van die hele mens wat in al sy menslike en kosmiese verhoudinge so

optree dat hy alle gegewe moontlikhede aktualiseer en aldus sy roeping verwesenlik en sodoende die bestemming wat God vir hom en die wêreld beoog het.

(g) Aangebore menseregte.

Nog 'n aspek van die liberalistiese vryheidsbeskouing handel oor die „regte" wat by die mens aangebore is, bv. die reg tot gelykheid, gelykwaardigheid ens. Die liberalisme beskou hierdie sogenaamde aangebore regte van die mens as iets wat hy vir hom kan opeis en waaroor hy kan beskik, dit moet aan hom toegeken word en die mens wat nie daarop aandring nie, moet van hierdie reg bewus gemaak word en daarom vra. Ook op hierdie punt dwaal die liberalisme omdat regte ook as voorregte gesien kan word wat God aan die mens skenk. Stoker het hierdie standpunt duidelik beskrywe: „Roepingsvervulling is 'n plig wat God aan die mens stel. M.a.w. met sy ontiese moontlikhede is die mens ontiese sy pligte gestel. Om hierdie pligte te kan vervul, skenk (vergun) God die mens sy kreatuurlike ontiese regte. 'n Plig stel die mens wat hy behoort te doen. Ontiese menseregte wortel aldus in ontiese pligte van die mens en wel in fundamentele sin teenoor God. Ontiese menseregte is voorregte die mens van Godswëë vergun om te doen wat hy behoort te doen. Die mens beskik nie volgens sy menslike welbehae en goeddunke outonoom en outarkies oor sy ontiese menseregte nie. Hy mág hierdie regte slegs uitoefen kragtens en ooreenkomstig sy roepingsplig; en omdat pligte behorenseise is, behoort hy hierdie regte uit te oefen slegs soos deur die ontiese pligte bepaal. Ontneem die ontiese reg (m.a.w. dit wat hy mág doen, waarop hy aanspraak het) sy ontiese fundering in plig (dit wat hy behoort te doen), dan vernietig u die reg as sodanig."[51] Met ander woorde, die mens sal nie, soos die liberalisme beweer, sy vryheid vind met die verkryging van alles waarop sy aangebore menseregte hom 'n aanspraak gee nie, maar die mens vind sy vryheid in al die hom geskenkte kreatuurlike wetsonderworpe moontlikhede, m.a.w. in sy roepingsvervulling.

51) Stoker, 'n Kursoriese Besinning oor Menseregte p. 135.

(h) Die gelykheidsbeginsel.

Volgens die Calvinistiese standpunt is die slagkreet van menslike gelykheid as aangebore reg 'n aanvegbare stelling. Die Calvinisme erken wel dat alle mense skepsels van God is en voor Hom gelyk is ook in onderskeiding van die dier. Daar is egter 'n verskil in die mens se aard en aanleg en talente wat hom ongelyk aan mekaar laat, en prinsipieel gesien, is dit juis in hierdie fundamentele ongelykheid van die mens waarin die grond vir gesag gevind word. Stoker maak die volgende stelling oor hierdie aangeleentheid: „Hierdie fundamentele gelykheid van mens en mens erken die Calvinisme. Maar daarnaas en daaraan gelykwaardig erken dit ook 'n fundamentele ongelykheid tussen mens en mens. Die ongelykheid mag nie aan die gelykheid en die gelykheid aan die ongelykheid opgeoffer word nie. Die gesagsverhouding onder mense openbaar 'n fundamentele ongelykheid tussen mens en mens. Die konsekwente liberalisme daarenteen kan die eintlike betekenis van gesag nie reg verstaan nie, omdat dit fundamenteel slegs die gelykheid tussen mens en mens handhaaf."[52] Hierdie beskouing oor die gelykheid van mense is grond vir die liberalistiese leer van reg van verset. Wanneer alle individue aan mekaar gelyk is,word aan elkeen gelyke gesag toegeken en dan is dit die mens se reg om hom te verset. Die Calvinisme kan geen onreg duld nie, en leer tewens dat die mens wat in gesagsposisie verkeer, sodanige gesag ook moet uitoefen in verantwoordelikheid aan God self. Omdat menslike gesag in prinsipe sy oorsprong in God vind, is dit vanselfsprekend dat die mens aan hierdie gesag gehoorsaam moet wees en dat enige verset teen gesag met die grootste versigtigheid oorweeg moet word en dit allermins, soos die geval by die liberalisme, aan die willekeur van die outonome mens mag oorlaat. Omdat die beginsel van gelykheid en aangebore menseregte ten grondslag lê van die ambisieuse program van die liberalisme om die mens op te hef en sy omstandighede te verbeter, word die optrede van die liberalisme in die praktyk ernstig bevraagteken, want ook hierin gaan dit slegs om die mens as mens, en nie om die mens as skepsel van God, wat daartoe geroep word om sy God-gegewe bestemming te bereik

52) Stoker, Praktiese Calvinisme, p. 17-18.

in die vervullingvan sy roeping, en daarmee ook sy ware menslike vryheid te aktualiseer nie.

(i) Die leer van verdraagsaamheid.

Die beginsel van verdraagsaamheid by die liberalisme, of „peaceful penetration", kan ook weer teruggelei word na die individualistiese uitgangspunt. Elke individu het die reg op sy eie selfverwesenliking en handel volgens sy redelike insigte. Hierin mag hy nie gehinder word nie. Dit is sy taak om deur „peaceful penetration" die oortuiging van die liberalisme tuis te bring en op die regte van die individu aan te dring. Die praktyk leer egter dat die liberalisme eintlik geduld en verdraagsaamheid veral opeis wanneer dit sý gelegenheid is om sy standpunt te stel, maar dat daar by die teenkanting teen die liberalisme 'n groot mate van onverdraagsaamheid heers.[53)]

Samevatting.

Die grondfout van die liberalisme moet gesien word in die standpunt dat die mens die uitgangspunt, die maatstaf en die einddoel van alle dinge is. In sy vryheidsbeskouing leer die liberalisme dat die mens sy geluk moet najaag. Die lewe van die liberalisties-gesiene mens is 'n lewe wat deur self-ekspressie, self-ontwikkeling en self-verwesenliking tot ware vryheid en geluk moet kom, tewens so alleen kan die mens die einddoel van sy lewe bereik. Die Calvinisme leer egter dat die hele kosmos en dus ook die mens deur God geskape is. Die wêreld en die lewe van die mens vind sy oorsprong en diepste sin in God. Die mens beklee 'n unieke plek in die wêreld as die kroonpunt van Gods skepping. Derhalwe is die mens deur God geroep om in hierdie wêreld die bestemming van die mens en die hele kosmos te aktualiseer. Wanneer die mens dit doen, is hy besig met roepingsvervulling in ooreenstemming met die wil van God en is sy handeling 'n daad van

53) 'n Sprekende voorbeeld hiervan is die beswaar dat teen die Universiteitspersoneel van P.U. vir C.H.O. gediskrimineer word op grond van geloof.

ware menslike vryheid. Waar die liberalistiese vryheidsbeskouing ingeperk word tot die lewe van die outonome mens, kan dit nooit in die perspektief deel wat die gedagte van vryheid as roepingsvervulling vir die mens en die ganse skepping van God open nie.

Dit is duidelik dat die lewens- en wêreldbeskouing van die liberalisme die mens as sentrum van sy leerstelling kies, en dan veral die mens as individuele wese. Deur sy leer van selfverbetering en selfrealisasie van die mens onder leiding van sy outonome rede, lei dit uiteindelik tot 'n vergoddeliking van die mens en is die liberalisme, konsekwent deurgevoer die wegbereider vir die standpunt dat elke mens vry moet wees om te glo in 'n God wat sy redelike denke vir hom aanwys. Ons kan ons ten volle vereenselwig met die gevolgtrekking van Potgieter: „Liberalisme is daardie lewens- en wêreldbeskouing wat die mens, die magtige afvallige mens op die troon gaan sit, sodat daardie mens vir homself normerend word en hy sy eie gesag is. Daardie gesag van die verdorwe mens neem dan natuurlik die plek in van die gesag van God en Sy Woord."[54] Uit hierdie lewens- en wêreldbeskouing van die liberalisme word die vryheidsbegrip ook afgelei en gaan dit om die vryheid van die mens alleen. Van ware menslike vryheid is hier egter nie sprake nie omdat die mens eintlik verslaaf word aan 'n standpunt wat uit die outonome menslike rede spruit. Tereg sê Venter: „Hierdie wysbegeerte wat voorgee om 'n verklanking te wees van die vryheidsgees wat daar diep in die hart van elke skepsel sluimer, het meer as enige ander enkele faktor bygedra tot die verslawing van die mens."[55]

Na ons oordeel bied die Calvinistiese beskouing omtrent menslike vryheid aan ons 'n standpunt wat ten volle rekening hou met die plek wat God self aan die mens in Sy skepping toegeken het, en is daar nie, soos by die liberalisme, slegs ruimte geskaat vir die outonome mens wat alleen aan die wet van sy eie rede gebind is nie, 'n mens wat hom inderdaad deur niks laat bind nie, maar sy eie wet geword het.

54) Potgieter, F.J.M. Liberalisme en Akademiese Vryheid, p.3. Vgl. ook in die verband: Van Dijk, op.cit.p.18.

55) Venter, Humanisme en Menslike Vryheid, p. 1.

HOOFSTUK 4

DIE KOMMUNISME

1. Inleiding.

Sonder om enigsins gemoeid te raak met 'n reeks terminologiese onderskeidings is dit tog nodig om helderheid te verkry omtrent sekere woorde wat in hierdie hoofstuk vrylik gebruik sal word, bv. „kommunisme", „sosialisme" en „bolsjewisme." De Kraan gee in sy boek oor die Kommunisme 'n uiteensetting omtrent genoemde woorde wat besonder insiggewend is: „We denken aan 1848, toen Marx zijn beroemde en beruchte Communistisch Manifest de wereld inslingerde. Socialist was in die dagen een vrij kleurloos begrip, waaronder eigenlijk iedereen verstaan werd, die zich bezighield met vragen van maatschappij-kritiek en verbetering in die eigendomsverhoudingen. Communisten waren toen revolutionaire arbeiders, die metterdaad een maatschappelijke omwenteling beraamden. Ze vormden kleine, meest ondergrondse groepen, die in een Communisten-Bond samenwerking zochten. Voor deze Communistenbond stelde Marx een program, tevens proclamatie op, dat express het Communistisch Manifest werd genoemd, om op het bijzondere, proletarische, revolutionaire karakter van het socialisme van Marx en zijn kring alle nadruk te leggen..."[1] Die beskrywing van die betekenis van die woord „bolsjevisme", is ewe insiggewend: „Deze naam is afgeleid van het Russische bolsjinstwo, dat meerderheid betekent en staat tegenover mensjewiki, van mensjintswo, minderheid."[2] Laasgenoemde woord, nl. bolsjewisme, het sy oorsprong gehad by die Tweede Kongres van die Russiese Sosiaal-Demokratiese Arbeidersparty wat in 1903 in die geheim in Brussel gehou is. Van die begin af was dit die standpunt van die grondleggers van die kommunisme, t.w. Marx, Lenin en Engels, dat hulle volgelinge onder die naam kommuniste bekend moet staan. Om die begrip „kommunisme" nog nader tuis te bring, word gewys

1) Kraan, K.J.: Een Christelijke Confrontatie met Marx, Lenin en Stalin, p.p.p. 11. Die onderstreping is van my.
2) Die woord ‚kommunis' kom van die Latynse woord communis wat gemeenskaplik beteken.
Vgl. Kotze, D.J. Die Kommunisme I, p. 34.

op die omskrywing daarvan in die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme soos dit in 1950 deur die Suid-Afrikaanse regering aanvaar is. „....,communism' means the doctrine of Marxian socialism as expounded by Lenin or Trotsky, the Third Communist International (the Comintern) or the Communist Information Bureau (Cominform) or any related form of that doctrine expounded or advocated in the Republic for the promotion of the fundamental principles of that doctrine and includes, in particular, any doctrine or scheme,

(a) which aims at the establishment or a despotic system of government based on the dictatorship of the proletariat under which one political organization only is recognized and all other political organizations are suppressed or eliminated; or

(b) which aims at bringing about any political, industrial, social or economic change within the Republic by the promotion of disturbance or disorder, by unlawful acts or ommissions or by the threat of such acts or omissions or by means which include the promotion of disturbance or disorder, or such acts or omisions or threat....."[3)]

Uit die voorgaande en wat hierop volg is dit duidelik dat die kommunisme nie maar slegs 'n regeringsvorm beoog nie, maar wel 'n lewens- en wêreldbeskouing. Wanneer dit ingesien word, sal die volgende stap wees om die ideale van hierdie lewens- en wêreldbeskouing en die toepassing daarvan in die praktyk behoorlik na te gaan.

Die kommunisme het soos 'n vloedgolf oor 'n baie groot deel van die wêreld versprei en dit sou vir die doel van hierdie verhandeling onmoontlik wees om enigsins die volledige verloop van die verspreiding en die geskiedenis van die kommunisme, te probeer weergee. Die aandag sou gevestig kon word op die kommunisme se uitwerking op die staat, die kerk, die volk, die ekonomie, arbeid en haas elke denkbare afdeling van die menslike samelewing. In die verhandeling word die aandag veral toegespits op enkele gemeenskaplike

3) Wet Nr. 44 van 1950 (Wet op die Onderdrukking van die Kommunisme soos gewysig.

beskouings van die kommunisme wat as agtergrond kan dien vir die probleem van persvryheid en hoe dit veral menslike vryheid en persvryheid in die kommunistiese lande raak.

2. Wysgerige invloed op Marx se denke.

Die leerstellinge van Karl Marx was nie vry van die beïnvloeding van die denkers van sy tyd nie. Om die rede word 'n beknopte oorsig gegee van die vormende invloed wat ander filosowe soos bv. Hegel en Feuerbach op die denke van Marx uitgeoefen het. Marx was egter geen epigoon van sy leermeesters en tydgenote nie maar het sy leerstellinge selfstandig uitgebou en die wêreld ingestuur.

(a) Humanisme en die gemeenskap.

Karl Marx (1818-1883), die grondlegger van die Kommunisme, is 'n mens oor wie daar veel verskil word. Om die beurt word hy beskuldig van materialisme en idealisme, van humanisme en anti-humanisme. Die Marxisme moet egter benader word uit 'n sekere moment in die Europese humanisme. Die humanisme is 'n emansipasiebeweging wat aan die einde van die middeleeue ontstaan het as 'n reaksie teen die kerklike eenheidskultuur en strewe veral na vryheid van alle outoriteitsgeloof. Met 'n religieuse geesdrif proklameer die humanisme die outonomie van die menslike persoonlikheid, d.w.s. om die reg en vermoë van die mens om die wet waarvoor hy buig, in sy eie wese te vind.[4] Op ekonomiese gebied is die mens in hierdie tydperk daarop aangewys om in sy eie belang te handel en volgens vraag en aanbod sake te doen. Die individualisme wat in hierdie tydperk na die middeleeue hoogty vier, wil die mens daartoe lei om sy individuele aanleg self tot lewenswet te verhef. Juis in hierdie tyd was die gevaar groot dat die vryheid van die mens in volkome willekeur sou eindig. Kraan wys daarop dat daar egter 'n oorgaan van individualisme tot universalisme voorkom wat die denkwyse van die mens van die individu na die gemeenskap weglei.

4) Kraan, op.cit. p. 16.
Vgl. ook Zuidema, S.V.: Communisme in Ontbinding. p. 8.

Die individu was nie meer 'n atoomdeel van die gemeenskap nie, maar die individu word nou gesien as 'n onmisbare organiese deel van die gemeenskap, die individu is daar vir die gemeenskap. Die gemeenskap word dan gesien as die historiese ontwikkeling van die menslike samelewing. Waar die individualisme veral voorstanders was van die rasionalisme, word die voorstanders van die historiese ontwikkelingsproses irrasioneel, die menslike samelewing is 'n historiese ontwikkelingsproses.[5]

(b) Beïnvloeding deur Hegel.

Teen hierdie agtergrond moet die filosofie van Hegel en die invloed wat hy op Marx en Lenin se denke gehad het, kortliks nagegaan word. Die sisteem van Hegel (1770-1883) word as dialektiese idealisme gekarakteriseer. „Hegel denkt in de eerste plaats dialektisch, d.w.z. hij ontdekt overal een eenheid van tegendelen. Allerwege ontwaart hij tegenstelde verschijnselen, die toch van elkaar afhangen en in elkaar overgaan..... Hegel is idealist, d.w.z. hij probeert al het zijn uit denken af te leiden. Achter heel de natuur en heel de historie ligt een alomvattend denk-proces, waarin de Goddelijke Geest door steeds maar voort te schrijden van these via antithese naar synthese tot zelfbewustzijn zoekt te geraken..."[6] Dit is juis die denke van Hegel wat 'n groot bydrae gelewer het in die oorgang van die individualisme na universalisme, van rasionalisme na irrasionalisme, van naturalisme tot die historiese denke. Vryheid is vir Hegel daarin geleë dat die geheel oor die dele moet heers. Die ware vryheid beteken dat die mens sy lewe alsydig ontplooi waar hy sy bestemming universeel verwerklik en nie eensydig nie. „Vryheid is overal daar, waar de enkeling de wet van de gemeenskap herkent en erkent als de wet van zijn eigen wezen; immers de gemeenschap, dat is hijzelf."[7]

5) Kotze wys daarop dat Marx se kommunistiese leer by uitstek 'n geskiedfilosofie is en haal die woorde van Marx self aan: „Ons ken slegs een wetenskap - die wetenskap van die geskiedenis."
Vgl. Kotze op.cit., p. 9.
6) Kraan, op.cit. p. 21-22.
7) Ibid. p. 24.

Die Staat is vir Hegel die „Ryk van Vryheid" omdat die mens daar ten volle deur die staat opgeneem word. Die staat word deur hom verhef tot 'n instelling met 'n eie persoonlike bewustheid en die „Wêreld-rede" neem dan op 'n besondere tydstip in die geskiedenis gestalte aan in die lewe van 'n volk wat op daardie tydstip kultuurdraer en wêreldheerser word.

Wat veral van belang is, is die gedagte dat die individu slegs 'n deurgangspunt is tot die geheel. Die mens is eintlik maar net materiaal wat vir die ideaal opgeoffer moet word, in Hegel se eie woorde: „wij zijn slechts mest op de velden der toekomst."[8] By hierdie gedagte van Hegel het die Marxisme later aansluiting gevind. Selfs in die slagspreuk van Hegel „Wêreldgeskiedenis is Wêreldgerig" sien Kraan die reg wat die kommunisme vir hom opeis dat een oor ander mag heers deur die mag van geweld. Hegel se hele wysbegeerte loop uit op 'n vergoddeliking van die staat met al die gevolge wat dit ook sou inhou.

(c) Beïnvloeding deur Feuerbach.

Die reaksie op Hegel se vryheidsidealisme vind ons veral in die standpunt van sy leerling L. Feuerbach (1804-1872), wat weer as vryheidsnaturalisme getipeer kan word. Dit was veral teen die vergoddeliking van die gees en die ontgoddeliking van die natuur by Hegel, waarteen Feuerbach in verset kom. Feuerbach leer dat die natuur die vryheids-prinsiep moet word en nie die gees van die mens nie. Die sigbare dinge waarmee die mens te doen het, die natuurlike, is vir hom van die allergrootste belang. Daarom moet die mens volgens sy eie woorde verander word: „aus Theologen zu Anthropologen..... aus Theophilen zu Philantropen, aus religiösen und politischen Kammerdienern der himmlischen und irdischen Monarchie zu freien, selfstbewusten Bürgeren der Erde."[9] Die standpunt van Feuerbach omtrent die alleen-aardse mens het 'n geweldige invloed uitgeoefen op die

8) Ibid. p. 29.
9) Ibid. p. 31.

denke van Marx. Ook in sy mede-menslike verhoudinge sien Feuerbach alleen die sinlike, die materiële, die natuurlike en dit lei hom tot die gevolgtrekking: „der Materialismus ist die einzig solide Grundlage der Moral."[10)]

(d) Kommunisme en godsdiens.

Dit is nodig om op die invloed van Feuerbach te wys o.a. omdat die Kommunistiese standpunt omtrent die godsdiens vandag nog teruggelei kan word na die woorde van Feuerbach: „Vervul die werkelijke aardse noden van de mens, dan zal de godsdienst met zijn hemelse bevrediging van denkbeeldige behoeften vanzelf uitsterven."[11)] Hierna kan die volgende stellinge van Marx en Lenin wat veel later gemaak is, teruggelei word: „Karl Marx leer: ‚Die godsdiens skep nie die mens nie, maar die mens skep die godsdiens.... Godsdiens is die opium van die volk'..... Lenin het hom nog sterker uitgespreek teen alle godsdiens: ‚Elke godsdienstige gedagte, elke idee van God, selfs om te speel met die idee van God is onuitspreeklike gemeenheid.... van die gevaarlikste soort, besmetting van die walglikste aard."[12)]

In die materialisme van Feuerbach vind ons dat die enkeling opgeneem word in die belange van die geheel en dat vir hom slegs 'n verbygaande plek aangewys word in die geskiedenis van die mensdom.

Samevatting.

Karl Marx het hom op al hierdie kruispaaie van menslike denke bevind toe hy op die wêreldtoneel verskyn. Met groot profetiese krag en vlammende verontwaardiging het hy te velde getrek teen die onreg en die onderdrukking van die werkersklas en vir hulle 'n Utopie geskilder waarin die mens sy ware geluk en vryheid sou vind. Om enigsins die gedagte van Marx behoorlik te volg is dit nodig om eers te let op die Ideale Maatskappy waartoe hy die mens wil lei en dan te let

10) Feuerbach aangehaal deur Kraan. Ibid., p. 32.
11) Ibid. p. 33.
12) Marx en Lenin aangehaal In Antikom. Deel I Nr. 2. Aug. 1962. p.1.
Vgl. ook Diepenhorst, I.A. Hoe Bereiken wij De Communisten Met Het Evangelie. p. 15.

op die weg waarlangs dit gedoen moet word. Nie alleen die gedagtes van Marx nie, maar ook dié van Lenin, Stalin en ander kommunistiese denkers sal in die volgende algemene kenmerke weergegee word. Dit is vanselfsprekend onmoontlik om enigsins te let op die verskille wat onderling tussen hierdie denkers ontstaan het.

Daar moet goed besef word dat die leerstellinge van Marx omtrent die „Ideale Gemeenskap" so oorheersend in sy denke is dat dit beskrywe moet word as agtergrond waarteen die beskouinge omtrent die mens en menslike vryheid kortliks na vore gebring sal word.

A. DIE IDEALE MAATSKAPPY.

Inleiding.

Marx het vir die mensheid 'n groot en veelbelowende toekoms voorgehou deur hier en daar in sy uiteensetting van sy teorieë te wys op die ideale maatskappy wat aan die einde van die kommunistiese ontwikkelingslyn 'n werklikheid sal word. Lenin wys daarop dat Marx nie die heilstaat in besonderhede geskets het nie omdat dit vir hom as wetenskaplike nog nie 'n sigbare werklikheid was nie, maar tog die weg daarheen duidelik aangewys het. En tog moés hy die sluier lig m.b.t. sy „eskatalogie" vir die kommunisme om die gevaar van verdeeldheid uit te skakel.

1. Gemeenskaplike voorsiening en behoeftebevrediging.

Marx het sy leerstellinge die wêreld ingestuur met die doel om die kapitalisme omver te werp. Die hoofsaak bly vir hom dat die mensheid op die grondslag van gemeenskaplike voorsiening vir alle individuele behoeftes georganiseer moet word. „De productie zal volkomen planmatig op de bevrediging van de menselijke verlangens worden ingesteld en niet op het behalen van den winst o.d. Door die planmatigheid zal er een volledige vrijheid heersen: de mens is nooit meer ten prooi aan toeval of lot, maar beheerst al zijn levensmogelijkheden volkomen. Doordat de gemeenschap alles wat hij nodig heeft aan het individu verzekert, geeft het individu zich restloos aan de gemeenschap. Zoals heel het lichaam zich aan de enkele leden wijdt, en de enkele leden zich geheel wijden aan het lichaam, zo zal de maatschappij der

toekomst een volkomen menselijk organisme zijn."[13]

In hierdie ideale maatskappy sal daar dan volkome behoefte-bevrediging wees. In sy werk Die Neue Zeit het Marx in 1875 hierdie insiggewende woorde geskryf omtrent die bereiking van 'n tyd waarin die mens die oorwinning finaal behaal het en die volle vrug van die kommunistiese ideaal kan pluk: „In einer höhern Phase der kommunistischen Gesellschaft, nachdem die knechtende Unterordnung der Individuen unter die Teilung der Arbeit, damit auch der Gegensatz geistiger und körperlicher Arbeit verschwunden ist; nachdem die Arbeit nicht nur Mittel zum Leben, sondern selbst das erste Lebensbedürfnis geworden; nachdem mit der allseitigen Entwicklung der Individuen auch die Produktionskräfte gewachsen sind, und alle Springquellen des genossenschaftlichen Reichtum voller fliessen, erst dann kann der Enge bürgerliche Rechtshoriszont ganz überschütten werden und die Gesellschaft auf ihre Fahnen schreiben: Jeder nach seinen Fähigkeiten, jeden nach seinen Bedürfnissen."[14] Marx voorsien ook verder dat die maatskappy self die algemene produksie sal reël en dat dit moontlik sou wees om vandag die een ding en môre 'n ander te onderneem. So sal die individu homself universeel en algemeen menslik kan ontploci. In hierdie ideale maatskappy sal die koper en verkoper verdwyn omdat hulle eintlik verantwoordelik was vir die menslike selfvervreemding. Weer word Marx in die verband soos volg aangehaal. „Es liegt in der Natur der Grossindustrie dass die Arbeitzeit für alle gleich sein muss. Was heute durch das Kapital und die Konkurrenz der Arbeiter unter sich bewirkt wird, wird morgen, wenn man das Verhältnis von Arbeit und Kapital aufhebt, das Ergebnis einer Vereinbauung sein, die auf dem Verhältnis der Summe der Produktivkräfte zu der Summe, der vorhandenen Bedürfnisse beruht."[15]

2. Individu en gemeenskap.

Nog 'n kenmerk van die heilstaat is dat die ideale maatskappy 'n volkome versoening van gemeenskap en enkeling

13) Marx weergegee deur Kraan, Ibid. p. 72.
14) Marx aangehaal deur Kraan. Loc.cit.
15) Marx aangehaal deur Kraan. Loc.cit.

sal bewerkstellig, wat deur Marx soos volg beskrywe word: „Innerhalb der kommunistischen Gesellschaft, der einzigen, worin die originelle und freie Entwickelung der Individuen keine Phrase ist, ist sie bedingt eber durch den zusammenhang der Individuen, ein Zusammenhang, der teils in den ökonomischen Voraussetzungen besteht, teils in der freien Entwicklung aller, und endlich in der universellen Betätigungsweise der Individuen auf der Basis der vorhandenen Produktivkräfte."[16)]

In die heilstaat sal die mens van sy nasionale en plaaslike plek bevry word en deel in die voorregte van 'n wêreldomvattende gemeenskap. Marx leer ook dat die huwelik en gesinslewe waarskynlik sal verdwyn omdat daar in die familiebande steeds iets van die gedagte oorbly dat die een mens die ander kan „besit". In die plek van die huislike opvoeding tree dan die maatskaplike opvoeding. Hierdie standpunt is later deur die kommuniste gewysig.[17)]

3. <u>Beheersing van natuurwette</u>.

In die heilstaat sal die mens die maatskappy en die natuur volkome kan beheer. Engels skryf hieroor die volgende: „De mogelijkheid, om aan alle leden van de maatschappij door de maatschappelijke productie een bestaan te verzekeren, dat niet alleen materieel volkomen toereikend is en van dag tot dag rijker wordt, maar dat hun ook de volledige vrije ontwikkeling en werkzaamheid van hun lichamelijke en geestelijke aanleg waarborgt - deze mogelijkheid bestaat nu voor de eerste maal, maar zij bestaat..... De strijd van het individuele bestaan houdt op. De mens verlaat eens daarmee in zekere zin voor goed het dierenrijk en treedt uit dierlijke bestaansvoorwaarden in waarlijk menselijke. Het geheel van de levensvoorwaardem, die ons omgaven en die de mens tot dusver beheersten, komt nu onder de heerschappij en controle van de mense, die nu voor het eerst bewuste,

16) Marx aangehaal deur Kraan. op.cit. p. 73.
17) Hierdie leerstellinge van Marx m.b.t. die huwelik is in Rusland toegepas. Vanweë die feit dat dit op 'n chaotiese toestand afgestuur het, is die wette m.b.t. die huwelik, egskeiding en aborsie egter spoedig gewysig.
Vgl. Strijd, Kr. Christendom en Kommunisme. p. 124.

werkelijke meesters over de natuur zijn, omdat en doordat zij meesters over hun eigen maatschappelijk leven worden. De wetten van hun eigen maatschappelijk handelen waartegenover zij vroeger stonden als vreemde, hun beheersende natuurwetten worden dan door de mensen met volledige kennis van zaken toegepast en zodoende beheerst. De eigen vermaatschappelijking van de mensen, die tot dusver als door de natuur en de geschiedenis opgelegd tegenover hen stond nu hun eigen vrije daad. De objectieve, vreemde machten, die tot dusver de geschiedenis beheersten, komen onder de controle der mensen zelf. Eerst van dan af zullen de mensen hun geschiedenis in volle bewustheid zelf maken, eerst van dan af zullen de door hem in beweging gebrachte maatschappelijke oorzaken voornamen en in steeds toenemende mate ook de door hen gewilde uitwerking hebben. Het is de sprong uit het rijk van de noodzakelijkheid naar het rijk van de vrijheid."[18]

4. Die uiteindelike verdwyning van die staat.

'n Laaste belangrike kenmerk van die Utopie is dat die bestaan van die staat uiteindelik ook moet verdwyn. Weer het Engels hieroor geen onduidelikheid gelaat nie. „Der Staat ist also nicht von Ewigkeit her. Es hat Gesellschaften gegeben die ohne ihn fertig wurden, die von Staat und Staatsgewalt keine Ahnung hatten. Auf einer bestimmten Stufe der ekonomischen Entwicklung, die mit Spaltung der Gesellschaft in Klassen notwendig verbunden war, werde durch diese Spaltung der Staat eine Notwendigkeit. Wir nähern mit raschen Schritten einer Entwicklungsstufe der Produktion auf der das Dasein dieser Klassen nicht nur aufgehört hat, eine Notwendigkeit zu sein, sondern ein positives Hindernis der Produktion wird. Sie werden fallen, ebenso unvermeidlich, wie sie früher entstonden sind. Mit ihnen fällt unvermeidlich der Staat. Die Gesellschaft, die Produktion auf Grundlage freier und gleicher Assoziation der Produzenten neu organisiert„ versetzt, die ganse Staatsmaschinerie dahin, wohin sie dann gehören wird; in's muscum der Altertümmer, neben das Spinrad und die bronzene Axt. ..... Das Eingreifen einer Staatsgewalt in gesellschaftliche

18) Engels aangehaal deur Kraan, op.cit. p. 73-74.

Verhältnisse wird auf einem Gebiete nach dem Anderen überflüssig und schlaft dann von selbst ein. An die Stelle der Regierung über Personen tritt die Verwaltung von Sachen und die Leitung von Produktionsprozessen. Der Staat wird nicht ‚abgeschafft', er stirbt ab."[19)]

In plek van die staat sal daar dan slegs 'n noodsaaklike sentrale administrasie oorbly wat nie die dwingende mag van die huidige staat sal hê nie. Enersyds is daar geen plek vir staatsbemoeienis nie, maar andersyds geskied hierdie reëling van die vermaatskaplikte mensheid tog deur 'n publieke mag. Die kommunistiese manifes[20)] leer wel dat die staat sy karakter in die heilstaat sal verloor maar die openbare administratiewe funksies sal noodwendig deur een of ander openbare liggaam, waarskynlik die „alleen-ekonomiese staat" beheer word.

5. <u>Die probleem van gesag</u>.

Dadelik tree met hierdie uiteensetting van die heilstaat die vraag na vore, wat sal die posisie wees met die probleem van gesag volgens die kommunisme. Hieroor bestaan daar inderdaad geen onduidelikheid by Marx nie. Sy veragting van die staat blyk daaruit dat hy die staatsmag wil losruk uit die bande van die klein minderheid. In sy eie woorde: „De staatsmacht, nu ondanks alle schone schijn een instrument in handen van een kleine minderheid, de kapitalisten, om de grote meerderheid, het proletariaat, te onderdrukken, moet in handen komen van die grote meerderheid (de dictatuur van het proletariaat)."[21)] Gesag het geen plek in die ideale maatskappy van Marx nie. Vir hom is dit slegs „die wesenlike vryheidsberowing van die mens."[22)] Vir Marx is die geskiedenis niks anders nie as die emansipasie uit elke vorm van gesag. Die ideale maatskappy van Marx is klasloos, staatloos, gesagloos. Terwyl hierdie

19) Engels aangehaal deur Kraan, op.cit. p. 74.
20) Eintlik staan dit bekend as „Manifest der Kommunistischen Partei."
Vgl. Kotze. op.cit. p. 25.
Hierdie manifes is deur Marx en Engels opgestel en in Februarie 1848 in Londen gepubliseer. Algemeen word dit aanvaar as die program van die Internasionale Kommunisme.
21) Marx aangehaal deur Kraan. Op.cit. p. 59.
22) Marx aangehaal deur Norval,E.J.G.:Arbeid. p. 99.

ideaal nog nie bereik is nie, het die kommunistiese staat die nodige mag en geweld nodig om die mens op die weg daarheen te dwing. Zuidema wys daarop dat die kommuniste hierdie optrede probeer verskoon met die gedagte van „gedissiplineerde" vryheid, maar beweer heel tereg dat dit maar net neerkom op magsverheerliking en 'n geweldsdiktatuur. „Naakte Machtsverheerliking en geweldsdiktatuur, brutale staatsraison en grove ideologische rechtvaardiging van de staatsraison blijken al meer het sloep te zijn waarin de beweging vastliep. Of is het resultaat van wat kunstig als ‚gedisciplineerde vryheid' wordt geroemd en aangeprezen iets anders dan ‚onmenselijke menselijkheid'? Het bijvoeglijke naamwoord ontbindt het zelfstandig naamwoord."[23]

6. Die kommunistiese „droom".

Kuypers gee 'n treffende opsomming van die droom van die kommunisme m.b.t. die heilstaat waarna hulle strewe.[24] Dit is tegnologies en psigologies 'n hoogsontwikkelde samelewing, waarin die mens geleer word om die grondreëls van die gemeenskapslewe sonder enige dwang in ag te neem; waar misdaad en egoïsme nie bestaan nie, waar geen verskil in vryheid is tussen individue en tussen volke nie, waar die wesenlike verskille tussen stad en platteland en hoof en hande-arbeid uitgewis is; elkeen is so ontwikkel dat hy meer as een soort arbeid kan verrig; die produksie is so oorvloedig dat elkeen kan kry waaraan hy behoefte het.

Dit is egter die „droom" waaraan die kommuniste steeds dink. Die pad daarheen is 'n weg van stryd en ontbering. Om die ontwikkelingsgang van die kommunistiese leerstellinge goed te begryp, is dit nodig om veral op die arbeidsleer te let. Marx het die lot van die onderdrukte en uitgebuite arbeider raakgesien en hom ontferm oor hierdie massa mense wat in die samelewing veronreg is deur die kapitalistiese regime. Hy het dit veral daarteen dat die mens verlaag word tot dienaar van die kapitalisme. Die gevolg is dat wanneer hy nie meer daarvoor geskik is nie, die arbeider eenvoudig

23) Zuidema, op.cit. p. 9.
24) Vgl. Kuypers, G. Art.Communisme. In Christelijke Encyclopedia Deel II. p. 268.

werkloos op die mark staan.

7. Die mens as arbeider.

In 'n opsomming van Marx se woorde word die kommunistiese beskouing omtrent die mens as arbeider duidelik weergegee: „Vir Marx is het Wezen van de mens, dat hy arbeider is, homo laborans, homo faber. Het is de arbeid die de mens van het dier onderscheidt ... De mens echter moet zich zijn levensmogelijkheden... en dat in de ruimste betekenis van het woord - zelf scheppen, hij moet zichzelf produceren."[25] In sy eie woorde het Marx die volgende gesê omtrent die mens as arbeider: „Für den sozialistischen Menschen (ist) die ganze soziale Weltgeschichte nichts anders al die erzeugung des Menschen durch die Menschliche Arbeit, als das Werden der Natur für den Menschen...."[26] Hierdie arbeidsbeskouing van die kommunisme is vreemd aan die wêreld van die kapitalisme. Die onderskeid word sterk na vore gebring in die volgende aanhaling uit die Kommunistiese Manifes: „In bourgeois society living labor is but a means to increase accumulated labor. In communist society accumulated labor is but a means to widen, to enrich, to promote the existence of the laborer."[27] Die ontevredenheid ontstaan by die arbeider wat sy arbeid moet verkoop aan bv. sy fabrieksbaas en self aansienlik minder verdien as wat sy baas uiteindelik self daaruit ontvang. Volgens Marx dra die kapitalistiese stelsel waardeur die arbeid van die mens verkoop of verruil word, grotendeels tot die selfvervreemding van die mens by. Die waardemeter van 'n artikel wat vervaardig is, moet altyd gemeet word volgens die menslike arbeid wat daaraan bestee word. Kraan wys op die konsekwensies wat dit vir die handel het: „Omdat elk waar een belichaming is van een bepaalde hoeveelheid arbeid, kan waar tegen waar worden geruild."[28]

25) Kraan, op.cit. p. 62.
26) Marx aangehaal deur Kraan. Loc.cit.
27) Aanhaling uit die Kommunistiese Manifes deur: Jacobs, D.N.: The New Communist Manifest and Related Documents. p. 64.
In hierdie werk is daar 'n volledige weergawe in Engels van die „Manifest Der Kommunistischen Partei", wat oorspronklik in Duits opgestel is. Ander oorspronklike dokumente van die kommunisme is ook in hierdie boek gepubliseer.
28) Kraan. op.cit. p. 46.

Dit gebeur egter dat die artikel wat vervaardig is, teen groot wins verkoop word en dan het die verkoper 'n onreg teenoor die arbeider gepleeg deur die waarde van die arbeid self daarmee te vervals. Hierdie wins wat gemaak is kom eintlik die arbeider toe en nie die eienaar van die fabriek nie. Marx wys daarop dat die besitter steeds probeer om hierdie „meerwaarde" van 'n artikel te verhoog en sodoende die arbeider uit te buit. Wanneer die mens die heilstaat intree sal daar 'n heel ander siening van arbeid wees. Kuypers beskrywe dit in die volgende woorde: „De arbeid zal veranderd zijn in de eerste levensbehoefte van de mens. Ieder zal dan werken naar zijn vermogen en ontvangen naar zijn behoeften."[29] Dit gaan by Marx veral om die mens as arbeider wat ekonomiese goedere produseer. In die produksie van goedere is die arbeid van die mens skeppend - hy skep kapitaal. By die kommunisme gaan dit primêr om die ekonomiese welvaart van die mens en wel daarin dat waar hy goedere produseer, hy ook besig is om sy geestelike en kulturele welvaart te verseker. Dit gee aan die kommunisme sy materialistiese karakter, alles kan teruggelei word na produksie-items.

8. Die mens as ekonomiese wese.

Die arbeidsleer het ons reeds gebring by die kommunistiese beskouing omtrent die mens as ekonomiese wese. Die een mens staan teenoor die ander in 'n produksieverhouding, d.w.s. in 'n bepaalde ontwikkelingsfase in die geskiedenis, lewer die mens sekere produkte wat in ooreenstemming is met sy materiële produktiewe kragte. „De algeheelheid dezer productieverhoudingen vormt de economische bouw der maatschappij, de reële basis, waarop zich een juridische en politieke bovenbouw verheft, en aan welke bepaalde maatschappelijke bewustzijnsvormen beantwoorden."[30] Op 'n sekere tydstip kom die produktiewe kragte van die maatskappy in botsing met die mens wat eiendom besit, en die gevolg is dat daar dan 'n revolusie kan volg. Die dinamiese ontwikkeling van die produksiekrag, tegniek ens. kom dan in botsing met

29) Kuypers. op. cit. p. 268.
30) Marx aangehaal deur Kraan. op. cit. p. 44.

die maatskaplike voorwaardes waaronder die produksie geskied. Revolusie is dan die botsing tussen die ou maatskappyverhoudinge en die nuwe produksiemetodes wat om nuwe verhoudinge vra. Die arbeiders, wat as groep koöperatief deur Marx gesien word, het in die kapitalistiese lande hul werkkrag aan die eienaars van die fabrieke verkoop sodat laasgenoemde oor hul arbeid beskik en nie die arbeiders self nie. Dit bring later spanning mee en tereg het Kraan die Marxisme soos volg vertolk: „..... deze spanning krijgt al meer een revolutionair karakter, totdat eindelijk in een grote wêreldrevolutie alle productiemiddelen voor goed aan de gemeenschap worden gebracht en dus de spanning tussen productiewijze en productieverhoudingen voorgoed is overwonnen."[31)]

9. Die weg van stryd.

Wanneer al die faktore op ekonomiese gebied in ag geneem word waardeur die arbeider deur die besittersklas van sy regmatige voordele beroof word, voorsien die kommunisme slegs 'n langdurige pad van stryd. Vir die kommunisme is die geskiedenis van die menslike samelewing 'n klassestryd waarin die onderdrukker en die verdrukte voortdurend in stryd met mekaar verkeer. Marx beskrywe dit as 'n noodsaaklike botsing tussen die „bourgeoisie" en die „proletariaat". Die „bourgeoisie" wat deur Engels beskrywe word as „the class of Modern Capitalists, owners of the means of social production and employers of wage-labor" is eeue lank besig om die „proletariaat" wat weer deur Engels beskrywe word as „the class of modern wage-laborers who, having no means of production of their own, are reduced to selling their labour-power in order to live,"[32)] meedoënloos te onderdruk. Die hele menslike gemeenskap het homself verdeel in die bourgeoisie en die proletariaat. Die wêreldhandel is daarop gemik om onder die vlag van die beskawing die belange van die bourgeoisie uit te brei en sy greep te verstewig op die proletariaat van die wêreld.[33)] Die proletariaat word uiteindelik die slaaf van die fabriekseienaar, van die handelaar,

31) Kraan. op.cit. p. 46.
32) Voetnoot van Engels by die Kommunistiese Manifes. vgl. Jacobs, op.cit. p. 52.
33) Vgl. Kommunistiese Manifes weergegee deur Ibid. p. 56.

van die masjien en is oorgelewer aan die willekeur van ekonomiese skommelinge.[34]

Vanweë hierdie omstandighede moet die proletariaat in verset kom. „They have nothing of their own to secure and to fortify; their mission is to destroy all previous securities for, and insurances of, individual property.... The proletarian movement is the selfconscious, independent movement of the immense majority, in the interest of the immense majority."[35] Aanvanklik is hierdie stryd 'n nasionale stryd binne die landsgrense maar wanneer die ware revolusie uitbreek, gaan dit oor alle landsgrense en word dit 'n internasionale beweging.

Omtrent die begin en afmetinge wat die klassestryd uiteindelik sal aanneem, laat die Kommunistiese Manifes by ons geen twyfel nie. Namate die klassestryd ontwikkel sal die politieke mag van die staat in die hande van die proletariaat moet oorgaan. „Political power, properly so called, is merely the organized power of one class for oppressing another. If the proletariat during its contest with the bourgeoisie is compelled, by the force of circumstances, to organize itself as a class, if by means of a revolution, it makes itself the ruling class, and, as such, sweeps away by force the old conditions of production then it will, along with these conditions, have swept away the conditions for the existence of class antagonisms, and of classes generally, and will thereby have abolsihed its own supremacy as a class."[36]

Die klassestryd sal eers dan sy ware doel bereik wanneer die arbeidende massa van die uitbuiting deur die heersende en besittersgroepe bevry is. Kuypers gee die volgende opsomming van die program van die Kommunistiese Party: „De partij streeft er naar, de band tussen die uitbuitersklassen

34) Kommunistiese Manifes. Vgl. Ibid. p. 58.
35) Aangehaal uit Kommunistiese Manifes. Ibid. p. 61.
36) Kommunistiese Manifes. Vgl. Ibid. p. 61.

en de organisaties van de religieuze propaganda volledig te vernietigen, doordat zij door een alles omvattende georganiseerde wetenschappelijk verlichte en antireligieuse propaganda bijdraagt tot de feitelijke bevrijding der arbeidende massa van religieuse vooroordeling."[37] Daar is geen bestaande reëling van orde wat nie deur die kommunisme vernietig sal word nie. Daar moet tewens 'n radikale verandering intree indien die bestaande menslike samelewing tot 'n volledig vermaatskaplikte gemeenskap verander moet word. Vandaar ook die snydende en uitdagende toon waarmee die kommunistiese Manifes afgesluit word.

„In short, the Communists everwhere support every revolutionary movement against the existing social and political order of things..... The Communists disdain to conceal their views and aims. They openly declare that their ends can be attained only by the forcible overthrow of all existing social conditions. Let the ruling classes tremble at a Communistic revolution. The proletarians have nothing to lose but their chains. They have a world to win. Workingmen of all countries unite."[38]

10. Rewolusie is onvermydelik.

Marx voorsien dat hierdie stryd en rewolusie wat moet uitloop op die ideale maatskappy, nie oornag kan plaasvind nie, maar die gevolg sal wees van 'n historiese ontwikkelingsproses. Later het Stalin en andere geleer dat die hele maatskaplike produksie en veral produksiemiddele moet groei, dat alle eiendomme geleidelik moet oorgaan tot volkseiendom en dat elke mens kultureel sodanig moet ontwikkel dat hy nie lewenslank aan een beroep gekluister hoef te word nie. Die ontwikkeling vind eers plaas in die gesosialiseerde samelewing en daarna in die kommunistiese samelewing waarin die ideale maatskappy 'n werklikheid word. Dit is interessant om daarop te let hoe die kommunistiese ontwikkelingsgang deur die Groot Soviet-Ensiklopedie beskryf word: „De Communistische formatie doorloopt in haar ontwikkeling twee fasen: het socialisme en het communisme. Het socialisme is de eerste,

37) Kuypers, op.cit. p. 268.
38) Kommunistiese Manifes. Jacobs. p. 77.

lagere, het communisme de tweede, hogere fase in de ontwikkeling van een en de zelfde maatschappelijke formatie. Noch onder het communisme noch onder het socialisme zijn er binnen de maatschappij vijandigen klassen, daarom geschied de overgang van het Socialisme naar het Communisme geleidelijk, langs de weg van een verdere versteviging en ontwikkeling der socialistische structuur."[39]

11. Historiese Materialisme.

In sy leer omtrent die ontwikkeling in die menslike samelewing het Marx van die standpunt uitgegaan: „Die menslike gemeenskap word deur die prpduksieproses bepaal. Die ekonomiese lewe van 'n samelewing bepaal al sy ander uitingsvorme."[40] Die historiese materialisme van Marx is eintlik niks anders as ekonomisme nie. Die ontwikkeling van die produksiekragte bepaal ook die produksieverhoudinge. Die mens word volgens die beskouing van Marx bloot deur sy ekonomiese behoeftes voortgedrywe.

Marx het gewoonlik die filosowe beskuldig van 'n idealisme wat geen verband hou met die werklikheid nie. Hy ag dit nie van groot belang om vas te stel wat die mens werklik is nie, maar probeer vasstel wat die denke en dade van die mens bepaal. Kotze lei tereg die volgende af uit Marx se standpunt: „Dit word volgens hom deur waarneembare materiële kragte (ekonomiese omstandighede) bepaal; en omdat hy dit geglo het, kan hy as 'n materialis bestempel word."[41] Marx sien geen ander werklikheid om hom nie as net die sigbare werklikheid. Hy verwerp die gedagte van Hegel dat die menslike idee afkomstig is uit die Absolute Idee, of God. Die sosialiste voor hom het nie die plek van die materiële behoorlik ingesien nie, en hy bestempel hulle as Utopiese sosialiste. In die plek daarvan stel hy die historiese materialisme en noem dit ook wetenskaplike sosialisme.

Marx reken dat Hegel met sy idealisme net mooi verkeerd om te werk gaan deur die sigbare werklikheid uit die idee af te lei. Hy beweer op sy beurt dat die idee eerder afgelei word uit die werklikheid self. Marx het hom eerder aangesluit by sommige van die gedagtes van Feuerbach wat veral die klem

39) Aangehaal deur Kuypers, op.cit. p.267.
40) Kotze. op.cit. p. 43.
41) Ibid. p. 44.

op die natuur, die sigbare werklikheid laat val het. Volgens Marx het Feuerbach die verlossende woord in „Wesen des Christentums" gespreek toe hy skrywe: „De natuur bestaat onafhankelijk van alle philosophie, zij is de grond, waarop wij mense, self natuurproducten, gegroeid zijn; behalve de natuur en de mens bestaat niets, en de hogere wesens die onze religieuze fantasie schiep, zijn slechts de fantastische weerspiegeling van ons eigen wezen."[42] Die materiële werklikheid is vir Feuerbach die draer van alle ontwikkeling en in die menslike bewussyn bereik die kosmiese proses sy hoogtepunt en samevatting. Met hierdie laaste sin het Marx egter nie saamgestem nie omdat dit 'n te idealistiese element in Feuerbach se materialisme is. Soos Feuerbach wil Marx as draer van die dialektiek die mensheid aanneem, maar dan die mens as maatskappy.

Die ontwikkeling in die geskiedenis is vir Marx 'n ekonomiese proses waarin die een maatskappyformasie oorgaan in 'n ander. Wanneer 'n sekere maatskappyformasie sy doel bereik het, loop dit logies op die volgende maatskappyformasie uit. Op grond hiervan beweer Kraan ten regte: „Marx is materialist in deze zin, dat hij geheel en al uitgaat van de productiekrachten der maatschappij. Beter zouden we dan ook in plaats van het materialisme by hem van economisme kunnen spreken."[43] Marx en Engels het die kommunistiese beskouing omtrent die historiese en die summiere afwysing van die idealisme ook duidelik gestel in die Kommunistiese Manifes: „..... De theoretische grondslagen der Communisten berusten geenzins op ideën, die door deze of gene wereldverbeteraar zijn uitgevonden of ontdekt. Zij zijn slechts de uitdrukking van feitelijke verhoudigen, die de bestaande klassenstrijd kenmerken, van een onder onze ogen zich voltrekkende historisch beweging."[44]

12. <u>Die geskiedenis as gedetermineerde noodsaaklikheid</u>.

Nog 'n aspek van hierdie ontwikkelingsgang van die geskiedenis by Marx is die deterministiese aard daarvan. In

42) Feuerbach aangehaal deur Kraan, op.cit. p. 52.
43) Kraan, op.cit. p. 44.
44) Kommunistiese Manifes aangehaal deur Kraan op.cit.p.78.

die ontwikkelingsgang van die geskiedenis is daar geen plek vir die vrye en verantwoordelike optrede van die mens nie, maar is alles onderwerp aan 'n gedetermineerde noodsaaklikheid. Die selfvervreemding en die selfverwerkliking van die mens is 'n noodsaaklike ontwikkelingsproses. Kraan het Marx se standpunt tereg soos volg weergegee: „Deze zelfverwerkelijking zet door, wanneer het proletariaat het rijk der vrijheid vestigt (de ware algemeenheid, die de productiemiddelen bewust, gemeenschappelijk en planmatig beheerst) in de weg van die proletarische revolutie. Dit alles geschiedt niet zozeer door het proletariaat als door het proletariaat heen."[45]

Kraan gaan verder deur aan te dui dat die belange van die proletariaat deur Marx nie as primêr gesien word nie „maar toch slechts van secundair gewicht, het primaire is de lijfelijke noodwendigheid, die tot de sprong in het rijk der vrijheid leidt. Verelendung is de beslissende voorbereiding van het proletariaat voor zijn wereldhistorische opdracht, het volk moet wel niet redeloos zijn, maar toch vooral radeloos en reddeloos, om op te staan tot de revolutie."[46]

Samevatting.

Die standpunt van Karl Marx C.S. lei ons tot die gevolgtrekking dat die mens alleen gesien kan word as ekonomiese wese. Sy dade, sy lewe, sy denke, dit word alles beheer deur die mens as ekonomiese wese, terwyl die hele samelewing rus op 'n ekonomiese struktuur. Marx het in sy eie woorde die volgende gesê; „In die algemeen bepaal die produksiewyse van die materiële lewe die sosiale, politieke en geestelike lewensproses. Dit is nie die bewussyn van die mense wat hul syn bepaal nie, maar omgekeerd, hul maatskaplike syn wat hul bewussyn bepaal."[47] Volgens die standpunt van Marx en Engels moet die veranderinge in die menslike samelewing nie toegeskryf word aan die idees van die mens nie maar moet

45) Kraan. op.cit. p. 80.
46) Loc.cit.
47) Marx in „Zur Kritiek der Politischen Ökonomie", aangehaal deur Kotze, op.cit. p. 48.

alles teruggelei word na een of ander ekonomiese omstandighede of ontwikkelingsproses wat besig is om sig te voltrek. Afgesien daarvan dat daar van die kommunisme gepraat word as 'n historiese materialisme, sou daar ewe goed gepraat kon word van 'n ekonomies-deterministiese geskiedenisopvatting.

Uit hierdie opvatting van die kommunisme soos weergegee volgens hulle eie uitsprake, en wat vanselfsprekend so beknop as moontlik gedoen moes word, kan daar nou met reg bepaalde afleidings gemaak word omtrent die mens, en die vryheid van die mens, soos deur die kommunisme gesien.

B. DIE MENS EN SAMELEWING.

Inleiding.

Aangesien in die voorafgaande gedeelte genoegsaam oor die kommunistiese beskouing gehandel is en o.a. ook gewys is op die plek van die mens in die menslike samelewing, sal in hierdie afdeling slegs baie kortliks 'n samevatting gegee word omtrent die mens in die samelewing.

1. Die mens as homo laborans.

In sy radikale breuk met die beskouinge van die verlede verwerp Marx die teologie en die wysbegeerte wat van die mens iets uitsonderliks wil maak. Die mens moet hom losmaak van die leuenagtige moraal waardeur hy in die verlede verslaaf is. Die mens is vir Marx homo laborans, hy is arbeider. Slegs die arbeid van die mens onderskei hom van die dier. Deur sy arbeid neem die mens deel aan die historiese ontwikkelingsproses en skep hy sy eie toekoms. In die heilstaat wat die kommunisme aan ons voorhou sal arbeid as die eerste lewensbehoefte van die mens gesien word. Die logiese gevolg van die arbeidsleer van die kommunisme is dat die mens deur sy vryheid slegs ekonomiese wese is. Immers, die hele geskiedenis van die mensdom het as onderbou ekonomiese ontwikkeling en veranderinge. Die opsomming van De Ru is kort en saaklik die implikasies van die mensbeskouing van Marx. „Voor Marx is alles, is ook het zijn zelf materiaal van de arbeid. Alles is ding. De mens is slechts een schakel in de relatie der dingen. De techniek is het laatste. Zij is de enig mogelijkheid ter beheersing van

het zijnde. Ook de mens moet technisch beheerst worden. Het technische denken bepaalt de relaties der mensen en volksgroepen onderling. Kennis van het wezen der dingen is volstrekt overbodig. Van geestelijke waarden is geen spraken. Marx heeft 'de dood van God' aanvaard en moedig onder ogen gezien. Hij heeft ook van geen 'Ersatz' voor de 'dode God' willen weten. De economie is de wetenschap van de toekomst. Zij treedt in de plaats van de theologie."[48)]

2. Die mens as gemeenskapswese.

Die kommunisme sluit hom aan by die gedagte van die sosialisme dat die mens nie maar 'n atoom-deel van die gemeenskap is nie, maar 'n organiese deel van die gemeenskap. Die gemeenskap is vir die kommunisme die historiese ontwikkeling van die mens as ekonomiese wese. Die mens is vir die kommunisme dus 'n gemeenskapswese. Die gemeenskap voorsien volkome in die belange van die enkeling en om die rede is die oorgawe van die enkeling aan die ideale van die gemeenskap sonder enige voorbehoud.[49)] Marx probeer in sy leerstellinge 'n volkome eenheid bewerk tussen individu en gemeenskap. Engels leer selfs dat die mens in die gemeenskap opgaan, vir die eerste keer waarlik mens is omdat hy daarmee die diereryk verlaat het. Wanneer die ideale gemeenskap 'n werklikheid geword het, sal daar geen wrywing tussen individu en gemeenskap wees nie, want die belange en behoeftes van die individu sal ten volle bevredig wees omdat hy gemeenskapswese geword het.

Samevatting.

Samevattend kan van die mensbeskouing van die kommunisme gesê word dat die mens hoofsaaklik gesien word as ekonomiese wese en as gemeenskapswese. Al die ander beskouinge van die kommunisme omtrent die mens kan teruggevoer word na hierdie twee waarhede. Enersyds kom dit daarop neer dat die mens as ekonomiese wese slegs onderdeel is van 'n ontwikkelingsproses wat van die mens slegs 'n materiële wese maak. Andersyds

48) De Ru, G.: Over Vryheid. p. 47.
49) Vgl. Marx se standpunt soos weergegee deur Kraan, op.cit. p. 72.

gaan die individuele mens se belange ten volle op in die van die gemeenskap en is daar vir die belange en behoeftes van die enkeling geen plek nie.

C. MENSLIKE VRYHEID.

Inleiding.

Die probleem van menslike vryheid is o.a. 'n etiese probleem. Hierdie waarheid het ook geldig geblyk te wees vir die kommunistiese beskouing omtrent menslike vryheid.

1. Die sedelike relativisties-histories gesien.

De Ru gee 'n besonder insiggewende standpunt omtrent die etiese opvattinge van Marx.[50] Hiervolgens is alle morele oordele van betreklike aard. Die opvattings van goed en kwaad verander voortdurend in die geskiedenis en die oorsaak hiervan is die ekonomies-sosiale onderbou, die produksiekragte en produksieverhoudinge wat gedurig verander. Deur hierdie veranderinge is die ‚etiese bobou' ook voortdurend aan veranderinge onderworpe. Dit lei onteenseglik tot 'n relativisties-historiese opvatting van die sedelike. Die materiële situasie bepaal op 'n sekere tydstip in die mens se geskiedenis die moraal van die mens. Maar dit is nie al nie, die moraal is verder ook afhanklik van die plek wat die mens op daardie besondere tydstip van die geskiedenis inneem, d.w.s. die moraal is nie alleen tydgebonde nie maar ook klasgebonde. Die maatskaplike syn van die mens bepaal die moraal vir die mens. Alle moraal is dus 'n klassemoraal. Met besondere insig wys De Ru daarop dat selfs in die materialistiese beskouing van die kommunisme daar norme vir die mens is. „De mens, ook met zijn intellectuele vermogens en zedelijke oordelen, bestaat als maatschappelijk wezen en kan ook alleen vanuit de concrete maatschappelijke structuur beteken worden. In die structuur liggen ook de normen voor zijn handelen. Maar normen zijn er toch. In het marxisme leeft het vrijheidspathos en brandt de vlam van het zedelijk ideaal, ondanks alle afwijzing van de gangbare moraal. Zo kan

50) Vgl. De Ru, op.cit. p. 47.

men dan ook spreken, van het 'humanisme in het marxisme'. Het gaat om de mens als 'Gesellschaftswesen."[51] Volgens De Ru kan daar selfs by die Marxisme gepraat word van 'n soort religieuse besieling, want dit bring 'n „boodskap", daar is „geloof" in die uiteindelike „heilstaat."

2. Gemeenskap en vryheid.

Aangesien die beskouing van die kommunisme omtrent die mens as ekonomiese wese en as gemeenskapswese oorheersend is, is hierdie standpunt ewe duidelik in die vryheidsbeskouing van die mens. Ook m.b.t. die vryheidsbeskouing is dit duidelik hoe Marx gebreek het met gedagtes wat nie radikaal genoeg was nie. Waar Hegel vryheid beskrywe in die volgende woorde: „Vrijheid is dat de mens de staatswil als zijn eigen wil erkent, en al zijn egoïstisch begeren en streven door de algemene wil laat oorwinnen",[52] is hierdie standpunt vir Marx nie radikaal genoeg nie. Die staat sal uiteindelik verdwyn en ware menslike vryheid sal beleef word wanneer die mens ten volle gemeenskapswese geword het. Die privaatregtelike vryhede bestaan nie vir Marx met sy nadruk op die mens as universele gemeenskapswese nie.

3. Ekonomiese vryheid.

Die vryheidsleer van die kommunisme is slegs 'n onderdeel van die ekonomisme. Waar vryheid volgens die Kommunistiese Manifes deur die kapitalisme vereenselwig word met vryheid van handel, het die kommunisme slegs in vooruitsig die bereiking van die toestand waarin die mens ten volle gemeenskapswese is.[53] Die strewe hierna word by die kommunisme aangevuur deur 'n diepe bevoëndheid oor die werkende mens. Die kommunisme wil die lot van die arbeider verbeter deur hom uit die klassestryd tot groter vryheid in die gemeenskap te lei. „In place of old bourgeois society with its classes and class antagonisms we shall have an association in which the free development of each is the condition for the free

51) De Ru, op.cit. p. 49,
52) Kraan. op.cit. p. 55.
53) Vgl. Kommunistiese Manifes in: Jacobs, op.cit. p. 64. Vgl. ook Zuidema, op.cit. p. 7.

development of all."[54] Die ware vryheid sal eers dan bereik word wanneer die proletariaat deur stryd en revolusie heen homself verwesenlik en so sy eie ryk van vryheid vestig.

4. Individuele vryheid en gemeenskap.

In die vryheidsbeskouing van die kommunisme is dit duidelik dat die individuele vryheid aan die vryheid van die gemeenskap opgeoffer moet word. Engels het 'n duidelike verband gelê tussen die vermaatskapliking van die mens en menslike vryheid. As enkeling het die mens in die verlede sy opgaan in die belange van die gemeenskap as 'n onaangename noodwendigheid gesien, maar volgens Engels sal die mens as gemeenskapswese die geskiedenis ten volle kan beheers en die geskiedenis van die gemeenskap daardeur help skep. Om sy eie woorde te gebruik: „Het is de sprong uit de rijk van de noodzadelijkheid naar het rijk van de vrijheid."[55]

Samevatting.

Vir die kommunisme is vryheid daarin geleë dat die mens as enkeling hom volkome wy aan die ideale van die gemeenskap. Karl Löwith het tereg die standpunt van Marx soos volg weergegee: „Im vollendeten kommunistischen gemeinwesen hat jedes Individuum sein eignes menschliches Wesen als algemeine, sozial-politische Existung verwirklicht."[56] Die behoefte van die mens sal ten volle bevredig word wanneer hy ten volle gemeenskapswese geword het en nie kleinlike eiebelang laat oorheers nie.

D. KRITIESE VERGELYK.

Inleiding.

Die vraag ontstaan of daar by 'n beskouing wat so radikaal met die verlede (tradisie en godsdiens) gebreek het,

54) Kommunistiese Manifes In: Jacobs, Ibid. p. 69.
55) Engels aangehaal deur Kraan, op.cit.p. 73-74.
56) Löwith, Karl: Weltgeschichte und Heilsgeschehen. p.53.

sprake kan wees van waarheidsmomente. Kuypers is so skerp in sy kritiek teen die kommunisme dat hy meen daar behoort by so 'n perverte stelsel nie eers van waarheidsmomente gespreek te word nie.[57] Die standpunt van Norval kan onderskryf word waar hy met waardering melding maak dat Marx die eerste denker is wat die krag van die arbeidersmassa en van die tegniek raakgesien het, en voorts dat hy die wantoestande m.b.t. die uitbuiting van die arbeiders probeer verhelp het.[58] Selfs waar radikaal van die kommunisme verskil word, kan die oë nie gesluit word vir die feit dat daar in die kommunistiese leerstellinge waarheidsmomente is wat nie ignoreer kan word nie.

In hierdie kritiese vergelyk sal nie alleen die kommunisme en Calvinisme kortliks vergelyk word nie, maar ook die liberalisme. Ons kritiese opmerkinge sal egter meer by die kommunistiese beskouinge tuisgebring word, terwyl die vergelyk met die liberalisme getref word en die Calvinistiese beskouing daarteenoor gestel word.

1. <u>Die heilstaat word nie bereik nie</u>.

Die „ideale maatskappy" of „Utopia" van die kommunisme is die heilstaat waarna elke kommunis uitsien en waarna die wêreld gelei word. Met die bereiking van hierdie ideaal het die kommunisme hom egter telkens vergis. In 1948 verskyn daar 'n samelwerk oor die kommunisme in Rusland waarin 1965 gestel word as die oorgangsjaar van die sosialisme na die kommunisme: „Bijgevolg zal de generatie, die in 1920 vyftien tot twintig jaar oud was, nog leven in de Communistische gemeenschap. Dat is de gelukkige en trotse generatie die direkt deelnam en deelneemt aan die bouw van de beide fasen van het communisme."[59] In die jaar 1968 is die bereiking van hierdie heilstaat egter nog nie in sig nie. Na byna veertig jaar staan die kommunistiese staat in Sowjet-Rusland baie ver van sy ideale maatskappy maar word dit gekenmerk deur magskonflikte in die hoogste leiding, gebrek aan verbruikersgoedere en 'n vermoeiende eentonigheid van die

57) Vgl. Kuypers, op.cit. p. 269.
58) Vgl. Norval. op.cit. p. 268.
59) Kuypers.op.cit. p. 268.

kultuuruitinge. Die mens in Sowjet-Rusland het na veertig jaar nog niks verander nie.

2. Die vermaatskaplike mens.

Die kommunisme lê die klem veral op die Maatskappy. By die liberalisme en die kommunisme is die enkelinge gelyk en gelykwaardig in prinsipiële sin. Tog is daar 'n belangrike verskil tussen die liberalisme en die kommunisme. By die liberalisme val die klem veral op die individu en daarna gaan dit om sy verbondenheid. Die liberalistiese beskouing van die mens is dus inter-individueel. By die kommunisme val die klem weer op die inter-verband, bv. geen privaatheid maar alles moet gemeenskaplik wees, derhalwe is die kommunistiese beskouing van die mens inter-individueel. By die liberalisme gaan dit om die hele menslike persoon met sy ekonomiese welvaart en geestelike welsyn. In sowel die liberalisme as die kommunisme is daar geen sprake van die gemeenskap soos die Calvinisme dit ken nie. Daar is ook geen plek vir die struktuur-eenheid van die primêre samelewingskringe nie. Die mens word nie gesien as 'n individueel-sosiale wese soos die Calvinisme dit leer nie, maar by die liberalisme val die klem veral op die individu en by die kommunisme veral op die sosiale of die vermaatskaplikte mens. In beide gevalle kom daar dus min tereg van die ware mensbeskouing en albei denkrigtings verval in 'n eensydige beklemtoning van een aspek van die mens se lewe.

3. Die mens is meer as arbeider.

Die kommunistiese siening omtrent die mens as arbeider en as ekonomiese wese lei tot materialisme. Die mens van Marx is homo faber en dit kom daarop neer dat die arbeid van die mens vereng word tot ekonomie-arbeid en dat die mens niks anders is nie as ekonomiese wese. Dit gaan dus vir die kommunisme hoofsaaklik om die ekonomiese welvaart van die mens en hierdie ekonomiese welvaart is weer die voorwaarde en grond van die mens se geestelike welvaart. Dit gee aan die kommunisme sy materialistiese karakter. Hierdie beskouing

werk deur in die opvattinge van die kommunisme omtrent die ontstaan en doel van die ganse skepping en word deur Kuypers in die volgende woorde saamgevat: „....Voor haar ligt het laatste woord in de zich ontwikkelende stof en een licht en vrolijk leven. Voor het wonder en het raadsel in de schepping heeft het Communisme geen oog, daar de ‚wetenschap' die alle zal doorgronden."[60]

Die Calvinisme kan hom nie met hierdie standpunt vereenselwig dat die mens slegs arbeider en ekonomiese wese is nie. Die Calvinisme sien meer in die mens as net arbeider. Die mens beklee 'n besondere plek in die skepping van God. Hy is kreatuurlik en is na die beeld van God geskape. Hy ontvang van God 'n roeping om die ganse skepping van God, d.w.s. stof, plant, dier en mens na sy ware bestemming te lei.

Ewe aanvegbaar is die standpunt van Marx dat die arbeid van die mens skeppend is. Arbeid speel 'n kardinale rol in die beskouinge van die kommunisme, want deur arbeid word goedere geproduseer en hierdie arbeid van die mens is dan skeppend. Volgens die standpunt van die Calvinisme is arbeid egter nie skeppend nie, maar is alle arbeid van die mens slegs 'n middel om een of ander doel te bereik. In die nastrewe om 'n sekere doel te bereik kan die mens in sekondêre sin wel skeppend optree, dan is sy arbeid nog steeds middel tot 'n doel. Tereg het Norval die volgende opgemerk omtrent arbeid. „Arbeid is as middel nie skeppend nie, maar die volvoering van die taakeenheid is vormend en „skeppend." Arbeid self is nie „skeppend" nie, maar dit word „skeppend" in diens gestel van 'n gestelde taak of doel."[61] Die arbeid van die mens moet eerder gesien word as 'n diens aan God waardeur die ganse skepping verryk word. Die opmerkinge van Norval in die verband kan ten volle onderskryf word. „Vir die Calvinis is arbeid die skeppingsidion wat behoort tot die skeppingsorde. Dit is die middel wat deur die geskape mens aangewend word om daarmee kultuurskeppend en kultuur-

60) Ibid. p. 269.
61) Norval. op. cit. p. 98.

beheersend (ook natuurbeheersend) asook sorgend en God-dienend die skepping te verryk."[62] Marx het geen oog vir die verhouding waarin die mens tot God staan en dat sy arbeid ook diens aan God is nie. Volgens die beskouinge van Marx is die hoogste vryheid vir die mens in sy oorgegewenheid aan die arbeid. As arbeider dien hy die hoogste ideaal van die kommunisme, en daarin is sy vryheid geleë. Krities beskou, is die vryheidsbeskouing van die kommunisme niks anders as 'n arbeidsoutonomie nie. Om hierdie redes kan ons ons nie vereenselwig met die kommunistiese beskouing omtrent arbeid nie. Terloops kan net opgemerk word dat die beskouing nêrens aangetref word dat die liberalisme die arbeid van die mens wel as primêr beskou nie.

4. Gesag is nie outoritêre mag nie.

Nog 'n aspek wat aandag verdien is die beskouing van die kommunisme omtrent gesag. Die liberalisme en die kommunisme laat nie een reg geskied aan die gesag in die verhouding van ouer en kind, onderwyser en leerling, owerheid en onderdaan ens. nie. Die liberalisme aanvaar vir die ‚inter' van die inter-individualisme 'n minimum gesag wat gesagsdraers van individue ontvang - want elkeen is sy eie gesag - en ten opsigte waarvan hulle aan individue verantwoording verskuldig is. Maar in die Utopie van die kommunisme is daar geen sprake van gesag nie. Voordat die utopie bereik word sal daar 'n heftige klassestryd woed waartydens die staat van mag gebruik moet maak om die eindideaal van die heilstaat te bereik. Dit is duidelik dat die kommunisme dus die klem op mag en magsmiddele laat val. Die gesag word hier herlei tot outoritêre mag. Waar gesag op gehoorsaamheid aanspraak maak is daar by mag slegs sprake van dwingelandy. Die standpunt van Stoker wat op die volgende konsekwensies wys kan onderskryf word: „Teenoor die nihilisme en anargisme geld dat wie slegs mág maar nie gesag ken nie, die onderworpene as mens verneder, homself tot 'n sinlose god van willekeur verhef en die samelewing sy vastheid en sy orde ontneem."[63] Dit is voorts duidelik dat die mag van die kommunisme wat in die plek van gesag gekom het, 'n mag is wat uit die maatskappy

62) Ibid. p. 272.
63) Stoker, Praktiese Calvinisme. p. 17.

self kom en tot bevordering van die maatskappy moet dien. Daarenteen moet gesag gesien word as iets wat deur God in die skepping gegee is en daarom is alle gesag ook afgelei van God. Die standpunt van Donner omtrent gesag word hier met instemming weergegee omdat dit 'n afdoende antwoord aan die liberalisme en die kommunisme is. Volgens hom moet gesag altyd teruggelei word na God, wat dit in die skepping so bepaal het dat die een mens oor die ander in 'n gesagsverhouding gestel word. „In geen enkele vorm komt het gezag uit de enkele mensch of uit de maatschappij op. Waarachtig gezag deelt alleen af van God die de normen ervoor bepaalt.... Gesagshandhawing moet welbeschouwd juist daarin bestaan, dat men dan door zelf stipt zijn bevoegdheden in acht te nemen en door in al zijn handelen en spreken de verbandsorde te eerbiedigen en te bevestigen, de gehoorzaamheid afdwingt.[64] Vir hierdie beskouing omtrent gesag is daar geen plek by die liberalisme of die kommunisme nie.

5. Die probleem van goed en kwaad.

Die probleem van goed en kwaad moet ook nader besien word. Die liberalisme gaan van die standpunt uit dat die mens goed en gaaf gebore word en steeds daarna moet strewe om sy moontlikhede wat in homself opgesluit lê, te verwesenlik en sodoende die belange van elke individuele mens te bevorder. By die kommunisme word goed en kwaad bv. heeltemal gerelativeer omdat elke tyd en elke klas sy eie moraal het. Die beskouing van die kommunisme omtrent goed en kwaad kan as relativisties-historisties gekenskets word. Dit gee aan die kommunisme bv. die reg om op 'n sekere tydstip revolusie aan te blaas, die mens sy lewe te ontneem, die bestaande orde omver te werp, want alles is dan geregverdig in sy stryd teen die kapitalisme. Met hierdie relativering en historisering van goed en kwaad beland die kommunisme tog in 'n antinomie. Die voorkeur wat die kommunisme aan die ideale staat gee impliseer tog 'n ideale moraal, en dit kan nie gerym word met die relativering van die moraal nie. Dit is duidelik uit die Kommunistiese Manifes dat Marx nie veel wil sê oor die etiese standaarde waarvolgens die heil-

64) Donner, A.M. Gezag In: Christelijke Encyclopedie. p. 221.

staat ingerig sal word nie. Volgens Engels moet daar maar liewer gewag word totdat die sosialiseringsproses histories afgeloop is en die mens die heilstaat binnetree en self die voordele en die ideale wat bereik is, belewe.

Marx verwerp ook die Calvinistiese beskouing omtrent die sondeval van die mens omdat hy leer dat die mens sy verlossing moet soek in die vermaatskapliking van die mens. Volgens hom beteken dit die beëindiging van die selfvervreemde mens in die bereiking van die toestand waar hy ten volle gemeenskapswese sal wees.

Teenoor hierdie beskouing staan dié van die Calvinisme dat die mens deur God geskape is en dat hy goed geskape is. Die mens het egter in sonde geval en die sonde het die mens in al sy verhoudinge in die kosmos geraak en die kwaad het ook deurgedring tot die ganse skepping. Dit moet as die basiese oorsaak gesien word van alle wrywing en stryd in die wêreld en nie maar net die onderdrukking van die arbeider deur die heersersklasse nie. Tewens wat die Kommunisme as die grondoorsaak van die stryd sien, is slegs een van die gevolge van die sondeval, en om die rede kan die historiese ontwikkelingsproses en ekonomiese veranderinge nooit die oplossing bied vir al die probleme van die mens en hom tot 'n heilstaat lei nie. Die Calvinisme wat die sondeval van die mens erken en die bedorwenheid van die mens nie kan wegredeneer nie, leer dat die verlossing en herstel van die mens slegs deur die herskeppingswerk van Christus kan geskied.

Die beskouing van die kommunisme omtrent goed en kwaad is eintlik 'n logiese gevolg van Marx se verwerping van die bestaan van God. Waar die liberalisme aan elke mens sy redelike oortuigings gun, is dit vir die mens geoorloof om op redelike gronde in 'n god te glo. Met ander woorde, die liberalisme loop wel die gevaar van die vergoddeliking van die mens, maar hoef nie noodwendig tot ateïsme te lei nie. Vanweë sy materialistiese uitgangspunt is die kommunisme, logies deurgedink, ateïsties. Hieroor hoef nie verder uitgebrei te word nie aangesien die verwerping van die bestaan van God deel is van die kommunistiese beskouing en met

hierdie verwerping word deeglik rekening gehou in die uitwerk van die hele kommunistiese leer. Tereg het De Ru die volgende omtrent Marx gesê: „Marx heeft 'de dood van God' aanvaard en moedig onder de ogen gezien. Hij heeft ook van geen 'Ersatz' voor de 'dode God' willen weten. De economie is de wetenschap van de toekomst. Zij treedt in de plaats van de theologie."[65] Volgens die beskouinge van Marx is daar eintlik geen perke aan die magte van die mens nie. Deur die natuurwet en die historiese wet toe te pas, sal die mens alles bereik waarna hy strewe. Teenoor hierdie gedagte van die kommunisme en die liberalisme om die mens as die magtige outonome wese te sien, leer die Calvinisme dat die mens skepsel van God is, dat aan hom sekere moontlikhede gegee word, dat hy altyd aan die wet van God onderworpe is en deur God geroep word tot diens en roepingsvervulling in die skepping van God. Hierdie opvatting van die Calvinisme staan direk teenoor dié van die liberalisme en die kommunisme waar die mens onderskeidelik as individu en vermaatskaplikte en vermaterialistiese wese gesien word.

6. 'n Valse vryheidsleer.

Die vryheidsbeskouing van die kommunisme kan ook weer teruggevoer word na die mens as maatskaplike wese. Die kommunisme kom in sy vryheidsbeskouing ook nie los van die materialisme nie. De Ru som dit goed op in dié kritiese aanmerkinge: „Het gaat om de mens als 'Gesellschaftswesen'. Alles draait om de nieuwe mens, beter: het ideaal van de nieuwe mens in een nieuwe gemeenschap, de mens, die vrij is van filosofische of godsdienstige waan; die zijn eigen lot in eigen handen heeft genomen en de natuur beheerst door de resultaten van zijn steeds verder reikende en alle dromen overtreffende wetenschap en techniek."[66] Van die vryheid van die enkeling is daar geen sprake nie, dit is slegs die belange en die vryheid van die maatskappy wat van betekenis is. Dit is onvermydelik dat daar in die klassestryd 'n botsing van moraal sal wees soos dit geld vir die verskillende klasse. Die heersersklas het een moraal, die werker weer 'n

65) De Ru, op.cit. p. 47.
66) Ibid. p. 49.

ander moraal. Die vraag wat die kommunisme onbeantwoord laat, is waar kom hierdie moraal vandaan, en wie of wat is die maatstaf daarvan? De Ru wys tereg daarop dat daar hoogstens van 'n moraal binne dieselfde klasse sprake kan wees, hoewel selfs dit probleme skep. Die kommunisme het voortdurend te kampe met vyande van die volk wat uit die weg geruim moet word, m.a.w. om die doel van vermaatskapliking te bereik, is daar verskeie middele nodig. Hierdie middele van watter aard ook al, word geheilig in die lig van die ideaal wat nagestreef word. Weer het De Ru hierdie vraag van doel en middele by die wortel geraak in sy kritiese opmerking: „Wij denken daarbij o.m. aan de noodzakelijkheid van terreur en aan het ideaal van de vryheid voor allen, al moet die dan ook deur de wreedste tirannie tegenover bijna allen gerealiseerd worden."[67] Die kommunistiese standpunt dat die doel die middele heilig moet verwerp word. Die Calvinisme leer dat 'n doel of 'n middel wat met die wil en die wet van God strydig is, nie gerym kan word met die etiese norme en behorensoise wat God vir die mens gegee het nie, en geen werklike toekoms het nie. Die Calvinisme leer verder die vaste beginsels van die sedelike, terwyl die kommunisme dit bloot as voorwaardelike resultate van 'n klassestryd sien. Die hele beskouing van die kommunisme omtrent die sedelike en menslike vryheid is vaag en onvolledig en word telkens maar afgemaak met die verwysing na die noodsaaklike klassestryd ten einde die ideaal te bereik van die kommunistiese utopie. Daarom kan die volgende mening van J. de Graaf onderskryf word: „In ieder geval blijkt de visie van Marx te onvolledig om recht te doen aan alle aspecten van de zedelijkheid. Met de op het sociaal-economische vlak geprojecteerde mens hebben wij sinds Marx meer moeten rekenen, ook in de ethiek, maar het is niet de gehele mens."[68] Die Marxisme degradeer die etiese tot die tegniek omdat die daad van die mens altyd geregverdig word deur die historiese, wetenskaplik bepaalde ontwikkelingslyn. So kan elke aspek van die mens se lewe teruggevoer word na die kommunistiese leer, dat die mens primêr as arbeider gesien moet word en dat hy dus 'n ekonomiese wese is.

67) Ibid. p. 51.
68) J. de Graaf aangehaal deur De Ru, Ibid. p. 50.

7. Persoonsskending.

Die kommunisme ontferm hom wel oor die mens as arbeider en probeer om sy omstandighede te verbeter. Maar in sy strewe na die ideale maatskappy wat moeisaam deur klassestryd en rewolusie heen gaan, kom daar in die persoonsbehartiging van die mens weinig tereg van liefdesorg en is daar baie meer voorbeelde van persoonsskending. Vir hierdie persoonsskending kan geen regverdiging gevind word in die heiliging van die middele deur die doel wat nagestreef word nie. God het die mens geskape en in hierdie wêreld geplaas met 'n doel en 'n bestemming om na te streef. Maar reeds hier en nou het die mens in alles wat hy doen 'n roeping van God, moet hy sy taak so vervul dat hy in sy dagtaak besig is om die bestemming van God vir die ganse wêreld te verwesenlik.

Die kommunistiese beskouing van outoritêre mag in die nog bestaande staat, wat later met die bereiking van die Utopie sal verdwyn, gee aan die staat absolute mag oor die doen en late van die mens op elke terrein van sy lewe. Hierdie waarheid hou geweldige implikasies in vir die probleem van persvryheid, want indien alles onderwerp word aan die outoritêre mag van die staat, kan daar van vryheid in enige samelewingskring geen sprake wees nie. Die deurwerking van hierdie gedagte sal egter duideliker in die tweede gedeelte van die verhandeling uiteengesit word. Dit sal duidelik word hoe die kommunistiese leer in die praktyk toegepas word veral met betrekking tot die vryheid van die pers.

Samevatting.

Opsommend kan die volgende van die Calvinisme, die liberalisme en die kommunisme gesê word. Die Calvinisme is teosentries in sy lewens- en wêreldbeskouing en die mens word gesien as die onselfgenoegsame kreatuurlike skepsel wat na die beeld van God geskape is. By sowel die liberalisme as die kommunisme vind ons die humanistiese beskouing dat die mens as outonome wese die middelpunt van die denke is.

Die Calvinisme erken die individuele en interindividuele verbondenheid asook die unieke eenheid van die betrokke

samelewingskringe. Die liberalisme erken slegs die individu se plek en regte in die menslike verhoudinge terwyl die interindividuele verhoudinge vir die liberalisme altyd van sekondêre belang bly. Die kommunisme erken weer net die werkersmaatskappy, terwyl die eenheid van die ander samelewingskringe en die belange van die individu van sekondêre belang is.

Die Calvinisme erken die gesagsverhouding wat God self in die verskillende samelewingskringe gelê het. Die liberalisme misken die gedagte dat die een mens of instelling gesag oor 'n ander kan uitoefen. Die kommunisme ken geen gesag nie, maar slegs die outoritêre mag waarvolgens die staat die reg het om op te tree soos hy dit goed dink.

Dat hierdie uiteenlopende beskouinge, soos die liberalisme en kommunisme dit voorstaan, 'n geweldige invloed moet hê op die vryheidsbeskouinge van die mens, spreek vanself. Dit het reeds sy stempel afgedruk op die kommunukasiemiddele van die wêreld waarvan die pers een van die belangrikste is. Daarom het dit noodsaaklik geword om hieraan ernstige aandag te wy en die invloed van die liberalisme en die kommunisme op die pers te probeer bepaal. Terselfdertyd is dit 'n dringende behoefte om uit die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing die taak en die funksie van die pers duidelik te stel. Dit is nodig omdat die pers nie alleen krities beoordeel moet word nie maar in beskeidenheid en tog met diepe oortuiging 'n positiewe bydrae gelewer word wat kan lei tot 'n herwaardering en ontdekking van die sedelike beginsels wat ten grondslag van die perswese lê.

AFDELING II.

HOOFSTUK 5.

INLEIDING TOT DIE PROBLEEM VAN PERS EN PERSVRYHEID.

Inleiding. Die voorafgaande hoofstukke dien as agtergrond vir die nadere bespreking van die probleem van persvryheid. Die standpunt van die Calvinisme, liberalisme en kommunisme omtrent die mens, die vryheid van die mens en sy plek in die skepping van God moes duidelik uiteengesit word alvorens die probleem van pers en persvryheid bespreek kon word.

Die inleidende hoofstuk van hierdie gedeelte word veral toegespits op enkele kenmerke en historiese tendense van die pers. Dit dien as inleiding tot die bespreking van die probleem van pers en persvryheid soos dit deur die Calvinisme, die liberalisme en kommunisme voorgestaan word.

Die doel wat in hierdie gedeelte nagestreef word kan o.a. in die woorde van H.L. Smith omtrent die pers, saamgevat word: „..... to examine objectively its strength and weakness and to consider whether it has failed or succeeded, or is failing or succeeding, in the main tasks which justify any Press."[1)]

A. Begrips-en saakpresisering en kenmerke van die pers.

(a) Begrips- en saakpresisering. Met die bestudering van die probleem van pers en persvryheid moet daar duidelik gesê word wat onder „pers" verstaan word.

In die wydste sin kan pers volgens Pienaar gesien word as „die totaal van alle media met behulp waarvan feite oorgedra of meninge uitgedra word,"[2)] en kan o.a. die volgende insluit: „.....koerante, tydskrifte, boeke, pamflette en strooibiljette, maar ook al die produkte van die

---

1) Smith, H.L. Behind The Press in South Africa. p.13.
2) Pienaar, G.J. Perssensuur en Staatsveiligheid. p.4.

ander massakommunikasiemedia wat in die moderne tyd ontwikkel is, die radio, beeldradio, rolprent en ander media vir die reproduksie van beeld of klank....."[3] Elkeen van genoemde nuusmedia kan onder die algemene versamelnaam „pers" saamgevat word, omdat hulle mededingers op dieselfde nuus- en beïnvloedingsterrein is.

Afgesien van hierdie beskouing omtrent die pers, kan daar ook 'n enger siening van pers wees. Diemer erken enersyds die beskouing omtrent die „verzamelbegrip",[4] pers, maar wys daarop dat in die alledaagse spraakgebruik onder „pers" verstaan word: „..... in het bijzonder het geheel van dag en nieuwsbladen. De pers is dan het verzamelbegrip voor de krant."[5]

Vir die doel van hierdie studie word erken dat „pers" in die wydste sin gesien behoort te word, maar aan die ander kant word „pers" doelbewus beperk tot koerante wat weekliks en veral daagliks verskyn. Die rede hiervoor sal veral blyk uit die struktuurontleding van die pers in die volgende hoofstuk.

Met „pers" word dus nie bedoel, die drukmasjien waarmee die boek, tydskrif of koerant gedruk word nie, ook nie die instituut wat wetenskaplike tydskrifte, kultuurtydskrifte, kerkblaaie of maandblaaie uitgee nie. Die pers, soos hier bedoel word, is die instituut wat op gereelde en vaste tye nuusberigte[6] en menings publiseer.

(b) Besondere kenmerke van die pers.

Dit is interessant om daarop te wys dat P.N. DeVolder in 1952 krities opmerk dat Emil Dovifat in 1931 slegs drie kenmerke van die pers weergee, terwyl daar eintlik meer behoort te wees.[7] In sy besonder volledige werk Handbuch der Publizistik wat in 1968 verskyn het, gee Dovifat egter 'n uitgebreide en gesaghebbende weergawe van sy jongste beskouing

---

3) Loc.cit.
4) Diemer,E. Pers. In Christelijke Encijclopedie Deel V.p.428.
5) Loc.cit.
6) In die volgende hoofstuk word die probleem van „nuus" in besonderhede behandel.
7) Vgl. DeVolder,P.N. De Ethiek van de Pers p. 25.

omtrent die kenmerke van die pers.

Ten einde te begryp wat met „pers" en nuus bedoel word, is dit nodig om die kenmerke van die pers nader te bespreek.

(i) Aktualiteit. Elke kenner van die pers stem ooreen dat aktualiteit 'n besondere kenmerk van die pers is. In die voltrekking van sy nuustaak het die pers te doen met die gebeure wat telkens in die hede plaasvind. Hierdie gebeure is aktueel, dit behoort so spoedig moontlik aan die leser bekend te word deur middel van nuusberigte. Tereg wys Dovifat daarop: „Unmittelbarste Gegenwärtigkeit ist ihr Ziel, vorzeitige (nicht vorbereitete) und verspätete (verpasste) Aktualität misslingt."[8]

Die aktualiteit onderskei die dagblad baie duidelik van die tydskrif en hierdie kenmerk is reeds vir eeue lank eie aan die pers. Reeds in 1695 skryf Kaspar von Stieler die volgende omtrent die koerant: „Das Wort Zeitungen kommt von der Zeit, darinnen man lebet, her und kan bescrieben werden, dass sie Benachtrichtungen seyen , von denen Händeln, welche zu unserer gegenwärtigen Zeit in der Welt vorgehen."[9] Elke standpunt i.v.m. die aktualiteit van die pers wys vandag nog heen na hierdie gesaghebbende uitspraak.

Die aktualiteit van die pers kan veral na twee beginsels teruggelei word. Eerstens beklemtoon dit die aktualiteit van die hele kosmos en veral van die gebeurtenisse waaraan die mens deel het. Hierdie waarheid word deur DeVolder in die volgende sin uitgedruk: „An erster stelle bringt die Presse die Schnelle Entwicklung der Sozialen Realität zum Ausdruck."[10] Tweedens beklemtoon die aktualiteit van die pers veral die voortgang in die geskiedenis. Hieromtrent sê DeVolder die volgende: „In der aktuellen Berichterstattung zeigen sich ausserdem die fortwährend wechselnde öffentliche Meinung und die von der Gruppe angelegten Wertmassstäbe."[11]

---

8) Dovifat, E. Handbuch der Publizistik. p. 28.
9) DeVolder,U.: Sociologie Der Zeitung. p.56.
10) Ibid. p. 61.
11) Loc.cit.

Die aktualiteit van die pers is dus daarin geleë dat dit so spoedig moontlik nuus aanbied omtrent die kontingente (d.w.s. die unieke, eenmalige en onherhaalbare) gebeure in die geskiedenis. Aktualiteit is dus gemoeid met die hede, of wat vir die hede van belang is.

(ii) Universaliteit. In sy artikel omtrent die pers wys Diemer daarop dat die pers die aktualiteite opspoor en „zij doet dit in de universaliteit van het leven."[12)]

In die nuusaanbieding het die pers nie net betrekking op die handelinge van die mens nie maar ook op gebeurtenisse betreffende voorwerpe en verskynsels wat in die geskape wêreld voorkom in sover dit van belang is om dit te weet. M.a.w. alles wat nuuswaardig is, moet deur die pers behartig word. Elke aktuele gebeurtenis in die universaliteit van die menslike lewe en die kosmos behoort gesien te word as moontlike veld van ondersoek met die oog op nuusversameling. DeVolder wys veral op die doel wat hiermee beoog word: „Um für einen grossen Leserskreis interessant und aktuell zu sein, muss sich die Zeitung mit allen Gebieten beschäftigen, die nach den oft gegensätslichen Ansichten einer vielköpfigen Menge beachtenswert sind."[13)]

Die pers moet voortdurend seker maak dat dit die universaliteit van nuusaanbieding tot sy reg laat kom. Die eise van die tyd, of bv. van nuwe ontdekkinge, kan dit noodsaaklik maak dat daar nuwe rubrieke of dienste aangebied moet word. Heel tereg het DeVolder opgemerk: „Die moderne Zeitung muss alles geben, um alle zu gewinnen - Diese Vielzeitigkeit ist die Ursache dass die Zeitung ein Gemeinschaftsprodukt geworden ist." [14)]

Universaliteit het egter nie net te doen met die algemeenheid van nuus nie, maar ook met die algemeenheid van die leserskring. Dit is 'n kenmerk van die pers om nuus aan te

---

12) Diemer. op.cit. p. 428.
13) DeVolder,U.: Sociologie der Zeitung. p. 79.
14) Loc.cit.

bied aan die hoogs moontlike aantal lesers. Hierdie aspek van die universaliteit word nie genoegsaam beklemtoon nie. Dit is logies dat die nuus van universele aard ook aan die grootste moontlike leserskring gebied moet word - dit beklemtoon immers die kenmerk van universaliteit nog sterker.

(iii) Openbaarheid. Openbaarheid wys eintlik heen na 'n besondere verbinding tussen die koerant en die leser, 'n openbaarmaking deur die pers aan die leser. Hierdie standpunt word deur DeVolder soos volg uitgedruk: „..... dass die Zeitung im Namen der Gemeinschaft die öffentlichen Interessen vertritt, und zweitens, dass sie sich an die ganze Bevölkerung wendet."[15]

In die verband moet veral op die besonder deeglike uiteensetting van Dovifat omtrent openbaarheid gewys word. Volgens hom kan openbaarheid van die pers veral drie betekenisse hê. Eerstens praat hy van publice:„..... eine unbegrenzte anonyme Vielzahl von Menschen (einzelnen oder verbundenen) die algemein erreichbar und algemein ansprechbar sind (öffentlich, Öffentlichkeit = publice."[16] Tweedens praat Dovifat van publica, d.w.s. „.... was noch unartikuliert in den Köpfen und Herzen einer unübersehbaren Vielzahl von Menschen geistig und gefühlsmässig ‚im Gewoge', ‚im Schwange ist. Ein, breiter Daseinsstrom von Ideen, Gedanken, Meinungen und Wollungen lebt hier und bewegt sich (öffentlich, das Offentliche hier = publica)."[17] Derdens wys Dovifat op die publikum soos volg: „.... die ersten Artikulierungen eines niederschlags aus dem ‚Gewoge'..... Man stellt Bindungen der Angesprochenen fest oder stellt sie her, man sammelt ein ‚Publikum.'"[18] Hierdie besondere insig beklemtoon dus dat die pers die gedagtestrominge van die mens of die samelewingskringe (publica) moet peil en vasstel en dit in woorde of nuusberigte omskep (publikum) en dan aan die lesers (publice) bekend maak. Dovifat se beskouing omtrent openbaarheid lê 'n gewigtige taak op die pers en onder die besef hiervan praat hy van „Öffentlichkeit ist das Lebenselement der Publizistik."[19]

---

15) Ibid. p. 65.
16) Dovifat, op.cit. p. 13.
17) Loc.cit.
18) Ibid. p. 14.
19) Ibid. p. 20.

Openbaarheid hang dus ten nouste saam met die nuusversameling en die nuusaanbieding van die pers. Nuusinligting en nuustoeligting gee uitdrukking aan die beginsel van openbaarheid en openbaarheid lê voorts verbindinge tussen die nuussentrums en nuusmedia van die wêreld.

(iv) Periodisiteit. Die periodieke verskyning van die koerant op gesette tye, selfs op 'n bepaalde uur, is besondere kenmerk van die pers. In 1755 word daar reeds van die pers gepraat as „....wöchentlich..... gedruckte Erzählung der allerneuesten und merkwürdigsten Begebenheiten"[20] en 'n eeu later word die periodieke verskyning soos volg beskryf: „..... das regelmässige Erscheinen als ein wesentliches Merkmal der Tagezeitung."[21]

Periodisiteit beteken dus dat die nuus volgens vaste reëlmaat en op gesette tye aangebied sal word. Diemer praat in die verband ook van „deze werkzaamheid in Continuïteit."[22]

Volgens die reëlmaat van verskyning kan koerante verdeel word in dagblaaie (oggend of aand); weekblaaie, maandblaaie ens.

Die pers streef daarna om nuusberigte aan te bied en op te volg deur aanvullende berigte en aan die lesers 'n gereelde oorsig te gee van die vernaamste nuuswaardige gebeure. DeVolder beklemtoon dieselfde waarheid soos volg: „Die technischen Anforderungen der Redaktion, des Druckes und des Vertriebs verlangen einen geregelten Ablauf der verschiedenen Tätigkeiten."[23]

Die periodisiteit van die koerant is 'n weerspieëling van die beginsel van voortgang in die geskiedenis.[24] Hierdie waarheid word, in 'n effens ander beklemtoning, deur DeVolder bevestig wanneer hy praat van periodisiteit: „..... sie folgt dem schnellen Rhythmus der öffentlichen Meinung."[25]

---

20) DeVolder, U. Sociologie der Zeitung, p. 74.
21) Loc.cit.
22) Diemer. op.cit., p. 428.
23) DeVolder, U. Sociologie der Zeitung, p. 76.
24) Vgl. Hoofstuk 2. p. 81.
25) DeVolder, U. Sociologie der Zeitung. p. 79.

Periodisiteit is egter meer as net 'n kenmerk van die pers, dit is ook 'n voorwaarde vir die bestaan van die pers, want daarsonder sou die gereelde oplaag van die koerant nie moontlik wees nie en sou die gesamentlike onderneming van die pers wel ten gronde gaan. Deur die periodieke verskyning van die koerant word die pers van 'n gereelde leserskring verseker.

(v) Gesindheid. In elke koerant verskyn daar 'n hoofartikel en rubrieke wat eie is aan die betrokke koerant en daaraan 'n bepaalde karakter verleen. Soms word so 'n rubriek behartig met 'n bepaalde doel voor oë. Dovifat het dit in gedagte wanneer hy van gesindheid sê: „Sie tritt in jedem Akt publizistischen Wollens führend auf. In den geistigen, seelischen, technischen und wirtschaftlichen Spannungen des, publizistischen Prozesses', dem dynamischen Vorgang: Sender - Sendung-Empfänger wirkt sie deutlich und bestimmend."[26] Die pers handel dus doelgerig, dit wil een of ander ‚gedagte' by die leser tuisbring, dit wil een of ander bepaalde doel met die leser bereik. Daarom wys Dovifat tereg daarop dat dit veral duidelik word in politieke beriggewing: „Gesinnungsbestimmt ist selbstverständlich und vor allem die politische Publizistik."[27] Voorbeelde hiervan kan bv. gevind word in die kerklike pers, 'n partypolitiek-beheerde koerant, kommunistiese pers ensovoorts. In elk van die genoemde voorbeelde vind ons dat die gesindheid van die betrokke pers ingestel is op 'n bepaalde doel. Derhalwe word gesindheid as 'n besondere kenmerk van pers aangegee.

(vi) Oortuiging.[28] Hieronder word verstaan dat die pers lesers, wat aan 'n bepaalde standpunt twyfel, sodanig beïnvloed dat hulle so oortuig word dat hulle die betrokke standpunt nie alleen huldig nie, maar selfs bereid is om dienooreenkomstig te handel. Hieroor het Dovifat die volgende gesê: „Die Tat aber ist die Krone jeder publizistischen Aktion. Ansporn, Begeisterung, Leidenschaft zur Tat zu geben ist das Endziel der Publizistik....."[29] Hierdie kenmerk van die pers kom veral tot uitdrukking wanneer die

---

26) Dovifat, op.cit. p. 29.
27) Loc.cit.
28) Die kenmerke wat hier volg, word slegs by Dovifat aangetref. Vgl. Dovifat. op.cit., p. 34-54.
29) Ibid. p. 34.

pers doelbewuste propaganda maak vir een of ander betrokke standpunt.

(vii) Perspersoonlikheid. 'n Deeglike ondersoek bring aan die lig dat elke koerant 'n eie „persoonlikheid" het. Lesers word so gewoond aan die inhoud v en wyse van berig-gewing, selfs aan bepaalde rubrieke en woordgebruik, dat hulle liewer hulle eie koerant wil lees as een wat onbekend is. Hierdie kenmerk word bevestig wanneer Dawie van Die Burger die volgende opmerking maak omtrent die twee Sondag-koerante, Die Beeld en Dagbreek en Landstem: „Selfs die veralgemening, Afrikaanse Sondagpers kan gedagtes verwar, omdat ons te doen het met twee koerante met wyd verskillende persoonlikhede en ook verskillende voortreflikhede en gebreke."[30]

Elke koerant het dus sy eie perspersoonlikheid wat ontleen word aan bepaalde take en doelstellinge wat die pers het. Dovifat bevestig dié kenmerk van die pers in die volgende woorde: „Aus freier innerer Berufung oder - totalitär - im kollektiven Auftrag ist der Publizist der persönliche Träger seiner öffentlich bestimmten und öffentlich bewirkten Aufgabe."[31]

Die sukses of die mislukking van 'n koerant moet dikwels daarin gesoek word dat die koerant se perspersoonlikheid aanneemlik of verwerplik vir die leserskring is.

Samevatting. Bogenoemde is enkele algemene kenmerke van die pers. Daar kan nog meer wees, selfs kenmerke wat eie is aan een of ander bepaalde tipe pers. Vir die doel van hierdie studie is dit egter voldoende.

In die lig van genoemde kenmerke kan daar nou aan 'n nadere aanduiding gegee word van wat onder pers verstaan word.

DeVolder se beskrywing van die dagblad of koerant lui soos volg: „Het dagblad of de krant is een periodische publicatie die een onbeperkt lezerspubliek (openbaarheid) tracht te veroveren door een actuele en universele inhoud."[32]

---

30) Dawie. Storm oor Sondagpers pas die Verdagmakers. In Die Burger. 15 Maart 1969. p. 10.
31) Dovifat, op.cit., p. 40.
32) DeVolder, P.N. De Ethiek van De Pers. p. 25.

Krities beskou, bevredig hierdie beskrywing nie ten volle nie, omdat bepaalde kenmerke van die pers soos bv. die gesindheid en perspersoonlikheid en die vermelding van norme vir die pers en perstaak hierin ontbreek.

Na ons oordeel kan die volgende omskrywing van pers gegee word: Die pers is 'n instituut (eie struktuur) wat tot kerntaak het die periodieke (periodisiteit) aanbieding van aktuele (aktualiteit) nuus[33] van universele (universaliteit) aard, op eie karakteristieke wyse (gesindheid en perspersoonlikheid) en onderworpe aan die betrokke behorenseise (normatief) aan die groots moontlike leserskring (openbaarheid).

Hierdie omskrywing sal as grondslag dien vir die ondersoek na die struktuur, taak en bestemming, die norme en tewens vir die hele probleem van pers en persvryheid.

B. Indeling Van Stof.

Voordat die probleem van pers en persvryheid in besonderhede bespreek word, sal aangetoon word hoe die kenmerke van die pers soos dit in die vorige gedeelte beskryf is, deur die eeue heen in die geskiedenis bevestig word. Dit dui op die moontlikhede wat aan die mens as kultuurwese gegee is om te verwesenlik en wat gaandeweg deur die eeue uitgebou is tot die pers soos dit vandag geken word.

Na die historiese perspektief word die betekenis van die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing vir 'n siening van die pers en persvryheid kort en bondig gestel.

Vervolgens word 'n strukturele analise van die pers as instituut en die perskring onderneem en nagegaan wat die plek van die pers in die menslike samelewing is. Hierdie analise hang ten nouste saam met die probleem van persvryheid.

---

33) Hierby word al die aspekte aan nuus ingesluit, t.w. nuusversameling, nuusseleksie, nuusaanbieding of beriggewing, nuustoeligting en voorligting.

Daarna kom die take, doel en bestemming van die pers aan die orde en word die probleem van nuus in besonderhede behandel.

Hierna word die norme wat vir die persinstituut en die perskring geld, behandel, want elke samelewingskring is onderhewig aan die betrokke norme wat daarvoor geld en so ook die pers en die perskring. Vir die probleem van persvryheid is dit van besondere betekenis omdat die pers o.i. net vry kan wees indien dit gehoorsaam is aan norme. Juis omdat daar nog so min gedoen is om persnorme vas te stel, kon die vraag van persvryheid nog nie indringend en bevredigend onder oë gesien word nie.

In die volgende afdeling word die probleem van perseuwels behandel. Dit sal krities nagegaan word en daar sal veral op die verskynsel van perseuwels as sodanig gewys word, d.w.s. afgesien van die vraag of die betrokke perseuwels op een of ander wyse saamhang met een of ander (bv. liberalistiese of kommunistiese) lewens- en wêreldbeskouing. Hier word slegs objektief en krities op die verskynsel van perseuwels as sodanig gewys.

In die slotgedeelte van die betrokke hoofstuk word al die bostaande saamgevat in die sluitstuk: wat is persvryheid presies. Dit dien as 'n nederige poging om 'n Calvinistiese siening van persvryheid te bied en wel as 'n antwoord op die roeping van God aan die pers gestel. Hierdie ondersoek geskied in die lig van Gods Woord en vra na die vrymakende waarhede waardeur die pers gelei kan word tot ware roepingsvervulling en bestemmingsverwesenliking.

Die hoofstuk wat a hierop volg, handel oor die liberalistiese opvatting omtrent persvryheid. Hierdie beskouing sal dan krities benader word in die lig van die Calvinistiese beskouing omtrent persvryheid.

Die volgende hoofstuk handel oor die kommunistiese beskouing omtrent pers en persvryheid. Hierdie beskouing sal ook krities beoordeel word in die lig van die Calvinistiese beskouing omtrent persvryheid.

Na die behandeling van genoemde opvattings van persvryheid word kortliks aandag gegee aan die probleem van 'n perskode. Persvryheid vereis dat daar 'n bepaalde gedragslyn of kode deur die pers gevolg moet word. Die vraag ontstaan egter of daar met sulke uiteenlopende lewens- en wêreldbeskouinge, soos bv. die Calvinisme, die liberalisme en die kommunisme, die moontlikheid van 'n gemeenskaplike perskode bestaan.

Die slothoofstuk sal 'n kort samevatting wees van die bevindinge van hierdie ondersoek en by wyse van enkele stellinge gegee word. 'n Kort perspektief sal gegee word van besondere probleme wat met die pers en persvryheid saamhang. Hierdie perspektief is nodig om die weg en die stryd van die aktualisering van persvryheid wat nog voorlê duideliker te sien.

C. Hooftendense in die Geskiedenis van die Perswese.

Inleiding. Met hierdie afdeling word nie 'n chronologiese weergawe van die ontstaan en geskiedenis van die pers beoog nie. Die doel is eerder om bepaalde tendense in die ontwikkelingsgang van die pers te probeer bepaal. Dit sou onmoontlik wees om op alle tendense te wys en daarom word slegs die hooftendense wat met die probleem van persvryheid saamhang, aangetoon. Sommige van hierdie tendense kan dan ook histories duideliker aangewys word as ander. Wanneer hierdie historiese tendense deeglik ontleed word, vind ons dat dit nie net 'n verskynsel van vroeër eeue was nie, maar dat dit ook eie is aan die pers soos dit vandag daar uitsien.

Die grond van die historiese ontwikkeling van die pers moet o.i. daarin gesoek word dat God aan die mens 'n kenaanleg gegee het en daarmee ook die drang tot kennismededeling en kennisvorming, en om die rede is die historiese tendense nog altyd eie aan die menslike lewe met al sy moontlikhede deur God aan hom geskenk.[34)]

---

34) Die beskouing van Peereboom dat die behoefte aan nuus gegrond is in die inherente nuuskierigheid van die mens is m.i. te oppervlakkig. Vgl. Peereboom, R. Het Dagblad. p. 17.

(a) Tendense wat met nuus te doen het.

In die omskrywing van pers[35] is daarop gewys dat die pers met nuus te doen het en alles wat in verband met nuus gebring kan word. Derhalwe word vireers gelet op die tendense wat met nuus te doen het.

(i) Nuusversameling. Van die vroegste tye af is dit duidelik dat die mens belang het by nuus. Nuus kom egter nie vanself nie en moet deur die mens versamel word.

Voordat daar nog 'n koerant of drukpers was is nuus op verskillende maniere versamel. In die Bybelse tyd het boodskappers die nuus te voet van die een landstreek na die ander gebring.[36] In die tyd van Cicero (106-43 v.C.) was daar 'n man met die naam van Chrestus wat deur sommige geskiedskrywers as die eerste joernalis aangewys is.[37] Van hom het Baschwitz die volgende meegedeel: „Hij verzamelde mededeelingen, van een bepaalde categorie, liet ze door overschrijvers vermenigvuldigen en zond ze aan zijn abonne's."[38]

Dit was gebruik om die destydse verslaggewers op die slawemark te koop met die doel om nuus te versamel. Hulle moes „de kunst verstonden, inlichtingen in te winnen...."[39] Die verslaggewer moes die Senaatsvergaderings gereeld bywoon en verslag doen aan sy heer[40] en hom sodoende op hoogte hou van die besluite van die owerheid.

Hierdie tendens van nuusversameling is dus baie duidelik, selfs voordat die pers nog daar was. Die rede hiervoor moet gesoek word in die drang tot kennis. Die mens wil op hoogte wees, wil ingelig wees, omtrent die aktuele gebeurtenisse wat homself en die menslike samelewing aangaan.

---

35) Vgl. Hoofstuk 5.A. p.191.
36) Vgl. die hardlopers wat deur Haman gebruik is. Ester 3:13.
37) Vgl. Baschwitz. De Krant Door Alle Tijden. p.7.
38) Loc.cit.
39) Ibid. p. 9.
40) Peereboom wys daarop dat die slawe-skrywer bekend gestaan het as diurnarius (dagboekhouer) en hom besig gehou het met die diurna (dinge van die dag) en uit hierdie stamwoord in Latyn is die woord „joernalis" afgelei. Vgl.Peereboom, op.cit. p. 18.

(ii) Nuusverspreiding. Nuusinsameling bring die mens onder die besef dat ander ook belang daarby het. M.a.w. nuus moet meegedeel word. Hierin vind ons dan ook die tendens van nuusverspreiding.

Peereboom wys daarop dat die slaaf-nuus-versamelaar van die hooggeplaaste Romeine, wat Senaatsvergaderings bygewoon het, sy verslae vermenigvuldig en aan verskeie persone beskikbaar gestel het.[41] Hierdie verslae is dan versprei en so het die nuus omtrent senaatsbesluite steeds verder gegaan.

In die vermenigvuldiging van genoemde verslae omtrent Senaatsbesluite vind ons ook die eerste keer in die geskiedenis van die perswese die aanduiding van die aanwesigheid van deeltydse joernaliste.

Hierdie gebruik van nuusverspreiding het vir ongeveer vyf eeue voortgeduur tot en met die val van die Romeinse Ryk in die jaar 493 n.C.,[42] en daarna was daar vir ongeveer duisend jaar lank geen gereelde nuusverspreiding nie.

Gedurende die Middeleeue (5^{e}-15^{e}eeu) het die nuusverspreiding veral geskied deur middel van koopmansbriewe wat per skip van die een handelaar na die ander geneem is.[43] Die koopman wat so 'n nuusbrief ontvang,het weer afskrifte laat maak om aan sy sakevriende te stuur en so het die eerste buitelandse nuusverspreiding plaasgevind.

In Nederland was daar gedurende die tydperk 1568-1605[44] sogenaamde „nuussentrales" waar nuusbriewe oorgeskryf is en daarna verder versprei is. Vanwoë die feit dat die skrywers per reël betaal moes word, was die nuusverspreiding dus betreklik duur.

Nadat die eerste drukpers in 1448 deur Johan Gutenberg[45] gebou is, het dit die nuusverspreiding geweldig bevorder. In Duitsland is die eerste twee koerante, nl. „Relation" en

---

41) Loc.cit.
42) Vgl. Art. Romeinse Ryk.In Afrikaanse Kennensiklopedie p. 676 en Peereboom, op.cit. p.20.
43) Vgl. Peereboom op.cit. p.20.
44) Vgl. Ibid. p.21.
45) Vgl. Art.Drukkuns.In Afrikaanse Kernensiklopedie.p.227.

„Aviso", in 1609 gedruk en in Nederland is die eerste koerant in 1618 gedruk. Dat die uitvind van die drukkuns en daarmee die gedrukte koerant 'n geweldige deurbraak was m.b.t. nuusverspreiding blyk uit die aankondiging van die Antwerpse drukker Abraham Verhoeven in die jaar 1605: „Men sal voordoen alle acht of negen daghen den leser precies laten weten 't principaelste datter gepasseert is in vreemde landen."[46] Ongemerk het nuusverspreiding toegeneem. Die gedrukte koerant is in al groter hoeveelhede versprei totdat nuusverspreiding deur hierdie medium 'n deel van die menslike samelewing geword het.

Nuusverspreiding het geweldig toegeneem vanweë die verbeterde tegniek i.v.m. die drukkuns en ook deur middel van moderne nuusmedia soos die radio, beeldradio, film, ensovoorts. Deur nuusverspreiding word die moderne mens op hoogte gestel van gebeure oor die hele wêreld en kan tereg gesê word dat die wêreld deur nuusverspreiding „klein geword het."

(iii) Aktualiteit. Met enkele voorbeelde word daarop gewys dat die aktuele nuus sedert die vroegste tye so spoedig moontlik versprei is.

In die geskiedenis van Ester word verhaal dat Hamman 'n bevelskrif opgestel het, en deur die koning laat goedkeur het, waardeur al die Jode in die land om die lewe gebring moes word.[47] Afskrifte van hierdie bevelskrif is gemaak en moes aan die provinsiehoofde gestuur word. Die aktualiteit van hierdie bevelskrif blyk uit die inhoud, nl.: „.....om al die Jode te verdelg, dood te maak en uit te roei, die seun sowel as die grysaard, die kindertjies en die vroue, op een dag, op die dertiende van die twaalfde maand, dit is die maand Adar, en om hulle besittings as buit te plunder." (Ester 3:13). In die oë van Hamman was dit aktuele nuus wat so spoedig as moontlik versprei moes word en moes daar gebruik gemaak word van die vinnigste metode en derhalwe word die briewe gestuur „met die hardlopers na al die provinsies

---

46) Peereboom op.cit. p. 24.
47) Vgl. Ester 3.

van die koning." Ester 3:13. Om hierdie komplot deur te voer moes die aktualiteit van die bevelskrif besef word en daarom die haas waarmee dit afgestuur word.

Alle aktuele nuus is egter nie so dramaties aan die ondergang of voortbestaan van 'n volk verbind nie. Sedert die vroegste tye het die welvarende Romeine of provinsiale regeerders verteenwoordigers in Rome gehad wat hulle op hoogte moes hou van die daaglikse aktualiteite (unieke, onherhaalbare gebeurtenisse en besluite). Van hierdie verteenwoordigers skryf Baschwitz: „Zulk een slaaf of vrijgelatene hield vanuit Rome zijn heer, indien deze een ambt in de provincie bekleedde, voortdurend op de hoogte van de gebeurtenissen van den dag."[48]

Aktualiteit kan dus aangewys word as 'n historiese tendens wat in verband staan met die nuusversameling en nuusaanbieding van die pers.

(iv) Universaliteit. Die nuusversamelaars wat in Rome was, het nie slegs die taak gehad om hulle eienaars, of here, op hoogte te hou van die Senaatsbesluite nie, maar ook om alle nuus wat van belang is, te versamel en aan hulle meesters mee te deel. In die tyd van Caesar (102-44 v.C.),[49] was dit gebruik om wit nuusborde so te plaas dat mense dit kon sien en afskrifte daarvan kon maak. Baschwitz wys daarop dat die universaliteit van nuus hierdeur grootliks bevorder is: „..... zoo ontstaat, door het tentoonstellen van deze nieuwsborden, een uniforme, officieele berichtendienst over het geheele wereldrijk...."[50]

Hierdie gebruik het nie net daartoe gelei dat nuus uit groter wêrelddele versamel en versprei is nie, maar ook dat nuus aan al groter groepe lesers beskikbaar gestel is.

Die twee betekenisse wat aan universaliteit geheg word, nl. universaliteit van nuus en universaliteit van die leserskring, is 'n duidelike historiese tendens van die pers.

---

48) Baschwitz,op.cit.p.9.
Die gedagte van aktualiteit as historiese tendens vind ons ook in die benaming van hierdie slaweskrywer,nl. die diurnarius wat hom besig hou met die „dinge van die dag" (die aktualiteite). Vgl. voetnoot 40.

49) Gaius Julius Caesar .Art. In Afrikaanse Kernensiklopedie. p.156.

50) Baschwitz,op.cit. p. 9.

(v) Openbaarheid. Dit is moeilik om vas te stel of die universaliteit aan die openbaarheid van nuus voorafgegaan het. In die vroegste geskiedenis is nuus van universele aard soms vertroulik versprei en het die openbaarmaking van nuus eers later gevolg.

In die vroegste jare van die Romeinse Ryk was dit gebruik dat die hoëpriesters gebeurtenisse op borde aanteken en in hulle huise hou, waar dit deur lede van die publiek gelees kon word.[51] In die dae van Julius Caesar is die daaglikse gebeure ook op borde aangeteken en in die openbaar geplaas sodat almal dit kon lees.[52]

Die openbaarmaking van nuus het enersyds ten doel gehad om die lesers in te lig omtrent bepaalde besluite en gebeure en andersyds om die posisie van die owerheid in die oë van die onderdane te verstewig. Hierdie oogmerke met die openbaarmaking van nuus het Baschwitz soos volg beskryf: „De machthebbers in Rome hadden er niet alleen belang bij, dat hun aanhangers en vooraanstaande ambtenaren in het rijk buiten Italië voortdurend van alle wetenswaardigheden op de hoogte bleven, er was hun ook veel aan gelegen, dat de groote massa der burgers en onderdanen in de hoofdstad en de provincies omtrent belangrijke gebeurtenissen in het staatsleven werd ingelicht; omtrent nieuwe wetten, maar ook gebeurtenissen, die getuigden van de goede zorgen der regeerders, van hun populariteit e.d."[53]

Bogenoemde voorbeelde bewys genoegsaam dat die tendens van die openbaarmaking van nuus reeds voor die gedrukte koerant aangewys kan word.

(vi) Periodisiteit. Weens beperkte middele kan die nuus in die vroegste eeue nie altyd so doeltreffend en op gesette tye versprei word nie.

Die tendens om gereeld en noukeurig aantekening te hou

---

51) Vgl. Peereboom, op.cit. p.17.
52) Vgl. Baschwitz, op.cit. p. 9.
53) Ibid. p. 8.

van gebeure, word reeds in die eeu voor Christus aangetref. Die Babiloniërs, het, volgens die geskiedskrywer Flavius Josefus, geskiedskrywers gehad „die het verhaal der gebeurtenissen dag aan dag moesten beschrijven."[54] Dat dit in verband gebring kan word met die gereelde verskyning van nuusberigte, blyk daaruit dat die Romein Cicero (106-43 v.C.) in ('n brief aan 'n vriend in Rome die indruk wek dat die geskrewe nuusblad al redelik goed ontwikkeld was.[55]

Gedurende die eerste paar eeue na Christus is daar wel die tendens om nuus te versprei, maar word daar nie veel gevind van 'n gereelde verspreiding van nuus op gesette tye nie.

Weens gebrek aan bewyse word die aanspraak van die Chinese in twyfel getrek dat die eerste dagblad vanaf die jaar 911 vir 'n volle duisend jaar in China bestaan het.[56]

Die eerste koerante wat op vaste tye verskyn het, word in 1609 in Duitsland en 1614 in Holland gedruk.[57] In Amerika het die eerste nuusblad, die Public Occurences in 1690 verskyn terwyl die eerste dagblad eers in 1785 in die staat Philadelphia gedruk is.[58]

Die verskyning van genoemde blaaie was die begin van 'n pers wat in die onderskeie wêrelddele daagliks en weekliks op vaste tye, dikwels op 'n gesette uur, nuusblaaie sou druk en versprei en die leser in staat stel om dit vroeg-môre aan sy huis te ontvang of op 'n bepaalde uur op straat of by 'n boekwinkel te koop.

Periodisiteit is 'n duidelik histories-bepaalbare tendens van die pers.

(vii) <u>Ander tendense van die pers i.v.n. nuus</u>.
Volledigheidshalwe word net daarop gewys dat enkele genoemde kenmerke van die pers, bv. gesindheid, oortuiging en persper-

---

54) Peereboom, op.cit. p. 17.
55) Vgl. Ibid. p. 19.
56) Vgl. Ibid. p. 23.
57) Vgl. Loc.cit.
58) Vgl. Burger, A.J.V. 'n Stad Bo-op 'n Berg. p. 30.

soonlikheid, nie as historiese tendense nagespeur kan word nie en dat dit eers met die ontwikkelingsgang van die pers in die jongste jare duidelik geword het en selfs vandag nog nie deur sommige skrywers as kenmerke van die pers aangegee word nie.

Daar kan egter meer tendense in die geskiedenis van die perswese in verband met nuus wees wat aangewys kan word en bogenoemde maak nie aanspraak op volledigheid nie.

(b) Tendense in verband met die Publikasie en Rol van Advertensies.

Daar is aanduidings dat die adverteer van bepaalde koopware reeds in die Griekse en Romeinse tyd plaasgevind het. Potgieter wys in die volgende aanhaling op hierdie verskynsel: „Hier was dit veral die amptelike omroeper wat, benewens sy taak om daagliks die nuus aan die gemeenskap oor te dra, ook gebruik is om aankondigings te doen met betrekking tot produkte wat deur plaaslike ambagslui geruil of gekoop kon word."[59] Daar is egter geen aanduidings dat sulke aankondigings teen betaling geskied het nie.

Hierdie tendens blyk egter spoedig 'n deel van die koerantwese te wees. Vir sover vasgestel kan word is die eerste advertensie in 'n koerant deur die geniale Fransman Théophraste Renaudot in die jaar 1631 in die staatskoerant Gazette de France, geplaas.[60] Die eerste advertensie in 'n Hollandse koerant het in 1633 verskyn en teen 1650 word boeke, jaarmarkte, loterye, lenings en koepon-betalings vrylik adverteer.[61] Die advertensies het op hierdie tydstip nog nie 'n noemenswaardige plek in die koerant ingeneem nie. Geleidelik het advertensies 'n belangriker rol in die pers begin speel en dit word vandag allerweë as die vernaamste inkomstebron van die koerant beskou.

Advertensies in die koerant dien 'n dubbele motief. Die

---

59) Potgieter,L.J. 'n Ontleding van 'n Paar Ekonomiese Aspekte van die Reklame in Suid-Afrika. p.8.

60) Vgl. Peereboom, op.cit. p. 26.

61) Vgl. Ibid. p. 31.

adverteerder probeer deur middel van die advertensie sy koopware onder die aandag van moontlike kopers bring. Dit kan selfs as 'n vorm van nuus beskou word, omdat dit nuus aan die leser bied omtrent dit wat gekoop kan word. Advertensies het in sigself 'n eie nuuswaarde, veral omdat dit gaan om die bekendstelling van nuwighede, nuwe produkte, vakatures ens. Sakelui koop dikwels koerante eerder om die nuuswaardigheid van hul advertensies as om die normale nuusmededelinge. Vir die adverteerder is dit egter meer as nuus, want hy beoog met 'n advertensie om sy goedere verkoop te kry.

Die pers self het egter ook regstreekse belang by advertensies. Deur advertensies te plaas verkry die pers die nodige inkomste om sy eie sakebelange gesond te hou en die koerant steeds verder uit te bou. Hierin moet die rede gesoek word waarom advertensies die grootste ruimte van elke koerant in beslag neem.

Die tendens van universaliteit is ook eie aan die advertensiewêreld van die pers omdat meer en meer tipes advertensie geplaas word. Hoe meer advertensies geplaas word, hoe groter is die inkomste van die koerant en des te meer lesers kan met g 'n groter oplaag bereik word.

Waar hierdie verskynsel vroeër in die geskiedenis nie aan nuusverspreiding eie was nie, het dit vandag 'n tendens geword wat eie aan die perswese is.

(c) Tendense wat eie is aan 'n Vrye of Beheerde Pers.

Inleidend. In hierdie paragraaf word met „vrye pers" slegs bedoel dat die pers nie deur die inmenging van een of ander instansie van buite beheer word nie. Later word van hierdie beskouing van 'n vrye pers afgesien wanneer die positiewe siening omtrent persvryheid uiteengesit word.

(i) Die Pers onder Staatsbeheer. Nuusverspreiding is gedurende die eerste helfte van die sewentiende eeu belemmer vanweë die feit dat die owerheid die pers met agterdog bejeën en aan bande gelê het. Die owerheid het die vrees gekoester dat die pers 'n bedreiging vir die staat kan word. Selfs

gedurende die agtiende eeu was die posisie in Engeland dat koerante deur die hoë lui gelees mag word maar nie aan die massa vrygestel moes word nie.[62] Kritiek op staatshoofde het dikwels gelei tot die vervolging van en swaar strawwe vir joernaliste.

Sommige staatshoofde het nie slegs die pers probeer beheer nie, maar selfs deur omkopery 'n greep op die pers uitgeoefen. So het premier Walpole van Engeland gedurende die tydperk 1731-1741 nie minder nie as vyftigduisend pond aan omkoopgeld bestee ten einde die pers oor te haal om hom en sy bewind in 'n goeie lig te stel.[63]

Die staatsbeheer oor die pers het baie duidelik 'n remmende invloed gehad op die ontwikkeling en groei van die pers. Voordat die revolusie in Frankryk uitgebreek het, was daar bv. dertig Franse koerante wat onder baie strenge staatsbeheer gestaan het.[64] As uitvloeisel van die Franse revolusie word persvryheid in 1791 ingestel en die dagblaaie styg tot een duisend.[65] Hierdie toename van dagblaaie was egter nie sonder ernstige gevolge nie. Na twee jaar was die staat so ontstel oor die losgelate magte van die pers dat strenge staatsbeheer weer ingestel moes word. Verskeie joernaliste word in hegtenis geneem en sewentig van hulle word onthoof.[66] Die gevolg was dat die duisend nuusblaaie spoedig afgeneem het tot 'n skamele dertien. Napoleon het die skroef nog skerper aangedraai en alle kritiek op die owerheid verbied. Vir hierdie drastiese stap gee hy die volgende as rede aan: „Als ik de Pers vrijliet, zou ik geen drie maanden meer regeren."[67] Waar die staat die pers ten volle beheer is die tendens dus duidelik dat die groot getal nuusblaaie afneem.

Nog 'n voorbeeld van hierdie tendens word in Engeland gevind. Die regerende Whig-party het op 31 Desember 1965 geweier om die sogenaamde Lisensiewet, waardeur die persvryheid aan bande gelê is, te hernu.[68] Dit lui 'n nuwe tydperk

---

62) Vgl. Ibid. p. 35.
63) Vgl. Ibid. p. 36.
64) Vgl. Ibid. p. 33.
65) Vgl. Loc.cit.
66) Vgl. Loc.cit.
67) Ibid. p. 33.
68) Vgl. Baschwitz, op.cit. p. 96.

vir die pers in en die aantal koerante op Engelse bodem neem vinnig toe.

Dieselfde word ook in Amerika ondervind, nl. dat die pers, na afloop van die Amerikaanse Vryheidsoorlog, groter vryheid geniet en die dagblaaie toeneem in getal. Hieromtrent skryf F.L. Mott die volgende: „One reason for the extraordinary spread of newspapers which has been noted is that the press enjoyed more freedom in the post-revolutionary America than it had ever before known anywhere in the world."[69)]

Die historiese ontwikkeling van die pers toon aan ons dat, waar die owerheid ingryp en beheer oor die pers uitoefen, die pers beslis kwyn en die getal van die koerante drasties verminder. Waar die owerheid die pers egter vrylaat om sy taak en funksie te vervul, daar bloei die pers en neem die getal koerante toe.

Die vraag is egter of die vryheid van die pers ook noodwendig 'n verantwoordelike vervulling van die taak en funksie van die pers meegebring het en of groter persvryheid nie dikwels tot groter onverantwoordelikheid by die pers gelei het nie.

Die probleem van 'n staatsbeheerde pers hang ten nouste saam met die instel van perssensuur. In sommige lande, en veral in krisistye van oorlog, was dit wel gebruik om perssensuur in te stel. Die neiging skyn egter te wees dat dit net onder abnormale omstandighede gedoen word.

Van die vroegste ontwikkeling van die persgeskiedenis, is die tendens dus duidelik dat die owerheid hom, ten regte of ten onregte, inmeng met die aangeleenthede van die pers.

(ii) <u>Die Pers onder Kerkbeheer</u>. In sy proefskrif, „Perssensuur en Staatsveiligheid", wys Pienaar daarop dat die Rooms Katolieke Kerk en Protestantse Kerke, hulle veral daarop

---

69) Mott,F.L. American Journalism. p. 143.

toegespits het om ongewenste boeke en geskrifte van die lede van die kerk te weer.[70]

Die Gereformeerde kerk in Nederland het selfs geoordeel dat die uitgee van boeke eers aan sinodale goedkeuring onderwerp moet word.[71] Dit het spoedig geblyk dat dit 'n onuitvoerbare besluit is en dit word vervang met die nuwe artikel in die Kerkorde: „Zij oordeelde dat de kerken zoveel mogelijk de invloed van verkeerde boeken moesten tegengaan, echter niet door een of ander wettelijk verbod of door een dwingende bepaling maar op geestelijke en zedelijke wijze, door lering, wederlegging, waarschuwing en vermaning, zowel bij de diensten des Woords als bij Christelijke onderwijzing en bij het huisbezoek."[72]

Die redes waarom o.a. die kerk ten gunste van perssensuur was, word deur Pienaar soos volg aangegee: „Ter onderdrukking van kettery, kerkskeuring en belediginge van die pers en die kerk in die algemeen..... Waar die kerk nie self opgetree het nie, was dit een of ander owerheidsliggaam..... Sensuur uit vrees vir opkomende vryheidsgedagtes.... Ter beskerming van priviligeë. Hieronder val voorregte van kerk, adel, gekroonde hoofde en ook die ou parlemente..... Ter handhawing van die goeie sede....."[73]

Die tendens is dus duidelik dat die kerk regstreeks of onregstreeks druk op die pers probeer uitoefen het. Hierdie tendens word vandag nog in kerklike vergaderinge aangetref, soos bv. weerspieël deur die besluit van die Algemene Sinode van die Ned.Geref.Kerk in 1966: „Die Sinode dra dit aan sy Moderatuur op om met die instansies wat vir die uitgee van Sondagkoerante verantwoordelik is, te onderhandel teneinde die gevoele van die Sinode oor hierdie saak aan hulle oor te dra, en baie sterk by hulle daarop aan te dring om hierdie praktyk te staak omdat dit teen die aanvaarde beginsels van die Kerk en van die Christen-Afrikaner indruis."[74]

---

70) Vgl. Pienaar, G.J. Perssensuur en Staatsveiligheid. p. 22-31.
71) Vgl. Ibid. p. 29.
72) Jansen,J. Korte Verklaring van De Kerkorde,p.241, aangehaal deur Ibid. p. 50.
73) Ibid. p. 50.
74) Handelinge van die Algemene Sinode van die Ned.Geref.Kerk 1966.p. 524.

De Volder is egter van mening dat die druk wat o.a. deur religieuse instellings op die pers uitgeoefen is, in die verlede geen noemenswaardige resultate gehad het nie en gee dan die besonder insiggewende rede daarvoor. „Niettegenstaande de hardnekkige pogingen van politieke, sociale en religieuze instellingen om het dagblad aan te passen aan een aprioristisch schema, heeft de krant onverstoorbaar haar eigen weg gevolgd, die door de eisen van het sociaal milieu werd uitgestippeld."[75]

(iii) Die Pers en Interne Beheer. Waar staat en kerk se pogings om die pers te beheer as pogings van buite gesien moet word, is daar tog spore in die geskiedenis dat die pers van binne beheer moet word.

In die verband word die duidelike uiteensetting van Pienaar hier aangehaal: „By die koerant begin die interne sensuur reeds by die beleidsformulering van die direksie."[76] Die direksie en veral die redakteur, nuusredakteur, subredakteur en verslaggewersv van elke koerant oefen geweldige invloed uit op die interne beheer van elke koerant afsonderlik.

Interne beheer van die pers kan egter ook insluit vrywillige en gesamentlike onderwerping aan een of ander self-opgelegde gedragskode. Wat hierdie aspek betref wys ons kortliks daarop dat die gedragskodes vir die pers deurgaans opgestel is nadat die owerheid regstreeks of onregstreeks druk op die pers uitgeoefen het.

In Engeland is die Royal Commission in 1947 aangestel met die opdrag om persbeheer te ondersoek.[77] Onmiddellik het die pers aan die werk gespring om 'n Persraad te stig wat 'n bepaalde standaard vir die pers kon aanwys. So 'n raad sou egter geen bevoegdheid hê om teen 'n koerant of joernalis op te tree nie.[78] Hiermee was die Royal Commission nie tevrede nie en beveel die stigting van 'n Algemene Persraad wat uit

---

75) De Volder, P.N. De Ethiek van de Pers. p.82.
76) Pienaar, op.cit. p. 77.
77) Vgl. Sington, D. Freedom of Communication. p. 68-73.
78) Vgl. Ibid. p. 68.

vyf-en-twintig lede bestaan, aan. Genoemde Persraad word eers in 1953 saamgestel en vanweë die vaagheid van sy doelstellinge het dit nie daarin geslaag om 'n perskode op te stel of etiese norme vir die pers te bepaal nie.[79] Van gesamentlike interne beheer het daar nie veel tereggekom nie.

'n Byna soortgelyke voorbeeld kan van die Suid Afrikaanse persgeskiedenis gegee word. In 1939 het genl. J.B.M. Hertzog wetgewing ingedien waarin voorsiening gemaak sou word vir die opstel van 'n kode vir joernaliste.[80] Vanweë die druk van die pers en van 'n groep Volksraadslede het genl. Hertzog egter dié wetgewing laat vaar. Die koerantredakteurs het egter onderneem om 'n erekode vir die pers op te stel en gedurende 'n vergadering 14-16 Augustus 1939 word die Vereniging van Redakteurs formeel gestig.[81] 'n Kode is opgestel[82] wat vir die pers egter nie van veel betekenis geword het nie.

Gedurende 1950 het twee Volksraadslede, dr. B.Friedman en dr. A.J.R. Van Rhyn andermaal hierdie aangeleentheid in die parlement ter sprake gebring.[83] Andermaal word 'n kommissie van ondersoek aangestel en is daar onrus in die perswêreld. In 1951 het mnr.D.H. Ollemans , van die Argus Printing & Publishing Co.Limited, voorgestel dat 'n vrywillige persraad gestig sal word.[84] Dit word in 1955 gestig.

Die raad vir die opstel van 'n perskode is in genoemde raad gesaai en teen 1961 is daar genoegsaam steun vir die instelling van 'n gedragskode. Onder voorsitterskap van mnr. M.V.Jooste word 'n vergadering belê met die doel om so 'n gedragskode op te stel. Heftige verset het van die kant van die S.A. Society of Journalists gekom, wat geweier het om hulle aan so 'n kode te onderwerp.[85] Op 8 Februarie 1963 het die direksie van die S.A. Associated Newspapers 'n verklaring uitgereik waarin hulle die perskode voorwaardelik en onder protes aanvaar.[86]

---

79) Vgl. Taylor, H.A. The British Press, p.103-109.
80) Vgl. Du Plessis,J.H.O. Die Afrikaanse Pers. p. 253-256.
81) Vgl. Loc.cit.
82) Vgl. bylaag B p. B2.
83) Vgl. Du Plessis, op.cit. p. 253-256.
84) Vgl. Pienaar, op.cit. p. 92.
85) Vgl. Die Burger. 29 Jan. 1962. p. 5.
86) Vgl. Pienaar op.cit. p. 95.

In die lig van genoemde voorbeelde is dit duidelik dat gedragskodes en perskodes saamgestel is om die druk van owerheidsweë op die pers vry te spring, dat daar weinig sprake is van vrywillige gesamentlike interne beheer en dat 'n deel van die pers nie bereid is om hom aan 'n bepaalde gedragskode te onderwerp nie.

(iv) Ontwikkeling van 'n persmag. Die tendens is duidelik dat die pers 'n geweldige mag kan word wat 'n groot invloed uitoefen op die vorming van die openbare mening en internasionale verhoudinge.

'n Voorbeeld uit die geskiedenis kan hierdie stelling bewys. Alfred Charles William Harmsworth van Ierland het in 1896 die Daily Mail begin uitgee - die koerant met die grootste oplaag ter wêreld.[87] In 1908 koop hy die Londense Times wat as die mees gesaghebbende blad ter wêreld bekend gestaan het.[88] Die vrees het ontstaan dat Harmsworth se persmag so groot geword het dat hy daardeur 'n politieke greep kon uitoefen op Engeland, Frankryk en Amerika, en daarom is die vraag gestel „of het machtige persinstrument met zijn veelgeprezen vrijheid in de hand van zulk een „Napoleon van de pers" in werkelijkheid niet tot een werktuig kon worden van een nieuwe monsterachtige tirannie."[89] Hierdie vrees was nie ongegrond nie, want op sy wêreldreise, toe hy reeds verstandelik ontwrig was, reik Harmsworth verklarings uit aan oorseese koerante wat Engeland in verleentheid bring by o.a. Amerika, Australië en Japan.[90] In genoemde voorbeelde lê die gevaar opgesluit dat die persmag wat tot 'n monopolistiese toestand gegroei het, groot gevaar vir die menslike samelewing en internasionale verhoudinge inhou.

In Wes-Duitsland is 'n soortgelyke voorbeeld waar die Springer-groep tot 'n monopolistiese persmag ontwikkel het. Volgens gegewens is die posisie soos volg: „30.5 persent van die dagbladsirkulasie in Springer se hande, 80 persent van die

87) Vgl. Baschwitz, op.cit. p. 263.
88) Vgl. Loc.cit.
89) Ibid. p. 264.
90) Vgl. Ibid. p. 265.

Sondagsirkulasie in Wes-Berlyn en 67 persent in Hamburg."[91] Hierdie persmag het in Duitsland al tot politieke onrus en bloedvergieting gelei.

Om bogenoemde rede het die owerheid in Suid-Afrika gewaarsku teen die voorgestelde oorname deur die Argusmaatskappy van South African Associated Newspapers (wat onder meer sou beteken die oorname van die Sunday Times, die Sunday Express, die Rand Daily Mail en die twee Engelse dagblaaie van Port-Elizabeth). Hierdie oorname sou slegs vier Engelstalige dagblaaie in Suid-Afrika buite die Argus-groep laat. Dit sou o.a. beteken „dat die Argus-groep sal beskik oor 98 persent van die Engelstalige weekbladsirkulasie (hoofsaaklik Sondagblaaie), 77 persent van die Engelstalige dagbladsirkulasie, 60 persent van die totale (Engelse en Afrikaanse) dagbladsirkulasie, en 54 persent van die totale weekbladsirkulasie."[92]

Die tendens van die vorming van persmagte, of dit nou nasionaal of internasionaal plaasvind, hou groot gevare in vir die ekonomie, die menslike samelewing en nasionale en internasionale politiek, en die owerheid van elke land sal teen hierdie gevaar moet waak.

(d) Die toenemende differensiasie van lewens- en wêreldbeskouings en groepbelange.

(i) Volgens lewens- en wêreldbeskouing. Die ontwikkelingsgang van die pers dui daarop dat die lewens- en wêreldbeskouing 'n belangrike rol speel by die aanbieding van nuus.

In Engeland en Amerika waar die liberalisme die aanvaarde lewens- en wêreldbeskouing is, vind ons dat daar 'n liberalistiese pers is.

In kommunistiese lande tref ons dit weer aan dat die pers onder kommunistiese beheer staan.

---

91) Die Burger. 16 November 1968. p. 8.
92) Loc.cit.

Lande wat oorwegend Rooms-Katolick is, ondervind weer dat die Rooms-katolieke Kerk 'n sterk invloed op die pers uitoefen.

Die doel van hierdie studie is o.a. om die betekenis van die Calvinisme vir die perswese te beklemtoon.

Die tendens is dus daar dat persmaatskappye o.a. gestig word met die doel om 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing uit te dra aan die leserskring.[93] 'n Treffende voorbeeld hiervan is die hoofartikel van die Hoofstad waarin o.a. gesê word: „Ons godsdiens en sedelike lewe, ons insigte en handelinge op die gebied van die ekonomie en regswese, ons skepping en ons waardering van kuns, ons wetenskapsbeoefening, ons siening aangaande die betekenis van die huisgesin, die gemeenskap en die volk, die staat, die kerk, ja ons hele geskiedenis weerspieël en wortel in 'n lewens- en wêreldbeskouing."[94] Hierin is die redakteur beslis daarop ingestel om die leser met die Christelike lewens- en wêreldbeskouing bekend te stel.

(ii) <u>Differensiasie volgens groepbelange</u>. Persmaatskappye word dikwels gestig met die doel om 'n koerant uit te gee waardeur die groepsbelange van een of ander samelewingskring gedien kan word.

Die stigting van Die Transvaler, 'n dagblad wat in Johannesburg uitgegee word, word beslis uitgegee met die doel om die groepsbelange van 'n politieke party te dien. In die eerste uitgawe van Die Transvaler op 1 Oktober 1937 word o.m. gesê: „Die Transvaler kom met 'n roeping - hy kom om 'n volk te dien deur die geluid van troue en verhewe nasionalisme te laat weerklink waar sy stem ook reik."[95] Hierdie blad is nie die uitsondering wat politieke groepsbelange dien nie.

DeVolder bevestig hierdie tendens wanneer hy soos volg skryf: „..... wat eigenaars en organisaties meestal beweegt

---

93) Vgl. DeVolder, P.N. De Ethiek van de Pers. p. 286.
94) Die Hoofstad. 22 Maart 1969. p. 4.
95) Die Transvaler, 1 Oktober 1937.

een aanzienlijk bedrag te wagen aan de broze onderneming, is het politiek, religieus en sociaal ideaal, waarvoor de nieuwe krant onmisbaar is."[96] Uit hierdie aanhaling kan afgelei word dat koerante nie alleen politieke groepsbelange dien nie, maar ook belange van kulturele, godsdienstige, wetenskaplike en ander groepe.

(e) Volkse of Nasionale Tendense. Die geskiedenis van die perswese toon duidelik die tendense wat eie is aan 'n bepaalde volk of land.

DeVolder het hierdie tendens treffend beskrywe in die volgende woorde:„De periodieke pers ontspuit aan de gemeenschapsgeest, zij drukt het geestelijk leven van de natie uit. De diverse artikels weerspiegelen de lotgevallen, de ontdekkingen en de veroveringen van de volkziel."[97]

In die tydperk van koninging Elizabeth I word die pers bv. misbruik om haar eie posisie in die politiek te bevoordeel en so 'n voorsprong op haar teëstanders te behaal.[98] Hierdie publikasies was 'n weergawe van die ywer van die koningshuis in Engeland om ander volkere op ekonomiese gebied verby te steek.

Een bepaalde koerant kan ook voorbereidings tref vir opstande en revolusies in lande waar daar om een of ander rede onrus heers. In 1776 word die blad „Gourrier de l'Europe" in Londen in die Franse taal uitgegee en dit word spoedig in Frankryk en ander Europese lande gelees.[99] Hierdie blad het 'n breedvoerige weergawe van die verloop van die Amerikaanse Vryheidsoorlog teen Engeland gepubliseer, en die gevolg hiervan word deur Baschwitz soos volg beskrywe:„Tijdgenooten meenden, dat dit blad, door aan de Amerikaansche eischen aan vrijheid en onafhankelijkheid in Europa meer bekendheid te geven, de stemming voor de groote Fransche revolutie mede heeft voorbereid."[100] Die betrokke blad het op daardie tydstip die „gemeenschapsgeest" op nasionale en internasionale terrein aangevoel en daaraan uitdrukking gegee.

---

96) DeVolder,P.N. De Ethiek van de Pers.p.286.
97) Ibid. p. 68.
98) Vgl. Baschwitz, op.cit. p. 32.
99) Vgl. Ibid. p. 67.
100) Loc.cit.

Die geskiedenis van die pers in Suid-Afrika toon ook duidelike volkse of nasionale tendense. In April 1828 is persvryheid aan die Kolonie verleen en in Oktober van dieselfde jaar het The South African Commercial Advertiser , wat sedert 1824 bestaan het, maar intussen twee-maal onderdruk is, weer sy verskyning gemaak. Die Advertiser het egter sy vriendelike toon teenoor die Hollandssprekende bevolking laat vaar en as kampvegter van die filantropiese beweging begin optree.[101] Van die patriotiesgesinde manne het toe in 1830 'n opposisieblad, die Zuid Afrikaan gestig en vir baie jare het hierdie twee blaadjies uitdrukking gegee aan die gevoelens van die Engelssprekende en Hollandssprekende koloniste.[102] Hierdie tipies Suid-Afrikaanse tendens het deur die jare voortgegaan en vandag is dit nog eie aan die Engelse pers om veral die belange van die Engelssprekende deel van die bevolking op die hart te dra, terwyl die Afrikaanse pers hom daarop toelê om veral die belange van die Afrikaanstalige deel van die bevolking te dien.

Die stigting van die eerste Afrikaanse blaadjie in Suid-Afrika bevestig hierdie tendens verder. Op 14 Augustus 1875 word Die Genootskap van Regte Afrikaners gestig[103] en twee van sy doelstellinge het soos volg gelui: „om te staan vir ons Taal, ons Nasie en ons Land.... Op al onse vergaderings en in alle officiele stukke moet die Afrikaanse Taal gebruik word."[104]

Die verskyning van Die Patriot in 1875, as eerste Afrikaanse blaadjie, was die eerste vrug van hierdie doelstellinge.[105] Die tendens wat hier duidelik merkbaar is, is die bevordering van die Afrikaanse taal.

Bogenoemde voorbeelde van nasionale en volkse tendense in die geskiedenis dui onteenseglik ook op die invloed van die volk of leserskring op die pers self. Hierdie invloed kan soms so groot wees dat dit die koerant nie net beïnvloed nie

---

101) Scholtz,J. du P. Die Afrikaner en sy Taal 1806-1875. p.48.
102) Vgl. Ibid. p. 49.
103) Vgl. Pienaar, E.C. Die Triomf van Afrikaans.p.112.
104) Ibid. p. 117.
105) Vgl. Ibid. p. 118.

maar soms ook dwing om 'n bepaalde standpunt in te neem of te laat waar. DeVolder het dit besonder goed ingesien soos blyk uit die volgende aanhaling: „De macht van het publiek kan soms zo groot worden dat het de krant verplicht ontrouw te worden aan haar eigen programma. Nationale of internationale gebeurtenissen, zoals revolutie of oorlog kunnen de gemoederen dermate opzwepen, dat zij geen tegenspraak meer dulden."[106] Die teendeel is egter ook waar, nl. dat hierdie invloed, van die lesers of die volk, nie altyd tot nadeel van die pers hoef te wees nie, maar dat dit ook 'n goeie invloed op die pers kan hê.

Elke leser en elke koerantman sal saamstem dat DeVolder die nasionale en volkse tendense by die pers besonder goed beskryf in die volgende woorde: „..... de krant is een orgaan van de volkziel en weerspiegelt in haar diverse artikels de strevingen en de conflicten van het volksgemoed."[107]

(f) Sensasie en Winsmotief by die Pers.

Sensasie-berigte is nie eie alleen aan die moderne pers nie, tewens voordat daar nog gedrukte koerante was vind ons dat sensasie-berigte hulle weg in nuusbriewe gevind het. Cicero (106-43 v.C.), die Romeinse staatsman en redenaar, druk sy verontwaardiging oor die inhoud van die nuusbriewe van Chrestus, waarskynlik die eerste beroepsjoernalis[108], soos volg uit: „Hoe men het in zijn hoofd haalde hem het bij elkaar geraapte gezwets van Chrestus te zenden; nieuwtjies, die niemand zou durven vertellen, als hij in Rome vertoefde."[109] Hierdie blaadjie van Chrestus word beskryf as „een soort sensatie- en schandaalblad"[110] en nog voordat die koerant gedruk is, word daar reeds geworstel met die vraag „waar de onge-oorloofde jacht naar sensatie eindigt en de plicht om on-aangenaam nieuws mede te deelen begint."[111] Sensasie-berigte is dus eie aan die menslike lewe en dit is so oud soos die mensdom self. Die verskillende tipes van sensasie-berigte word nie hier nader bespreek nie.

---

106) DeVolder, P.E. De Ethiek van de Pers.p. 81.
107) Ibid. p. 71.
108) Vgl. Baschwitz, op.cit. p.7.
109) Loc.cit.
110) Ibid. p. 10.
111) Loc.cit.

Reeds in die vroeë geskiedenis van die pers is daar aanduidings dat sensasie-berigte aangewend word met die doel om lesers onbehoorlik te beïnvloed. Dit het veral gegeld van die nuusbriewe of koerantbriewe van omstreeks 1536.[112] Peereboom skryf die volgende: „De ‚krantbrieven' waren nogal duur, gaven geen overzicht van al het nieuws, bereikten maar een kleine kring van welgestelde mensen, legden zich sterk toe op sensatie - zowel in huiveringwekkende als in puur-fantastische vorm - en onthielden zich niet van onbehoorlijke beïnvloeding van hun lezers. In een Fugger Zeitung[113] werden bijvoorbeeld de Hugenoten, die de slachtoffers waren, met de schuld aan de Bartholomeusnacht belast."[114]

Sensasie-berigte word gewoonlik meer gelees as enige ander berigte. By sommige persmaatskappye is gaandeweg toegegee aan die versoeking om meer sensasie-berigte te plaas, die koerant se oplaag te vergroot, meer en duurder advertensies te werf en om sodoende 'n groter wins vir die maatskappy te verseker. In die vroeë geskiedenis het die vermoede nooit bestaan dat die winsmotief by die persmaatskappy 'n gevaar sou inhou vir die diens wat die pers behoort te lewer nie. DeVolder sien hierin 'n groot gevaar en stel dit soos volg: „Thans echter gaan overal stemmen op, niet enkel in het totalitaire en collectivistische kamp, maar ook bij de trouwe verdedigers van de vrije maatschappij, tegen de financiële dictatuur in de dagbladindustrie."[115]

Die gevolg van hierdie tendens was dat sensasiejagtery in die perswêreld begin is met die winsmotief as belangrikste doel. Dié gevolg word deur DeVolder in hierdie woorde aangedui: „Ongetwijfeld geeft het economisch motief aanleiding tot betreurenswaardige misbruiken."[116]

Hierdie tendens, waar die oordrewe sensasiesug aan die orde was, het sy hoogtepunt teen die einde van die vorige eeu

---

112) Vgl. Peereboom, op.cit. p. 21.
113) Duitse nuusbriewe uit die jare 1568-1605 wat in Augsburg bewaar gebly het. Vgl. Loc.cit.
114) Loc.cit.
115) DeVolder, B.N. De Ethiek van De Pers. p. 283.
116) Ibid. p. 289.

in Amerika bereik, toe die koeranteienaars Hearst en Pulitzer mekaar in sensasieberigte probeer oortref het en verantwoordelik was vir die merkwaardige vaktern „geel pers."[117] Ten gevolge van hierdie koerante se sensasionele en opswepende berigte het dit die buitelandse verhoudinge van Amerika sodanig beïnvloed dat dit die Spaans-Amerikaanse oorlog in 1898 onvermydelik gemaak het.[118]

Hiermee is genoegsaam historiese voorbeelde gegee van die geweldige nasionale en internasionale reperkussies wat dit kan hê wanneer die pers sy diensmotief laat vaar en hom toelê op sensasieberigte om sy winste te verhoog.

(g) Die Tendens van Internasionale Koördinasie.

Vanweë die tegniese hulpmiddele is dit vandag moontlik om berigte, waarby die wêreld belang het, binne enkele oomblikke oor die wêreld te versprei. Die berig dat senator Robert Kennedy geskiet is, is bv. binne vyftien minute oor die wêreld heen geflits.

Gedurende die middeleeue het dit maande geduur om nuus van een land na 'n ander te stuur en was nuusverspreiding grootliks afhanklik van die beweging van skepe en handelaars.[119] Die gevolg was dat nuusberigte omtrent gebeure in een land nie 'n baie groot invloed uitgeoefen het op gebeure in 'n ander land nie.

Vandag het die wêreldwye tegniese kommunikasiemiddele die „wêreld klein gemaak." Die wêreldpers kan binne enkele ure in beweging kom om gebeurtenisse in die mees „veraf geleë land" goed te praat of te veroordeel. Binne enkele dae na die gebeure in Sharpeville, waar die S.A. polisie 'n aantal Bantoes doodgeskiet het, het die wêreldpers Suid-Afrika feitlik eenparig veroordeel. Nie alleen is die owerheid in Suid-Afrika veroordeel nie, maar is selfs 'n veldtog geloods om Suid-Afrika op ekonomiese gebied skade aan te doen.

---

117) Vgl. Baschwitz, p. 245.
118) Vgl. Ibid p.246.
119) Vgl. Peereboom, op.cit. p. 20.

Die wêreldwye vervlegting van belangegroepe maak dit noodsaaklik om op hoogte te wees met die nuus van elke wêreld-deel. Die Negers in Amerika het bv. direkte belang by 'n toespraak wat senator Robert Kennedy, 'n kandidaat vir die presidentsverkiesing in Amerika, op Stellenbosch hou en waar-in hy na die Suid-Afrikaanse beleid van afsonderlike ont-wikkeling verwys. Derhalwe word sulke nuus met die minste versuim na die Verenigde State oorgesein.

Internasionale koördinasie is dus 'n duidelik waar-neembare tendens van die wêreldpers. Dit het onteenseglik die neiging dat persmaatskappye wêreldwyd saamstaan en saamveg om die wêreldmening vir of teen 'n saak te beïnvloed. In die verband kan dus opgemerk word dat die leser van 'n koerant daarin die samespraak van 'n hele wêreld beluister.

(h) Tendense in verband met bykomende take van die Pers.

Hier word nie volledig ingegaan op die bykomende take van die pers nie, dit hoort tuis by die bespreking van die taak en funksie van die pers.

Die tendens is egter duidelik dat die pers gaandeweg al meer rubrieke skep om sodoende doeltreffender diens aan die leserskring te verskaf. Die betrokke rubrieke staan nie altyd in direkte verband met die kerntaak van die pers nie, maar het as bykomende take, deel van die pers geword.

(i) Tendense van die Suid-Afrikaanse Pers.

Dit val nie binne die bestek van hierdie studie om 'n volledige weergawe te gee van die historiese verloop van[120] al die maandblaaie, weekblaaie en dagblaaie wat sedert 1800 in Suid-Afrika uitgegee is nie.

Dit is ook nie die doel om die tendense wat eie is aan die pers as sodanig weer alles te herhaal en op die Suid-Afrikaanse pers toe te pas nie, want in hierdie betrokke studie

---

120) Vgl. Ainslie,R. The Press in South Africa.p.38. Hierdie skrywer beweer dat die Cape Town Gazette wat in die jaar 1800 in Kaapstad uitgegee is, die eerste gedrukte blad in die hele Afrika was.

word nie net oor die pers in Suid-Afrika gehandel nie, maar wel oor die pers in die algemeen. Derhalwe word slegs enkele tendense genoem, wat as tipies van die Suid-Afrikaanse pers beskou kan word.

(i) Die Hollandse Pers bevorder veral die belange van die Hollandssprekendes. Dit het in die vroegste stadium van die persgeskiedenis duidelik geblyk dat die tweetalige (Hollands en hoofsaaklik Engelse) blad, The South African Commercial Advertiser wat in 1824 gestig is, nie die belange van die Hollandssprekende koloniste aan die Kaap gedien het nie.[121] Derhalwe word De Zuid-Afrikaan op 9 April 1830 deur „enkele patriotiesgesinde manne",[122] uitgegee. Die neiging is dus duidelik dat die Hollandssprekende koloniste se belange deur die Hollandse pers gedien sou word.

(ii) Die Afrikaanse pers dien die belange van die Afrikaanstalige deel van die bevolking. Die Afrikaanse pers het duidelik te kenne gegee dat dit as ideaal gestel het om die belange van die Afrikaanssprekendes te dien.

Hierdie tendens is ook merkbaar toe die eerste Afrikaanse blaadjie Die Patriot in 1875 verskyn met die uitgesproke doel om die belange van die Afrikaners te dien en die Afrikaanse taal te bevorder.[123]

Die eerste Afrikaanse dagblad was Die Burger[124] wat in 1915 deur die Nasionale Pers uitgegee is met die uitgesproke doel „nie in die eerste plaas as kommersiële onderneming nie, maar heeltemal openlik as 'n opinieblad met 'n duidelike politieke koers, dié van die toe nog kleine Nasionale Pers".[125]

Die Afrikaanse dagblaaie het gaandeweg in aantal vermeerder sodat daar vandag in haas elke stad een of meer dagblaaie is wat hulle hoofsaaklik toelê om die belange van die Afrikaanssprekende bevolkingsdeel te dien.[126]

121) Vgl. Scholtz, op.cit. p. 48.
122) Ibid. p. 49.
123) Hierdie tendens is volledíger behandel onder die volkse of nasionale tendense van die pers. vgl.p. 210 - 211.
124) Vgl. Ainslie, op.cit. p. 47-54.
125) P.J. Cillie aangehaal deur Pienaar,G.J. Perssensuur en Staatsveiligheid. p. 77.
126) Sonder om op volledigheid aanspraak te maak word die name van die volgende koerante genoem: Die Burger,Die Transvaler,Die Volksblad,Die Oosterlig,Die Vaderland Hoofstad,Dagbreek en Landstem en Die Beeld.

Dat hierdie tendens vandag nog voortduur, blyk o.a. daaruit dat Die Transvaler[127] beswaar gemaak het omdat die aankondigings, tydens die afhandeling van die swemnommers by die eerste Suid-Afrikaanse spele in 1969, slegs in Engels en nie ook in Afrikaans verskyn het nie. Voorbeelde van hierdie tendens kan vermenigvuldig word en daar word volstaan met hierdie enkele voorbeelde.

(iii) Die Engelse pers dien die belange van die Engelstalige bevolkingsdeel. Die eerste Engelse blaadjies wat verskyn het, tree in die bresse vir die Engelssprekende bevolking aan die Kaap.

Die blaadjie The South African Journal, waarvan die eerste uitgawe op 5 Maart 1824 verskyn,[128] het spoedig in die bresse getree vir die 1820-setlaars wat onder sulke moeilike omstandighede verkeer het.[129] Die Grahamstown Journal, wat in 1850 uitgegee word,[130] rig hom veral tot die Engelssprekendes met die uitgesproke doel „to further the march of civilization north....“[131]

Die Engelse blaaie het hulle egter nie alleen hoofsaaklik tot die Engelstaliges gewend nie, maar ook verslaggewers vir betrokke koerante oorsee gewerf en sodoende verseker dat die Engelse gees en gesindheid wat in die Engelse pers geheers het, ook aan die lesers oorgedra is. Van die twee dagblaaie van die Kaap, die Cape Argus, wat in 1857 gestig is, en die Cape Times in 1876,[132] word o.a. hierdie betekenisvolle opmerking gemaak: „..... they were, ... looking to London for their example, and for a long time for their editors and senior staff.“[133]

The Eastern Star word in Grahamstad deur die broers Thomas en George Sheffield gestig en in 1887[134] word die drukpers per ossewa na Johannesburg geneem. Daar word dit, as The Star, deel van die Argusgroep en beywer hom om die owerheid

---

127) Vgl. Die Transvaler 18 Maart 1969 p.1.
128) Vgl. Du Plessis, op.cit. p. 12.
129) Vgl. Ainslie, op.cit. p.38
130) Vgl. Ibid. p. 41.
131) Loc.cit.
132) Loc.cit.
133) Loc.cit.
134) Vgl.Ibid. p.42.

daartoe te beweeg om aan die uitlanders (hoofsaaklik Engelssprekendes), stemreg te gee.[135] Onmiddellik na die Jameson-inval in 1896 word The Star, vanweë sy rol in hierdie inval, verbied, om die volgende dag maar weer op straat te verskyn onder die naam The Comet.[136]

In Suid-Afrika is daar vandag 'n groot aantal kapitaalkragtige dag- en Sondagkoerante[137] wat nie alleen 'n groot invloed op die Engelstalige bevolking het nie, maar ook deur Afrikaanssprekendes gelees word en veral 'n groot invloed uitoefen op die oorseese pers.

(iv) Tendense in verband met bevolkingsvraagstukke. In Suid-Afrika se dag- en weekblaaie is daar selde 'n uitgawe wat nie 'n berig het oor een of ander vraagstuk wat Suid-Afrika se bevolkingsamestelling raak nie.[138] Indien dit in aanmerking geneem word dat die bevolking in Suid-Afrika hoofsaaklik bestaan uit blankes, van verskillende taalgroepe, Bantoes, Kleurlinge, Asiate ensovoorts, is dit begryplik dat die probleme wat in verband met die reëling van bevolkingsverhoudinge staan, in die pers weerspieël sal word.

Hierdie tendens het Kitchen raakgesien toe hy die volgende, hoewel in propagandistiese strekking, kwytgeraak het: „The differences in language, politics, and approach to the news within the South African press, mirror the deep inner tensions of South African society - between the descendants of Brittons and Boers, and even more fundamental between the white settler and the African."[139]

---

135) Loc.cit.
136) Vgl. Ibid. p. 43.
137) Sonder om volledig te probeer wees word die name van sommige Engelse koerante hier weergegee: The Diamond Fields Advertiser, Cape Argus, Cape Times, The Star, Rand Daily Mail, Sunday Times, The Natal Advertiser, Natal Daily News, Pretoria News, Eastern Province Herald, Evening Post en Sunday Express.
138) 'n Steekproef met twee koerante het aan die lig gebring dat in Die Hoofstad van 25 Maart 1969 ten minste agt berigte oor bevolkingsverhoudinge gehandel het, terwyl in Die Burger van 27 Maart 1969, vyf sodanige berigte was. Dit kan as verteenwoordigend van die meeste koerante in Suid-Afrika beskou word.
139) Kitchen, H. The Press in Africa, p. 42.

Die bevolkingsamestelling in Suid-Afrika het dan ook meer as iets anders daartoe gelei dat daar 'n politiek-gedifferensieerde pers ontstaan het wat telkens weer standpunt inneem / met betrekking tot een of ander bevolkingsvraagstuk.

(v) Die Tendens van 'n groeiende Bantoepers. Die Bantoe maak die grootste deel uit van die bevolking in Suid-Afrika. Daar is aanduidings dat vanweë die groter geletterdheid onder die Bantoe daar ook al meer gelees word, met die gevolg dat al meer Bantoes koerante in hulle eie taal onder oë kry.

In die vorige eeu het daar al enkele Bantoe-blaaie bestaan soos bv. Xhosa Express te Lovedale, Native Opinion (1884),[140] terwyl daar in hierdie eeu ook 'n aantal blaaie uitgegee is waarvan enkele vandag nog bestaan. Hier volg die name van sommige van hierdie blaaie, Ihwezi le Afrika (1902), Ilange Lase Natal (1906), Abanto Batho, Apo, The Bantu World ensovoorts.[141]

Die tendens is duidelik dat daar tans in Suid-Afrika 'n groter getal koerante in Bantoetale verskyn as voorheen in die geskiedenis, 'n tendens wat onteenseglik bewys lewer van groter geletterdheid, ontwikkeling en belangstelling in sake van algemene belang.[142]

Samevattend kan genoemde tendense beskou word as tipies

---

140) Vgl. Ainslie, p. 49-54.
141) Loc.cit.
142) Hanekom wys in sy M.A.-verhandeling daarop dat al meer Bantoes koerante lees en verwys o.a. na die plek van geskrewe literatuur in die Bantoe se lewe: „Daardie ou populêre vorm van tydverdryf naamlik die vertel van stories en volksverhale, word vandag nie meer beoefen nie....Geskrewe literatuur het nou die plek ingeneem van al die tradisionele volksverhale en stories en dienooreenkomstig vervul dit in die funksie wat die ou volksverhale en stories in die verlede gehad het naamlik om aan mense in hulle verbeeldingswêreld ontvlugting te bied van die alledaagse eentonige roetine, en ook om kennis van die een geslag na die ander oor te dra."

Hanekom,C. Ontspanning en Vryetydsbesteding by die Bantoe van Suid-Afrika. p. 103.

van die Suid-Afrikaanse pers en word dit nie presies so in die pers van enige ander land aangetref nie.

Samevatting.

Uit die voorgaande kan afgelei word dat die pers in wyer of enger sin opgevat kan word. Die wyer siening van die pers sou bv. alle nuusmedia en moderne kommunikasiemiddele insluit, terwyl die enger siening beteken dat onder pers net een of moontlik meer van hierdie nuusmedia uitgesonder word. Vir die doel van hierdie studie word die studieveld beperk tot die pers wat dag- en weekblaaie uitgee.

Die mees opvallende waarheid wat 'n studie van die pers blootlê, is dat daar 'n hele aantal algemene kenmerke van die pers bepaal kan word wat nie net eie aan die pers in Suid-Afrika nie, maar kenmerke van 'n wêreldpers blyk te wees, waarvan sommige selfs teruggevoer kan word na die tydperk voor Christus, toe daar nog nie 'n gedrukte koerant bestaan het nie.

Uit 'n ondersoek na die historiese tendense van die pers het dit duidelik geword dat die belangrikste kenmerke van die pers, verband het met die kerntaak van die pers, nl. nuus-aanbieding.

Voorts kan bepaal word dat van die algemene tendense in die geskiedenis van die perswese soms verkeerdelik as moderne verskynsels aangesien word, terwyl dit teruggelei kan word na die beginstadiums van die persgeskiedenis. 'n Sprekende voorbeeld is dié van sensasiebelustheid. Dat sensasie nie eie is alleen aan die moderne pers nie, blyk daaruit dat Cicero (106-43 v.C.) ernstig beswaar maak teen die sensasionele berigte wat deur Chrestus „ die eerste joernalis" opgestel is.

Die historiese tendense dui beslis daarop dat daar in elke land 'n sterk invloed van die lesers, die volk, die owerheid en openbare instansies, op die pers uitgeoefen word, en mettertyd aan elke koerant 'n eie karakter verleen. Derhalwe is dit tot 'n sekere mate waar dat die pers in

woorde uitdrukking gee aan die gedagtes en gevoelens wat in die gemoed van die mens lewe. Hierdie gedagte word treffend uitgedruk in die woorde van DeVolder: „Die Forschung der demokratischen Länder sieht in der Beziehung zwischen Volk und Zeitung einen direkten Einfluss, der von der vielförmigen öffentlichen Meinung ausgeht und den Inhalt und die Form der verschiedenen Zeitungssparten bestimmt. Die Zeitung kleidet in Worte, was in allen Gemüten lebt und gärt, sie liest im Herzen des Volkes und spricht deutlich aus, was die menge nur unbestimmt fühlt."[143]

Hierdie inleidende hoofstuk was nodig as agtergrond vir die nadere bespreking van die Calvinistiese beskouing omtrent pers en persvryheid.

---

143) DeVolder, U. Sociologie der Zeitung. p.89.

HOOFSTUK 6.

CALVINISTIESE PERSBESKOUING.

Inleiding.

Hierdie hoofstuk vind noue aansluiting by hoofstuk twee wat oor die Calvinisme handel. In Afdeling A word 'n lewens- en wêreldbeskoulike agtergrond gegee en die betekenis wat dit vir die opvatting van die pers en daarmee van die vryheid van die pers het. In Afdeling B word gehandel oor die pers as instituut en as perskring in die menslike samelewing. Afdeling C handel oor die taak en bestemming van die pers, terwyl persnorme in afdeling D behandel word. In Afdeling E word perseuwels krities behandel. Afdeling F is dan 'n kort samevatting van die Calvinistiese beskouing omtrent persvryheid.

Die inhoud van hierdie hoofstuk vorm dus die kern van die wysgerige ondersoek na die probleem van persvryheid soos dit uit Calvinistiese standpunt gesien word. Hierdie hoofstuk dien dan as grondslag waarvolgens die kritiek op liberalistiese en kommunistiese beskouings[1] omtrent persvryheid gelewer word.

Aangesien daar van Calvinistiese kant nog baie weinig gedoen is i.v.m. die uitbou van 'n perswetenskap, moet hierdie hoofstuk beskou word as die vrug van 'n poging om 'n Calvinistiese persbeskouing uit te bou en riglyne vir toekomstige navorsing aan te dui.

A. Lewens- en Wêreldbeskoulike Agtergrond.

Inleiding.

Uit die feit dat die mens in sy wetenskapsbeoefening van 'n bepaalde wetenskapsidee of uitgangspunt wetenskap beoefen, blyk dat wetenskap beoefen word volgens 'n bepaalde voorwetenskaplike lewens- en wêreldbeskoulike oortuiging.[2]

---

1) Hierdie betrokke persbeskouings word in hoofstuk 7 en 8 behandel.
2) Vgl. Hoofstuk 1, p. 5.

Dit geld egter nie net vir die beoefening van die wetenskap nie, maar ook vir elke kultuurtaak van die mens, dus ook vir die taak van die pers. Die beskouing omtrent wat die pers is, die taak van die pers, persnorme en persvryheid, word in fundamentele sin medebepaal deur die lewens- en wêreldbeskouing van die mens.[3] In die vervulling van sy taak en die aktualisering van persvryheid gee die pers uitdrukking aan een of ander lewens- en wêreldbeskouing. Derhalwe moet die Calvinis hom oor sy persbeskouing (d.w.s. hoe sy lewens- en wêreldbeskouing sy persbeskouing en perswese bepaal), verantwoord.

Diemer wys in die volgende woorde op hierdie waarheid: „Zij zal in dit alles werkzaam willen zijn vanuit de christelijke levens- en wereldbeschouwing."[4]

Die feit dat die pers sy taak vervul volgens 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing impliseer 'n verskeidenheid van waarhede wat i.v.m. die pers gebring kan word. Ten einde herhaling en oorvleueling te voorkom, word in hierdie afdeling slegs met die gesigspunte volstaan wat nie in enige van die volgende afdelings behandel word nie. Hierdie afdeling is dus nie 'n volledige weergawe van al die waarhede wat in verband met die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskoulike agtergrond van die pers gebring kan word nie.

Hier volg dan enkele punte wat van besondere belang geag word i.v.m. die lewens- en wêreldbeskoulike agtergrond van die pers.

1. <u>Die Heilige Skrif en die pers</u>.

Die Heilige Skrif is nie vir die Calvinisme 'n wetenskaplike handboek nie, maar is 'n voor-wetenskaplike bron wat vir die wetenskap en ook vir die pers van besondere belang is. Die Calvinisme beoefen wetenskap en die kultuurtaak van die mens in die lig van Gods Woord. Dat die Heilige Skrif van besondere betekenis vir die pers is, blyk baie duidelik

---

3) Vgl. Hoofstuk 2, p. 1 en 24.
4) Diemer op.cit. p. 428.

uit die volgende aanhaling van Stoker waar hy na die betekenis van die Heilige Skrif verwys: „Dit werp sy Goddelike lig op die hele skepping (waaronder die héle lewe van die mens) en is 'n lamp wat die mens se hele lewenspad verlig. Geen deel of faset of sektor van die menslike lewe mag aan die Goddelike gesag van die Heilige Skrif onttrek word nie, want daaruit spreek die gesag van God Self, wat oor die mens se hele lewe gaan."[5]

Die pers moet sy taak vervul in onderworpenheid aan die gesag van die Heilige Skrif. Die terrein van die pers word nie van hierdie gesag uitgesluit nie omdat die Woord van God universele betekenis het, dit het nie net betekenis vir die godsdienstige en kerklike lewe nie, maar vir die mens se héle lewe, vir álle lewensterreine, vir álles waartoe die mens geroep is."[6] God openbaar Hom in Sy Woord en „in Sy verhouding tot alle dinge."[7] Derhalwe het die Woord van God ook 'n besondere betekenis vir die pers. Die diens wat die pers in die menslike samelewing verrig, behoort dus te geskied in die lig van Gods Woord. M.a.w. die besluite van die redaksie van 'n koerant i.v.m. nuusversameling, nuusseleksie, nuusaanbieding, nuustoeligting en nuusvoorligting, behoort altyd geneem te word in die lig van Gods Woord. Dit sou 'n verkeerde stelling wees om te beweer dat die Bybel as handboek vir die pers moet dien, maar dit sou neerkom op 'n wanopvatting van die taak en roeping van die pers indien die beginsels van die Heilige Skrif vir die pers verwerp word.

Uit Calvinistiese oogpunt behoort die pers sy taak te verrig soos belig deur die openbaring van God in Sy Woord en onder die besef dat die pers 'n kreatuurlike en onselfgenoegsame taak het om in die menslike samelewing te vervul. Dit doen geen afbreuk aan die betekenis van die perstaak nie, maar verseker dat die taak van die pers verrig word in onderworpenheid aan Skrifbeginsels en 'n God-

---

5) Stoker, Oorsprong en Rigting. p. 68.
6) Ibid. p. 69.
7) Loc.cit.

dienende karakter het.

2. Religieuse geloof en die pers. Die hele lewe en elke taak van die mens is religieus bepaal.[8] Die pers vervul sy taak ook uit die religieuse grondmotief as dryfkrag. Die nuusaanbieding van die pers is dus religieus-bepaald, d.w.s. die persman sou God in ruimer sin kan dien, of hom weg van God wend.

3. Die skepping van God en die pers.

Dit is van besondere betekenis vir die pers om die radikale verskeidenheid in die skepping van God te eerbiedig.[9] Die radikale verskeidenheid in die skepping vind sy oorsprong in die skeppings- en bestieringswil van God.[10] Derhalwe moet die pers hierdie verskeidenheid van lewensterreine, van sosiale kringe en van unieke take van die mens eerbiedig. Voorts moet die pers erken dat kragtens die radikale verskeidenheid in die kosmos, die beginsel van „soewereiniteit in eie kring" vir elke sosiale kring geld. Dit geld vir die sosiale kring waaroor nuus aangebied word en dit geld ook vir die persinstituut wat die nuus aanbied.

Voorts moet die pers ook die onderlinge samehang van die radikale verskeidenheid in die skepping van God eerbiedig, want hierdie radikale verskeidenheid „is onderling in allerlei verhoudinge verbind, is op allerlei maniere vervleg en komplementeer mekaar in allerlei opsigte."[11] Kragtens hierdie waarheid moet die pers die unieke struktuur en taak van elke samelewingskring eerbiedig en toesien dat dit nie die begrensing van sy eie taak oorskry nie. Die pers moet sy taak en roeping altyd in verband met al die ander samelewingskringe sien en hom nie van die ander samelewingskringe probeer losmaak of hom bo hierdie samelewingskringe probeer verhef nie. Daar behoort die nodige eerbied te wees vir elke

---

8) Vgl. Hoofstuk I, p. 7-8.
9) Hier word nie ingegaan op die volledige uiteensetting van die kosmologie nie, dit is reeds gedoen. Vgl. Hoofstuk 2. p. 35. Slegs enkele waarhede van besondere betekenis vir die pers word hier behandel.
10) Vgl. Stoker, Oorsprong en Rigting. p. 49.
11) Ibid. p. 50.

samelewingskring want elkeen het 'n eie taak en bestemming.

Juis in die onderlinge samehang van die radikale verskeidenheid vind die Calvinisme grond vir sy beskouing dat elke samelewingskring (dus ook die pers), sy eie unieke taak het om te vervul en dat genoemde take onderling saamhang en sodoende die sinvolheid van die menslike lewe as God-dienend beklemtoon.[12)]

4. Die wetsorde van God en die pers.

Die lewe van die mens en alles wat hy doen, is onderworpe aan die wil en wet van God.[13)] Vir die handelinge van die mens het God norme gegee wat die mens behoort te gehoorsaam. Hierdie norme geld vir alle mense en alle menslike take. Die pers moet hom dus ook onvoorwaardelik aan hierdie norme onderwerp. Die ontkenning dat daar norme vir die pers bestaan, of dat, indien dit bestaan, die pers hom nie daaraan hoef te onderwerp nie, hef nie die bestaan en die geldigheid van die norme vir die pers op nie. Tereg het Stoker in die verband gesê: „.... waar die mens die Goddelike gebooie en kultuurnorme oortree, bly hulle geld en staan die mens met sy oortreding van dié gebooie en norme skuldig, veroordeel en strafwaardig."[14)]

Alle handelinge van die mens, ook sy kultuurtake en dus ook die pers, is onderworpe aan die betrokke norme. Die pers moet dit as sy roepingstaak sien om „'in U lig' op alle terreine van die skepping,"[15)] en in dié geval veral op die terrein van die pers, wette te soek en te ontdek, te formuleer en te positiveer wat as norme vir die perstaak kan dien. Sodanige deur die mens gepositiveerde norme mag nie in stryd wees met die norme wat hulle oorsprong in God het nie.

---

12) Hierdie waarheid word in die volgende woorde van Stoker bevestig: „Die Calvinis aanvaar alle onderlinge samehangende sinsverskeidenheid dankbaar uit Gods hand, en daarmee saam die take wat dit die mens stel...."
Ibid. p. 51.
13) Vgl. Hoofstuk 2. p. 47.
14) Stoker, Oorsprong en Rigting, p. 52.
15) Loc.cit.

5. Die mens en die pers.

Die Calvinisme sien die mens as kreatuurlike, onselfgenoegsame en wetsonderworpe wese, wat nogtans uniek is in die skepping van God kragtens die feit dat hy na die beeld van God geskape is. Die pers kan as 'n tipies ‚menslike' aangeleentheid beskou word omdat dit die méns is wat koerante druk, die méns wat nuus aanbied en die méns wat die koerant lees.[16] Die koerant is 'n kultuurproduk, van die méns, omtrent die méns en vir die méns. Derhalwe moet die pers deeglik rekening hou met die uniekheid van die mens in die skepping van God en met die tipies ménslike probleme.

Die pers moet die mens nie slegs as individu of slegs as sosiale wese sien nie, maar wel as individueel-sosiale wese."[17] Word die mens deur die pers gesien as louter individu laat dit nie reg geskied aan die sosiale aard van die mens nie, en word die mens as louter sosiale wese gesien, laat dit nie reg geskied aan die individuele kant van die mens nie.

Volgens die afstamming uit Adam en die verlossing in Christus word die eenheid van die mensegeslag beklemtoon. Die eenheid van die mensdom vorm egter ook 'n samehangende verskeidenheid, soos bv. van enkelinge, van samelewingskringe en van samelewingskringe wat met mekaar verbind is. Met hierdie waarheid het die pers elke dag te doen omdat die pers nuus aanbied omtrent die menslike woord (spraak, verklarings, uitsprake ens.), die menslike verhoudinge en die onderlinge verhouding van verskillende samelewingskringe.

Die pers moet egter nie net erken dat die mens enkeling is of aan sosiale kringe behoort nie, maar ook dat elke mens se gewetensvryheid eerbiedig moet word en dat elke samelewingskring sy eie aard en taak het. Die Calvinisme beklemtoon die feit dat die persinstituut ook die universele verbondenheid en die onderlinge komplementering van enkeling en same-

---

16) Vgl. Hoofstuk 2, p. 51.

17) Stoker, Oorsprong en Rigting, p. 56.

lewingskring en samelewingskringe onderling moet eerbiedig. So 'n insig lei daartoe dat die pers hom nie van ander samelewingskringe moet isoleer nie, want „die een is bestem tot komplementerende diens van die ander."[18] Die pers moet dus in eerbied vir ander samelewingskringe se eie aard en taak, sy eie taak so vervul dat die pers en die ander samelewingskringe gesamentlik in diens van die menslike samelewing staan en sodoende bydra tot die uiteindelike bestemming van die kosmos as geheel.

6. Sonde en verlossing; kwaad en herskepping en die pers.

Die sonde het in die lewe van die mens as individu en as sosiale wese en in al sy handelinge 'n radikale verandering gebring.[19] Sonde moet gesien word as „iets wat op positiewe en radikale wyse verskeur, vervorm en verwoes....."[20] en wat as kwaad ook deurgedring het tot die ganse skepping van God.

Met hierdie toestand moet die pers rekening hou. Die pers bied nuus aan omtrent die mens wat bestem was as die kroonpunt van Gods skepping, maar wat vanweë die sonde as enkeling, as samelewingskring en as mensheid in sy geheel verderf is in sy hart.[21] Christus het egter die sonde en kwaad in prinsipe oorwin en die mens van sy sonde verlos en die skepping van die kwaad.

Die pers vervul dus sy taak in 'n wêreld waarin daar 'n voortdurende stryd tussen goed en kwaad is en die „stryd tussen die Ryk van die Lig en die ryk van duisternis op alle lewensterreine"[22] voortgaan. Hiervan moet die pers nie alleen kennis dra nie, maar ook positief daartoe bydra om op verantwoordelike wyse sy roeping te vervul en by te dra tot die uiteindelike oorwinning van die goeie oor die kwaad.

---

18) Ibid.p. 57.
19) Vgl. Hoofstuk 2, p. 77 vir die volledige uiteensetting van die gevolge van die sonde in die lewe van die mens.
20) Stoker, Oorsprong en Rigting, p. 63.
21) Vgl. Loc.cit.
22) Loc.cit.

Die sonde het dus nie alleen die méns fundamenteel verdorwe nie, maar ook al die handelinge en take van die mens as enkeling en as samelewingskring. Die pers moet dus voortdurend soek na weë om in die stryd van goed en kwaad, ook binne die persinstituut sy taak en roeping te vervul soos hy dit behoort te doen. Die pers moet 'n positiewe aandeel hê om die mens en die hele skepping van God tot sy ware bestemming te help lei en daarmee die sonde en die kwaad te bestry. Dit alles is egter nooit moontlik uit die mens self nie, want elke menslike poging daartoe is ook 'n sondige en menslike poging, maar hierdie stryd kan tog met welslae gestry word in die verlossings- en herskeppingskrag van Christus. Slegs waar die pers sy taak so sien, kan dit sy ware roeping vervul en sy bestemming verwesenlik.

7. Die Christianisering van die pers.

Die Calvinisme moet gesien word as 'n „totalitêr Christelike lewens- en wêreldbeskouing"[23] en die mens as geroepene om „sy hele lewe - alle lewensterreine - Christelik te vorm, dit wil sê, te christianiseer."[24]

Die Calvinisme beywer hom ook vir die Christianisering van die pers. Daarmee word bedoel dat die pers ook in roepingsvervullende[25] diens van God moet staan. Waar die pers sy taak in hierdie lig sien, is dit besig om die moontlikhede van God vir die pers in gehoorsaamheid aan God te aktualiseer en dit te doen tot eer van God, wat die mens daarvoor bestem het.

Die pers mag sy taak as pers nooit isoleer van die ander lewensterreine en lewenstake van die mens nie. Die perstaak en alle ander take moet uiteindelik as diens van God in die menslike samelewing verrig word, en sodoende lei tot 'n verdiepte beskouing omtrent die taak en bestemming van die pers.

---

23) Ibid. p. 65.
24) Loc.cit.
25) Vir roepingsvervulling, vgl. Hoofstuk 2, p. 96.

8. Samevatting.

Volgens die beskouing van die Calvinisme is dit duidelik dat die taak van die pers verrig moet word in die lig van die Heilige Skrif. Die beginsels uit Gods Woord gee aan elke lewenstaak van die mens en dus ook aan die perstaak, 'n verdiepte sin. Derhalwe moet daarna gestreef word om die beginsels van die Calvinisme as lewens- en wêreldbeskouing ook op die pers van toepassing te maak. Die Calvinisme se betekenis vir die pers lê veral daarin dat die taak van die pers as roepingsvervullende diens van God gesien moet word.

Die pers kan hom nie losmaak van sy lewens- en wêreldbeskoulike agtergrond nie en daarom is dit vir die Calvinisme noodsaaklik om sy beginsels vir die perstaak duidelik te stel. Diemer wys daarop watter verskil die lewens- en wêreldbeskouing van die persman in verband met die nuustake van die pers maak: „Zo maakt het een wezenlijk verschil, of de krant ‚het nieuws' beschouwt als iets dat de mens als een wreed lot overkomt óf als iets dat hem van Godswege wordt toebeschikt. Elk nieuws heeft zijn achtergronden, bij de benadering waarvan de levens- en wêreldbeschouwing van beslissende waarde is."[26)]

Teen hierdie lewens- en wêreldbeskoulike agtergrond kan daar nou „in U lig" gevra word, wat is die pers as instituut, wat is die taak en bestemming van die pers, watter persnorme is daar, watter euwels bedreig die pers in sy taak en funksie en wat presies is persvryheid?

B. Struktuuranalise van die Persinstituut en die Perskring.

Inleiding.

Die identiteit van elke samelewingskring word volledig bepaal deur sy struktuur en sy taak en bestemming.

---

26) Diemer, op.cit. , p. 428.

So moet die identiteit van die persinstituut en perskring ook volgens hierdie beginsels bepaal word. Nadat die identiteit van die persinstituut en perskring op hierdie tweeledige wyse bepaal is, kom die vraagstuk van nórme aan die orde omdat hier met menslike samelewingskringe gehandel word. Genoemde onderskeidings is nodig vir die begrip van die vryheid van 'n samelewingskring. Maar geen samelewingskring is van ander samelewingskringe isoleerbaar nie, en die vryheid van 'n samelewingskring word mededebepaal deur sy vervlegting met ander samelewingskringe, juis omdat die een van die ander onderskeie is, maar ook van die ander afhanklik is, en die onderskeie vryhede van die onderskeie samelewingskringe mekaar komplementeer.

Bogenoemde geld ook vir die persinstituut met sy vervlegting van ander instansies in die perskring. Die perskring bestaan struktureel uit 'n vervlegting van verskeie samelewingskringe wat volgens die skema[27] van die perskring o.a. uit die volgende kringe bestaan: belangegroepe agter die pers(X), die persinstituut(A), die koerant(B), die lesers(C), die adverteerders(D), die buite-nuusbronne(E), buiteverspreiders(F) en handel en industrie(G).

2. Die Persinstituut.

(a) Inleiding. Die onderskeie afdelings van die persinstituut met hulle betrokke funksies word in die praktyk op verskillende maniere ingedeel en georganiseer.[28] Die indeling wat hier, volgens die betrokke skema gegee word, is

---

27) Wanneer daar na die „Skema" verwys word, word bedoel die skema soos opgestel deur prof. H.G. Stoker en mnr. Calvyn Snyman (senior lektor aan die Potchefstroomse Universiteit) en soos weergegee as bylaag A aan die einde van die proefskrif. Genoemde skema is 'n poging om die perskring struktureel te ontleed en die hoofletters, syfers en klein letters wat in die volgende bladsye aangegee word, verwys telkens na die skema. Van hierdie skema word gebruik gemaak met die nodige erkenning teenoor genoemde here.

28) Elke persinstituut het sy eie samestelling en werkswyse. Vgl. Hoofstuk 6A p. 190.

suiwer teoreties[29] van aard en geskied ooreenkomstig die onderling onderskeibare funksies. Dit is onnodig om hier in besonderhede te gaan. Die doel is slegs om die gestruktureerdheid van die pers duidelik na vore te bring. Derhalwe volg hier 'n kort uiteensetting van die onderskeie afdelings van die persinstituut.

(b) Horisontale struktuureenheid. Elkeen van die verskillende afdelings van die persinstituut het 'n eie funksie en staan in onderlinge verhouding tot mekaar.[30] Van besondere belang is dat die persinstituut as 'n eenheidstruktuur gesien moet word. In die volgende paragrawe word 'n beknopte uiteensetting gegee van die verskillende afdelings van die persinstituut.

(i) Die direksie(A.1) en die administrasie (A5). Die direksie(A1) vorm die hoogste leiding van die koerant en is hoofsaaklik verantwoordelik vir die beleid van die Persinstituut(A). Die administrasie(A5) is die bestuursliggaam wat die onderskeie funksies van die redaksie(A2), die advertensiewese(A3) en die tegniese afdeling(A4), koördineer en sodoende die beleid van die direksie(A1) uitvoer.

(ii) Die redaksie(A2), se funksie word duidelik onderskei van die funksie van die direksie(A1). Mocke se uiteensetting in die verband gee 'n goeie oorsig van die samestelling van die redaksie: „Aan die hoof van die redaksionele afdeling van 'n nuusblad staan die hoofredakteur, tweede in bevel is die assistent-hoofredakteur wat die algemene redaksionele werksaamhede moet koördineer en toesig daaroor moet hou; dan volg die tegniese redakteur wat die tipografiese indeling, of

---

29) Geen enkele en algemeen aanvaarde struktuur van 'n persinstituut kan beskryf word nie. Sommige persinstitute bestaan uit alleeneienaars wat alles in een persoon saamvat, ander het weer geen advertensiewese nie. In sulke gevalle is daar geen wisselwerking tussen leser, adverteerders en redaksie nie. Dit is dus onmoontlik om selfs te probeer om alle moontlike struktuurvorme te beskryf. Die struktuurvorm wat wel beskryf word, is die mees algemene struktuurvorm soos in die demokratiese staat aangetref word, en daaruit vloei die riglyne vir die bespreking van die taak, die norme en die vryheid van die pers. Hierdie struktuurvorm is met wysiginge die mees algemene van die pers in Suid-Afrika.

30) Vgl. p. 233.

uiteensetting van die blad moet waarneem; dan die nuusredakteur wat onmiddellike toesig oor die insameling van die nuus moet hou. Vyfde rang in die gewone redaksionele personeelplan van 'n dagblad word beklee deur die sub-redakteurs wat suiwerheid van taalgebruik en styl in die kolomme van die blad moet verseker; dan volg die verslaggewers wat vir die regstreekse insameling van die nuus verantwoordelik is en, ten slotte, die deeltydse plattelandse korrespondente van wie die blad vir sy algemene plattelandse nuus afhanklik is."[31] Uit bogenoemde is dit duidelik watter belangrike plek die redaksie van 'n dagblad het.

Die kernfunksie van die redaksie(A2a) het reeds duidelik uit bogenoemde aanhaling geblyk, nl. nuusaanbieding, Met nuusaanbieding[32] kan daar weer o.a. tussen die volgende funksies onderskei word: nuusinsameling, nuusseleksie, berigge-wing, nuustoeligting (of vertolking), nuusvoorligting (of kommentaar) en selfs die propageer van verskeie nuus-aspekte.

Bykomende funksies(A2b) van die persinstituut kan o.a. soos volg onderskei word: verskillende rubrieke soos bv. vir vroue, kuns, boekresensies, ontspanning, korrespondensie, gratis dienste ens.

(iii) Die advertensie-wese(A3) het in 'n bepaalde sin ook met die beleidsprobleme van 'n koerant te doen omdat omgewenste advertensies geweier kan word.[33] Advertensies het ook met die kerntaak van die persinstituut te doen vir sover dit nuuswaarde het. Advertensies blyk die mees suksesvolste te wees wanneer dit gesien word in „haar bondgenootschap met het nieuws, waarmee zij verschijnt in een publicatie die de dagelijkse lectuur van ieder gezin is."[34]

(iv) Die tegniese afdeling(A4) van die koerant is die afdeling wat dikwels onder groot druk verkeer. Hoë eise word aan die drukkersafdeling gestel wanneer die tydfaktor, spoed, deeglikheid en die estetiese in ag geneem word. Tereg merk

---

31) Mocke, S. Ign. Dienaar van die Geskrewe Woord, p.32.
32) Die taak van die persinstituut word hier slegs onderskei, die volledige behandeling daarvan sal in hoofstuk 6C geskied.
33) Vgl. Peereboom op.cit. p. 175.
34) Ibid. p 167.

Peereboom op: „De taak van de technische chef der dagbladdrukkerij is niet eenvoudig. Hij moet niet alleen bekwaam vakman zijn en leiderscapaciteiten bezitten, maar bovendien stalen zenuwen en veel tact."[35]

(v) Die administrasie(A5) van die persinstituut het verskeie funksies wat soos volg onderskei word: Daar is bv. die algemene interne koördinerende funksies van die administrasie(A5a) wat die werksaamhede van die persinstituut „moet koördineer en toesig daaroor moet hou."[36]

Voorts is daar ook die spesifiek na buitegerigte funksies van die administrasie(A5b). Hieronder kan veral genoem word die funksies van sirkulasie en verspreiding(A5bi) en die funksies van geldelike bestuur en finansies(A5bii). Laasgenoemde het in werklikheid betrekking op al die afdelings van die persinstituut (bv. uitbetaal van salarisse, na binne gesien) en inkomste en uitgawes aan buite-instansies (na buite gesien).

Die hoofbestuurder van die persinstituut word ook op die „skema" aangewys en verdien besondere aandag. In die praktyk kom dit daarop neer dat hy die skakel vorm tussen die direksie(A1) en al die ander afdelings van die persinstituut (elkeen volgens sy onderskeie funksies). Die hoofbestuurder is bv. die aangewese persoon om die beleid van die direksie oor te dra aan die verskillende afdelings van die persinstituut.

Uit bogenoemde horisontale ontleding is dit duidelik dat die persinstituut 'n eenheidstruktuur vorm met vyf verskillende afdelings, nl. die direksie(A1), die redaksie(A2), die advertensiewese(A3), die tegniese afdeling(A4) en die administrasie(A5), waarvan elkeen sy eie besondere funksie het.

Die verskillende afdelings van die Persinstituut (elkeen met sy betrokke funksies) staan nie geïsoleerd van

---

35) Ibid. p. 192.

36) Mocke, op.cit. p. 32.

mekaar nie.[37] Die doeltreffende funksioncring en organisasie van die persinstituut vereis hulle onderlinge betrekkinge, verhoudinge, wisselwerking en dienste. As voorbeeld kan maar net genoem word die noodsaaklike verhouding, wisselwerking en dienste wat daar moet wees tussen die redaksie, die advertensie-wese die tegniese afdeling en die administrasie. Gebrek aan doeltreffendheid en koördinering van een van genoemde afdelings kan die funksie van die persinstituut in duie laat stort.

(c) Modale struktuur.[38] Soos elke samelewingskring het die persinstituut ook deel aan alle modaliteite wat op unieke wyse in die persinstituut verbind is. Die funksies i.v.m. nuusbelang en ekonomiese belang is besonder bepalend. Gekwalifiseer deur hierdie funksies het die persinstituut ook deel aan die ander modaliteite. Die funksies van die persinstituut is op sy eie wyse 'n religieuse roepingsvervullende diens van God. Daar kan bv. verwys word na die sedelike verpligtings van die persinstituut of na persreg. Voorts kan bv. genoem word dat nuusaanbieding o.a. kennis aanbied en dus nou saamhang met die logiese modaliteit. Vir die probleem van persvryheid is die normatiewe modaliteite, soos bv. die logiese, linguale, die estetiese, die ekonomiese, die juridiese, die sedelike en die godsdienstige, van besondere belang. Tesame vorm die modaliteite, soos aangestip, die modale struktuureenheid van die pers.

(d) Dinamies bepaalde struktuureenheid.[39] 'n Noukeurige ontleding van die struktuur van verskillende persinstitute toon duidelik aan dat hierdie verskille dinamies bepaald is. Alhoewel die horisontale en modale strukture dieselfde mag wees, is daar verskille wat dinamies bepaal kan word.[40] So kan bv. daarop gewys word dat die een persinstituut geen advertensies plaas nie, ander is weer 'n staatspers of kerkpers, die verskillende afdelings verskil onderling met die persinstitute van 'n eeu of meer gelede, die belangegroepe

---

37) Vgl. Mocke, op.cit. soos reeds aangehaal-aanhaling 31.
38) Vir nadere besondere i.v.m. modaliteite, vgl.Hoofstuk 2, p. 37 en 55.
39) Vir nadere besondere, vgl. Hoofstuk 2, p. 55 en 57.
40) Vgl. Voetnoot 29.

agter die pers veroorsaak struktuurverskille, en laastens kan struktuurverskille aangetref word waar persinstitute die nuusmotief eerste stel of dit van sekondêre belang ag. Dit is duidelik dat genoemde verskille histories ontwikkel het en dus dinamies bepaal is. Bogenoemde is slegs 'n kort uiteensetting om die struktuurverskil van die persinstituut in sy dinamiese bepaaldheid aan te dui.

(e) Samevattend kan die hele eenheidstruktuur soos volg gestel word: In die volle struktuureenheid en strukturele geheel, of identiteit van die persinstituut is daar nie sprake van drie losse struktuurbepalings (horisontaal, modaal en dinamies) nie, maar wel van 'n innerlike integrasie, waarby die identiteitstruktuur van die persinstituut as geheel hom tegelykertyd in al drie onderskeie tipes eenheidstruktuur uitdruk. Die persinstituut moet nie as 'n primêre samelewingskring[41] soos bv. huwelik, gesin, volk, staat of kerk beskou word nie, Dit het wel kenmerke van sekondêre samelewingskringe (bv. skool, fabriek, hospitaal, politieke party) en ook van tersiêre samelewingskringe (bv. losser verband van individue soos vriendekring, buurskap, koerantlesers ens.) Die persinstituut is dus 'n samelewingskring wat tussen die sekondêre en tersiêre samelewingskringe geplaas kan word.

3. Die koerant.

(a) Die koerant is 'n besondere skakel tussen die persinstituut en die ander instansies binne die perskring. In die aanhaling uit Dovifat se werk word die probleem van die struktuuranalise van die koerant aangesny: „Jede Publizistik hat ihren Sender, ihre Sendung, den Sendungsempfang (Empfänger) und die Wirkung der Sendung."[42] In sy verhouding tot die persinstituut(A) en die leserskring(C), is die koerant(B) dus 'n objek. Dinamies-struktureel (in verhouding tot die persinstituut(A), is die koerant 'n middel met die oog op die betrokke persbelange van die lesers(C).

(b) Struktuuranalise van die koerant. Die koerant is geen samelewingskring nie en 'n kort uiteensetting van die

---

41) Vir 'n onderskeiding in die verband, vgl.Hoofstuk 2.p. 53.
42) Dovifat,op.cit. p. 5.

modale en dinamiese struktuur is nodig vir 'n duidelike begrip van die hele eenheidstruktuur.

(i) Die koerant as objek,[43] het deel aan alle modaliteite en het sy eie eenheidstruktuur. Die leidende funksie is die kennis-inhoud van die koerant, met die logiese as kern-funksie.[44] Die funderende funksie van die koerant is die papier (fisiese) waarop dit gedruk word. Albei bepaal die wyse van deelname van die koerant aan ander modaliteite. So kan bv. m.b.t. die koerant se deel aan die ander modaliteite, op die volgende gewys word: waarneembare inkskrif (psigies), die aantreklike of onaantreklike voorkoms van die koerant (estetiese), die koerant kan gekoop word (ekonomiese), die regsobjek van die persinstituut (juridies), die inhoud kan goed of sleg wees (eties), dit is 'n objek van roepingsvervulling (religieus). Uit bogenoemde blyk baie duidelik die modale eenheidstruktuur van die koerant waarvan die geheel 'n eenheid vorm wat meér is as net die som van die dele.

(ii) Dinamiesbepaalde verskille tussen die koerante kan duidelik aangewys word. Die volgende kan as voorbeeld hiervan dien: kwaliteit van papier, formaat, grootte, aard en aantal rubrieke, indeling van die inhoud (wo. hoofartikels en rubrieke), plasing van advertensies, wyse waarop die kern-funksie vervul word. Hierdeur, en deur nog meer faktore, word die dinamiese eenheidstruktuur van die koerant bepaal.

(iii) Uit bogenoemde is dit duidelik dat die hele eenheid-struktuur as identiteit van die koerant die modale en dinamiese strukture as geïntegreerde struktuureenheid saamvat. Ook hier geld dit dat die geheel meér is as net die som van die dele.

4. Die Perskring.

(a) Inleidend. Die persinstituut het 'n integrasie van twee verskillende funksies, nl. i.v.m. nuusbelange en i.v.m. ekonomiese aangeleenthede. In hierdie afdeling word die vervlegting in die perskring vanuit hierdie twee gesigs-punte benader.

---

43) Die term „objek" word in 'n enigsins ander wyse gebruik as by die Wysbegeerte van die Wetsidee.
44) Vgl. in die verband Hoofstuk 2. p. 37.

(b) Vervlegting i.v.m. nuusbelange.

(i) Die redaksie(A2) van elke koerant(B) kan nie alle nuus versamel en aan die koerant se leserskring aanbied nie. Elke koerant is ook aangewys op buitenuusbronne. Hierdie nuusbronne kan weer onderskei word as individuele(E1) nuusbronne of as persagentskappe(E2) wat hulle ten doel stel om nuus te versamel en aan verskillende persinstitute beskikbaar stel. Sommige van hierdie buitenuusbronne lewer 'n wêreldwye diens aan koerante in verskillende wêrelddele.

(ii) Die leserskring van die koerant het besondere belang by die nuusfunksies van die koerant. Struktureel gesien, het die persinstituut en die koerant geen sin sonder die lesers(C) nie. Tussen die persinstituut(A), die koerant(B) en die lesers(C) is daar 'n enkaptiese verbinding (of strukturele vervlegting). Elk het sy eie funksie, maar is tog in die perskring struktureel vervleg. Die persinstituut(A), die koerant(B) en die lesers(C) het geen sin indien hierdie strukturele vervlegting nie bestaan nie.

Die leserskring van die koerant(B) kan enersyds beskrywe word as 'n omvattende aantal onderling onverbonde individue(C1). Dit is die enkeling wat die koerant koop en lees en wat as enkeling belang het by die nuusaanbieding en deur die koerant op een of ander wyse beïnvloed word. Die koerant rig hom tot die individuele mens in sy nuusaanbieding, 'n gerigtheid wat deur Dovifat as van primêre belang vir die koerant beskou: „Wird der freie Zugang eingeschränkt,... so ist eine Grundrecht eingeschränkt."[45] Die leserskring word dus, in bogenoemde sin bedoel, beskou as die somtotaal van individuele lesers wat in 'n noodsaaklike, maar tog losse vervlegting tot mekaar staan. Al wat hulle in verband met mekaar bring, is dat hulle lesers van 'n betrokke koerant is. Die koerant vorm dan die interindividuele verbindingsmedium.

Elke koerant het min of meer 'n eie leserskring en hierdie groep lesers vorm vir sover dit die koerant betref,

---

45) Dovifat, op.cit., p. 14.

„die publiek." In die lig van die voorafgaande kan met die beskrywing van Dovifat ingestem word waar hy van die publiek praat as 'n „anonymen Vielzahl von Menschen."[46] In werklikheid bly die lesers(C) en die redaksie(A2) aan mekaar onbekend. Die leser weet selde wie verantwoordelik is vir die nuusaanbieding en die koerantman bring die nuus aan lesers wat vir hom onbekend is. In die reël kies die lesers die koerant wat aan bepaalde vereistes voldoen. Die koerant rig hom egter nie net tot 'n leserskring wat bv. dieselfde lewens- en wêreldbeskouing as die persinstituut huldig nie, maar probeer juis om die groots moontlike, en dikwels 'n bepaalde tipe leserskring, te bereik.

Wat die leserskring betref, word kortliks verwys na die verskynsel van „die openbare mening." Soms word die argument gebruik dat die „openbare mening" ten gunste van 'n bepaalde saak is, terwyl dit in werklikheid net 'n klein belangegroep is wat so voel.[47] Die interessante beskouing van Dovifat in verband met die sogenaamde „openbare mening," kan ten volle onderskryf word wanneer hy dit soos volg stel: die „immer wieder beigelegte Bezeichnung die öffentliche Meinung ist eine propagandistischer Hilfsbegriff. Es gibt nicht die öffentliche Meinung, es gibt nur öffentliche Meinungen oder Meinungen in der Öffentlichkeit."[48]

(iii) Vervlegting met ander samelewingskringe. Die leser moet ook beskou word as individueel-sosiale wese. Die koerant(B) rig hom nie net tot die individu nie, maar ook tot die mens wat lid is van onderskeie samelewingskringe(C2), bv. tot die mens as lid van 'n kerk, die staat, 'n politieke party, 'n volk, 'n volkse organisasie, 'n geldinstituut

---

46) Loc.cit.

47) 'n Goeie voorbeeld is die brief wat „Ses Kinderartse" geskryf het en waarin hulle dit onbegryplik vind dat 'n kinderhospitaal nie in Pretoria gehou kan word nie, omdat, na hulle oordeel, die Provinsiale Administrasie o.a. nie rekening hou met „die wil van die volk" nie. Die vraag sou gestel kon word, hoe is die wil van die volk getoets? Sou die briewe van enkele „deskundiges" en 'n klompie lede van die publiek as bewys kon dien van 'n standpunt wat as „openbare mening" beskou kan word?
Vgl. „Ses Kinderartse" se brief in die meningskolomme van Hoofstad. 26 Mei 1969 p. 12.

48) Dovifat, op.cit. p. 20.

ensovoorts. Mocke beklemtoon hierdie waarheid soos volg: „Die groot-publiek bestaan dus uit 'n verskeidenheid onderling-onderskeibare ‚kringe', elkeen waarvan 'n ‚individualiteit' verraai in sovorre as wat dit ten opsigte van lewenshouding en belange van daardie groot-publiek verskil. By benadering sou mens duisende sulke ‚kringe' of publieke kan noem....."[49] Elkeen van hierdie samelewingskringe „verwag van die joernalis dat hy hulle moet bevredig deur koerantverslae te lewer oor aangeleenthede waarin elkeen van die onderskeie groepe, of kringe belang stel."[50]

Die persinstituut (en dus die koerant), rig hom tot die lesers in hulle samelewingsverband. Hiermee ontstaan struktureel die verhouding van die persinstituut(A) en die koerant(B) aan die een kant en die van die mens as lid van 'n kerk, volk (en al die ander samelewingskringe) aan die ander kant.

(iv) Die samelewingskringe waarvan die mens lid is, het elk sy eie struktuur en is met mekaar vervleg. Hierdie struktuurvervlegting vereis 'n analise van die strukture van die onderskeie samelewingskringe vir sover die persinstituut hom tot hulle rig. So alleen kan die persinstituut hom rig tot die samelewingskring met sy eie struktuur en tot die samelewingskringe in hulle onderlinge verhouding tot mekaar.

(v) As voorbeeld van die vervlegting tussen die persinstituut en die verskillende samelewingskringe kan die verhouding tussen persinstituut en staat genoem word. Die staat as instituut het die funksie om die juridiese interorde te handhaaf. In die sin is die persinstituut onderdanig aan die staat. Die staat kan bv. wette maak wat die pers beheer. Die staat het egter ook direkte belang by die pers. Elkeen (staat en pers) behou sy eie identiteit en het sy eie funksie om te vervul. Derhalwe moet enersyds gewaak word teen die standpunt van 'n staatsbeheerde pers, maar ook andersyds teen die persheerskappy oor die staat. Die gesonde wedersydse strukturele verhouding moet dus hier geld en so ook in verband met die pers en elke ander samelewingskring, bv. kerk,

---

49) Mocke, op.cit., p. 48.
50) Ibid. p. 52.

volk, politieke party ensovoorts.

(vi) Die belangegroepe(X). Dit is 'n erkende feit in perskringe dat betrokke samelewingskringe of groepe mense belang by die persinstituut (of koerant) het.[51] So 'n belangegroep mag 'n persinstituut stig, of verwag dat die persinstituut (en die betrokke koerant) volgens 'n bepaalde beleidsrigting veral sy belange moet behartig of mag probeer om die persinstituut (en sy koerant) vir 'n bepaalde saak of beleidsrigting te beïnvloed of mag selfs met bepaalde middele druk op die persinstituut (en sy koerant) uitoefen om 'n bepaalde beleidsrigting te volg. As voorbeelde kan veral na die politieke lewe verwys word. Die Eerste Minister, mnr. B.J. Vorster, beskou die Afrikaans-Nasionale koerant as „'n diensorganisasie, en is inligtingsbron, ook ten opsigte van die doelstellinge van die party."[52] Hierdie verskynsel is nie alleen eie aan die Afrikaans-Nasionale pers nie, maar ook waar van die Engelse pers in Suid-Afrika en ook oor die wêreld heen. Belangegroepe soos die aandeelhouers van die persmaatskappy, die kerk, die staat, volksorganisasies ensovoorts kan ook die persinstituut (en die koerant) beïnvloed of oorreed om die belange van die betrokke groep of samelewingskring te dien.

Wat bogenoemde belangegroepe betref, is dit opvallend dat die gerigtheid van die koerant tot die leserskring hier omgekeer word en dat dit juis die belangegroep(X2) is wat hom op die persinstituut(A) en die koerant(B) rig.

Hier is 'n strukturele vervlegtheid gegee, waarby die struktuur van die betrokke belangegroep (vir sover dit tot die persinstituut gerig is) ook onder oë gesien moet word.

(vii) Die sirkelstruktuur binne die perskring. Die verhouding van die verskillende afdelings of kringe binne die perskring kan as 'n sirkel-struktuur aangewys word. Die persinstituut(A) bied die koerant(B) aan die lesers(C). Die lesers(C) bestaan uit sosiale kringe of groeperings wat

---

51) Vgl. DeVolder, De Ethiek van De Pers. p. 286.
52) Vgl. Die Burger. 22 Maart 1969. p. 9.

belangegroepe(X) vorm en die persinstituut(A) beïnvloed. Die sirkelstruktuur is dan die volgende: A-B-C-X-A.

Met hierdie struktuurvervlegting van die perskring kom ook weer die probleem van gesag en verantwoordelikheid aan die orde.

(c) Vervlegting binne die ekonomiese kring.

Inleiding.

Hierdie afdeling word bygevoeg om die klem op die ekonomiese kring binne die perskring te laat val.

(i) Die persinstituut is nie 'n ekonomiese instituut nie. Dit blyk veral duidelik wanneer die kerntaak en die bykomende taak van die redaksie(A2) in oënskou geneem word. Die redaksie(A2) van die koerant(B) hou hom in die eerste plek met nuusaanbieding besig. Tereg merk Mocke op die „koerant(moet) dus in die eerste plek 'n nuusverspreidingsmiddel wees." [53] Derhalwe rig die koerant hom tot die lesers wat op hulle beurt verlang om oor gebeure in die samelewing ingelig te word.

Die perskring en juis die persinstituut (met sy koerant) het egter aan die ekonomiese kring deel. Die persinstituut staan nie los van die ekonomiese kring nie, maar is in werklikheid daarmee vervleg. Tot die ekonomiese kring kan bv. die volgende gereken word: die primêre en sekondêre produsente en die produkte wat hulle lewer, die verspreiding van die produkte en die verbruikers daarvan, die geldwese wat vir die ekonomie 'n onmisbare middel is.

(ii) Tot die ekonomiese kring binne die perskring behoort verder die tegniese afdeling(A4) van die persinstituut wat die koerant druk, die koerant(B) as ekonomiese produk, die verspreiders(A5 bi en F1 en F2) en dan ook die lesers(C) wat die koerant ontvang en dus ekonomies verbruik.

(iii) Tot die ekonomiese kring binne die persinstituut behoort voorts die geldwese wat soos volg onderskei kan word:

---

53) Mocke,op.cit., p.30.

die lesers(C) se betaling van intekengeld vir die koerant(B) en dus die inkomste van die persinstituut(A5 bii), die adverteerders(D) se betaling van advertensies en die persinstituut se inkomste(A5 bii), interne uitgawes van die persinstituut (bv. betaling van salarisse -A5 bii) en dan uitgawes aan buite-instansies soos bv. buite-nuusbronne(E), buiteverspreiders(F), handel en industrie(G) wat deur die persinstituut(A5 bii) aangegaan word.

(iv) Die adverteerders kan onderskei word as individueel(D1), d.w.s. as enkelinge of institute wat hulle direk tot die persinstituut wend met die doel om een of ander advertensie in die koerant(B) te plaas. Die adverteerders kan ook advertensie-agentskappe(D2) wees wat die adverteerders se belange behartig en in 'n bepaalde verhouding tot die persinstituut optree.

(v) Die adverteerders(D) skakel baie nou met die advertensie-afdeling(A3) van die persinstituut(A). Die advertensie-afdeling(A3) van die persinstituut(A) verseker o.a. dat die finansies (A5 bii) van die persinstituut(A) op gesonde grondslag geplaas word.

(vi) Vervolgens word daarop gewys dat die advertensiewese(A3) van die persinstituut(A) baie nou verbind is met die koerant(B) en selfs die voortbestaan of ondergang van 'n koerant(B) kan verseker. Dit is ook van belang om daarop te wys dat die koerant(B) nie slegs belang by advertensies(A3) het omdat dit die nodige inkomste vir die uitgee van die koerant verseker nie, maar ook omdat die advertensies vir die koerant 'n bepaalde nuuswaarde het. Hierdeur word die vervlegting van die afdelings binne die persinstituut nog sterker beklemtoon.

(vii) Voorts word ook gewys op die verhouding van die koerant(B) se advertensie-wese(A3) tot die lesers(C). Die advertensies kan gerig word tot die individuele(C1) lesers of tot die lesers as sosiale kringe(C2).

Die adverteerders speel dus 'n uiters belangrike rol in verband met verskeie onderafdelings van die perskring.

(viii) Die persinstituut(A) is ook van die handel en industrie (G) afhanklik vir die voorsiening van o.a. drukmasjiene, koerantpapier ensovoorts. Die handel en industrie(G)

skakel weer met die administrasie(A) van die persinstituut omdat die finansiële afdeling(A5 bii) verantwoordelik is vir die aankope van die persinstituut.

Bogenoemde strukturele verhoudinge is 'n goeie aanduiding van die afhanklikheid van die persinstituut van die dienste van die verskillende bronne buite die persinstituut.

Die struktuur van die perskring as geheel. Die perskring as geheel genome vorm 'n ingewikkelde vervlegting van o.a. persinstituut(A) - koerant(B) - lesers(C) - belangegroepe(X) - persinstituut(A), van adverteerders(D) - advertensiewese(A3) - finansies(A5 bii) - koerant(B) - lesers(C); van buitenuusbronne (E) - redaksie(A2); van buiteverspreiders(F) - administrasie(A5); en van handel en industrie(G) - administrasie(A5). Elkeen van genoemde afdelings in hulle verhouding tot die persinstituut het sy eie taak en funksie om te vervul. Hierdie afdelings in die perskring toon 'n onderlinge afhanklikheid van mekaar en 'n ingewikkelde vervlegtheid met mekaar.

Elkeen van hierdie kringe verskil radikaal van die ander en die taak en funksie van die een kan nie tot dié van die ander herlei word nie. Tog moet die onderlinge samehang van genoemde onderafdelings ook erken word.
Uit die voorafgaande is dit duidelik hoe die perskring aan die ekonomiese kring deel het en hoe die verskillende afdelings struktureel met mekaar vervleg is.

(d) Spanning tussen nuusbelange en ekonomiese belange. Dit gebeur dikwels dat die kerntaak van nuusaanbieding ondergeskik aan die winsmotief gestel word. Die redaksie kan self so 'n beleid volg of kan daartoe gedwing word deur die beleid van die direksie of deur drukgroepe buite die persinstituut. In so 'n geval ontstaan 'n spanningstoestand wat die kerntaak van die pers kan belemmer en dit ondergeskik maak aan bykomende take of geldbelange.

(e) Samevattend kan dus gesê word dat uit die vervlegtheid van die nuusbelange van die persinstituut met verskillende instansies en samelewingskringe, en voorts uit die

vervlegtheid van die persinstituut met verskillende ekonomiese instansies, dit duidelik blyk dat die persinstituut deel het aan die ekonomiese kring en vir sy ware taakvervulling van die ekonomiese kring afhanklik is. Dit moet egter duidelik gestel word dat sowel die pers as die verskillende afdelings van die ekonomiese kring, elkeen sy eie struktuur en funksie het. Die een is van die ander afhanklik, maar word nie deur die ander oorheers nie.

5. Algemene struktuurbeginsels binne die perskring.

In die perskring word daar algemene struktuurbeginsels aangetref waarvan enkele kortliks genoem word.

(i) Die persoonsbeginsel. Met hierdie beginsel word nie die persoonlikheid bedoel nie, maar wel die persoonwees. Die persinstituut bestaan uit persone, dit het met die mens te doen. Die ander instansies, soos bv. o.a. die koerant, die lesers, die adverteerders, ens., het altyd met persone te doen. Die persinstituut rig hom tot persone, en nie tot onpersoonlike magte nie. Die omgekeerde is ook waar, nl. dat wanneer die belangegroepe, adverteerders of lesers hulle tot die persinstituut wend, dit nog steeds persone is wat hulle tot ander persone rig. Uit Calvinistiese oogpunt beskou, beteken dit dat die persinstituut en ander instansies wat daarmee vervleg is, te doen het met verantwoordelike mense wat na die beeld van God geskape is.[54]

(ii) Die openbaarheidsbeginsel en anonimiteit. Die openbaarheidsbeginsel van die pers is reeds volledig gestel,[55] en hier word dus net verwys na die feit dat die persinstituut (bv. die redaksie en verslaggewers) vir die leserskring anoniem bly. Die leserskring is weer vir die persinstituut anoniem. Hierdie anonimiteit mag egter die pers nie daartoe beweeg om die privaatheid van die enkeling en die privaatheid van die sosiale kring te benadeel nie.

(iii) Die gewete van die enkeling en soewereiniteit in eie kring. Die gewete van die enkeling moet deur die

---

54) Vgl. Hoofstuk 2. p. 29.
55) Vgl. Hoofstuk 5. p. 187-188.

persinstituut erken en eerbiedig word. Die mens is 'n individueel-sosiale[56] wese en in al hierdie instansies of kringe binne die perskring moet die gewete van die enkeling in ag geneem word en nie alleen op die mens as sosiale wese gelet word nie.

Elkeen van hierdie instansies of kringe binne die perskring verskil radikaal van die ander en die taak en funksie van die een kan nie tot die ander herlei word nie. Tog word die onderlinge samehang van genoemde onderafdelings ook erken. Daarmee word die beginsel van „soewereiniteit in eie kring[57] met betrekking tot die onderskeie afdelings binne die perskring gestel. Hierdie beginsel moet daartoe lei dat elke afdeling binne die perskring sy eie taak en funksie verrig sonder om die „soewereiniteit" van die ander afdelings te skend.

(iv) Die gesagsverhouding binne die persinstituut. Die onderskeid en die verhouding van die gesaghebber en gesagsonderdaan, wat tot die struktuur van elke samelewingskring behoort (ook tot die persinstituut), moet nader verduidelik word.

Met die gesagsverhoudings[58] binne die persinstituut gaan die besondere verantwoordelikheidsbepalinge ook saam. Die hoogste en mees omvattende gesag en verantwoordelikheid in die persinstituut word deur die direksie(A1) gedra. Sodra die lesende publiek voortdurende ontevredenheid met 'n koerant ondervind, rig hy hom gewoonlik tot die redakteur, maar uiteindelik tot die direksie van die persinstituut. Elke afdeling van die persinstituut, bv. die redaksie(A2), die advertensie wese(A3), die tegniese afdeling(A4) en die administrasie(A5), het, volgens sy besondere struktuur en funksies, sy besondere gesagsverhoudings. Elkeen van genoemde afdelings het sy eie besondere struktuur en funksie en tussen hulle onderling bestaan daar nie gesagsrelasies nie.

---

56) Vgl. Hoofstuk 2. p. 54.
57) Vgl. Hoofstuk 2. p. 35.
58) Vir die uiteensetting van die gesagsbepalinge, vgl. Hoofstuk 2. p. 60.

Elkeen van hierdie afdelings het, volgens sy besondere struktuur en funksies sy besondere verantwoordelikheid. Die persinstituut is bv. verantwoordelik vir die koerant wat hy uitgee, soos elke mens tewens verantwoordelik is vir sy dade. Tog het die koerant 'n verantwoordelikheid teenoor bv. die lesers en verskillende ander samelewingskringe, wat nie gesagsinstansies is nie. Dit beteken dat die persinstituut, weens toerekenbaarheid en om vertroue te behou, rekenskap moet gee van sy handelinge. In laaste instansie is die persinstituut verantwoordelik aan God, die Absolute Soewereine Gesaghebber[59] van die mens, i.v.m. alles wat hy doen en laat.

(b) Ten slotte word net gemeld dat elke afdeling binne die perskring struktureel aan die betrokke norme[60] gebind is. By elkeen van hierdie afdelings of kringe binne die perskring is daar die moontlikheid van normoortreding en dus van euwels wat die hele perskring raak. Die gestruktureerdheid van die perskring is 'n voorwaarde vir persvryheid. Hierdie standpunt omtrent die pers sal in die volgende hoofstukke teenoor die beskouinge van die liberalisme en kommunisme gestel word.

Samevatting. Die betekenis van hierdie strukturele ontleding van die perskring en die persinstituut beklemtoon die feit dat die persinstituut uit 'n groot aantal onderafdelings bestaan waarvan elkeen 'n bydrae lewer tot die aktualisering van persvryheid. Elkeen van hierdie afdelings het sy eie taak en funksie om te vervul, maar is tog op velerlei wyse onderling met mekaar vervleg. Die probleem van persvryheid is dus nie tot die koerant of die redaksie van die koerant beperk nie. Persvryheid moet benader word in sy vervlegtheid van die persinstituut met elkeen van die onderskeie instansies binne die perskring. Die struktuuranalise van die perskring lewer dus 'n besondere bydrae tot groter helderheid in verband met die benadering van persvryheid. Teen die agtergrond van hierdie struktuuranalise kan daar nou oorgegaan word tot 'n bespreking van die taak en bestemming van die pers.

---

59) Vgl. Hoofstuk 2. p. 61.
60) Hier word dit slegs vermeld. Die normeprobleem word in Hoofstuk 6 D volledig bespreek.

C. Die Taak en Bestemming van die Pers.

Inleiding. In die vorige afdeling is daar veral aandag gegee aan die struktuurprobleem van die pers. Die persinstituut is egter nie net gestruktureerd nie, maar handel ook, dit het verskillende take om te volbring en is geroepe om die bestemming van die pers te verwesenlik.[61] In hierdie afdeling sal daar veral op die take van die onderskeie afdelings binne die perskring gelet word. 'n Breedvoerige beskrywing van die take van al die afdelings binne die perskring sou die gedagtes weglei van die kernprobleem, nl. persvryheid, en buitendien sou dit te veel ruimte in beslag neem, derhalwe word daar veral klem gelê op die kerntaak van die persinstituut (A2a), die bykomende take (A2b) en dan die take van sommige ander afdelings wat veral van belang geag word vir die probleem van persvryheid (o.a. dié van die lesers). Waar sommige afdelings se take dus indringende behandeling verg, sal daar, slegs terloops en om aan die eis van volledigheid te voldoen, na die take van ander afdelings verwys word.

I. (a) Nuustake.

Inleiding. Die probleem van nuus en sy kontingensie.[62]

In 'n poging om die persinstituut te omskrywe, is daar gemeld dat dit o.a. tot kerntaak het die „periodieke aanbieding van aktuele nuus.....".[63] Die probleem van nuus en wat daarmee saamhang is dus van die allergrootste belang vir die persinstituut.[64] In die volgende paragrawe word hierdie probleem in besonderhede bespreek.

(i) Wat nuus is. Onder nuus kan moontlik verstaan word iets nuuts, die nuwe of die mededeling van iets nuuts wat gebeur het. Albei hierdie betekenisse kan in verband met die taak van die pers gebring word. Mocke sinspeel

61) Vgl. i.v.m. menslike take, p. 64.
62) Hierdie inleiding sal enigsins lank wees omdat 'n deeglike bespreking van die nuusprobleem noodsaaklik is vir die uiteensetting van die taak en bestemming van die pers.
63) Vgl. hoofstuk 5.A.p. 191.
64) Vgl. ook die kerntaak van die persinstituut (A2a)volgens die Skema van die perskring.Bylaag A.p.Bl.

op die eerste betekenis van nuus wanneer hy sê: „Die woord ‚nuus' veronderstel uit die aard van sy betekenis iets ‚nuuts', 'n berig moet dus 'n nuwe verwikkeling, gebeurtenis, verskynsel, handeling, idee, ens. voorstel voordat dit as ‚nuus' aanvaar kan word,"[65] terwyl die joernalis P.A. Joubert veral die tweede betekenis beklemtoon: „Nuus is, soos uit die woord self blyk, iets wat nuut is - dus die bekendmaking van iets wat tot op daardie oomblik nie bekend was nie."[66] Vir die doel van hierdie afdeling word onder nuus verstaan: „iets nuuts wat gebeur"[67] waarvan die mens kennis neem. Nuus is dus meer as „that which is not an ordinary, everyday occurence."[68] Nuus kan egter ook bestaan in die eerste mededeling van gebeurtenisse wat, selfs eeue gelede, plaasgevind het.

Die pers self is veral toegespits op die beriggewing en beklmetoon dus die mededeling van die nuus sterker as die „nuwe gebeurtenis", soos o.a. blyk uit die standpunt van Fraser Bond: „Nuus is 'n tydige en ware verslag (of mededeling) van enigiets wat vir die mensdom van belang en/of belangrik is en die beste nuus is daardie nuus wat die belangstelling van die meeste gaande maak."[69] Deur egter die klem te laat val op nuus as iets nuuts wat gebeur, word deurgedring tot die kern van die nuusprobleem, soos o.a. sal blyk uit die bespreking van die kontingente aard van nuus.

(ii) <u>Die kontingente aard van nuus</u>. Nuus kan beskrywe word as kontingent[70] van aard, d.w.s. dit vind op 'n bepaalde plek en 'n bepaalde tyd plaas. Nuus het dus betrekking op nuwe kontingente gebeurtenisse. Nuus word volgens Stoker hier in 'n besondere sin bedoel: „Hierby moet ons daarop let dat met nuut kontingent-nuut bedoel is..... In die algemene sin is moord nie iets nuuts nie. Maar dat hiér (hic) vandag (nunc,nou) juis mnr.A vir juis mnr. B, en wel op hierdie wyse vermoor het - dit is iets nuuts."[71]

---

65) Mocke op.cit., p. 33.
66) Joubert,P.A.Die Buitelandse Korrespondent se werk. Ongepubliseerde referaat. p.8.
67) Stoker,H.G.'n Poging tot 'n wysgerige analise van Nuus. Ongepubliseerde klasaantekeninge. p.1.
68) Geyer,A.L.The Role of the Press with Regard to Race Relations in South Africa.p.204.
69) Vertaal deur G.J.Pienaar,Klasaantekeninge.Nuus.p.1.
70) Vir 'n beskrywing van die kontingente,vgl.p.75.
71) Stoker,H.G.'n Poging tot 'n Wysgerige analaise van Nuus.p.2.

Die kontingente aard van nuus is daarin geleë dat 'n gebeurtenis hier-nou plaasvind, eenmalig is en dat dié unieke gebeurtenis nie weer presies so en presies hier, herhaal sal word nie. Die kontingente aard van nuus plaas die pers dus daagliks voor 'n groot aantal unieke onherhaalbare gebeurtenisse waaromtrent nuus meegedeel kan word. Juis aan hierdie kenmerk van nuus is die besondere „nuutheid" van die beriggewing in die koerant verbind, 'n standpunt wat deur Pienaar soos volg bevestig word: „By die moderne koerant is dit die leuse dat vandag se nuus vandag geplaas moet word...."[72] Nog 'n waarheid moet in die verband beklemtoon word. 'n Nuwe geskrif van 'n klassieke skrywer kan bv. vandag eers ontdek word, of nuwe insigte in sy werk verkry word, en dit is ook nuus, want die ontdekking het nou plaasgevind en die insig het nou eers gekom. Die verlede kan dus op hierdie wyse kontingent as nuus in die hede te voorskyn tree. Die toekoms kan ook as nuus vandag aktueel in die hede bekend word, bv. in September 1969 kondig die Eerste Minister aan dat 'n algemene verkiesing in April 1970 sal plaasvind. D.w.s. wat in die verlede gebeur het, of in die toekoms gaan gebeur, het vandag bekend geword en word as aktuele nuus meegedeel.

Hierdie beskouing omtrent die kontingente aard van nuus is sover bekend nêrens in enige literatuur i.v.m. die pers aangetref nie en kan beskou word as die vrug van die wysbegeerte van H.G.Stoker.

(iii) <u>Die aktualiteit van nuus</u>. Die pers lê veral klem op die aktualiteit van nuus. In dié opsig wys Stoker daarop dat die „aktuele gebeurtenis is die kontingente wat in die hede plaasvind. Die aktuele is tot die daadwerklik nou-hier-gebeurlike(die hede) beperk."[73] Maar alle kontingente gebeure is nie nuus nie. Hierdie stelling word bevestig deur 'n aanhaling van Mocke: „Nie alle gebeurtenisse wat 'n ‚nuwe' voorval, verwikkeling, verskynsel of idee voorstel, is egter goeie koerantnuus nie."[74] As voorbeeld kan die volgende genoem word. Die hartoorplanting wat vir

---

72) Pienaar,G.J. Klasaantekeninge.Nuus. p.4.
73) Stoker,H.G.:'n Poging tot 'n wysgerige analise van nuus. p.1.
74) Mocke,op.cit. p. 34.

die eerste keer in Kaapstad gedoen is, was 'n nuwe aktuele kontingente gebeurtenis. Die aktualiteit van hierdie gebeurtenis het geblyk uit die feit dat dit soos min ander nuusberigte vir maande lank op die voorblad van die wêreldpers was. Die tweede en derde hartoorplanting, en so elke hartoorplanting in die onderskeie lande, kan ook nog as 'n aktuele gebeurtenis beskou word. Dit is egter te betwyfel of hartoorplantings oor 'n jaar nog as 'n aktuele gebeurtenis beskou sal word. Maar sodra 'n hartoorplanting vir die eerste keer op 'n Eerste Minister van 'n groot land gedoen word, is dit weer 'n aktuele kontingente gebeurtenis. In die lig hiervan kan volkome instemming betuig word met die standpunt van Stoker: „..... nie alle aktuele kontingente gebeurtenisse nie, maar slegs nuwe aktuele kontingente gebeurtenisse is nuus."[75] Die aktualiteit van nuus moet dus ook gesien word in die betrokkenheid van die mens by die besondere nuwe gebeure. DeVolder wys hierop in sy beskrywing van aktuele nuus: „Iedereen erkent, dat de kern van de aktualiteit van het nieuws niet moet gezocht worden in de objectieve feiten als zodanig, maar in een verhouding van bepaalde feiten en de in de gemeenschap levende mensen."[76]

(iv) Die ken-probleem en nuus. Die ken-probleem moet meer volledig bespreek word aangesien dit verskillende gesigspunte i.v.m. die probleem van nuus behels. Kennisvorming moet steeds gesien word in verband met die moontlikhede vàn en moontlikhede vîr die mens.[77] Die moontlikhede van die mens is met sy aard, aanleg en funksies gegee. Die moontlikhede vir die mens is met sy omstandighede, geleenthede, situasies, met die werklikheid (kosmos), maar ook met die openbaring van God gegee. Die moontlikhede van die mens om kennis te vorm is met sy kenaanleg, kenvermoëns en kenfunksies gegee. Die moontlikhede vir die mens om kennis te vorm is gegee met die kenbare (die openbaring van God in Sy Woord; die werklikheid of kosmos wat die mens ontwaar - dit alles kan geken word). Kennis word dus gevorm. deur die kennende ontginning

75) Stoker,H.G. 'n Poging tot 'n wysgerige analise van nuus. p. 2.
76) DeVolder,N.De Communistische Propaganda.p.117. Vgl.ook dieselfde beklemtoning in DeVolder se werk: De Ethiek van de Pers.p.113-115 waar o.a. oor die aktualiteit van nuus gehandel word.
77) Vgl. Hoofstuk 2. p. 87-88 vir besonderhede in die verband.

deur die mens van die kenbare. Met sy vorming van kennis het die mens 'n moontlikheid van keuse en is dus toerekenbaar; hy staan i.v.m. sy kennisvorming ook onder die normatiewe wetsorde en is dus verantwoordelik. Hierdie twee stellinge vorm o.a, 'n grondslag vir menslike vryheid en dus ook vir persvryheid en raak die kerntaak van die pers i.v.m. sy nuus-aanbieding. Alle kennisvorming moet aan die kenbare beantwoord, 'n stelling wat weer die waarheidsprobleem in sig bring.

Voorts moet daarop gewys word dat kennisvorming ook 'n bepaalde doel het. In die verband kan daarop gelet word dat die pers hom ten doel kan stel om aan die mens kennis mee te deel én om die handelinge van die mens te beïnvloed. Hieromtrent word in die volgende paragrawe gehandel.

Nuus as die gekende wat tot openbaarheid kom. Die kennisvorming van die mens kan nog nie as nuus beskryf word nie. Die gekende is eers nuus wanneer dit wat reeds in die openbaar gebring is, aan die mens meegedeel word. Die stelling van Stoker in dié verband kan ten volle onderskryf word: „Nuus is gekende, tot openbaarheid gebragte nuwe aktuele kontingente gebeurtenisse."[78] Derhalwe kan daar van nuus gepraat word as 'n bepaalde soort kennis[79] wat in die openbaar gebring word. Die ryke skatte van die kenbare word so aan die mens onthul. Dit beteken 'n geestesverryking van die mens waarby hy hom in hierdie skatte kan verheug en hom oor die wonderlikheid en heerlikheid van wat in die kenbare verborge was, kan verwonder. Dit beteken dat die pers, religieus gesien, in die skatte van die kenbare die wysheid van God as Skepper, Wetgewer en Bestierder kan erken en daarmee God kan eer en verheerlik.

Nuus en die menslike handelinge. Nuus kan ook aangebied word met die doel om die mens wat deur die lees van die nuus kennis opdoen, in staat te stel om te handel. Die beslissing, wat om met die kennis te doen en hoe om met die kennis te handel, lê dan by die ontvanger van die kennis (die leser). Hierdie kennismededeling het dus 'n onregstreekse

78) Stoker, H.G. 'n Poging tot 'n wysgerige analise van nuus, p. 2.
79) Vgl. Hoofstuk 2, p. 65.

doel om die mens tot handeling aan te spoor, terwyl die regstreekse doel eintlik die mededeling van kennis is.

Die moontlikheid is egter ook dat die persinstituut hom ten doel kan stel om direk deur kennis (nuus) -vorming en -aanbieding en in besonder deur -voorligting, die leser se handelinge te beïnvloed om op 'n bepaalde wyse te handel. In sommige gevalle kan hierdie beïnvloeding selfs propaganda en indoktrinasie insluit.

Die betrokkenheid van die mens by nuus. Die mens het deel aan die gebeurtenisse wat in die wêreld plaasvind.[80] Nuus is egter nie net beperk tot die gebeurtenisse waarby die mens 'n „subjektiewe interesse of belangstelling"[81] het nie. Diemer wys veral op die feit dat die méns by kénnis (en dus ook nuus) betrokke is: „Binnen die wereld is er een betrokkenheid van de méns bij hetgeen gebeurt; er is ook een algemene menselijke verantwoordelijkheid. Deze verantwoordelijkheid verplicht tot kennis en wetenschap van hetgeen er voorvalt."[82] Derhalwe kan die stelling van Stoker in verband met die betrokkenheid van die mens by nuus onderskryf word: „ hierdie nuwe aktuele gebeurtenisse behóórt die mens te interesseer, sy beslissings te wek en dit bly nuus ook al sou die betrokke nuwe aktuele kontingente gebeurtenisse dit in gevalle nie doen nie."[83] Die mens het by gebeurtenisse in die wêreld belang om hulle te ken.

Die betrokkenheid van die mens by gebeurtenisse en kennis daaromtrent (d.w.s. ook by nuus) moet dus teruggelei word na die geskenkte ken-aanleg, kenfunksies en kentalente van die mens en ook die hom geskenkte kenbare. Tereg merk Stoker in die verband op: „Hierdie moontlikhede skenk die mens nie homself nie, hy ontvang hulle, in die laaste instansie uit die hand van die Skepper; hulle is hom nie verniet geskenk nie, maar verplig hom tot sy taak, nl. vorming van kennis; vorming van kennis is 'n roepingsvervulling waartoe uiteindelik God die mens roep, d.w.s. ver-

---

80) Vgl. Hoofstuk 2, p. 80.
81) Stoker, H.G. 'n Poging tot 'n wysgerige analise van nuus. p. 3.
82) Diemer. op.cit. p. 428.
83) Stoker,H.G. 'n Poging tot 'n wysgerige analise van nuus. p. 3.

plig."[84] In hierdie sin kan nuus as kennis ook gesien word as noodsaaklik vir die bestemmingsverwesenliking van die kenbare, waaronder ook die mens. Die mens (in hierdie geval die pers) is dus kragtens sy kerntaak verplig om nuus aan te bied en sodoende die verborge kenbare tot openbaarheid te bring en die mens tot kennisvorming te lei.

Die rede waarom nuus aangebied word, word dikwels aangegee as die „mens se ingebore nuuskierigheid."[85] Nuuskierigheid alleen soos deur Mocke aangegee, is te 'n subjektiewe siening en dring nie deur tot die diepsinniger waarheid van nuus as kennis van gebeure waaraan die mens deel het en waarin hy altyd geïnteresseerd behoort te wees nie. Om die rede behoort die bykomende rede soos deur Mocke aangegee word, t.w. „om te weet wat in die wêreld om hom heen gebeur, om op hoogte gehou te word van die doen en late van sy medemens,"[86] baie meer beklemtoon te word as bloot die nuuskierigheid van lesers. Hierdie standpunt geniet die ondersteuning van Pienaar wat in sy proefskrif o.a. tot die gevolgtrekking kom: „..... dat die belangrikste funksie van enige koerant of ander nuusmedium die oordra van nuwe feitekennis aan sy lesers, d.w.s. lede van die publiek,is."[87] Bogenoemde beklemtoon egter die waarheid voldoende dat nuus gesien moet word in verband met die kennende mens wat uit die kenbare werklikheid kennis(nuus) versamel en dat hy daartoe verplig is as medewerker van die bestemmingsverwesenliking van die mens en die wêreld.

(v) <u>Die universaliteit van nuus</u>.[88] Die universaliteit van nuus kan in dubbele sin verstaan word. Nuus kan enersyds as universeel beskou word omdat elke mens by nuwe, aktuele, kontingente gebeurtenisse betrokke is. Stoker wys daarop dat nuus ook andersyds as universeel beskou word omdat „elke nuwe aktuele kontingente gebeurtenis wat die mens ontwaar, leer ken (en ook meedeel) nuus is."[89] In laasgenoemde sin raak nuus dus nie alleen die mens en sy

---

84) Ibid. p. 4.
85) Mocke, op.cit. p. 30. Hierdie rede word ook deur ander skrywers genoem.
86) Loc. cit.
87) Pienaar, G. J. Perssensuur en Staatsveiligheid.p. 197.
88) Vgl. Universaliteit as kenmerk van die pers. p.186.
89) Stoker, H.G. 'n Poging tot 'n wysgerige analise van nuus. p. 5.

handelinge, maar ook alles aangaande die natuur, bv. droogtes, oorstromings, aardbewings, ens. In 'n heel oorspronklike siening van nuus praat Stoker bv. van die dubbelbrandpuntigheid van nuus: „die een brandpunt is die nuwe kontingente gebeurtenis; die ander is die kennende mens."[90] Die mens is dus by elke nuwe aktuele, kontingente gebeurtenis betrokke en om dit te leer ken, word dit eers nuus vir die mens. Die betrokke standpunt word bevestig deur Peereboom se beskrywing van nuus, alhoewel hy die dubbelbrandpuntigheid van nuus nie insien nie: „Voor de lezer: elke gebeurtenis die hij nog niet vernomen heeft en die hem om de een of andere reden belang inboezemt."[91] Met hierdie beklemtoning word dus daarop gewys dat alle nuus as persoonlik beskou moet word, alhoewel dit nie beteken dat nuus uitsluitlik subjektief hoef te wees nie.

(vi) Nuuswaardigheid.[92] 'n Bepaalde nuwe aktuele kontingente gebeurtenis het vir die een mens minder betekenis, vir 'n ander het dit meer betekenis en vir 'n derde het dit volle betekenis. Stoker het hierdie waarheid in die volgende sin beklemtoon: „Die nuuswaarde van 'n nuwe aktuele kontingente gebeurtenis is gevarieerd."[93] As voorbeeld kan genoem word dat alle volke belang het by 'n gebeurtenis soos 'n wêreldoorlog, maar dat die Europese volke soos Duitsland, Frankryk, Nederland en Engeland meer daarby betrokke is as die volk van Lesotho. Laasgenoemde word in mindere mate daardeur geraak. Vanweë die verbeterde tegniese verbindings en kommunikasiemiddele is al meer volkere en mense betrokke by gebeurtenisse wat in verskillende wêrelddele plaasvind. Met bogenoemde word slegs verwys na die probleem van die relevante differensiasie van nuus en nuuswaardigheid.

---

90) Loc.cit.
91) Peereboom, op.cit. p. 87.
92) Hierdie begrip moet nie as subjektief beskou word nie maar wys heen na „nuusdienstigheid". Dit verwys na die betekenis van die nuwe aktuele kontingente gebeurtenis en die betrokkenheid van die mens daarby. Vgl. Stoker, H.G. 'n Poging tot 'n wysgerige analise van nuus. p. 5.
Peereboom beklemtoon dieselfde waarheid wanneer hy praat van nuusberigte waarby „al zijn lezers of een aantal van hen..." betrokke is. Peereboom.op.cit.p.87.
93) Stoker, H.G. 'n Poging tot 'n wysgerige analise van nuus. p. 5.

(vii) Nuus en die oriëntering van die mens in die wêreld. Die mens is 'n historiese wese en die geskiedenis gaan gedurig voort. In hierdie voortgang van die geskiedenis moet die mens op hoogte wees van gebeurtenisse in die wêreld om hom omdat dit hom in sy taak en roeping persoonlik raak. Stoker sien hierdie waarheid soos volg: „.....nuus (kennis van nuwe aktuele kontingente gebeurtenisse) het vir die mens 'n eie spesifieke funksie, juis weens sy nuut-aktueel-kontingente karakter, nl. om hom in sy omgewing, in sy land, in die wêreld te oriënteer."[94] Die mens het dus persoonlik by aktuele kontingente gebeurtenisse in die wêreld belang en kennis(nuus) van sodanige gebeurtenisse lewer 'n belangrike bydrae tot die verpligtende karakter wat die mens het om sy roeping te vervul en sy bestemming te verwesenlik. Die betrokkenheid van die mens as individu en samelewingskring by die nuus, benadruk die gewig (kwalitatief bedoel) wat 'n nuusberig vir die mens en menslike samelewingskringe kan hê. Dit kan van mens tot mens en geval tot geval verskil, 'n waarheid wat deur Stoker soos volg beklemtoon word: „Die gewig hang ook af van die aard van die nuutheid van 'n nuwe, aktuele, kontingente gebeurtenis in die betrokkenheid van die mens daarby: dit kan baie of min opvallend, verwag of onverwag, gewoon of buitengewoon, gewoon of vreemd wees, ensovoorts."[95] Elke nuwe aktuele kontingente gebeurtenis is nie 'n losstaande gebeurtenis nie, maar vind plaas in 'n samehang van gebeurtenisse. Die mens het juis besondere belang by hierdie kennis(nuus) omtrent die samehang van gebeurtenisse in die wêreld en heel tereg het Diemer van die taak van die koerant geskryf as „..... een middel voor de mens om hem te helpen aan de algemene informatie die hij, gelet op zijn plaats in de menselijke zamenleving behoeft."[96] Die nuuswaarde van 'n nuwe aktuele, kontingente gebeurtenis hang dus af van die plek wat dit in die betrokke samehang van gebeurtenisse inneem.

(viii) Die beoordeling van nuus volgens lewens- en wêreldbeskoulike agtergrond: Die kennisvorming(ook nuus) van die mens word medebepaal deur sy lewens- en wêreld-

---

94) Ibid. p. 6.
95) Ibid. p. 7.
96) Diemer, op. cit. p. 428.

beskouing.[97] Die waardering en beoordeling van nuus word egter ook deur die lewens- en wêreldbeskouing van die mens beïnvloed.[98] In die beskrywing van Peereboom omtrent nuus word veral verwys na die rol wat die „geest en opvattingen van de redactie"[99] in nuusversameling speel. Daar bestaan dus nie so iets soos „neutrale nuus"[100] nie, maar altyd nuus wat uit 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing aangebied word. In die lig van genoemde standpunt kan volkome ingestem word met die opmerking van Stoker: „..... die mens staan teenoor nuus as toerekenbare en verantwoordelike skepsel van God. Dit impliseer egter ook ons goed- of afkeurende oordeel oor die nuus en daarmee ons deelname aan die stryd teen die sonde en kwaad, aan die stryd tussen (wat Augustinus noem) die Ryk van die lig en die ryk van die duisternis."[101] 'n Poging om nuus aan te bied uit 'n sogenaamde neutrale gesigspunt, sou dus eintlik daarop neerkom dat 'n nuwe, aktuele, kontingente gebeurtenis losgemaak word van sy betrokke samehang met ander gebeurtenisse en ook van die lewens- en wêreldbeskouing van die mens in sy nuusaanbieding. Dit beteken dat nuus nie alleen sy werklike betekenis en waarde verloor nie, maar veral sy nuus-aard en nuus-karakter.[102]

Hierdie beskrywing van die verskillende aspekte omtrent nuus is noodsaaklik geag om dat die kerntaak en ook die bykomende take van die persinstituut hiermee gemoeid is. Teen die agtergrond van hierdie inleiding kan daar nou oorgegaan word tot 'n bespreking van die verskillende take van die onderskeie afdelings van die hoofsirkel van die perskring, nl. A(persinstituut) - B (die koerant) - C (die lesers) - X/Y (belangegroepe volgens bepaalde lewens- en wêreldbeskouings) - A (persinstituut). Na sommige van die ander afdelings in die perskring kan slegs baie kortliks verwys word.

1. <u>Die persinstituut en sy nuustake</u>.

In verband met die nuustake van die persinstituut(A)

---

97) Vgl. Hoofstuk 5 d(i) p. 208-209.
98) Diemer lê veral klem op hierdie waarheid. Vgl. Diemer op.cit.p. 428.
99) Peereboom, op.cit. p. 88.
100) Vgl. die verwerping van die standpunt omtrent die beoefening van die sogenaamde „neutrale wetenskap", p.17.
101) Stoker, H.G. 'n Poging tot 'n wysgerige analise van nuus, p.8.
102) Vgl. Loc.cit.

word in mindere mate verwys na die direksie (A1) en die hoofbestuurder, terwyl die kerntaak en die bykomende take van die redaksie (A2) in meer besonderhede bespreek word.

(i) Nuustake van die direksie(A1). Die direksie van 'n koerant vervul nie 'n direkte taak in verband met die nuustake van die persinstituut nie, behalwe in die geval van die sogenaamde persbronne waar die eienaar dikwels die take van direksie, besturende direkteur en hoofredakteur in homself verenig. Dié toestand is egter in Suid-Afrika onbekend, behalwe in die geval van klein, dikwels onbeduidende plaaslike koerantjies. In die praktyk kom dit daarop neer dat die direksie 'n algemene beleid i.v.m. die persinstituut neerlê en dat die redaksie (en by name die hoofredakteur) verantwoordelik is aan die direksie vir die uitvoering van hierdie beleid. Peereboom beskou dit as 'n gesonde stand van sake: „Op een basis van algemene overeenstemming met de directie voert de hoofdredacteur zijn eigen beleid. Dat is m.i. de juiste verhouding."[103] Hierdie algemene beleidsbepaling van die direksie word in twee gevalle duidelik geïllustreer. In die geval van The Sunday Times word vermeld „..... the week-to-week direction of the paper's policy and content fall solely to the editor."[104] Dit is duidelik dat die weeklikse en daaglikse beleidsbepaling van die koerant by die hoofredakteur berus. Die tweede voorbeeld is die van mnr. Laurence Gandar, redakteur van die Rand Daily Mail, wat sy verhouding met die direksie soos volg beskryf het: „Die verhouding tussen die redakteurs van die verskillende koerante van S.A.A.N. en sy direksie is op 'n losse voet in die sin dat die direksie die redakteurs vrye teuels gee."[105] Gandar het opdrag van die direksie gehad „dat die algemene houding een is van teenkanting tot die Regering."[106] Aanvanklik het hy die Verenigde Party gesteun, maar na 'n breuk in die Verenigde Partygeledere het hy besluit om die Progressiewe Party te steun. Hierdie besluit het Gandar geneem sonder enige opdrag van die direksie en word in sy eie woorde soos volg gestel:

---

103) Peereboom, op.cit. p. 127.
104) The Sunday Times: A Pictorial Biography of one of the World's Great Newspapers. Foto-artikels sonder bladsynommering.
105) Die Burger haal Laurence Gandar aan. 22 Maart 1969. p.13.
106) Loc.cit.

„Die besluit om die P.P. te steun, was syne alleen."[107] Dit is dus duidelik dat wat die nuus-take van die pers betref, die direksie slegs 'n algemene beleid neerlê wat dan in besonderhede deur die hoofredakteur uitgevoer word.

In uitsonderlike gevalle gebeur dit wel dat die hoofredakteur ook lid van die direksie is, maar oor die algemeen word dit nie as goeie beleid beskou nie,[108] en is dit ook nie prakties uitvoerbaar nie. Die direksie het die verantwoordelike taak om sy invloed ten goede of ten kwade te laat geld m.b.t. die algemene beleid van die persinstituut. Hierdie beïnvloeding deur die direksie geskied kragtens sy lewens- en wêreldbeskouing en die Calvinis sien juis in hierdie besondere taak 'n geleentheid tot roepingsvervulling deur die direksie.

(ii) Die hoofbestuurder. Die persmaatskappy kan desverkiesend 'n hoofbestuurder of besturende direkteur aanwys wie se taak dit is om as algemene bestuurder van die maatskappy op te tree en veral te dien as skakel tussen die onderskeie afdelings van die persinstituut.

(iii) Die nuustake van die redaksie(A2). Die redaksie van die koerant bestaan gewoonlik uit die hoofredakteur, assistent-redakteurs, die nuusredakteur, en afdelingshoofde onder wie die hoofsubredakteur, sportredakteur, ekonomiese redakteur, verslaggewers, ensovoorts.[109] Die redaksie van die koerant het hoofsaaklik met die nuusaanbieding te doen en heel tereg merk Mocke op, die koerant moet „dus in die eerste plek 'n nuusverspreidingsmiddel wees."[110] In verband met die taak van nuusaanbieding moet daar egter onderskei word tussen die kerntaak(A2a) en die bykomende take (A2b) van die redaksie.

Die kerntaak van die redaksie(A2a). In verband met nuusaanbieding kom die redaksie te staan voor die veelvuldigheid van opeenvolgende nuwe, aktuele, kontingente gebeurtenisse. Kennisvorming (ontwaring), van hierdie gebeurtenisse

---

107) Loc.cit.
108) Vgl. Peereboom, op.cit. p. 127.
109) Vgl. Mocke, op.cit., p. 32 in die verband.
110) Ibid. p. 30.

is nodig deur die redaksie en word as vereiste gestel vir die nuusmededeling. Met die inagneming van die uiteensetting van die probleme wat met nuus as sodanig gemoeid is,[111] kan daar nou oorgegaan word om die verskillende stappe i.v.m. nuusaanbieding te behandel.

Nuusversameling. Die redaksie van die koerant moet in sy nuusversameling rekening hou met die dubbelbrandpuntige aard van nuus, d.w.s. met die nuwe aktuele kontingente gebeurtenis wat plaasvind, en met die nuwe aktuele gebeurtenis in sy betrokkenheid op die mens.[112] Die nuusversameling geskied in ooreenstemming met die gewig en nuuswaarde van elke gebeurtenis,[113] asook die mindere of meerdere betrokkenheid van verskillende mense by die gebeurtenis wat plaasvind. Dit impliseer dat vir nuusversameling bepaal moet word wat, volgens die dubbelbrandpuntige bepaling, die belangrikste is en die swaarste moet weeg."[114] In elke nuwe kontingente geval staan die verslaggewer voor nuwe eise wat slegs vir die betrokke geval geld en wat bepaal wat die nuuswaarde van 'n gebeurtenis is. Dienooreenkomstig moet die nuusversameling dan ook geskied. Die nuusversameling word altyd medebepaal deur die lewens- en wêreldbeskouing van die betrokke redaksielid of persagentskap;[115] by dit alles is elke redaksielid ook toerekenbaar en verantwoordelik vir sy nuusversameling. In verband met nuusversameling moet groot wysheid aan die dag gelê word.

Bogenoemde beginselstandpunt i.v.m. nuusversameling word ook deur die praktyk bevestig. Peereboom wys in die verband op die volgende: „Discretie is inderdaad een kostbare eigenschap bij het hanteren van het nieuws."[116] Wat hy hier veral op die redakteur toepas, kan goedskiks vir elkeen wat met nuusverspreiding te doen het, geld. Voorts vermeld dieselfde bron ook die veranderende nuuswaarde deur op die volgende te wys: „De nieuws-waarde van verkeersongelukken is in het algemeen geteld, naarmate zij talrijker

---

111) Vgl. p. 248-257.
112) Vgl. p. 253-254.
113) Vgl. p. 255.
114) Vgl. p. 76.
115) Vgl. p. 208.
116) Peereboom op.cit. p. 92.

zijn geworden."[117] Waar 'n verkeersongeluk in die jaar 1900 belangrike nuus was, word dit nou slegs in enkele reëls vermeld.

Die nuusversameling van elke koerant se redaksie is aangewys op 'n verskeidenheid van bronne. Een van die belangrikste nuusbronne is die persburo of persagentskappe (E2) met hulle wêreldwye verbindingsnetwerk. Peereboom wys o.a. op die volgende rede waarom hierdie persagentskappe (E2) ontstaan het, nl. „.....uit behoefte aan arbeidsbeperking en verminderen van kosten, tevens versnelling van de berichtgeving."[118] Dit is onmoontlik vir elke koerant om wêreldwyd joernaliste te hê en die meeste koerante maak van hierdie nuusbron met sy geweldige omvang gebruik. Die persagentskappe lewer gewoonlik die nuus en laat alle kommentaar dan oor aan die redaksie van die koerant. Die redaksie moet hierdie nuus verantwoordelik afweeg alvorens daarvan gebruik gemaak word. Daar is ook individuele nuusbronne (E1) soos o.a. vryskutjoernaliste wat nie aan een of ander besondere redaksie verbonde is nie, maar hulle berigte verkoop aan enige persinstituut wat daarin belangstel.

Die koerant se plaaslike en nasionale nuus word egter hoofsaaklik versamel deur die joernaliste-personeel in die redaksie wat hierin gelei word deur die hoofredakteur en veral die nuusredakteurs. Hierdie personeel is aangewys op 'n verskeidenheid bronne, waarvan o.a. die volgende genoem kan word: owerheidsinstellings (wo. die Regering, Provinsiale Owerhede, afdelingsrade en plaaslike besture), polisie, brandweer, hospitale, onderwysinstellinge (wo. universiteite, kolleges, skole, ens.), nywerheidsinstellings, ensovoorts.[119] Die redaksie het ook nuuskontak deur 'n netwerk van plattelandse korrespondente waardeur gebeure op die mees afgesonderde plekke spoedig onder die aandag van die redaksie gebring word.

Genoeg egter om te wys op die feit dat nuusversameling

---

117) Loc.cit.
118) Peereboom, op.cit. p. 97.
119) Vgl. Ibid. p. 96.
Vgl. ook Mocke, op.cit. p. 32.

een van die belangrikste stappe i.v.m. die nuusaanbieding van elke koerant is.

Nuus-seleksie. Die redaksie van elke koerant ontvang daagliks baie meer nuusberigte as wat geplaas kan word. 'n Ondersoek wat in 1940 by Nederlandse dagblaaie ingestel is, het bewys dat slegs twintig persent van die ontvange nuusberigte geplaas kan word.[120] Dit is dus geen probleem om die koerant „vol te kry" nie maar „.....des hoofredacteurs dagelijkse zorg is, hoe hij erin zal slagen zoveel mogelijk nieuws, ‚mee te nemen'....."[121] Dit is dus duidelik dat die redaksie van elke koerant selektief te werk moet gaan. Peereboom wys hierop in die volgende woorde: „Er moet zowel verregaande selectie als, in vele gevallen, sterke bekorting op de uitverkoren berichten toegepast worden. Bij die bekorting verdwijnen dan weer onvermijdelijk details die op zichzelf ook nieuws zijn."[122]

Nuusseleksie, wat volgens die voorafgaande stellinge die daaglikse taak van elke koerantredaksie is, plaas die personeel voor uiters gewigtige besluite. Die dubbelbrandpuntigheid van nuus[123] kom hier ook ter sprake en wat die belangrikste is, moet die swaarste weeg. Besondere wysheid is nodig vir nuusseleksie, want dit kan ook onwys geskied. Nuusseleksie het met die kontingente[124] hier-nou dubbelbrandpuntigheid te doen en die beslissing hier vereis fynsinnige, fyn-onderskeidende wysheid. In hierdie beslissing moet die nuuswaarde met wysheid geweeg word, maar daar moet ook wysheid aan die dag gelê word met die oogmerke i.v.m. die nuus wat aangebied word. Die nuusseleksie geskied altyd met die oog op nuusaanbieding, derhalwe is nuusseleksie 'n taak en verantwoordelikheid waarby nie alleen die redaksie van die koerant betrokke is nie, maar wat veral die leser van die koerant in sy kennisvorming, oriëntering en roepingsvervulling in die wêreld raak. Nuusseleksie blyk dus een van die mees verantwoordelikste stappe van die koerantredaksie in verband met nuusaanbieding te wees.

---

120) Vgl. Peereboom, op.cit. p. 103.
121) Ibid. p. 88.
122) Ibid. p. 87.
123) Vgl. p. 255.
124) Vgl. p. 249.

Beriggewing en Toeligting.[125] Nadat nuus versamel en geselekteer is, word dit deur die beriggewing vir die leser aangebied. Ook hier is die dubbelbrandpuntigheid van nuus en ander bepalinge[126] van toepassing. Gebeurtenisse van besondere nuuswaarde moet in keurige taal opgestel en geformuleer word. In die opstel en formulering van berigte speel die lewens- en wêreldbeskouing van die verslaggewer 'n uiters belangrike rol. In die beriggewing kom nie alleen die dubbelbrandpuntigheid van nuus ter sprake nie, maar ook die relevant gedifferensieerdheid van nuus. Dit impliseer nie dat alle nuus van eweveel belang vir alle lesers is nie. Van sommige nuusberigte behoort alle lesers wel kennis te dra terwyl sommige berigte weer vir ander lesers van weinig of geen belang is nie.[127] Die universaliteit van nuusaanbieding beteken nie dat alle mense alles moet lees nie. Dit beteken wel dat die nuusaanbieding universeel moet wees, d.w.s. dat soveel as moontlik nuwe gebeurtenisse meegedeel moet word, sodat alle mense nuus kan kry wat almal nodig het en relevant gedifferensieerd, die een kan kry wat vir hom van besondere belang is en die ander weer wat vir hom van besondere belang is.

In verband met die beriggewing kom egter nie net die wat ter sprake nie maar veral die hoe. Dit is uiters belangrik of die hoof- en die sub-opskrifte pakkend is, of die kort berig die kern van die gebeurtenis weergee, of die berig duidelik gestel is, of die volgorde van punte in die berig as 'n eenheid saamgestel is. Die berigte dra inherent ook 'n emosionele gevoelswaarde of waarderende of veroordelende strekking, wat van besondere betekenis is. Beriggewing moet steeds van nugterheid getuig en nie van 'n oordrewe sensasionalisme nie. Elke berig rig ook 'n appél

---

125) In perskringe word daar nie gepraat van „toeligting" en „voorligting" van nuus nie, maar wel van „vertolking" en „kommentaar". M.i. is „toeligting" en „voorligting" twee begrippe wat 'n juister weergawe is van hierdie take van die persinstituut. Toeligting van nuus is nie noodwendig vertolking nie en voorligting is nie noodwendig kommentaar nie. Literatuur omtrent die pers bevestig ook hierdie stelling.
Vgl. o.a. Peereboom, p.104 en 130. en Diemer, op.cit.p. 428.

126) O.a. die kontingensie van nuus, nuuswaarde, lewens- en wêreldbeskouing ensovoorts.
Vgl. paragraaf omtrent nuusversameling. p.260.

127) Vgl. p.254.

op die leser se persoonlike belangstelling, sy insigte, begeertes en drifte. Daarom is dit van die uiterste belang dat die redaksie groot sorg moet maak met die wyse waarop beriggewing geskied.

Die wyse van nuusaanbieding het bv. vir baie lesers besondere betekenis. Die nuusaanbieding van die hartoorplanting in die Kaap beklemtoon ook weer die dubbelbrandpuntigheid van nuus. Die betrokke gebeurtenis het objektiewe nuuswaarde vir die hele mensdom, maar vir die hartlyer self het dit subjektiewe nuuswaarde. Dienooreenkomstig sal die verslaggewer ook sy nuusaanbieding op 'n besondere wyse laat geskied, bv. as van algemene belang vir alle lesers, maar ook van besondere betekenis net vir die hartlyers. Dit mag bv. nie valse hoop wek by hartlyers nie.

Die verslaggewer moet hom daarop toelê om aan bepaalde vereistes te voldoen i.v.m. nuusaanbieding. Mocke meld o.a. die nuusberig het sy „tegniese vereistes en sy eie „bouplan." 'n Goeie nuusberig weerspieël ook sekere fases, of onderdele in sy bouplan." [128] Dit moet pakkend en oortuigend aangebied word.

Die aanbieding van nuus geskied dus altyd ooreenkomstig die gesindheid[129] en die lewens- en wêreldbeskouing van die joernalis en nuusredaksie en is nooit neutraal nie.

Nuustoeligting hang baie nou saam met die aanbieding van nuus. Die mededeling van feite kan deur nuustoeligting vir die leser van groter betekenis word. Nuustoeligting het ten doel om die nuusberig in die konteks van gebeurtenisse te plaas sodat dit nie as 'n geïsoleerde gebeurtenis beskou word nie. Dit help selfs om dit aan die leser duidelik te stel in watter konteks van gebeure hy homself bevind. Nuustoeligting bring die dubbelbrandpuntigheid van nuus weer uit omdat die leser of samelewingskring in sy eie konteks van gebeurtenisse (bv. sy plek en taak in die samelewing) geplaas is en toeligting van nuus die betekenis vir

---

128) Mocke, op.cit. p. 35.
129) Vgl. p. 189.

die konteks waarin die leser hom bevind, uitbring. Peereboom het hieromtrent geskrywe: „Door toelichting en aanvulling kan de redactie het ontvangen nieuws belangrijk in waarde verhogen."[130] Om 'n voorbeeld te noem: die leser sou weinig uit 'n mededeling kon aflei wanneer 'n berig slegs lui dat Robert Kennedy deur 'n sluipmoordenaar om die lewe gebring is. Met die nodige nuustoeligting, nl. dat Kennedy kandidaat vir die presidentskap van Amerika is, bepaalde standpunte ingeneem het m.b.t. die negerprobleem in Amerika en die Palestynse kwessie, word die leser gehelp om 'n meer sinvolle gevolgtrekking te maak. Nuustoeligting beteken dus eintlik dat elke nuwe aktuele, kontingente gebeurtenis in sy ware konteks geplaas word.

Nuustoeligting geskied altyd ooreenkomstig die lewens- en wêreldbeskouing van die joernalis, want dit hang grootliks van die lewens- en wêreldbeskouing van die joernalis af watter betekenis hy aan 'n bepaalde gebeurtenis heg en in watter verband hy dit met ander gebeurtenisse of persone in sy nuustoeligting sal plaas. Nuustoeligting is 'n uiters verantwoordelike taak wat baie nou met nuusaanbieding saamhang.

Voorligting: Die letterlike betekenis van voorligting word aangegee as: „show person his way with light."[131]

Nuusvoorligting sou dan beteken dat kennis omtrent nuwe aktuele kontingente gebeurtenisse aangebied word om die leser in staat te stel om hier en nou tot 'n bepaalde beslissing te kom en tot handeling oor te gaan. M.a.w. deur nuusvoorligting word 'n aktuele kontingente gebeurtenis in sy bepaalde konteks geplaas om die leser van oomblik tot oomblik, d.w.s. hier en nou te lei. Nuusvoorligting is dus koersgewing m.b.t. nuwe aktuele kontingente gebeure. So gesien, is die persman voorligter en wegwyser van die leser, hy lig dus voor in watter rigting gebeure moet gaan. Tereg praat Diemer van die „inlichting en voorlichting van haar lezerskring,"[132] wanneer hy oor die taak van die koerant

130) Peereboom, op.cit. p. 104.
131) Bosman, Van der Merwe en Hiemstra. Tweetalige Woordeboek Afrikaans-Engels. p. 878.
132) Diemer op.cit. p. 428.

skrywe. Menige leser en sosiale kring (bv. die huisgesin) ontvang voorligting van die koerant i.v.m. menigerlei algemene sake. Peereboom het dit soos volg saamgevat: „Voor de meeste mensen werd het dagblad een vriend des huizes, een trouwe voorlichter en raadgever in talloze grote en kleine zaken."[133]

Die pers kan egter in nuwe, aktuele en kontingente gebeurtenisse ingryp en dit op 'n beperkte wyse beïnvloed, hulle koers wysig, bepaalde tendense rem en ander weer bevorder. Hierdie uiters verantwoordelike taak moet egter met die grootste omsigtigheid benader word. Cillie het wel 'n aanvoeling vir hierdie verantwoordelikheid wanneer hy sê: „Dit is dan die dubbele funksie van die koerant om sinvolle verslag te doen van die hede en om die toekoms te help vorm volgens sy beste insigte. Die een funksie hang natuurlik af van die ander: hoe beter jy die hede deurgrond, des te groter jou profetiese vermoë, die vermoë om nie alleen te sien wat kom nie, maar om te help bepaal hoe dit gaan kom."[134] Wat egter nie genoegsaam deur Cillie beklemtoon word nie, is dat die joernalis hom eers moet verantwoord m.b.t. sy lewens- en wêreldbeskouing, aangesien dit juis bepalend is vir „sy beste insigte" en „profetiese vermoë". Pienaar waarsku ook tereg dat die pers nie ongekwalifiseerd as waghond van die demokrasie en vryheid aangewys kan word nie.[135] Dit is egter nie net die lesers(C) wat as individue of sosiale kringe belang het by die voorligtingstaak van die pers nie. Hier moet ook daarop gewys word dat die direksie(A1), belangegroepe(X2) en hulle lewens- en wêreldbeskouings(Y) deurslaggewende betekenis het vir die voorligtingstaak van die pers. In geen van sy nuustake is die buitengewone verantwoordelikheid van die pers so groot en sy selfbeperking so noodsaaklik as juis i.v.m. nuusvoorligting nie. Derhalwe behoort die nuusvoorligting van die persinstituut nie slegs aan die hoofredakteur oorgelaat word nie, maar eerder in die hande van 'n groep senior lede van die redaksie in medewerking met die hoofbestuurder en

---

133)Peereboom, op. cit. p. 130.
134)Cillie,P. J. Koerante en Koerantmense van ons Tyd. p. 11.
135)Pienaar, G.J. Perssensuur en Staatsveiligheid. p. 198.

veral die direksie gelaat te word. Dit sou meewerk om die subjektiewe oordeelsfoute en beperktheid van insig van één persoon uit te skakel.

Propaganda.[136] Propaganda kan as 'n spesiale geval van nuusvoorligting beskou word. Wanneer die persman die leser (as individu of sosiale kring) probeer oortuig, oorreed en beweeg om 'n bepaalde koers te volg, dan kry ons met propaganda te doen. Die bewegende krag tot hierdie oorreding en beweging kan wees die standpunt van die hoofredakteur, die direksie of belangegroepe. Die verantwoordelikheid berus by die leser om self 'n besluit te neem.

Indoktrinasie is nog 'n spesiale geval van nuusvoorligting wat egter 'n stap verder gaan as in die geval van propaganda. Deur indoktrinasie probeer die pers die lesers dwing om die voorligting van die pers te aanvaar en die leser word die verantwoordelikheid ontneem om self te besluit. Met indoktrinasie word van allerlei tegnieke gebruik gemaak, soos bv. verswyging van wat eie belang skaad, eensydige voorstelling en emosionele suggesties. As voorbeeld kan dien dat die kommunistiese pers onder staatsbeheer is en dat die pers dus opdrag het om doelbewuste en berekende propaganda vir die kommunistiese ideologie te maak.[137]

Samevatting. Hierdie beskrywing het veral die klem laat val op die kerntaak van die pers, dit wat die pers werklik pers maak. Wanneer die nuustake (wo. die nuus-insameling, nuusseleksie, beriggewing en toeligting en nuusvoorligting) van die pers weggeneem word, dan verval die persinstituut as sodanig. Met die beskrywing van genoemde nuustake is daar deurgedring tot die essensiële in prinsipiële sin, tot die handelinge (take) waarsonder die persinstituut nie meer pers sou wees nie.

Genoemde nuustake word verrig en medebepaal deur die

---

136) Dit word nie in besonderhede bespreek nie omdat dit 'n probleem is wat slegs as 'n spesiale geval van nuusvoorligting beskou moet word.
137) Vgl. Dovifat, op. cit. p. 16.

lewens- en wêreldbeskouing van die mens en is aan die betrokke norme vir die pers onderworpe.

2. Die nuusfunksies van die koerant. Wat in die voorafgaande gedeelte omtrent nuus gesê word, word hier nie herhaal nie. Hierdie paragraaf word beperk tot die koerant as sodanig en sy nuusfunksies. Nuwe, aktuele kontingente gebeurtenisse[138] is nog nie nuus nie. Dit word eers nuus wanneer dit deur die mens ontwaar, geken en meegedeel word. Dit is dus die funksie van die koerant om genoemde kennis as nuus in die openbaar gebring, aan die leser te bied.[139] Sonder om die nuustaak van die persinstituut te herhaal, word kernagtig op enkele aspekte van die funksies van die koerant gewys.

(i) Die mededeling van kennis.[140] Kragtens sy kerntaak rus die verpligting op die persinstituut om deur middel van die koerant, nuus aan die lesers mee te deel. In die oordra van nuus aan die leser is die koerant die belangrike mededelingsmedium. Die persinstituut bereik dus deur die koerant die lesers. Die koerant is die middel wat die redaksie hanteer met die doel dat dit deur die lesers gelees sal word. In die verband kan van die dienskarakter van die koerant gepraat word. Die koerant moet dus periodiek (periodisiteit) aan die groots moontlike leserspubliek (universaliteit) beskikbaar gestel word en moet voorts omtrent soveel gebeurtenisse as moontlik (universaliteit) handel. Die leser moet dadelik getref word deur die kernagtige opskrifte en om die leser se aandag te trek moet die koerant in verskillende nuus-afdelings en rubrieke ingedeel word. In die nuusmededeling moet die koerantredaksie rekening hou met elke nuwe aktuele gebeurtenis wat plaasvind en die betrokkenheid van die mens by sodanige gebeurtenis.[141] Diemer het veral gewys op die menslike verantwoordelikheid en plig om kennis op te doen en vervolg dan: „In de verwezenlijking van die verantwoordelijkheid verleent de pers aan de mensheid belangrijke diensten."[142] Die funksie van die

---

138) Vgl. p. 249-250.
139) Vgl. p. 252.
140) In die daaglikse koeranttaal word gewoonlik gepraat van „mededeling van feite."
Vgl. Pienaar, G.J. Klasaantekeninge. Die Terrein en Funksies van die Nuusmedia. p. 2.
141) Vgl. p. 253-254.
142) Diemer, op.cit. p. 429.

koerant is dus om nuus mee te deel, waardeur die leser die nodige kennis (inligting) ontvang en hom m.b.t. sy taak en roeping in die wêreld te oriënteer en dienooreenkomstig te handel. Hierdie standpunt word deur verskeie uitsprake van kenmerse deur die pers self bevestig. Enkele van hierdie aspekte word vervolgens genoem.

(ii) Inligting. Die koerant het die funksie om te voorsien in die belang wat die mens by kennis het. Peereboom, 'n voormalige koerantredakteur van Haarlems Dagblad en Oprechte Haarlemsche Courant, het dit soos volg uitgedruk: „Het bleek dat men de dorst naar kennis, bij de massa ontwaakt, lessen moet aan haar bron van dagelijkse lectuur: het dagblad."[143] Dieselfde skrywer beklemtoon dat wetenskaplike kennis in eenvoudige taal vir die leser aangebied moet word: „Wetenschappelijke tijdschriften bereikten de leek immers niet."[144] Peereboom bevestig ook die belangrike aspek dat die nuus meegedeel moet word omdat die leser belang daarby het.[145] In 'n hoofartikel wys Die Burger ook op hierdie funksie wanneer die volgende stelling gemaak word: „Die koerant se werk is om in te lig, nie om te dissiplineer nie."[146] Dié inligting wat die leser sodoende ontvang, is nie vir die leser slegs van betekenis m.b.t. beginselstandpunte nie, maar juis ook m.b.t. die gewone alledaagse aangeleenthede waarmee die mens te doen kry. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die volgende. Die Burger lig die lesers in omtrent moontlike gewetenloosheid by handelaars wat ongeoorloofde prysverhogings ná die begroting toepas: „Skielike prysverhogings, weens die begroting sal in die nabye toekoms feitlik seker gewone bedrog wees. Dit is ook misleidend om te beweer, soos beweer is, dat die koopbelasting dadelik gevoel word, terwyl die verligting van inkomstebelasting eers in die middel van die jaar kom. Van baie soorte verbruiksware is daar groot voorrade wat nog teen voorbelastingspryse verkoop moet word."[147] Hiermee is die inligtingsfunksie van die pers genoegsaam benadruk.

---

143) Peereboom, op.cit. p. 134.
Vgl. ook Robbins,P.:Newspapers today.p.17.
144) Loc.cit.
145) Vgl. Ibid. p. 205.
146) Vgl. Die Burger, 28 Maart 1969. p. 16.
147) Vgl. Die Burger, 28 Maart 1969. p. 16.

(iii) Insigte en meningsvorming. Nuusmededeling bring kennis aan die leser en stel hom dus in staat om 'n beter begrip te vorm van gebeurtenisse wat plaasvind en dienooreenkomstig sy handelinge te bepaal. Tereg het Diemer die funksie van die koerant beskryf as „..... de plicht om in eenvoudige taal, doch niettemin verantwoord, inzicht en doorzicht te geven."[148] Die koerant as mededelingsmedium is dus ook meningsvormend. Die leser verwag van die koerant om deur sy nuusversameling die leser self te verteenwoordig en nuus aan te bied i.v.m. gebeurtenisse waar die leser nie self kan wees nie en sodoende die beslissinge vir die leser te vergemaklik. In die opsig kan die insig van Diemer ten volle onderskryf word: „Het karakter van de krant als middel, als medium, komt hierin uit, dat zij door nieuwswervende bezig te zijn, tevens de lezer vertegenwoordigt."[149] Die insigte waartoe die leser gelei word, moet beskou word as 'n deurgronding van die hede om sodoende die leser te help en te lei tot gesonde en selfstandige meningsvorming, met die oog op sy handelinge waardeur die toekoms gevorm kan word. Cillie wys treffend op die stempel wat die eerste redakteur, dr. D. F. Malan, op Die Burger afgedruk het, nl.„..... meningsvormend in sy hele wese,....."[150] en vervolg dan: „Dit is hierdie sentrale opinievormende funksie wat aan Die Burger sy krag en sy invloed deur die jare gegee het..."[151] Dit is dus duidelik dat die koerant 'n funksie het om feite so mee te deel dat die leser insig kan verkry uit die nuus wat hy lees om sodoende sy eie mening te vorm.

Die hoofartikel as meningsvormend. In die verband moet kortliks gelet word op die posisie van die artikelskrywende redakteur as individu. Deur die aanbieding van kennis(nuus) word die handelinge van die leser beïnvloed. In die skrywe van hoofartikels en rubrieke moet die skrywer egter sodanig optree dat die leser op verantwoordelike wyse kan besluit of en hoe hy wil handel. Die inhoud en die invloed van die hoofartikel is van die uiterste belang. Dit is van belang hoe die seleksie van temas vir hoofartikels geskied omdat dit nie alleen individuele lesers tref nie,

148) Diemer, op.cit. p. 428.
149) Loc. cit.
150) Vgl. Cillie, P.J.: Dit is die Simsonslokke van Nasionalisme. Art.In: Die Burger. 12 Junie 1969.p.14.
151) Loc. cit.

maar dikwels juis ook die belange, take en roeping van samelewingskringe, soos bv. staat, volk, kerk, industrie, universiteit, ens. Die nuustoeligting en nuusvoorligting moet dus beslis rekening hou met die feit dat die skrywer van 'n hoofartikel nie besluite vir die leser moet neem nie, maar wel die beslissinge hoe om te handel, aan die leser self oorlaat. Indien dit gebeur dat die leiding van die koerant slegs aan die hoofredakteur oorgelaat word,[152] is die menings wat dan in 'n hoofartikel verskyn, persoonlik-individueel en in dié sin willekeurig. Dit sou beteken dat die redakteur as individu volgens eie beslissings in werklikheid oor 'n persmag beskik sonder om aan iemand verantwoordelik te wees. Maar, indien agter die redakteur 'n direksie of belangegroep is wat die beleid van die koerant bepaal, het ons met 'n ander stand van sake te doen. Hierdie belangegroepe is dan wel nie gesagsinstansies wat verantwoording van die redakteur eis nie, maar tog 'n instansie waarmee die redakteur rekening moet hou en aan wie die redakteur rekenskap moet gee van sy beslissinge en die inhoud van sy hoofartikel. In die betrokke geval tree die redakteur nie as individu op nie, maar as die mondstuk van 'n belangegroep ('n volksbeweging, 'n politieke party, ensovoorts) met sy betrokke lewens- en wêreldbeskouing en is dit in werklikheid hierdie belangegroep wat uiteindelik die handelinge van die leser regstreeks beïnvloed. Dit moet dus baie duidelik gestel word dat die beïnvloeding van die leser deur die hoofartikel van die koerant wel onregstreeks mag geskied, maar dan nie deur 'n redakteur wat persoonlik-individueel optree nie, maar wel deur een wat verantwoording moet doen aan sy direksie, of een of ander belangegroep.

Hierdie optrede van 'n redakteur moet as die mees verantwoordelike taak van die redaksie van 'n koerant beskou word. Die redakteur moet in sy hoofartikels die uiterste selfdissipline toepas en steeds bereid wees om rekenskap te gee van hierdie belangrike meningsvormende funksie van die koerant. Dit is dus duidelik dat die strekking van 'n hoofartikel telkens medebepaal word deur die lewens- en wêreldbeskouing van die redakteur as individu of deur die lewens- en wêreldbeskouing van die belangegroep aan wie die

---

152) Vgl. aanhaling 105 p. 258.

redakteur rekenskap verskuldig is.

(iv) Ander funksies van die koerant. Enkele ander funksies van die koerant, soos bv. om die lesers te vermaak, ekonomiese dienste en gratis dienste,[153] word met hier genoem aangesien dit nie as regstreekse nuustake beskou moet word nie, maar streng gesproke, eerder as bykomende perstake in 'n latere onderafdeling behandel word.

Uit bogenoemde funksies van die koerant is dit duidelik dat die koerant 'n dienende funksie het m.b.t. die lesers. Hierdie stelling word bevestig deur verskeie uitsprake uit die perswese self. 'n Kanadese koerantmagnaat het bv. gesê: „Die lisensie wat ek het is 'n lisensie om die mensdom te dien,...."[154] Peereboom wys weer op die taak van die individuele joernalis in die volgende woorde: „..... dat hij zijn beperkingen moet kennen, wil hij zijn dienende taak met goed gevolg voor de gemeenschap kunnen volbrengen."[155] Dat die verantwoordelike persman die dienende funksie in alle erns opvat blyk uit die volgende aanhaling van Peereboom: „....de Pers zal zich moeten bezinnen op een hoger en beter vervulling van haar dienende taak."[156] Die primêre funksie van die koerant kan dus beskryf word as diens aan die leser i.v.m. die aanbieding van nuus(kennis) waardeur die mens kennis kan vorm en sy handelinge kan bepaal en sodoende die gang van die geskiedenis beïnvloed.

3. Die nuustake van die leser. Die funksie van die koerant om nuus mee te deel, is ekstern op die leserspubliek gerig. Die lesers vorm 'n uiters belangrike en onmisbare deel van die perskring. Tewens sonder die leserskring sou die koerant geen funksie hê om te vervul nie. Derhalwe word daar op verskillende aspekte i.v.m. die lesers van die koerant gelet.

(a) Die gerigtheid van die koerant tot die leser. Die koerant-lesers kan onderskei word as individuele lesers en as samelewingskringe.

---

153) Vgl. Pienaar,G.J. Terrein en Funksies van Nuusmedia.p.4-5.
154) Vgl. Die Transvaler 10 Mei 1963. p. 7.
155) Peereboom, op.cit. p. 218.
156) Loc. cit.

In die eerste plek word daar gelet op die lesers as individuele mense(C1). In verband met die individuele lesers word enkele punte van besondere belang gestel.

(i) Die mens behoort elke dag sy koerant te lees omdat elke mens by die gebeurtenisse waaroor nuus aangebied word, belang het. Derhalwe is die mens genoodsaak om belangstelling te toon in die nuusaanbieding van die koerant. Deur die koerant te lees ontvang die mens die nodige kennis en word hy in staat gestel om sy handelinge in die wêreld te bepaal.[157] Hierdie kennis wat in die koerant meegedeel word, is van besondere betekenis vir die mens om in vryheid te handel en vir die vryheid van die pers.

(ii) Die koerantleser is 'n mondige toerekenbare en verantwoordelike mens wat nie alleen sy koerant sodanig moet lees nie, maar ook sodanig teenoor die koerantnuus moet staan. Die koerant moet met die nodige onderskeiding gelees word, d.w.s. die leser moet positief en negatief kritiek lewer op wat hy lees, want alles wat in die koerant verskyn, mag nie onkrities aanvaar word as waar en goed nie. Indien dit van die persinstituut verwag word om sy nuustake met diskressie te verrig[158] kan dit ook van die leser verwag word om die koerant met die nodige diskresie te lees. Die leser wat stilswyend aanvaar dat die koerant skadelike en persoonsskendende nuus kan aanbied en niks daaromtrent doen nie, is besig om sy nuustaak as leser te versuim. Van die individuele leser moet daar 'n sterk positiewe reaksie tot die persinstituut uitgaan. Dit kan gedoen word om deur middel van die korrespondensie-kolomme van die koerant kritiek te lewer, of waardering uit te spreek i.v.m. die betrokke nuusaanbieding.

(iii) Die individuele leser moet ook die vraag beantwoord, wat behoort hy te lees. As leser moet hy ook selektief te werk gaan en sy leesstof met wysheid kies.

---

157) Die vraag wat die leser dus in die verband moet beantwoord is die volgende: Watter nuus bied die persinstituut aan;bied dit voldoende nuus aan waarby die leser betrokke is in sy gewone individuele en maatskaplike lewe?

158) Vgl. aanhaling 116. p.260.

Hy moet bv. duidelikheid verkry of dit nodig is om alle dele van die koerant te lees, is dit selfs wenslik vir hom, want alle dele is nie vir elke mens van ewe veel belang nie. Om onderskeidend te lees, beteken dus ook om te bepaal of die koerant wel gee wat dit behoort te gee, of die seleksie van nuus deur die koerant bv. bevredigend is. Die leser moet dus bepaal in watter opsigte skiet die koerant te kort en bied dit nie die nuus aan wat die leser behoort te weet nie, ook selfs in watter opsigte verswyg die koerant doelbewus belangrike toesprake van sprekers.

In die opsig geld egter nie net die nuusaanbieding van die koerant nie, maar ook die nuustoeligting (omdat koerante hierin dikwels te kort skiet) en nuusvoorligting (omdat lesers nie altyd oor die inligting beskik nie), verlang hulle dikwels advies van die koerant.

Die individuele lesers is dus betrokke by die nuus wat die koerant aanbied en daarom moet die nuusaanbieding voldoende wees. Die universaliteit van die nuus wat aangebied word, moet voldoende wees en die lesers moet tevrede wees dat wat die koerant aanbied, ook volgens relevante differensiasie van die leserspubliek voldoende is.

(iv) Elke koerant volg 'n bepaalde beleid wat bepaal word deur die belangegroepe, die direksie en die redaksie van die koerant. Die leser moet 'n bepaalde standpunt inneem i.v.m. die beleid van die koerant. Hier kom ook die nodige onderskeiding van die lesers te pas. Elke koerant gee ook uitdrukking aan 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing en in die opsig moet die leser homself die vraag afvra of hy sodanige lewens- en wêreldbeskouing van die koerant kan aanvaar en of hy hom in die lig van sy eie persoonlike lewens- en wêreldbeskouing daarteen moet verset.

Hierdie verantwoorde insig en onderskeidingsvermoë van die leser is van besondere betekenis. Dit is vir die vryheid van die perskring van die allergrootste betekenis dat nie alleen die persinstituut nie, maar ook die individuele leser sy nuustaak na behore sal verrig en dus vry sal handel.

In die tweede plek word daar ook gelet op die lesers as sosiale kringe.(C2)

(i) Verskillende sosiale kringe, soos bv. die staat, die volk, die kerk, politieke partye, werkersgroepe, ens. het ook besondere belang by wat daar in die koerant verskyn. Elkeen van hierdie sosiale kringe behoort as sodanig kennis te neem van wat die pers aanbied. Elke sosiale kring, behoort ook as kring kennis te neem van die nuusaanbieding, die nuustoeligting en die nuusvoorligting, van die pers-instituut in sover dit hulle besondere beroepe, take en roeping, betref. Die nuusaanbieding van die koerant help die sosiale kring om kennis op te doen waardeur sy eie taak en roeping in die wêreld na behore verrig kan word.

(ii) Elke sosiale kring moet ook in kringsverband mondig, toerekenbaar en verantwoordelik op die nuusberigte in die koerant reageer. Wat die koerant aanbied moet ook met die nodige onderskeiding en diskresie deur die sosiale kring ontvang word, en daar moet ook sodanig deur die kring op die nuusaanbieding in die pers reageer word. Die sosiale kring het ook 'n taak om te vervul en bv. die pers te help om sy nuusaanbieding so te laat geskied dat die belange van elke sosiale kring ook daardeur na behore behartig word. DeVolder wys op die feit dat die lesers 'n groot invloed uitoefen op die gees van die koerant: „Zo sterk is de sociale invloed op de geest, de inhoud en die vorm van de krant, dat men het niet geheel ten onrechte heeft vergeleken met een phenomeen uit de natuurlijke geschiedenis."[159)]

(iii) Vir die lesers as sosiale kring is dit ook van besondere belang om selektief te werk te gaan en met die nodige onderskeiding die nuusberigte te lees waarby die sosiale kring besondere belang het. Om 'n voorbeeld te noem, gedurende 'n verkiesingstryd moet 'n politieke party as sosiale kring veral toesien dat dit alle nuusberigte waarby dit belang het, te lees kry. Die sosiale kring moet veral let op die nuusaanbieding, die nuustoeligting en die nuusvoorligting waarby dit besondere belang het. Die sosiale

---

159) DeVolder, N. De Ethiek van De Pers. p. 82.

kring moet egter bedag wees op die feit dat daar ook ander samelewingskringe is wie se belange ook behartig moet word en moet dus nie onbillike eise stel en te hoë verwagtinge van die persinstituut koester nie. Tereg merk Peereboom op: „Dagbladen moeten zich geen onmogelijke opgaven stellen en het publiek moet evenmin het onmogelijke van ze verwachten."[160] Nogtans moet die nuusaanbieding, nuustoeligting en nuusvoorligting van die persinstituut sodanig wees dat die sosiale kring daardeur gehelp word om sy eie taak en roeping behoorlik te vervul.

(iv) Die beleid van elke persinstituut is van besondere belang vir die sosiale kring. Deur die beïnvloeding van die verskillende belangegroepe, die beleid van die direksie en die redaksie en die verantwoordelike wyse waarop die lesers se houding en menings gepeil word, verkry die koerant 'n eie karakter of persoonlikheid. Peereboom het dit in gedagte wanneer hy sê: „In de loop der jaren heeft het een eigen karakter verworven dat zijn lezers er, min of meer bewust, in gehandhaafd willen zien en dat zij er onafscheidelijk van achten."[161] Die hele gees en karakter wat eie is aan die koerant word egter altyd beïnvloed en medebepaal deur die lewens- en wêreldbeskouing van sowel die koerantman as die lesers self. Diemer het hierdie waarheid op treffende wyse ingesien: „De krant heeft een levenbeschouwelijk aspect, doordat zij haar lezerskring vertegenwoordigend werkzaam is en nader doordat zij het leven zelf, in zijn universaliteit, tot terrein van nieuwswerving gekozen heeft."[162] Die sosiale kring moet dus met onderskeiding en wysheid vasstel of die beleid en lewens- en wêreldbeskouing van die koerant die belange van die betrokke sosiale kring behoorlik behartig en die nuusaanbieding sodanig geskied dat die taak en roeping van die betrokke samelewingskring daardeur bevorder word.

Die gerigtheid van die persinstituut tot bepaalde samelewingskringe is vir die vryheid van die pers van

---

160) Peereboom, op. cit. p. 216.
161) Peereboom, op. cit. p. 129.
162) Diemer, op. cit. p. 428.

besondere belang, want die pers handel werklik vry wanneer dit meewerk om die taak en roeping van elke ander sosiale kring te bevorder en daarmee ook die vryheid van die betrokke sosiale kring verseker.

(b) Die gerigtheid van die leser tot die koerant. In die verband moet daar ook onderskei word tussen die nuustake van die individuele leser en die nuustake van die sosiale kringe.

Eerstens die nuustake van die individuele lesers (C1).

(i) Die individuele leser behoort nuus waarby die lesers oor die algemeen belang het en wat nie geheim behoort te bly nie, vir die persinstituut aan te bied. Net so min as wat 'n belangrike ontdekking op mediese gebied, vertroulik behoort gehou te word (omdat baie lydendes daardeur gehelp kan word), behoort die individuele leser kennis of nuus, waarby die lesers belang het, vir homself te hou. Waar sulke nuus wel beskikbaar is, behoort die leser die nodige oordeelkundigheid aan die dag te lê en dit aan die pers beskikbaar te stel. Daar moet egter gewaak word teen die buitensporige aanbiedinge van die pers aan individue om wenke aan die pers te gee i.v.m. een of ander nuusberig, omdat sodanige berigte gewoonlik sensasioneel van aard is.

(ii) Die leser moet die reg hê om op verantwoordelike wyse van die korrespondensie-kolomme van die koerant gebruik te maak om bepaalde aangeleenthede reg te stel wat deur die koerant nie na behore behartig is nie. Waar die leser van sulke omstandighede bewus is, verkeer hy onder die verpligting om die betrokke saak in korrespondensie reg te stel. Waarderende of afwysende kritiek kan gerig word aan die redaksie om in die korrespondensie-kolomme geplaas te word, of aan die hoofredakteur, of direk aan die direksie. Indien nodig behoort die leser hom te rig tot die belangegroepe agter die pers. In die verband moet die leser egter met baie groot wysheid en verantwoordelikheid optree omdat die doel van sy optrede steeds moet wees om die persinstituut te help om sy eie taak en roeping behoorlik te vervul, en die leser mag deur sy optrede dus nie so handel dat die taak en roeping

van die pers juis daardeur benadeel word nie.

Die individuele leser het beslis 'n nuustaak om te vervul en hierdie nuustaak moet op verantwoordelike wyse geskied sodat die taak en roeping van die pers, en dus ook die vryheid van die pers, daardeur bevorder kan word.

Tweedens is daar ook die nuustake van die sosiale kringe, (C2) Elke leser van die koerant is egter nie net individu nie, maar ook lid van verskeie samelewingskringe, of soos Mocke dit stel „'n Aantal mensegroepe binne, in die breedste sin van die woord, die mensdom....."[163] Elkeen van die samelewingskringe, soos bv. die gesin, skool, volk, staat, kerk, ens. is by die nuusmededeling, -toeligting en -voorligting betrokke. In die verband moet die pers rekening hou met die afsonderlike, maar ook met die gesamentlike belange van die verskillende samelewingskringe. Die persinstituut kan bv. die belange van 'n kommunistiese vakbond bevorder en daarmee die belange van die demokratiese owerheid benadeel. Derhalwe moet die persinstituut die algemene belange van verskillende samelewingskringe probeer behartig sonder om noodwendig belangebotsings by die betrokke samelewingskringe te veroorsaak.

Al hierdie samelewingskringe het ook belang by die nuusaanbieding omtrent nuwe aktuele en kontingente gebeurtenisse. In dié opsig vervul die persinstituut dus 'n belangrike taak m.b.t. die lesers as 'n sosiale groep. (C2). Juis om die rede mag die lesers as 'n sosiale groep nie belangeloos teenoor die persinstituut staan nie, maar speel die lewens- en wêreldbeskouing van elke samelewingskring 'n belangrike rol m.b.t. sy verhouding tot die persinstituut.

Die voorbeeld kan genoem word dat individuele lesers en sosiale kringe dikwels verwyte tot die pers rig vanweë sensasieberiggewing en seksuitbuiting sonder om daarmee die aandeel van sosiale kringe in die verband te erken. Deur die swye van die sosiale kringe, soos bv. kerke, die owerheid, vroue-organisasies, kultuurliggame ens., pleeg die

163) Mocke, op. cit. p. 48.

lesersspubliek 'n ernstiger versuim m.b.t. hulle nuustake. Treurnicht het treffend op hierdie versuim van die lesers as sosiale groep gewys: „As dit onverantwoordelik vir 'n koerant of tydskrif is om die bedorwe smaak van lesers te bevredig en daardeur die bedorwenheid in 'n bose kringloop voort te stu, dan is dit ook onverantwoordelik vir die leserspubliek om te skreeu om sensasieberigte en seksuitbuiting óf om te swyg wanneer daar met skandelikheid gesmous word. 'n Groot deel van die skuld wat ons op die koerante plaas oor die uitstalling van onwelvoeglikheid moet op die skouers van die gemeenskap geplaas word. Om twee redes: (a) Die gemeenskap ploeg dié dinge wat in die koerante gerapporteer word. (b) Die gemeenskap gee deur aankope te kenne dat hulle 'n voorliefde vir sekere aanbiedinge in die koerant het."[164] Dit is dus 'n belangrike nuustaak van die leserspubliek om op 'n billike en verantwoordelike wyse mee te werk met die persinstituut en waar nodig kritiek te lewer op die wyse waarop die persinstituut sy nuustaak verrig. Waar die koerant dikwels beskryf word as 'n „medium tot het scheppen en onderhouden van communicatie,"[165] kan daar eers werklik van kommunikasie sprake wees wanneer die leser sy nuustaak m.b.t. die pers vervul.

Samevattend moet dus veral gewys word op die uiters belangrike plek wat die lesers as individue en sosiale groepe, m.b.t. die taak en roeping van die persinstituut en die perskring inneem. Sonder die lesersgroep het geen persinstituut enige sin nie en verval die funksie van die koerant. Die belangrike taak en roeping van die lesers as individue en as sosiale groepe is dus om vas te stel of die persinstituut sy taak en roeping na behore vervul m.b.t. die lesers as individue of sosiale groepe, maar ook om vas te stel op watter wyse die lesers as individue en sosiale groepe ook daartoe kan bydra dat die pers sy taak en roeping behoorlik vervul en dus sy vryheid aktualiseer. Deur hierdie wisselwerking tussen pers en lesers word die taak en roeping van die pers, sowel as dié van die individu en sosiale kringe

---

164) Treurnicht, A.P. Art. Christelike Verantwoordelikheid in die Perswese. In: Bulletin.April 1968.Nr.13.p. 93.
165) Diemer, op. cit. p. 428.

bevorder en ware vryheid in elke afdeling van die perskring geaktualiseer.

4. Sosiale kringe as belangegroepe agter die pers en hulle take (X en Y). In verband met die belangegroepe moet die bestaan en beleid van belangegroepe agter die pers onderskei word en hulle take wat onderneem word.

(a) Volgens die skema word belangegroepe agter die pers o.a. aangegee as aandeelhouers, kerk, staat, politieke partye, volksorganisasies, geldinstitute en selfs drukgroepe. Elkeen van hierdie belangegroepe het sy eie lewens- en wêreldbeskouing, en die bepaalde belang wat elkeen afsonderlik by die persinstituut het, verskil ook. Die taak van elke belangegroep verskil ooreenkomstig die lewens- en wêreldbeskouing en die betrokke beleid wat dienooreenkomstig gevolg word.

(b) Die taak van die belangegroep word veral daarin gevind dat dit die persinstituut wil kontroleer, wil beïnvloed, en selfs druk op die persinstituut wil uitoefen. Maar die belangegroep agter die pers het die leser in gedagte. Wanneer die politieke party as 'n belangegroep bv. die leser wil beïnvloed, probeer dit om die pers daarvoor te gebruik. Die belangegroepe rig hom dus via die pers tot die lesers.

Dit kom dus daarop neer dat die leser hom tot een of ander belangegroep kan wend wat dan weer op sy beurt en volgens 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing deur die pers, ander lesers wil bereik en beïnvloed. Die leser het hier 'n baie belangrike taak om te verrig. Wanneer die leser bv. oortuig daarvan is dat die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing uitgedra moet word tot ander lesers, het die betrokke leser 'n verantwoordelikheid teenoor ander lesers. Hy moet dus een of ander belangegroep beïnvloed om deur die pers aan die lesers feite en kennis mee te deel omtrent die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing.

Dit is dus duidelik dat waar sodanige belangegroepe optree, dit altyd geskied ooreenkomstig die beleidsbepaling en die lewens- en wêreldbeskouing(Y) van die betrokke belangegroep.(X2)

Algemene Samevatting i.v.m. nuustake van die persinstituut.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die persinstituut tot kerntaak het die nuusversameling, nuusseleksie, beriggewing en toeligting omtrent nuwe, aktuele, kontingente gebeurtenisse waarby die mens belang het. Na die uiteensetting van die verskillende kenmerke oor wat as nuus beskou moet word en die stappe i.v.m. nuusaanbieding, kan die volgende definisie van nuus gegee word: Nuus is die gereelde(periodieke) openbaarmaking omtrent nuwe, aktuele, kontingente gebeurtenisse van universele aard waarby die mens belang het en aan die hoogs moontlike aantal lesers aangebied word.

Verder is dit duidelik dat nuus 'n bepaalde soort kennis is waardeur die mens in staat gestel word om sy handelinge in die menslike samelewing te bepaal. Dit is egter nie net die mens as individu nie, maar ook die verskillende sosiale kringe wat belang het by nuus. Die nuusaanbieding word deur die lewens- en wêreldbeskouing van die onderskeie lede van die persinstituut, die leserskring en die verskillende belangegroepe agter die pers, beïnvloed en medebepaal.

I. (b) Bykomende perstake (A2b). Inleiding. Die persinstituut onderneem nie net die kerntaak van nuusaanbieding nie, maar ook bykomende take wat 'n belangrike funksie van die koerant vervul.

Deur die bykomende take te behartig wil die persinstituut meerdere diens aan die lesers lewer en die koerant die huisvriend[166] van die leser maak. Die koerant kan dus vir die lesers al interessanter word, waardeur meer intekenare gewerf word, meer advertensies geplaas word en die wins van die persinstituut verhoog word. Die feit dat soveel

166) Hierdie gedagte word deur Peereboom beklemtoon. Vgl. aanhaling 133. p. 266.

ruimte deur bykomende take in beslag geneem word toon die belangrikheid van hierdie betrokke dienste.

Samevattend kan egter genoem word dat, sonder die bykomende take sou die persinstituut nog 'n nuusblad hê, maar sonder die nuustaak sou daar geen dagblad wees nie. Alhoewel die bykomende funksies van die koerant nie van primêre belang, selfs nie prakties noodsaaklik is nie, is dit tog van besondere belang vir die pers en die leser.

Bykomende perstake kan onderskei word as dié wat veral die verskaffing van kennis op die oog het en dié wat vermaak en afleiding verskaf.

(1) Bykomende take wat kennis verskaf. Die verskaffing van kennis is vir die mens 'n geestelike verryking en hierin wil die pers deur die bykomende take voorsien. Alhoewel die pers geen opvoedingsinstituut is nie, deel dit tog lesenswaardighede mee, wat van opvoedkundige waarde is. Met hierdie bykomende take kan dan 'n meerdere of mindere mate van nuusverskaffing saamgaan. Sonder om op volledigheid aanspraak te maak, word o.a. die volgende genoem:

(i) Aandelemark en finansiële belange. Daaglikse oorsigte van die aandelemark en verwikkelinge op finansiële gebied is veral van belang omdat dit nuus is wat aan belanghebbende lesers meegedeel word. Die leser ontvang hierdie nuus nie net as kennis nie, maar moet ook daarvolgens handel en sy sake reël. Gedurende die jare 1967-1969 het hierdie betrokke diens aan die lesers al meer doeltreffend geword en al groter ruimte in die koerant beslaan.

(ii) Sportrubriek. Berigte omtrent voetbal, tennis, atletiek, hengel ens. neem ook baie ruimte van die koerant in beslag, maar het ook 'n spesifieke nuuswaarde. Dit toon aan hoeveel waarde in ons land aan sport geheg word.

(iii)Gratis dienste. Nog 'n belangrike funksie van die koerant is om allerlei gratis dienste aan die lesers te

lewer.[167] Kosbare ruimte word dikwels afgestaan aan hierdie soort beriggies met hulle baie beperkte nuuswaarde. Pienaar het dit soos volg opgesom: „Die weerberig het nuuswaarde, maar die beriggie oor die kerkbasaar of die skoolkonsert, of die onbekende jong digter of musikus se voordrag of optrede, het dikwels slegs 'n baie beperkte nuuswaarde vir 'n baie beperkte leserskring."[168] Hierdie beriggies met hulle geringe nuuswaarde, is inderdaad 'n guns wat die pers aan die lesende publiek bewys. Pienaar wys tereg daarop dat koerante soms sodanige verpligtinge het teenoor politieke partye,[169] veral wat kermisse, fondsinsamelings, ensovoorts, betref.

In verband met bykomende take kan daar ook onderskei word dat sommige van hierdie take nie direkte nuuswaarde bevat nie, maar slegs insidentele nuuswaarde het.

(i) Die godsdienstige rubriek word gewoonlik deur een of ander leraar van 'n gevestigde Kerk waargeneem en dien as 'n stigtelike woord wat tot die lesers gerig word. In die reël sluit dit aan by een of ander aangeleentheid wat in die kerkjaar of in die nuusberigte van aktuele betekenis is. Hierdie rubriek het in 'n bepaalde sin nuuswaarde van geestelike betekenis vir die leser, bv. wat is die standpunt van die Heilige Skrif m.b.t. die maanlanding of die hart-oorplanting. Die gees en strekking van so 'n blad behoort nie in stryd met die strekking van hierdie rubriek te wees nie. Die betrokke rubriek moet nie maar net 'n aanhangsel tot die koerant wees nie. Die lewens- en wêreldbeskouing van die hele blad en die beleid wat dit volg moet sodanig wees dat hierdie rubriek vanself die gekonsentreerde uit-drukking daarvan is. Met hierdie rubriek bring die koerant die belangrike waarheid onder die aandag van die leser dat die Christelike boodskap nie net tot die erediens of binne-kamer beperk is nie , maar dat dit 'n belangrike rol in die

---

167) Hierdie funksie is in geen handboek te vind nie en word slegs deur Pienaar in sy klasaantekeninge weergegee.
Vgl. Pienaar, G.J. Terrein en Funksies van die Koerant, p. 5.
168) Loc.cit.
169) Vgl. loc.cit.

daaglikse lewe van die mens, ook in die dagblad inneem.

(ii) Daar is ook verskillende rubrieke wat in die geestelike en teoretiese belange van die leser probeer voorsiening maak. Die rubriek met wetenskaplike inligting hou die leser op hoogte van ontwikkelinge in die wetenskap omdat dit vir die leser self onmoontlik is om op hoogte te bly van die meeste vakkundige literatuur. Die kunsrubriek word gewoonlik deur kenners van die kuns behartig om die leser in te lig en op hoogte te hou van uitstallinge en ontwikkeling op kunsgebied. Verskeie lesers het nie tyd om op hoogte te bly van nuut verskene boeke nie en die boekresensies stel hom dan in staat om kennis te neem van boeke wat hy behoort te lees,

Genoemde rubrieke het beslis 'n bepaalde vorm van nuuswaarde vir die leser waarby hy wel belang het.

(iii) Daar is ook rubrieke wat veral van praktiese betekenis vir die leser is. Deur die vrouerubriek te behartig word die huisvrou ingelig omtrent resepte en huishoudelike aangeleenthede wat vir die huisgesin van praktiese betekenis kan wees. Die tuinrubriek help die tuinliefhebbers om wenke te verkry i.v.m. die seisoensbeplanning van sy tuin. Die waarde van hierdie rubrieke is daarin geleë dat dit nie alleen nuuswaarde het nie, maar ook 'n praktiese diens aan die leser lewer.

(iv) Verskeie koerante bied ook rubrieke soos „stoep talk", „Van Alle Kante", ens. aan, wat bloot interessante wetenswaardighede aan die leser verskaf. Hierdie betrokke rubrieke het ook insidentele nuuswaarde vir die leser, alhoewel die nuuswaardigheid van die berig nie hoofsaak is nie.

(v) Die meningskolomme kan een van die waardevolste rubrieke van die dagblad wees. Die koerant word te dikwels as 'n een-rigting-nuusdiens beskou, terwyl die meningskolomme juis die werklike kommunikasie kan bewerkstellig. Die meningskolomme van die koerant bied vir elke leser 'n geleentheid om inisiatief te neem en 'n besondere saak, soos bv. die versnippering van landbougrond vir woongebiede, onder die aandag van die lesers en die betrokke instansies te bring.

Deur nie altyd die nuusvoorligting van die koerant te aanvaar nie en 'n ander standpunt te stel, kan 'n vrugbare bespreking gevoer word wat vir die lesers van groot waarde kan wees. 'n Verskeidenheid van onderwerpe kan deur die meningskolomme van die koerant onder die aandag van die lesers gebring word. Lesers moet dit hulle plig ag om in hierdie kolomme positief by te dra i.v.m. sake waarby hulle persoonlik belang het. Hierdie rubriek kan 'n besondere aanvullende diens in die koerant word en kan as 'n beeld van die bydrae en diens van die lesers aan die leserspubliek dien. Tewens dit is die taak en roeping van die lesers om in die meningskolomme hulle oortuigings i.v.m. 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing te stel en sodoende die leser tot helderheid in die verband te lei.

(2) Bykomende take wat afleiding en ontspanning verskaf.
In die verband word kortliks verwys na rubrieke soos prentverhale, blokkiesraaisels, skaakrubrieke ensovoorts. Hierdie betrokke rubrieke word veral aangebied as die „vermaaklees-stof van die koerant"[170] en het feitlik geen nuuswaarde nie. Die belangrike funksie wat hiermee vervul word, is dat die koerant 'n interessante rubriek skep waardeur die leser se aandag van die daaglikse lewensspanning afgelei kan word.

Samevattend kan dus gesê word dat, alhoewel die bykomende perstake nie die kerntaak van die persinstituut nl. nuusmededeling, raak nie, het die persinstituut beslis 'n hele aantal bykomende take om te verrig indien dit die beste diens aan die leserspubliek wil gee.[171] Dit is ook opvallend dat dit juis by die bykomende take duidelik word wat die opvoedkundige taak van die pers is. Die perskring en die persinstituut het nie die primêre doel om die leser op te voed nie, en tog kan die opvoedkundige waarde van verskillende take, soos bv. die kunsrubriek, tuinbourubriek, boekresensies, ensovoorts, nie ontken word nie. Selfs wat die nuusmededeling betref, kan daar gesê word dat die persinstituut op-

170) Pienaar, G.J.Terrein en Funksies van die koerant, p.4.
171) Hierdie gevolgtrekking word gesteun deur P.J.Cillie, wat daarop wys dat hoe beter 'n koerant sy funksie vervul, des te „meer ander nuusbladdienste" dit aan sy lesers kan lewer.
Cillie,P.J. Die Burger.12 Junie 1969. p. 14.

voedende implikasies het, eerder as wat dit 'n onderwysende taak het. Die persinstituut is dus geen opvoedingsinstituut vir volwassenes nie, maar sy taakverrigting het indirek opvoedende implikasies.

Die leser kry dus ook deur die bydrae wat hy bv. deur meningskolomme en ander rubrieke kan lewer, 'n aandeel in die blad self en help so om die pers en elke samelewingskring tot vryheidsverwesenliking te help lei. Die klem moet ook daarop val dat die bykomende take van die pers nooit neutraal nie maar volgens een of ander lewens- en wêreldbeskouing volbring word.

II. Die Advertensiewese. Inleiding. Prinsipieel beskou, is nuusaanbieding die kerntaak van die persinstituut, en tog sou hierdie belangrike taak nie sonder die plasing van advertensies in die koerant onderneem kon word nie.

Die ekonomiese bedrywighede van 'n land is as sodanig 'n belangrike bron van nuus waarby alle ekonomiese aktiewe burgers belang het. Die advertensiewese het dus 'n tweërlei karakter. Dit is in die eerste plek 'n vorm van ekonomiese nuusberiggewing en slegs in die tweede plek 'n bron van inkomste vir die persinstituut en 'n middel om die inkomste en die winste van die partikuliere ondernemer te verhoog. In die lig hiervan moet die plek van die advertensiewese in die koerant deeglik nagegaan word.

(1) Die basiese situasie. In die handelswêreld is daar verkopers en kopers en ware wat verkoop en gekoop kan word. Die verkoper bied sy ware aan en soek die kopers. Die kopers het weer die ware nodig en soek die verkopers. Die verkoper lewer 'n diens aan die koper deur hom te voorsien van die ware wat hy nodig het of begeer. Die koper bewys weer 'n diens aan die verkoper deur vir die ware te vergoed. Hierdie situasie is eie aan die handelswêreld en het niks te make met die persinstituut en sy koerant nie.

(2) Die persinstituut en advertensies. Die koper en verkoper van ware kom op talle weë met mekaar in aanraking of kan op talle maniere met mekaar in aanraking gebring word. Een van hierdie weë is die gebruikmaking van die persinstituut

en sy koerant deur die advertensies. Die persinstituut en die koerant word dan 'n skakel om die koper en verkoper byeen te bring.

Meestal maak die verkoper gebruik van advertensie-geleentheid om sy ware bekend te stel en aan te bied, maar die koper kan ook van die advertensie-medium gebruik maak deur te adverteer wat hy nodig het. Daar is dus aanbiedende maar ook aanvraende advertensies.

(3) Vergoeding vir advertensies. Deur advertensies te plaas lewer die persinstituut 'n diens aan die adverteerders en word daarvoor deur die adverteerder vergoed. Hierdie advertensiegeld vorm 'n belangrike deel van die persinstituut se inkomste en het besondere betekenis vir die koerant. Deur sy inkomste te vergroot kan die koerant meer lesers werf, nog advertensies plaas en dus sy inkomste nog verder verhoog. Dit stel die persinstituut weer in staat om sy hierbo genoemde kerntaak en bykomende take beter te behartig. Sonder die advertensies kan die pers nie sy taak verrig nie. Die plaas van advertensies is nie 'n prinsipiële noodsaaklikheid vir die persinstituut nie, maar is wel 'n praktiese noodsaaklikheid. En tog is dit noodsaaklik om te beklemtoon dat die winsmotief by die pers nooit die diensmotief (in die geval van nuusaanbieding) sal verdring nie. Om hierdie inkomste te verseker kan die persinstituut self koerantadvertensies werf,[172] of advertensiekontrakte aangaan vir 'n bepaalde tyd, waardeur advertensiemaatskappye dan die advertensies voorsien,[173] of adverteerders kan die persinstituut persoonlik nader.

(4) Diens van die adverteerders aan die lesers. Die adverteerders probeer nie om aan die koerant 'n guns te bewys deur advertensies te plaas nie. Peereboom het hierdie stelling soos volg bevestig: „Men adverteert niet om het dagblad een plezier te doen en zijn inkomsten te vermeerderen, maar om het het publiek te bereiken. En bij verkoopreclame is het doel, geld te verdienen."[174] Uit die volgende doeleindes

---

172) Vgl. Peereboom. op.cit. p. 175.
173) Vgl. Ibid. p. 174.
174) Peereboom. op.cit. p. 172.

wat die individuele adverteerder en advertensie-agentskappe met die advertensies nastreef word die taak en belang van die adverteerders duidelik as 'n heel besondere diens wat aan die lesers gelewer word.

(i) Om goedere te verkoop. Die adverteerder is in besit van bepaalde goedere wat hy aan die publiek wil verkoop, Tereg het Carl Miller opgemerk: „All advertising, to be sure, is intended to sell goods....."[175] 'n Groot verskeidenheid handelsartikels word dus vir die doel aan die lesers bekend gestel.[176]

(ii) Om goedere aan te bied waarby die leser belang het. Die leser is nie altyd op hoogte van alle nuwe goedere wat geproduseer word nie en dit is die taak van die adverteerder om inligting daaromtrent aan die lesers te verskaf. Miller beklemtoon hierdie waarheid in die volgende woorde: „Sometimes the buying public is not fully aware of the qualities of a given kind of merchandise. Hense, advertising men design copy to acquaint them with the goods and develop a demand for them."[177]

(iii) Om nuwe gebruike en modes bekend te maak. Die bankwese bring dit bv. onder die aandag van die leser dat 'n nuwe soort bankrekening of reisigerstjek verskyn het, die motorhandel dat 'n rewolusionêre klein gesinsmotor gemaak word. Nuwe modes en gebruike word gereeld onder die aandag van die leser gebring.[178]

(iv) Om bekende produkte onder die aandag van die leser te bring. Artikels wat alledaags gebruik word, moet ook nog adverteer word ten einde te verhoed dat die leser daarvan vergeet en die verkope afneem. Tereg merk Miller op: „People may be aware of the value of a certain kind of merchandise but tend to forget it."[179]

(v) Om nuwe sake-ondernemings bekend te stel. Dit is

---

175) Miller, Carl G. Modern Journalism, p. 205.
176) Vgl. Mocke, op.cit. p. 31.
177) Miller, op.cit. p. 205.
178) Vgl. Loc.cit.
179) Loc.cit.

duidelik dat geen sake-onderneming wat begin, sonder die nodige bekendstelling aan die leser, sukses kan behaal nie.[180]

(vi) Om 'n bepaalde behoefte en gesindheid by die leser te skep. Wanneer 'n sake-onderneming sy ware adverteer en daarby kan beklemtoon dat sy produk die veiligheid en gesondheid van die huisgesin bevorder, of iets aanbied wat die leser behoort te hê, word 'n besondere behoefte by, of gesindheid teenoor die onderneming en sy produk geskep. Miller het hierdie voorbeeld gegee: „A big insurance company has developed good will by including in its advertising timely suggestions on maintaining good health."[181]

Uit hierdie beknopte weergawe is dit duidelik dat die adverteerders 'n dubbele oogmerk met advertensies het. Enersyds is dit daarop ingestel om die belange van die adverteerders te behartig en die produkte so te adverteer dat dit gekoop word, andersyds is die adverteerders ingestel om die belange van die leser te probeer dien. Die adverteerders plaas dus hulle advertensie primêr in hulle eie belang en sekondêr om diens te lewer aan die leser van die koerant.

Deur bogenoemde diens aan die lesers te lewer bring die persinstituut die koper en verkoper by mekaar. Die advertensies speel dus 'n uiters belangrike rol in die koerant. Dit bring die ware van die verkoper onder die aandag van die koper, dit skep bepaalde behoeftes en begeertes by die leser en dit is 'n uiters belangrike bron van inkomste aan die persinstituut wat op sy beurt weer in staat gestel word om sy taak te verrig.

(5) Die nuuskarakter van advertensies. Uit die beskrywing van die diens van die adverteerders aan die lesers hierbo, het dit reeds duidelik geblyk dat die advertensies in die koerant nuuswaarde het. Peereboom beklemtoon die waarheid soos volg: „Iedere dagbladdirecteur is zich sinds lang welbewust van het feit, dat niet alleen de redactionele inhoud maar ook de advertensies nieuws bevatten. Dit geld

---

180) Vgl. Ibid. p. 206.
181) Vgl. Miller, op.cit. p. 205.

voornamelijk van de lezers."[182] Om hierdie rede moet die advertensies ook die besondere kenmerke van nuusaanbieding dra. Dit moet aktueel wees en periodiek onder die leser se aandag gebring word. Advertensies moet besonderhede omtrent die betrokke ware van soveel goedere as moontlik, aan die grootste aantal lesers probeer meedeel. Die adverteerders en die advertensie-afdeling van die persinstituut moet die advertensies dus so opstel dat dit die aandag van die leser trek. Foto's kan bv. 'n baie belangrike hulpmiddel in die adverteer van ware wees. Sodoende sal die adverteerders ook reg laat geskied aan die nuuswaarde van die advertensies.

(6) Die lesers en advertensies. Indien advertensies as 'n bepaalde vorm van nuus beskou kan word, dan geld dieselfde beginsels vir die leser m.b.t. advertensies as vir sy nuustake.[183] Die leser moet hom nie alleen beywer dat die persinstituut met die plaas van advertensies in die koerant, 'n doeltreffende diens aan hom lewer nie, maar hy moet die persinstituut ook nader i.v.m. versuim of misbruike in die verband. Dit word ook van die leser verwag om nie onoordeelkundig op advertensies te reageer nie, maar sy diskresie op 'n verantwoordelike wyse te gebruik. Die leser moet dus bepaal waarby hy persoonlik belang het en daarvolgens gebruik maak van die geadverteerde koopware. Daar rus dus 'n verpligting op die leser om homself op hoogte te hou van die advertensies waarby hy belang mag hê.

Dit is interessant om daarop te let dat mans minder aandag aan die lees van advertensies wy, as vroue. Oor die algemeen blyk dit dat vroue die nuuswaarde omtrent modes, huishoudelike artikels, aankondigings van konserte, bioskoopvertonings, persoonlike berigte ens., meer benut as mans.[184] Waar mans geneig is om minder aandag aan advertensies te gee, het vraelyste bewys dat negentig persent van die koerantlesende vroue die advertensies gereeld lees.[185]

---

182) Peereboom, op.cit. p. 172.
183) Vgl. p. 272- 274.
184) Vgl. Peereboom, op. cit. p. 173.
185) Loc. cit.

Die taak van die leser m.b.t. koerantadvertensies kan dus so gestel word: die leser moet homself op hoogte hou en gebruik maak van die inligting wat die advertensies aanbied waarby hy persoonlik belang het en toesien dat die persinstituut sy advertensietaak in die koerant na behore vervul.

'n Waarheid wat dus baie sterk beklemtoon moet word is dat elke leser 'n verantwoordelikheid teenoor advertensies het. Hy mag hom nie maar deur elke advertensie laat beïnvloed nie, maar moet die advertensies ook met die nodige onderskeiding en wysheid lees.

(7) Die persinstituut en sy verantwoordelikheid met betrekking tot advertensies. Die persinstituut moet met die plaas van advertensies groot verantwoordelikheid aan die dag lê. Ook hier soos by nuusseleksie[186] moet die advertensies deur die persinstituut geweeg en gekeur word. Die belange van die leser, die diensmotief van die adverteerder, die nuuswaarde wat dit het, die betekenis wat dit vir die algemene leserspubliek het, is alles oorwegings wat 'n rol in die keuring van advertensies moet speel. Die persinstituut kan hom bv. nie losmaak van sy verantwoordelikheid m.b.t. die advertensies wat dit plaas deur eenvoudig te redeneer dat dit nie vir die inhoud daarvan verantwoordelik is nie.[187] Die persinstituut behoort geen advertensies te plaas waardeur die lede van die publiek benadeel of mislei kan word nie. Dit is in hierdie verband interessant om daarop te let dat die etiese kode van die Nasionale Persunie met betrekking tot advertensies veel omvattender en op sedelik hoër vlak staan as die gedragskode wat vir nuusaanbieding geld.[188] Die persinstituut het dus 'n verantwoordelikheid met betrekking tot die advertensies wat in sy koerant verskyn. In die hantering van advertensies, die aanvaring of weiering daarvan, speel die beleid van die persinstituut 'n belangrike rol en word mededebepaal deur die lewens- en wêreldbeskouing van die betrokke persinstituut.

---

186) Vgl. p. 262.
187) Vgl. Peereboom, op. cit. p. 171.
188) In die afdeling oor persnorme word hierna verwys.

Samevattend kan dus van die advertensiewese gesê word dat die advertensie self, nooit neutraal aangebied kan word nie. Dit geld vir die adverteerder en vir die persinstituut wat dit publiseer, maar selfs die leser staan ook nooit neutraal teenoor die advertensies nie. Deur die advertensiewese op 'n verantwoordelike wyse te benader en te behartig kan die persinstituut en die adverteerders meerdere vryheidsruimte vir die verkoper, vir die koper en vir die persinstituut, skep.

III. Die Persinstituut en die ekonomie.[189] Die persinstituut is self geen ekonomiese instituut nie, maar het deel aan die ekonomiese kring.[190] Wat hier veral van belang is, is die ekonomiese taak van die persinstituut. Voordat dit egter behandel word, moet enkele opmerkings vooraf gemaak word.

(1) Die taak van die ekonomiese kring. Die taak van die ekonomie is goedere verskaffende sorg met die oog op die taakverrigting van mense en ander samelewingskringe.[191] Mense van samelewingskringe gebruik die goedere wat deur die ekonomiese kringe verskaf word om daarmee sy eie taak en roepingsvervulling te behartig.

(2) Die arbeider en sy loon. Die verbruiker moet die ekonoom vir sy goedere-verskaffing vergoed. Die inkomste van die ekonoom moet egter nie minder as sy uitgawe wees nie, anders kan hy nie bestaan nie en dus nie sy ekonomiese roeping nakom nie. Die winsmotief is vir die ekonoom heeltemal geregverdig, maar dit moet egter altyd aan die diensmotief (om goedere te voorsien) gesubordineer wees. Die ekonomiese kring sorg dus in die eerste plek en sy belangrike taak is voorsorgmakende diens.

(3) Die ekonomiese taak van die persinstituut. Die persinstituut verskaf ook goedere, dit produseer die koerant (tegniese afdeling), dit distribueer die koerant (verspreidingsafdeling) en die lesers verbruik dit. Hiervoor vergoed

---

189) Vgl. p. 67-69.
190) Vgl. p. 242-244.
191) Vgl. p. 68.

die leser die persinstituut deur middel van intekengeld. Die pers het dus in hierdie sin ook 'n ekonomiese taak.

Die persinstituut het egter meer as net 'n ekonomiese taak, want die koerant is meer as net 'n ekonomiese produk. Dit is nie slegs 'n ekonomiese gebruiksvoorwerp soos bv. 'n potlood, tafel ens. nie. Die persinstituut bied ook met die koerant nuus, as 'n bepaalde vorm van kennis, aan. Met sy nuusaanbieding word die fundamentele sin en betekenis van die koerant uitgedruk en dus die kerntaak van die persinstituut aangegee. Dit beteken dat nie alleen die winsmotief aan die sorgende diensmotief gesubordineer moet word nie, maar dat die hele ekonomiese sorgtaak aan die kerntaak van nuusaanbieding gesubordineer moet word.

(4) Die interne ekonomiese taak van die persinstituut. Elke samelewingskring en dus ook die persinstituut het sy eie huishouding of ekonomiese taak. Hierdie ekonomiese taak word deur die struktuur en roepingstaak van die betrokke kring gekwalifiseer en dus daaraan gesubordineer. In hierdie interne huishouding is daar ook sorg m.b.t. stoflike goedere, daar moet bv. inkomste wees om die uitgawes te dek sodat in die geval van die persinstituut, dit in staat kan wees om sy kerntaak van nuusaanbieding te verrig. M.a.w. die voorsorg wat in die interne huishouding getref word, moet altyd 'n middel wees om die roepingstaak te dien en nooit doel op sigself word nie. Hierdie voorsorg is dus baie nodig sodat elke samelewingskring, bv. die pers, in staat sal wees om sy ware taak en roeping te vervul.

(5) Besondere implikasies vir die kerntaak van die persinstituut. Bogenoemde het besondere implikasies vir die taak van die pers. Reeds as ekonomiese voorrang moet die diens motief bo die winsmotief gestel word. Maar as nuusverskaffer

moet hierdie betrokke diens bo die ekonomiese sorg en wins gestel word. Die middel wat nodig is om die persinstituut in staat te stel om nuus aan te bied, mag nie tot doel verhef word nie.

Die persinstituut is geregtig om vergoeding te ontvang vir die dienste wat dit aan die leser en die adverteerder lewer en daar moet gesorg word dat die inkomste ook meer is as die uitgawe. M.a.w. die interne ekonomiese taak van die persinstituut is 'n praktiese noodsaaklikheid waarsonder die persinstituut bankrot sou gaan en nie die middele sou hê om sy taak van nuusaanbieding te onderneem nie. Maar hierdie interne ekonomiese taak bly nog altyd gesubordineer aan en gekwalifiseer deur sy eintlike dienstaak wat uit nuusaanbieding bestaan.

(6) Samevatting. Uit bogenoemde blyk dus duidelik dat die pers geen ekonomiese instituut is nie, al het dit ook ekonomiese take in die algemeen en al het dit sy interne ekonomiese taak of huishouding. Die gevaar wat mag opduik is dat die ekonomiese taak van die persinstituut in 'n spanningsverhouding met die kerntaak van nuusaanbieding gewikkel kan word. Die ekonomiese taak van die pers behoort in diens te staan van die kerntaak van die persinstituut want die kerntaak moet steeds die hoofdoel van die persinstituut bly en die ekonomiese taak 'n middel om dit te bereik. Die ekonomiese taak moet dus die praktiese noodsaaklikheid wees met die oog op die nuustaak van die persinstituut. Die versoeking mag ontstaan dat die persinstituut by gebrek aan fondse, sy inkomste wil verhoog en dit op so 'n wyse doen dat die nuustaak by die ekonomiese taak aangepas word. Dit sou dus heeltemal verkeerd wees indien die winsmotief by die persinstituut tot die hoogste maatstaf verhef word. DeVolder het hierdie gevaar tereg baie skerp gestel. „Ongetwijfeld geeft het economische motief aanleiding tot betreurenswaardige misbruiken."[192]

Die hele problematiek i.v.m. die persinstituut en die ekonomiese kring word nie neutraal benader nie, maar die beleid van die persinstituut word deur die lewens- en wêreldbeskouing van die persinstituut medebepaal.

---

192) DeVolder, De Ethiek van de Pers. p. 289.

IV. Spanningsprobleme i.m.v. perstake. Dit is uit die voorafgaande gedeeltes duidelik dat die persinstituut nie net 'n kerntaak van nuusaanbieding het om te verrig nie, maar dat dit ook ander take, soos bv. die interne ekonomiese taak, en veral 'n verskeidenheid van bykomende take het om te verrig. Die kerntaak van die persinstituut moet altyd voorrang geniet en moet as die roepingstaak van die persinstituut beskou word. Sou enige van die bykomende take of die interne ekonomiese taak van die persinstituut die kerntaak van nuusaanbieding verdring, sou daar 'n spanningstoestand ontwikkel waardeur die persinstituut verhinder word om sy ware taak en roeping te vervul. Hierdie spanningstoestand sou vermy kon word indien die persinstituut kragtens sy struktuur en roeping toegelaat word om sy kerntaak van nuusaanbieding behoorlik te vervul.

Algemene Samevatting. Elke mens en samelewingskring het sy eie besondere taak en roeping om in die menslike samelewing te vervul. Die persinstituut as samelewingskring het volgens sy aard en struktuur sy eie besondere taak en bestemming. Die kerntaak wat die persinstituut het om te verrig is nuusaanbieding. Met sy nuusaanbieding rig die persinstituut hom tot die lesers as individue en as lede van verskillende samelewingskringe. Die kerntaak van die persinstituut en die take van die verskillende samelewingskringe is egter nie van mekaar isoleerbaar nie en komplementeer mekaar. Die persinstituut is vir sy taakverrigting afhanklik van die taakverrigting van elke ander afdeling in die perskring maar ook van ander samelewingskringe buite die perskring. Op sy beurt kan die persinstituut dus ook 'n bydrae lewer tot die behoorlike vervulling van die taak van elke ander samelewingskring.

Die taak-probleem van die persinstituut het belangrike implikasies vir die vryheid van die pers. Hoe beter die persinstituut sy eie taak verrig des te beter sal dit in staat wees om ware persvryheid te aktualiseer. Die vryheid van die persinstituut hang egter saam met die vryheid van ander samelewingskringe en is daarmee vervleg. Derhalwe moet die hele probleem van persvryheid nie alleen by die persinstituut betrek word nie, maar ook in verband met sy vervlegting met ander samelewingskringe benader word. Dit is dus nie net die taak van die persinstituut wat behoorlik vervul moet word om die vryheid van die pers te verseker nie,

maar ook die take van elke ander afdeling in die perskring en van die verskillende samelewingskringe wat met die pers-instituut vervleg is.

Alle menslike take is egter aan norme onderworpe, m.a.w. dus ook die perstake. Derhalwe sal die perstake eers aan die betrokke norme getoets moet word alvorens daar 'n duidelike uiteensetting van persvryheid gegee kan word. Die volgende afdeling word dan aan die probleem van persnorme gewy.

D. PERSNORME.

Inleiding.

Met die beskrywing van die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing is daarop gewys dat die skepping aan die wetsorde van God onderwerp is.[193] Voorts is beklemtoon dat die handelinge van die mens aan norme onderwerp is.[194] Die praktiese betekenis wat norme het, is dat dit vir die mens rigtinggewend is in wat hy behoort te doen en hoe hy behoort te handel.[195] Dit sluit alle handelinge van die mens in. Steketee wys terecht daarop dat die geskrewe woord geen uitsondering hierop is nie en om die rede moet nuus-aanbieding ook aan norme onderwerp word: „Men vergeet echter dat woorden ook menselijke handelingen zijn en dus vallen onder de algemene regels van de moraliteit."[196] Die geskrewe woord van die pers is dus 'n menslike handeling wat normatief beoordeel moet word. Derhalwe is dit nodig om te bepaal wat die plek van norme in verband met die probleem van persvryheid is. Met hierdie afdeling word egter geensins beoog om 'n volledige uiteensetting van persnorme te gee nie, maar word slegs 'n poging aangewend om aan te dui dat algemene en besondere norme vasgestel moet word indien bepaal moet word wat persvryheid is.

---

193) Vgl. p. 38.
194) Vgl. p. 72.
195) Vgl. Stoker, Beginsels en Metodes, p. 222.
196) Steketee, A. Beschouwingen van Een Christen Denker, p. 233.

1. Norme wat vir die pers geld. In verband met norme wat vir die pers as instituut en perskring en vir die nuustake van die persinstituut geld, moet kortliks onderskei word.

(a) Algemene norme. Onder die algemene norme wat vir alle menslike handelinge ten alle tye, en dus ook vir die pers geld, kan bv. o.a. die Tien Gebooie en die juridiese norm genoem word.[197] Die ontkenning van die bestaan van die gebooie van God en die algemene norme hef dit nog nie op nie. Stoker beklemtoon hierdie waarheid heeltemal tereg: „Selfs waar die mens die Goddelike gebooie en kultuurnorme oortree, bly hulle geld en staan die mens met sy oortreding van die gebooie en norme skuldig, veroordeel en strafwaardig."[198]

Die pers, soos elke menslike samelewingskring moet hom onderwerp aan die wetsorde van God en die norme wat vir elke lewensterrein geld. Stoker se standpunt in die verband kan ook van toepassing gemaak word op die pers: „Die mens staan onder die normatiewe wetsorde van God, wo. die tien gebooie, en onder die norme vir sedelikheid, reg en ekonomie vir kuns, taal en denke, asook vir huwelik, gesin, volk, kerk, staat ensovoorts."[199] Dit moet egter duidelik gestel word dat die pers dié norme moet erken en daarvolgens handel. Die handeling van die mens en dus ook van die pers kan goed of sleg wees, en elke mens kan kies hoe hy optree. In sy beskrywing van norme en natuurwette het Keet dit soos volg gestel: „.....hier kies ons een moontlikheid bo 'n ander, omdat ons dit deur 'n waarderingsoordeel beter ag as die ander, en die maatstaf waarvolgens ons dit waardeer, is die sedewet of norm van wat ons as goed beskou."[200] Norme spreek tot die mens en in die geval tot die pers, met die krag van 'n bevel wat gehoorsaamheid vra. Waar norme geld het ons met die verantwoordelike optrede van die mens te doen wat die moontlikheid van 'n keuse het en waar hierdie norm oortree word, staan die mens skuldig. Norme help die mens

---

197) Vir volledige besonderhede i.v.m. algemene norme, vgl. p. 74-75.
198) Stoker, Oorsprong en Rigting, p. 52.
199) Stoker, Beginsels en Metodes in die Wetenskap. p. 121.
200) Keet, op. cit. p. 4.

in sy besluite en bied leiding i.v.m. die keuse wat gemaak moet word. Die pers as instituut en as perskring is onderworpe aan al die norme wat vir die gedrag van elke mens geld. DeVolder wys tereg daarop dat die pers niks prysgee deur norme te erken en te eerbiedig nie, maar dat dit eerder, tot beter en verantwoordeliker taakverrigting kan lei.[201]

(b) Kontingente behorenseise. Die pers kom elke dag voor nuwe aktuele beriggewing te staan en vir elkeen van hierdie nuwe, onherhaalbare situasies geld die kontingente behore. Die kontingente behore kan saamgevat word met die universele norme vir die kontingente behore.[202] Hierdie universele norme vir die kontingente behore kan nie herlei word tot algemene norme (en andersom) nie, maar ook nie van die algemene norme geïsoleer word nie. In 'n bepaalde situasie geld die universele norme vir die kontingente behore (bv. dat nuus omtrent 'n staatshoof se verklaring dadelik aangebied word omdat die volk onmiddellik belang daarby het) maar geld die algemene norme (bv. om jou naaste lief te hê) eweseer.

(c) Besondere gevalle van norme. Dit is nodig om daarop te let dat daar 'n groot verskeidenheid norme is wat vir die pers geld. Die volgende norme kan bv. onderskei word: waarheidsnorm, logiese norm, estetiese norm, ekonomiese norm, juridiese norm, etiese norm, taalnorm, godsdienstige norm, religieuse norm en verder ook idiostantstrukturele norme in verband met die samelewingskringe, norme met die kosmiese dimensie van gebeurtenisse waaronder historiese norme vir die vorming van geskiedenis met betrekking tot tradisie en progressie. Elkeen van hierdie norme en vele meer, geld ook vir die pers as instituut, die perskring en die perstake.

Die onderskeiding van hierdie norme beteken egter nie dat elkeen van hierdie norme volledige bespreek word nie.

---

201) Vgl. DeVolder, De Ethiek van De Pers. p. 165. Vgl. ook: Second Portion of The Report of the Commission of Inquiry into the Press, p. 900, waar die Perskommissie die stelling maak dat die pers 'n taak het om 'n hoë sedelike peil te handhaaf.

202) Vir volledige besonderhede i.v.m. kontingente behorenseise, vgl. p. 75-77.

Daar word dus in die volgende paragrawe selektief verwys na enkele besondere norme wat as voorbeelde kan dien en in die volgende afdeling word die oortreding van hierdie norme vollediger bespreek.

2. Norme gegee met die struktuur van die Perskring en die pers as instituut. Ter wille van duidelikheid word met die vasstel van persnorme onderskei tussen norme wat vir die struktuur van die perskring en die persinstituut geld, en norme wat voortvloei uit die taak van die pers.

Sowel die perskring as die persinstituut het met persone te doen. Die ontleding van die struktuur van die pers-instituut en die perskring[203] het duidelik aangetoon dat die koerant veral nuus aanbied wat deur mense (verslaggewers) versamel word, dat die nuus oor mense handel en dat die gedrukte koerant tot mense(lesers) gerig word. Die pers as instituut bestaan uit individuele lede en die perskring weer o.a. uit individuele lesers. Die pers as instituut is 'n sosiale kring en die perskring is 'n vervlegting van die persinstituut met ander sosiale kringe en ook hierby is daar norme wat geld vir die persinstituut, die koerant, individuele lesers, sosiale kringe wat by die pers belang het en belangegroepe.

Uit die struktuuranalise van die persinstituut en die perskring is daar bepaalde beginsels afgelei.[204] Vir hierdie betrokke beginsels bestaan daar norme wat vir die pers as instituut en die perskring geld en wat kortliks uiteengesit word.

(a) Die persoonsbeginsel. Juis omdat die pers met mense, d.w.s. met persone te doen het en veral met menslike verhoudinge gemoeid is, vloei uit hierdie persoonsbeginsel 'n hele aantal norme voort.

---

203) Vgl. p. 230 en veral p. 239-240 waar die pers in sy verhouding tot die lesers en verskillende samelewingskringe duidelik uiteengesit word.
204) Vgl. p. 245-247.

(i) Eerbaarheid. Eerbaarheid is 'n norm wat vir die hele perskring geld, nl. vir die persinstituut (redaksie, advertensiewese, tegniese afdeling, administrasie, ens.) maar ook weer vir die verhouding van die lesers, sosiale kringe en belangegroepe tot die persinstituut.

Die mens, d.w.s. die persone wat by die persinstituut en die perskring betrokke is, is mense wat na die beeld van God geskape is.[205] Elkeen , d.w.s. individu en sosiale kring moet sy eie eerbaarheid handhaaf en die eerbaarheid van elke ander behartig, met ander woorde homself as mens geskape na die beeld van God en ander mense ook as geskape na die beeld van God behandel. Die mens is 'n religieus-sedelike wese en die pers tree altyd persoonsbehartigend[206] op. Sy optrede kan in persoonsliefde geskied en dus sedelik goed wees of persconsskendend wees en dus sedelik sleg wees. Die erkenning dat die pers persoonsbehartigend moet optree is ook 'n erkenning van die eerbaarheid van die mens.

(ii) Gewetensvryheid. Onder hierdie norm word verstaan, handel volgens jou eie gewete[207] en respekteer ook die gewete van ander. Elke afsonderlike afdeling binne die perskring (die verskeie onderafdelings word nie herhaal nie), het met persone te doen vir wie dié betrokke norm geld. Die leser moet bv. volgens sy gewete sy verhouding met betrekking tot die koerant, asook sy verhouding met betrekking tot die persinstituut bepaal. Die redaksie moet

---

205) Vgl. vir die begrip „geskape na die beeld van God." p. 28 en ook die uiteensetting van Stoker in die verband. Beginsels en Metodes in die Wetenskap, p. 257-258.

206) Die sedelike as sodanig word gesien as persoonsbehartiging en word volledig beskryf op p. 71-75.

207) Dit is uiters moeilik om presies te beskryf wat die „gewete" is, omdat daar verskillende standpunte in die verband ingeneem word. Die gewete van die mens lê 'n verpligting op hom om wat goed en reg is te doen ten spyte daarvan dat dit selfs teen sy eie wense en begeertes mag ingaan. Keet beskrywe dit so:„Die gewete is ons reaksie op die onvoorwaardelike eise van die sedewet, ongeag of dit gehoorsaam word of nie, en as sodanig het dit te doen met ons hele lewe en met die wêreld waarin ons beweeg, alhoewel dit geensins daaruit afgelei kan word nie". Keet,Sedelike Vraagstukke.p.19. Gewetensvryheid word gehandhaaf omdat die mens oortuig is dat sy maatstaf reg is en dat hy hom verplig voel om volgens sy oortuiginge te handel.

dit as sy plig beskou en die gewete van die lesers en van sosiale kringe te eerbiedig. Die redaksie van die koerant moet dus hierdie norm in oorweging neem wanneer oorgegaan word daartoe om deur nuusvoorligting en selfs propaganda[208] dwang op die gewete van die leser uit te oefen.

(b) Openbaarmaking van privaat aangeleenthede van die enkeling en sosiale kring. Elke mens en samelewingskring behoort die voorreg te geniet om sy eie sake privaat en verantwoordelik te behartig. Hierdie reg tot privaatheid van die enkeling en sosiale kring moet eerbiedig word. Die pers behoort nie die privaat lewe van die mens en van die sosiale kring op onbehoorlike wyse in te dring en openbaar te maak nie. Benéson het hierdie norm soos volg beklemtoon: „If a person wishes to keep out of the news, it should be within his power to do so."[209] Die teenoorgestelde sou ook hier geld, nl. dat iemand omtrent wie nuusberigte behoort geplaas te word omdat die lesers belang daarby het, nie op onbehoorlike wyse doodgeswyg moet word nie.

(c) Soewereiniteit in eie kring. Die beginsel van soewereiniteit in eie kring[210] lei tot norme wat vir die pers geld. Die perskring is 'n vervlegting van die pers as instituut (as sosiale kring) met ander sosiale kringe. Die norme wat hier erken moet word is dat elke betrokke sosiale kring homself getrou sal bly, d.w.s. sy eie sake selfstandig en verantwoordelik sal behartig en verder dat elke betrokke sosiale kring die eieaard (en dus die kringsowereiniteit) van elke ander sosiale kring sal eerbiedig. Die pers as sosiale kring mag bv. geen ander sosiale kring (kerk, owerheid, leserskring ens.) oorheers nie, maar mag

---

208) Vgl. vir betekenis van nuusvoorligting en propaganda. p. 267.

209) Benéson. A Free Press. p.1.

210) Die begrip „soewereiniteit in eie kring" beteken dat elke sosiale kring 'n eie karakter het, onderwerp is aan bepaalde wette en behorenseise en 'n besondere taak het om te vervul en die een sosiale kring kan nie herlei word tot 'n ander sosiale kring nie. Elke kring het dus 'n oorspronklikheid en onherleibaarheid wat erken moet word. Vgl. Stoker: Beginsels en Metodes in die Wetenskap. p. 166. Dit word goed uitgedruk deur Spier in die volgende woorde: „De verschillende wetten toch zijn uitsluitend soeverein voor dat gebied van het leven, waarvoor ze door de Schepper gegeven zijn. Wie daar geen rekening mee houdt, maar eigenmachtig en willekeurig d grenzen van de Wetskringen overschrijdt. Verstrikt zich in opoplosbare tegensctrijdigheden, in zogenaamde antinomieën." Spier: Wat is Calvinistische Wijsbegeerte. p. 29.

ook nie sy eie roeping verontagsaam en ontduik nie. Dit geld wedersyds van die persinstituut en van elke ander kring binne die perskring,

Hierdie betrokke norme geld veral waar die persinstituut nuus omtrent 'n verskeidenheid individue en sosiale kringe in die koerant publiseer en aan die lesers bied. Die persinstituut moet in elke geval homself getrou bly en die kringsoewereiniteit van elke sosiale kring eerbiedig.

Die erkenning en eerbiediging van hierdie betrokke norme, beteken ook dat ander sosiale kringe (bv. owerheid, kerk, lesers, belangegroepe ens.) die soewereiniteit in eie kring van die pers moet eerbiedig en in geen opsig die pers mag oorheers of skaad nie.

(d) Verantwoordelikheids- en gesagsnorme. Elke mens en elke samelewingskring is verantwoordelik[211] omdat hy 'n betrokke struktuur en taak het, 'n moontlikheid van keuse (toerekenbaar is) en onder norme staan wat hy behoort te gehoorsaam. Dit geld vir elke individu en elke sosiale kring in die perskring. In die verband kan bepaalde norme duideliker onderskei word:

(i) Elke persoon en sosiale kring is verantwoordelik vir sy dade, bv. die persinstituut vir sy nuusaanbieding en vir sy koerant, die adverteerder vir sy advertensie, die leser vir sy kennisname van en houding teenoor die inhoud van die koerant,[212] die belangegroepe vir hulle beïnvloeding van die persinstituut, ens.

(ii) Elke persoon en sosiale kring is verantwoordelikheid verskuldig teenoor ander. Die persinstituut, bv. teenoor sy lesers, teenoor die adverteerders, die adverteerders bv. weer teenoor die persinstituut en die lesers, die persinstituut teenoor kerk, volk, staat en omgekeerd. In al

211) Vgl. in die verband die uiteensetting van verantwoordelikheid wat gegee is met die bepaling van wat die plek van die pers in die menslike samelewing is, p. 246-247.
212) Vgl. p. 246.

die gevalle het ons nog nie met gesagsnorme te doen nie. Hierdie „teenoor-norme" geld op grond van 'n gelykheid in differensiasie, omdat alle instansies gelykelik mens is en onder die norme en roepingsbevel van God staan, en omdat al hierdie verskeidenheid van enkelinge en samelewingskringe saamhang, die een die ander nodig het en die een die ander tot diens moet wees. Vandaar geld in die perskring dat elke instansie gewillig moet wees om teenoor die ander rekenskap van sy betrokke handelinge te gee en die een van die ander rekenskap daaromtrent mag verwag.

(iii) Elke mens en sosiale kring (ook in die hele perskring) is verantwoordelik aan gesaghebbers. Hier geld gesagsnorme, waar die gesaghebber die reg het om gesag uit te oefen en die gesagsonderdaan die voorreg het om aan die gesag gehoorsaam te wees. Die betrokke gesagsdraende instansies kan dus verantwoording van die gesagsonderdaan eis. Die gesagsnorme geld net binne die sosiale kring met sy gesagstruktuur, d.w.s. binne die persinstituut, maar ook binne die staat, kerk ens. Vir sover die persinstituut 'n regspersoonlikheid is en onder die wette van die staat staan, geld die owerheidsgesag ook vir die persinstituut. Tussen die persinstituut en die volk of kerk is daar egter nie 'n gesagsverhouding nie, die een is nie normatief aan die gesag van die ander onderworpe nie. Die gesagstruktuur van elke betrokke samelewingskring moet deur die pers eerbiedig word. In fundamentele sin is alle menslike gesagsverhoudings, maar ook elke persoon en sosiale kring binne die perskring onderworpe aan die absolute gesag van die wil en wet van God. In absolute sin is die persinstituut en die perskring vir al hulle doen en late aan God verantwoordelik.

(e) Strukturele diensverhoudinge. Die perskring is bestem om diens te lewer. Met die mededeling van nuus, die advertensies, verskillende rubrieke, ensovoorts, lewer die pers 'n diens aan die menslike samelewing.[213] Hierdie

213) Die pers moet sy diens sien as 'n middel tot ware vervulling van sy taak en nie as 'n doel op sigself nie. Met instemming word hier verwys na die standpunt van Norval in verband met arbeid, soos uiteengesit op p. 175.

diensmotief moet eerbiedig word as 'n uiters belangrike norm vir die pers. Omgekeerd kan ook gestel word dat die lesers en verskillende sosiale kringe ook die diensmotief teenoor die pers moet eerbiedig. Dit sou baie help om die taak van die pers te bevorder indien persone of sosiale kringe die pers meer op hoogte hou van nuus en daarmee waarskynlik baie misverstand of gebrekkige inligting voorkom.

(f) Daar kan nog veel meer norme onderskei word wat met die struktuur van die perskring en die persinstituut gegee is. Die doel met hierdie onderskeiding is egter om aan te toon dat daar wel norme is wat vir die perskring en die persinstituut geld en wat derhalwe deur elke afdeling van die perskring eerbiedig moet word. Daar word verder gewys op die feit dat die betrokke norme wat reeds aangegee is ook bv. vir die take van die persinstituut mag geld en norme wat vir die take van die persinstituut geld ook i.v.m. die struktuur van die perskring geld. Dit sou dus nie aan die eise van die praktyk voldoen om die betrokke norme slegs vir bepaalde afdelings of take van die perskring uit te sonder nie. Die meeste van die persnorme wat hier onderskei word, geld vir elke individu en sosiale kring en die take binne die perskring.

3. Norme wat voortvloei uit die taak van die pers.

Die kerntaak van die pers is reeds aangegee as nuusaanbieding.[214] In verband met hierdie taak van die pers is daar norme wat vir die pers van besondere betekenis is. Deurgaans moet in gedagte gehou word dat die norme wat hier geld ook van toepassing mag wees op ander afdelings van die perskring en nie net op die nuustake van die persinstituut nie. As voorbeeld word genoem dat die norm van eerlikheid vir die nuustaak van die persinstituut geld, maar ook vir die advertensieafdeling, tegniese afdeling, administrasie, die lesers, direksie, belangegroepe ensovoorts. In die lig

214) Vir die volledige beskrywing wat met nuusaanbieding saamhang, nl. nuusversameling, nuusseleksie, beriggewing, nuustoeligting en nuusvoorligting, word verwys na p. 259-267.

hiervan kan 'n aantal norme onderskei word wat veral betrekking het op die nuustake van die persinstituut.

(a) Hoe nuus behoort te wees. Nuus wat aan die leser gebied word, kan waar, vals, oordrewe, propagandisties, ens. wees. Nuusaanbieding behoort egter waar en objektief te wees. In die verband word veral op twee norme gewys wat nader ontleed word.

(i) Die waarheidsnorm. Verskillende bronne bevestig dat hierdie norm deur die pers erken word. Die gangbare definisie vir waarheid word in die joernalistieke wêreld soos volg aangegee: „..... die ooreenstemming van die menslike denke, waardering en wete met die werklikheid."[215] Die volgende sinsnedes uit perskodes lewer bewys dat die pers in sy taakverrigting die waarheidsnorm erken en wil eerbiedig. In die perskode van 1939 word reeds bepaal dat die pers hom sal „.....onthou aan die opsetlike verdraaiing van feite in die nuus en verslae."[216] In die gedragskode van die Suid-Afrikaanse Persverwysingsraad word bepaal dat „In die aanbieding van nuus daar geen opsetlike afwyking van feite moet wees nie deur (i) verdraaiing (ii) betekenisvolle weglatings (iii) die proses van opsomming."[217] Dit is

---

215) Pienaar, G.J.: Klasaantekeninge. Waarheid en Eerlikheid in die Pers. p.1.
Hierdie definisie toon ooreenkoms met die beskouing van G.B. Wurth wat waarheid soos volg beskryf.
"De term waarheid in etische zin, licht heel dicht bij waarachtigheid, gelyk dit laatste begrip weer verwantschap heeft met oprechtheid, eerlykheid, goede trouw, als de tegenstelling ervan genoemd kunnen worden: leugenachtigheid, geveinsdheid, onbetrouwbaarheid."
Wurth,G.B. Art. Waarheid In Christelyke Encyclopedie. Deel VI. p. 560.
Vgl. ook die standpunt van Stoker soos aangehaal op p. 112-113.

216) Vgl. Bylaag B. van die Kode opgestel 14-16.Augustus 1939 en aangehaal deur Du Plessis,J.H.O. in: Die Afrikaanse Pers. Deel II. p. 256-257. p. B.3.

217) Vgl. Bylaag D van die Gedragskode soos vir die pers opgestel in 1962 en aangehaal deur Die Vaderland.13 Maart 1962. p. 1. p.B6.

verblydend dat die pers die belangrikheid van die waarheidsnorm insien en dat dit ook so prominent in die perskodes gestel word.

Die waarheidsnorm vereis nie slegs dat 'n nuusberig aan die werklike gebeure sal beantwoord nie. Dit is geldig omdat die persinstituut hom tot die leser rig en aan die leser toeligting en voorligting waarby hy belang het, verskaf. Die eerbiediging van die waarheidsnorm kwalifiseer die diens wat deur die persinstituut aan die leser gebied word.

Die waarheidsnorm plaas elke joernalis onder 'n waarheidsverpligting wat sy nuusaanbieding betref. Hierdie norm geld egter nie net wat die nuustake van die persinstituut betref nie, en heel tereg merk DeVolder op: „Het waarheidsprobleem bepaalt zich niet tot de rubriek nieuwsberichten reportages, het wordt gesteld voor de hele krant en alle onderdelen van de krant."[218]

(ii) Die objektiwiteitsnorm. Elke wetenskaplike is verplig om sy wetenskaplike gegewens so ver as moontlik objektief[219] te benader. Die objektiwiteitsnorm geld ook vir die verslaggewer wat gebeurtenisse sien plaasvind en beluister met die doel om 'n nuusberig op te stel en toeligting en voorligting aan die lesers te verskaf. Die objektiwiteitsnorm geld vir elke aspek van nuusaanbieding.

Objektiwiteit mag egter nooit met neutraliteit verwar word nie. Die goed-bedoelde definisie van Winkler Prins omtrent objektiwiteit is nie heeltemal vry van die neutraliteitsgedagte nie. Objektiwiteit is vir hom „..... het oordeel of de kennis, die vrij is van vooroordeel of subjectief belang, zakelijk verantwoord en intersubjectief voor ieder als geldig erkend is op zulk een erkenning aanspraak maakt. Het streven naar objectiviteit is vooral kenmerkend voor

---

218) DeVolder, N. De Ethiek van De Pers. p.184.
219) Vir die begrippe objektiviteit en subjektiviteit van nuus, vgl. die paragraaf oor beriggewing p.263.Vgl. ook in die verband die prinsipiële siening omtrent objektiviteit p. 17-18.

het wetenschappelijk denken".[220] Die lewens- en wêreldbeskouing van die mens spreek bewus of onbewus mee in sy wetenskapsbeoefening en in die geval ook i.v.m. sy nuusaanbieding. Die standpunt dat die pers aan objektiwiteit verloor sodra dit van 'n lewens- en wêreldbeskoulike standpunt uitgaan of aan norme onderwerp word, moet skerp afgewys word omdat objektiwiteit dan dieselfde betekenis het as neutraliteit.[221] DeVolder bevestig bogenoemde standpunt wanneer hy dit van toepassing maak op die pers: „Het is een illusie te menen, dat een objectieve kijk op de feiten slechts kan verkregen worden door het op zij schuiven van wijsgerige of religieuze overtuigingen."[222] Die hele perstaak en alles wat met nuusaanbieding saamhang moet die objektiwiteitsnorm eerbiedig. Dit sal vanselfsprekend baie hoë eise stel aan die pers wat daarop gesteld is om sy vryheid te verwesenlik en hom nie wil laat leen om as propagandamedium[223] te dien nie. Die mens kan nie volkome objektief wees nie, maar kan nogtans daarna strewe om in sy benadering van feite en gegewens subjektief waaragtig te wees. Die objektiwiteitsnorm geld nie slegs vir die persinstituut wat nuusberigte moet opstel en nuustoeligting en voorligting moet verskaf nie, maar dit geld ook vir die leserskring. Van die leser word verwag om die koerant krities, onderskeidend maar tog ook objektief te lees.

(b) Die verhouding van nuusaanbieding tot die leser. Die individuele lede van die persinstituut self staan i.v.m. nuusaanbieding in 'n bepaalde verhouding tot die lesers. In hierdie verhouding is daar bepaalde norme wat onderskei kan word.

(i) Die eerlikheidsnorm.

Daar moet onderskei word tussen die begrippe eerlikheid en eerbaarheid.[224] Die betekenis wat G.B. Wurth aan eerlikheid gee en wat nou aansluit by sy definisie van „waarheid",

---

220) Algemene Winkler Prins Encyclopedie. Deel 7. Art. oor Objektief. p. 650.
221) Vgl. vir die afwysing van die sogenaamde „neutrale wetenskap", p. 18.
222) DeVolder, N.: De Ethiek van De Pers. p. 165.
223) Vgl. vir die begrip „propaganda". p. 267.
224) Vgl. die beskrywing van die begrip eerbaarheid soos vroeër in hierdie hoofstuk aangegee. p300.

kan aanvaar word, nl. „subjectieve waarachtigheid.....hij die zichzelf niet anders voordoet dan hij is."[225] Die subjektiewe waaragtigheid van die joernalis eis dat sy nuusberig nie anders sal wees as in ooreenstemming met die werklike gebeure nie. Die nuusaanbieding moet dus 'n eerlike weergawe wees van dit wat werklik gebeur het. Dit plaas 'n groot verantwoordelikheid op die verslaggewer en die pers in sy nuusaanbieding. Waar die eerlikheidsnorm nie eerbiedig word nie, kan dit nie alleen die taak van die pers ernstig benadeel nie, maar ook die persoon of sosiale kring oor wie daar berig word, skade aandoen. Met instemming word Pienaar se beskrywing van eerlikheid weergegee: „Eerlikheid om sedelik goed te wees, moet nie slegs bestaan in goeie eerlike motiewe nie, maar moet ook goed wees wat sy gevolge betref. So 'n eerlikheid moet nie net die liefde teenoor die self betrag nie, maar ook teenoor die andere, teenoor ander persone, groepe en die hele volksgemeenskap."[226] Die eerlikheidsnorm stel aan die pers besonder hoë eise wat integriteit beoordeling van gebeure en fyn onderskeidingsvermoë betref.[227]

Hierdie norm beklemtoon die feit dat die pers 'n verantwoordelikheid teenoor bv. die lesers het om nuus eerlik, betroubaar sonder verdraaiing aan te bied. Waar dit nie gebeur nie, kan die lesers en sosiale kringe wat belang by nuus het, nie hulle taak reg vervul nie.

---

225) Wurth, G.B. Art. Eerlykheid in Christelyke Encyclopedie. Deel II. p. 551.

226) Pienaar, G. J. : Waarheid en Eerlikheid in die Pers. p. 5.

227) Pienaar maak 'n verdere onderskeiding tussen „algehele, absolute, konsekwente, eerlikheid en waarheidsdiplomasie." Waar die eerste alle feite openbaar, wil die laaste 'n taktiese weerhouding van bepaalde feite uit berigte hê. Hierdie onderskeiding is belangrik, maar word nie nader bespreek in verband met persnorme nie. Wanneer oor perseuwels gehandel word sal veral op die eerste begrip gewys word.
Vgl. Ibid. p. 3.
Vgl. ook in bogenoemde verband, DeVolder, De Ethiek van De Pers. p. 196-202.

(ii) Die Billikheidsnorm. Hierdie norm word genoegsaam deur die pers erken en ook weerspieël in die Gedragskode van die pers waaruit o.a. die volgende aanhalings gemaak word: „Nuusberigte moet vry wees van bewimpeling, skewe voorstellings..." en „Opskrifte moet die inhoud van die nuusberig of -artikel waarbo hulle verskyn, billik weerspieël."[228] Die pers, moet dus nie op onbillike wyse weglaat, byvoeg of kommentaar lewer omtrent gebeure nie, want daardeur kan 'n skewe beeld aan die leser besorg word en verantwoordelike instansies onbillik onder verdenking geplaas of benadeel word. Dresen het dit in gedagte wanneer hy sê: „Ieder mens heeft immers van nature recht er op niet in dwaling te worden gebracht. Immers ieder mens heeft er recht op, dat men hem geen kwaad aandoet, omdat het kwaad immers een berooving is van datgene dat iemand toekomt."[229] Die billikheidsnorm moet dus in die nuusaanbieding van die pers baie sterk in ag geneem word en die pers behoort nooit by die leserskring die indruk te wek dat dit een of ander persoon of sosiale kring onbillik behandel nie. In die verband moet veral daarop gelet word dat die lesers bv. 'n billike geleentheid moet hê om in die korrespondensiekolomme van die koerant hul standpunt te stel i.v.m. nuusberigte waarby hy as individu of as lid van 'n sosiale kring belang het. Sodoende stel die koerant aan die leser 'n billike geleentheid om sy taak as leser m.b.t. die koerant te volbring.

(c) Die wyse waarop nuus aangebied word. Vir die wyse waarop nuus aangebied word, geld daar ook norme.

Welvoeglikheidsnorm. Hieronder kan ook o.a. verstaan word, fatsoenlikheid en goeie maniere. Hierdie norm word ook baie goed deur die pers ingesien en erken. Selfs in die betreklik kort en onbevredigende kode van 1939 word o.a. bepaal: „Die pers sal nie skeldtaal of beledigende taal gebruik nie, en „..... sal hom onthou aan 'n oormaat van nuus aangaande geslagsaangeleenthede verkry uit die geregshowe en

---

228) Sien Bylaag D. Gedragskode punt 2 d. en 2 f. p.B6. In die aanhef van die Grondwet van die Suid-Afrikaanse Persverwysingsraad word dit ook ten doel gestel dat die pers regverdige kommentaar sal lewer oor gebeure. Vgl. Bylaag C aanhef. p. B3.

229) Dresen, P. : De Vrÿe Meningsuiting. p. 65.

ander bronne."[230] In die jongste gedragskode van die pers word dit andermaal baie sterk beklemtoon: „Buitensporigheid by die rapporteer en aanbied van seksuele aangeleenthede behoort vermy te word of dit nou oor verslaggewing oor hofsake of andersins gaan."[231] Hierdie norm geld ook vir verskeie ander afdelings in die perskring, soos bv. die lesers, die adverteerders belangegroepe ens. Dit is dus nie net die persinstituut wat hierdie norm in nuusaanbieding moet eerbiedig nie, maar ook die individue en sosiale groepe in hulle verhouding tot die persinstituut.

(d) Ekonomiese norme vir die pers en adverteerders. In verband met die ekonomiese norme vir die pers word daarop gewys dat dit ook vir die pers inhou die goedere verskaffende voorsorg waarby die vereiste diens gelewer word en die uitgawes nie bo die inkomste sal uitstyg nie. Hierdie norm eis ook vir die persinstituut dat die geregverdigde winsmotief aan die vereiste diensmotief gesubordineer moet word.

Vir die nodige finansiering van die pers om sy kerntaak van nuusaanbieding te vervul, is die pers afhanklik van die plaas van advertensies.[232] Hoe meer advertensies, hoe groter die inkomste en des te beter middele het die pers om sy kerntaak te vervul. Die inkomste uit advertensies is 'n praktiese noodsaaklikheid wat slegs as 'n middel beskou moet word, maar nooit as doel op sigself nie. Word die inkomste en winsmotief as doel op sigself beskou, dan word die diens-norm deur die persinstituut oortree. Die diens-motief word dan verkeerdelik aan die winsmotief gesubordineer.

Die plaas van advertensies is aan talle van die norme wat reeds genoem is onderwerp. Om ongerymdhede i.v.m. die plasing van advertensies te voorkom, is die pers in Suid-Afrika gebind aan 'n hele aantal norme. Die Persunie het bv. die volgende bindende bepalings i.v.m. die werwing van advertensies neergelê.

---

230) Vgl. Bylaag B. punt 1 en 3 - p. B2.
231) Vgl. Bylaag D. 2.g. p. B6.
232) Vgl. i.v.m. advertensies en perstaak.p.283-288.

„No member shall, in relations to any advertisement(i) pay any commission, (ii) allow any discount on or reduction from its tariff registered with the N.P.U. or (iii) grant, directly or indirectly any benefit to any person by or through whom such advertisement has been or is to be placed;...." 233)
Elke koerant wat lid is van die persunie is hierdeur gebind, soos ook blyk uit 'n verdere bepaling:

„Members shall adhere strictly to the Display Regulations, Code of Standards and Rules Governing the Acceptance of Advertising....." 234)

Geen advertensies behoort so opgestel te word dat dit ander geadverteerde produkte benadeel nie.[235] Sirkulasiesyfers van die koerant mag nie gepubliseer word om daarmee meer advertensies te werf nie en mag buitendien net gepubliseer word met toestemming van die „Audit Bureau of Circulations of South Africa Ltd." Mededingende koerante se sirkulasiesyfers mag ook nie sonder die toestemming, soos hierbo vermeld, gepubliseer word nie.[236] Die persunie verbied in sy kode ook uitdruklik die plaas van advertensies waardeur geneesmiddels aanspraak sou maak op genesing:

„No advertisement will be accepted by publications represented in the Newspaper Press Union of South Africa which contains any matter, or which offers for sale to the public any medicine or treatment which is directly or by implication held out in terms calculated to lead to the belief that the product or subject advertised is effective in the treatment of.... " 237)

waarna dan drie-en-vyftig soort siektes aangegee word, waaronder alkoholisme, kanker en tering is.

In hierdie kode word 'n menigte voorskrifte aangegee wat adverteerders moet nakom en wat verhoed dat enige advertensie geplaas word wat die mens, liggaamlik of sedelik, kan benadeel. Hierdie norme stel hoë eise aan die koerant en adverteerders.

Dit is verblydend om die sterk positiewe aspek te bespeur in die uiteensetting van die doel wat met advertensies beoog word.

---

233) Vgl. News Paper Press Union of South-Africa.General By-Laws with Amendments as approved by the Executive Council and Congress from Time to Time, to October 4, 1966. p. 1.
234) Ibid. p. 3.
235) Loc. cit.
236) Vgl. Ibid. p. 5.
237) Vgl. News Paper Press Union of South Africa Code of Standards for Advertisements of Medicines and Treatments p.1.

„(i) Aim at informing the consumer and helping him to buy more intelligently on the merits of the product or service advertised.

(ii) Tell the truth, avoid misstatements of fact and avoid deception through implication or omission.

(iii) Make no claim which cannot be met in full without further qualification and use only testimonials of competent witnesses.

(iv) Conform to generally accepted standards of good taste and not contain unsightly, indecent or undesirable illustrations or phrases of any kind."238)

Uit bogenoemde aanhalings blyk baie duidelik dat dit vir die pers 'n saak van erns is dat die vernaamste bron van inkomste vir die pers, nl. advertensies, beheer word deur persnorme waardeur elke koerant wat by die Persunie geaffilieer is, gebind word.

(e) Norme en belangegroepe. Feitlik elkeen van die norme wat reeds genoem is, geld vir die belangegroepe wat die persinstituut op een of ander wyse beïnvloed. Ter illustrasie van hierdie stelling kan bv. genoem word, eerbaarheid, gewetensvryheid, gesagsnorme, waarheid, objektiwiteit, eerlikheid, billikheid ensovoorts. Belangegroepe kan bv. eerbaar optree en deur middel van die pers bepaalde volksbelange bevorder, bv. kultuur, taal, Afrikaanse handel ens. Vir hierdie betrokke belangegroepe geld daar bepaalde norme vir die taak en roeping wat hulle hulself ten doel stel.

Dit is egter ook moontlik dat belangegroepe in bepaalde drukgroepe kan ontaard wat ten doel het om die pers sodanig te beïnvloed dat die pers nie meer sy kerntaak na behore kan vervul nie.[239] Die pers moet sy taak van nuusaanbieding met soveel erns opneem dat dit nie sal swig voor drukgroepe van buite nie. Of dit nou al 'n regering, 'n politieke party, kerk of kultuurorganisasie is, daar moet besef word dat soos elkeen van hierdie instellings sy taak en roeping slegs kan vervul wanneer dit getrou bly aan die

238) Vgl. News Paper Press Union of South Africa General By Laws with Amendments as approved by the Executive Council and Congress From Time to Time to October 4, 1966 p.3.

239) Vgl. die rol van Belangegroepe en perstaak p.277-278.

norme en behorenseise wat daarvoor geld, net so geld daar vir die pers ook norme en behorenseise vir sy taak van nuusaanbieding, wat nie deur drukgroepe verontagsaam mag word nie. Die pers moet vry wees om nuus aan te bied, kommentaar te lewer en dienste aan die menslike samelewing te lewer sonder dat geldmagte of drukgroepe hom in sy taak belemmer en hom desnoods verplig om bepaalde norme en behorenseise nie meer in ag te neem nie. Daarmee word nie bedoel dat die pers nie die standpunt van 'n regering of politieke party kan onderskryf en vir die lesers aanbied nie, ook nie dat die pers neutraal moet wees nie. Die pers mag hom wel aan 'n politieke party of ander instelling verbind, maar wel sodanig dat dit nie daarmee sy kerntaak van nuusaanbieding subordineer aan die voorskrifte van een of ander drukgroep nie.

(f) Norme en bykomende take. Soos die staat bykomende take[240] het om te vervul, so het die pers die geleentheid om bykomende take, bo en behalwe nuusaanbieding, aan te pak. Die pers kan die bykomende take soos bv. kunsrubrieke, vrouerubrieke, tuinbouafdeling ens. aanpak soos geen ander instansie dit kan doen nie. Daar rus dus 'n morele verpligting op die pers om die bykomende take te behartig en so die roeping van die pers te vervul. Gebeur dit nie, sou die pers daaraan skuld hê dat dit sy geleenthede nie benut nie en sy volledige taak wat ook die bykomende taak insluit, nie na behore vervul nie. In verband met bykomende take geld die belangrike algemene norm dat bykomende take nie die kerntaak van die persinstituut, nl. nuusaanbieding mag verdring of onderwerp nie.

(g) Universele norme vir die kontingente behore. In die inleidende gedeelte is die beginsel van kontingente behorenseise reeds gestel.[241] Hierdie besondere norme geld op unieke wyse vir elke besondere geval. Enkele voorbeelde hiervan word kortliks weergegee.[242]

(i) Wat jou hand vind om te doen, doen dit met al jou mag.

---

240) Vgl. vir bykomende perstake p.279-283.
241) Vgl. p. 298.
242) Die nodige erkenning gaan hier aan Stoker, uit wie se klasaantekeninge hierdie norme geneem is.

Dit word toegepas op die telkens voorkomende nuwe gebeurtenis waarmee die persinstituut te doen het.

(ii) Wat die swaarste is moet swaarste weeg.[243] Die norm geld veral i.v.m. nuusseleksie, beriggewing, toeligting en voorligting van nuus. Hier moet nie alleen die nuusaanbieding van die gebeurtenis oorweeg word nie, maar ook die belang wat lesers daarby het.

(iii) Doen op die regte oomblik die regte ding.[244] Dit is veral belangrik vir die nuusaanbieding en tydstip waarop dit gedoen word.

(iv) Let op die tekens van die tye. Hierdie norm dra groot gewig by die ontleding en voorligting omtrent bepaalde neiginge in die menslike samelewing.

(v) Handel ewewigtig. Die norm bepaal dat niks te veel of te min aan die leser gebied sal word nie. Die nuusberig moet nie oordrewe of sensasionalisties gestel word nie.

(vi) Handel in perspektief. Hierdie norme stel die eis dat niks eensydig of geïsoleerd beskou moet word nie. Dit geld vir die nuusaanbieding en veral vir die nuustoeligting en -voorligting.

(vii) Handel wys. Die verslaggewer en veral die nuusredakteur moet met groot wysheid in kontingente praktiese situasies tussen verskillende moontlikhede kies.

(viii) Handel taktvol. Juis met die oog op die taak en roeping van die persinstituut en die invloed wat dit op die lesers uitoefen, is taktvolle optrede en taktvolle aanbieding van nuus 'n eis wat daagliks aan die persinstituut en sy personeel gestel word.

(ix) Reformeer. Hierdie norm geld nie net vir die kerk nie maar vir alle individue en sosiale kringe en dus ook vir die persinstituut. Die Christenjoernalis en Christelike pers moet op sy eie wyse en na die eis van sy roeping bydra tot die bestryding van sonde en kwaad, nie net wat die nuus-

---

243) Van Riessen het hierdie probleem ook goed ingesien. Vgl. op.cit. p. 189.
244) Vgl. loc.cit.

aanbieding betref nie, maar veral deur nuusvoorligting. M.a.w. die taak en roeping van die joernalis moet steeds geskied in die lig van Gods Woord.

Samevatting. Die norme wat in die voorafgaande afdeling genoem is, moet nie as 'n volledige weergawe van persnorme beskou word nie. Dit is slegs 'n aanduiding dat die perskring as geheel en die persinstituut in sy taak van nuusaanbieding en bykomende take aan norme onderworpe is. Hierdie betrokke norme en die vele wat nie genoem is nie, is geldig vir die hele perskring of dit nou al erken word of nie. In die verskillende perskodes en gedragskodes word die beginsel van norme reeds erken en die feit dat daar steeds aangevul word by die bestaande perskodes lê die noodsaaklikheid van 'n norme-leer vir die pers bloot. Die pers is dus nie vry om te handel soos dit wil nie, maar daar is duidelike gedragslyne wat gevolg moet word en persnorme waaraan die pers hom moet onderwerp. Ten slotte kan daarop gewys word dat al bogenoemde norme deur die roepingsnorm omvat word en dat dit die persinstituut en die hele perskring in laaste instansie in diens van God stel, in alles wat dit doen of laat en dat dit ten doel het om positief by te dra tot die verwesenliking van die bestemming van die mens in die kosmos.

In die lig van hierdie uiteensetting van persnorme word daar nou oor perseuwels gehandel.

E. PERSEUWELS.

Inleiding. In die voorafgaande gedeelte is daar 'n verskeidenheid van persnorme aangegee en in die lig hiervan kan die mees opvallende perseuwels aangewys word. Hier word veral na perseuwels in die algemenee verwys, d.w.s. in sover norme oortree word, sonder om spesifiek na perseuwels te verwys waarvoor die lewens- en wêreldbeskouing van die liberalisme verantwoordelik is. Perseuwels wat in hierdie gedeelte genoem word dien slegs as 'n illustrasie van wat met die oortreding van persnorme bedoel word en is geensins 'n poging tot 'n volledige weergawe van perseuwels nie. Daar word ook nie gepoog om illustrasies van perseuwels te gee in verband met elke norm wat in die vorige gedeelte bepaal is nie.

1. Oortreding van algemene norme. Die algemene norme, wat o.a. die Tien Gebooie insluit, geld ten alle tye onder alle omstandighede, vir elke mens as individu en elke sosiale kring[245] en dus ook vir elke afdeling van die perskring. Dit sou uiters moeilik gaan om die koerant op te neem en presies te bepaal hoe en waar bv. die Tien Gebooie oortree word. Dit sou moontlik wees om valse beriggewing te beskou as 'n oortreding van die Gebod „jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie," (Ex. 20:16), maar dit sou moeilik wees om dit uitsluitlik as persewel te beskou. Tewens die oortreding van hierdie gebod sou op amper elke beroep toegepas kon word. Die vraag kan geopper word of die „sensasie-pers" wat in Europa bekend staan as „yellow press" of „tabloid newspaper" of in Europa as „boulevardpers" en „General Anzeiger" en in Suid-Afrika as „geel pers,"[246] nie juis sy ontstaan te wyte het aan 'n verwerping van die algemene norme wat vir die pers ook geld nie. So 'n verwerping sou afgelei kon word uit 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing waarin daar vir die eerbiediging van algemene norme geen plek ingeruim word nie, en sou onmiskenbaar lei tot perseuwels van so 'n aard dat die pers sy ware taak en roeping nie kan vervul nie.

2. Oortreding van universele norme vir die kontingente. Die pers maak hom dikwels skuldig aan die oortreding van hierdie norm. Die pers betrag die kontingente behore nie altyd in die lig van algemene norme wat ook daarvoor geld nie. Bv. 'n sensasionalistiese berig is kontingent maar daarmee word ook reeds die algemene norm oortree. Hier word nie na die sensasionele in die goeie sin van die woord verwys nie, maar wel na die oordrewe sensasionalisme, waarmee bv. die kontingente behore van handel ewewigtig, handel in perspektief ens., oortree word. Deur nuusaanbieding word leidende figure soms deur die pers in verleentheid gestel of die pers kritiseer iemand op 'n taktlose wyse. Die regte ding word

---

245) Vgl. p. 297. i.v.m. algemene norme vir die pers.
246) Die vraag wat hier gestel word, vind bevestiging in die standpunt van G. J. Pienaar soos weergegee in sy Klasaantekeninge: Die Etiek en die Sensasiepers, p.1. en volgende bladsye.

nie altyd op die regte tyd gesê nie, soms word dit selfs taktloos verswyg. Die gevolg hiervan is dikwels ongunstig vir die betrokke persone oor wie die nuusaanbieding gaan. In spanningssituasies weeg die swaarste ding nie altyd vir die pers die swaarste nie. Die pers wys dikwels op die foute van persone en sosiale kringe maar is nie altyd bereid om self-kritiek uit te oefen nie, m.a.w. die pers handel nie konsekwent volgens die norm van reformeer nie.

Juis omdat die pers nuusaanbieding tot sy kerntaak het, moet dit uiters gevoelig wees vir die kontingente en sy behore en moet die pers die universele norme vir die kontingente behore met erns eerbiedig. Oortreding hiervan, of selfs onverskilligheid in die verband, kan vir die pers en die leser ernstige gevolge hê. Die lesers het veral besondere belang by die universele norme vir die kontingente en die verpligting rus op die leser om sy verantwoordelikheid i.v.m. die eerbiediging van hierdie betrokke norme, teenoor die persinstituut na te kom.

3. Oortreding van modale norme. Die norme soos vermeld in die vorige gedeelte[247] kan ook toegepas word op verskeie afdelings van die perskring, soos bv. die redaksie, die koerant, die advertensie-afdeling ens. Hier word slegs met enkele voorbeelde volstaan as 'n illustrasie van wat bedoel word met oortreding van modale norme.

(a) Oortreding van die logiese norm. Hierdie norm word oortree waar nuusaanbieding en selfs koppe van berigte, nie verstaanbaar is nie, inkonsekwent is, vol teësprake of ongeoorloofde konklusies en dubbelsinnig is.

(b) Oortreding van die taalnorm. Hierdie norm vereis duidelikheid en 'n vloeiende styl vir die nuusaanbieding in die koerant en waar dit nie geskied nie word die taalnorm oortree, bv. verkeerde woordgebruik, anglisismes, spelfoute ens. Growwe woorde, onkiese taal, vloekwoorde, selfs as

247) Vgl. p. 298

direkte aanhaling uit hofverslae of ander bronne is 'n oortreding van die taalnorm, al word dergelike gevalle ook 'n oortreding van die estetiese of sedelike norme . Die tydsfaktor dwing joernaliste om soms in 'n betreklike kort tyd nuusberigte op te stel, wat hoë eise aan die taalnorme stel. Oor die algemeen kan egter gesê word dat die taal en styl van die koerant besonder goed versorg is.[248)]

(c) Oortreding van die estetiese norm. Dit vereis nie alleen 'n netjiese aanbieding van die drukwerk van die koerant nie, maar ook behoorlike stof- en rubriekindeling. Waar dit nie geskied nie word hierdie norm oortree.

(d) Oortreding van die juridiese norm. Die juridiese norm is vir die pers van besondere betekenis. Elke samelewingskring (ook die pers) moet die juridiese verhoudinge van elke ander samelewingskring eerbiedig. Dit is nodig vir die joernalis om hiervan kennis te dra en die wette van die owerheid te eerbiedig. Die feit dat iemand „van die pers" is, open wel vir hom deure en verleen toegang tot geleenthede waar nuus versamel kan word, maar dit kan hoogstens as voorregte en nie as regte beskou word nie. Geen joernalis het die reg om inligting te eis of onwettig te verkry of om inbreuk te maak op die regte van ander in sy poging tot nuusversameling nie. Van der Vyver stel die juridiese norm wat hier geld baie duidelik: „..... ons (het) dit teen die gedagte dat die sogenaamde natuurlike regte van die mens absoluut van aard is. Want elke subjektiewe reg impliseer noodwendig 'n plig: nie alleen die plig van ander regsubjekte om die aanspraak van die reghebbende op die objek van sy reg te duld nie, maar ook die plig van die reghebbende self om nie buite die kring van sy bevoegd-

---

248) Die gesaghebbende uitspraak van N.P. van Wyk Louw lui soos volg: „Op skool word vir ons geleer dat ‚joernaliste-taal' sleg is en literêre taal goed..... op die oomblik (hier so rondom 1960) word van die heelbeste Afrikaanse prosa in 'n koerant geskrywe, Die Burger, in hoofartikels, en dikwels nuusberigte; prosa wat suiwer, intelligent en baie dikwels geestig is."
Louw,N.P.van Wyk: Vernuwing In Die Prosa . p. 11.

hede, met die objek wat hom toekom te handel nie."[249] Hierdie norm mag nie deur die pers oortree word nie. Pienaar het hierdie norm tereg van toepassing gemaak op die joernalis wanneer hy die volgende stellinge omtrent verslaggewers maak. „Hy het geen absolute of maar enigsins wetlike, vir hom besonders regtens gereëlde, toegangsreg in enige sin van laasgenoemde woord nie, eenvoudig omdat hy ook in soverre dit die versameling van sy gegewens betref rekening moet hou met die regte van ander," en 'n bietjie verder sê hy omtrent meningsuiting: „Die joernalis se reg op vrye meningsuiting is geen onbeheersde reg wat andere se regte kan verydel of minag nie."[250] In sy nuusversameling is die joernalis dus nie op meer regte en bevoegdhede aangewys as die geneesheer of statistikus in die versameling van gegewens in hulle beroep nie.[251] Waar dit wel gebeur maak die joernalis hom skuldig aan oortreding en is hy die oorsaak van 'n euwel wat die persinstituut ten laste gelê word.

Dit sou moontlik wees om voorbeelde aan te haal van die oortreding van die juridiese norm in elke afdeling van die perskring, bv. advertensie-wese, administratief ens. Genoemde voorbeeld is egter gekies omdat dit aantoon hoe die juridiese norm oortree word in die openbare verhoudinge tussen die verslaggewer en die publiek.

---

249) Van der Vyver, J. D. art. Die Juridiese Sin van die Leerstuk van Natuurlike Menseregte. In: Bulletin. Jaargang 1 April 1965, Nr.1. p. 32.

250) Pienaar, G.J.: Die Joernalis en sy eie Vereniging (Klasaantekeninge) p. 39.
In 'n onlangse hofsaak is dieselfde beginsel gehandhaaf toe 'n private speurder 'n ruit gebreek het en foto's geneem het van 'n vrou en 'n man in 'n kamer om daarmee die ontrou van die vrou in 'n skeisaak te bewys. Die speurder is met R30 beboet en in sy uitspraak het die landdros o.a. gesê: „Dis nie nodig om inbreuk te maak op 'n individu se reg tot privaatheid nie." Vgl. die hofsaak teen L. Roode soos gerapporteer in Die Burger 14 Nov. 1968. p. 15.

251) Vgl. Pienaar. op.cit. p. 39.

(e) Oortreding van die sedelike norme. Die sedelike as sodanig kan as persoonsbehartiging beskou word. Waar die pers persoonsskendend of -krenkend optree, word die sedelike norme oortree. Hier word slegs daarna verwys en nadere besonderhede i.v.m. die oortreding van die sedewet kom weer ter sprake by die oortreding van norme soos eerbaarheid, eerlikheid en billikheid.

(f) Oortreding van godsdienstige norme. Die pers kan ook godsdienstige norme oortree. Met die behandeling van die oortreding van die religieuse norm sal hierna verwys word aangesien die religieuse norm alomvattend en meer as net modaal-godsdienstig is.

Uit die voorafgaande is dit reeds duidelik dat daar 'n verskeidenheid van gevalle aangehaal kan word wat as voorbeelde kan dien van die oortreding van modale norme deur die pers.

4. Norme-oortreding i.v.m. die struktuur van die perskring en die persinstituut.

In dié verband word daarop gewys dat sommige van hierdie norme-oortredings ook i.v.m. die taak van die persinstituut gebring kan word. Hier word dit veral beperk tot die struktuur van die perskring en die persinstituut.

(a) Oortreding van die norm van eerbaarheid.[252] Nuusberigte en suggesties kan soms aanleiding gee tot gevolgtrekkinge waardeur die eerbaarheid van die mens op die spel geplaas word. Eerbaarheid het met persoonsbehartiging te doen en het dus met die sedelike oortreding te doen. 'n Voorbeeld hiervan is die volgende. In Die Beeld van 3 November 1968 verskyn daar 'n berig van die Kaapstadse verteenwoordiger met die volgende opskrif: „Landdros dalk van ontug aangekla", en dan volg daar in die berig o.a.: „'n Bekende landdros sal na verwagting binnekort in die

---

252) Vgl. die norm van eerbaarheid. p. 300.

hof verskyn op aanklag dat hy 'n Kleurlingvrou uitgelok het om ontug te pleeg.... Die polisie het die twee een nag omstreeks middernag in die landdros se woonstel betrap. Niemand is aangehou nie aangesien dit departementele gebruik is dat die Prokureur-generaal self eers besluit of hy teen iemand in die Departement van Justisie of in die Polisiemag gaan optree..... Die landdros is vandeesweek as 'n briljante man bestempel."[253] Uit die aard van hierdie berig is daar geen rede om te vermoed dat die feite in die berig nie korrek is nie, maar nou moet gelet word op die gevolge van so 'n berig. Sou dit verregaande wees om vrae te begin stel, nl. is dit die hooflanddros van Kaapstad, is dit 'n streeklanddros of 'n landdros na wie daar al in die pers as „briljant" verwys is? Die feit dat die persoon nog nie in hegtenis geneem is nie laat verdere vrae ontstaan, is die landdros nog op kantoor, sal hy vandag nog op die regbank wees? Dit is geen verbeeldingsvlug om te beweer dat op Maandag 4 November 1968 amper elke landdros in die Kaapse Skiereiland deur een of ander leser van die berig met agterdog bejeën is en dat hy by sy personeel onder verdenking gestaan het nie. So 'n berig het tot gevolg dat onskuldige mense in hulle persoonlike en amptelike hoedanigheid onder verdenking geplaas word en kan aanleiding daartoe gee dat, soos in die betrokke geval, die eerbaarheid van onskuldige landdroste ook onder verdenking kan kom. Dit is te begrype en word ook so aanvaar dat dit nie bedoeling van Die Beeld was om onskuldige landdroste te benadeel nie, en tog moet daar met sulke berigte baie wys te werk gegaan word. Bogenoemde kan ook dien as 'n voorbeeld dat die universele norme vir dié betrokke kontingente geval erken en eerbiedig moes word. Dit sou bv. nie wys wees[254] om so 'n berig presies só te plaas nie.

(b) <u>Oortreding van die norm i.v.m. gewetensvryheid</u>. Elke persoon in die perskring het 'n gewete, Hierdie norm hou veral die volgende in: handel volgens jou eie gewete en respekteer ook die gewete van ander.[255] Die redaksie

---

253) Vgl. Die Beeld. 3. Nov. 1968. p. 3.
254) Vgl. kontingente norme p. 298.
255) Vgl. die norm i.v.m. gewetensvryheid. p. 300.

van 'n koerant sou hierdie norm oortree wanneer dit deur nuus-aanbieding en -voorligting gewetenloos handel deur bv. onwaarhede en verdraaide inligting in nuusberigte aan te bied of selfs doelbewus inligting van die leser te weerhou met die doel om 'n verkeerde indruk by die leser te wek. Dit sou beteken dat die redaksie nie volgens sy eie gewete handel nie en ook nie die gewete van die leser respekteer nie. Omgekeerd sou ook gesê kan word dat die leser ook nie volgens sy eie gewete handel en die gewete van die joernalis respekteer deur beweringe omtrent die persinstituut te maak en te skryf wat oordryf, verdraai of onwaar is nie. In die hele perskring moet nougeset gewaak word dat hierdie norm eerbiedig word, want dit geld nie net vir die redaksie van die koerant nie, maar ook vir die leser, die adverteerders, belangegroepe, beleidsbepalers vir die redaksie, ensovoorts.

(c) Oortreding i.v.m. die openbaarmaking van die privaat aangeleenthede van die enkeling en sosiale kring.

Die mens as enkeling en 'n samelewingskring het die reg om sy privaatheid te behou.[256] Die oortreding van hierdie norm vind plaas waar die pers berigte plaas omtrent die privaat lewe van mense, of selfs staatsgeheime publiseer, waardeur die veiligheid van die staat in gedrang kan kom. Talle voorbeelde kan in die verband genoem word.
Die sestienjarige prinses Anne van Engeland se naam „word aan dié van Swede se twintigjarige prins Carl Gustav gekoppel, volgens 'n Stockholmse koerant."[257] Hierdie berig is deur die Sweedse koningshuis ontken. Die Daily Mirror het enkele jare gelede die volgende opskrif gehad oor die romanse van prinses Margaret: „Die prinses is op Sondag 25. Wanneer sal sy trou? Wanneer sal sy haar besluit aankondig? Toe dan, Margaret! Besluit asseblief."[258] Nog sprekende voorbeelde van die indringing van die pers in die privaatheid van mense en sosiale kringe is bv. die neem van foto's. In Suid-Afrika is dit nie die geval soos in Duitsland dat die plaas van foto's sonder 'n persoon se

256) Vgl. die betrokke norm. p. 301.
257) Vgl. Die Burger, 15 Aug. 1966. p. 1.
258) Vgl. Die Transvaler, 31 Mei 1962. p.1.

toestemming verbode is nie. Daar bestaan dus nie 'n „reg" op eie beeld nie."[259] Maar, al sou die plaas van foto's nie wetlik verbied word nie, behoort foto's nie geplaas te word wat teen iemand se sin inbreuk op sy privaatheid sou maak of die gesinslede van 'n persoon in verleentheid kan plaas nie. Dat hierdie gebruik feitlik deurgaans in Suid-Afrika by alle koerante sonder uitsondering gevind word, blyk uit die volgende voorbeelde. Die Transvaler plaas 'n foto van mev. Sheila Boshoff, wat by die hofsaal geneem is kort voordat haar man tot agt jaar gevangenisstraf veroordeel is, terwyl sy haar hoof laat sak en probeer om haar gesig met 'n koerant te bedek.[260] Dieselfde koerant plaas op sy voorblad twee groot foto's van Marthinus Jacobus Germishuizen en sy gesinslede terwyl hulle hul gesigte met koerante probeer bedek - en dit nadat Germishuizen onskuldig is aan moord op sy kind.[261] Lorna Joyce Jackson word aangekla van moord op haar man en toe haar 19-jarige seun, wat in die weermag is, en haar dogter by die hofsaal opdaag, word albei in afsonderlike foto's afgeneem en op die voorblad van Die Vaderland geplaas.[262]

Nog 'n wêreldbekende voorbeeld van inmenging in die privaat lewe van mense is dié van die foto wat van prinses Beatrix van Nederland en 'n jongman geneem is en die lesers-publiek wêreldwyd verstom het.[263] Die fotograaf John de Rooij en die verslaggewer Eelke de Jong het waarskynlik 'n wenk ontvang dat Prinses Beatrix saam met 'n onbekende jongman in die tuin van die kasteel Drakesteyn sou wandel. Op geheimsinnige wyse word foto's van die paartjie geneem en ontwikkel. Die foto's word aan die drie koerantredakteurs van De Haagse Post, De Telegraaf en De Courant Nieuws

---

259) Vgl. Pienaar Ibid. p. 45.
260) Vgl. Die Transvaler, 6 November 1963, p. 9.
261) Vgl. Die Transvaler, 30 November 1963. p. 1.
262) Vgl. Die Vaderland, 11 April 1967. p. 1.
263) In die boek Prinses Beatrix Trouwt deur Otto Kuijk en Bart van Veen word die besonderhede van hierdie voorval uitvoerig beskrywe. Vgl. p. 148-155. Die beskrywing wat hier volg is 'n eie opsomming van die gebeure.

van de Dag vir publikasie oorhandig. Die nuus omtrent die foto's het die koningshuis bereik en koningin Juliana en prins Bernhard rig die volgende versoek aan die pers: „De geruchten over een spoedig te verwachten aankondiging van de verloving van onze dochter zijn voorbarig. Wij doen een dringend beroep op u allen haar de rust en de tijd te gunnen in een aangelegenheid als deze een weloverwogen beslissing te nemen."[264] Hierdie versoek word verontagsaam deur die Daily Express van Londen en die foto's word gepubliseer. 'n Storm van verontwaardiging het losgebars en Kuijk en Van Veen skryf die volgende hieromtrent: „Naast de begrijpelijke, oprechte verontwaardiging over de inbreuk op het privé-leven van de kroonprinses, signaleerde De Telegraaf de huichelachtigheid in de hetze jegens fotograaf De Rooij. Het blad schreef: ‚Een groot gedeelte van de Nederlandse pers word niet moe zijn afschuw uit te spreken over deze fotograaf. Dat gedeelte spreekt er schande van dat de foto werd gepubliceerd.'"[265] Die aangeleentheid het sy reperkussies ook in Engeland gehad waar die Daily Express by die Britse persraad aangekla is weens die plaas van dié foto's. Die uitslag word soos volg weergegee: „De persraad vond geen bewijs aanwezig van grove inbreuk op het privé-leven van prinses Beatrix."[266]

Die optrede van die fotograaf De Rooij en die daaropvolgende besluit van die Britse persraad wek 'n verset by die leser omdat die privaatheid van die individu nie genoegsaam deur die pers eerbiedig word nie. Ook die ander voorbeelde wat hier genoem is lei tot ernstige vrae. Waarom moet mev. Sheila Boshof se foto's teen haar sin geneem en geplaas word terwyl haar man gevangenisstraf opgelê word weens 'n misdaad? Waarom moet Germishuizen en sy gesin hulle gesigte vir die fotograaf bedek en so 'n foto nogtans in die koerant verskyn? Waarom moet die Jackson-kinders se foto's gepubliseer word indien hulle moeder weens moord aangekla word? Waarom mag 'n lid van die koningshuis nie op privaatheid geregtig wees om 'n eie besluit te neem

---

264) O. Kuijk en B. Van Veen: Prinses Beatrix Trouwt.p.150.
265) Ibid. p. 152.
266) Ibid. p. 153.

omtrent 'n lewensmaat nie?

Bogenoemde voorbeelde is 'n baie duidelike illustrasie van oortredings van die betrokke persnorme, by name dat die mens as individu en as samelewingskring die voorreg moet hê om sy eie sake privaat en verantwoordelik te behartig. Die pers dring hier op 'n onbehoorlike wyse in die lewe van privaat persone en huisgesinne in, sonder om die betrokke norme in die verband te eerbiedig. Tereg het Benenson in die verband op gemerk: „Once the Press makes a habit of invading individual privacy, it curtails one of the essential liberties which it exists to preserve."[267] Die pers het geen aanspraak op die „vryheid" tot sodanige beriggewing nie, en die owerheid sou geregverdig optree deur maatreëls te tref wat die privaatheid van individue en sosiale kringe beskerm. Die opmerking van Dresen omtrent die vryheid van meningsuiting sou ook van toepassing gemaak kan word op die reg van die mens tot privaatheid. Dresen skrywe hieromtrent die volgende: „Het recht der vrije meningsuiting is dus niet onbeperkt. De grenzen volgen uit het wezen der vrije meningsuiting. Want de vrijheid is ons enkel gegeven om het goede d.i. ons uiteindelijk doel, na te streven. Derhalve is de vrije meningsuiting die dit doel uit het oog verliest, aantasting en misbruik van dit vrijheidsrecht."[268] Dit sou ook maklik wees om bv. in talle van genoemde voorbeelde aan te dui dat die norme vir die kontingente behore[269] hoegenaamd nie in ag geneem is nie.

Die pers moet dus versigtig wees om privaat aangeleenthede van mense, vertroulike besluite van sosiale kringe, staatsgeheime wat om taktiese redes vertroulik moet bly, as nuus aan te bied, sonder dat die betrokke norme wat in die betrokke gevalle geldig is, eerbiedig word.

Dit sou egter eweseer 'n oortreding van persnorme wees indien die persinstituut doelbewus sou swyg terwyl nuus omtrent 'n bepaalde persoon of sosiale kring van so 'n aard is dat die lesers van die koerant en ander sosiale

---

267) Benenson, op. cit. p.1.
268) Dresen,P. De Vrije Meningsuiting. p. 304.
269) Vgl. p. 298.

kringe belang daarby het.

(d) Soewereiniteit in eie kring. Die norm wat hier geld is dat elke betrokke sosiale kring homself getrou sal bly en verder dat elke betrokke sosiale kring die eieaard (en dus kringsoewereiniteit) van elke ander kring sal eerbiedig.[270] Slegs wanneer die pers bereid is om hierdie beginsel te onderskryf kan dit ook aanspraak daarop maak dat sy eie „soewereiniteit in eie kring" deur ander instansies soos bv. kultuurliggame, kerke, adverteerders, drukgroepe en veral die staat eerbiedig sal word.

Die pers oortree die norm van soewereiniteit in eie kring wanneer dit die fundamentele aard, wette en behorenseise wat vir 'n sosiale kring geld, nie in ag neem nie en deur die nuusaanbieding dit vir die sosiale kring moeilik en selfs onmoontlik maak om sy eie karakter te handhaaf en sy roeping te vervul. Waar die pers bv. op onbillike wyse handel deur nuus aan te bied wat die kerk of sy ampsdraer in oordrewe swak lig stel, dan gryp dit in die kringsoewereiniteit van die kerk in en word die kerk en baie van sy ampsdraers in so 'n lig geplaas dat dit nie sy ware roeping kan vervul nie. Hierteen het die redakteur van Die Kerkbode beswaar gemaak in die volgende woorde: „Dit het nou al verskeie male gebeur dat ons berigte oor kerklike ampsdraers, pastorieë, meningsverskille in gemeentes en selfs preke moes lees en gevoel het dat dit nie slegs swak beriggewing is nie, maar dit meer kwaad doen as goed. In 'n paar gevalle was dit laakbare wanvoorstellings en skinderstories. Mense met 'n sin vir billikheid en ordentlikheid kan dit nie goedkeur nie."[271] Dieselfde beginsel geld ook vir die taak en roeping van sosiale kringe. Die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (F.A.K.) stel hom ten doel om die kultuurbelange van die Afrikaanssprekende deel van die bevolking in Suid-Afrika te bevorder. In die geledere van die F.A.K. was daar spanninge in verband met sekere dinge wat gebeur het, spanninge wat dit vir die F.A.K. moeilik gemaak het om sy werklike taak te vervul.

---

270) Vgl. p. 301.
271) Die Kerkbode, 11 Mei 1966. p. 589.

Die taak van die pers is om sodanige spanninge in nuusberigte baie versigtig te hanteer. Wanneer 'n koerantopskrif dan lui: „F.A.K. Byeen: Opslae nie uitgesluit" en verder berig: „As die voortekens 'n betroubare maatstaf is, kan die negentiende tweejaarlikse vergadering van die F.A.K. 'n paar opslae maak,"[272] kan sulke beriggewing tot gevolg hê dat afgevaardigdes by so 'n kongres in spanning vergader. So 'n liggaam kan vanweë sulke beriggewing nie sy taak na behore vervul nie. Dit lei slegs daartoe dat onenigheid en verskille wat binne so 'n liggaam heers, nog verder deur die pers aangeblaas word, en dít is nie die taak van die pers nie. Hierdie soort beriggewing staan verder onder verdenking wanneer die afloop van die F.A.K. kongres in oënskou geneem word. Daar was geen onenigheid nie en die kongres het kalm verloop. Dit is waarskynlik deur die pers vermoed, want presies dieselfde het net 'n week tevore gebeur toe die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ook met verdeeldheid te kampe sou hê, en daar niks gebeur het nie, en vandaar dus die deur wat oopgelaat is in die betrokke nuusberig: „Dit is egter ook moontlik dat die vergadering rustig en kalm verloop, soos dié van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns verlede week in Bloemfontein."[273]

Die pers moet baie versigtig wees in sy optrede en die nuusaanbieding mag nie so geskied dat dit onregmatig ingryp in die belange van kringsoewereine samelewingskringe nie. Waar dit wel gebeur, oortree die pers norme waardeur dit gebind word. Verder is dit ook 'n krenking van die „soewereiniteit in eie kring" van ander samelewingskringe. Aan die ander kant moet dieselfde beginsel ook deur die staat, kerk en ander instansies teenoor die pers gehandhaaf word. Die „soewereiniteit in eie kring" van die pers mag nie deur ongeoorloofde druk en oppervlakkige praatjies soos die „pers moet aan bande gelê word" geskaad word nie. Waar dit sonder gegronde rede sou gebeur, word die uiters belangrike taak van die pers nie meer suiwer behartig nie.

---

272) Die Burger, 2 Julie 1968. p. 5.
273) Loc.cit.

(e) Verantwoordelikheids- en gesagsnorme. Die pers moet ook met die verantwoordelikheidsnorme[274] rekening hou. Die persinstituut is verantwoordelik vir die nuusaanbieding in die koerant. Om die beste gehalte nuus te verseker moet die pers die beste verslaggewers en nuusmedia hê en seker maak van sy gegewens. Hierdie verantwoordelikheid rus swaar op die pers. Die pers het ook 'n verantwoordelikheid teenoor sy lesers. Nie alleen moet die nuusaanbieding vir so ver vereis volledig wees nie, maar die persoon omtrent wie nuus aangebied word moet ook met verantwoordelikheid deur die pers behartig word. Daar mag van die pers rekenskap geëis word waar dit aan bepaalde gegewens kom en wat die bron en oorsprong van 'n berig is. Hierdie beginsels word oortree wanneer die pers berigte omtrent sosiale kringe of persone plaas sonder dat dit met die feite ooreenkom. Die joernalis behoort nie agter die anonimiteit van die verslaggewing te skuil nie. Hy is verantwoordelik teenoor sosiale kringe en veral die leserskring en behoort, indien nodig, sy bronne bekend te maak.

Die persinstituut moet ook die verantwoordelikheidsnorme m.b.t. elke sosiale kring eerbiedig. So het die owerheid bv. 'n verantwoordelikheid teenoor die volk en die hele gemeenskap. Sou persberigte bv. die belange van die volk skaad, die sedes ondermyn of die privaatheid van die individu skend, is dit die verantwoordelikheid van die staat om hierteen op te tree. Hierdie stelling word bevestig deur die volgende woorde van Geesink: „Nu heeft de staat ook den plicht om het geestelijk bestaan van den burger te beschermen, te erkennen diens persoonlijke vrijheid, de vrijheid van het woord en van de drukpers, in een woord: de vrijheid van die consciëntie.... Deze vrijheid van woord en geschrift heeft zijn grenzen.... de staat mag niet toelaten, dat iemand door woord of geschrift propageert aperte onzedelijkheid. Hy verbiedt beleediging van de burgers onderling, maar zoo ook is het zijn plicht in te gaan tegen lastering van het heilige, tegen het bevorderen van het onzedelijke door woord of geschrift."[275]

---

274) Vgl. p. 302.
275) Geesink, W. Gereformeerde Ethiek. Deel II.p.389.

Net so het die kerk ook 'n verantwoordelikheid teenoor die pers om bv. te waarsku dat persberigte nie sosiale euwels, sensasionalisme ens. in die hand werk nie.

'n Aspek wat ook aandag verdien is die norme-oortreding wanneer die leser sy verantwoordelikheid nie teenoor die pers nakom nie. Die leser behoort die koerant met die nodige onderskeiding te lees en indien die nuus-aanbieding of -voorligting aanleiding gee tot perseuwels, moet die leser op verantwoordelike wyse optree. So alleen kan verantwoordelikheid by die pers op positiewe wyse bevorder word. Treurnicht pleit vir 'n verantwoordelike leserskring in die volgende treffende woorde: „'n Verant-woordelike pers vra vir sy gewetensgetroue funksionering 'n verantwoordelike leserspubliek. Hy kan sy eie verant-woordelikheid om onwelvoeglikhede te vermy en goeie smaak by sy lesers te kweek, nie ontduik nie. Maar dan het hy reg om te vra dat verantwoordelike instansies van die gemeenskap doeltreffend sal meewerk om die geestes-klimaat waaruit die aanvraag opkom, te veredel."[276] Sou die leser egter aandring op sensasie-leesstof en onbe-hoorlike nuusaanbieding, is die leser skuldig aan norme-oortreding en word die verantwoordelike perstaak daardeur benadeel.

In die persinstituut moet die nodige eerbied vir die gesagsnorme binne die sosiale kring wees. Dit beteken dat die persinstituut sy eie gesagstruktuur het waarbinne die gesagsrelasie gehandhaaf moet word. Maar dit beteken ook dat die persinstituut die gesagstruktuur van die staat, kerk, ens. ook moet erken en die nodige eerbied daarvoor betoon. Waar hierdie gesagsnorme deur die pers verwerp word, beteken dit dat die absolute gesag van die wil en wet van God verwerp word, want in fundamentele sin word alle gesag van God afgelei.

(f) Oortreding van norme i.v.m. strukturele diens-verhoudinge. Vanweë sy universele verbondenheid met indivi-

---

276) Treurnicht, A.P. Art. 'n Verantwoordelike Pers. In: Handhaaf. Jan. 1969. p. 24.

due en sosiale kringe het die persinstituut die geleentheid om deur middel van die koerant diens te lewer aan die menslike samelewing.

Waar die sirkulasie verhoog word en dus meer wins gemaak word, mag die winsmotief nie oorheersend word nie. Die pers mag nie net meer koerante verkoop om net groter wins te toon nie. Gepaard met die verhoogde inkomste moet ook die beter geleentheid tot dienslewering gesien word. Hierdie beginsel word goed ingesien deur die redakteur van Die Burger soos uit die volgende aanhaling blyk: „Hy moet diens en vermaak lewer aan die publiek. Hy moet belangstellinge probeer peil en dit probeer bemoedig. Hy moet hom in die plek stel van die lesers, of belangrike seksies van die lesers, en homself afvra wat wil húlle hê, wat wil húlle weet, wat sal húlle interesseer. Want 'n koerant word uitgegee om gelees te word deur so veel mense as moontlik. Hoe meer kopers, hoe meer vier sente en advertensies en hoe meer vier sente en advertensies, hoe beter en meer uitgebreid kan die koerant se dienste word."[277] Met die beklemtoning van die diensmotief in genoemde aanhaling kan saamgestem word, alhoewel die klem nie moet val op wat die publiek wil hê nie, maar wat behoort hulle te hê.

Die pers loop so dikwels gevaar om slegs die ekonomiese ideaal te verwesenlik en aan die aandeelhouers 'n goeie balansstaat te lewer, terwyl die uiters belangrike beginsel van dienslewering agterweë bly. Hierteen moet die pers met nougesetheid waak indien dit getrou aan sy taak wil bly. Sensasionele beriggewing met die uitsluitlike doel om sirkulasie te vergroot en winste groter te maak, moet summier verwerp word aangesien die winsmotief aan die diensmotief gesubordineer word.

'n Waarheid wat nêrens in die bekombare literatuur omtrent die pers teengekom is nie, is die gedagte van dienslewering aan die pers deur die voorsiening van nuusberigte. Die individu en sosiale kring wat oor nuus beskik

277) Cillie, P.J. Koerante en Koerantmense vir ons Tyd. (ongepubliseerde lesing). p.3.

wat aan die leserspubliek belangrike feite en gegewens kan meedeel, behoort met die koerant in verbinding te tree en dit tot sy beskikking te stel. Baie instansies besef die besondere betekenis hiervan reeds en persverklarings word gereeld uitgereik. Aan die ander kant versuim baie instansies om die pers gereeld en volledig op hoogte te hou van feite en gebeure met besondere nuuswaarde. Die versuim om die pers behoorlik van inligting te voorsien kan selfs 'n hindernis wees vir die pers om sy nuustaak na behore te vervul. Sodanige weiering, sonder gegronde redes, weerspieël nie alleen 'n miskenning van die taak en roeping van die pers nie, maar bewys daardeur ook 'n ondiens omdat nuus waarby die leser en verskeie sosiale kringe belang het, weerhou word. Die gebruik om nuus en inligting aan die pers beskikbaar te stel tydens die sitting van sinodes, kongresse, vergaderings en ander byeenkomste, is 'n dienslewering aan die persinstituut met die doel om daardeur te verseker dat die diensmotief by die persinstituut en in die koerant self so hoog as moontlik gestel word. Sodoende word die pers in staat gestel om sy taak en roeping te vervul en staan die pers met sy dienslewering in laaste instansie ook in diens van God.

Perseuwels wat in verband gebring is met die struktuur van die perskring word nie net hier aangetref nie, maar ook by die taak van die pers. Die omgekeerde is egter ook waar, nl. dat euwels wat in die volgende afdeling by die perstaak aangetref word ook in verband met die struktuur van die perskring gebring kan word. Die voorafgaande moet nie as 'n volledige uiteensetting van perseuwels beskou word nie, maar illustreer slegs die feit dat perseuwels in elke afdeling van die perskring aangewys kan word.

5. <u>Perseuwels wat hoofsaaklik voortvloei uit die taak van die pers</u>.

Verskeie voorbeelde van perseuwels kan in dié verband genoem word en as oortreding van persnorme aangewys word.

(a) Oortreding van die waarheidsnorm. Hieroor hoef nie veel gesê te word nie. Dit is bekend dat daar soms berigte verskyn wat van alle waarheid ontbloot is. Slegs een voorbeeld kan genoem word om daarmee aan te dui watter afmetings die leuen in die pers kan aanneem. „'n Ander Wes-Europese koerant het nou die dag vertel dat die Suid-Afrikaanse polisie tienduisende Bantoe-kinders van die straat af gesteel en na kampe vervoer het. Daar word hulle sterk gemaak met mieliepap en vervolgens word hulle as slawe verkoop aan die Karoo-boere."[278] Deur so 'n berig te plaas, oortree die pers sy eie kode en verslaaf hom aan die leuen. Sodanige optrede word sterk veroordeel deur die verantwoordelike pers.[279] D. Sington wys hierdie perseuwel skerp af in die volgende woorde: „It is obviously an abuse of freedom of expression deliberately to publish false information. In some countries that is punishable by law."[280] Die standpunt van Hehl dat die pers so vry moet wees dat dit selfs die leuen publiseer[281], kom neer op die verwerping van hierdie betrokke persnorm. Selfs waar nuusberigte ingekort word (want alles kan nie volledig berig word nie), of waar bepaalde gegewens takties weggelaat word, word die persinstituut en elke verslaggewer onder die waarheidsverpligting geplaas en mag die euwel van die leuen nooit in die persinstituut gedien word nie. Dit geld nie alleen vir die nuustake van die persinstituut nie, maar vir elke afdeling van die perskring.

(b) Oortreding van die objektiwiteitsnorm. Die nuusberig behoort opgestel en aangebied te word sonder die vooroordeel of subjektiewe belang van die joernalis.[282] Die pers slaag nie altyd daarin om 'n objektiewe nuusbeeld aan die lesers voor te hou nie. Hierdie beweerde klag teen die pers word deur die redakteur van Die Kerkbode soos volg opgesom in sy weergawe van die kongres van die Christelike Kultuuraksie: Op die C.K.A. se onlangse kongres te Pretoria

278) Vgl. Die Burger 8 Maart 1961. p. 2.
279) Vgl. Kritiek hieroor. loc.cit.
280) Sington, op.cit. p. 448.
281) Vgl. Hehl, W. T. Het Geschreven Woord. p. 162.
282) Vgl. p. 306.

is deur sprekers onder meer kritiek uitgespreek op sommige Afrikaanse koerante se beriggewing oor kulturele en kerklike sake. Vernaamlik was die kritiek gerig op die neiging van partypolitieke persorgane om hul berigte oor sake wat niks met die partypolitiek te maak het nie, met hul partypolitieke siening te kleur. So kry die lesers van sulke koerante dan nie meer onpartydige nuus te lees oor kerklike en kulturele sake nie, maar partydige nuus - nuus wat só gekleurd is dat dit die partypolitieke siening van die betrokke koerante pas.[283] Sodanige beriggewing kan nie as objektief bestempel word nie en is belemmerend vir die perstaak. Selfs waar erken word dat die joernalis 'n eie lewens- en wêreldbeskouing het, verhinder dit hom nie om 'n eerlike en objektiewe weergawe van feite aan die leser mee te deel nie. Waar volkome objektiwiteit nie maklik bereik kan word nie, kan die pers ernstig strewe na subjektiewe waaragtigheid. 'n Pers wat van 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing uitgaan het die beste moontlikheid om objektief te wees.

(c) Oortreding van die eerlikheidsnorm. Dit is vir die pers onmoontlik om alle gegewens omtrent nuusgebeure te publiseer. Derhalwe behoort die persman wat die nuusberig opstel, subjektiewe waaragtigheid[284] as vereiste te stel. Die joernalis is oneerlik wanneer hy 'n berig so opstel dat die ware feite daardeur verdraai of weggelaat word en aan die berig 'n strekking gee wat nie strook met die ware toedrag van sake nie. Hierdie euwel word veral in die hitte van 'n politieke stryd of in 'n polemiek omtrent 'n omstrede saak aangetref. Koerante verswyg soms een sin of opmerking van 'n spreker waardeur so 'n berig heel anders ingeklee word en soms presies die teenoorgestelde gevolg het. 'n Voorbeeld hiervan word na bewering in die beriggewing in verband met die kongres van die Christelike Kultuuraksie gedurende November 1968 te Pretoria aangetref. Die redakteur van Die Kerkbode wys daarop dat 'n hele kultuurliggaam verantwoordelik gehou

---

283) Vgl. Die Kerkbode, 13 November 1968. p. 621.
284) Vgl. p. 307-308.

word vir 'n uitlating wat één van die sprekers gemaak het.[285] Deur die berig word die hele kultuurliggaam in 'n verkeerde lig by die leser gestel. In dieselfde artikel word daarop gewys dat die koerante ook nie altyd die nuusberigte en kommentaar uitmekaar hou nie en dat dit nie altyd 'n eerlike beeld van die ware gebeurtenis tot gevolg het nie.[286] Die eerlikheidsnorm behoort so eerbiedig te word dat die pers nie daaraan skuldig sal wees om aan die individu en sosiale kring skade te doen waardeur die taak en roeping van die individu en sosiale kring nie na behore verrig kan word nie.

(d) Oortreding van die Billikheidsnorm. Hierdie norm is nou verwant aan die eerlikheidsnorm omdat dit dikwels oortree word deur oneerlike weglating, byvoeging of kleur van feite.[287] Dit kan ook oortree word waar persone of sosiale kringe nie billik behandel word deur die pers nie. 'n Voorbeeld kan in die verband gegee word. Gedurende 1967 het die pers 'n sterk aandeel daarin gehad om Duitse en Joodse jeugdiges teen mekaar aan te hits. Uiteindelik het dit tot hewige botsings tussen die twee groepe gelei. Die Eerste Minister adv. B. J. Vorster het op die onbillikheid van hierdie verskynsel in die pers gewys en het dit soos volg in 'n verklaring in die Parlement veroordeel: „Die oorsaak daarvan moet vierkant aan die deur gelê word van hoofsaaklik die Sunday Express. Die skrywer van 'n bepaalde berig het byvoorbeeld nie omgegee watter kwade gevoelens hy tussen jong Duitsers en jong Jode stook nie.. Geen koerantman wat sy sout werd is en die belange van Suid-Afrika op die hart dra, skryf só om groepe teen mekaar op te stook nie."[288] Deur sy beriggewing in die verband het die pers sy eie norme oortree en op onbillike

---

285) Vgl. Die Kerkbode 13 November 1968. p. 621.
286) Vgl. loc.cit.
287) Vgl. p. 309.
288) Vgl. Die Burger, 10 Mei 1967 p. 1. Selfs vanuit die perskringe het daar beswaar gekom en die standpunt van die Eerste Minister is volmondig onderskryf deur J.J.J. Scholtz, 'n rubriekskrywer van Die Burger, Vgl. Ibid. p. 13.

wyse aanleiding tot rassebotsings gegee.

Die pers maak hom dikwels in kommentaar skuldig aan onbillikheid. So het Die Burger die Cape Times daarvan beskuldig dat laasgenoemde koerant op onbillike wyse kommentaar lewer omtrent die optrede van die regering.[289] Waar die pers self hierop wys, moet afgelei word dat dit dikwels gebeur dat daar onbillikhede van die kant van die pers voorkom in nuusberigte en kommentaar.

(e) Die Oortreding van die Welvoeglikheidsnorm. Die oortreding van die welvoeglikheidsnorm staan veral in verband met nuusberigte en foto's waarin oordrewe klem op die seksuele, die sensasionele, smerige taal, platvloersheid, ens. val.[290] Die gevaar is dat berigte wat oordrewe klem op die seksuele laat val, die sedes van 'n volk, en veral die jeug wat nog nie die nodige onderskeidingsvermoë het nie, groot skade kan berokken. Die neiging by 'n deel van die pers is dat die pers vry moet wees om beriggewing oor die seksuele te plaas. Dat hierdie verskynsel groot kommer by verskillende instansies wek, blyk bv. uit die redakteurspen van Die Kerkblad wat verwys na 'n artikel wat in The Banner verskyn het en waarin eweëens besorgdheid uitgespreek word oor sedebederwende berigte: „Die verwêreldlikte samelewing met die massakommunikasiemiddele (radio, pers) skep ongekende vertroudheid met sedelike kwaad, waar en wanneer dit ook al aangebied word."[291] In regeringskringe in Suid-Afrika is daar ernstige bedenkinge oor nuusberigte wat die sedelike waardes van 'n volk kan benadeel en die Minister van Binnelandse Sake, mnr. S.L. Muller, het hom soos volg uitgelaat: „Sensasionele berigte en seks oorheers in sekere publikasies en tot nadeel van ons volk se morele waardes. Artikels en berigte is dikwels vir 'n sekere deel van die samelewing van waarde, maar nie vir die publiek in die algemeen en beslis nie vir ons jeug en kinders nie. Die Kabinet het gevolglik besluit dat wetgewing voorberei word waarvolgens daar teen sekere koerante en tydskrifte

---

289) Vgl. Die Burger, 30 Maart 1967, p. 12.
290) Vgl. die verwysing na die seksuele in verskillende perskodes soos aangehaal op p.B 2 en B 7(g)
291) Die Kerkblad, 19 Junie 1968. p. 3.

opgetree kan word wat oënskynlik geen waarde aan sommige van die kodes heg nie."[292] Die kritiek moet veral gelewer word op die feit dat die pers sy eie aanvaarde kode oortree deur oordrewe beriggewing oor die seksuele te plaas. Waar die pers hom nie aan sy eie kode hou nie, is dit die taak van die owerheid óm op doeltreffende wyse op te tree en die euwel te bekamp. Met waardering kan vermeld word dat 'n groot deel van die verantwoordelike pers ewe besorg is oor nuusberigte wat die sedes van die leserspubliek bederf. Die standpunt wat Die Transvaler in sy hoofartikel inneem, word met instemming geplaas: „Persvryheid beteken gewis nie vryheid om die sedelike waardes van 'n gemeenskap te ondermyn nie. So iets kan inderdaad nie as vryheid bestempel word nie, want die ware vryheid word begrens deur die sedelike waardes. Aantasting van hierdie waardes is dus geen vryheid nie, maar bandeloosheid in sy ergste vorm."[293]

Die welvoeglikheidsnorm word egter nie net oortree deur beriggewing wat oor die seksuele aangeleenthede handel nie, Ander berigte en foto's kan ook die leser skok en selfs met weersin vervul. Dr. J.E. Holloway maak beswaar oor die plaas van sekere foto's wat die grense van welvoeglikheid oorskry.[294] Hy verwys o.a. na 'n foto van 'n aantal lyke met verminkte gesigte en starende oë wat 'n deel van die honderde slagoffers was wat by 'n sokkerstadion in Lima doodgetrap is.[295] Hierdie foto van menslike lyke is 'n afskuwelike skouspel wat van geen nut vir die leser kan wees nie. Nog 'n voorbeeld word gevind in Die Burger van 29 November 1968. 'n Berig word geplaas oor die dood van mnr. R.G.W.A. Burch, wat homself om die lewe gebring het kort voordat die polisie hom wou ondervra in verband met die sogenaamde „tasmoord van Boksburg." Met die

---

292) Die Burger, 9 November 1968, p. 11.
293) Die Transvaler, 12 November 1968. p.10. Waar so 'n standpunt deur die pers self gehuldig word, stork dit die owerheid se hande om die vryheid van die pers met verantwoordelike wetgewing te help bewaar en toe te sien dat die ware persvryheid gehandhaaf word ooreenkomstig die norme wat daarvoor geld.
294) Vgl. Dagbreek en Sondagnuus, Seksie II, p. 1.
295) Loc.cit.

berig as sodanig kan daar nie fout gevind word nie. Maar nou word 'n foto geplaas van die moeder van mnr. Burch wat teen haar sin afgeneem is, met die verontwaardiging daaroor, duidelik op haar gesig te lees. As byskrif by die foto dien die volgende: „Mev. Lettie Burch, moeder van mnr. Ronald William George Arthur Burch, wat eergister selfmoord gepleeg het, gisteroggend afgeneem by haar huis, waar sy verslaggewers gedreig het. Kort nadat die foto geneem is, is sy na die hospitaal gebring."[296] Met so 'n foto dring die pers op 'n onwelvoeglike wyse in die lewe van 'n bedroefde vrou in en stel daarmee haar magteloosheid aan die leser voor teen die indringing van die pers. Hiermee handel die pers onwelvoeglik en wek dit by die leser 'n weersin omdat die persoonlike smart van 'n onskuldige vrou so aan die leser uitgestal word. Die feit dat die vrou kort na die voorval na die hospitaal geneem is vir behandeling teen skok, behoort die pers daartoe te beweeg het om so 'n foto nie te plaas nie. Nog 'n voorbeeld van so 'n onwelvoeglike foto het in Hoofstad verskyn. Mnr. Tubby Grant wat 600 pond weeg is sonder klere afgeneem terwyl hy op sy rug leun, maar so dat sy geslagsdele net nie gesien kan word nie.[297] Die vraag ontstaan eintlik by die leser, hoe is dit moontlik dat sy geslagsdele nie sigbaar is nie? Die reaksie van die lesers in verband met sulke foto's word nie dikwels deur die persinstituut verneem nie. Dit wek tewens die grootste afsku en geskoktheid en die verantwoordelike leser kan nie begryp hoe sulke foto's geplaas kan word en watter bydrae dit kan lewer i.v.m. nuusaanbieding nie. In sulke gevalle behoort die leser nie te swyg nie en sy afkeer teenoor die koerant uit te spreek.

Feitlik elke koerant maak hom of een of ander tydstip skuldig aan oortreding van die welvoeglikheidsnorm. Daarmee doen die pers dikwels groot skade aan die leser en ondermyn die sedelike waardes van die gemeenskap, terwyl dit sy eie kode nie in ag neem nie. 'n Verantwoordelike pers moet sy taak en roeping verstaan en met groter verant-

---

296) Vgl. Die Burger, 29 Nov. 1968. p. 1.
297) Vgl. Hoofstad, 10 Des. 1968, p. 3.

woordelikheid teenoor die leser optree.

(f) Oortreding van die ekonomiese norme vir die pers en adverteerders. Die ekonomiese norm bepaal dat goedere verskaffende voorsorg sal geskied waarby die nodige diens gelewer word en dat uitgawes nie bo die inkomste sal styg nie.[298] Die diensmotief mag dus nie aan die winsmotief gesubordineer word nie. Voorbeelde van verskillende euwels in verband met die ekonomiese norm kan genoem word.

Een van die grootste euwels in die perswese is dat die pers die sirkulasie van 'n koerant verhoog deur sensasionele beriggewing.[299] Hoe groter die aantal sensasionele berigte, des te groter word die sirkulasie en ook die wins wat deur die koerant getoon word. Dat hierdie misbruik aan 'n groot deel van die pers eie is, blyk bv. uit die volgende. In die Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake Ongewenste Publikasies[300] word verwys na 'n sekere koerant wat uit beginsel geen verslag geplaas het oor 'n bordeelsaak nie. Toe 'n soortgelyke bordeelsaak later weer voorkom, is nuusberigte hieroor in dieselfde koerant ten volle gepubliseer. Die rede hiervoor is deur die betrokke koerant soos volg aangegee: „Aan die eersgenoemde verhoor het die koerant uit beginsel nie veel prominensie verleen nie omdat dit so 'n onsmaaklike saak was. Sy vernaamste mededinger het egter met sy aanstootlike berigte sy eie sirkulasie sodanig opgestoot dat eersgenoemde koerant verplig was om in verband met die ander verhoor dieselfde aanstootlike berigte as sy mededinger te plaas en om hom ter wille van die sirkulasie in daardie opsig desnoods te oortref."[301] Sensasionele beriggewing van hierdie aard het ten doel om die mededingende koerant se sirkulasie te oortref. Gewoonlik word die volgende redes aangevoer waarom sensasionele berigte wel geplaas moet

---

298) Vgl. p. 310.
299) Met sensasionele nuus word nie bedoel sensasionele nuus in die goeie sin van die woord nie, maar wel sensasionele nuus in die slegte sin.
300) Hierdie verslag is in 1956 deur die Staatsdrukker gepubliseer.
301) Ibid., p. 53.

word, nl. dat die publiek moet weet van die kwaad wat daar is en voorts dat die goeie daardeur bevorder kan word.[302] Hierteen moet ernstige beswaar gemaak word. Immers, die goeie word nie eers gevind en bevorder wanneer al die skakeringe van die kwaad uitgestal word nie. Die teenoorgestelde word juis bereik, dat die kwaad eerder deur die sensasionele berigte bevorder word. Pienaar wys tereg op die valsheid van hierdie argumente en die gevare wat dit inhou: „Sosioloë en psigoloë is dit daaroor eens dat sulke verslae in die sensasiepers sluimerende misdadige neigings aanwakker en selfs prikkel tot misdadige optrede.... Ook moet gestel word dat die beskouing as sou kennis van die kwaad voorbereiding wees vir die doen van die goeie, psigologies vals en eties onverdedigbaar is."[303] So kan daar 'n bose kringloop in die sensasionele pers ontwikkel dat die sensasieberiggewing al groter en gewaagder afmetings aanneem ten einde meer lesers, groter sirkulasie en hoër wins te verseker. Hierdie toestand in die perswese het tot gevolg dat die pers sy kerntaak van nuusaanbieding verloor en dat ekonomiese voordeel die hoofdoel word, 'n verwikkeling wat daartoe lei dat die pers sy diensmotief verruil vir die winsmotief. Pienaar wys tereg op die gevolge wat so 'n beriggewing vir die pers en die lesers inhou: „Bowendien stomp die mens al meer af vir die gewone prikkels sodat hewiger prikkels aangewend moet word... Die koerant met sy sensasietegniek speel in hierdie spel mee en die vraag is of dit eties verdedigbaar is."[304] Dit is nodig om daarop te wys dat die pers nie verkeerd handel deur die goeie in die sensasietegniek te gebruik om sodoende sy sirkulasie te verhoog nie. Hier word egter op perseuwels en derhalwe op die verkeerde in die sensasietegniek gewys.

Die pers moet in sy nuusaanbieding nie slegs gee wat die mens wil hê nie, want dan dra die pers selfs daartoe by om die publieke smaak te vervorm en selfs te

---

302) Vgl. Pienaar, G. L. : Die Etiek en die Sensasiepers. (ongepubliseerde klasaantekeninge). p. 2.
303) Loc. cit.
304) Ibid. p. 8.

verlaag. Die persinstituut het die roeping om dié nuus te verskaf wat die leser behoort te lees. Hierdie waarheid het Cillie suiwer gesien. „Die koerantman wat omgee, wat sy beroep ook as roeping sien, vra homself ook voortdurend af wat sy lesers behoort te wil hê."[305] So alleen word die ekonomiese norm eerbiedig en word die winsmotief i.v.m. nuusaanbieding ondergeskik gestel aan die diensmotief. Die beginsel wat die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie stel, is aan te prys en behoort ook vir die persinstituut te geld, nl. dat die ekonomiese na die tweede posisie verskuif word en die diensmotief op die voorgrond sal tree.[306]

Wat die advertensiewese betref, moet daar gewaak word teen die onregmatige aansprake wat in die advertensies genoem word.[307] Dit is eties verkeerd om valse hoop te wek by bv. kankerlyers dat 'n sekere middel volkome genesing kan teweegbring. Die norme vir advertensies is egter baie duidelik en behoort baie streng toegepas te word deur die advertensiemaatskappye wat advertensies in die koerant plaas. 'n Euwel wat dikwels na vore kom is die suggestiewe wyse waarop die vroulike liggaam in advertensies misbruik word. Dikwels word dit so gedoen dat die eerbied vir die vrou daardeur geskaad word. Dit druis in teen die belangrike waarheid dat die mens geskape is na die beeld van God en dat hierdie beeldskap op generlei wyse geskend behoort te word nie. In die advertensiewese behoort die sedelike norme baie streng in ag geneem te word en ontdoen te wees van alle beroepe wat daar op die laer instinkte van die mens gedoen word.

Die pers behoort deur groter sirkulasie en verhoogde advertensie-inkomste oor die middele te beskik om die beste dienste te lewer, maar daardeur mag die persnorme en in die besondere geval die ekonomiese norm, nie maar verontagsaam word nie.

(g) Oortreding van norme i.v.m.belangegroepe. Wanneer belangegroepe[308] agter die pers so optree dat die

---

305) Cillie,P.J.Koerante en Koerantmense vir ons Tyd.p.9.
306) Vgl. Roos,G.D.Die Uitsaaiwese in Diens van die Samelewing,p.7.
307) Vgl. p.312 (iii)
308) Vgl. p.312-313.

pers nie meer sy kerntaak van nuusaanbieding na behore kan verrig nie, ontaard die belangegroep in 'n drukgroep wat die taak van die pers belemmer en die vryheid van die pers skade aandoen. Verskillende vorms van drukgroepe kan die persinstituut beïnvloed, waarvan enkele by wyse van illustrasie aangetoon word.

Drukgroepe kan o.a. gevorm word wanneer die lesers onregmatige eise stel oor wat gepubliseer moet word. Gewoonlik hou hierdie eis min goed en eerder veel kwaad in. Die lesers dwing die pers dan tot 'n sekere soort beriggewing wat in hulle smaak val en die pers moet ter wille van sirkulasie en voortbestaan hierby inval. Dit is veral die standpunt van die Amerikaanse pers en dat dit 'n groot bedreiging vir die pers is, blyk uit die woorde van 'n Amerikaanse skrywer oor die pers: „For better or worse, I hold to the view that people ought to have what they want, even if what most of them want most of the time is superficial, empty, or distasteful."[309] So 'n drukgroep sou nie alleen die vryheid van die pers in sy nuusaanbieding belemmer nie, maar is inderdaad 'n bedreiging van die sedelike norme van die menslike samelewing. Die pers moet sy taak van nuusaanbieding as eerbaar beskou en moet homself voortdurend afvra hoe die leser gelei moet word tot groter belangstelling in nuusberigte van openbare aard en wat hy eintlik behoort te lees.[310]

Drukgroepe kan ook ontstaan wanneer 'n kultuurliggaam, politieke party, regering of watter instansie ook al die pers dwing om nuus so te verswyg of so te kleur dat die ware feite van die nuusberig daarmee verlore gaan en slegs die standpunt van dié betrokke instansie gestel word. Daar is reeds aanduidinge in die Suid-Afrikaanse perswêreld dat adverteerders die redaksie van 'n koerant deur dreigemente van advertensie-weerhouding verplig om bepaalde standpunte in hoofartikels te wysig of selfs heeltemal te verswyg. Die pers word dan tot verswyging of verdraaiing van nuusberigte en nuusvoorligting gedwing

---

309) Lacy, D. Freedom and Communications. p. 7.
310) Vgl. die standpunt van P.J.Cillie, aanhaling 305, p. 40.

en is dan nie meer vry om sy taak van nuusaanbieding ooreenkomstig persnorme te volbring nie. Derhalwe moet die vorming van sulke drukgroepe wat die pers van buite wil beheer afgewys word as 'n bedreiging vir die pers.

Nog 'n gevaar wat in verband met drukgroepe genoem moet word, is dié van 'n persmag. Die pers moet versigtig handel deur nooit sy mag te misbruik nie. Hierdie misbruik kan bv. plaasvind deur die mag van die woord, die mag van indoktrinasie, die mag van die openbare mening te beïnvloed, die mag om regerings te laat val, die mag om die kerk te ondermyn ens. Magsmisbruik van die pers kan 'n ontsettende kwaad in die menslike samelewing word. Mag is 'n middel om een of ander doel te bereik. Om hierdie doel te bereik is die persmag aan norme onderworpe, maar waar die norme misken word, het ons met die misbruik van 'n persmag te doen. Om hierdie rede moet die vorming van 'n monopolistiese toestand in die perswese van 'n land liewer vermy word. Wanneer een of ander koerantmaatskappy beheer sou uitoefen oor die grootste meerderheid van die koerante in die land, sou daar nie meer sprake wees van 'n vrye mededingende pers nie. Die gevaar is selfs dat die pers oor die wêreld heen kettingbelange kan opbou en sodoende 'n wêreldmag word wat die wêreldmening na willekeur kan beïnvloed. Die voorgestelde oorname van die South African Associated Newspapers deur die Argus-maatskappy kan as goeie voorbeeld dien van wat so 'n persmag kan inhou. Die implikasies van die oorname sou die volgende wees: „..... dat die Argus-groep sal beskik oor 98 persent van die Engelstalige weekbladsirkulasie (hoofsaaklik Sondagblaaie), 77 persent van die Engelstalige dagbladsirkulasie, 60 persent van die totale (Engelse en Afrikaanse) dagbladsirkulasie, en 54 persent van die totale weekbladsirkulasie."[311] In dieselfde berig wys Die Burger daarop dat die gevaar van magsmisbruik baie groot is want „.....vir mense geld die reël dat hy wat betaal, in laaste instansie die toon aangee. Iets soos volstrekte

311) Dawie, in: Uit My Politieke Pen. Die Burger 16 November 1968, p.8.

redaksionele vryheid bestaan nie in die perswese nie, en sal nooit bestaan nie."[312] Die waarheid van hierdie stelling word weerspieël in die protes wat van die Engelse pers uitgegaan het teen die voorgestelde oorname. Die Burger verwys in 'n hoofartikel na die koerantredakteurs van die betrokke koerante as „.....'n skaar van tandeknersende vyande van wie uiteraard nie verwag kon word dat hulle vry uipraat nie."[313] In so 'n geval het die staat geen keuse nie as om op te tree en die belange van die leserspublick te beskerm en so 'n persmag te verhoed. Die siening van Die Burger in die verband kan ten volle onderskryf word: „In die omstandighede was die Regering volkome geregverdig om as trustee van die openbare belang in te tree en 'n daad te verhinder waaroor die ware mening nog besig was om te kristalliseer."[314] Die monopolie wat so 'n persmag inhou, sou nie die taak van die pers meer doeltreffend maak nie, maar sou eerder die gevaar inhou dat die vryheid van die pers bedreig word. Tereg het Pienaar die gevolgtrekking gemaak: „Die etiese beginsels wat monopolievorming in die perswêreld raak, is dieselfde as dié wat geld op ander gebiede.... Monopolie van privaatbesit sou dieselfde euwels meebring as die monopolie van staatsbesit, nl. die vernietiging van die vryheid van die pers. Die demokratiese staat het daarom die reg en plig om monopolie in die wêreld van die pers te breek. Dit sou nie inmenging in die vryheid van die pers wees nie, maar juis versekering van die ware vryheid van die pers."[315]

Die gevolgtrekking waartoe geraak word, is dat drukgroepe buite die pers net so skadelik vir die taakverrigting van die pers is as wanneer die pers self 'n monopolistiese mag in 'n land sou word. Derhalwe moet die vorming van drukgroepe in en om die pers verwerp word as 'n bedreiging vir die pers. Ten slotte kan net vermeld word dat dit ongesond is en 'n bedreiging vir die pers inhou wanneer een

312) Loc.cit.
313) Hoofartikel, Die Burger 20 November 1968. p. 14.
314) Loc. cit.
315) Pienaar, G. J.: Die Geldmag en die Vryheid van die Pers, (klasaantekeninge) p. 3.

of ander nuusagentskap die monopolie het en die verspreiding van al die koerante beheer.

(h) Norm-oortreding en bykomende take. Deur bykomende take te behartig probeer die pers om die heel beste diens aan die leser te bied.[316] Bykomende take van die pers is egter ook aan norme onderworpe[317] en talle van die reeds behandelde norme word ook met die bykomende take van die pers oortree. Dit is egter onnodig om dit weer te herhaal. Die pers oortree egter wanneer die bykomende take sodanig in belangrikheid en omvang toeneem dat dit die kerntaak van nuusaanbieding heeltemal verdring. Hierdie neiging vat al meer pos by al meer nuusblaaie in Suid-Afrika en kan veral duidelik opgemerk word in die geval van die Sondagblaaie.[318]

6. Oortreding van die alomvattende religieuse norm. In die verband moet daar kortliks verwys word na die alomvattende roepingsnorm van die pers. Religie moet ook beskou word as roepingsvervullende diens van God en omvat alles wat die mens doen en laat. Hieronder ressorteer ook die modale godsdiensnorm. In verband hiermee kan die pers oortree deur o.a. Godslastering, ondermyning van die kerk, verabsolutering van die outonome mens en sy belange, die outonoom-stelling van die mens bo die Goddelike wetsorde (bv. Sy norme-orde) ens. Oortredinge deur die pers in die verband is dikwels meer implisiet as eksplisiet. Die persinstituut behoort nie 'n godsdienstige preek of oordenking te plaas terwyl die res van die blad geen Christelike gees weerspieël nie. Die hele blad, veral ook die redaksionele artikels moet 'n roepingsgetroue Christelike karakter dra. Die roeping van die pers is 'n totale eis waaraan die hele dagblad uitdrukking moet gee. Derhalwe moet die persinstituut hom aan die norme vir die pers

316) Vgl. p. 313.
317) Vgl. loc.cit..
318) Vgl. bv. The Sunday Times, wat al 'n Sondagblad van tot 108 bladsye uitgee.

onderwerp en sy taak roepingsgetrou vervul.

Samevatting. Uit die voorbeelde wat illustratief genoem is, en waarmee nie bedoel word om 'n volledige weergawe van perseuwels te gee nie, is dit duidelik dat perseuwels by elke koerant en persinstituut aangetref word. Die oortreding van persnorme belemmer nie alleen die taak van die pers en bedreig sodoende persvryheid nie, maar dit strek tot nadeel van die leser en verskeie sosiale kringe wat belang daarby het. Derhalwe moet die reg van die owerheid eerbiedig word, om die menslike samelewing (individu of sosiale kringe) wat deur die pers benadeel word, waar nodig en met die nodige verantwoordelikheid, deur wetgewing of ander maatreëls te beskerm. Dit is verblydend om die volgende standpunt van Die Transvaler ter ondersteuning van bogenoemde stelling aan te haal: „Dat die Regering dit nou moet oorweeg om die sedelike waardes teen die pers in beskerming te neem, is beslis nie 'n stap wat afgekeur of veroordeel moet word nie. Dit is inderdaad 'n maatreël wat verwelkom behoort te word nie net deur die lede van die publiek nie, maar ook deur die koerante en tydskrifte self. Geen enkele koerant of tydskrif wat die nodige eerbied teenoor die sedelike waardes openbaar, hoef dus te vrees dat sy vryheid selfs in die geringste mate aangetas sal word nie. Hy sal, indien die Regering sy plan in wetgewing vaslê, presies dieselfde mate van vryheid geniet as wat voorheen die geval was. So 'n koerant sal die Regering nog net so kwaai kan aanval as wat hy tans kan doen. Daar sal slegs teen hom opgetree word wanneer hy deur artikels of foto's 'n aanslag op die sedelike waardes doen."[319)]

Die norme wat na aanleiding van die struktuur van die persinstituut en perskring, die take van die persinstituut en perskring en die universele kontingente norme wat met elke unieke besondere situasie gegee is, vorm 'n samehangende geheel wat deur die roepingsnorm omvat word. Dit is deel van die roeping van die pers om die betrokke norme

319) Die Transvaler, 12 November 1968.p. 10.

wat vir die struktuur, take en elke kontingente situasie geld, te eerbiedig. 'n Persinstituut wat hom dus aan perseuwels skuldig maak, oortree die roepingsnorm en belemmer sy gelegenthede om 'n positiewe en verantwoordelike bydrae tot persvryheid te lewer. By die pers is daar 'n opvallende gebrek aan selfkritiek en om die rede moet die leser hom veral beywer om, waar dit in sy mag is, perseuwels te bestry. Verskillende sosiale kringe soos bv. die kerke, volksbewegings, vroueverenigings, kultuurliggame ens., het ook 'n belangrike taak in die verband.

Die stryd teen perseuwels moet dus in die eerste plek by die persinstituut self begin, die belanghebbende afdelings van die perskring moet 'n aandeel daaraan hê, maar ook elke sosiale kring wat op een of ander wyse belang het by die nuusaanbieding en die voorligting van die pers. Sodoende word die stryd positief aangepak om nie alleen perseuwels nie maar ook die sonde in die lewe van die mens en die kwaad in die wêreld te bekamp en 'n kragtige bydrae te lewer tot die aktualisering van persvryheid.

F. SAMEVATTING VAN DIE CALVINISTIESE BESKOUING OMTRENT PERSVRYHEID.

Alvorens die Calvinistiese beskouing omtrent persvryheid gegee word, is dit nodig om 'n kort samevatting van menslike vryheid te gee.

Die vryheidsprobleem moet, soos reeds in die eerste gedeelte van hierdie proefskrif vermeld is, Skriftuurlik en uit die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing, benader word.[320] Die mens, wat na die beeld van God geskape is, bevind hom in drie verskillende verhoudinge waarin dan ook drie onderskeie tipes menslike vryheid uitgedruk word: (a) In sy verhouding tot God, is vryheid vir die mens, totalitêre diens aan God; (b) in sy verhouding tot sy medemens, wat net soos hy na die beeld van God

320) Vgl. p. 114-116.

geskape is, word sy vryheid uitgedruk in sorgende liefde; (c) in sy verhouding tot die kosmos, wat deur God geskape is, is sy vryheid koninklike heerskappy.

In die skepping van God, het die mens 'n verskeidenheid van take om te verrig. God het aan die mens 'n verskeidenheid van moontlikhede gegee om te verwesenlik en in die skepping het God 'n ryke verskeidenheid van moontlikhede vir die mens gelê, om te ontdek. Hierdie moontlikhede kom as 'n „roep" tot die mens wat hy moet aktualiseer. Die antwoording van die mens is gefundeer in die feit dat die mens 'n moontlikheid van keuse het en die antwoord moet geaktualiseer word in onderworpenheid aan die algemene normatiewe behorenseise wat met die skeppingswil van God gegee is, asook aan die kontingente behorenseise wat met die bestieringswil van God bepaal word. So beskou, kan menslike vryheid in omvattende sin beskryf word as toerekenbare Godverheerlikende roepingsvervulling. Religieus beskou, word die mens geroep om as mede-arbeider van God, op kreatuurlike wyse die skeppingsarbeid van God voort te sit en in sy wetenskap en in sy kultuurarbeid, sy roeping so te vervul dat hy daartoe 'n bydrae lewer dat die hele skepping van God tot bestemmingsverwesenliking gelei word. Dit doen die mens egter nie net as enkeling nie, maar ook as lid van verskillende samelewingskringe. En soos die mens as individu sy taak as roepingsvervulling moet beskou, moet elke samelewingskring waaraan die mens behoort, ook daartoe bydra om die taak van elke betrokke samelewingskring afsonderlik en in verhouding met ander samelewingskringe so te verrig dat dit roepingsvervulling in die ware sin van die woord sal wees. Wanneer dit gebeur, word nie alleen die vryheid van die enkeling nie maar ook die vryheid van die verskillende samelewingskringe geaktualiseer. Alle take wat so deur die mens verrig word, word omvat deur die religieuse roepingsnorm dat die mens God moet dien en verheerlik in alles wat hy doen en in elke samelewingskring waarvan hy lid is. En waar die mens in 'n gebroke en sondige wêreld leef, sien hy dit as sy roeping om in elke taak wat hy verrig en in elke samelewingskring waaraan hy behoort, die stryd teen die sonde en die kwaad aan te knoop en sodoende by te dra tot die bestemmingsver-

wesenliking van die ganse skepping van God. Die mens wat die volle implikasies van die Calvinistiese vryheidsbeskouing besef en daarvolgens sy menslike vryheid aktualiseer, staan waarlik in diens van God en leef tot die eer en verheerliking van God.

Dat hierdie vryheidsbeskouing vérreikende gevolge het vir die beoefening van die wetenskap, vir die kultuurtaak van die mens en vir sy daaglikse roeping, spreek vanself. Daarom moet die volle betekenis wat die Calvinistiese vryheidsbeskouing vir die pers en die perstaak inhou, duidelik gestel word.

Die persinstituut is 'n samelewingskring wat uit mense bestaan, wat oor ménse en gebeure met mense, nuus aanbied en voorligting gee aan ménse wat elke dag die koerant koop. Die mens van die persinstituut en die mens as leser van die koerant, is skepsel van God en geen outonome wese nie. Treffend het 'n kenner van die pers, N. DeVolder dit uitgedruk: „De mens bezit geen volledige autonomie, hij is niet een wezen zonder zin of doel geworpen in het avontuur van een blinde evolutie."[321] Derhalwe is die persinstituut en die take wat dit verrig onderworpe aan die wetsorde van God. Hierdie waarheid beklemtoon DeVolder soos volg: „.....ook in zijn innerlijk denken en willen is hij afhankelijk van de door de Schepper gestelde orde."[322]

Die onderworpenheid aan die wetsorde van God het ingrypende betekenis vir die taak van die persinstituut. In die aktualisering van persvryheid kom die persinstituut kragtens sy strukturele bepalinge voor 'n verskeidenheid van take te staan. Hierdie take is die moontlikhede wat God aan die persman gee om te verwesenlik. Kragtens die moontlikheid van keuse wat die persman het, hoe en of hy sy taak volbring, is hy toerekenbaar en kan daar van

---

321) DeVolder, De Ethiek Van De Pers. p. 230.
322) Loc. cit.

hom rekenskap geeis word. Hierdie toerekenbaarheid word erken wanneer Cillie van die koerantman sê: „Ook hy, miskien veral hy, is rekenskap verskuldig van sy rol in die samelewing."[323] Omdat die besondere take van die persinstituut, nl. nuusversameling, nuusseleksie, beriggewing, nuustoeligting en nuusvoorligting, menslik en dus kreatuurlik is, is dit onderworpe aan die wetsorde van God. Meer bepaald is die take van die pers onderworpe aan die algemene norme asook aan die universele norme vir die kontingente behore, wat vir elke besondere geval geld. Die norme vir die pers is nie alleen rigtinggewend nie, maar ook maatstaf waarvolgens die take van die pers beoordeel word. Die norme bepaal dus hoe die take van die pers behoort te wees. Waar persnorme eerbiedig word is die pers besig om sy ware vryheid te aktualiseer en selfs waar die persnorme verwerp word bly die norme nog van krag en dien dit as maatstaf waaraan die onvryheid van die pers gemeet word. Kragtens die feit dat die persinstituut aan norme onderwerp is, is die pers vir sy take verantwoordelik <u>vir</u> die nuusaanbieding maar is ook verantwoordelik <u>teenoor</u> die lesers en samelewingskringe waaroor dit nuus aanbied en wat daarby belang het, en in laaste instansie is die persinstituut verantwoording verskuldig <u>aan</u> God.

Die persinstituut is egter slegs een afdeling van die perskring en kragtens sy taak en roeping het dit verband met 'n verskeidenheid van ander afdelings of samelewingskringe binne die perskring, soos bv. die adverteerders, die handel en industrie, die lesers ensovoorts. Elke afdeling van die perskring het sy eie besondere take om te verrig en staan onder sy eie betrokke norme. Wanneer elkeen van hierdie afdelings van die perskring (of samelewingskringe) hulle taak na behore en in onderworpenheid aan die betrokke norme verrig, dra dit by tot die aktualisering van die vryheid van elke ander kring en globaal gesien, tot die aktualisering van persvryheid in die volste betekenis. Dit beteken dus dat hoe vryer

323) Cillie, P.J. Koerante en Koerantmense vir Ons Tyd.p.2.

elke afsonderlike afdeling van die perskring is, hoe vryer elke ander afdeling en daarmee hoe vryer die hele perskring is. Die vryheid van die persinstituut maak in dié betrokke opsigte die vryheid van die ander instansies in die perskring moontlik en omgekeerd. Indien een of meer van hierdie afdelings van die perskring onvry handel, belemmer dit ook die vryheid van elke ander afdeling van die perskring.

Die persinstituut rig hom in sy nuusaanbieding tot individuele lesers en ook tot 'n groot verskeidenheid van samelewingskringe, bv. lede van 'n volk, kerklidmate, Universiteitspersoneel, werkers in die fabriek ensovoorts. Elkeen van hierdie samelewingskringe het sy eie betrokke take om te verrig en sy eie betrokke norme waaraan dit onderworpe is en is geroep om ook sy eie vryheid te aktualiseer. Derhalwe moet die nuusaanbieding van die persinstituut so geskied dat dit positief sal bydra tot die aktualisering van die vryheid van elke betrokke samelewingskring tot wie die nuusaanbieding gerig word en wat daarby belang het. Die pers rig hom in sy nuusaanbieding tot 'n verskeidenheid van samelewingskringe en moet in die wydste betekenis bydra tot die roepingsvervulling en bestemmingsverwesenliking van elke samelewingskring. Dit sou beteken dat die pers hom deur nuusaanbieding daarop sal toelê om, o.a. die owerheid, die universiteit, die kerk, die skool, die huisgesin, die ekonomiese instellings, die werkers in die fabriek, lede van die sportklub, ensovoorts, op so 'n wyse te dien dat elkeen van hierdie samelewingskringe sy eie taak en roeping na behore sal vervul en sodoende sy eie vryheid aktualiseer. In 'n besondere sin vind persvryheid dan sy uitdrukking in sorgende liefde vir sy medemens en in die koningsheerskappy oor die skepping van God en help dit dus die mens om sy roeping te vervul in die skepping van God. So gesien is die pers vry en is dit tot diens bestem, in die laaste plek, diens van God.

Waar die pers egter sy taak vervul in 'n sondige en gebroke wêreld, moet dit op sy eie wyse 'n bydrae daartoe lewer dat die sonde in elke samelewingskring en

die kwaad in die wêreld, bestry word en die eer van God gehandhaaf word. Dit geld respektiewelik ook vir ander instansies in die samelewingskring. Hierdie stryd is noodsaaklik, 'n noodwendige roeping, al is dit net ten dele en op gebroke wyse moontlik, omdat dit sondaars is wat stry en omdat die finale oorwinning van alle sonde en euwel slegs gewaarborg is deur die verlossende en herskeppende soendood van Christus.

Opsommend kan dus gesê word dat die Calvinisme onder persvryheid verstaan dat dit die handeling is van die persinstituut waardeur sy taak op grond van die hom geskenkte moontlikhede, toerekenbaar en op grond van die hom gestelde behorenseise, waaronder norme, verantwoordelik en tot eer van God verrig word.

Wanneer persvryheid só gesien word, is dit nog steeds 'n menslike vryheid, nog steeds onselfgenoegsaam, wetsbepaald en afhanklik van God. Maar tog is daar dan in die taak van die pers iets van die heer-skappy wat eie is aan die kultuurtaak van die mens, iets van die koninklike adel wat tot die handelinge van elke koningskind behoort. Persvryheid beteken dus dat die pers aan sy ware taak en doel sal beantwoord en dat dit die mens in die wêreld daartoe sal lei om aan die doel van God met die mens en die wêreld te beantwoord. Sodoende dra die pers by tot die roepingsvervulling van die mens en die bestemmingsverwesenliking van die kosmos.

Die Calvinistiese beskouing omtrent persvryheid styg uit bo die negatiewe en valse vryheidsbeskouings waarop sommige persinstitute soms aandring, want slegs deur sy werklike taak en roeping te vervul, is die pers waarlik vry en staan dit in laaste instansie in diens van God.

HOOFSTUK 7.

KRITIESE OPMERKINGE I.V.M. DIE LIBERALISTIESE BESKOUING OMTRENT PERSVRYHEID.

Inleiding. Aangesien die prinsipiële uiteensetting van die liberalisme as lewens- en wêreldbeskouing reeds in 'n vorige gedeelte uiteengesit is,[1] word dit nie weer in hierdie hoofstuk herhaal nie. Ter oriëntasie kan net genoem word dat die klem by die liberalisme veral op die regte, vryheid, gelykheid, redelikheid en goedheid, van die mens as individu val.[2] Veral die regte en vryhede van die individu, vorm die belangrikste grondslae waarop die liberalisme in die praktyk en dus ook sy persbeskouing, uitgebou word. Die liberalisme is nie slegs teorie nie maar lê hom veral toe op die praktiese lewe. Röpke het bv. daarop gewys dat die liberalisme hom ten doel stel om veral op kulturele vlak veld te wen.[3] Deur die jare heen het die liberalisme hom veral beywer vir die handhawing van persvryheid en hom dikwels op die voorpunt van verskillende vryheidsbewegings (bv. o.a. vryheid van ongelykheid, van gesag, van inmenging in die bedrywighede van die individuele mens ens.), bevind.[4]

Dit is dikwels moeilik om uit die praktyk vas te stel of die liberalisme bepaalde standpunte huldig en of dit 'n karikatuur van die liberalisme is wat soms voorgehou word met die doel om een of ander ekstremistiese standpunt te propageer. Dat die konsekwensies van die liberalisme egter vol antinomië is, sal in verband met die persbeskouing aangetoon word.

---

1) Vgl. p.117-147.
2) Vgl. p. 119-122.
   Vgl. Stoker, Die Stryd Om Die Ordes. p. 16-17.
3) Vgl. Röpke, op.cit. p. 6.
4) Vgl. Du Plessis, J.H.O.: Die Afrikaanse Pers, Deel I. p. 19.

1. Die liberalistiese pers en die leser. In ooreenstemming met sy grondstellinge[5] is die pers veral toegespits op die belange van die individu. In verband met die persbeskouing word hierdie stelling ook beklemtoon en kan die volgende onderskei word:

(a) Die vryheid van meningsuiting. Volgens die liberalisme mag daar geen beperkinge op die vryheid van spraak en vryheid van publikasie, gelê word nie. Die liberalistiese Fransman, Jules Simon, praat selfs van die vrye meningsuiting as 'n onderdeel van die denkvryheid van die menslike natuur.[6] Vir hierdie standpunt het die liberalistiese pers sterk steun gekry van die Deklarasie van Menseregte van die V.V.O. waarin o.a. die volgende verklaar word: „Everyone has the right to freedom of opinion and expression. This right includes to hold opinions without interference and to seek, receive and import information and ideas through any media and regardless of frontiers."[7] Die vryheid van meningsuiting is vir die liberalisme 'n noodsaaklike hulpmiddel waardeur die individu in staat gestel word om sy eie opinie te vorm. Harold Laski, een van die sterkste voorstanders van die liberalisme, gaan selfs so ver om kommentariële nuus as 'n ondiens aan die mens te beskou,[8] omdat dit hom as redelike denkende wese verhinder om sy eie afleidings te maak. Die pers moet eerder positief daartoe bydra om die individu en sosiale groep op te voed en as die wegwyser dien sodat die belange van die individu bevorder kan word.[9]

Die vryheid van meningsuiting word by die liberalisme selfs tot uiterste konsekwensies gevoer. So het C. Beard hom oor persvryheid uitgelaat: „Freedom of the press, means the right to be just or unjust, partisan or non-

---

5) Vgl. die standpunt van Hoernlé soos weergegee op. p. 19.
6) Simon, weergegee deur DeVolder, De Ethiek van De Pers p. 220.
7) Art. 20 van The Universal Declaration of Human Rights - Convention on Outlawing of Genocide.
8) Vgl. p. 136.
9) Vgl. p. 121.

partison,true or false, in news column or editorial column."[10] Die „reg" van die mens tot vrye meningsuiting, wat teoreties 'n skoon-klinkende slagspreuk is, loop in die praktyk van die liberalistiese pers selfs uit op die moontlikheid dat die leuen ook gepubliseer mag word.

Hierdie standpunt van die liberalisme is prinsipieel[11] onhoudbaar. H. Korner het die grondfout van die liberalisme soos volg opgesom: „.... de denkvrijheid werd geïdentificeerd met de vrije meningsuiting en verheven tot een persoonlijk en onvervreemdbaar recht door de natuur zelf geschonken en gewaarborgd."[12] Die standpunt van die liberalisme verval onvermydelik in antinomië. Aan die een kant moet vrye meningsuiting toegelaat word en die pers behoort selfs nie kommentariële nuus te gee nie omdat dit die mens verhinder om sy eie opinie te vorm, m.a.w. gee die nuus presies soos dit is.[13] Aan die ander kant moet nuus so aangebied word, dat alles wat die liberalistiese beskouing teengaan, uit die pers geweer moet word en behoort die nuus die liberalistiese lewens- en wêreldbeskouing te propageer. Aan hierdie teenstrydigheid kan die liberalisme hom in sy persbeskouing nie ontworstel nie.

(b) Die vryheid van mededeling. Nou verwant aan die vryheid van meningsuiting is die liberalistiese beskouing omtrent die vryheid van mededeling. Dit is die funksie van die koerant dat alle nuus onbelemmerd deur almal gelees kan word. Die publiek het die „reg om te weet" en die pers moet hierin voorsiening maak. Mcdougall beskou die vryheid van mededeling as die besondere eis wat aan die liberalistiese Amerikaanse pers gestel word en soos volg deur die Amerikaanse Perskommissie bevestig

---

10) C. Beard, aangehaal deur Hocking. op.cit. p. 197.
11) Die prinsipiële kritiek word aan die einde van elke afdeling gegee en hier word slegs op enkele antinomië in die liberalistiese beskouing gewys.
12) Korner, soos weergegee deur DeVolder, De Ethiek Van De Pers. p. 221.
13) Vgl. Laski se standpunt hierbo weergegee.

word: „As used by the Commission on Freedom of the Press, freedom of the press means, not the right to publish without restraint, but the right of the people to know. Properly phrased, the pertinent question would be, not, „is the press free? but „Is freedom of the press working?"[14] Maar ook in hierdie beskouing van die liberalisme omtrent die vryheid van die pers om mee te deel kan daar tot die uiterste van „publish and be damned"[15] gegaan word, wat kan uitloop op 'n „toespitsing op seks in sy liederlikste vorme, moord en doodslag, morbiditeit en dies meer"[16]

Ook hier kan op die antinomie in die liberalistiese beskouing omtrent mededeling van nuus gewys word. Enersyds word daarop gewys „not to publish without restraint", d.w.s. daar is wel „restraint", maar aan die ander kant word „die eis van „the right of the people to know," gestel, d.w.s. deel alles mee, omdat die mens die reg het om alles te weet. Die vryheid van mededeling bring die liberalistiese pers dus ook voor teenstrydighede te staan.

(c) Vryheid van meningsvorming. Die vryheid van meningsuiting en vryheid van mededeling moet volgens die liberalistiese persbeskouing altyd lei tot die vryheid van meningsvorming. Die liberalistiese pers moenie die lesers beïnvloed nie, maar aan elkeen die vryheid laat om sy eie mening te vorm. Op treffende wyse word hierdie stelling deur Warren bevestig wanneer hy omtrent die koerantleser sê: „The average American newspaper reader want information and feels perfectly competent to draw his own conclusions. He is not allocating to any news writer or editor the job of doing his thinking... His job is not to influence people but to tell them what's going on and to direct their thinking only to the limited end that they will think for themselves."[17] In hierdie uitspraak kan 'n verdere antinomie in die liberalistiese persbeskouing aangewys word, nl. nuusmededeling moet vry wees van beïnvloeding en propaganda, maar moet aan die ander kant die leser ten gunste van die liberalistiese

---

14) Mcdougall,C.D.:Understanding Public Opinion.p.609.
15) Pienaar,G.J. Perssensuur en Staatsveiligheid,p.202.
16) Loc.cit.
17) Warren, op.cit. p.10.

opvatting omtrent vryheid en persvryheid beïnvloed. Uit bogenoemde aanhaling kan hierdie teenstrydigheid aangewys word. Enersyds is dit die leser aan wie dit oorgelaat moet word „to draw his own conclusions " en andersyds is dit die taak van die pers m.b.t. die leser „to direct their thinking" en dan kan bygevoeg word: ooreenkomstig die liberalistiese beskouing.

Prinsipiële kritiek. Met die beklemtoning van individuele vryheid soos dit in die voorafgaande paragrawe in verband met die liberalistiese persbeskouing gebring is, is dit duidelik dat die grondfout van die liberalisme in die standpunt omtrent die autonomie van die mens gesoek moet word. DeVolder wat die konsekwensies van hierdie vryheidsbeskouing beskryf as: „enkel auto-determinatie, zelfbepaling, ... volstrekte autonomie,"[18] het die liberalistiese vryheidsbeskouing besonder skerp en effektief verwerp: „Deze vrijheidstheorie verwart autodeterminatie met autonomie.... De vrijheid opvatten als een persoonlijke autonomie voert tot het afgoderij van het ik. Het is de verwaandheid van het schepsel dat zich de goddelijke aseitas wil toeëigenen - Dit leidt overigens tot een volslagen relativisme. Is de vrijheid een essentiële eigenschap van de menselijke persoon en is deze vrijheid niet onderworpen aan objectieve normen, dan heeft zij ook het recht zich onbelemmerd te laten gelden, ook tegenover de evenmens. Waarheid en dwaling worden op dezelfde voet geplaatst, omdat men in de grond geen geloof hecht aan een objectieve waarheid, maar voortgaande op relativisme en scepticisme alle opvattingen een even grote waarde toekent."[19] So 'n relativisme is die gevolg van die oorbeklemtoning van die liberalisme se vryheidsbeskouing. en wortel dus in die mens as autonome selfgenoegsame wese. Die liberalisme se beskouing omtrent norme kan teruggelei word na die gesagsbeskouing waarvolgens die enkeling geen gesag, en dus ook geen norme bo hom erken nie. Die normstelling en normwaardering

---

18) DeVolder, De Ethiek Van De Pers. p. 221.
19) Ibid. p. 222.

vind sy oorsprong in die rede van die enkeling, d.w.s. die rede stel die norme en elke enkeling moet vry wees om sy eie norme te bepaal. Fundamenteel gesien is menslike vryheid en persvryheid kreatuurlik en wortel dit in die vrymag van God. Die beskouing van Stoker vat die prinsipiële standpunt i.v.m. menslike vryheid goed saam in die volgende woorde: „Menslike vryheid is menslik, nie goddelik nie; betreklik, nie absoluut souverein nie."[20] Vanweë die beklemtoning van die individuele vryheid van die liberalisme, soos dit ook in die persbeskouing aangewys word, kom die sosiale aspek van die mens hoegenaamd nie tot sy reg nie.[21] Die liberalistiese persbeskouing i.v.m. die vryheid van meningsuiting, vryheid van mededeling en vryheid van meningsvorming, blyk dus vol teenstrydighede te wees in die praktyk en rus op die onhoudbare prinsipiële grondslag van menslike outonomiteit.

(d) Die Strydmetodes van die liberalistiese pers.

Ten spyte van die liberalistiese standpunt dat die individu sy eie mening moet vorm, is dit 'n bekende metode van die liberalisme dat die weg tot liberalisering van die gemeenskap deur vreedsame indringing moet geskied. Tereg het Stoker die strydmetodes van die liberalistiese pers soos volg opgesom: „Ook die pers en perskringe het (volgens die liberalisme) reg op verwesenliking van die hoë, vrye en gelyke individuele menslikheidswaarde. Vrye meningsuiting en vrye diskussie moet hier verseker bly. Nóg die kerk, nóg die staat, nóg watter ander menslike verband ook, mag die pers aan bande lê. Die ideale pers sal in sy vorming van die openbare mening deur ‚peaceful penetration' (vreedsame indringing) wat van oortuigingswerk gebruik maak, die individue probeer emansipeer (bevry) van alle invloede wat hul individuele en gelyke vryhede strem."[22] Die vreedsame indringing en „unrestricted freedom of discussion"[23] kan egter volgens die

20) Stoker, Die Stryd Om die Ordes. p. 35.
21) Vir volledige besonderhede op hierdie punt -vgl. p. 139-141.
22) Stoker, Die Stryd Om Die Ordes. p. 32.
23) J.B.Bury, liberale juris, aangehaal deur DeVolder, De Ethiek Van De Pers. p. 223.

liberalistiese beskouing tot veel onaangenaamhede in die praktyk van die pers lei: „Then it is obvious that in order to readjust social customs, institutions and methods to new needs and circumstances, there must be unlimited freedom of canvassing and criticizing them, of expressing the most unpopular opinions, no matter how offensive to prevailing sentiment they may be."[24]

Die strydmetodes van die liberalistiese pers verval ook onteenseglik in antinomieë. Enersyds val die klem op „unlimited freedom of discussion and of canvassing and criticising", en aan die ander kant om „expressing the most unpopular opinions, no matter how offensive to prevailing sentiment they may be." Die vreedsame indringing kry dus in die praktyk 'n desperate en aggressiewe karakter.

Die prinsipiele kritiek op die strydmetodes van die liberalistiese pers kom daarop neer dat die liberalistiese pers hom vryhede verloof wat gegrond is op sy beskouing van die mens as outonome wese. Voorts hou dit nie rekening met die feit dat die liberalistiese pers hom beywer vir 'n standpunt wat nie rekening hou met die sondeval nie. Uit Calvinistiese oogpunt beskou het die pers 'n verantwoordelike roeping om te vervul en staan in besondere sin in diens van God.[25] Treffend het Stoker reeds in 1941 hierdie taak en roeping van die pers in verband met die vorming van die openbare mening ingesien: „Die pers moet bewus van sy mondigheid, verantwoordelikheid en roeping, van sy opvoedingstaak van individue en van die menslike verband (van gesin, volk, kerk en staat ens.) wees, en moet selfstandig, maar in afhanklikheid van ander, elkeen help roepingsbewus maak en also vorm, sodat hy sy van God gegewe taak op aarde kan vervul."[26] Die strydmetodes van die liberalistiese pers sien dus in die praktyk baie meer aggressief en dwingend uit as

---

24) Loc.cit.
25) Vgl. p.350.
26) Stoker, Die Stryd Om Die Ordes. p. 79-80.

hulle teorie van vreedsame indringing.

(e) Die mens as goed en gaaf. Die pers het elke dag met die mens te doen[27] en daarom is dit nodig om die mensbeeld waarvan die liberalistiese pers uitgaan te beklemtoon. In die verband word onderskei tussen die liberalistiese beskouing omtrent die mens waarmee die pers te doen het en die norme wat vir die pers geldig is.

(i) Die mens as goed en gaaf. Vir die liberalisme is die feit van sonde in die lewe van die mens nie van besondere betekenis nie.[28] Die mens is goed en inherent dra by die moontlikhede in homself om, wat ontwikkel kan word en tot 'n gelukkige lewe kan lei. Voortdurend lê die liberalisme die klem op die waarheid dat die mens as redelike en sedelike wese heeltemal in staat is om uit die persberigte af te lei wat vir hom as individu die beste sal bydra tot sy eie individuele vryheid. Vir die liberaliste is dit 'n bedrogwende waarheid dat die hoofartikel van die koerant net soos die regte en vryhede van die individu aan bande gelê word en besig is om verlore te raak. Broughton sê hieromtrent: „The value of the editorial has declined step by step with the decline of personal ‚freedom'. By ‚freedom' is meant here not simply freedom from compulsion, internal and external, but also freedom for the expression of opinion and the freedom to ensure that all deserving of a public hearing shall be heard."[29] Dit is duidelik dat met hierdie standpunt die outonome vryheidsidee van die mens beklemtoon word.

Ook hier kan daar weer op die antinomie in die liberalistiese beskouing gewys word. Broughton betreur dit dat die leser nie alles „deserving a public hearing" in die pers kan vind nie, maar hy verset hom teen die hoofartikel in koerante waarin ander standpunte as dié van die liberalisme gestel word. M.a.w. wat eintlik geskryf

---

27) Vgl. p. 51 en p. 227.
28) Vgl. p. 120.
29) Broughton, M. Press And Politics in South Africa, p. 79.

en gehoor moet word is slegs dié van die liberalisme.

Die mens is egter nie goed en gaaf soos deur die liberalisme voorgestel nie, maar is sondig en geneig tot die kwaad. Om die persvryheid waarvoor die liberalisme pleit in die hande van sondige mense te laat, kan tot relativisme en willekeur lei en daarom maak DeVolder die gevolgtrekking „Het gezond verstand en de dwang van de feiten hadden nogmaals de overdrijvingen van de theorie rechtgezet."[30] In die verwerping van die sondeval handel die liberalisme presies soos die mens wat in sonde geval het, nl. om hom teen God te verhef en gelyk aan God te stel, om heer van sy eie lewe te wees. Stoker het die leer van die goedheid van die mens volgens liberalistiese beskouing, soos volg afgewys: „Omdat die erfsonde 'n feit is, moet die Liberalisme in die praktyk misluk en die vryhede, wat dit aan die mens toevertrou, misbruik word. ..... hy wil self beskik oor sy lewenslot en sy eie wette maak en gehoorsaam; hy wil selfverheerliking soek, in plaas van die eer en verheerliking van God."[31] Deur aan die sondige mens outonome vryheid toe te ken, soos die liberalistiese pers dit voorstaan, kan slegs willekeur en bandeloosheid in die hand werk.

(ii) Die liberalistiese pers en persnorme. Kragtens sy beskouing omtrent die outonomiteit van die mens is die liberalisme nie te vinde vir die eerbiediging van persnorme nie. Omtrent die probleem van meningsvryheid het J.S. Mill hom soos volg uitgelaat: „..... there ought to exist the fullest liberty of profession and discussing, as a matter of moral ethical conviction, any doctrine, however immoral it may be considered."[32] DeVolder wys daarop dat die verwerping van norme 'n algemene verskynsel in die liberalistiese pers is: „Doorgaans voelen de redacteurs zich niet erg gehinderd door dit tekort aan ethische grondbeginselen."[33] Na 'n deeglike ontleding

30) DeVolder, De Ethiek Van De Pers. p. 235.
31) Stoker, Die Stryd Om Die Ordes. p. 38.
32) J.S. Mill, aangehaal deur DeVolder, De Ethiek Van De Pers. p. 227.
33) DeVolder, op.cit. p. 310.

van persnorme oor die algemeen en die liberalistiese pers in besonder, kom DeVolder tot die gevolgtrekking dat die liberalistiese pers 'n soort van welwillende neutraliteit met betrekking tot persnorme handhaaf: „Het moderne dagblad is een transportmiddel geworden dat alle producten en waren, ongeacht hun zedelijk gehalte, vervoert. Het is niet immoreel, maar neutraal, volstrekt amoreel."[34] Dat hierdie sogenaamde neutraliteit tot 'n relativisme i.v.m. norme moet lei blyk uit die ontwikkeling wat in die Amerikaanse pers voorkom. Die willekeur en smaak van die leserspubliek vorm 'n bepaalde gedragslyn vir die pers en word uiteindelik tot 'n „norm" vir die pers. Die dagblad is dan die ontwikkelingsgang van die openbare mening. „Zij leidt niet, maar volgt gedwee de publieke opinie."[35] Gaandeweg bepaal die leserskring en die samelewing dan wat behoorlik of onbehoorlik is, wat beskou word as die gangbare gedagte van wellewendheid (what is done') en daarvolgens moet dan gehandel word. Eintlik is dit niks anders as stelle etiket-reëls wat uit die openbare mening saamgevat en tot „norme" of gedragsvoorskrifte vir die pers verhef word.[36]

Krities beskou, kan in bogenoemde standpunt van die liberalistiese pers heelwat antinomieë gevind word. Mill staan bv. met sy beskouing van vryheid van diskussie „how immoral it may be" voor die situasie dat daarmee vryheid van diskussie aan elke individu toegestaan moet word, terwyl hy eintlik bedoel, met vryheid soos deur die liberalisme voorgestaan. Ook in die sogenaamde a-moraliteit van die liberalistiese pers (of soos dit ook soms gestel word: neutraliteit wat norme betref) beteken dit eintlik dat die liberalistiese pers a-moreel

---

34) Ibid. p. p. 149.
35) Ibid. p. 150.
36) Pienaar wys heeltemal tereg daarop dat sekere historiese gebruike en etiketreëls dan verkeerdelik as Etiek vir die pers aangewys word.
Vgl. Pienaar, G.J. Perssensuur en Staatsveiligheid. p. 206.
Vgl. ook DeVolder, De Ethiek Van De Pers. p. 153.

neutraal) m.b.t. enige moontlike norm staan, mits dit nie die liberalistiese persvryheid ondermyn nie. Ook in die opvatting dat die pers deur die openbare mening gelei word, is daar 'n teenstrydigheid by die liberalisme. Die openbare mening lei volgens die liberalisme die pers outonoom en funksionerend, maar met die propaganda vir die liberalistiese beginsels en vryheid, lei die pers die publieke opinie. So verval die liberalistiese persbeskouing omtrent norme in 'n duisternis van teensprake.

Die verwerping van persnorme deur die liberalisme moet egter prinsipieël duidelik gesien word. Die liberalisme erken wel bepaalde norme soos deur die outonome mens voorgestel en toegepas, mits dit die regte en vryheid van die individu bevorder. Maar norme wat van buite, bv. van staatsweë, kerkweë ens. op die pers toegepas word en in fundamentele sin hulle oorsprong in die wetsorde van God vind, word verwerp.[37] Die liberalistiese pers beskou homself (volgens die Calvinisme beoordeel), dus nog as toerekenbaar maar ag homself nie verantwoordelik nie, en tereg het Greyling hierdie soort vryheid skerp afgewys: „..... vryheid sonder verantwoordelikheid..... dit is die grootste wanbegrip van vryheid wat denkbaar is."[38] Die liberalistiese pers doen groot skade aan die mooi ideale van persvryheid deur persnorme, soos deur die Calvinisme voorgestaan, te verwerp. Tereg het DeVolder daarop gewys dat eerbied vir die norme lei tot 'n verantwoordelike persbeskouing: „Wie zijn geest open stelt voor alles wat ethisch verantwoord is, zal zich ook in eerbied voor de waarheid brengen."[39] In die liberalistiese persbeskouing is die outonome mens se vryheid en regte van deurslaggewende betekenis. Die Calvinisme wil in sy norme-leer buig voor die wetsorde van God wat op elke lewensterrein, ook op die gebied van die perswese, geld. Vir die Calvinisme word die hele norme-leer vir die pers saamgevat deur die alomvattende roepingsnorm, nl. dat die pers ook 'n roeping het om in die menslike same-

37) Vgl. p. 135-136.
38) Greyling, op.cit. p. 19.
39) DeVolder, De Ethiek Van De Pers. p. 165.

lewing te vervul en dus ten doel het om die mens en die skepping van God tot hulle ware bestemming te help lei.

2. Die liberalistiese pers en samelewingskringe. Uit die liberalistiese opvatting is dit duidelik dat die outonome mens die reg moet hê om sy eie heil uit te werk en sy eie moontlikhede te ontwikkel in die menslike samelewing.[40] Derhalwe moet daar gelet word op die beskouing van die liberalisme omtrent menseregte en die samelewingskringe (wo. die staat).

(a) Die liberalistiese pers en menseregte. Volgens die liberalisme is die vryheid van die individu 'n grondreg van die mens[41] wat op geen wyse aan beperkinge onderwerp moet word nie. Derhalwe word dit deur die liberalisme betreur dat die pers se reg om die liberalistiese beskouing in nuusberigte en hoofartikels te propageer, reeds tot so 'n groot mate beperk word.[42] Soos die mens die reg het om te weet, om sodoende sy eie menings te vorm, moet die pers die reg hê om nuusaanbieding sonder beperkinge te onderneem. Hierdie reg om nuus aan te bied sonder beperkinge, sluit die hele menslike samelewing in, ook die privaatheid van die menslike lewe, die gesin, owerheidsinstellings ensovoorts.[43] Die gevolge van sodanige publikasies is volgens die liberalisme nie die belangrikste oorweging nie, maar wel dat die pers die grondreg van die individu moet behou, om te praat en te skryf oor alles wat die mens behoort te weet en dit sluit letterlik alles in. Die gevolge van so 'n „vrye" nuusaanbieding, behoort volgens die liberalisme, nie probleme te skep nie, „omdat de goede resultaten in elk geval de slechte overtreffen."[44] Die liberalisme gee toe dat hierdie vryheid wel soms misbruik mag word, maar dan redeneer hulle weer, „haar voordelen zijn zo groot, dat men dit nadeel met geduld moet verdragen. En A. de Tocqueville pleit voor algehele straffeloosheid der pers, omdat zij meer kwaad belet dan zij er sticht."[45]

---

40) Vgl. p. 123-veral aanhaling 7.
41) Vgl. p. 122-123.
42) Vgl. aanhaling 29 p. 357.
43) Vgl. aanhaling 7. p. 352.
44) Liberastiese beskouing soos weergegee deur DeVolder: De Ethiek Van De Pers. p.223.
45) Loc.cit.

Die standpunt van die liberalistiese pers i.v.m. die reg tot mededeling, is krities beskou, vol teenstrydighede. Die belangrikste antinomie waarop gewys word is dat die liberalisme hulle die reg toeëien om te publiseer wat hulle wil, maar dan moet dit die liberalistiese standpunt weergee. Sodra dit anders geskied, beperk dit die reg tot vrye mededeling. Alles mag gepubliseer word, maar die liberalisme verset hom daarteen dat die kerk of staat die liberalisme in publikasies sal teengaan. Nog 'n antinomie waarop gewys kan word, is die „reg" van die liberalisme i.v.m. die nuusaanbieding omtrent die privaatheid van mense en samelewingskringe. Enersyds word die regte, vryhede en privaatheid van die individu deur die liberalisme met alle moontlike middele beskerm, andersyds het die pers die reg tot inmenging in die privaat aangeleentheid van samelewingskringe.

In verband met die sogenaamde „regte" van die mens, moet die dwaling van die liberalisme prinsipieel afgewys word. Die sogenaamde regte van die mens, moet ook as voorregte gesien word.[46] Die ontiese menseregte is voorregte wat die mens van God ontvang om te doen wat hy behoort te doen. Ook in verband met die standpunt van die liberalisme omtrent menseregte word die maatstaf van dié betrokke standpunt weer gevind in die outonomie van die individu. Krities beskou sou hierdie reg tot „vrye" nuusaanbieding van die liberalisme daarop neerkom dat die individu wat sy eie vryheid verwesenlik, 'n bedreiging is vir die vryheid van ander individue en samelewingskringe (bv. indringing in privaat aangeleenthede). M.a.w. die liberalistiese opvatting omtrent die reg van vryheid, hou in werklikheid 'n bedreiging in vir ware persvryheid.

(b) Die liberalistiese pers en die owerheid.
Volgens die liberalistiese beskouing, soos deur Laski en andere uiteengesit[47] behoort die owerheid hom so min as moontlik met die vryheid van die individu in te laat. Die liberalisme koester 'n ingewortelde wantroue teenoor

---

46) Vir prinsipiële kritiek i.v.m. menseregte, vgl.p.144.
47) Vgl. p. 130-132.

die owerheid, wat deur DeVolder soos volg gesien word: „De gezagdraer is een verdacht personnage, waaraan de burgers hun aandacht moet schenken, niet om zijn autoriteit te verstevigen, maar om ze zoveel mogelijk te beperken."[48] Ten einde te verhoed dat die owerheid die burgers te veel laste oplê, „hebben de liberale theoretici de ‚vryheden' verdedigd en voornamelijk de vryheid van de dagbladpers."[49] Dat die liberalistiese pers hom die selfopgelegde taak toeëien om die owerheid aan bande te probeer lê, word gestaaf deur die standpunt van Willose: „The function of the newspaper in a well-ordered society is to control the State through the authority of facts."[50] Dat so 'n standpunt onmiddelik 'n spanningstoestand en agterdog tussen pers en owerheid moet skep, is duidelik. Dat dit egter die bedoeling is, word bevestig deur die beskouing van Haesaert: „De pers is bij definitie de waarborg van het publiek tegen de macht. Bijgevolg heeft de pers als vijand de macht te vrezen."[51] Hierdie spanningstoestand het ook deurgewerk in die verhouding van die pers en owerheid in Suid-Afrika. Horace Flather, vroeër redakteur van The Star, huldig bv. die standpunt dat die vryheid van die pers en van die individu deur die owerheid in Suid-Afrika bedreig word, wanneer hy skrywe: „While there are laws in South Africa that undoubtedly do inhibit press freedom, the restructions, on the whole, as they exist today, are more a threat than a reality. But the threat is there. We might say of the English-language newspapers that they are on what used to be known in England, ticket-of-leave."[52]

Die buitelandse liberale pers het nog skerper teen die owerheid in Suid-Afrika te velde getrek. Die Regering van Suid-Afrika het bv. geweier om Ben Van Kraan, 'n joernalis van die Nederlandse blad Trouw, in die land toe

---

48) Liberalistiese standpunt soos deur DeVolder weergegee: De Ethiek Van De Pers. p. 248.
Vgl. ook: Stoker,H.G.: Die Stryd Om Die Ordes.p.22.
49) Loc.cit.
50) D.F. Willose aangehaal deur DeVolder.Loc.cit.
51) J.P. Haesaert aangehaal deur DeVolder.Loc.cit.
52) H.Flather aangehaal In: The South African Observer. Feb. 1963. p. 1.
Dieselfde standpunt, maar nog skerper gestel, word gehuldig In: The Forum van Maart 1957, p.2.

te laat. Die regering as beskermer van die land teen onregmatige inmenging, het die volste reg hiertoe gehad. Verontwaardig omdat hy nie toegelaat word om na die Republiek te kom nie en omdat persvryheid aan bande gelê word skrywe Van Kraan in 'n hoofartikel o.a.: „Dit is die einde van persvryheid, waaronder ook val die einde van nuusinsameling, van gesprek en internasionale gesprek. Dit durf premier Verwoerd nie toelaat nie. Hy durf as dit daarop aankom, nie laat sien hoe dit met die ontwikkeling van die gees in Suid-Afrika gesteld is nie. As dit so is, is vryheid weg - nie net vir die swarte nie, maar ook vir die blanke, Dan is die einde van die regstaat in sig."[53]

Hierdie onverantwoordelike uitlatings van die liberalistiese pers kan selfs daartoe bydra dat 'n land soos Suid-Afrika nie sy regmatige plek in die volkerewêreld kan inneem nie. So wys 'n bekende koerantmagnaat Roy Thompson daarop dat elke owerheid wat die vryheid van die individu aan bande wil lê, begin om die persvryheid in te kort.[54] Die Internasionale Kommissie van Juriste het Suid-Afrika daarvan beskuldig dat hy selfs die slegste kenmerke van die Stalin-bewind aangeneem het, met die gevolg dat die wetgewing van so 'n polisiestaat, alle vryheid laat verdwyn het.[55] Volgens die International Press Institute, 'n maandelikse tydskrif wat in Zürich verskyn, het persbeheer in Suid-Afrika slegs uitgebly vanweë die druk van die vrye wêreld.[56]

Dit is dus duidelik dat die liberalistiese pers hom daarteen verset dat die owerheid enige beperkinge op die pers sal plaas, vandaar ook die onverdraagsame en onbeteuelde uitlatinge van die liberalistiese kant. In ooreenstemming met sy beskouing omtrent gesag,[57] handel die liberalistiese pers volgens die insigte van die menslike outonome rede en moet die liberalistiese pers self

---

53) Van Kraan aangehaal deur Die Burger, 9 Desember 1965. p. 13.
Dieselfde strekking word gevind in die artikel van J. Lewin In: The Forum, Vol.4.Nr.8.p.23.
54) Vgl. Die Transvaler.10 Mei 1963.p. 7.
55) Vgl. Die Transvaler.15 Mei 1963.p. 12.
56) Vgl. Die Transvaler.28 Maart 1962.p.7.
57) Vir volledige besonderhede - vgl. p.130-132.

besluit watter mate van gesag van owerheidsweë, omtrent die pers, geduld sal word.[58] Die volle konsekwensies van die liberalistiese beskouing omtrent gesag word goed saamgevat deur Stoker wanneer hy van die outonome liberalistiese mens die volgende sê: „Hy is sy eie gesag: bo of buite hom staan geen gesag, soewereiniteit of outoriteit, wat hy moet gehoorsaam nie, - behalwe sodaniges, wat hyself daargestel het en aan wie hy terwille van homself saam met ander terwille van hulself 'n deel van sy gesag ‚aangedra' het (soos bv. aan die staat met sy wette, aan die maatskappy met sy konvensies, ens.) . Die wette wat hy gehoorsaam is deur sy rede bepaal en deur sy wil gewil."[59]

Kritiese opmerkinge. Die liberalistiese beskouing omtrent die pers en die staat is vol antinomieë. Volgens die liberalistiese beskouing, moet die staat die regte en vryhede van die individu sover as moontlik waarborg, maar die pers behou die reg om die owerheid te „kontroleer" en selfs te ondermyn wanneer dit van die liberalistiese beskouinge afwyk. Die uiterstes waartoe die liberalistiese pers kan gaan, is genoegsaam in die voorafgaande uiteensetting aangetoon. Die liberalistiese pers eis van die owerheid verdraagsaamheid i.v.m. meningsverskille, maar toon besliste onverdraagsaamheid met die owerheid i.v.m. alle optrede wat nie-liberalisties is en die liberalistiese vryheidsidee verwerp. Die liberalisme verkondig die vreedsame indringing i.v.m. die nodige oortuigingswerk, maar eis die hardhandige omverwerping van die owerheid wat nie die liberale vryheidsidee wil verwesenlik nie.

Die beginselbeswaar is dat die liberalistiese pers alle gesag aan die individuele mens toeken d.w.s. die outonome mens kan gesag toeken aan bepaalde instansies, bv. staat, samelewing, ens. Die liberalisme erken dus nie die regte en vryhede van huwelik, gesin, staat, kerk ens. wat tog iets anders as individuele regte en vryhede is nie. Vandaar ontstaan die ongeregverdigde stryd met die owerheid wat ook genoemde samelewingskringe se vryheid en regte eerbiedig. Die

58) Vgl. Stoker: Die Stryd Om Die Ordes. p.22.
59) Ibid. p. 16.

spanning tussen die liberalistiese pers en die owerheid wortel dus prinsipieel in sy verkeerde uitgangspunt. Die Calvinisme ken aan die staat 'n positiewe bepaling toe en nie 'n negatiewe beperking nie, en hiervolgens kan die pers sy eie kringsoewereine roeping in vervlegting met die lesers en ander sosiale kringe, vervul. Hocking het 'n aanvoeling vir die Calvinistiese beskouing wanneer hy sê: „Government is the only agency which, through its monopoly of physical force, can measurable insure that argument in speech and press will continue to be argument and not competent injury."[60] Waar die liberalistiese pers slegs die belange van die individu op die hart dra, het Pope ook 'n oop oog vir die belange van ander samelewingskringe wanneer hy opmerk: „Christian liberty is always to be humanized, corrected in its exercise even where legitimate, and modified in the doing of what is morally indifferent by the spirit of love, which teaches the Christian not so much to stand upon his rights as to consider the interests of others".[61] Die Calvinistiese beskouing omtrent die gesag en die roeping van die pers, open nuwe perspektiewe en skakel antinomieë uit omdat dit van die Skriftuurlike standpunt uitgaan. Stoker het hierdie standpunt besonder duidelik gestel: „Ons handhaaf dat die individu geen gesag uit homself het nie; - dat sy betrokke gesag van God gegee is en aan God se absolute gesag onderworpe is; - dat sy rede vir die gesag van Gods Woord moet buig en sy wil Gods ordinansies moet gehoorsaam..... Die mens is 'n aan God verantwoordelike vervuller van sy van God gegewe roeping."[62]

Nog 'n punt van kritiek wat geopper word is dié omtrent die moontlikheid van 'n liberalistiese persmag. Die liberalistiese pers, volkome vry van staat en kerk, kan in die hande van die sondige mens tot 'n persmag ontwikkel wat die menslike samelewing so nadelig kan tref dat daar van ware vryheid in die onderskeie samelewingskringe feitlik geen sprake sal wees nie. Tereg het Stoker opgemerk: „Liberalistiese vryhede, toegeken aan 'n persmag, wat onder die invloed van die sonde staan, kan vir ons land en volk geen seën wees nie."[63]

---

60) Hocking, op.cit. p. 215.

61) Pope,R.M. In: Encyclopaedia of Religion And Ethics, Deel VII. p. 909.

62) Stoker, Die Stryd Om Die Ordes. p. 34.

63) Ibid. p. 79.

Die Calvinisme wil nie die pers onder staatsbeheer plaas nie, maar wel aan die pers sy eie selfstandige taak en roeping in die menslike samelewing toeken. Hierdie standpunt het Stoker treffend gestel: „Die pers moet bewus van sy mondigheid, verantwoordelikheid en roeping, van sy opvoedingstaak van individue en van die menslike verband (van gesin, volk , kerk en staat ens.), wees en moet selfstandig, maar in afhanklikheid van ander, elkeen help roepingsbewus maak en also vorm, sodat hy sy van God gegewe taak op aarde kan vervul."[64]

3. Die Liberalistiese pers en die ekonomie. In ooreenstemming met die liberalistiese lewens- en wêreldbeskouing, val die klem by die ekonomiese aangeleenthede ook op die individuele belange. Stoker het dit soos volg opgesom: „Ook hier is die soewereine, selfbepalende individu met sy ekonomiese vryhede (van o.a. privaatbesit, onderneming, selfbestuur, privaat-wins, ens.) hoofsaak. Die primêre dryfkrag van die kapitalistiese stelsel is: die maak van wins."[65] Ook hier duld die liberalisme geen inmenging deur die owerheid nie.

Bogenoemde beskouing van die liberalisme het ook sy duidelike gevolge in die liberalistiese pers getoon. Om die sirkulasie van die koerant so hoog as moontlik te stoot en die wins dienooreenkomstig te vergroot, word daar van allerlei sensasie-metodes gebruik gemaak om meer lesers te werf. Dikwels word so 'n koerant die uitstalvenster van sedebederwende leesstof. Dit is egter volgens die liberalistiese standpunt geregverdig omdat met hierdie tegniek, tweërlei doel bereik word: nl. die liberalistiese beskouing word verkondig en die wins word vergroot. Hoe groter die trefwydte van die koerant, hoe beter word die belange van die outonome redelik-sedelike wese daardeur bevorder.

Krities beskou, moet die standpunt van die liberalisme in die verband afgewys word. Waar die liberalistiese pers aan die een kant strewe na die bevordering van die liberalisme, is dit aan die ander kant besig om deur sensasie-

64) Loc.cit.
65) Ibid. p. 24.

beriggewing sede-ondermynende leesstof aan te bied. In die hande van sondige mense wat die perstaak normloos wil beoefen, kan dit 'n gevaarlike tegniek word. Prinsipieel gesien is die winsmotief of die propagering van die liberalisme ook nie die belangrikste aspek nie, maar wel die diensmotief. Uit Calvinistiese oogpunt beskou, is die pers 'n middel waardeur diens (kennis, inligting ensovoorts) aan die leser gelewer word. Die pers het dus 'n eie selfstandige taak en roeping om in die menslike samelewing te vervul en mag nie maar op ongeoorloofde gronde sy diensmotief laat vaar en hom aan die winsmotief verslaaf nie.

Samevatting. Die waarheidsmomente in die liberalistiese persbeskouing moet waardeer word. Die liberalisme het hom veral beywer vir die handhawing van die regte en vryhede van die individu en het sedert die vroegste jare 'n aansienlike bydrae gelewer om die belange van die pers in Suid-Afrika te bevorder. Maar al klink die slagspreuke van die liberalisme ook hoe mooi, hou dit ernstige gevare in, veral vanweë die spanningstoestand wat dit met die owerheid wek. Volgens die liberalisme moet die belange en vryhede van alle ander samelewingskringe ondergeskik gestel word aan die propagering van die liberalistiese lewens- en wêreldbeskouing. In hierdie opsig hou dit 'n bedreiging in vir die Calvinisme. Die regte en vryhede van die liberalisme klink teoreties mooi, maar die mens is 'n gevalle, sondige wese wat steeds tot die kwaad neig en behoefte het aan die verlossing in Christus. Die ideaal van die liberalisme om die vryheid en regte van die individu te bevorder kan in die praktyk so maklik ontwikkel tot 'n bedreiging van die vryheid van ander samelewingskringe en veral vanweë sy beskouing omtrent die owerheid, ernstige gevare vir die owerheid en maatskaplike orde inhou. Die liberalistiese pers is veral toegespits op die regte en vryhede van die individuele outonome mens, en dit ten koste van die regte en vryhede van die ander samelewingskringe. Die Calvinistiese persbeskouing open 'n baie wyer perspektief, nl. om die pers te sien as 'n instelling wat sy taak en roeping in die wêreld so vervul dat dit die mens en die skepping van God na sy ware bestemming help lei.

HOOFSTUK 8.

KRITIESE OPMERKINGE I.V.M. DIE KOMMUNISTIESE BESKOUINGE OMTRENT PERS EN PERSVRYHEID.

Inleiding. Die lewens- en wêreldbeskouing van die kommunisme het sy stempel baie duidelik op die pers in kommunisties-beheerde lande afgedruk. Dit is duidelik dat die kommunistiese pers min ooreenkoms toon met die struktuur en funksie van die pers wat in die Westerse wêreld aangetref word. Buzek het hierdie verskil soos volg beklemtoon: „Even the briefest encounter with the communist press will convince the detached observer that it is something different from the press of the rest of the world. The communist press, and especially the newspapers, retains only a few characteristics of the traditional press."[1] Dat die pers vir die kommunisme een van die belangrikste propagandamedia is blyk uit die mees opvallende eienskappe van dié betrokke pers: „The predominance of political and economic propaganda and agitation is one of the main characteristics of the communist press. Another is its total subjection to the communist party."[2] 'n Ontleding en kritiese beoordeling van die struktuur en die taak en funksie van hierdie besondere pers sal aantoon dat hierdie beskouing van Buzek ten volle geregverdig is.

A. Die Struktuur van die Kommunistiese Pers. Die twee mees opvallende eienskappe van die kommunistiese persstruktuur is dié van staatsbesit en partybeheer.

1. Die kommunistiese pers as staatsbesit. Kort na die rewolusie van 1917 waarin die kommuniste beheer oor Rusland verkry het, is besluit om die pers onder die beheer van die staat te plaas. Die rede hiervoor word aangegee in 'n besluit van die agtiende kongres van die Kommunistiese Party: „the press is a mighty instrument of propaganda, agitation and organisation, an indispensable means of influencing the broadest masses,..... a strong sound party and governmental apparatus is unthinkable without a well-founded press."[3]

---

1) Buzek,A. The Communist Press And How it Works.p.7.
2) Loc.cit.
3) Kongresbesluit aangehaal deur Buzek,op.cit.p. 65-66.

Die pers, soos dit eers daar uitgesien het, is volgens die kommuniste, deel van die poging van klein kapitaalkragtige minderhede[4] wat ten doel het om hulleself te verryk deur die uitbuiting van die werkersklas.[5] Om die rede moet die pers staatsbesit word en in diens van die kommunistiese ideologie gebruik word, om sodoende die belange van die werkersklas te behartig en te bevorder. Die oorname van die pers deur die staat het daartoe gelei dat die kommunistiese owerheid besitter van die amptelike nuusagentskap geword het.[6] Hierdie patroon het hom in ander kommunistiese lande ook ontplooi en Buzek maak hieromtrent die gevolgtrekking: „Outwardly the news agency in every communist state is an official organ of the government, equally attached to the Office of the Prime Minister."[7]

Die kommunistiese owerheid het met die in-besitneem van die pers die wenk van Lenin gevolg[8] en die pers in diens van die owerheid gestel. DeVolder som hierdie stap soos volg op: „Om een waarlijk vrije pers te verkrijgen moet men het kapitaal in de onmogelijkheid stellen schrijvers te huren,dagbladen te kopen en uitgeverijen te controleren."[9] Hierdie staatsmonopolie van die pers kan nie goedgekeur word nie. Die reg van 'n persmaatskappy om 'n koerant uit te gee behoort nie sonder gegronde redes opgehef te word nie, omdat die soewereiniteit in eie kring dan nie eerbiedig word nie en 'n persinstituut nie toegelaat word om kragtens sy struktuur en taak, sy roeping te vervul nie. Deur so 'n standpunt in te neem beroof dit die mens van sy reg tot privaatbesit. DeVolder steun hierdie standpunt in die volgende woorde: „Wie aanneemt dat eigendom een persoonlijk recht is, kan geen enkel theoretisch motief ontdekken om die uitgever van dit recht te beroven."[10] Dit is 'n bewys van staatsmonopolie waardeur die bestaan van 'n vrye pers (Calvinisties gesien), totaal vernietig word. Die owerheid behoort, kragtens die mag wat dit het om die juridiese interorde in die menslike samelewing te reël, wanneer dit nodig is,

---

4) Vgl. p. 162. Vgl. ook DeVolder, De Ethiek van de Pers. p. 284.
5) Vgl. p. 159.
6) Dit het in 1918 by wyse van party-dekreet geskied.Vgl. Buzek, op.cit. p. 185.
7) Loc.cit.
8) Vgl.DeVolder,De Ethiek van De Pers. p.283
9) Loc.cit.
10) Ibid. p. 285.

beperkinge op die pers se bedrywighede te lê, maar die pers-instituut behoort sy taak en funksie te vervul sonder om permanent deur die owerheid oorgeneem te word. Die kring-soewereine roeping van die pers moet in normale omstandighede deur die owerheid beskerm word en slegs in noodgevalle sou dit geregverdig kan word om beperkinge op die pers se taak te lê. Waar dit wel gebeur is daar van persvryheid geen sprake nie en tree die magsgeweld van die staat na vore. Dan is die pers, volgens DeVolder „niet anders dan een ambtenaar in dienst van vreemde machthebbers. De pers in Sovjet Rusland levert hiervan het beste bewijs."[11] Solank die pers sy taak en funksie na behore vervul, het die owerheid geen reg om die persmaatskappy te onteien[12] en self besit daarvan te neem nie.

In die lig van bogenoemde kan die staatsmonopolie van die pers nie onderskryf word nie. Die pers behoort die reg van bestaan gegun te word omdat hierdie ontiese reg nie maar deur die staat opgehef kan word nie.

2. Partybeheer van die pers. Nadat die owerheid die pers in besit geneem het, was dit nodig om die nodige masjinerie te skep waardeur die owerheid beheer oor die pers sou behou. Die metodes van die owerheid het dan ook geblyk uiters doeltreffend te wees. Enkele van die stappe wat in die verband geneem is, word kortliks aangestip.

(a) Opleiding van personeel. Redakteur en joernaliste moes deeglik geskool word in opleidingsentrums wat sedert 1919 deur die Kommunistiese Party gestig is.[13] Die eerste joernaliste-skool was die Moskouse Instituut van Joernalistiek wat in 1921 gestig is. Later word die opleiding van joernaliste deur die Universiteite oorgeneem. Van opleiding in die joernalistiek self het daar egter nie veel tereg gekom nie omdat die opleiding hoofsaaklik toegespits is op die ideologie van Marx en Lenin, die geskiedenis van die Party en die werkersorganisasie, die ekonomie, ensovoorts. Deur hierdie opleiding is verseker dat die joernaliste deeglik

11) Ibid. p. 287.
12) Bevestig deur DeVolder. Ibid. p. 285.
13) Vgl. Buzek, op.cit. p. 245.

geskool sou word in die ideologie van die kommunisme. Volgens Buzek het dit patroon van die kommunistiese lande geword: „The communists always regarded the journalistic profession as a political function, a party assignment, and this was reflected also in their approach to the training of journalists."[14] Teen die opleiding van joernaliste as sodanig kan geen beswaar gemaak word nie, maar wel teen die eensydigheid daarvan om die joernalis in die kommunistiese leerstellinge te indoktrineer.

(b) Aanstelling van joernaliste. Kroetsjov het in sy eie woorde gesê, die Party „cannot put the press in unreliable hands. It must be in the hands of the most faithful, most trustworthy, most politically steadfast people to its cause."[15] Aan hierdie eis is voldoen en die Party was dan ook verantwoordelik vir die aanstelling van redakteurs en joernaliste in die kommunistiese pers. Sodoende is die beheer van die party oor die pers verseker.

* (c) Die bestaan van koerante. Persinstitute kan nie in kommunistiese lande begin met die uitgee van 'n koerant nie. Buzek het die posisie soos volg gestel: „The party alone decides what papers are to be published and exercises control through appointing the editors and journalists and through the allocation of funds and newsprint."[16] Met hierdie prosedure is die greep van die owerheid op die pers nog verder versterk.

(d) Voortdurende party-toesig. Die kommunistiese Party het nie volstaan met die aanstelling van redakteurs en joernaliste nie, maar sy invloed verseker deur „continuous direction and supervision of the press in the most detailed way, and the issuing of long-term and short-term, even daily, instructions."[17] Die toesig en kontrole het 'n tweërlei doel m.b.t. die pers, nl. „to ensure that the press prints what must be published and to keep out everything which would

---

14) Ibid. p. 244.
15) Kroetsjov, aangehaal deur Buzek, op.cit. p. 242.
16) Buzek, op.cit. p. 7.
17) Ibid. p. 113.

clash with the official propaganda line."[18] Dit is duidelik dat die pers deur die owerheid besit word, deur die Party bcheer word en in diens van die Party staan.

(e) Die pers as Party-propagandamedium. Rudolf Herrnstadt, hoofredakteur van die blad Neues Deutschland het die kommunistiese koerant gesien as „a political institution which for purposes of efficiency (only) bears the character of a newspaper."[19] Die pers moet in diens van die Party die standpunt van die Party propageer. Met propaganda word veral bedoel die indoktrinasie in die kommunistiese leerstellinge. Hieromtrent het Lenin self geen onduidelikheid gelaat nie: „ A propagandist dealing with, say, that same question of unemployment, must explain the capitalistic nature of crises, the reason why they are inevitable in contemporary society, describe the need for its transformation into socialist society, etc. ..... The propagandist does the same thing in the periodical press, and the agitators in public speeches."[20] Stalin het die betekenis van die pers as propagandamedium van die Party selfs nog sterker gestel: „The press is the strongest instrument with which, day by day, hour by hour, the party speaks to the masses in their own essential language. There is no other means so flexible for establishing spiritual links between the party and the working class."[21] Dit is dus duidelik uit hierdie aanhalings dat die pers as die doeltreffendste indoktrineringsmedium van die kommunistiese Party beskou word.

(f) Beïnvloeding van die leser. Uit die vorige paragraaf is dit duidelik dat die pers in die kommunistiese staat daarop bereken is om sy indoktrinasie so in te stel dat dit die leser, en by name die werker, sal beïnvloed. Uit 'n opsomming van Lenin se standpunt kan afgelei word dat die pers 'n opvoedende taak het vir sover dit die kommunistiese ideologie op bevatlike wyse aan die leser moet

---

18) Loc.cit.
19) Herrnstadt aangehaal deur Buzek, op.cit. p.7.
20) Lenin aangehaal uit sy pamflet What is to be done (1901-1902) soos aangehaal deur Buzek,op.cit.p.23-24.
21) Stalin, aangehaal deur Buzek, op. cit. p. 39.

voorstel: „The masses, in Lenin's views, lead to be guided not only in the pre-revolutionary period or in the short time of the establishment of the proletariat's dictatorship, but in the long period of building the new society.... The need to educate the masses becomes more important and the party then fully assumes the role of the teacher."[22)]

Uit bogenoemde paragrawe is dit duidelik dat die kommunistiese Party die pers op 'n uiters effektiewe wyse beheer. Die pers is dus geensins vry om ooreenkomstig sy struktuur en taak sy roeping te vervul nie. Die gevolgtrekking waartoe Buzek gekom het, is volkome geregverdig. Verwysende na die kommunistiese pers, sê hy: „It suffers from complete lack of freedom and a total dependence on the party."[23)] 'n Pers wat só van buite beheer, só voorgeskryf en gedikteer word, wat voortdurend moet vra wat wil, wat sê die Party, is 'n pers wat hoegenaamd nie vry is nie, maar inteendeel 'n pers wat verkneg is aan die besit en beheer van 'n politieke instelling. Billikheidshalwe moet erken word dat die kommuniste nuus tog wel aanbied, al is dit dan ook nuus volgens die kommunistiese leerstellings gekleur. Hierdie kritiese opmerkinge word versterk deur die woorde van DeVolder waar hy op die gevolge van die kommunistiese persbeheer wys: „In alle steden van de onmetelijke republiek verschijnen twee morgenbladen: het orgaan van het gouvernement en het orgaan van de partij. In alle gouvernementele bladen verschijnt hetzelfde hoofdartikel, nl. het hoofdartikel van de Izvestia te Moskou. De partijbladen nemen het hoofdartikel over van de Pravda. De nieuwsberichten uit buiten en binnenland worden geschrijft door de Nieuwsagentschap Tass. Het gevolg is, dat het publiek alles verneemt wat gunstig is voor de regering en niets wat de regeringspolitiek in een minder gunstig licht zou plaatsen."[24)] Die tekortkominge in die kommunistiese pers lei onvermydelik daartoe dat die pers sy roeping en taak nie behoorlik vervul nie en derhalwe ook geen doeltreffende diens aan die lesers en menslike samelewing kan lewer nie.

---

22) Lenin, soos opgesom deur Buzek, op.cit.p. 39.
23) Buzek, op. cit. p. 61.
24) DeVolder, De Ethiek van De Pers. p. 287.

Hierdie gevolgtrekking word nog duideliker met die bespreking van die Taak en funksie van die kommunistiese pers.

B. Die Taak en Funksie van die Kommunistiese Pers.

In hierdie gedeelte word veral verwys na die nuus-take van die persinstituut soos dit deur die kommunistiese Party beheer en gebruik word om die kommunistiese ideologie te propageer.

1. (a) Wat is nuus. Volgens die beskouing van die kommunisme moet die inligtingstaak van die pers ondergeskik aan die propaganda-taak gemaak word. Buzek het die standpunt van Lenin omtrent nuus soos volg weergegee: „Lenin maintained that bourgeois papers misused news and information to deceive the masses in furtherance of the interests of capitalists, and that only in the communist press, freed from such interests, could news and information become truthful and objective. Since the task of the communist press was to educate (that is to propagate and agitate) and organise, information had to be subordinated to these tasks and help to serve them. News and information, Lenin maintained, were necessary because without them it was impossible to make propaganda and agitation."[25]

Nuus is dus die vrystelling van Party-propaganda om die werkersklas te beïnvloed en voor te berei vir die rewolusie teen die kapitalisme.

(b) Nuusversameling. Ten spyte van die feit dat die redaksie van die koerant deur die kommunistiese Party opgelei en aangestel word, word aan hulle nie die vryheid veroorloof om die nuusversameling vir die koerant self waar te neem nie. Die nuuswaardigheid van gebeure word deur die Party beoordeel en deurgestuur vir publikasie. Buzek maak die gevolgtrekking: „..... only news and information which the party wants to publish, reaches the newspapers and radio."[26] Die redaksie moet dus die nuus van die Party ontvang en dit publiseer volgens direkte voorskrif van die Party.

---

25) Lenin weergegee deur Buzek.op.cit. p. 168-169.
26) Buzek, op.cit. p. 176.

(c) Nuusseleksie. Die seleksie van nuus is ten volle die verantwoordelikheid van die Party en nie van die redaksie van die koerant nie. „The party found it imperative to regulate the flow of information, to restrict and adopt or slant the news and all materials influencing the mind of the masses...."[27] Nuus word so gekies dat dit ten doel het om die standpunt van die kommunisme te bevorder. Hierdie stelling word gestaaf deur die woorde van Palgunov, 'n voormalige direkteur van die Sowjet-nuusagentskap, Tass: „News or information must pursue a definite goal: it must serve and support the decisions related to fundamental duties facing our Soviet society, our Soviet people marching on the road of gradual transition from socialism to communism."[28] Die ernstige beswaar is dus dat waar die kommunisme die pers beheer, dit ten doel het om die staat te ondermyn en die soewereiniteit in eie kring van die pers te ontken.

(d) Nuustoeligting en nuusvoorligting. Hierdie uiters belangrike funksies van die redaksie geskied nie volgens die standpunt van die joernalis of redakteur nie, maar „to support the political aims of the party."[29] Selfs waar die redaksie in sy nuustoeligting en -voorligting 'n kritiese standpunt inneem mag dit alleen geskied met die goedkeuring van die Party. Daarom is dit ook nie vreemd dat Buzek die gevolgtrekking maak: „Criticism must never touch the foundations of the regime, marxist-leninist theory and party dictatorship, or its outward symbols and institutions. It must follow the party line and must only critise with the party's approval."[30] Die Calvinisme leer ook dat die staat onder bepaalde omstandighede die pers aan bande mag lê, maar dan slegs wanneer die pers die beginsel van die soewereiniteit en gesag van die staat ondergrawe.

(e) Universaliteit van nuus en die oriëntering van die mens in die samelewing. Waar nuus beheer word deur die nuusagentskappe van die owerheid, is dit vanselfsprekend dat

---

27) Ibid. p. 18.
28) Palgunov soos aangehaal deur Buzek, op.cit.p. 171.
29) Buzek, op.cit. p. 44.
30) Ibid. p. 53.

die leser dit uiters moeilik sal vind om hom met behulp van dié nuus te oriënteer in die wêreld waarin hy leef. Dit kom daarop neer dat die Party die doel voor oë het dat die mens as werker, hom in die sosialistiese gemeenskap sal oriënteer en nuus word dan ook dienooreenkomstig gepubliseer. Tipies volgens die mensebeskouing van die kommunisme,[31] is daar in die pers nie plek vir beriggewing omtrent individue nie maar alleen vir die mens en sy sosialistiese belange. Buzek het dié verskynsel soos volg beskrywe: „.....individuals are not important in themselves, only because of their official position or social achievement, and no newsstories about personalities were allowed."[32] Wanneer die indring van die pers in die privaat lewe van openbare figure opgemerk word, moet erken word dat hier 'n waarheidsmoment in die kommunistiese persbeskouing bestaan. Dit is egter nie nodig om tot die uiterste te gaan waartoe die kommunisme dit wel gedoen het nie.

Die neiging is egter om, sedert 1953 en veral na 1956, meer nuus omtrent buitelandse gebeure te publiseer, 'n verskynsel wat tog meer reg laat geskied aan die universele karakter van nuus en die mens help om homself in hierdie wêreld te oriënteer. Maar, selfs hierdie vloei van nuus moet ook deur die partykanale gaan en nie deur die redaksie self bekom word nie.[33]

(f) <u>Die nuustaak van die lesers</u>. Die kommunisme verleen aan die lesers die reg van kritiek in die korrespondensie-kolomme van die koerant. Met die eerste oogopslag wil dit voorkom asof hier 'n belangrike toegewing aan die lesers gemaak word. Maar ook hierdie kritiek mag alleen geskied met die oog op groter doeltreffendheid van die plaaslike en nasionale owerhede, soos gemeet aan sosialistiese en kommunistiese standaarde.[34] Kritiese opmerkings in die korrespondensie-kolomme is gewoonlik beperk tot die

---

31) Vgl. p. 169.
32) Buzek, op.cit. p.176.
33) Vgl. Ibid. p. 177.
34) Vgl. Lenin se standpunt van kritiek en selfkritiek, soos weergegee deur Buzek, op.cit. p. 52.

versuim van een of ander plaaslike owerheid of fabriek om sy funksie behoorlik volgens kommunistiese patroon te vervul. Die gevolgtrekking waartoe geraak word is dat weinig briewe met 'n kritiese strekking werklik spontaan geskryf word. Buzek sê hieromtrent: „Today, most of the critical matter, not emanating from official quarters is the results of more or less organised, planned efforts, and only a small fraction of published material in the form of readers' letters can be regarded as spontaneous."[35] Dit sou dus haas onmoontlik wees vir die lesers van die koerant om 'n bydrae te lewer tot groter doeltreffendheid van die taak en funksie van die koerant. Die teendeel blyk eerder te wees dat die Party-beheer verseker dat die koerant doeltreffend fungeer as organiseerder en draer van kommunistiese propaganda en die lesers doelbewus oorhaal tot aanvaarding van die kommunistiese ideologie. In die kommunistiese perswese is daar geen plek vir 'n doeltreffende vervulling van die nuustaak van die lesers nie.

(g) Die funksie van die kommunistiese koerant. Die kommunistiese leiers het baie duidelike voorskrifte gegee van wat die funksie van die koerant m.b.t. die uitbou van die kommunistiese leerstellings is. Lenin het dit soos volg gesien: „A newspaper is not only a collective propagandist and collective agitator, but also a collective organiser. In this respect it can be compared to the scaffolding erected around a building under construction; it marks the contours of the structure and facilities communication between the builders, permitting them to distribute the work and to view the common results achieved by their organised labour."[36] Hierdie standpunt is verder uitgebou deur Stalin wat die funksie van die koerant breedvoerig in die volgende aanhaling beskrywe:

> „To propagate the ideas of marxism-leninism;
> To agitate for the principles of the party;
> To organise the workers in the fight for the application of these principles to everyday life;

35) Ibid. p. 53.
36) Lenin aangehaal deur Buzek.op.cit. p. 38.

To forge a lasting link with the popular masses;
To educate them in the spirit of communism;
To explain the policy of the party and government;
To foster vigorously a habit of criticism and self-criticism;
To organise socialist emulation;
To fight for peace;
To expose the warmongers."[37)]

Bogenoemde moet veral gesien word teen die agtergrond van die breër kommunistiese leerstellings, want wanneer dit uit die oog verloor word, sou baie van hierdie doelstellings aangeprys kan word.

Die pers is dus baie duidelik die propagandamedium van die kommunistiese Party en het as sodanig alleen bestaansreg. Buzek het die funksies van dié koerant treffend opgesom in vier sinsnedes: „mass propagandist, mass agitator, mass organiser, mass critic and controller," [38)] en vervolg dan: „These four basic functions determine the contents of the communist press. Each of them must be fulfilled by a newspaper every day, in every issue, on every page. They are the criteria for the selection of material, for deciding what, how and where it should be printed."[39)]

Krities beskou, kan die gebreke van die kommunistiese pers teruggevoer word na enkele grondstellinge.[40)] Die nuustaak van die pers, van die leserskring en die funksies van die koerant kom nie tot hulle reg nie vanweë die verkeerde mens-beskouing van die kommunisme. Die mens as individu bestaan nie, slegs die vermaatskaplikte mens.[41)] Van die Calvinistiese beskouing omtrent die mens as individueel-sosiale besonderheid is daar by die kommunisme geen sprake nie. Die pers staan volkome in diens van die kommunistiese party. Daarmee verloor die persinstituut met

---

37) Stalin aangehaal deur Buzek, op.cit. p. 39.
38) Buzek, op.cit. p. 40.
39) Ibid. p. 40-41.
40) Vir volledige kritiek op die kommunisme as lewens- en wêreldbeskouing, vgl. p. 172-182.
41) Vgl. p. 174.

betrekking tot sy nuustake sy ware dienende funksie geheel-en-al en staan onder die outoritêre mag van die owerheid.[42] Die dienende taak van die kommunistiese pers is geen vrye diens in Calvinistiese sin nie, maar 'n verslaafde diens weens die outoritêre en diktatoriale mag van die staat. Die kommunistiese pers vervul dus 'n doeltreffende funksie as propagandamedium in diens van die Party wat hom ten doel stel, die kommunistiese beïnvloeding van die massa-mens. Van vrye interne persbeheer is daar geen sprake nie en alle nuustake van die pers kan teruggelei word tot Party-dienstigheid. Dit is dan ook die rede waarom die kommunistiese pers sy nuus-take nie na behore kan vervul nie.

2. Die Pers en Ekonomie. Die kommunistiese stelsel duld nie privaat-besit en maatskappye wat hulleself kan verryk nie.[43] Derhalwe mag die pers ook nie as 'n winsgewende maatskappy bestaan nie.[44] In Rusland is die pers egter onder direkte beheer van die Party. Buzek het dit soos volg opgesom: „They are considered as purely political instruments with many specialised tasks other than informing or entertaining the reader, and as such they are subsidised from state funds according to decisions of the party."[45] Die kommunistiese pers hoef dus nie met sorge opgelaai te word om fondse te vind waarmee die pers sy taak ekonomies gesond kan volbring nie. Dit is waarskynlik ook die rede waarom die pers in Rusland tot ongeveer 1956 feitlik geen advertensies geplaas het nie.[46] Sedertdien het meer advertensies verskyn, maar dan ook weer met die doel om die advertensies as propaganda-middel te gebruik. Die Poolse Joernalisteblad Prasa Polska het hieromtrent die volgende gesê: „One may defend the opinion that a good advertisement has much of the propaganda element in it and therefore is a natural enough part of journalists' professional activities."[47]

---

42) Vgl. p. 176-177.
Vgl. ook DeVolder, De Ethiek Van De Pers. p.128.
43) Vgl. p. 163.
44) Die kommunistiese pers in Joego-slawië, Poland en China, is hierop 'n uitsondering. Vgl. Buzek.op.cit. p. 230.
45) Vgl. Ibid. p. 238.
46) Vgl. loc. cit.
47) Aangehaal deur Buzek, op.cit. p. 238.

Die kommunistiese pers is dus ook wat sy fondse, uitbreiding, salarisse, ensovoorts betref volkome afhanklik van Party-beheer. Waar die gevaar in die Westerse wêreld is dat die geldmag dwang op die pers kan uitoefen, word dit by die kommunistiese pers uitgeskakel. Daarenteen is die kommunistiese pers verslaaf aan die outoritêre mag van die owerheid wat nie alleen die finansiering van die pers waarneem nie maar ook beheer oor die hele pers uitoefen.

3. Die kommunistiese pers en norme. Die kommunistiese stelsel het geen ruimte gelaat vir norme waarvolgens die lewe van die mens ingerig word nie. Tewens, die ideale maatskappy is klasloos, staatloos en gesagloos en om hierdie ideaal te bereik is daar mag en geweld nodig om die mens te dissiplineer vir die aanvaarding van hierdie ideaal.[48] Derhalwe is daar vir die pers geen norme aangegee waarvolgens dit behoort te fungeer nie, alleenlik die diktaat van die party. Dit is dwangmaatreëls en kan dus nie as norme beskou word nie. In die verband kan na 'n stelling van Lenin verwys word om andermaal te bewys dat die pers slegs dienskneg van die kommunistiese Party is. Slegs die pers wat hierdie ideologie verkondig is besig om die „waarheid" te dien: Volgens Lenin: „Partisonship is the highest expression of historical truth, the result of a truly scientific and objectively faithful analysis of social phenomena".[49]

Die kommunistiese pers word sodanig deur die owerheid en party beheer dat daar wel van persdwang gepraat kan word, maar vir die eerbiediging van persnorme waardeur die taak en roeping van die pers in die menslike samelewing op verantwoordelike wyse vervul kan word, is daar geen plek nie. Die norme vir die pers wat wel deur die kommunisme erken word, is gepositiveer deur die diktatoriale staat.

Samevatting. Die kommunistiese pers het hier en daar waarheidsmomente wat erken moet word, maar tog word die struktuur en taak van die pers sodanig deur die kommunistiese

---

48) Vgl. p. 158-159.
49) Lenin aangehaal deur Buzek.op.cit.p. 56.

leerstellings geïndoktrineer dat daar van 'n vrye pers in Calvinistiese sin bedoel, geen sprake is nie. Uit die uiteensetting van die persbeskouing van die kommunisme is dit duidelik dat die pers onlosmaaklik deel is van die kommunistiese samelewing. Lenin het dit soos volg gesien: „..... it is impossible to live in a society and to be free from it. The communist press, therefore cannot be free from communist society; it must be dependent on its leading force; the working class."[50] Dit is juis hierdie afhanklikheid van die pers van die werkersklas en beheer deur die Party wat dit vir die pers onmoontlik maak om sy werklike taak verantwoordelik te vervul en sy roeping te volbring. Tereg het Buzek verwys na die algehele afwesigheid van vryheid en die totale afhanklikheid van die party.[51] Om die rede het die pers sy vrye taak en roeping ingeboet en 'n „politionele dwangapparaat"[52] geword. Die staatsmonopolie van die pers deur die owerheid verhoed dus dat die taak en roeping van die pers toerekenbaar en verantwoordelik volbring kan word.

---

50) Lenin weergegee deur Buzek, Ibid. p. 62.
51) Vgl. aanhaling 23.
52) DeVolder, De Ethiek Van De Pers, p. 287.

HOOFSTUK 9.

DIE BETEKENIS VAN PERSKODES VIR PERSVRYHEID.

Inleiding. Die Calvinisme neem i.v.m. die aktualisering van persvryheid die standpunt in dat die pers eers werklik vry kan wees wanneer dit sy eie besondere taak en funksie, in onderworpenheid aan die betrokke norme wat daarvoor geld, verrig.[1] Perskodes kan in 'n bepaalde sin gesien word as voorskrifte wat aan die pers gegee word en wat bepaal hoe die pers sy taak moet verrig. Derhalwe is dit nodig om kortliks vas te stel of die bestaande perskodes werklik 'n positiewe bydrae tot die aktualisering van persvryheid lewer en of die betrokke kodes aan hulle doel beantwoord.[2]

1. Die prinsipiële grondslag van perskodes. Elke lewens- en wêreldbeskouing en dus ook die Calvinisme, die liberalisme en die kommunisme, druk hom in 'n omvattende lewenswandel uit en „kwalifiseer en kleur as hele gang alle lewenspraktyk en al die partikuliere dade en besondere gewoontes van die mens."[3] Die lewenswandel het met die hele konkrete lewe van die mens in omvattende sin te doen. Die lewenswandel van die mens is in talryke opsigte gevarieerd en word histories gevorm en ontwikkel. Die lewenswandel verskil van mens tot mens, van samelewingskring tot samelewingskring en van tyd tot tyd volgens gegewe historiese omstandighede. Die wyse van lewenswandel in 'n gegewe historiese tydsgewrig kan as 'n bepaalde

---

1) Vgl. p. 296 en p. 348.
2) Hierdie hoofstuk is geen volledige uiteensetting van perskodes nie, maar word veral het op die probleem van persvryheid toegespits. Onlangs het daar aan die Potchefstroomse Universiteit 'n soortgelike prinsipiële studie i.v.m. die probleem van perskodes verskyn. Vgl. die proefskrif van G.J. Pienaar: Perssensuur en Staatsveiligheid, Hoofstuk 6, p. 90-117.
Dit is interessant dat DeVolder in sy standaardwerk omtrent De Ethiek Van De Pers, slegs drie bladsye aan perskodes wy. Vgl. p. 143-146.
3) Stoker, Oorsprong en Rigting p. 30.
Vgl. ook Ibid. p. 28-31.

lewensstyl beskou word.[4] Die variasies van lewenswandel druk hom besonderlik in die variasies van lewensstyl uit. Die lewensstyl van die mens is egter ook aan 'n bepaalde orde onderworpe. Dit beklemtoon weer die stelling dat die hele geskape werklikheid aan die wetsorde van God onderworpe is en die handelinge van die mens meer bepaald aan die algemene en universele normatiewe of behorensorde. Die normatiewe orde word ook deur die mens gepositiveer, in besonder deur dit te ken, maar ook deur dit te formuleer. Dit is veral van belang omdat perskodes in en met die proses van geskiedenisvorming gepositiveer word. Dit alles dui dus op die orde van die lewensstyl. Hierdie orde van lewensstyl vind uitdrukking in die reëls van omgang en verkeer, van usansies, gewoontes, etikette, ens. Hierdie betrokke reëls, m.b.t. die huwelik, huislike lewe, volkslewe, kerklike lewe, ens. word as onbeskrewe reëls en as noodsaaklik vir 'n ordelike samelewing beskou. Prinsipieel gesien mag hierdie reëls van die menslike lewensstyl nie in stryd wees met die ontiese normatiewe orde wat sy oorsprong in Gods skeppings- en bestieringswil het nie. Juis omdat die mens in sonde geval het, is hierdie reëls noodsaaklik omdat dit in werklikheid bedoel is om die deurwerking van die sonde te stuit. Omdat die mens 'n verantwoordelike wese is, moet hierdie onbeskrewe reëls ook op verantwoordelike wyse gevorm word.

Historiese omstandighede bepaal egter dat die reëls van leefwyse en lewensstyl onder leiding van betrokke gesagsinstansies, opsetlik beskryf en voorskriftelik gemaak word. Hierdie beskrewe reëls word dus opsetlik geformuleer en in die sin gepositiveer met gedragskodes, soos bv. beroepskodes, soos perskode, mediese kode, protokol ens. Die betrokke samelewingskring wat sulke kodes positiveer, kan selfs die staat vra om die kode op die wetboek van die staat te plaas.

Wette en norme vir die menslike handelinge is

---

4) Vgl. Ibid. p. 31-32.

bepalinge wat fundamenteel op die wetsorde van God rus[5] en vir alle mense en menslike handelinge geld. Die norme wat deur God vir die mens gestel word, word ontiese norme genoem.[6] Met die gebrekkige kennis wat die mens van norme het, kan daar gedwaal word. Die bepaalde reëls en voorskrifte wat die mens van norme aflei, d.w.s. gepositiveerde norme[7], wat in stryd met die ontiese norme is, bring dwaling mee. Die eis word dus gestel dat alle gepositiveerde norme in fundamentele sin aan die wetsorde van God sal beantwoord.

Die norme geld vir al die handelinge van alle mense ten alle tye, terwyl die gepositiveerde norme van geval tot geval en van tyd tot tyd verskil. Perskodes moet dus beskou word as gepositiveerde norme, d.w.s. voorskrifte en reëls wat van norme afgelei is en vir die pers regulatief, rigtinggewend is. Perskodes, as gepositiveerde norme vereis egter 'n gesagsinstansie[8] wat sodanige perskode opstel en wat aan die betrokke pers of vereniging voorgelê word met die eis van gehoorsaamheid. In die geval van die huidige perskode is die Joernalistevereniging of Persunie wat dit opstel, nie met 'n dwingende gesag[9] beklee nie, maar wel met 'n dringende gesag.[10] Die Persunie kan dus alleen 'n beroep op persinstitute en joernaliste doen om hulle vrywillig aan 'n perskode te onderwerp, maar kan hulle nooit daartoe dwing nie.

Dit is dus duidelik dat daar vir die pers ook gepositiveerde norme is, d.w.s. reëls en voorskrifte waarvolgens die pers behoort te handel. Prinsipieel is die verskynsel van 'n perskode dus gefundeer in die ontiese norme en mag die perskode nie in stryd daarmee wees nie.

2. <u>Die Ontstaan van perskodes</u>. Die pers en die joernaliste was en is nie ongevoelig i.v.m. die kritiek wat op die pers gelewer is nie[11] en so het J.H. Wehle reeds in 1883

5) Vgl. p. 72.
6) Vgl. p. 73.
7) Vgl. p.50 en 73.
8) Vgl. p. 302-303.
9) Bv. die swaardmag van die owerheid.
10) Dit kon gehoorsaamheid vra,maar dit nie afdwing nie.
11) Vgl. DeVolder, De Ethiek Van De Pers. p. 143.

'n pamflet opgestel onder die titel „Journalistische Etikettenfrage"[12]. Die eerste werklike gedragskodes vir die pers het vroeg in die twintigste eeu verskyn, nl. in Swede 1916, daarna die kode van die Federation Internationele des Journalistes, in Denemarke 1928, in Nederland 1948 en in Brittanje 1953.[13]

In Suid-Afrika word die interessante patroon gevolg dat die gedragskodes feitlik deurgaans opgestel is nadat druk van owerheidsweë op die pers uitgeoefen is. Die toenmalige Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika, genl. J.B.M. Hertzog het in 1939 wetgewing voorberei vir die opstel van 'n kode, straf vir joernaliste en selfs die skorsing van redakteurs.[14] Vanweë die teenstand van die pers en Volksraadslede word die wetgewing laat vaar maar die Vereniging van Redakteurs word formeel gestig en 'n perskode opgestel.[15] In 1950 het twee Volksraadslede, dr. B. Friedman en dr. A.J.R. Van Rhyn, weer die kwessie van persbeheer in die Parlement geopper en 'n regeringskommissie word aangestel om die aangeleentheid te ondersoek. Dit het uitgeloop op die konstitusie vir 'n vrywillige verwysingsraad[16] en ook tot die opstel van 'n gedragskode.[17]

Dit is opvallend dat die stellinge in die betrokke gedragskodes hoofsaaklik van negatiewe aard is. In die gedragskode van 1939[18] wemel dit van woorde soos „nie skeldtaal", „nie kritiseer", „onthou aan", „nie feite rakende die private lewe publiseer nie", „nie eties om publikasie te weier" ensovoorts. Die gedragskode van 1962 is hierop geen uitsondering nie, sinsnedes soos „geen afwyking nie", „sonder kleuring", „nie verdraai nie",

---

12) Vgl. Loc.cit.
13) Vgl. Pienaar, G.J. Perssensuur en Staatsveiligheid. p.90-91.
14) Vgl. Du Plessis, J.H.O. Die Afrikaanse Pers. p.253-256.
15) Vgl. Bylaag B p. B2.
16) Vgl. Bylaag C op p. B3 soos aangehaal deur Pienaar, G.J. Perssensuur en Staatsveiligheid. p. B21-23.
17) Vgl. Bylaag D op p. B 7. soos aangehaal deur Pienaar, op.cit. p. B 24.
18) Vgl. p. B 2.

seksmateriaal behoort vermy te word," „onwelvoeglike taal behoort vermy te word," „sonder kwaadwilligheid" ensovoorts, kom hierin voor. Selfs die positiewe formulering van die kode ontkom nie aan die negatiewe strekking nie.

Samevattend kan uit hierdie kort historiese oorsig die duidelike tendens i.v.m. perskodes aangewys word, nl. dat perskodes, veral in Suid-Afrika, nie ontstaan het ten gevolge van die inisiatief van die pers self nie, maar vanweë die druk wat daar van die kant van die owerheid plaasgevind het. 'n Verdere kenmerk is dat die gedragskodes hoofsaaklik negatief van aard is. In die lig hiervan kan daar nou bepaal word of die perskodes werklik aan hulle doel beantwoord en 'n bydrae tot die aktualisering van persvryheid lewer.

3. Kritiese opmerkinge i.v.m. die gebreke van die perskode. In die kritiese opmerkinge moet daar veral bepaal word of die perskode daartoe bydra dat die persinstituut sy taak na behore verrig en so bydra tot aktualisering van persvryheid. In die verband bestaan daar wel ernstige bedenkinge.

(a) Die perskode is nie afdwingbaar nie. Die perskode van die Nasionale Pers-Unie kan nie op die lede van die Unie afgedwing word nie. Die Unie het geen dwingende gesag soos bv. die owerheid nie, maar slegs 'n dringende gesag[19] waardeur lede van die Pers-Unie gevra kan word om die perskode vrywillig te onderskryf. In die praktyk het dit beteken dat sommige joernaliste die perskode wel onderskryf, terwyl ander eenvoudig weier om dit te doen.[20] Indien die joernaliste nie daartoe beweeg kan word om die perskode vrywillig te onderskryf nie, het dit geen regulatiewe betekenis vir die taakvervulling van die persman

---

19) Vgl. aanhalings 9 en 10. p. 385.
20) Vgl. Pienaar, Perssensuur en Staatsveiligheid, p.116.

nie. Dit was tewens ook die gevolgtrekking waartoe die Perskommissie geraak het: „It is also pointed out that the Society of journalists had, as long age as 1937, drawn up a Code of Conduct for its members, but that the Code had remained a dead letter due, as the Society claimed, to the fact that the Code could not be enforced without the co-operation of the newspaper owners and that the Society had not succeeded in obtaining the necessary co-operation from newspaper owners."[21] Die feit dat die huidige perskode nie afdwingbaar is nie, beteken egter nie dat dit in die toekoms altyd so moet bly nie. Die Pers-Unie kan bv. die staat vra om die bepalinge van die perskode op die wetboek te plaas en dit af te dwing op die pers. Die staat kan onder besondere omstandighede self die inisiatief neem en die perskode vir die joernalis deur wetgewing afdwingbaar maak. Volgens sy uitgangspunt van individuele gesag, sal die liberalisme hom hierteen verset, terwyl die diktatoriale afdwingbare gesag vir die kommissie weer vanselfsprekend is. Met in ag neming van die soewereiniteit in eie kring van die pers, sou die staat egter uit Calvinistiese oogpunt beskou, ten volle geregverdig wees om die perskode afdwingbaar te maak. Waar die vrywillige onderskrywing van die perskode egter ontbreek, word aan die willekeur van elke individuele joernalis toegegee en kan moontlike perseuwels nie doeltreffend bestry word nie.

(b) <u>Perskode gegrond op praktiese gebruike en voorskrifte van die outonome mens</u>. Sommige perskodes het uit prinsipieel verkeerde gronde ontstaan en veral die liberalisties-georiënteerde perskodes is niks anders as 'n samestelling van praktiese gebruike en etiket-reëls wat as perskode moet dien nie. DeVolder verwys hierna wanneer hy na sodanige perskodes verwys: „Deze codices

---

21) Second Portion of the Report of The Commission of Inquiery Into the Press. Hoofstuk 12. p. 2196.

zijn evenals hun Amerikaanse lotgenoten, een mengsel van beroepsmoraal, syndicale voorschriften en practische aanbevelingen."[22)]

Hierdie tipe perskode moet veral gesien word as 'n uitvloeisel van die liberalistiese beginsels van die redaksie van die persinstituut en van die feit dat gebruike en gewoontes van die leser, d.w.s. van die outonome mens, tot kode verhef word. DeVolder het hierdie tipe kode-vorming soos volg afgewys: „Bovendien schijnt het publiek hier als hoogste norm te fungeren, wat ons in de nabijheid brengt van het sociaal utilitarisme en dus van een naturalistische levensvisie."[23)] Hierdie tipe perskode is niks anders nie as die voorskrifte wat die leser en sogenaamde publiek aan die pers gee en moet dus verwerp word omdat die voorskrifte van die outonome mens uit Calvinistiese oogpunt nie as norm vir die pers kan dien nie en omdat die mens steeds as gevalle sondige wese gesien moet word. Die liberalistiese pers verval egter weer in antinomië omdat dit nie voorskrifte aanvaar wat die liberalisme verwerp nie, maar aanvaar tog 'n kode waardeur die liberalisme bevorder moet word. Aan die ander kant word die kommunistiese beskouinge omtrent die pers weer so afdwingbaar beskou. Met hierdie besondere tipe perskode verval die pers beslis in 'n relativisme deur hom by die smaak van die lesers aan te pas. Dan het die pers hom losgemaak van die ontiese norm en is empiries aangewys op die gepositiveerde norme. Die willekeur m.b.t. die gepositiveerde norme moet bestry word in die mate wat dit in stryd is met die ontiese norme. Uit die standpunt van die Calvinisme moet die perskode dus voortdurend daaraan getoets word of dit nie in stryd met die ontiese norme is nie.

(c) <u>Die negatiewe aard van die perskode</u>. In 'n sekere sin kan dit begryp word dat die perskode veral negatief is. Waar 'n land hoofsaaklik Roomskatoliek is,

---

22) DeVolder, De Ethiek Van De Pers. p. 145.
23) Loc.cit.

sou dit maklik wees om 'n positiewe perskode op te stel. Tewens dit sou ook van 'n oorwegend Calvinistiese gemeenskap gesê kon word. Waar daar egter Rooms Katolieke, Calviniste, Kommuniste en liberaliste in dieselfde land woon, kan die perskode moeilik anders as negatief wees. Die rede hiervoor moet veral teruggelei word na die verskille in lewens- en wêreldbeskouing. Weens hierdie verskille is die gemeenskaplike positiewe basis te eng en moet die perskode oorwegend negatief geformuleer word. Die aard van so 'n negatiewe kode word deur DeVolder soos volg beskryf: „Men moet alles vermijden wat het publiek kan schaden of het publiek welzijn benadelen....."[24] Die nadeel is egter dat so 'n negatiewe perskode eintlik niksseggend is en vanweë sy doelstellinge om almal te bevredig, eintlik sy werklike doel mis. DeVolder verwys hierna as „ een compromis, dat iedereen bevredigt omdat het in zijn vaagheid niemand tot iets ernstigs verplicht."[25] Uit Calvinistiese oogpunt moet die volgende egter duidelik gestel word. Alhoewel die perskode negatief is en in 'n bepaalde sin nie bevredig nie, moet die waarde wat dit wel het, tog ingesien word. Ook wat die negatiewe bepalinge daarvan betref, is daar tog 'n groot mate van ooreenstemming met die liberalisme en selfs met die kommunisme te bereik, bv. verbod op laster, staatsondermyning, plaas van onsedelike foto's, pornografie, ens. Die Calvinisme moet dus bereid wees om die oorwegend negatiewe aard van die perskode te aanvaar en daarmee saam te werk, maar stel hom ten doel, om sy eie oorwegend positiewe perskode op te stel en hom daaraan te hou.
Dit sou van veel groter nut en betekenis wees indien daar 'n perskode uit Calvinistiese oogpunt opgestel sal word, gegrond op die ontiese norme, waarin die pers die nodige leiding en rigsnoer kan ontvang van hoe sy taak volbring moet word. Deur slegs oordrewe klem op die negatiewe te lê en alle lewens- en wêreldbeskouinge te probeer be-

---

24) Loc.cit.
25) Ibid. p. 310.

vredig, word daar nog nie genoegsaam bygedra tot die roepingsvervulling van die pers en dus tot die aktualisering van persvryheid nie.

(d) Die perskode weerspieël nie 'n Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing nie. 'n Noukeurige ondersoek toon dat die bestaande perskodes eintlik op die sogenaamde neutrale standpunt in die wetenskap probeer staan.[26] DeVolder bevestig hierdie stelling in die volgende aanhaling: „Deze regels, los van elke religieuze of wijsgerige levensbeschouwing zijn even onduidelijk als de gewone, ‚creeds' of ‚codes' van de beroepsverenigingen voor journalisten."[27] DeVolder bedoel hiermee eintlik die poging tot neutraliteit m.b.t. norme en die kodes, want niemand kan in werklikheid los van 'n lewens- en wêreldbeskouing wees nie. Nog die liberalistiese of kommunistiese persbeskouing is werklik neutraal. Waar die liberalisme in sy persbeskouing die outonomiteit van die individuele mens en die menslike rede voorstaan, propageer die kommunisme weer die outonomiteit van die mens as arbeider. Volgens hierdie beskouinge word die persopvatting van sowel die liberalisme as die kommunisme gevorm. Volgens die Calvinisme moet sy Christelik-totalitêre lewens- en wêreldbeskouing ten grondslag lê van die perskode. Selfs in 'n land waar daar perse is met verskillende lewens- en wêreldbeskoulike agtergronde, moet 'n gemeenskaplike perskode wel aanvaar word omdat dit tog ten doel het om perseuwels te beperk en die kwaad te stuit, maar dan moet dit voortdurend met die voortgang van die geskiedenis ook weer getoets word aan die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing en dienooreenkomstig gewysig word. Wat soms uit die negatiewe perskodes blyk, is dat dit vanweë die negatiewe strekking daarvan eerder neig tot die liberalistiese beskouing. DeVolder het bv. m.b.t. die pers en staatverhouding hierdie negatiewe strekking afgewys in die volgende woorde: „De liberale perstheorie

---

26) Vgl. die verwerping van die neutrale wetenskapsbeskouing. p. 17-18.
27) DeVolder, De Ethiek Van De Pers. p. 145.

heeft ongelijk waar zij de taak van het dagblad louter negatief schijnt te bepalen."[28] Daar moet dus 'n perskode uit Calvinistiese standpunt opgestel word omdat juis daarin 'n beklemtoning moet wees van die positiewe taak en roeping van die pers. So 'n perskode sal baie meer bydra tot die aktualisering van persvryheid as 'n kode wat oorwegend negatiewe bepalinge bevat. Die noodsaaklikheid van so 'n Calvinistiese perskode is veral noodsaaklik omdat persvryheid gehoorsaamheid eis aan 'n kode wat ten volle aan die Ontiese norme beantwoord. Maar die mens is sondaar en het dus slegs aan gebroke vryheid deel. 'n Gemeenskaplike kode kan, juis omdat dit 'n kompromis tussen botsende lewens- en wêreldbeskouings is, nie ten volle aan die Ontiese normatiewe orde beantwoord nie. Daar sal altyd een of ander stryd en spanning heers tussen pers en pers en tussen pers en verskillende samelewingskringe. Wat dus gedoen kan en moet word, is dat die Calvinistiese pers (wat ook uit sondaars bestaan) na ware persvryheid, volgens sy beginsels moet streve, ander perse moet ondersteun vir sover dit goed is, maar ander perse ook weer bestry vir sover hulle teen die Calvinistiese beginsels ingaan. M.a.w. alle moontlike middele moet aangewend word om ware persvryheid te aktualiseer. Persvryheid word dus 'n ideaal waarna daar gestreef word en waarvoor daar telkens en opnuut weer gestry moet word.

Samevatting. Die bestaande perskodes kan ongelukkig nie ten volle beskou word as die goed-bedoelde pogings van die pers om die joernaliste-standaard te verhoog, die taakvervulling van die pers duideliker te omskryf en so by te dra tot die aktualisering van persvryheid nie. Perskodes het in werklikheid ontstaan vanweë owerheidsdruk en vandaar ook die weiering van 'n groot deel van die pers om dit anders as onder protes te aanvaar. Vanweë die vrywilligheid om die perskode te onderskryf of nie, verloor dit sy werklike betekenis, en tereg het Pienaar gesê: „indien 'n eie gedragskode vir 'n beroep moet slaag,

---

28) Ibid. p. 249.

elke lid van daardie beroep tot gehoorsaamheid aan daardie kode verplig moet wees."[29] Om alle lewensbeskouinge in die perskode te probeer saamvat het alleen tot groter vaagheid en niksseggendheid bygedra. DeVolder sien hierdie waarheid goed in: „Om zoveel verschillende mentaliteiten samen te voegen, bestond er maar één oplossing, nl. de vaagheid."[30] Om die perskodes werklik te laat slaag is dit nodig dat daar 'n baie duidelike begripspresisering van alle terme in die perskode moet wees en dat die perskode as gepositiveerde norm, op die ontiese norm gegrond moet wees. Dit kan alleen slaag wanneer die wenk van DeVolder in die verband gevolg word: „Om de gedragscodices een practische waarde te schenken moet men ze onvermijdelijk in verband brengen met een wijsgerig systeem dat een concrete inhoud geeft aan de begrippen van waarheid, moraliteit, broederlijkheid enz..... Beginselen, die niet rust op een algemeen geldende, metaphysische basis, zijn niets anders dan gevoelsuitingen, waaraan passie en eigenbelang zich altijd weten te onttrekken."[31]

Die bestaande perskodes dien tog 'n bepaalde doel in sover dit reëls en voorskrifte vir die pers is, maar dit slaag nie daarin om die persinstituut tot ware taakvervulling en roepingsvervulling te lei, dus persvryheid, in Calvinistiese sin bedoel, te aktualiseer nie. Ook met betrekking tot die perskode het die Calvinisme 'n positiewe en kragtige bydrae te lewer wat die pers tot 'n helder visie kan lei m.b.t. sy taak en roeping en die aktualisering van persvryheid.

---

29) Pienaar, Perssensuur en Staatsveiligheid. p. 116.
30) DeVolder, De Ethiek Van De Pers. p. 145.
31) Ibid. p. 146.

HOOFSTUK 10.

SLOT EN PERSPEKTIEF.

In hierdie hoofstuk word die kerngedagtes van dié wysgerige ondersoek na die probleem van persvryheid in enkele afsonderlike paragrawe saamgevat. Dit moet egter nie net as 'n slothoofstuk beskou word nie maar ook as 'n poging om bepaalde perspektiewe te open met die oog op die probleem i.v.m. die taak en roeping van die pers en in besonder van persvryheid. Sodanige perspektiewe kan dan tot verdere studie prikkel en sodoende positief bydra tot die bestudering van een van die mees aktuele aangeleenthede waarmee die moderne mens gekonfronteer word, nl. die van massakommunikasiemiddele, waarvan die pers maar 'n onderafdeling, hoewel 'n baie belangrike onderafdeling, uitmaak.

Tydens die ondersoek na die probleem van persvryheid het dit duidelik geblyk dat daar hier te lande uiters min literatuur omtrent hierdie aangeleentheid bestaan. Daar is geen enkele standaardwerk in die Republiek uitgegee wat hierdie probleem behandel nie en die literatuur wat die probleem van persvryheid wel aansny, bestaan uit enkele artikels, terloopse verwysings na die pers, ongepubliseerde lesings en dan die artikels en hoofberigte van die koerante self.

Dit het dringend noodsaaklik geword dat daar uit Calvinistiese oogpunt deeglike aandag hieraan gewy sal word en dat meer publikasies omtrent hierdie aktuele saak die lig sal sien.

A.

Die Pers- Meer As Koerant. Die algemeen gangbare opvatting is dat die pers die koerant is waarin die leser bepaalde nuusberigte, hoofartikels, sportrubrieke, verslae oor die aandelebeurs,advertensies ens., kan lees. Die leser kan vandag in die moderne dagblad kies en keur tussen die besondere leesstof waarby hy belang het. Die koerant is vir die leser een van die nuusmedia van die moderne wêreld waaronder ook die radio, beeldradio, film, ens., tel.

Die pers is egter meer as net die koerant. Selfs wanneer die pers beskou word as die koerante wat daagliks en weekliks verskyn, is dit nog nie die werklike pers waarmee die leser te doen het nie. 'n Deeglike ontleding van die kenmerke van die pers het daartoe gelei dat die begrip pers soos volg omskrywe kan word: Die pers is 'n instituut wat tot kerntaak het die periodieke aanbieding van aktuele nuus van universele aard, op eie karakteristieke wyse en onderworpe aan die betrokke behorenseise, aan die grootste moontlike leserskring.[1)] Hierdie omskrywing van die pers open dadelik die visie dat die persinstituut 'n heel besondere samelewingskring met sy eie identiteit is.

Die ware identiteit van 'n samelewingskring word volledig bepaal deur sy struktuur, sy taak en bestemming. Volgens hierdie beginsels word daarop gewys dat die struktuur van die persinstituut uit verskeie onderafdelings, soos o.a. die direksie, die redaksie, advertensiewese, tegniese afdeling en administrasie, waarvan elk sy eie besondere funksie het, bestaan. Die betrokke onderafdelings van die pers staan egter nie in 'n losse verband tot mekaar nie, maar vorm 'n innerlike integrasie. Die persinstituut met sy onderskeie onderafdelings is verantwoordelik vir die druk en uitgee van die koerant.

---

1) Vgl. p. 191.

Die koerant vorm op sy beurt weer 'n besondere skakel tussen die persinstituut en die ander instansies binne die perskring. In die perskring kan o.a. die volgende onderskei word: die leserskring (individue en sosiale groepe),buitenuusbronne, adverteerders, belangegroepe ensovoorts. Dit is dus duidelik dat die persinstituut nie alleen struktureel vervleg is met die verskillende instansies binne die perskring nie, maar ook met 'n verskeidenheid van samelewingskringe oor wie nuus aangebied word en tot wie die persinstituut hom deur middel van die koerant rig, bv. huisgesinne, kerke, skole, universiteite, plaaslike en nasionale owerheid, sportklubs, politieke partye, finansiële instellings, ensovoorts.

Die gestruktureerdheid van die persinstituut en sy vervlegting met die perskring en verskillende samelewingskringe, het geweldige implikasies vir die pers m.b.t. sy taak en roeping en veral sy vryheid. Vanweë die vervlegting met die verskillende samelewingskringe binne die perskring en daarbuite durf die pers nie net sy eie taak en roeping en sy eie vryheid in ag neem nie, maar ook die taak en roeping en die vryheid van elke ander samelewingskring waarmee dit vervleg is. Hiermee word 'n heel besondere perspektief geopen m.b.t. die beskouing omtrent die pers en persvryheid.

B.

<u>Die Pers-persoonlikheid</u>. Dit is opvallend dat daar 'n geweldige groot verskil tussen die verskillende koerante bestaan. Die Engelse en Afrikaanse koerante in die Republiek van Suid-Afrika verskil geweldig baie van mekaar o.a. wat nuusaanbieding, hoofartikels en aksente betref. Maar selfs die Afrikaanse koerante, wat hoofsaaklik dieselfde politieke standpunt huldig, verskil onderling geweldig baie van mekaar. Die verskil tussen twee koerante soos Die Burger en Die Transvaler, of die Volksblad en Hoofstad, is dadelik opvallend. Hierdie

verskil kan ook duidelik opgemerk word tussen die twee Afrikaanse Sondagblaaie, Die Beeld en Dagbreek en Landstem.[2)]

Enersyds moet hierdie verskil daarin gevind word dat elkeen van hierdie betrokke koerante nuus aanbied, hoofartikels skrywe en rubrieke behartig, wat vir sy eie leserskring met hulle eie agtergrond en belange van betekenis is. Andersyds moet ook daarop gelet word dat die besondere eienskappe van elke koerant die gevolg van tradisie kan wees, m.a.w. vanweë sy ontstaan, die tydsgewrig waarin dit gebeur het, en die besondere omstandighede van die bepaalde land en volk, kan daartoe meewerk dat 'n koerant mettertyd 'n eie karakter ontwikkel wat dit deur die jare heen behou het. Daar kan dus gepraat word van 'n bepaalde perspersoonlikheid wat eie aan die betrokke koerant is.

Dit is ook opvallend dat die lesers van die koerant hulle voorkeur gee aan 'n koerant met 'n bepaalde persoonlikheid. Die lesers raak gewoond aan die indeling van die verskillende afdelings, die wyse van beriggewing, bepaalde rubrieke, woordgebruik en selfs aan 'n bepaalde lettertipe en vind dit moeilik om hulle aan te pas by 'n ander koerant, of selfs wat hulle eie koerant betref indien daar groot veranderinge in die samestelling van die blad aangebring word.

Die perspersoonlikheid van die koerant vind dikwels uitdrukking in die bepaalde standpunt van die persinstituut met betrekking tot landsake, politieke beleid, oorloë, ideologië, nasionale en internasionale verhoudinge, ensovoorts. Dovifat sien juis in die perspersoonlikheid

---

2) Dawie van Die Burger, praat van die twee blaaie as koerante met „wyd verskillende persoonlikhede". Vgl. Die Burger, 15 Maart 1969. p. 10.

die moontlikheid vir die pers om sy taak op internasionale vlak met groter verantwoordelikheid te volbring: „Der publizistischen Persönlichkeit muss es heute gelingen, auch in der Massendemokratie die immer neuen Aufgaben, die das öffentliche Leben stellt, von der Gemeinde bis zur Staatsführung und sogar bis in die internationalen Bindungen hinein dem Volksganzen in Freiheit und Verantwortung nahe zu bringen."[3)]

Die perspersoonlikheid van die koerant wys egter onteenseglik heen na 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing wat deur die lede van die betrokke persinstituut gehuldig word. In die nuusaanbieding en in die hoofartikel van die koerant word daar beslis uitdrukking gegee met betrekking tot die mees fundamentele lewensvrae waarmee die lede van die persinstituut gemoeid is en juis daardeur kry die koerant 'n bepaalde karakter en so word die perspersoonlikheid gevorm. Die perspersoonlikheid wat medebepaal word deur die lewens- en wêreldbeskouing van die redaksie van die koerant het tot gevolg dat die leser voorkeur verleen aan 'n betrokke koerant vanweë 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskoulike agtergrond. Die koerant is dus nie slegs 'n stuk gedrukte papier nie, maar kragtens die bepaalde perspersoonlikheid kom dit met 'n persoonlike appel tot die leser. Agter elke koerant wat gekoop en gelees word is daar dus mense met 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing wat aan die betrokke koerant sy eie unieke karakter of persoonlikheid verleen.

C.

<u>Die Taak van die Pers</u>. Die persinstituut, soos elke samelewingskring, het 'n besondere taak om te verrig. Kragtens sy eie aard en struktuur het die persinstituut ook sy eie taak om te vervul. Die taak van die persinstituut as samelewingskring en die take van ander same-

---

3) Dovifat, op.cit. p. 54.

lewingskringe waarmee die persinstituut vervleg is, is nie van mekaar isoleerbaar nie, maar komplementeer mekaar onderling. Die persinstituut en elke samelewingskring behoort met die verrigting van sy eie besondere taak besig te wees om sy roeping te vervul en in diens van God, die groot Taaksteller te staan.

Uit wat reeds van die persinstituut gesê is,[4] het dit duidelik geblyk dat die taak van die pers nou saamhang met die periodieke aanbieding van aktuele nuus. Dit is egter nie net die redaksie van die koerant wat gemoeid is met die nuustake van die persinstituut nie, maar wel in mindere of meerdere mate ook die ander afdelings van die persinstituut en selfs van die perskring. Gewoonlik is die direksie van die koerant verantwoordelik vir die algemene beleidsbepaling terwyl die daaglikse beleidstoepassing van die koerant by die hoofredakteur berus. Die hoofredakteur staan aan die hoof van die redaksie met sy verskeidenheid van assistent- en nuusredakteurs en verslaggewers. Nuusaanbieding wat o.a. bestaan uit nuusversameling, nuusseleksie, beriggewing, nuustoeligting en nuus-voorligting, behoort tot die kerntaak van die persinstituut. Die besondere funksie van die koerant is om kennis mee te deel, inligting te verstrek en meningsvormend op te tree. Selfs die leser het 'n taak om te verrig, deur bv. toe te sien dat die nuusaanbieding van die persinstituut na behore geskied. In sy nuusaanbieding rig die persinstituut hom tot 'n verskeidenheid van samelewingskringe en dit is sy besondere taak om die belange van elke samelewingskring afsonderlik en gesamentlik te behartig.

Afgesien van die kerntaak van die persinstituut onderneem die pers ook bykomende take wat nie altyd regstreekse verband met die kerntaak van nuusaanbieding het nie. Deur verskillende rubrieke te behartig, lewer die

---

4) Vgl. p. 395.

pers 'n byna onmisbare diens aan die lesers en aan verskillende samelewingskringe. 'n Kostelike voorbeeld is die besondere diens wat haas elke koerant gedurende 1969 aan lesers en aandeelhouers in die verskillende finansiële rubrieke gelewer het. Vanweë die oplewing en belangstelling van die publiek in aandele was die pers die aangewese instelling om hierdie diens te onderneem. Die persinstituut het dus 'n besondere geleentheid om naas sy kerntaak ook die bykomende take te onderneem en moet steeds bepaal of daar nie bepaalde bykomende take is waarby die lesers en samelewingskringe belang het, wat nog onderneem kan word nie. Die kerntaak van nuusaanbieding mag egter nooit deur die bykomende take van die pers verdring word nie, maar moet steeds die belangrikste taak van die pers bly. Waar bykomende take van oorheersende belang word, is die pers nie daartoe in staat om sy ware funksie na behore te verrig nie.

Vanweë sy aard en struktuur onderneem die persinstituut bepaalde take m.b.t. nuusaanbieding waardeur 'n onmisbare diens aan die menslike samelewing gelewer word. Die persinstituut moet dus 'n diensorganisasie bly en nie deur ondergeskikte belange, bv. die winsmotief, van sy kerntaak bereof word nie. Deur sy taak so te sien en so te verrig lewer die pers 'n besondere diens aan die menslike samelewing en staan dit in laaste instansie in diens van God.

Hierdie visie i.v.m. die taak van die pers behoort te lei tot groter begrip en waardering vir die besondere taak wat die pers verrig en die diens wat daardeur aan die menslike samelewing gelewer word.

D.

<u>Perstake word lewens- en wêreldbeskoulik bepaal</u>. Volgens die liberalistiese lewens- en wêreldbeskouing moet die mens en dus ook die pers sy taak neutraal verrig. Om

neutraal te wees beteken dat die mens nie kant kies nie, nie standpunt inneem nie, nóg die een nóg die ander beskouing huldig. Só moet die joernalis dan sy nuus versamel en die pers sy nuus aanbied. Dit is vir die mens egter onmoontlik om werklik neutraal in sy handelinge te wees en daarom kan die perstake wat ook menslike handelinge is, nooit neutraal verrig word nie. Selfs die genoemde liberalistiese eis volg uit 'n liberalistiese lewens- en wêreldbeskouing en is nie neutraal nie. Tewens, nuusaanbieding is in 'n bepaalde sin ook die mededeling van ontwaarde kennis, en kennis gaan altyd van onderstellings uit waarvan die mees fundamentele religieus van aard is. Neutraliteit is dus hier uitgesluit omdat die persman in sy nuusversameling (of kennisvorming) moet kies tussen onderstellinge, standpunte en uitgangspunte. Die perstake word dus ook verrig volgens die lewens- en wêreldbeskouing van die persman.

Elke lid van die persinstituut het 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing en in die lig hiervan word sy taak van nuusaanbieding verrig. Die versamel en selekteer van nuus, die opstel van berigte, die nuustoeligting en nuusvoorligting, word alles beïnvloed deur die lewens- en wêreldbeskouing van die joernalis. Treffend het Diemer dit uitgedruk: „Elk nieuws heeft zijn achtergronden, bij de benadering waarvan de levens- en wereldbeschouwing van beslissende waarde is."[5] Wanneer die lewens- en wêreldbeskouing gesien word as die antwoord van die mens op die mees fundamentele vrae aangaande God, die mens en die wêreld, die oorsprong en doel van die mens in die wêreld, kan goed begryp word dat so 'n lewens- en wêreldbeskouing die persman in sy benadering en aanbieding van nuus moet beïnvloed.

In die lewens- en wêreldbeskouing van elke mens is daar een of meer waarhede wat 'n sentrale plek beklee en hieruit kry die handelinge van die mens besondere be-

---

5) Vgl. Diemer, op.cit. p. 428.

tekenis. So kan die persman volgens sy lewens- en wêreld-beskouing die sentrale plek van sy lewe aan God toeken, of aan die staat, of aan die werkersklas, of aan die outonome menslike rede of aan die mens as individu of sosiale wese of aan 'n politieke party, ens. Die lewe van die persman en die taak wat hy verrig, word in fundamentele sin medebepaal deur die lewens- en wêreldbeskouing van die mens. Die liberalistiese tendense van die pers in 'n groot deel van die Westerse wêreld en die kommunistiese tendense in die kommunistiese lande, wortel ten diepste in die lewens- en wêreldbeskouing wat ten grondslag van die betrokke persbeskouing lê. Die persman kan hom dus ook nie losmaak van dit wat hy in sy diepste wese is nie.

Daarom is dit van die uiterste belang dat die pers nie alleen sal kennis dra van die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing nie, maar sy taak ook daarvolgens sal verrig. Volgens die Calvinistiese lewens- en wêreld-beskouing kan die persman nie sy taak religieus-neutraal verrig nie, maar sien hy die ganse kosmos as deur God geskape en deur God in stand gehou. Derhalwe is die mens oor wie en deur wie nuus aangebied word, nie vir hom die outonome redelike en sedelike wese soos die liberalisme leer, of slegs arbeider soos die kommunisme leer nie, maar skepsel van God aan wie die regte plek in verhouding tot God, die wêreld en die medemens toegeken moet word. Die persman het volgens die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing 'n opdrag van God ontvang om as kultuur-vormer op te tree en God te dien. In hierdie lig beskou, is die taak van die pers nie iets waarop met veragting neergesien, of bevraagteken moet word nie, maar is die perstaak 'n roeping wat van God ontvang word om die mens tot ware roepingsvervulling en bestemmingsverwesenliking in die skepping van God te lei.

Die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing open vir die taakvervulling van die pers, perspektiewe wat feitlik nog geen aandag in die perswêreld geniet nie en

wat nog in hulle breedte en diepte nagevors moet word.

E.

Perstake aan norme onderworpe. Perstake is menslike handelinge en soos alle menslike handelinge is dit ook aan norme onderworpe. Norme is altyd rigtinggewend en toon aan hoe die mens behoort te handel. Hierop is die nuustake van die pers en in besonder die geskrewe woord, geen uitsondering nie. Die onderworpenheid van die pers aan norme is van besondere betekenis vir die taakvervulling en vir die vryheid van die pers. Norme het altyd as voorwaarde dat die mens kan kies of hy 'n bepaalde ding wil doen of nie. Die joernalis staan telkens i.v.m. sy nuusaanbieding voor 'n keuse, of hy 'n bepaalde ding moet publiseer of nie, of hy as redakteur 'n bepaalde saak in sy hoofartikel moet opper of nie, hoe hy sy beriggewing gaan inklee, moet dit op sensasionele wyse, objektief of bevooroordeeld geskied. In die moontlikheid van keuse wat die joernalis het, is sy toerekenbaarheid gegrond. Die persman is altyd toerekenbaar m.b.t. sy nuusaanbieding en daar kan dus rekenskap van hom geëis word.

Die norme wat vir die menslike handelinge en dus ook vir die perstake geld,verdien besondere beklemtoning. Norme wat in Gods wil gegrond is vir die doen en late van die mens, word ontiese norme genoem. Waar die ontiese norme ten alle tye en omstandighede geld, is daar ook menslike of gepositiveerde norme, wat deur die mens vir 'n bepaalde terrein geformuleer word. So word daar bv. persnorme en gedragskodes vir die pers geformuleer, wat as voorskrifte vir die perstake dien. Gepositiveerde norme mag egter nooit in stryd met die ontiese norme wees nie. Die perstake in besonder, is ook onderworpe aan die universele norme vir die kontingente behore, d.w.s. norme wat vir elke nuwe, unieke en onherhaalbare situasie geld. Hierdie insig i.v.m. hierdie betrokke norme is 'n vrug van die Wysbegeerte van die Skeppingsidee waarvan Stoker die grondslag gelê het en wat die ernstige oorweginge

van die pers verdien. Dikwels staan die persman voor die uiters moeilike beslissing of 'n bepaalde berig of hoofartikel gepubliseer behoort te word, en dit is juis hierdie situasie wat in sy uniekheid aan die persman sy kontingente behore stel. Die onderworpenheid van die pers aan algemene norme en universele norme vir die kontingente behore, is die voorwaarde vir die verantwoordelikheid van die pers. M.a.w. die taakvervulling van die persinstituut is 'n verantwoordelike daad. Treurnicht het hierdie standpunt besonder helder gestel: „As ons dus van 'n verantwoordelike pers praat, beteken dit dat ons dit onderworpe ag aan die hoogste gesag oor alle lewe en handeling, en dit is God as absolute wetsteller van ons lewe."[6] Die persman is in sy nuusaanbieding besig met 'n toerekenbare en verantwoordelike taak en in laaste instansie is hy vir sy taakvervulling verantwoordelikheid aan God verskuldig. Die toerekenbaarheid en verantwoordelikheid waarmee die perstake verrig word, moet as voorwaarde vir persvryheid gestel word.

In die lig van bogenoemde stellinge moet elke standpunt wat te kenne gee dat die pers sy taak normloos of bv. a-moreel kan verrig, verwerp word. Die liberalisme, wat veral hierdie standpunt huldig, probeer in die verband om die sogenaamde neutraliteitshouding met betrekking tot persnorme te handhaaf, maar aan die een kant word die redelik-sedelike individu die hoogste gesagsinstansie en verval die liberalisme in 'n absolutisme. Aan die ander kant verval dit in 'n relativisme omdat die openbare mening, gebruike en uitsprake van die outonome mens tog tot norm vir die pers verhef word. Net so min as wat die mens sy take met 'n neutrale lewenshouding kan verrig, ewe min kan die pers sy taak normloos verrig. Alle perstake is menslike handelinge en aan norme onderworpe. Dit kom eintlik daarop neer dat die pers hom of aan norme onderwerp, willekeurig sy eie norme stel, of dit summier

---

6) Treurnicht, 'n Verantwoordelike Pers, p. 16.

verwerp, maar selfs die verwerping van norme hef nog nie die geldende krag van die norme op nie. Waar die pers dus norme verwerp, staan die pers veroordeel en handel dit onvry.

Die beklemtoning van die onderworpenheid van die persinstituut aan norme open besondere gesigspunte vir die Calvinistiese persbeskouing. Daar is nog so uiters min gedoen om volgens die Calvinistiese standpunt 'n persetiek, 'n normeleer en gedragskode op te stel, wat aan die pers positiewe en kragtige leiding kan gee om persvryheid, Calvinisties gesien, te aktualiseer. In dié verband lê die veld oop vir deeglike en indringende studie.

F.

Die Pers en sy gerigtheid tot verskillende Samelewingskringe. Die persinstituut as samelewingskring is nie van ander samelewingskringe isoleerbaar nie en die taakvervulling en vryheid van die persinstituut word medebepaal deur sy vervlegting met ander samelewingskringe juis omdat die een van die ander onderskeie is maar ook van die ander afhanklik is, en die onderskeie vryhede van die onderskeie samelewingskringe mekaar komplementeer. Die nuusaanbieding van die pers, wat gerig is tot verskillende samelewingskringe, bv. huisgesin, kerk, owerheid, sportliefhebbers, ens., moet sodanig geskied dat die betrokke samelewingskring homself getrou sal bly, d.w.s. sy eie sake selfstandig en verantwoordelik kan behartig en dat die kringsoewereiniteit van elke samelewingskring eerbiedig sal word. Die nuusaanbieding van die pers moet dus daartoe bydra dat die betrokke samelewingskring sy taak na behore kan verrig en sy eie vryheid kan aktualiseer. Tree die persman in sy nuusaanbieding sonder eerbied vir die betrokke kringsoewereiniteit op, belemmer dit nie alleen die taak en vryheid van die betrokke same-

lewingskringe nie, maar verrig die pers sy eie nuustake nie na behore nie en handel dit self onvry. Nuustoeligting en nuusvoorligting moet bv. nie so geskied dat die pers dit vir die kerk, of die owerheid, of die politieke party, of watter samelewingskring ookal, onmoontlik maak om sy eie besondere taak te vervul en vry te handel nie. Die pers moet homself nie as die waghond van die menslike samelewing beskou nie,[7] maar moet sy eie besondere taak en roeping vervul met die nodige eerbied vir die taak en roeping van elke betrokke samelewingskring.

Die liberalistiese pers neem hierdie beginsel nie in ag nie en veroorsaak dat daar in mindere of meerdere mate 'n spanningstoestand tussen die pers en die owerheid ontwikkel. Die liberalistiese pers beskou homself as die beskermheer van die regte en vryhede van die individuele mens en moet voortdurend waak dat die owerheid nie die regte en vryhede van die mens onnodig beperk nie. Aan die een kant eis die liberalistiese pers dus dat die owerheid aan hom die nodige vryheid moet verleen om die belange van die individu te beskerm en aan die ander kant veroorloof die liberalistiese pers homself die vryheid om die optrede van die owerheid te „kontroleer" en selfs te ondermyn. Dit skep onteenseglik in elke land waar daar 'n liberalistiese pers is, 'n spanningstoestand tussen pers en owerheid. Die pers binne die grense van elke land behoort die nodige eerbied vir die owerheid te hê. Die owerheid mag nie soos in die geval van die liberalisme, as noodsaaklike euwel beskou word en voortdurend met agterdog bejeën word nie, maar moet gesien word as 'n instelling van God om die juridiese interorde in die menslike samelewing te handhaaf. Dresen het hierdie waarheid soos volg saamgevat en op die pers toegepas: „Daar het de taak van de staat is het welzijn van de gehele mens te bevorderen en wel vooral door het vaststellen en het handhaven van een goede rechtsorde, moet dus de staat het

---

7) Vgl. Pienaar, Perssensuur en Staatsveiligheid, p. 198-200.

recht der vrije meningsuiting toestaan en bevorderen, waar en in zover dit het welzijn der gemeenschap begunstigt, en is het zijn plicht dat gebruik van het recht tegen te gaan of te beletten, dat in strijd is met het wezen der vrije meningsuiting zelf."[8] Waar Dresen egter in 'n welsynstaat glo, is die Calvinisme voorstanders van 'n regstaat. Ongelukkig is dit so dat daar in die Republiek van Suid-Afrika by 'n groot deel van die pers nie die nodige eerbied vir die gesag van die owerheid bestaan nie. Dié betrokke deel van die pers tree dislojaal op in die land waarin dit gevestig is en skep daarmee 'n verdraaide en verwronge beeld van ons land en volk in die buiteland, terwyl dit terselfdertyd uitdrukking gee aan die liberalistiese lewens- en wêreldbeskouing. Uit Calvinistiese standpunt gesien, mag die pers krities staan m.b.t. die owerheid, maar moet die pers deur sy nuusaanbieding positief bydra tot die behoorlike taakvervulling en die vryheid van die owerheid.

By 'n deel van die pers is daar 'n gebrek aan insig i.v.m. die kringsoewereiniteit van die verskillende samelewingskringe en heel dikwels vergryp die pers hom deur op onbehoorlike wyse in te meng in die privaat aangeleenthede van mense en samelewingskringe. Waar dit gebeur verrig die pers nie sy taak na behore nie en handel dit dus onvry en is die owerheid ten volle geregverdig om selfs deur wetgewing in te gryp en die belange van die betrokke samelewingskringe te beskerm.

Volgens die Calvinisme het die pers 'n positiewe taak om te verrig en kan dit in sy nuusaanbieding wat tot 'n verskeidenheid samelewingskringe gerig word, daartoe bydra dat elke samelewingskring sy eie besondere taak en roeping vervul en sy eie bestemming verwesenlik.

---

8) Dresen, op.cit. p. 305.

G.

Die Gerigtheid van Samelewingskringe tot die Persinstituut.

Soos die vervlegting van die pers met verskillende samelewingskringe implikasies vir die taak en vryheid van die samelewingskring het, net so waar is dit dat die vervlegtheid van die samelewingskringe met die persinstituut ook van besondere betekenis vir die taak en vryheid van die pers is. Te dikwels handel individue en samelewingskringe asof alles wat die pers doen, verkeerd is en dat die skuld van die meeste maatskaplike misstande aan die deur van die pers gelê moet word. Hier kan 'n spanningsbestand ontwikkel en samelewingskringe kan hulle van die pers distansieer.

Die verskillende samelewingskringe kan daartoe bydra dat die pers sy taak in die menslike samelewing doeltreffend en met verantwoordelikheid kan verrig. Samelewingskringe soos bv. die owerheid, kerklike vergaderings, plaaslike bestuure, universiteite, direksies, mediese verenigings, sportunies, ens., kan deur gereelde en noukeurige persverklarings en noue voeling met die pers daartoe bydra om die nuusversameling van die pers te vergemaklik. Foutiewe beriggewing is dikwels die gevolg van 'n houding van verskillende samelewingskringe om „niks met die pers te doen te hê nie." In sulke gevalle is dit dan die moeisame taak van die pers om op eie houtjie en sonder hulp van die betrokke instansie, nuus te versamel en dikwels verkry die pers nie volledige besonderhede omtrent 'n nuuswaardige gebeurtenis nie. Hierdie betrokke „nuustaak" van die samelewingskring kan 'n baie doeltreffender nuusaanbieding aan die leserskring verseker en die pers ook help om sy taak na behore te verrig.

'n Spesifieke samelewingskring wat 'n besondere bydrae tot groter doeltreffendheid van die perstake kan lewer, is universiteite wat die nodige opleiding in die perswetenskappe aanbied. Die pers het te lank gesteun op joernaliste wat slegs die praktiese vaardighede van

die beroep[9] bemeester het. Die geweldige ontwikkeling wat kommunikasiemiddele oor die wêreld heen betref en die aanstaande koms van beeldradio in Suid-Afrika stel dringende eise aan die universiteite om deeglike prinsipiële studierigtings i.v.m. die perswese en ander kommunikasie-media aan te bied. Dit is dringend dat studie-rigtings volgens die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing op hierdie baie belangrike beïnvloedings- en meningsvormende terrein op die voorpunt moet beweeg.

Die owerheid van elke land is 'n samelewingskring op wie daar 'n besondere verantwoordelikheid rus m.b.t. die taakvervulling van die pers. Waar die owerheid enersyds tot sy taak en roeping het om toe te sien dat die kringsoewereiniteit van samelewingskringe deur die pers eerbiedig word, moet die owerheid andersyds toesien dat die pers die volle geleentheid gebied word om sy taak en roeping sonder onnodige beperkinge deur die owerheid te vervul. Waar misbruike aan die kant van die pers voorkom, het die owerheid egter die reg en plig om in te gryp en beperkinge aan die pers op te lê, en die ordelikheid van die menslike samelewing te verseker. Dit het egter te dikwels in die verlede gebeur dat Volksraadslede en lede van die Kabinet wetgewing in die vooruitsig stel om een of ander vorm van persbeheer in te stel, om dan maar by die implementering daarvan te vind dat wetgewing i.v.m. persbeheer seker een van die moeilikste aangeleenthede is waarmee die owerheid gemoeid kan raak.

In die menslike samelewing is daar dikwels belangegroepe agter die persinstituut wat die pers op een of ander wyse probeer beïnvloed. Belangegroepe wat die persinstituut bv. wil help om sy taak en roeping beter te vervul, of om 'n besonder verdienstelike kultuurtaak te onderneem, kan 'n besondere diens aan die pers lewer en mag nie versuim om die pers daartoe te beweeg nie. Wanneer die belangegroepe egter drukgroepe word wat die pers onregmatig wil dwing om 'n

---

9) Vgl. Pienaar, Perssensuur en Staatsveiligheid. p. 114.

bepaalde standpunt in te neem of te laat vaar, hou dit vir die taak en roeping van die pers 'n ernstige bedreiging in.

Dit is egter duidelik dat verskillende samelewingskringe 'n besondere bydrae kan lewer sodat die pers sy taak en roeping toerekenbaar en verantwoordelik kan verrig. Dit sal egter beide van sowel die kant van die pers as van die verskillende samelewingskringe 'n heel nuwe benadering van die taak en roeping van die pers self vereis. Op hierdie besondere terrein kan daar perspektiewe geopen word wat 'n heel nuwe bedeling vir die perswese kan inhou.

H.

Groter Verantwoordelikheid by die Pers. In verskillende samelewingskringe, en selfs by 'n groot deel van die pers word daar ernstige bedenkinge gekoester oor nuusaanbieding wat dikwels van so 'n aard is dat die sensasionele, die vuile, seksoortredings, ernstige verdraaiings en selfs onwaarhede, aan die orde van die dag is. Dr. H.F.Verwoerd het bv. gewaarsku dat 'n groot deel van die pers in die Westerse wêreld 'n bedreiging vir die Westerse beskawing inhou. „Hy het onder andere verklaar dat, indien die Westerse beskawing moet verdwyn, hy weinig twyfel het dat 'n toekomstige historikus met die vinger na die pers en die nuusagentskappe sal wys..... Dr. Verwoerd het nou verklaar dat ook die pers 'n aandeel gehad het in die verspreiding van allerlei denkbeelde wat tot die ondermyning van die Westerse morele beginsels bygedra het."[10] Die pers moet ernstig waak teen verkeerde, verdraaide of leuenagtige beriggewing. 'n Persleuen wat die wêreld ingestuur word, kan nooit weer ongedaan gemaak word nie. Mense wat soms „in die nuus is" en van wie 'n verkeerde beeld deur die pers gegee word, voel hulle soms magteloos uitgelewer aan die koerante, terwyl

---

10) H.F. Verwoerd soos weergegee deur Die Transvaler, 24 Mei 1963. p. 8.

hulle van hulle kant niks kan doen om daardie beeld weer reg te stel nie. 'n Groot deel van die pers het rede om die hand in eie boesem te steek en te besin oor die weg wat gevolg word.

Die lesers vind dit veral vreemd dat die pers so min onderlinge kritiek op misstappe en euwels in die pers lewer dat daar reeds 'n spreuk in die Engelse perswêreld ontstaan het, „the English press, never criticises itself." In alle billikheid moet erken word dat daar tussen die Afrikaanse koerante wel onderlinge kritiek bestaan. Onderlinge kritiek kan 'n heilsame invloed op die pers hê en behoort nie beperk te wees tot kultuurblaaie en die kerklike pers nie. Lesers wat soms eerlike en billike kritiek oor berigte of hoofartikels lewer, stuit dikwels teen die houding van 'n redakteur waardeur hulle standpunt op neerhalende wyse as bespotlik voorgestel word. Wat F.L. Mott van die Amerikaanse pers gesê het, kan ewe goed van die pers in Suid-Afrika geld; „An increasing tendency toward self-criticism and reexamination on the part of some leaders in the communications media was notable in the latter 1950's; nevertheless, hypersensitiveness to all criticism (whether informed or superficial) continued to be all too evident in both the print and electronic media, and this defensive attitude sometimes neutralized the values of criticism."[11]

Die ongelukkige indruk wat hoofartikels en rubrieke soms by die leser wek, is die van 'n geïrriteerdheid by die persman wie se leiding wat hy in die koerant gee, nie gevolg word nie. Die skerp teregwysing van DeVolder in die verband moet elke redakteur en joernalis tot ernstige nadenke stem: „In alle omstandigheden zal zij zich door een voorzichtige zelfbeheersing laten leiden; een koppige gehechtheid aan eigen meningen is dikwijls een teken van een enge, hoogmoedige geest en een bewijs, dat niet het oprecht geweten maar eigenwaan zijn oordeel inspireert."[12] Die persman moet

---

11) Mott, op.cit. p. 863.
12) DeVolder, De Ethiek Van De Pers, p. 230.

dus nie net rekenskap gee van die taak wat hy verrig nie maar moet sy verantwoordelikheid terdeë besef. Heeltemal tereg het Pienaar in die verband gesê: „As 'n ruime mate van vryheid aan die pers gelaat word, moet hy egter van sy kant met 'n ruime mate van verantwoordelikheid daarvoor vergoed."[13]

Die pers is een van die magtigste media om kennis mee te deel, menings te vorm en mense te beïnvloed. Die mag van die gesproke woord is groot, maar die mag van die geskrewe woord is oneindig groter omdat dit telkens by die herlees daarvan opnuut tot die mens spreek. Die pers moet egter nougeset daarteen waak dat die groot geleentheid wat dit met die geskrewe woord het, nie deur so 'n persmag misbruik word nie. Die besondere verantwoordelikheid wat o.a. op die pers rus moet die draers van hierdie magtige instrument daartoe beweeg om aan die jeug en volwassenes van 'n volk alleen die beste diens te lewer. Vir hierdie unieke taak wat die pers het om te verrig, kan die eise van integriteit en verantwoordelikheid nooit te hoog gestel word nie. Die pers het 'n roeping om te vervul in die menslike samelewing en hy moet dit met verantwoordelikheid vervul, verantwoordelikheid in die laaste instansie aan God self.

I.

Persvryheid. Uit hierdie wetenskaplike ondersoek na die probleem van persvryheid het dit duidelik geblyk daar van persvryheid gepraat word sonder dat sprekers en skrywers 'n duidelike besef het van wat met pers of met vryheid bedoel word. Om oor die vryheid van die pers te praat, beteken dat die pers as verskynsel in die menslike samelewing deeglik nagegaan moes word. Hieruit het geblyk dat die pers as instituut sy eie besondere struktuur het, sy eie unieke taak het om te verrig, dat die take van die pers altyd aan norme onderworpe is en dat die pers sy eie besondere roeping het om te vervul. Met hierdie beskouing omtrent pers, kan daar dan oor die probleem van vryheid gehandel word.

---

13) Pienaar, Perssensuur en Staatsveiligheid, p. 209.

Omtrent die vryheidsprobleem bestaan daar allerlei menings wat deur die lewens- en wêreldbeskouing van die mens mede-bepaal word. Gewoonlik word daar van 'n negatiewe vryheidsbeskouing uitgegaan, wat nie alleen afwesigheid van dwang inhou nie, maar wat beteken om vry te wees van enige beperkinge wat die handelinge van die mens betref. Dit is die tipiese liberalistiese vryheidsbeskouing waarin die outonome mens op eiemagtige wyse oor sy eie lewe beskik. Nog 'n dwaling waarin die mens dikwels verval, is om een of ander partikuliere vryheid (bv. godsdiensvryheid, sedelike vryheid, spraakvryheid, vryheid van die individu, vryheid van die werkersklas, persvryheid, ens.) tot totale menslike vryheid te verhef. Volgens die vryheidsbeskouing van die liberalisme is die pers werklik vry indien daar geen beperkende maatreëls van die kant van die owerheid op die pers geplaas word nie. Verskeie ernstige besware is dan ook teen hierdie vryheidsbeskouing ingebring.

Teenoor die negatiewe vryheidsbeskouing van die liberalisme stel die Calvinisme 'n positiewe vryheidsbeskouing. Die mens is immers nie net vry van bepaalde dinge nie, maar ook vry tot 'n bepaalde diens. Die mens handel waarlik vry wanneer hy sy God-gegewe taak op grond van die hom geskenkte moontlikhede toerekenbaar en verantwoordelik verrig. Hierdie vryheidsbeskouing open heel nuwe perspektiewe i.v.m. die probleem van persvryheid. Hiervolgens is persvryheid die handelinge van die persinstituut waardeur hy sy taak op grond van die hom geskenkte moontlikhede toerekenbaar en op grond van die aan hom gestelde behorenseise, waaronder norme, verantwoordelik en tot eer van God verrig. Waar die pers sy taak en roeping so vervul dra dit ook by dat die taak en roeping en die vryheid van elke samelewingskring waarmee die pers vervleg is, juis deur die aktualisering van persvryheid bevorder word. Persvryheid beteken dus die aktualisering van die moontlikhede van God aan die pers geskenk waardeur die pers aan sy ware doel en bestemming beantwoord en waardeur die pers elke samelewingskring afsonderlik en gesamentlik help lei tot roepingsvervulling

en bestemmingsverwesenliking, Met hierdie beskouing omtrent persvryheid kry die taak en roeping van die pers en veral van persvryheid sy volste en rykste betekenis. Die pers verrig sy taak egter in 'n gebroke en sondige wêreld en moet op sy eie wyse, al is dit op gebroke wyse, deel hê aan die stryd om die sonde in elke samelewingskring en die kwaad in die wêreld te help bestry.

Met dié Calvinistiese beskouing omtrent persvryheid word weg beweeg van die outonome selfbeskikkende mens en word die roeping en taak van die pers gesien as 'n diens van God in die menslike samelewing waardeur nie alleen die pers nie, maar ook die mens en elke samelewingskring tot ware roepingsvervulling en bestemmingsverwesenliking gelei word.

J.

Besluit. Die probleem van persvryheid is in hierdie studie benader in die lig van die fundamentele waarhede van 'n Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing. Hierdie lewens- en wêreldbeskouing is aanvaar omdat dit Skriftuurlik is en omdat dit totalitêr-Christelik genoem mag word, d.w.s. die Christelike waarhede word nie net beperk tot die kerk, die godsdiens en die sedelike lewe nie, maar omspan die hele lewe, alle kultuurgebiede en alle samelewingskringe. Die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing vind sy grond in die self-getuienis van die Heilige Skrif en die lig wat dit op die hele skepping werp. In die lig van hierdie waarhede en volgens hierdie betrokke wetenskapsidee moet die probleem van persvryheid bestudeer word.

Die Calvinisme beskou die pers nie as 'n instelling of verskynsel wat geïsoleerd en op homself aangewys is nie, maar as 'n samelewingskring met sy eie besondere taak en roeping en vervleg met ander samelewingskringe en individuele leserspubliek. M.a.w. die Calvinisme sien die pers in die totaliteit van die menslike samelewing waarin dit

sy eie roeping vervul, maar ook die ander samelewingskringe en die ganse skepping van God tot hulle ware bestemming help lei. Omdat die Calvinistiese persbeskouing op die waarhede van die Heilige Skrif gegrond is, kan dit vry van teenstrydighede wees en is dit dringend noodsaaklik dat die bestudering en uithou van die Calvinistiese perswetenskap op die voorpunt in die Republiek van Suid-Afrika sal staan.

Die Calvinistiese persbeskouing open 'n nuwe perspektief m.b.t. die taak en roeping van die pers, maar ook 'n nuwe visie met betrekking tot die persbeskouing wat deur die lesers van die koerant en die verskillende samelewingskringe gehuldig word.

Dit was die doel van hierdie studie om 'n positiewe bydrae te lewer tot die beoefening van die Christelike wetenskap en veral tot 'n wysgerige ondersoek van die pers en persvryheid. Indien ons daarin geslaag het en hierdie studie daartoe mag bydra om nuwe perspektiewe m.b.t. die Christelike en meer verantwoordelike benadering van die taak en roeping van die pers te open, het ons ons doel bereik, en dan bring ons die nederige dank aan God, uit Wie, deur Wie en tot Wie alle dinge is.

En hiermee is die laaste woord omtrent die vryheid van die pers nie gespreek nie.

A. LITERATUURVERWYSINGS.

Ainslie, R. The Press in South Africa.
Londen. Victor Gallancz Ltd. 1966.

Anon. Drukkuns. In: Afrikaanse Kernensiklopedie.
Redakteur: J. P. Scannell. Nasionale Boekhandel Beperk. 1965.

Anon. Romeinse Ryk. In: Afrikaanse Kernensiklopedie.
Redakteur: J. P. Scannell. Nasionale Boekhandel Beperk. 1965.

Baschwitz, K. De Krant Door Alle Tijden.
Internationale Uitgevers en H. Mij. Amsterdam. s.j.

Benenson, Peter. A Free Press.
Fabian Research Series 223,
The Fabian Society.
Devonport Press London. n.d.

Berkouwer, G.C. De Mens Het Beeld Gods.
J.H. Kok, Kampen. 1957.

Bosman, D.B., Van der Merwe,I.W., en Hiemstra,L.W.
Tweetalige Woordeboek, Afrikaans-Engels.
Nasionale Boekhandel, Kaapstad. Vyfde Uitgawe. 1964.

Bossmann, K. Deutsche Geschichtsfilosofie von Lessing bis Jaspers.
Carl Schünemann Verlag. Bremen. 1959.

Broughton, M. Press And Politics of South Africa.
Purnell and Sons. Ltd. Johannesburg 1961.

Brown, S.E.D. Horace Flather-And Blather About Press Freedom. In: The Observer.
A Journal for Realists. V. & R. Printing Works. Pretoria. Vol. VIII. Nr. 7. Feb.1963.

Burger, A.J.V. 'n Stad Bo-op 'n Berg.
N.G. Kerk Uitgewers, Nas. Handelsdruk.s.j.

Buzek, Anton. The Communist Press And How It Works.
Pall Mall Press. London And Dunmow. 1964.

Caesar, Gaius Julius. Art. In: Afrikaanse Kernensiklopedie.
Redakteur J. Scannell.
Nasionale Boekhandel, Bpk. 1965.

Cillie, P.J. Koerante en Koerantmense vir ons tyd. Ongepubliseerde referaat. 1967.

De Klerk, B.J. Calvinisme en Liberalisme. Calvyn Jubileum Boekefonds, Potchefstroom, 1953.

De Lange, P.W. Die Vraagstuk van die Determinisme en die Indeterminisme besien in die Lig van die Nuwe Calvinistiese Wysbegeerte. Akademiese Proefskrif. P.U. vir C.H.O.s.j.

De Ru, G. Over Vryheid. H. Veenman Zonen n.v. Wageningen. s.j.

DeVolder, N. De Communistische Propaganda. Uitgeversmij.N.V. Standaard-Boekhandel 1957.

DeVolder, N. De Ethiek Van De Pers. Instituut vir Journalistiek. Leuven 1952.

DeVolder, N. Godsdienstigheid Der Intellectuelen. Firma Karl Beyaert. Brugge 1947.

DeVolder, N. Strategie En Tegniek van de Communistische Propaganda. (In: Pers, Propaganda En Openbare Mening) H.E. Steufert, Kroese N.V. Leiden 1956.

DeVolder, U. Sociologie der Zeitung. Ferdinand Enke Verlag. Stuttgart 1959.

Die Bybel met Verklarende Aantekeninge. Deel III. Verenigde Protestantse Uitgewers Bpk. Kaapstad, 1959.

Die Kerkbode: 25 Maart 1962, 11 Mei 1966, 19 Junie 1968, 9 November 1968, 13 November 1969.

Diemer: Pers in Christelijke Encyclopedie. Deel V. Onder Redaksie van F.W. Grossheide en G.P. von Itterzon. J.H. Kok. Kampen 1960.

Diepenhorst, I.A. Hoe Bereiken Wij De Communisten Met Het Evangelie. J.H.Kok, Kampen. 1951.

Donner, A.M. Gezag in Christelijke Encyclopedie Deel III. Onder Redaksie van F.W. Grossheide en G.P. Von Itterzon. J.H. Kok.Kampen 1960.

Dovifat, E. Handbuch der Publizistik. Band I. Walter de Gruyter & Co. Berlyn 1968.

Du Plessis, J.H.O. Die Afrikaanse Pers. Proefskrif Universiteit van Stellenbosch 1943.

Dresen, P. De Vrije Meningsuiting. Jasonper Universiteitspers, Amsterdam 1949.

Drukkuns. Art. In Afrikaanse Kernensiklopedie. Onder redaksie van J. Scannell. Nasionale Boekhandel. Bpk. 1965.

Geesink, W. Gereformeerde Ethiek Deel I en II. J.H. Kok, Kampen. 1949.

Geyer, A.L. The Role of the Press with Regard to Race Relations in South Africa. (In: Tydskrif vir Rasse-Aangeleenthede Nr. 4 SABRA, Stellenbosch. Julie 1958.)

Gey Von Pittius, E.F.W. Die Staatsopvattinge Van Calvyn. N.G. Kerk-Uitgewers, Pretoria, 1958.

Greyvenstein, J. Bekende Woorde, Onbekende Inhoud. (In: Die Kerkbode, 23.2.1966). N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad.

Handelinge van die Tweede Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Gehou in Bloemfontein op Don. 13 Oktober en volgende dae. Die Sentrale Pers. Bloemfontein. 1966.

Hanekom, C. 'n Ondersoek na Kulturele Aanpassing in Bloemfontein. Ongepubliseerde M.A.Verhandeling aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Hanekom, T.N. Die Liberale Rigting in Suid-Afrika. 'n Kerk-Historiese Studie. C.S.V. Stellenbosch. 1951.

Hattingh, D.J. Die Plek van Geluk In Die Sedelike Lewe. Verhandeling. Universiteit van Stellenbosch, 1951.

Hehl, W.T. Het Geschreven Woord. J.H. De Bussy. Amsterdam. 1957.

Heyns, J. A. 'n Krisis vir die Moderne Opvoeding. In: Die Kerkbode, 13 Maart 1963.

Heyns, J.A. Die Teologiese Antropologie van Karl Barth, Vanuit Wysgerig-Antropologiese Oriëntering. Proefskrif: Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. 1961.

Hocking, W.E. Freedom Of The Press. A Report From The Commission On The Freedom of the Press. University Chicago Press. 1947.

Hoernlé, R.A.F. South African Native Policy And The Liberal Spirit. Published on behalf of the Rhelp-Stokes Fund of the University of Cape Town. 1939.

Hugo, G.J. Deur Liberalisme Tot Mondigheid. (In: Die Kerkbode.) N.G.K.-Uitgewers, Kaapstad. Jaargang 118. Nr. 13. 28.9.1966.

Jacobs, D.N.: The New Communist Manifesto and Related Documents. Harper Torchbooks. The Academy Library. Harper & Brothers, New York. 1962.

Joubert, P.A. Die Buitelandse Korrespondent se Werk. Ongepubliseerde Referaat. 1967.

Keet, B.B. Sedelike Vraagstukke. S. A. Bybelvereniging, Kaapstad. 1945.

Kitchen, H. The Press in Africa. Ruth Sloan Associates, inc. 4200 Cathedral Avenue. Washington. 1956.

KOERANTE

Dagbreek en Sondagnuus: 14 Maart 1965.

Die Beeld: 3 November 1968.

Die Burger: 8 Maart 1961, 19 Januarie 1962, 9 Desember 1965, 15 Augustus 1966, 30 Maart 1967, 10 Mei 1967, 9 Julie 1968, 9 November 1968, 12 November 1968, 16 November 1968, 20 November 1968, 15 Maart 1969, 21 Maart 1969, 22 Maart 1969, 27 Maart 1969, 28 Maart 1969, 12 Junie 1969.

Die Vaderland: 11 April 1967.

Die Transvaler: 1 Oktober 1937, 28 Maart 1962, 31 Mei 1962, 10 Mei 1963, 24 Mei 1963, 6 November 1963, 30 November 1963, 12 November 1968.

Hoofstad: 10 Desember 1968, 22 Maart 1969, 25 Maart 1969, 26 Mei 1969.

Kotze, D.J.: Die Kommunisme. Deel I. Die Klassieke Marxisme. Tafelberg-Uitgewers, Kaapstad. 1965.

Kuijk, O. en Van Veen, B.: Prinses Beatrix Trouwt. H.J.W. Becht's Uitgeversmaatschappij. Amsterdam. 1966.

Kraan, K. J.: Een Christelijke Confrontatie met Marx, Lenin en Stalin. J.H. Kok. N.V. Kampen. 1953.

Kuypers, G.: Art. Communisme In Christelijke Encyclopedie. Deel II. Onder Redaksie van F.W. Grossheide en G.P. Von Itterzon. J. H. Kok. Kampen. 1960.

Lacy, D. Freedom And Communications. University of Illinois Press. Urbana. 1961.

Laski, Harold, J. The Rise of European Liberalism. London: Unwin Books. 1936.

Laski, Harold, J. Liberty On The Modern State. Published by Penguin Books Limited. Harmandsworth Middlesex England. First published 1930. Reprinted 1938.

Louw, N.P. van Wyk. Vernuwing In Die Prosa. Human en Rousseau. Kaapstad. 1963.

Löwith, Karl. Weltgeschichte und Heilsgeschehen. Vierte Auflage. W. Kohlhammer Verlag Stuttgart. 1961.

Macdougall, C.D. Understanding Public Opinion. The Macmillan Co., New York 1952.

Miller, Carl G. Modern Journalism. Henry Holt And Company. New York. 1955.

Mocke, S. Ign. Dienaar van die Geskrewe Woord. J.L. van Schaik, Beperk, Pretoria. 1941.

Mott, F.L. American Journalism. New York. The Macmillan Co. 3e Uitgawe, s.j.

News Paper Press Union Of South Africa General By-Laws with Amendments as approved by the Executive Council And Congress From Time to Time to October 4, 1966.

News Paper Press Union Of South Africa Code of Standards for Advertisements of Medicines and Treatments. Approved by the Executive Council, May, 1947. Adopted by Congress, July, 1947 with Amendments Confirmed by Congress, September 1951, and amended from time to time to October 4, 1966.

Norval, E.J.G.: Arbeid. Prinsipiële Ondersoek van Arbeid met 'n Kritiese Toespitsing op Enkele Hoofprobleme van die Arbeidsetiek. Proefskrif. s.j.

Norval, E.J.G. „Die Onderskeid en die Verband tussen die Teologiese Etiek, Wysgerige Etiek en Vakwetenskaplike Etiek." Proefskrif. P.U.K. vir C.H.O. 1950.

Peereboom, R. Het Dagblad. Haarlem De Erven F. Bohn N.V. 1955.

Phillips, W.A.P. Freedom As Slavery. (In: The Forum) Vol. 7 no. 5, Aug. 1958.

Pienaar, E.C. Die Triomf van Afrikaans. Nasionale Pers Beperk. Kaapstad. 1943.

Pienaar, G.J. Die Etiek Van Die Sensasiepers. Klasaantekeninge s.j.

Pienaar, G.J. Die Joernalis en Sy Eie Vereniging. Klasaantekeninge.s.j.

Pienaar, G.J. Die Geldmag En Die Vryheid Van Die Pers. Klasaantekeninge.s.j.

Pienaar, G.J. Nuus. Klasaantekeninge. s.j.

Pienaar, G.J. Terrein en Funksies van die Nuusmedia. Klasaantekeninge. s.j.

Pienaar, G.J. Waarheid en Eerlikheid In Die Pers. Klasaantekeninge. s.j.

Pienaar, G.J. Perssensuur en Staatsveiligheid. Proefskrif. Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. 1968.

Pope, R.M. Art. Liberty In: Encyclopedia of Religion And Ethics. Deel VII.

Popma, K.J. Esthetica. In Christelijke Encyclopedie. Onder redaksie van F.W. Grosheide en G.P. Von Itterzon. Deel II. J.H. Kok en Kampen, N.V. 1957.

Potgieter, F.J.M. Akademiese Vryheid. (In: Ned. Geref. Teol. Tydskrif) N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad. Des. 1959.

Potgieter, F.J.M. Liberalisme En Akademiese Vryheid. (In: Roeping) V.C.H.O. Bloemfontein. Jaargang XIII nr. 3 September 1965.

Potgieter, F.J.M. Prinsipiële Verantwoording ten Opsigte van Christelike Opvoeding, Opvoedkunde en Onderwys. Sacum Bpk., Bloemfontein. s.j.

Potgieter, L. J. 'n Ontleding van 'n Paar Ekonomiese Aspekte van die Reklame in Suid-Afrika. Proefskrif aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. 1963.

Pretorius, J.L. Art. 'n Wysgerig-antropologiese Beskouing i.v.m. Begaafdheid. Tydskrif vir Christelike Wetenskap Jaargang 1 nr. 2 . Nov. 1965. Publikasie van Die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys. Bloemfontein.

Roos, G.D. Die Uitsaaiwese In Diens Van Die Samelewing. S.A.U.K.-Publikasie 1957.

Rooy, M. Het Dagbladbedrijf in Nederland. H.E. Steufert Kroese N.V. Leiden 1956.

Romeinse Ryk. Art. In: Afrikaanse Kernensiklopedie Onder redaksie van J. Scannell. Nasionale Boekhandel Bpk. 1965.

Röpke, W. Das Kulturideal Des Liberalismus. Verlag G. Schulte Buhnke. Frankfurt/ Main 1947.

Rosslee, D.D. Christendom en Liberalisme. (In: Roeping). Jaargang 12 nr. 3, Sept. 1964).

Ruppert, M. Economische Medezeggenschap. In Christelijke Encyclopedie onder redaksie van F.W. Grossheide en G.P, Von Itterzon. Deel II. J.H. Kok en Kampen N.V. 1957.

Scholtz, G.D. Die Bedreiging Van Die Liberalisme. Voortrekkerpers. Johannesburg. 1965.

Scholtz, J. du P. Die Afrikaner en Sy Taal 1806-1875. Nasionale Pers Bpk., Kaapstad. s.j.

Second Portion of The Report of the Commission of Inquiry Into the Press. Republiek van Suid-Afrika. Staatsdrukker, Pretoria. s.j.

Sington, D. Freedom of Communication. The Hollywood Press. Oxford. 1963.

Slotemaker De Bruïne, J. R. Geestelike Vryheid. W. Ten Hare N.V. Amsterdam. 1940.

Smith, H.L. Behind The Press in South Africa. Uitgewers: Stewart. Kaapstad. s.j.

Sowell, T. Karl Marx And The Freedom of the Individual. In: Ethics Vol. LXXIII no.2, Jan. 1963. University of Chicago Press.

Spier, J.M. Inleiding In De Wijsbegeerte Der Wetsidee. J.H. Kok, Kampen, 1946.

Spier, J.M. Wat is Calvinistische Wijsbegeerte? J.H.Kok, Kampen, 1950.

Steketee, A. Beschouwingen van Een Christen-Denker. J.H. Kok, Kampen, 1914.

Stoker, H.G. Beginsels en Metodes in die Wetenskap. Pro Rege Pers, Potchefstroom, 1961.

Stoker, H.G. Die Betekenis Van Die Mens As Beeld Van God Vir die Wysgerige Antropologie. In: Homo Viator. H.A.U.M. Kaapstad. 1965.

Stoker, H.G. Die eenheid van die wetenskap. 'n Ensiklopediese besinning. Akademie-lesing. In: Akademie 3 Nov. 1967. Uitgegee deur die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns. Pretoria.

Stoker, H.G. Die Grond Van die Sedelike. Pro Ecclesia, Stellenbosch. 1941.

Stoker, H.G. Die Kosmiese Dimensie van Gebeurtenisse. Oordruk uit Philosophia Reformata. Nr. 1-2, 29e Jaargang, 1964.

Stoker, H.G. Die Mensbeskouing in die Wysbegeerte. In: Koers. Maandblad vir Calvinistiese Denke. Deel 27, Nrs. 7 en 8, Jan.-Feb. 1960.

Stoker, H.G. Die Samehangende Verskeidenheid van menslike Vryheid veral in Samelewingsverband. In: Koers. Maandblad vir Calvinistiese Denke. Nr.9. Jaargang XXXI Maart 1964.

Stoker, H.G. Die Stryd Om Die Ordes. Calvyn Jubileum Boekefonds, Caxton-Drukkery. Pretoria. 1942.

Stoker, H.G. Een en Ander Oor Menslike Vryheid. In: Feestschrift - H.J. De Vleeschouwer. Universiteit van S.A., Pretoria. 1960.

Stoker, H.G. Feestschrift - H.J. De Vleeschouwer. Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika. C. Supplement 1. Pretoria. 1960.

Stoker, H.G. Art. Menslike Vryheid. In: Koers. Jaargang XXXI Nr. 7 en 8. Jan.-Feb.1964. Maandblad vir Calvinistiese Denke. Potchefstroom Herald.(Edms.) Bpk.

Stoker, H.G. 'n Kursoriese Besinning Oor Menseregte. In: Bulletin S.A.V.C.W. Potchefstroom. Jaargang 1, Nov. 1965, nr. 3.

Stoker, H.G. 'n Poging tot 'n wysgerige analise van nuus. Ongepubliseerde Klasaantekeninge.

Stoker, H.G. Oorsprong en Rigting.
Tafelberg Uitgewers. Kaapstad. 1967.

Stoker, H.G. Praktiese Calvinisme.
Pro Rege Pers. Potchefstroom. 1956.

Stoker, H.G. Regsprobleme.
Klasaantekeninge. 1964.

Stoker, H.G. Taal. In: Bulletin van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die bevordering van Christelike Wetenskap. Julie 1968. Nr. 14.

Strauss, H.J. Die Vryheid van die Mens. Art. In: Roeping. Sept. 1969. Kwartaalblad van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys.

Strijd, Kr. Christendom en Kommunisme.
Holland Uitgevers maatschappij. Amsterdam. 1951.

Swanepoel, H.L. Strafregtelike Beveiligingsmaatreëls.
In: Bulletin S.A.V.C.W. Potchefstroom.
Jaargang 2. Feb. 1966 Nr. 4.

Taylor, H.A. The British Press.
Arthur Barker Ltd. London 1961.

The Sunday Times. A Pictorial Biography of One of the World's Great Newspapers. Townson House. 200 Gray's Inn. Road. London. W.C.I. Feb. 1961.

Treurnicht, A.P. Artikel: Christelike Verantwoordelikheid in die Perswese. In: Bulletin. April 1968. Nommer 13.
Uitgegee deur: Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die bevordering van Christelike Wetenskap. Potchefstroom.

Treurnicht, A.P. 'n Verantwoordelike Pers Art. In: Handhaaf. Amptelike Maandblad van die F.A.K. Jan. 1969. Jaargang 6 Nr. 4.

Treurnicht, A.P. Die Wese en Vrug van die Liberalisme.
In: Handhaaf. Jaargang 2, nr. 5. Jan. 1965.

Van der Kooy, T.P. Economie. In Christelijke Encyclopedie.
Onder redaksie van F.W. Grossheide en G. P. Von Itterzon. Deel II. J.H. Kok en Kampen. n.v. 1957.

Van der Vyver, J.D. Art. Die Juridiese Sin Van Die Leerstuk van Natuurlike Menseregte. In: Bulletin Van Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van Christelike Wetenskap. Jaargang I April 1965. Nommer I. Gedruk deur: Potchefstroom Herald. Potchefstroom.

Van Riessen, I.H. Mondigheid En De Machten. Bujten en Schipperheijn. Amsterdam 1967.

Van Rooyen, E.E. Die Nederlandse Geloofsbelydenis. Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch 1948.

Venter, E.A. Humanisme en Menslike Vryheid. In: Tydskrif vir Christelike Wetenskap. V.C.H.O. Bloemfontein. Jaargang 11 nr. 1. Mei 1966.

Venter, E.A. Ontwikkeling van die Westerse Denke. Sacum, Bloemfontein. s.j.

Venter, E.A. Oor die Hedendaagse Wetenskapsbeskouing, In: Ned. Geref. Teologiese Tydskrif. N.G. Kerk-Uitgewers. Kaapstad. Sept. 1965.

Waterink, J. Neutrale Wetenschap. In: Bulletin. Jaargang 1 nr. 2. Aug. 1965. Pro Rege Pers, Potchefstroom.

Wet Nr. 44 van 1950 (Wet op die Onderdrukking van die Kommunisme soos gewysig). Van die Republiek van Suid-Afrika.

Winkler Prins- Algemene Winkler Prins Encyclopedie Deel 7. Hoofredaksie: H.R. Hoetink, E. de Bruyne, J. F. Koksma, R.F. Lissens, J. Presser. Amsterdam. Elsevier, Brussel, Sesde Druk 1958.

Wurth, G.B. De Christelijke Vryheid. J.H. Kok, Kampen, 1934.

Wurth, G.B. Het Christelijk Leven. J.H. Kok, Kampen. 1949.

Wurth, G.B. Mensbeschouwing En Maatschappelijk Werk. J.H. Kok, Kampen. 1957.

Wurth, G.B. Art. Vryheid. In: Christelijke Encyclopedie. Deel VI. Onder Redaksie van F.W. Grossheide en G.P. Von Itterzon. J. H. Kok. Kampen, 1960.

Wurth, G.B. Art. Waarheid. In: Christelijk Encyclopedie. Deel VI. Onder Redaksie van F.W. Grossheide en G.P. Von Itterzon. J. H. Kok. Kampen. 1960.

Zuidema, S.V. Communisme In Ontbinding. Gbr. Zomer & Keunings Uitgeversmaatschappij. Wageningen 1958.

B. ANDER BRONNE.

Aalders,C.G. Schriftgesag en Wetenschap. J.H. Kok, Kampen. 1932.

Aalders,W.J. De Grond Der Zedelijkheid. J.B. Walter Uitgewers-Mij, Groningen 1930.

Anon, Die Wetenskap as Kommunistiese Wapen. In: Roeping. Jaargang X Nr. 4. Des. 1962.

Anon, Encyclopedia Of Religion And Ethics, Deel VII. Onder Redaksie van James Hastings. T. & T. Clark. Edinburg. Morrison & Gibb, Londen, 1914.

Anon, Inleidingsartikel. In: Die Voorligter Junie 1966 N.G. Kerk-Uitgewers. Kaapstad. Deel XXIX Nr. 12.

Anon, Praatjie Oor Joernalistiek. Vir die Korrespondent Van Die Burger. Nasionale Handelsdrukkery 1952.

Anon, The Age of Freedom. In: Theosophy Vol. 51. Nr. 1, Nov. 1962. The Theosophy Co. Los Angeles, California, U.S.A.

Anon, The Forum. Vol. 4 Nr. 8. Johannesburg.

Anon, The Forum.
Vol. 5 Nr. 12. Maart 1957.

Anon, The Universal Declaration of Human Rights-Convention And Outlawing of Genocide.
A Uno-Publication. n.d.

Ballinger, M. The Policies Of The Liberal Party Of South Africa. Published by the Liberal Party of South Africa, Cape Town.
Rustica Press. Wynberg. n.d.

Blackwood, A.W. The Voice From The Cross.
Baker Book House. Michigan 1965.

Boeseken, A.J. Die Nuusbode. Nasou Beperk. s.j.

Brouwer en Daudt. Perswetenschap, Massapsychologie En Theorie Der Massa-Communicatie.
In: Pers, Propaganda En Openbare Mening.
H.E. Steufert. Kroese. N.V. Leiden 1956.

Budzislawski, H. Oder Die Journalistik Als Wissenschaft.
In: Zeitschrift Für Journalistik. Dritter Jahrgang Nr. 2. 1962.

Calvin, J. Calvin Tracts. Vol III.
Edinburgh: Printed for the Calvin Translation Society. n.d.

Cillie, P.J. Die Burger en die Republiek.
In: Keeromstraat. Nas. Boekhandel Bpk., Kaapstad, 1965.

Coetzee,P.A.C. The Anti-Liberal Premises Of Modern Liberalism.
In: The South African Observer.
Vol. VIII No.7. Feb. 1963.

Craig, A. Above All Liberties.
George Allan & Unwin Ltd. London. 1942.

Cronje, G. Keer die Verspreiding van Aanstootlike Leesstof.
In: Die Huisgenoot. Deel XLI. Nr. 1855 Okt. 1957. Nas. Pers, Kaapstad.

De Graaf, J. De Anthropologie in De Moderne Russische Wijsgerige Theologie.
Akademiese Proefskrif. Von Garcum en Camp. 1949.

De Kok, P. B. Religieuse Grondmotiewe.
In: Tydskrif Vir Christelike Wetenskap.
V.C.H.O. Bloemfontein, Jaargang 11, Nr.2
Nov. 1966.

De Koster,L. Communism And Christian Faith.
W.B. Eerdmans Publishing Co. Grand
Rapids Michigan 1962.

DeVolder, N. Democratie En Vrije Voorlichting.
Katholieke Universiteit te Leuven. s.j.

DeVolder, N. Journalisme En Opvoeding In De Verenigde
Staten. Leuvense Universitaire Uit-
gaven. Leuven 1950.

Dooyeweerd, H. In the Twilight of Western Thought.
Presbyterian And Reformed Publishing
Co. Philadelphia, Pensylvania. 1960.

Du Plessis, P.G.W. Die Vraag: „Wat is die Mens."
In: Bulletin. S.A.V.C.W. Potchefstroom.
Jaargang 2 nr. 6. Augustus 1966.

Du Plessis, S.I.M. Vryheid.
In: Groote Schuur. Literary Journal.
Universiteit Kaapstad. 1955.

Fourie, J.J. Grondbeginsels Van Die Wysbegeerte Van
Die Wetsidee.
In: Die Kerkbode 31.7.1963.
N.G.Kerk-Uitgewers, Kaapstad.

Geesink, W. Van's Heeren Ordinantiën.
J.H. Kok, Kampen. 1925.

Gerritsma, K.W. Die Etiek Van Die Apteker.
In: Bulletin. S.A.V.C.W.
Jaargang 2. Nr. 4. Februarie 1966.

Greyling, E. Ongewenste Publikasies en die Bestry-
ding Daarvan.
In: Die Taalgenoot. Deel 28. Nr. 2 en 3
A.T.K.V., Johannesburg. Jan. 1959.

Hall, A.D. Somerset And Press Freedom.
In: English Studies in South Africa,
Vol. 3, Sept. 1960, Nr.2.
Witwatersrand University Press, Johannesburg

Hartmann, Nicolai. Ethik.
Zweite Auflage. Walter de Günter & Co.
Berlin und Leipzig. 1935.

Herd, H. The March of Journalism.
G. Allen & Unwin Ltd. London 1952.

Heyns, J.A. Die Evangelie In Krisis. Tafelberg Uitgewers 1966.

Heyns, J.A. Die Onsterflikheid van Die Siel. N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad. s.j.

Kotze, D.J. Die Kommunisme en sy Metodes. In: Grense. Universiteitsuitgewers, Stellenbosch 1961.

Lubell, S. The Improper Study Of Public Opinion. In: De Journalist. 15 Aug. 1966.

Luther, M. De Vryheid van Een Christen. In: Luthers Werken - vertaling: C.N. Impeta. J.H. Kok, Kampen, 1959.

Malan, D.J. Vryheid. In: Pro Veritate. Jaargang 1, nr. 6 15 Oktober 1962.

Marais, F.J. Die Christendom en die Sakelewe. In: Die Kerkbode. N.G.Kerk-Uitgewers, Kaapstad, Jaargang 119, nr. 13, 29.3.1967.

Mc Intyre, C. Author Of Liberty. Christian Beacon Press, Collingwood. New Jersey. 1946.

Mentz, J.F. Kommunisme in Teorie en Praktyk. S.A.B.V. Kaapstad 1944.

Minnaar, A.J. Die Kommunisme Gesien as Verlossingsideologie. In: Ned. Geref. Teologiese Tydskrif. N.G. Kerk-Uitgewers, Kaapstad Junie 1966.

Oberholzer, C.K. Inleiding In Die Prinsipiële Opvoedkunde. Moreau & Kie., Pretoria 1954.

Pienaar, G.J. Die Vryheid Van Die Pers en die Staat. Klasaantekeninge. s.j.

Pienaar, G.J. Die Ontstaan Van Koerante. Klasaantekeninge. s.j.

Pienaar, G.J. Die Stryd Om Waarheid. Histories. Klasaantekeninge. s.j.

Pienaar, G.J. Geskiedenis Van Die S.A. Perswese. Klasaantekeninge. s.j.

Pienaar, G.J. Historiese Oorsig Oor Die Pers. Toespraak. s.j.

Pienaar, G.J. Neutraliteit En Die Pers. Klasaantekeninge. s.j.

Pienaar, G.J. Oor Die Geskiedenis Van Die Pers. Klasaantekeninge. s.j.

Pienaar, G.J. Persetiek. Klasaantekeninge. s.j.

Pienaar, G.J. Persvryheid as Grondreg. Klasaantekeninge. s.j.

Potgieter, F.J.M. Die Verhouding Tussen die Teologie en Filosofie By Calvyn. Proefskrif. Noord-Hollandsche Uitgevers Mij. s.j.

Reiward, P. De Geest Der Massa. Uitgeverij F. Kroonder Te Bussum. s.j.

Schumann, T.E.W. Vyf Rewolusies Van Die Twintigste Eeu. Van Riebeeck-Lesings 1962. S.A.U.K. Publikasie.

Schwartz, F.C. Die Hart, Gesindheid en Wese van die Kommunisme en die Christelike Weerlegging. Vertaal in Afrikaans deur Christo Kriel. Word of Life Uitgewers, Johannesburg.

Schwartz, F. Jy kan die Kommuniste Vertrou. ..... om presies te doen wat hulle sê Vertaal deur Timo Kriel. Baanbreker-Uitgewers, Roodepoort, s.j.

Strauss, D.F.M. Humanistiese Verseiling in die Wetenskap. In: Tydskrif vir Christelike Wetenskap. Jaargang 1. nr. 2. Nov. 1965.

Strauss, H.J. Christelike Lewens- en Wêreldbeskouing. Sacum Beperk. Bloemfontein 1964.

Strauss, H.J. Grondbeginsels van die Christelike Staatsfilosofie. In: Tydskrif Vir Christelike Wetenskap. V.C.H.O. Bloemfontein. Jaargang 1. nr. 2. Nov. 1965.

Strauss, H.J. Liberalisme i.d. Staatkunde. Art. In: Roeping Jaargang XIII Nr. 4. Des. 1965.

Treurnicht,A.P. Kerk en Maatskaplike Geregtigheid. In: Die Kerkbode, Deel XCIV. Nr. 3. 15 Julie 1964.

Van der Walt, S.J. Calvinisme en Liberalisme.
Calvyn Jubileum Boekefonds Potchefstroom 1953.

Van der Walt, S.P. Die Wysbegeerte Van Dr. Herman Bavinck.
Pro Rege Pers Beperk, Potchefstroom. s.j.

Van Dijk, R. Vryheid en Gebondenheid van De Mens In De Samelewing.
Gbr. Zomer & Keunings Uitg. Mij.s.j.

Van Peursen, C.A. Cultuur en Christelijk Geloof.
J.H. Kok, Kampen, 1955.

Van Rooyen, T.S. Kommunisme In Afrika.
Craft Pers, Pretoria, 1962.

Van Zyl, A.J. Ons moet Opvoed i.p.v. op te Foeter.
In: Die Huisgenoot Deel 37 Nr. 1587.
Nasionale Pers Kaapstad. 22.8.1952.

Venter, E.A. Die Gelowige in die Samelewing.
Sacum, Bloemfontein. s.j.

Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake Ongewenste Publikasies.
Die Staatsdrukker, Pretoria. 1956.


Von Riessen, I.H. De Maatschappij Der Toekomst.
Tweede Druk. T. Wever-Franeker.s.j.

Verster,J.D. Kommunisme In Aksie.
In: Referate Gelewer By die Volkskongres Oor Kommunisme.
Potchefstroom Herald 1964.

Warren, C. Modern News Reporting.
Harper And Brothers Publishers.
New York 1951.

Weber, P.A. Die Burger - Sy Stryd, Invloed en Tradisie.
In: Keeromstraat. Nas. Boekhandel Bpk. Kaapstad, 1965.

DIE PERSKRING (d.w.s. die Persinstituut met sy vervlegting met ander instansies)



BYLAE B

KODE OPGESTEL 14-16 AUGUSTUS 1939

1. Die pers sal in sy besprekinge van openbare sake, hetsy binnelandse of buitelandse, nie skeldtaal of beledigende taal gebruik nie; die artikels ontneem die pers egter nie sy reg om nuus te publiseer wat uit betroubare bronne verkry is aangaande die dade, beleid en sake van state of hul leiers nie, of om sodanige dade, beleid of sake te kritiseer nie;

2. Die pers sal hom onthou aan die opsetlike verdraaiing van feite in die nuus en verslae;

3. Die pers sal hom onthou aan 'n oormaat van nuus aangaande geslagsaangeleenthede verkry uit die geregshowe en ander bronne;

4. Die pers beskou dit nie as eties om feite rakende die private lewe en belange van individue te publiseer nie, tensy publikasie daarvan in die openbare belang is; en

5. Dit is nie eties om publikasie te weier van 'n antwoord bo die naamtekening van 'n gegriefde persoon of liggaam, indien sodanige antwoord ter sake is en handel oor feite omtrent die gegriefde persoon of liggaam wat in die betrokke nuusblad verskyn het nie."[1)]

---

1) Soos aangehaal deur du Plessis, J.H.O. Die Afrikaanse Pers. Deel II. p. 256-257.

BYLAE C

SUID-AFRIKAANSE PERSVERWYSINGSRAAD

G R O N D W E T

Aangeneem by 'n Spesiale Algemene Vergadering van lede van die Persunie van Suid-Afrika gehou in Johannesburg op 12 en 13 Maart 1962 en van tyd tot tyd gewysig tot 14 Januarie 1964

Nademaal die Persunie van Suid-Afrika glo dat 'n vrye pers, waarvan die primêre funksies is om die publiek met juistheid in te lig en om regverdig kommentaar te lewer op sake van openbare belang, fundamenteel is vir die bestaan van enige demokratiese Staat.

En nademaal die Persunie van Suid-Afrika glo dat die voortbestaan van 'n vrye pers die beste verseker kan word deur die aanvaarding deur nuusbladeienaars, -redakteurs en -joernaliste van die hoogste gedragstandaard.

En nademaal dit wenslik geag word om 'n vrywillige gedragskode te aanvaar en om 'n organisasie daar te stel om te verseker dat die kode geëerbiedig word, aanvaar hierdie Spesiale Algemene Vergadering van die Persunie van Suid-Afrika die gedragskode wat in die bylae hierby aangegee word en stig dit 'n Verwysingsraad wat ooreenkomstig die reëls en met die doelstellings wat hieronder uiteengesit is, moet optree:

1. DOELSTELLINGS

(a) Om behulpsaam te wees met die handhawing van die karakter van die Suid-Afrikaanse dagblad-, weekblad- en tydskrifpers ooreenkomstig die hoogste professionele en kommersiële standaarde deur eienaars en redakteurs en hulle personeellede en alle ander joernaliste wat in die Republiek werksaam is, te beweeg tot die vrywillige nakoming van die gedragskode wat in die bylae hiervan uiteengesit is.

(b) Om beweerde oortredings van die kode te oorweeg ten opsigte van stof wat in Suid-Afrikaanse publikasies verskyn, of stof wat uit Suid-Afrika afkomstig is en in buitelandse publikasies verskyn, en om ingevolge sodanige oorweging ooreenkomstig hierdie reëls op te tree.

(c) Om van tyd tot tyd verslae te publiseer betreffende die werk van die Verwysingsraad en oor enige ontwikkeling wat die Raad as skadelik beskou vir die instandhouding van 'n vrye pers in die Republiek van Suid-Afrika.

2. VERWYSINGSRAAD

(a) 'n Verwysingsraad word gestig bestaande uit 'n Voorsitter en alternatiewe Voorsitter, en twee lede en twee plaasvervangende lede.

(b) Die twee gemelde lede van die Raad en hulle sekundusse word deur die Uitvoerende Raad van die Persunie van Suid-Afrika aangestel.

(c) Die Voorsitter van die Raad en sy sekundus moet afgetrede lede van die regbank wees en word deur die Uitvoerende Raad van die Persunie van Suid-Afrika aangestel nadat oorweging geskenk is aan enige aanbeveling van die twee lede wat ooreenkomstig paragraaf (b) hiervan aangestel is.

(d) Onderworpe aan die reg van die Uitvoerende Raad van die Persunie van Suid-Afrika om die aanstelling te eniger tyd te beëindig, beklee die Voorsitter en lede van die Raad en hulle sekundusse hulle amp vir 'n tydperk van drie(3) jaar vanaf die datum van aanstelling, maar is hulle verkiesbaar vir heraanstelling na die verstryking van hul gemelde ampstermyn.

(e) Enige toevallige vakature in die amp van Voorsitter of lede van die Raad en/of hulle sekundusse word aangevul op 'n wyse soos dié hierbo uiteengesit.

(f) Elke klagte word deur die volle Raad aangehoor met dien verstande dat as enige lid, behalwe die Voorsitter, nie kan voortgaan totdat 'n besluit geneem is nie, die Voorsitter en die oorblywende lid kan voortgaan en hulle bevinding sal die bevinding van die Raad wees.

(g) Met oorweging van enige besondere saak mag die Raad enige een of meer van die plaasvervangende lede in 'n raadgewende hoedanigheid of as volle lede ko-opteer. (14/1/64)

3. PROSEDURE

(a) Die volledige prosedure van die Raad word gereguleer en beheer ter bevordering en ontwikkeling van die doelstellings soos in artikel 1 uiteengesit. Sake wat op enige vergadering van die Raad bespreek word, word deur 'n meerderheidstem beslis.

(b) Die gedrag van die pers of enige lid van die pers kan deur die Raad oorweeg word op grond van klagte wat by hom ingedien is.

(c) Die Raad kan van enige klaer vereis om nadere besonderhede te verskaf van enige aangeleenthede waaronder klagte ingedien is en moet vereis dat die klagte skriftelik geskied en deur 'n beëdigde verklaring gestaaf word. Geen klagte word oorweeg tensy die Raad meen dat die klaer nie tevrede gestel is nadat regstreeks vertoë tot die betrokke publikasie(s) gerig is nie, en dan alleen na be-

taling van 'n deposito van tien rand (R10.00) ten opsigte van elke klagte. Enige sodanige deposito sal terugbetaal word tensy die Raad bevind dat die betrokke klagte beuselagtig, ligsinnig of ergerlik is of dat daar, toe die klagte aanhangig gemaak is, geen redelike grond voor was nie.

(d) Waar 'n klagte ingedien word betreffende enige berig afkomstig uit Suid-Afrika wat in die buiteland oor Suid-Afrika gepubliseer is, kan die Raad sodanige klagte oorweeg indien syns insiens 'n prima facie-saak voorgelê is van 'n skending van die kode waarna in artikel 1 hierbo verwys is.

(e) Die Raad oorweeg geen vertoë betreffende enige saak wat behoorlik kragtens die wet gehanteer kan word nie.

(f) Volgende op enige ondersoek insake 'n oortreding van die kode, kan die Raad:

(i) Enige eienaar, redakteur of joernalis berispe wat skuldig bevind is aan 'n oortreding van die kode;

(ii) Sy bevinding, tesame met die berisping, laat publiseer in sodanige publikasies en op sodanige wyse as waartoe deur die Raad besluit word;

(iii) Waar nodig 'n korreksie laat publiseer in sodanige publikasies en op sodanige wyse as waartoe deur die Raad besluit word.

(g) Sodra 'n klagte by die Registrateur van die Raad ingedien is, sal die aangeleentheid as subjudice beskou word totdat die Raad finaal daaroor besluit het. (15/10/63)

4. FINANSIES

Die Persunie van Suid-Afrika verskaf die geldmiddele vir die werking van die Raad, insluitende reis- en onderhoudstoelae en vergoeding vir Raadslede onderwyl hulle in sitting is.

5. SEKRETARIAAT

Die Persunie van Suid-Afrika se sekretariaat verskaf alle sekretariële en klerklike dienste.

6. ONTTREKKING

Aangesien die nakoming van die kode en die jurisdiksie van die Raad op 'n vrywillige grondslag geskied, kan enige eienaar, redakteur of joernalis wat die kode en die jurisdiksie van die Raad aanvaar het, te eniger tyd sodanige

aanvaarding deur skriftelike kennisgewing aan die Persunie van Suid-Afrika terugtrek, met dien verstande dat sodanige kennisgewing nie as geldig beskou word solank enige klagte teen die persoon wat kennis gee, ondersoek word nie, of ten opsigte van 'n klagte wat voortvloei uit stof wat voor die datum van kennisgewing gepubliseer is nie.

7. VERANDERING VAN GRONDWET

Hierdie grondwet kan verander, uitgebrei of gewysig word deur die Uitvoerende Raad van die Persunie van Suid-Afrika wat aanbevelings van die Raad kan oorweeg. 2)

---

2) Soos aangehaal deur Pienaar, G.J. Perssensuur en Staatsveiligheid. Bylae C.p. B21-B23.

BYLAE D

G E D R A G S K O D E

1. Daar word aanvaar dat die vryheid van die pers onafskeibaar is van dié van die individu, dat dit onderworpe is aan dieselfde wetlike en morele beperkinge as die individu, en dat om indiwiduele vryheid ongeskonde te bewaar, dit almal wat by die pers betrokke is, betaam om die allerhoogste standaarde te handhaaf in die uitvoering van die taak van nuusblaaie om die publiek volgens die juiste feite in te lig en om billike kommentaar te lewer.

2. Wat nuus aanbetref, word daar spesifiek aanvaar dat:

(a) In die aanbieding van nuus daar geen opsetlike afwyking van feite moet wees nie, deur -

(i) verdraaiing
(ii) betekenisvolle weglatings
(iii) die proses van opsomming

(b) Publikasies moet slegs as feite publiseer wat redelikerwys as waar beskou word, met inagneming van die bron, en sodanige feite moet eerlik weergegee word met genoegsame inagneming van samehang en belangrikheid.

(c) Waar enige rede bestaan om die juistheid van 'n nuusberig in twyfel te trek, en waar dit binne praktiese perke gekontroleer kan word, behoort dit voor publikasie gedoen te word.

(d) Nuusberigte moet vry wees van bewimpeling, skewe voorstellings of beklemtoning wat tot gevolg het dat die bepalings van klousule 2(a) en (b) geskend word.

(e) Opskrifte moet die inhoud van die nuusberig of -artikel waarbo hulle verskyn, billik weerspieël.

(f) Plakkate moet nie oordryf nie en moet die nuusberig of -artikel waarna hulle verwys, billik weerspieël.

(g) Buitensporigheid by die rapporteer en aanbied van seksuele aangeleenthede behoort vermy te word of dit nou oor verslaggewing oor hofsake of andersins gaan.

(h) Die gebruik van onkiese, wellustige en sodanige onwenslike stof in die algemeen, behoort vermy te word.

3. Wat kommentaar aanbetref, word daar aanvaar dat:

(a) Kommentaar gelewer moet word op feite wat getrou aangegee word soos aangedui in klousule 2 hierbo.

(b) Kommentaar die eerlike uiting van sodanige mening moet wees, ontdaan van kwaadwilligheid en nie gevorm deur oneerlike motiewe nie.

(c) Kommentaar duidelik as sodanig onderskei behoort te word.

(d) Terwyl die pers sy tradisionele reg behou om te kritiseer, behoort kommentaar rekening te hou met die ingewikkelde rasseprobleme van Suid-Afrika, die algemene welsyn en die veiligheid van die land se mense. [3]

---

3) Soos aangehaal deur Pienaar, op.cit. p. B24.